

# INHOUDSOPGAWE

Afkortings Gebruik in die Kommentaar .....	i
Voorwoord deur die Skrywer: hoe kan hierdie kommentaar van nut wees? .....	iii
'n Nota van die Vertaler .....	vi
Gids tot Konstruktiewe Bybellees: 'n persoonlike soeke na bevestigbare waarheid .....	vii
Kommentaar:	
Inleiding tot Romeine .....	1
Romeine 1.....	6
Romeine 2.....	43
Romeine 3.....	61
Romeine 4.....	82
Romeine 5.....	97
Romeine 6.....	119
Romeine 7.....	135
Romeine 8.....	151
Romeine 9.....	188
Romeine 10.....	212
Romeine 11.....	226
Romeine 12.....	243
Romeine 13.....	267
Romeine 14.....	290
Romeine 15.....	308
Romeine 16.....	328
Bylaag Een:    Bondige Definisies van Griekse Grammatikale Terme.....	349
Bylaag Twee:    Tekskritiese Opmerkings.....	360
Bylaag Drie:    Woordelys .....	364
Bylaag Vier:    Leerstellige Uitspraak.....	375

## INHOUDSOPGAWWE VIR SPESIALE AANDAG ONDERWERPE

Stuur ( <i>Apostellō</i> ), 1:1 .....	9
Die <i>Kerygma</i> van die Vroeë Kerk, 1:2.....	10
Die Seun van God, 1:3 .....	11
Vlees ( <i>Sarx</i> ), 1:3 .....	12
Name vir die Godheid, 1:4.....	14
Bob se Evangeliese Vooroordele, 1:5.....	19
Geroep, 1:6.....	19
Heiliges, 1:6.....	21
Vader, 1:7.....	22
Geregtigheid, 1:17.....	27
“Waarheid” in Paulus se Geskrifte, 1:18 .....	31
Vernietig, Ruïneer, Korrupteer ( <i>Phtheirē</i> ), 1:23.....	34
Die Hart, 1:24.....	35
Vir Ewig (Griekse Idiome), 1:25 .....	36
Amen, 1:25.....	36
Homoseksualiteit, 1:26-27 .....	38
Ondeug en Deug in die NT, 1:28-31.....	39
“ <i>Huper</i> ”-Verbindings, 1:30.....	40
Berou, 2:4.....	46
Rassisme, 2:11 .....	50
Roem (Trots), 2:17.....	56
"Toetsing" – Griekse Terme en Konnotasies, 2:18.....	57
Van Nul en Geen Waarde nie ( <i>Katargeō</i> ), 3:3 .....	63
Heerlikheid, 3:23.....	73
NT-Getuigenis oor Persoonlike Verlossing, 3:24.....	74
Losprys/Loskoop, 3:24 .....	74
Geloof, 4:5 .....	85
Seël, 4:11.....	89
Waarborg/Van Krag Bly, 4:16.....	93
Vrede, 5:1.....	100
Staan ( <i>Histēmi</i> ), 5:2 .....	101
Verdrukking, 5:3.....	104
Heers in die Koninkryk van God, 5:17, 18.....	114

Doop, 6:3-4 .....	122
Heiligmaking, 6:4 .....	124
Tipe ( <i>Tupos</i> ), 6:17.....	131
Paulus se Lof, Gebed en Danksegging aan God, 7:25.....	150
Jesus en die Gees, 8:9 .....	159
Die Drie-Eenheid, 8:11 .....	161
Gelowiges se Erfenis, 8:17 .....	166
Natuurlike Hulpbronne, 8:19 .....	169
Hoop, 8:25.....	174
Volharding is Noodsaaklik, 8:25 .....	175
Die Heilige Gees as Persoon, 8:26.....	177
Die Eersgeborene, 8:29 .....	180
Uitverkiesing en die Erns van Teologiese Balans, 8:33 .....	183
<i>Archē</i> , 8:38.....	186
Voorbidding (Intrede), 9:3 .....	192
Vervloeking ( <i>Anathema</i> ), 9:3.....	194
Verbond, 9:4 .....	195
Die Oorblyfsel, Drie Betekenisse, 9:27-28 .....	207
Hoeksteen, 9:33.....	210
Onderworpenheid, 10:3.....	215
Griekse Werkwoordtipe wat vir Verlossing Gebruik word, 10:4 .....	216
Belydenis, 10:9 .....	218
Die Naam van die Here, 10:9.....	219
Jesus die Nasarener, 10:13 .....	221
Verborgenheid, 11:25 .....	237
Heilig, 12:1 .....	246
Hierdie Bedeling en die Bedeling Daarop, 12:2 .....	247
Vernuwe ( <i>Anakainōsis</i> ), 12:2.....	249
Die Wil ( <i>Thelēma</i> ) van God, 12:2.....	250
Nuwe-Testamentiese-Profesie, 12:6 .....	253
Mildelik/Opreg ( <i>Haplotēs</i> ), 12:8 .....	257
<i>Koinōnia</i> , 12:13.....	262
Siviele Owerheid, 13:1.....	269
Paulus se siening van die Mosaïese Wet, 13:9 .....	277

Aantekeninge oor Eksodus 20, 13:15, 17 .....	277
Swakheid, 14:1.....	292
Moet Christene Mekaar ook Oordeel?, 14:13.....	299
Die Koninkryk van God, 14:17.....	302
Opbou/Stig, 15:2.....	311
Oorvloedig ( <i>Perisseuō</i> ), 15:13.....	316
Die Christen en Honger Mense, 15:26.....	323
Vroue in die Bybel, 15:26.....	331
Kerk ( <i>Ekklesia</i> ), 16:1 .....	333
Bose Persoonlikheid, 16:20 .....	341
Ewig, 16:26.....	346

## AFKORTINGS GEBRUIK IN DIE KOMMENTAAR

AB	Anchor Bible Commentaries, red. William Foxwell Albright and David Noel Freedman
ABD	Anchor Bible Dictionary (6 vols.), red. David Noel Freedman
AKOT	Analytical Key to the Old Testament deur John Joseph Owens
ANET	Ancient Near Eastern Texts deur James B. Pritchard
BDB	A Hebrew and English Lexicon of the Old Testament deur F. Brown, S.R. Driver en C.A. Briggs
BHS	Biblia Hebraica Stuttgartensia, GBS, 1997
CUM-MVB	Die Multivertaling Bybel van CUM-boeke, 2004
CUM-NLV	Nuwe Lewende Vertaling van CUM-boeke, 2006
CUMs	CUM-MVB én CUM-NLV
ESBE	International Standard Bible Encyclopedia (5 vols.), red. James Orr.
IDB	The Interpreter's Dictionary of the Bible (4 vols.), red. George A. Buttrick
JB	Jerusalem Bible
JPSOA	The Holy Scriptures According to the Masoretic Text: A New Translation (The Jewish Publication Society of America)
KB	The Hebrew and Aramaic Lexicon of the Old Testament deur Ludwig Koehler en Walter Baumgartner
LAM	The Holy Bible From Ancient Eastern Manuscripts (the Peshitta) deur George M. Lamsa
LXX	Septuagint (Greek-English) deur Zondervan, 1970
MOF	A New Translation of the Bible deur James Moffatt
MT	Masoretic Hebrew Text
NAB	New American Bible Text
NASB	New American Standard Bible
NAV	Die Bybel: Nuwe Afrikaanse Vertaling, 1983
NEB	New English Bible
NET	NET Bible: New English Translation, Second Beta Edition
NIDOTTE	New International Dictionary of Old Testament Theology and Exegesis (5 vols.), red. Willem A. Van Gemeren
NIV	New International Version
NJB	New Jerusalem Bible

NRSV	New Revised Standard Bible
OAV	Die Bybel: Ou Afrikaanse Vertaling (Hersiene Uitgawe), 1954
OTPG	Old Testament Parsing Guide deur Todd S. Beall, William A. Banks en Colin Smith
REB	Revised English Bible
RSV	Revised Standard Version
Sept.	The Septuagint (Greek-English) deur Zondervan, 1970
TEV	Today's English Version van United Bible Societies
YLT	Young's Literal Translation of the Holy Bible deur Robert Young
ZPBE	Zondervan Pictorial Bible Encyclopedia (5 vols.), red. Merrill C. Tenney

## **VOORWOORD DEUR DIE SKRYWER: HOE KAN HIERDIE KOMMENTAAR VAN NUT WEES?**

Skrifuitleg is 'n rasonale en geestelike proses. Dit poog om die inspirasie van 'n antieke skrywer te verstaan sodat die boodskap van God kan deurskemer, en sodoende daagliks toegepas kan word.

Die geestelike proses is van kardinale belang, maar moeilik om te definieer. Dit vereis die tipe oopheid van gemoed wat totale oorgawe aan God sal toelaat. Daar moet 'n begeerte wees, eerstens vir Hom; tweedens om Hom te ken; en derdens om Hom te dien. Hierdie proses behels gebed, belydenis en die bereidwilligheid om veranderinge in jou lewenstyl aan te bring. Die Gees is van kardinale belang in die interpretasie-proses. Hoekom opregte, toegewyde Christene dus die Bybel verskillend verstaan, bly 'n enigma.

Die rasonale proses is makliker om te beskryf. Ons moet konsekwent en regverdig wees in ons interpretasie van die teks, en waak daarteen om deur persoonlike vooroordele, of dié van 'n denominasie, beïnvloed te word. Ons is almal histories gekondisioneer. Niemand kan heeltemal neutraal en objektief wees tydens vertolking nie. Hierdie kommentaar bied 'n weldeurdagte, rasonale proses om sulke vooroordele te oorkom, en is gestruktureer rondom drie verklarende beginsels.

### **Eerste Beginsel**

Die eerste beginsel is om die historiese konteks waarbinne 'n Bybelboek geskryf is, in ag te neem. Dit sluit in die historiese geleentheid wat ontstaan het vir die skrywer om aan te gryp. Die oorspronklike skrywer het 'n doel gehad met die teks – 'n boodskap om oor te dra. Dus kan geen betekenis aan 'n teks toegeskryf word tensy dit deel was van die oorspronklike, antieke, geïnspireerde skrywer se bedoeling nie. Sy bedoeling, eerder as historiese, emosionele, kulturele, persoonlike of kerklike aspirasies, is sleutel tot 'n verklaring van die teks. Toepassing is 'n belangrike komponent van vertolking, maar toepassing moet noodwendig voorafgegaan word deur 'n grondige interpretasie. Hier is dit nodig om te herbevestig dat elke Bybelse teks een, en slegs maar één betekenis het. Hierdie betekenis is afhanklik van die bedoeling wat die oorspronklike skrywer onder leiding van die Gees aan sy tydgenote wou kommunikeer. Die enkele betekenis mag wel verskeie toepassings hê in verskillende kulture en situasies, maar hierdie toepassings moet skakel met die sentrale waarheid van die outeur se oorspronklike bedoeling. Daarom is hierdie studiegids-kommentaar ontwerp om 'n inleiding tot elke boek van die Bybel te voorsien.

### **Tweede Beginsel**

Die tweede beginsel is om die literêre eenhede te identifiseer. Elke Bybelboek is 'n eenheidsdokument. Ontleders het nie die reg om een aspek van die waarheid te isoleer ten koste van 'n ander nie. Daarom moet ons daarna strew om die doel van die Bybelboek in sy geheel te begryp, voordat ons die individuele literêre eenhede begin interpreteer. Die individuele dele – hoofstukke, paragrawe, of verse – kan nie bedoel wat die hele eenheid nie bedoel nie. Interpretasie moet vanuit 'n deduktiewe benadering van die geheel na 'n induktiewe benadering tot die dele vorder. Hierdie studiegids-kommentaar is as sodanig ontwerp om die student te help

om die struktuur van elke letterkundige eenheid, aan die hand van paragrawe te analiseer. Paragrafering en hoofstuk-verdeling is nie geïnspireerd nie, maar dien as die sleutel tot bepaling van die oorspronklike skrywer se gedagtegang en bedoeling.

Die sleutel tot die Bybelse outeur se vermeende bedoeling met die teks, is paragraaf-vlak interpretasie – nie sins-, frase- of woord-vlak nie. Paragrawe is gebaseer op ‘n deurlopende onderwerp, dikwels die tema- of onderwerp-sin genoem. Elke woord, frase en sin in die paragrawe hou op ‘n manier met mekaar verband om by te dra tot ondersteuning van hierdie sentrale tema. Hulle beperk dit, verbreed dit, verduidelik dit, en/of bevraagteken dit. ‘n Ware sleutel tot deeglike verklaring is om die oorspronklike outeur se gedagtegang op ‘n paragraaf-vir-paragraaf basis deur die individuele literêre eenhede wat die Bybelboek opmaak, te volg. Hierdie studiegids-kommentaar is ontwerp om die student te help met hierdie proses. Ten einde die teks te ontsluit, word verskeie moderne Engelse vertalings met mekaar vergelyk. Hierdie vertalings is gekies op grond van die verskillende vertalingsteorieë wat hulle huldig.

1. *The United Bible Society's Greek Text* is die vierde gewysigde weergawe (UBS<sup>4</sup>). Paragraafindeling is hier deur moderne tekskundiges behartig.
2. *The New King James Version* (NKJV) is ‘n woord-vir-woord letterlike vertaling gebaseer op die Griekse manuskrip-tradisie bekend as die *Textus Receptus*. Sy paragraafindelings is langer as die ander vertalings. Hierdie langer eenhede help die student om die breë bedoeling van die onderwerpe as ‘n geheel te verstaan.
3. *The New Revised Standard Version* (NRSV) is ‘n gewysigde woord-vir-woord vertaling. Dit vorm ‘n middeweg tussen die volgende twee moderne vertalings. Sy paragraafindelings is redelik hulpvaardig in die identifisering van onderwerpe.
4. *The Today's English Version* (TEV) is ‘n dinamiese eweknie-vertaling wat deur die *United Bible Society* gepubliseer is. Dit poog om die Bybel op ‘n manier te vertaal dat ‘n moderne Engelse leser of spreker die betekenis van die Griekse teks sal begryp. Dikwels (en spesifiek ook in die evangelies) word paragraafindelings volgens spreker gedoen eerder as onderwerp. Hierdie metode word ook deur die NIV gebruik. Vir die ontleder se doeleindes is dit nie juis hulpvaardig nie. Dit is interessant om te let daarop dat die UBS<sup>4</sup> sowel as die TEV deur dieselfde entiteit gepubliseer word, en tog verskil die paragrafering.
5. *The Jerusalem Bible* (JB) is nog ‘n dinamiese eweknie-vertaling gebaseer op ‘n Franse Katolieke vertaling. Dit is baie nuttig omrede die vergelyking van paragrawe vanuit ‘n Europese perspektief.
6. Die gedrukte teks is die 1995 *Updated New American Standard Bible* (NASB), wat ‘n woord-vir-woord vertaling is. Die vers-vir-vers kommentaar volg hierdie paragrafering.

### **Derde Beginsel**

Die derde beginsel is om die Bybel in verskillende vertalings te lees om die breedste moontlike greep te kry op die spektrum van betekenis wat Bybelse woorde en frases kan hê. Dikwels kan ‘n Griekse woord of frase op verskeie maniere verstaan word. Verskillende



vertalings verhelder dus die verskeidenheid moontlikhede, en help om die Griekse manuskrip se variasies te identifiseer en te verduidelik. Hierdie alternatiewe beïnvloed nie leerstellige waarheid nie, maar help ons eerder in ons poging om die oorspronklike skrywer van die teks se bedoeling te herontdek.

Hierdie kommentaar bied 'n vinnige manier vir die student om sy interpretasies na te gaan. Dit is nie veronderstel om bepalend of voorskriftelik te wees nie, maar eerder informatief en gedagteprikkelend. Dikwels help ander moontlike interpretasies ons om nie so bevooroordeeld, dogmaties of denominasie-vas te wees nie. Ontleders het 'n wye spektrum van interpretasie-moontlikhede nodig om die dubbelsinnigheid in die antieke teks raak te sien. Dit is skokkend hoe min akkoord daar tussen Christene bestaan wat almal die Bybel as hulle brondokument erken.

Hierdie beginsels het my gehelp om baie van my historiese kondisionering te oorkom deur my te dwing om met die antieke teks te worstel. Ek hoop dat dit vir jou ook tot seën sal wees.

Bob Utley  
Baptistiese Universiteit van Oos-Texas  
Junie 27, 1996

## ‘N NOTA VAN DIE VERTALER

Die vertalers het hoë waardering vir die gedagte dat Afrikaanssprekendes die wêreld oor die geleentheid kry om ‘n studiegids-kommentaar van hierdie gehalte tot hulle beskikking te mag hê. Ons het met die skrywer uitgeklaar dat, terwille van die vergelykingswaarde daarvan, die Engelse vertalings onverminderd aangebied sal word. Soos in die geval van standaard-akademiese verhandelinge, behou ons ook voetnote in die brontaal waaruit daar aangehaal word. Immers, die Afrikaanssprekendes wêreldwyd handhaaf hulleself ekonomies in hulle tweede taal (Engels).

Die Afrikaanse vertalings van die Bybel word tot die teks toegevoeg met die nodige skriftelike goedkeuring van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en die Christelik Uitgewers Maatskappy (CUM) onderskeidelik. Die vier vertalings gebruik is gekies op grond van hulle beskikbaarheid en die kwaliteit van vertaling. Etlke aantekeninge is gepas:

1. *Die Bybel: Ou Afrikaanse Vertaling* (OAV) se oorspronklike titel is *Die Bybel in Afrikaans*, en is in 1933 vir die eerste keer uitgegee deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. ‘n Hersiene weergawe het in 1954 gevolg, maar dit was eers met die druk van *Die Bybel: Nuwe Vertaling* (NAV) in 1983 dat die konsep van die Ou- en Nuwe-vertalings in die volksmond posgevat het. Sedertdien het hierdie benamings so gebruiklik geword, dat dit net gepas is om dienoooreenkomstig na die twee te verwys in hierdie kommentaar.
2. *Die Multivertaling Bybel* (CUM-MVB) is in 2004 uitgegee deur CUM. Hierdie vertaling is grotendeels ‘n herformulering van die 1983 *Nuwe Vertaling*. As sulks word aanhalings uit hierdie weergawe slegs verskaf indien dit daadwerklik van sy bron-vertaling verskil.
3. *Die Nuwe Lewende Vertaling* (CUM-NLV) is ook deur CUM uitgegee in 2006. Waar OAV ‘n woord-vir-woord letterlike vertaling en NAV ‘n gewysigde woord-vir-woord-vertaling was, is hierdie ‘n dinamiese eweknie-vertaling wat poog om moderne woordkeuses en idiomatiese uitdrukkings in die vertaling te gebruik sonder dat die betekenis van die oorspronklike teks verlore gaan.

As die vertaling van hierdie kommentaar ‘n bydrae kan maak tot vermeerdering van seën vir baie en dien tot uitbreiding van die koninkryk van God, sal die vertalers hulle ryklik beloon ag.

Dr. J. (Dunes) van der Merwe (vertaler)  
Me. Mieke Fourie (proefleser en taalkundige adviseur)  
Strand, Suid-Afrika  
Sommer, 2009-2010

## **GIDS TOT KONSTRUKTIEWE BYBELLEES: 'N PERSOONLIKE SOEKE NA BEVESTIGBARE WAARHEID**

Kan ons die waarheid ken? Waar kry ons dit? Kan ons dit deur logika bevestig? Is daar 'n absolute gesag? Is daar absolute waarhede wat ons lewens kan organiseer; ons wêreld? Het die lewe betekenis? Hoekom is ons hier? Waarheen is ons op pad? Hierdie vrae – vrae waaroor alle rasonale mense wonder – rus reeds sedert die begin van tyd swaar op die mens se intellek (Pred. 1:13-18; 3:9-11). Ek onthou nog my persoonlike soeke na 'n sentrale ordeningsbeginsel vir my eie lewe. Reeds op 'n jong ouderdom het ek 'n Christen-gelowige geword, grotendeels omdat mense wat belangrike rolle gespeel het in my familielewe, getuies was van die waarheid. Naderende volwassenheid het ook 'n toename in die erns van die vrae oor my wêreld veroorsaak. Eenvoudige kulturele en religieuse clichés het nie betekenis verleen aan die ervarings waarvan ek gelees het, of wat ek ervaar het nie. Dit was 'n baie verwarrende tydperk in my lewe. Ek het bly soek en smag, en dikwels het ek ook hulpeloos gevoel in die aangesig van hierdie onsensitiewe, harde wêreld waarin ek lewe.

Baie mense het aangevoer dat hulle die antwoorde op hierdie kernvraagstukke het, maar navorsing en refleksie het getoon dat hulle antwoorde gebaseer was op die volgende: (1) persoonlike filosofieë, (2) antieke mites, (3) persoonlike ervarings, of (4) sielkundige projeksie. Ek het die een of ander bevestiging nodig gehad, harde bewyse, 'n rasionaal waarop ek 'n wêreldsiening kon baseer; my integrerende middelpunt; my rede om te leef.

Ek het my bevestiging gekry deur Bybelstudie. Eers het ek begin soek vir bewyse dat dit geloofwaardig is, wat ek gevind het in (1) die historiese betroubaarheid van die Bybel soos bewys deur die argeologie, (2) die akkuraatheid van die profesieë van die Ou Testament, (3) die eenheid van die Bybel-boodskap oor die sestienhonderd jaar van sy totstandkoming, en (4) die persoonlike getuienis van mense wie se lewens permanent verander is deur hulle ervaring van die Bybel. Christenskap, as 'n eenheidsstelsel van geloofsleer en prakties glo, het die vermoë om die komplekse vrae van die menslike bestaan te hanteer. Dit het nie net 'n rasonale raamwerk daargestel nie, maar die ondervindelike aspek van Bybelse geloof het my groot emosionele blydschap en stabiliteit verskaf.

Ek het gedog dat ek my sentrale ordeningsbeginsel gevind het – Christus, soos verstaan deur die Skrif. Dit was 'n emosionele ervaring. Ek kan egter steeds die skok en die pyn onthou toe ek begin agterkom hoeveel verskillende interpretasies daar van hierdie boek beskikbaar was – dikwels selfs nog binne dieselfde kerk of denkskool! Bevestiging van die Bybel se inspirasie en betroubaarheid was nie die einde nie, maar bloot die begin. Hoe kon ek die verskeidenheid uiteenlopende interpretasies van die vele moeilike passasies in die Skrif, bevestig of verwerp? Die een kommentator was klaarblyklik so gesaghebbend en betroubaar soos die volgende!

Hierdie kwelling was bestem om my lewens- en geloofsdoelwit te word. Ek het geweet dat my geloof in Christus my groot vrede en blydschap verskaf het. Ek (1) het gesmag na absolute waarhede te midde al die relatiwiteit van my kultuur (in die post-modernistiese tydperk boonop!); (2) wou sekerheid kry oor die dogmatisme van uiteenlopende geloofstelsels (wêreldgelowe); en (3) het die arrogansie van denominasies steurend gevind. In my soeke na geldige benaderings tot die interpretasie van antieke tekste, was ek verras om my eie historiese-

kulturele-, denominasionele- en ervarings-vooroordele te ontdek. Dikwels het ek die Bybel gelees bloot om my eie sienings te herbevestig. Ek het dit as 'n bron van dogma gebruik om te gebruik as wapen teen ander om sodoende my eie onsekerheid en wanopvattinge te herbevestig. Dit was pynlik om tot hierdie besef te kom!

Hoewel ek nooit heeltemal objektief kan wees nie, kan ek 'n beter leser van die Bybel word. Ek kan my vooroordele bekamp deur hulle te identifiseer en hulle aanwesigheid te erken. Die verklaarder is dikwels die grootste vyand van 'n daadwerklike verstaan van die Bybel!

Laat my toe om 'n aantal van die voorveronderstellings te noem wat ek huldig in my persoonlike studie van die Bybel sodat jy, die leser, hulle saam met my kan ontleed:

## **I. Voorveronderstellings**

- A. Ek glo die Bybel is die enigste geïnspireerde, self-openbaring van die een ware God. Daarom is dit nodig om tydens interpretasie in ag te neem dat dit die Heilige Gees is wat deur 'n menslike skrywer, wat leef gedurende 'n spesifieke historiese tydperk, 'n boodskap probeer kommunikeer.
- B. Ek glo dat die Bybel geskryf is deur die gewone mens – vir alle mense! God poog om so duidelik as moontlik met ons te praat, gegewe 'n historiese en kulturele konteks. God steek nie waarheid weg nie – Hy wil hê ons moet verstaan! Daarom moet dit verklaar word binne die konteks van die tyd waarin die tekste ontstaan het, nie ons s'n nie. Die Bybel behoort nie vir ons te beteken wat dit nie beteken het vir diegene wat dit eerste gehoor of gelees het nie. Dit is verstaanbaar deur die gemiddelde menslike intellek en gebruik normale menslike kommunikasievorme en tegnieke.
- C. Ek glo die Bybel het 'n verenigde boodskap en doel. Die boodskap word nie weerspreek nie, hoewel daar soms moeilike en paradoksale passasies voorkom. Dus is die beste verklaarder van die Bybel die Bybel self.
- D. Ek glo dat elke passasie (behalwe die profesieë) slegs een betekenis het, gebaseer op die oorspronklike skrywer se bedoeling. 'n Aantal aanwysers dui hierop:
  1. die verkose genre (literêre styl) om die boodskap oor te dra
  2. die historiese milieu en/of spesifieke geleentheid wat die skryfproses gestimuleer het
  3. die literêre konteks van die boek in geheel, sowel as van elke literêre eenheid afsonderlik
  4. die tekstuele ontwerp (uitleg) van die literêre eenheid soos dit skakel met die boodskap in geheel
  5. die spesifieke grammatiese tegnieke gebruik om die boodskap oor te dra
  6. woordkeuse
  7. parallelismes

Die studie van elkeen van hierdie aspekte word die doel van ons studie van 'n passasie. Voordat ek my metodologie vir doeltreffende Bybellees verduidelik, wil ek eers 'n aantal onvanpaste metodes bespreek. Die volgende metodes is almal vandag in gebruik en veroorsaak soveel diversiteit van interpretasie dat hulle liefers vermy moet word.


## II. Onvanpaste Metodes

- A. Ignoreer die literêre konteks van die boeke van die Bybel en gebruik elke sin, frase of selfs individuele woord as stelling van waarheid, ongeag die verwantskap met die outeur se bedoeling of die breër konteks. Dit word dikwels “letterlike uitleg” (“proof-texting”) genoem.
- B. Ignoreer die historiese konteks waarbinne die boeke geskryf is deur ‘n veronderstelde historiese milieu te fabriseer met min of geen ondersteuning van die teks self nie.
- C. Ignoreer die historiese konteks van die boeke en lees dit op dieselfde manier as die oggendkoerant, asof dit hoofsaaklik geskryf is vir moderne individuele Christene.
- D. Ignoreer die historiese konteks van die boeke deur die teks te allegoriseer tot ‘n filosofiese of teologiese boodskap totaal onverwant aan die boodskap wat die eerste luisteraars daaruit sou neem, of aan die oorspronklike skrywer se bedoeling.
- E. Ignoreer die oorspronklike boodskap deur eerder jou eie sisteem van teologie, liefliingsonderwerp of hedendaagse kwessies daarmee te vermeng om sodoende die teks uit verband te ruk in terme van die oorspronklike outeur se bedoeling en boodskap. Hierdie fenomeen volg dikwels ‘n eerste lees van die Bybel as ‘n metode om die spreker se gesag daar te stel en word dikwels na verwys as “lesers-respons”/“wat-die-tekse-vir-my-beteken”-interpretasie (“reader response”).

Ten minste drie verwante komponente kom voor in alle geskrewe menslike kommunikasie:



In die verlede het verskillende leestegnieke op een van die drie komponente gefokus. Om egter waarlik die unieke inspirasie van die Bybel te bevestig, is ‘n gewysigde diagram meer gepas:



Eintlik moet al drie komponente in ag geneem word tydens die interpretasie-proses. Met bevestiging ten doel, fokus my interpretasie op die eerste twee komponente: die oorspronklike outeur en die teks. Ek is heel moontlik besig om te reageer op die misbruike wat ek al gesien het

deur (1) allegorisering of spiritualisering van die teks en (2) “leser-respons”-interpretasie (wat-dit-vir-my-beteken). Misbruik mag intree op enige stadium van die proses. Ons moet altyd waak daarteen dat ons motiewe, vooroordele, tegnieke en toepassing nie die oorwegende faktore word tydens ontleding nie. Maar hoe bekamp ‘n mens hierdie faktore as daar geen grense is waarbinne interpretasie kan plaasvind nie; geen kriteria of beperkings nie? Dit is waar outeursbedoeling en die struktuur van die teks vir my in ‘n mate helderheid verskaf oor hoe die sogenaamde moontlike interpretasies uitgeskakel kan word.

In ag genome hierdie onvanpaste leestegnieke, keer ons nou na benaderings wat meer gepas is vir doeltreffende Bybellees en interpretasie, en wat ‘n mate van bevestiging en konsekwentheid bied.

### III. Moontlike Benaderings tot Goeie Bybellees

Op hierdie stadium is die unieke tegnieke van spesifieke genre-interpretasies nie van belang nie, maar eerder die algemene hermeneutiese beginsels wat geld vir alle tipes Bybelse tekste. ‘n Goeie boek vir genre-spesifieke benaderings is *How To Read The Bible For All Its Worth* deur Gordon Fee en Douglas Stuart, uitgegee deur Zondervan.

My metodologie fokus aanvanklik daarop dat die leser die Heilige Gees toelaat om die Bybel toe te lig deur vier persoonlike leessiklusse. Dit maak die Gees, die teks en die leser prominent, nie sekondêr tot die proses nie. Dit beskerm ook die leser daarvan om te veel deur kommentaarskrywers beïnvloed te word. Ek het al gehoor mense sê: “Die Bybel werp baie lig op kommentare.” Dit is nie veronderstel om afbrekend van studiegids-kommentare te wees nie, maar is eerder ‘n versoek op die leser om die gepaste tyd te kies vir hulle gebruik.

Dit moet vir ons moontlik wees om ons interpretasies te staaf uit die teks self. Drie aspekte voorsien ten minste in ‘n mate bevestiging:

1. die oorspronklike skrywer se
  - a. historiese milieu
  - b. literêre konteks
2. die oorspronklike skrywer se keuse van
  - a. grammatikale strukture (sintaksis)
  - b. ander kontingente tekste
  - c. genre
3. ons verstaan van gepaste
  - a. relevante parallelismes
  - b. verwantskappe tussen leerstellinge (paradoks)

Dit moet vir ons moontlik wees om logiese redes te verskaf vir ons interpretasies. Die Bybel is ons enigste bron van geloof en praktyk. Ongelukkig stem Christene dikwels nie saam oor die boodskappe van die Bybel nie. Dit is selfverydend om aan te voer dat die inspirasie van die Bybel nie vir gelowiges toeganklik is tot so ‘n mate dat hulle kan saamstem oor die inhoud daarvan nie!

Die vier leessiklusse is ontwerp om die volgende verklarende insigte te bied:

#### A. Die eerste leessiklus

1. Lees die boek in een sessie deur. Lees dit weer, maar gebruik 'n alternatiewe vertaling – indien moontlik vanuit 'n verskillende vertaling-denkskool.
  - a. woord-vir-woord (NKJV, NASB, NRSV, OAV, NAV)
  - b. dinamiese ekwivalent (TEV, JB, CUM-NLV)
  - c. parafrasering (Living Bible, Amplified Bible, CUM-MVB)
2. Identifiseer die sentrale doel van die geskrif in geheel. Wat is die tema?
3. Isoleer (indien moontlik) 'n literêre eenheid – 'n hoofstuk, 'n paragraaf of 'n sin – wat duidelik die sentrale doel of tema daarstel.
4. Identifiseer die dominante literêre genre
  - a. Ou Testament
    - (1) Hebreuse narratief
    - (2) Hebreuse poësie (wysheidsliteratuur, Psalms)
    - (3) Hebreuse profesie (prosa, poësie)
    - (4) Wetskodes
  - b. Nuwe Testament
    - (1) Narratiewe (evangelies, Handeling)
    - (2) Gelykenisse (evangelies)
    - (3) Briewe
    - (4) Apokaliptiese literatuur

#### B. Die tweede leessiklus

1. Lees die hele boek weer en identifiseer die hoofonderwerpe.
2. Stel 'n raamwerk van die hoofonderwerpe op en som elkeen se inhoud kortliks op in 'n eenvoudige stelling.
3. Vergelyk jou doelstelling en breë raamwerk met studiegidse.

#### C. Die derde leessiklus

1. Lees die hele boek weer en identifiseer die historiese milieu en spesifieke geleentheid wat die skrywer genoop het om die boek te skryf.
2. Lys die historiese items wat in die boek genoem word
  - a. die outeur
  - b. die datum
  - c. die ontvangers
  - d. die spesifieke stimulasie vir die skryf daarvan
  - e. aspekte van die kulturele milieu wat verwant is aan bg. stimulasie
  - f. verwysings na historiese figure en gebeure
3. Verbreed jou raamwerk tot 'n paragraaf-vlak vir daardie deel van die Bybelboek wat jy interpreteer. Interpreteer altyd die literêre eenheid as 'n geheel. Dit mag 'n hele paar hoofstukke of paragrawe insluit, maar stel jou in staat om die oorspronklike skrywer se logika en tekstuele ontwerp te volg.
4. Vergelyk jou historiese skets met dié van studiegidse.

#### D. Die vierde leessiklus

1. Lees die spesifieke literêre eenheid weer in 'n verskeidenheid vertalings
  - a. woord-vir-woord (NKJV, NASB, NRSV, OAV, NAV)
  - b. dinamiese ekwivalent (TEV, JB, CUM-NLV)
  - c. parafrasering (Living Bible, Amplified Bible, CUM-MVB)
2. Soek vir literêre of grammatiese strukture
  - a. herhaalde frases (Ef. 1:6, 12, 13)
  - b. herhaalde grammatiese strukture (Rom. 8:31)
  - c. kontrasterende konsepte
3. Lys die volgende items:
  - a. noemenswaardige terme
  - b. ongewone terme
  - c. belangrike grammatiese strukture
  - d. besonder moeilike woorde, frases of sinne
4. Soek vir relevante parallelismes
  - a. soek vir die duidelikste passasie oor jou onderwerp deur die volgende te gebruik:
    - (1) "sistematiese teologie"-boeke
    - (2) verwysing-Bybels
    - (3) ooreenstemmings
  - b. Soek vir 'n moontlik paradoksale paar binne jou onderwerp. Baie Bybelse waarhede word daargestel in dialektiese pare; heelwat konflik tussen denominasies is te wyte aan letterlik lees van 'n halwe Bybelse stelling. Die hele Bybel is geïnspireer en ons moet poog om sy volledige boodskap te verstaan om sodoende 'n gebalanseerde perspektief oor die Skrif in ons interpretasie te hê.
  - c. Soek vir parallelle binne dieselfde boek, werk van dieselfde outeur of uit dieselfde genre; die Bybel is sy eie beste ontleder omdat hy slegs een outeur het: die Gees.
5. Gebruik studiegidse om jou historiese skets en ander konteks-elemente na te gaan:
  - a. studie-Bybels
  - b. Bybel ensiklopedieë, handboeke en woordeboeke
  - c. inleidings tot die Bybel
  - d. Bybel-kommentare (op hierdie stadium van jou studie is dit nodig om die gelowige gemeenskap – verlede én hede – toe te laat om jou te help om die regte rigting in te slaan)

#### IV. Toepassing van Bybel-interpretasie

Op hierdie stadium rig ons die gesprek op toepassing. Jy het nou tyd gehad om die teks in sy oorspronklike milieu te verstaan; nou moet jy die insig wat dit jou bring in jou lewe en kultuur toepas. Ek definieer Bybelse gesag as "'n verstaan van wat die oorspronklike Bybelse outeur wou sê vir die lesers van sy dag (in die historiese konteks), en die toepassing van daardie selfde waarhede op jou eie dag (in jou eie konteks)".

Interpretasie moet gevolg word deur implementering van die oorspronklike outeur se bedoeling in tyd sowel as logika. Ons kan nie 'n Bybelse passasie vandag toepas voordat ons



weet wat die bedoeling was in die konteks waarin dit geskryf is nie! ‘n Bybelpassasie kan nie bedoel wat dit nooit bedoel het nie!

Jou uitgebreide raamwerk op paragraafvlak (leessiklus #3) sal jou lei. Toepassing moet op ‘n paragraaf-vlak gedoen word, nie op woord-vlak nie. Woorde het slegs in konteks betekenis; dieselfde geld vir frases en sinne. Die enigste geïnspireerde persoon betrokke in die interpretasie-proses is die oorspronklike outeur. Ons kan net sy leiding volg deur die verheldering deur die Heilige Gees. Maar verheldering is nie inspirasie nie. Om te sê “dus sê die Here”, moet ons die oorspronklike outeur se bedoeling ken in die saak. Toepassing moet spesifiek verband hou met die algemene bedoeling van die teks in geheel, die spesifieke literêre eenheid en paragraaf-vlak ontwikkeling van gedagtes.

Moenie dat die kwessies van die dag die Bybel interpreteer nie; laat die Bybel vir homself praat! Dit mag verg dat ons beginsels uit die teks assimileer. Hierdie beginsels is geldig indien die teks dit ondersteun. Ongelukkig is ons beginsels dikwels juis dít: ons beginsels – nie dié van die teks nie.

Dit is belangrik om in Bybel-toepassing te onthou dat (behalwe die profesieë) elke Bybelteks slegs een geldige betekenis het. Daardie betekenis is verwant aan die bedoeling van die oorspronklike skrywer in sy aanspraak van ‘n krisis van sy dag. Baie moontlike toepassings kan afgelei word van hierdie een bedoeling. Die toepassing is gebaseer op die ontvanger se behoeftes, maar moet verband hou met die oorspronklike outeur se bedoeling.

## V. Die Geestelike Aspek van Interpretasie

Tot dusver het ek die logiese en tekstuele prosesse betrokke by interpretasie en toepassing bespreek. Laat my nou toe om kortliks die geestelik kant van interpretasie aan te raak. Ek het die volgende oorsiglyk hulpvaardig gevind:

- A. Bid vir die Gees se hulp (vgl. 1 Kor. 1:26-2:16).
- B. Bid vir persoonlike vergifnis en reiniging van gekende sonde (vgl. 1 Joh. 1:9).
- C. Bid vir ‘n groter begeerte om God te ken (vgl. Ps. 19:7-14; 42:1vv; 119:1vv).
- D. Implementeer enige nuwe insigte onmiddellik in jou eie lewe.
- E. Bly nederig en onderrigbaar.

Dit is so moeilik om die balans te handhaaf tussen die logiese prosesse en die geestelike leierskap van die Heilige Gees. Die volgende aanhalings help my hiermee:

- A. uit James W. Sire, *Scripture Twisting*, bl. 17-18:

“The illumination comes to the minds of God’s people – not just to the spiritual elite. There is no guru class in biblical Christianity, no illuminati, no people through whom all proper interpretation must come. And so, while the Holy Spirit gives special gifts of wisdom, knowledge and spiritual discernment, He does not assign these gifted Christians to be the only authoritative interpreters of His Word. It is up to each of His people to learn, to judge and to discern by reference to the Bible which stands as the authority even to those to whom God has given special abilities. To summarize, the assumption I am making throughout the entire book is that the Bible is God’s true revelation to all

humanity, that it is our ultimate authority on all matters about which it speaks, that it is not a total mystery but can be adequately understood by ordinary people in every culture.”

B. oor Kierkegaard, uit Bernard Ramm, *Protestant Biblical Interpretation*, bl. 75:

“According to Kierkegaard the grammatical, lexical, and historical study of the Bible was necessary but preliminary to the true reading of the Bible. To read the Bible *as God’s word* one must read it with his heart in his mouth, on tip-toe, with eager expectancy, in conversation with God. To read the Bible thoughtlessly or carelessly or academically or professionally is not to read the Bible as God’s Word. As one reads it as a love letter is read, then one reads it as the Word of God.”

C. H.H. Rowley in *The Relevance of the Bible*, bl. 19:

“No merely intellectual understanding of the Bible, however complete, can possess all its treasures. It does not despise such understanding of the spiritual treasures of this book if it is to be complete. And for that spiritual understanding something more than intellectual alertness is necessary. Spiritual things are spiritually discerned, and the Bible student needs an attitude of spiritual receptivity, an eagerness to find God that he may yield himself to Him, if he is to pass beyond his scientific study unto the richer inheritance of this greatest of all books.”

## VI. Hierdie Kommentaar se Metode

Die *Studiegids-Kommentaar* is ontwerp om jou te help met die interpretasie-prosedure op die volgende maniere:

- A. ‘n Kort historiese uiteensetting as bekendstelling van elke boek. Gaan hierdie inligting na nadat jy leessiklus #3 voltooi het.
- B. Die verskillende dele van die literêre eenheid word in konteks geplaas aan die begin van elke hoofstuk om jou te wys hoe dit gestruktureer is.
- C. Aan die begin van elke hoofstuk of groot literêre eenheid word die paragraafindeling saam met hulle beskrywende onderskrifte verskaf. Dit word uit die volgende moderne vertalings geneem:
  1. The United Bible Society Greek text, vierde uitgawe gewysig (UBS<sup>4</sup>)
  2. The New American Standard Bible, 1995 weergawe (NASB)
  3. The New King James Version (NKJV)
  4. The New Revised Standard Version (NRSV)
  5. Today’s English Version (TEV)
  6. The Jerusalem Bible (JB)
  7. Die Ou Afrikaanse Vertaling (OAV)
  8. Die Nuwe Afrikaanse Vertaling (NAV)
  9. Die Nuwe Lewende Vertaling (CUM-NLV)
  10. Die Multivertaling Bybel (CUM-MVB)

Paragrafering is nie geïnspireer nie. Dit moet uit die konteks afgelei word. Deur ‘n vergelyking van ‘n aantal moderne vertalings vanuit verskillende vertaling-denkskole en

teologiese perspektiewe, word dit vir ons moontlik om die veronderstelde struktuur van die skrywer se gedagtes te analiseer. Elke paragraaf het een hoofwaarheid. Dit word gewoonlik die “tema-sin” of “sentrale idee van die teks” genoem. Hierdie eenheidsvormende gedagte is die sleutel tot gepaste historiese, grammatiese interpretasie. Ons moet nooit interpreteer, preek of onderrig oor minder as ‘n paragraaf nie! Onthou ook dat elke paragraaf verwant is aan die omliggende paragrawe. Dit is hoekom ‘n paragraaf-vlak raamwerk van die hele boek so belangrik is. Dit moet vir ons moontlik wees om die logiese vloei van die onderwerp te volg volgens die bedoeling van die oorspronklike outeur.

- D. Bob se notas volg ‘n vers-vir-vers benadering tot interpretasie. Dit dwing ons om die oorspronklike outeur se gedagtegang te volg. Die notas bied inligting oor ‘n verskeidenheid aspekte:
1. literêre konteks
  2. historiese, kulturele insigte
  3. grammatiese inligting
  4. woord-ontleding
  5. relevante parallelismes
- E. Soms word die gedrukte teks in die kommentaar uit *The New American Standard Version* (1995 weergawe) afgewissel met die vertalings van verskeie ander moderne weergawes:
1. *The New King James Version* (NKJV) is ‘n woord-vir-woord letterlike vertaling gebaseer op die Griekse manuskrip-tradisie bekend as die *Textus Receptus*.
  2. *The New Revised Standard Version* (NRSV) is ‘n gewysigde woord-vir-woord vertaling van die National Council of Churches se *Revised Standard Version*.
  3. *The Today’s English Version* (TEV) is ‘n dinamiese eweknie-vertaling wat deur die *United Bible Society* gepubliseer is.
  4. *The Jerusalem Bible* (JB) is nog ‘n dinamiese eweknie-vertaling gebaseer op ‘n Franse Katolieke vertaling.
- F. Vir diegene wat nie Grieks-magtig is nie kan die vergelyking van Engelse en Afrikaanse vertalings oor en weer help om ‘n aantal probleme in die teks te identifiseer:
1. manuskripvariasie
  2. alternatiewe woordbetekenisse
  3. grammaties-moeilike teks en struktuur
  4. dubbelsinnige tekste

Hoewel die Engelse en Afrikaanse vertalings nie hierdie probleme kan oplos nie, word hulle wel hierdeur as plekke vir dieper en meer aandagtige studie geïdentifiseer.

- G. Elke hoofstuk word afgesluit met ‘n aantal besprekingsvrae wat poog om die belangrikste kwessies vir interpretasie uit elke hoofstuk toe te lig.

# INLEIDING TOT ROMEINE

## INLEIDENDE GEDAGTES

- A. Romeine is die mees sistematiese en logiese leerstellings van die Apostel Paulus. Dit is beïnvloed deur die omstandighede in Rome gedurende dié tydperk, en is dus ‘n “geleentheids”-dokument. Iets het gebeur wat Paulus genoop het om die brief te skryf. Dit is egter steeds die mees neutrale van Paulus se geskrifte, in die sin dat Paulus se tegniek om die probleem (moontlik die jaloesie tussen gelowige Joods- en heidense-leierskap) aan te spreek, steeds ‘n duidelike uiteensetting van die evangelie en sy implikasies vir die daaglikse lewe was.
- B. Paulus se uiteensetting van die evangelie in Romeine het sedertdien deurgaans ‘n daadwerklike impak gehad op die kerk se lewe:
1. Augustinus is in 386 n.C. bekeer deur die lees van Rom. 13:13-14.
  2. Martin Luther se opvatting oor redding is radikaal verander in 1513 toe hy Ps. 31:1 en Rom. 1:17 met mekaar vergelyk (vgl. Hab. 2:4).
  3. John Wesley het in 1738 verby ‘n Mennonitiese vergadering gestap toe hy ‘n voorlesing van Luther se preek oor die inleiding van Romeine hoor. Die voorlesing was nodig omdat die aangewese spreker vir die aand nie opgedaag het nie! Maar die uiteinde was ‘n bekeerde John Wesley!
- C. Om Romeine te ken, is om Christenskap te ken! Die brief skets die lewe en boodskap van Jesus om ewige en rotsvaste waarhede bloot te lê. Volgens Martin Luther is dit: “The chief book in the NT and the purest gospel!”

## OUTEUR

Paulus was beslis die skrywer. Sy kenmerkende begroeting kom voor in 1:1. Dit word algemeen aanvaar dat Paulus se “doring in die vlees” sy sig was. Dus het hy nie self fisies die brief geskryf nie, maar eerder ‘n skriba gebruik (vgl. 16:22).

## DATUM

- A. Die waarskynlikste datum vir die skryf van Romeine is tussen 56 en 58 n.C. Dit is een van die min Nuwe-Testamentiese boeke wat met redelike akkuraatheid gedateer kan word deur Handeling 20:2 met Romeine 15:17 te vergelyk. Romeine is moontlik in Korinte geskryf terwyl Paulus die einde van sy sendingreis genader het, net voordat hy weg is uit Jerusalem.
- B. ‘n Moontlike kronologie van Paulus se geskrifte, volgens F.F. Bruce en Murry Harris, met enkele wysigings:

	<b>Boek</b>	<b>Datum</b>	<b>Skryfplek</b>	<b>Verband met Handeling</b>
1.	Galasiërs	48	Antiogië in Sirië	14:28; 15:2
2.	1 Tessalonisense	50	Korinte	18:5
3.	2 Tessalonisense	50	Korinte	
4.	1 Korintiërs	55	Ephesus	19:20
5.	2 Korintiërs	56	Masedonië	20:2
6.	Romeine	57	Korinte	20:3
	<i>Tronkbriewe</i>			

7.	Kolossense	vroeë 60s		
8.	Efesiërs	vroeë 60s	Rome	
9.	Filemon	vroeë 60s		
10.	Filippense	laat 62-63		28:30-31
<i>Vierde Sendingreis</i>				
11.	1 Timoteus	63 (of later,	Masedonië	
12.	Titus	63 maar voor	Ephesus (?)	
13.	2 Timoteus	64 n.C. 68)	Rome	

## ONTVANGERS

Die brief stel sy bestemming as Rome. Ons weet nie wie die kerk van Rome gestig het nie:

- A. Dit was moontlik mense wat Jerusalem besoek het op Pinkster, daar bekeer is en met die evangelie begeesterd huis toe is om 'n kerk te begin (vgl. Han. 2:10).
- B. Dit kon ook dissipels gewees het wat die vervolging in Jerusalem ontvlug het ná die dood van Stefanus (vgl. Han. 8:4).
- C. Nog 'n moontlikheid is dat dit bekeerlinge van Paulus se sendingreise was wat op hul beurt na Rome gereis het. Paulus het nooit voorheen die kerk besoek nie, maar hy wou graag (vgl. Han. 19:21). Hy het baie vriende daar gehad (vgl. Rom. 16).

Sy plan was klaarblyklik om Rome te besoek onderweg na Spanje (vgl. Rom. 15:28) ná sy reis na Jerusalem met die "liefdesgeskenk". Paulus het gevoel dat sy bediening in die Oos-Mediterreense gebied afgehandel was, en het nuwe weivelde begin soek (vgl. 15:20-23, 28). Die bode van die Romeinebrief van Paulus in Griekeland na Rome, was moontlik Febe, 'n diakones, wat in daardie rigting op pad was (vgl. Rom. 16:1). Hoekom is hierdie brief, geskryf in die agterstrate van Korinte gedurende die eerste eeu deur 'n Joodse tentmaker, so waardevol? Martin Luther het dit "die belangrikste boek van die Nuwe Testament en die suiwerste evangelie" genoem. Hierdie boek ontleen moontlik sy waarde aan die feit dat dit 'n breedvoerige uiteensetting en verduideliking was van die evangelie deur die bekeerde rabbyn, Saulus van Tarsus (geroep tot apostelskap onder die heidene). Die meeste van Paulus se briewe word sterk gekleur deur die plaaslike omstandighede van die tyd. Dit is egter nie die geval vir Romeine nie. Romeine is 'n sistematiese uiteensetting van 'n Apostel se geloof.

Besef jy, mede-Christen, dat die meeste van die tegniese terminologie wat deesdae gebruik word om "geloof" te beskryf ("regverdigheid", "toerekening", "aanneming" en "heiligmaking") uit die Romeinebrief kom? Dit is die teologiese ontwikkeling van die waarhede van Galasiërs. Bid dat God jou sal oopstel om die boodskap van Romeine te ervaar terwyl ons saam soek vir Sy Wil in ons lewens vandag!

## DOEL

- A. 'n Beroep om hulp vir sy sendingreis na Spanje. Paulus het gevoel dat sy werk in die Oos-Mediterreense gebiede afgehandel was (vgl. 15:20-23, 28).
- B. Om die probleem in die kerk van Rome tussen die gelowige Jode en gelowige heidene aan te spreek. Hierdie spanning was moontlik 'n gevolg van die verbanning van alle Jode uit Rome. Met hulle terugkoms op 'n latere stadium, is die voormalig Joods-Christen-leierskap intussen vervang deur heiden-Christen-leierskap.

- C. Om homself bekend te stel aan die kerk van Rome. Daar was heelwat teenstand teen Paulus vanuit die geleedere van bekeerde Jode in Jerusalem (Jerusalem Raad van Handeling 15), van onopregte Jode (Judaiseerders in Gal. en 2 Kor. 3:10-13), en van heidene (Kolossense, Efesiërs) wat probeer het om die evangelie met hulle eie troetelteorieë en filosofieë te vermeng (bv. gnostisisme).
- D. Paulus is daarvan beskuldig dat hy 'n gevaarlike innoveerder was wat roekeloos aan Jesus se boodskap verander en bygelas het. Die Romeineboek was sy manier om homself sistematies te verdedig deur te wys hoe sy evangelie waar is, deur die gebruik van die Ou Testament sowel as die boodskap van Jesus (die evangelies).

## **VLUGTIGE RAAMWERK**

- A. Inleiding (1:1-17)
  - 1. Seëngroet (1:1-17)
    - a. Outeur (1-5)
    - b. Bestemming (6-7a)
    - c. Begroeting
  - 2. Geleentheid (1:8-15)
  - 3. Tema (1:16-17)
- B. Behoefte aan Goddelike Geregtigheid
  - 1. Agteruitgang in die heidenwêreld
  - 2. Skynheiligheid van die Jode of heidense moraliste (2:1-16)
  - 3. Veroordeling van die Jode (2:17-3:8)
  - 4. Universele vervloeking (3:9-20)
- C. Wat is die Goddelike Geregtigheid
  - 1. Geregtigheid deur Geloof Alleen (3:21-31)
  - 2. Die Basis van Geregtigheid: God se Belofte (4:1-25)
    - a. Abraham se geregtigheid (4:1-5)
    - b. Dawid (4:6-8)
    - c. Abraham se verhouding tot die besnydenis (4:9-12)
    - d. God se belofte aan Abraham (4:13-25)
  - 3. Die Verkryging van Geregtigheid (5:1-21)
    - a. Die subjektiewe aspek: onverdiende liefde, onvergelykbare blydschap (5:1-5)
    - b. Die objektiewe basis: God se ongelooflike liefde (5:6-11)
    - c. Adam/Christus-tipologie: Adam se val, God se voorsiening (5:12-21)
  - 4. Goddelike geregtigheid moet lei tot persoonlike geregtigheid (6:1-7:25)
    - a. Bevry van die sonde (6:1-14)
      - (1) 'n veronderstelde teenspraak (6:1-2)
      - (2) die betekenis van die doop (6:3-14)
    - b. Satan se slaaf of God se slaaf: jou besluit (6:15-23)
    - c. Die mens se huwelik met die wet (7:1-6)
    - d. Die wet is goed, maar sonde verhoed die goeie (7:7-14)
    - e. Die ewige worsteling tussen goed en sleg in die gelowige (7:15-25)
  - 5. Die waarneembare resultate van Goddelike Geregtigheid (8:1-39)

- a. Lewe in die Gees (8:1-17)
  - b. Die verlossing van die skepping (8:18-25)
  - c. Die Gees se konstante hulp (8:26-30)
  - d. Die juridiese triomf van regverdiging deur geloof (8:31-39)
- D. Die Goddelike Plan vir die Gans Mensheid (9:1-11:32)
- 1. Die verkiesing van Israel (9:1-33)
    - a. Die ware erfgename van die geloof (9:1-13)
    - b. Soewereiniteit van God (9:14-26)
    - c. God se universele plan sluit die heiden in (9:27-33)
  - 2. Die verlossing van Israel (10:1-21)
    - a. God se regverdigheid versus die mensdom se geregtigheid (10:1-13)
    - b. God se genade noodsaak boodskappers, 'n beroep om wêreldwye sendingwerk (10:14-18)
    - c. Israel se volgehoue ongeloof in Christus (10:19-21)
  - 3. Die val van Israel (11:1-36)
    - a. Die Joodse oorblyfsel (11:1-10)
    - b. Joodse jaloesie (11:11-24)
    - c. Israel se tydelike blindheid (11:25-32)
    - d. Paulus se uitroep van lofprysing (11:33-36)
- E. Die Gevolg van die gawe van Goddelike Regverdigheid (12:1-15:13)
- 1. Roep om heiligmaking (12:1-2)
  - 2. Die gebruik van geskenke (12:3-8)
  - 3. Gelowiges se verhouding met ander gelowiges (12:9-21)
  - 4. Verhoudings met die staat (13:1-7)
  - 5. Verhoudings met die bure (13:8-10)
  - 6. Verhoudings met ons Here (13:11-14)
  - 7. Verhoudings met mede-kerklidmate (14:1-12)
  - 8. Ons invloed op ander (12:13-23)
  - 9. Verhoudings in Christus-gelykvormigheid (15:1-13)
- F. Gevolgtrekking (15:14-33)
- 1. Paulus se persoonlike planne (15:14-29)
  - 2. Versoeke om gebed (15:30-33)
- G. Naskrif (16:1-27)
- 1. Begroeting (16:1-24)
  - 2. Seëngroet (16:25-27)

### **LEESSIKLUS EEN (sien bl. xi)**

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die boek in geheel (in een sessie). Stel die sentrale tema van die boek in jou eie woorde.

1. Sentrale tema van die hele boek
2. Tipe literatuur (genre)

### **LEESSIKLUS TWEE (sien bl. xi)**

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die hele boek 'n tweede keer deur in een sitting. Identifiseer die hoofonderwerpe en stel die onderwerp in 'n enkele sin.

1. Onderwerp van eerste letterkundige eenheid
2. Onderwerp van tweede letterkundige eenheid
3. Onderwerp van derde letterkundige eenheid
4. Onderwerp van vierde letterkundige eenheid
5. Ens.



# ROMEINE 1

<b>PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*</b>					
<b>UBS<sup>4</sup></b>	<b>NKJV</b>	<b>NRSV</b>	<b>TEV</b>	<b>JB</b>	<b>NAV<sup>**</sup></b>
Begroeting	Begroeting/Seëngroet	Begroeting	Begroeting	Aanspreking	Bekendstelling/Seëngroet
1:1-7	1:1-7	1:1-6	1:1 1:2-6	1:1-2  1:3-7	1:1-6  1:7a 1:7b
Begeer om Rome te besoek	Begeer om Rome te besoek	Dankbetuiging	Dankgebed	Dankbetuiging en dankgebed	Dank, verlange en verpligting
1:8-15	1:8-15	1:8-15	1:8-12 1:13-15	1:8-15	1:8-10 1:11-12 1:13-15
Die krag van die evangelie	Die vrygesprektes leef deur geloof	Die tema van die brief	Die krag van die evangelie	Die tema aankondiging	Die krag van die evangelie
1:16-17	1:16-17	1:16-17	1:16-17	1:16-17	1:16-17
Die blaam is op die mensdom	God se toorn oor ongeregtigheid	God se oordeel oor sonde	Die blaam is op die mensdom	God se toorn oor die heidendom	Die sonde en die straf
1:18-23	1:18-23	1:18-23	1:18-23	1:18-25	1:18-23
1:24-32		1:24-25 1:26-27 1:28-32	1:24-25 1:26-27 1:28-32	1:26-27 1:28-32	1:24-32

## **LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xi)**

### **OM DIE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK TE VOLG**

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as die sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

\*Although not inspired, paragraph divisions are the key in understanding and following the original author's intent. Each modern translation has divided and summarized chapter one. Every paragraph has one central topic, truth or thought. Each version encapsulates that topic in its own distinct way. As you read the text, ask yourself which translation fits your understanding of the subject and verse divisions.

In every chapter you must read the Bible first and try to identify subjects (paragraphs). Then compare your understanding with the modern versions. Only when one understands the original author's intent by following his logic and presentation can one truly understand the Bible. Only the original author is inspired—readers have no right to change or modify their message. Bible readers do have the responsibility of applying the inspired truth to their day and their lives.

\*\* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hierbo. Aanhalings inteks is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

**LET WEL: Alle tegniese terme en afkortings word ten volle in Bylae Een, Twee en Drie verduidelik. Sien ook die 'Afkortings Gebruik in die Kommentaar' op bl. i.**

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

### **DIE DELE IN KONTEKS: ROMEINE 1:1-3:20**

- A. Verse 1-7 vorm die inleiding tot die brief. Van al Paulus se briewe is hierdie inleiding die langste. Hy probeer homself en sy teologie aan 'n kerk wat hom nie persoonlik geken het nie, bekendstel – 'n kerk wat moontlik negatief omtrent hom ingelig was.
- B. Verse 8-12 is 'n aanvangs- of openingsgebed met danksegging. In sy briewe volg Paulus oor die algemeen hierdie kenmerkend Griekse benadering van briewe skryf.
- C. Verse 16-17 stel die tema van die boek.
- D. Vers 18 van hoofstuk 1 tot 3:20, vorm 'n eerste literêre eenheid waarin Paulus die eerste punt van sy evangelie aanroer: alle mense is verlore en het 'n behoefte daaraan om gered te word (vgl. Gen. 3).
  1. sedelose heidene
  2. voorbeeldige heidene
  3. Jode
- E. Romeine 1:18 tot 3:20 sluit aan by Genesis 3 (interessant genoeg fokus die rabbyne nie op hierdie teks wat betref die oorsprong van sonde nie, maar wel op Gen. 6). Die mensheid is na die beeld van, en in bondgenootskap met, God geskape (sien Gen. 1:26-27). Maar die mens kies verligting en die belofte van mag en uitnemendheid. Effektief het mense God omgeruil vir hulleself (ateïstiese humanisme)!

Dit is moontlik dat God hierdie krisis nie net toegelaat het nie, maar bewerkstellig het. Om na die beeld van God geskape te wees veronderstel aanvaarding van morele verantwoordelikheid en toerekenbaarheid; om wilsvryheid te hê met aanvaarding van die gevolge. God onderskei tussen mense deur sy wil, sowel as hul *eie* wil ('n verbondsverhouding)! Hy laat hulle toe om hulself te kies met al die nagevolge daarvan. God is bedroef (vgl. Gen. 6:5-7), maar mense is vry om te handel na willekeur, met al die regte en verantwoordelikhede daaraan verbonde. Die herhaalde frase: “God het hulle oorgegee...” (vgl. Rom. 1:24, 26, 28) is die erkenning van daardie vryheid van keuse, nie opsetlike verwerping deur God nie. Dit was nie God se keuse nie. Dít is nie hoe God bedoel het die wêreld moet wees nie (vgl. Gen. 3:22; 6:5-7, 11-13)!

- F. Die teologiese samevatting van 1:18-3:20 word in 3:21-31 aangetref. Hiervolgens dan die eerste “goeie nuus” van die evangelie – alle mense het gesondig en het 'n behoefte aan God se vergifnis, en God voorsien genadiglik 'n pad terug na 'n hartlike vertrouensverhouding (“fellowship” – 'n Eden-belewenis).
- G. In hierdie eerste literêre eenheid (Rom 1:18-3:20) van Paulus se voorstelling van die evangelie, is dit opmerklik dat die gevalle mensdom vir hulle rebellie en sonde verantwoordelik gehou word sonder enige verwysing na Satan of die demoniese. Die gedeelte weerspieël duidelik die teologie van Genesis 3, maar sonder 'n Versoeker. God gaan die gevalle mensheid nie weer toelaat om Satan te blameer nie (sien Gen 3:13); ook

nie vir God self nie (sien Gen 3:12). Hulle het die reg, die mag en die verantwoordelikheid om te kies. Hulle is vir hulle keuses verantwoordelik – gesamentlik in Adam sowel as individueel in ’n persoonlik-eie, sondige lewe (vgl. 3:23).

## STUDIE VAN WOORDE EN FRASES

### NASB (UPDATED) TEXT: 1:1-6

**<sup>1</sup>Paul, a bond-servant of Christ Jesus, called as an apostle, set apart for the gospel of God, <sup>2</sup>which He promised beforehand through his prophets in the holy Scripture, <sup>3</sup>concerning His Son, who was born of a descendant of David according to the flesh, <sup>4</sup>who was declared Son of God with power by the resurrection from the dead, according to the spirit of holiness, Jesus Christ our Lord, <sup>5</sup>through whom we have received grace and apostleship to bring about the obedience of faith among all the Gentiles for His name’s sake, <sup>6</sup>among whom you also are called of Christ;**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 1:1-6.*

**1:1 “Paul” (“Paulus”):** Die meeste Jode van Paulus se tyd het twee voorname gehad – ’n Joodse én ’n Romeinse naam (vgl. Han. 13:9). Paulus se Joodse naam was Saulus. Nes die vroeëre koning van Israel, was hy uit die stam van Benjamin (vgl. Rom. 11:1; Fil. 3:5). Sy Romeinse naam beteken in sy Griekse vorm “klein” (Paulos). Dit kan moontlik verwys na:

1. sy fisieke gestalte, waarna in ’n nie-kanonieke boek van die tweede eeu, *The Acts of Paul* (in die hoofstuk “Paul and Thekla”), verwys word;
2. sy persoonlike gevoel van minderwaardigheid tussen ander gelowiges, omdat hy die kerk aanvanklik vervolg het (vgl. 1 Kor. 15:9; Ef. 3:81; 1 Tim. 1:15); of
3. gewoon die naam deur sy ouers by geboorte aan hom gegee (die waarskynlikste opsie).

▣ NASB	“a bond-servant”
NAV	“’n dienaar”
OAV	“’n dienskneg”

NKJV, NRSV, TEV en JB vertalings lui “servant”. Die bedoeling was enersyds (1) in onderskeiding van Jesus as die Heer; of (2) ’n eretitel (vgl. Moses in Num. 12:7 en Jos. 1:1; Josua in Jos. 24:29; en Dawid in Psalm-titels, asook Jes. 42:1, 19; 52:13).

▣ NASB	“called as an apostle”
NAV	“geroep om apostel te wees”
OAV	“geroepe ‘n apostel”

Dit was God se besluit, nie syne nie. Paulus handhaaf sy geestelike bevoegdheid en gesag, soos ook in 1 Kor. 1:1; 2 Kor. 1:1; Gal 1:1; Ef. 1:1, Kol. 1:1; 1 Tim. 1:1; en Tit. 1:1, teenoor hierdie kerk wat hy nooit ontmoet het nie. Sien ook die opmerking *Vir Speciale Aandag: Geroep* by 1:6.

In Palestyns-Joodse kringe het die term “apostel” gedurende die eerste eeu beteken dat “iemand amptelik afgevaardig en gestuur is” (vgl. 2 Kron. 17:7-9). In die NT is hierdie term in tweërlei verband gebruik: (1) van die twaalf *dissipels*, Paulus ingesluit; en (2) van ’n geestelike *gawe* wat in die kerk voortgesit word (vgl. 1 Kor. 12:28-29; Ef. 4:11).

### **VIR SPESIALE AANDAG: STUUR (*APOSTELLŌ*)**

Dit is die algemene Griekse woord vir “stuur” (*apostellō*). Hierdie term het verskeie teologiese gebruike:

- A. Die rabbyne het dit gebruik vir iemand wat aangestel en gestuur is as verteenwoordiger van ‘n ander – omtrent wat ons verstaan as ‘n “ambassadeur”.
- B. Dikwels verwys die term na Jesus gestuur deur die Vader. In Johannes kry die term ‘n Messiaanse konnotasie (vgl. Mat. 10:40; 15:24; Mark. 9:37; Luk. 9:48 en veral Joh. 4:34; 5:24, 30, 36, 37, 38; 6:29, 38, 39, 40, 57; 7:29; 8:42; 10:36; 11:42; 17:3, 8, 18, 21, 23, 25; 20:21). Dit word ook gebruik in verband met die uitstuur van gelowiges deur Jesus (vgl. Joh. 17:18; 20:21).
- C. Die NT gebruik dit vir dissipels:
  1. Die oorspronklike binnekring van twaalf dissipels (Luk. 6:13; Han. 1:21-22).
  2. ’n Spesiale groep van helpers en medewerkers:
    - a. Barnabas (vgl. Han. 14:4, 14)
    - b. Andronikus en Junias (KJV, Junia, vgl. Rom. 16:7)
    - c. Apollos (vgl. 1 Kor. 4:6-9)
    - d. Jakobus, broer van die Here (Gal. 1:19)
    - e. Silvanus en Timoteus (1 Tes. 2:6)
    - f. moontlik ook Titus (vgl. 2 Kor. 8:23)
    - g. moontlik ook Epafroditus (vgl. Fil. 2:25)
  3. ’n Voortgaande gawe in die kerk (vgl. 1 Kor. 12:28-29; Ef. 4:11).
- D. Paulus gebruik hierdie titel vir homself in die meeste van sy briewe ter bevestiging van sy Godgegewe gesag as verteenwoordiger van Christus (vgl. Rom. 1:1; 2 Tim. 1:1; 1 Kor. 1:1; 2 Kor. 1:1; Gal. 1:1; Ef. 1:1; Kol. 1:1; 1 Tim. 1:1; Tit. 1:1).

■ **“set apart” (“afgesonder”):** Dit is ’n PERFECTUM PASSIEWE DEELWOORD wat daarop dui dat hy in die verlede deur God afgesonder was (vgl. Jer. 1:5 en Gal. 1:15), en dat dit as ’n voortgesette hoedanigheid gesien moet word. Dit is moontlik ’n woordspeling op die Aramese woord vir “Fariseër”. Hulle is afgesonder vir Joodse wetsgehoorsaamheid (wettiesheid); nes Paulus (Fil. 3:5) voor sy Damaskuspad-ontmoeting met Jesus. Nou is hy egter afgesonder vir die evangelie.

“Afgesonder” hou verband met die Hebreeuse woord vir “heilig” wat “opsy gesit vir God se gebruik” beteken (vgl. Eks. 19:6; 1 Pet. 2:5). Die terme “heilige” (“saint”), “heilig” (“sanctify”) en “afgesonder” (“set apart”) bou almal op dieselfde Griekse wortel: “heilig” (*hagios*).

■ **“for the gospel of God” (“vir die evangelie van God”):** Die voorsetsel *eis* in hierdie konteks (en in vers 5) dui aan waarvoor Paulus “geroep” (vers 1b) en “afgesonder” (vers 1c) is.

Evangelie (“gospel”) is ’n saamgestelde woord van “goeie” (*eu*) en “boodskap” (*angellos*). Dit is die term wat die leerstellings soos in die Nuwe Verbond geopenbaar, beskryf, en handel oor Jesus as die beloofde Messias (vgl. verse 3-4). Dit is God se evangelie, nie Paulus s’n nie (vgl. 15:16; Mark. 1:14; 2 Kor. 11:7; 1 Tes. 2:2, 8, 9; 1 Pet. 4:17). Paulus was nie ’n nuutskepper nie, nóg was hy vir ’n kulturaanpassing verantwoordelik. Hy was ’n aankondiger van ’n boodskap wat hy ontvang het (vgl. 1 Kor. 1:18-25).

**1:2 “He promised beforehand through His prophets in the holy Scriptures” (“het Hy vooruit deur sy profete in die Heilige Skrif aangekondig”):** Die werkwoordvorm is ’n AORISTUS MEDIUM (aktiewe vorm) INDIKATIEF. Die evangelie was nie maar ’n nagedagte (of ’n ontvlugting uit dilemma) wat God betref nie, maar sy ewige en doelbewuste plan (Gen. 3:15; Jes. 53; Ps. 118; Mark. 10:45; Luk. 2:22; Han. 2:23; 3:11; 4:28; Tit. 1:2). Jesus bied die vroeë preke volgens Handeling (die *kerygma*) aan as vervulling van OT-beloftes en -profesieë.

### **VIR SPESIALE AANDAG: DIE KERYGMA VAN DIE VROEË KERK**

1. Die beloftes deur God in die Ou Testament gemaak, is vervul deur die koms van Jesus, die Messias (Han. 2:30; 3:19, 24; 10:43; 26:6-7, 22; Rom. 1:2-4; 1 Tim. 3:16; Heb. 1:1-2; 1 Pet. 1:10-12; 2 Pet. 1:18-19).
2. Jesus is tydens sy doop deur God as Messias gesalf (Han. 10:38).
3. Jesus het ná sy doop met sy bediening begin in Galilea (Han. 10:37).
4. Kenmerkend van sy bediening was die uitvoering van weldade en wonderwerke, wat moontlik gemaak is deur die almag van God (Mark. 10:45; Han. 2:22; 10:38).
5. Die Messias is gekruisig in ooreenstemming met die voorneme van God (Mark. 10:45; Joh. 3:16; Han. 2:23; 3:13-15, 18; 4:11; 10:39; 26:23; Rom. 8:34; 1 Kor. 1:17-18; 15:3; Gal. 1:4; Heb. 1:3; Gal. 1:4; Heb. 1:3; 1 Pet. 1:2, 19; 3:18; 1 Joh. 4:10).
6. Hy is opgewek uit die dood en het aan sy dissipels verskyn (Han. 2:24, 31-32; 3:15, 26; 10:40-41; 17:31; 26:23; Rom. 8:34; 10:9; 1 Kor. 15:4-7, 12vv; 1 Tes. 1:10; 1 Tim. 3:16; 1 Pet. 1:2; 3:18, 21).
7. Jesus is deur God verhewe en vereer met die naam “Here” (Han. 2:25-29; 33-36; 3:13; 10:36; Rom. 8:34; 10:9; 1 Tim. 3:16; Heb. 1:3; 1 Pet. 3:22).
8. Hy het die Heilige Gees gestuur om vir God ’n nuwe geloofsgemeenskap te vorm (Han. 1:8, 2:14-18, 38-39; 10:44-47; 1 Pet. 1:12).
9. Hy sal weer kom om te oordeel en vir die vernuwing van alle dinge (Han. 3:20-21; 10:42; 17:31; 1 Kor. 15:20-28; 1 Tes. 1:10).
10. Almal wat die boodskap hoor moet berou hê en gedoop word (Han. 2:21, 38; 3:19; 10:43, 47-48; 17:30; 26:20; Rom. 1:17; 10:9; 1 Pet. 3:21).

Hierdie skema verteenwoordig die kernwaarhede soos verkondig in die vroeë kerk, hoewel die verskillende skrywers van die NT hul eie diskresie gebruik het in die beklemtoning of weglating van gegewe gedeeltes of besonderhede in hulle prediking. Markus volg byvoorbeeld noukeurig Petrus se *kerygma*. Die tradisionele opvatting is dat Markus die preke wat Petrus in Rome gedoen het, in die geskrewe vorm van sy evangelie saamgevat het. Matteus en Lukas volg beide Markus se basiese struktuur.

**1:3 NASB  
NAV  
OAV**

**“concerning His Son”  
“en dit handel oor sy Seun”  
“aangaande sy Seun”**

Die sentrale boodskap van die goeie nuus is ’n persoon: Jesus van Nasaret, gebore uit die maagd Maria. In die OT word die nasie, die koning én die Messias “seun” genoem (vgl. 2 Sam. 7:14; Hos. 11:1; Ps. 2:7; Mat. 2:15).

God het in die OT deur dienaars en profete gespreek. Jesus was nie ’n dienaar van God nie, maar ’n familielid (vgl. Heb. 1:1-2; 3:6; 5:8; 7:28). Dit is verrassend dat Paulus slegs in hierdie een frase aan Christologie aandag gee. *Romeine* is dus nie ’n sistematiese teologie in die volle sin van die woord nie.

## VIR SPESIALE AANDAG: DIE SEUN VAN GOD

Dit is een van die belangrikste titels van Jesus in die NT. Dit het sonder twyfel 'n goddelike betekenisaspek. Hierdie benaming sluit in Jesus as “die Seun” of “my Seun”, terwyl God as “vader” aangespreek word. In die NT kom dit meer as 124 keer voor. Selfs as Jesus homself na aanleiding van Dan. 7:13-14 “die Seun van die Mens” noem, is daar 'n goddelike konnotasie.

In die OT kan die benoeming “seun” verwys na vier spesifieke groepe:

1. engele (gewoonlik in die MEERVOUD, vgl. Gen. 6:2; Job 1:6; 2:1);
2. die koning van Israel (vgl. 2 Sam. 7:14; Ps. 2:7; 89:26-27);
3. die volk van Israel as 'n geheel (vgl. Eks. 4:22-23; Deut. 14:1; Hos. 11:1; Mal. 2:10)
4. Israelitiese maghebbers (vgl. Ps. 82:6 – NAV).

Jesus word verbind met die tweede bogenoemde gebruik. Op dié manier hou “seun van Dawid” en “seun van God” verband met 2 Sam. 7, sowel as Ps. 2 en 89. In die OT word “seun van God” nooit spesifiek gebruik om na die Messias te verwys nie, maar wel na die koningskap as een van die “gesalfde ampte” van Israel met die oog op die eindtyd (eskatologie). Hierdie titel word egter dikwels in die Dooie See Boekrolle gebruik met Messiaanse implikasies (vgl. spesifieke verwysings in *Dictionary of Jesus and the Gospels*, bl. 770). “Seun van God” word ook as Messiaanse titel gebruik in twee Joods-apokaliptiese werke van die oorgangstyd tussen die OT en die NT (vgl. 2 Esdras 7:28; 13:32, 37, 52; en 1 Henog 105:2).

Die NT-agtergrond van hierdie benaming om te verwys na Jesus, word doeltreffend opgesom in 'n aantal kategorieë:

1. Jesus se pre-eksistensie (vgl. Joh. 1:1-18)
2. Sy unieke (maagdelike) geboorte (Mat. 1:23; Luk. 1:31-35)
3. Sy doop (Mat. 2:17; Mark. 1:11; Luk. 3:22. God se stem uit die hemel skakel die koninklike gesag van Ps. 2 met die lydende dienskneg van Jes. 53.)
4. Sy duiwelse versoeking (vgl. Mat. 4:1-11; Mark. 1:12, 13; Luk. 4:1-13. Hy is versoek om Sy seunskap te betwyfel, of ten minste sy doel op 'n ander manier te bereik as deur die kruisdood.)
5. Verklarings bevestigend van Hom deur onaanvaarbare getuies, soos:
  - a. demone (vgl. Mark. 1:23-25; Luk. 4:31-37; Mark. 3:11-12) en
  - b. ongelowiges (vgl. Mat. 27:43; Mark. 14:61; Joh. 19:7).
6. Erkenning deur sy dissipels (Mat. 14:33; 16:16; Joh. 1:34, 49; 6:69; 11:27)
7. Sy selfbevestiging (Mat. 11:25-27; Joh. 10:36)
8. Sy gebruik van die gesinsmetafoor in sy verwysing na God as “Vader” deur
  - a. God aan te spreek as “abba” (Mark. 14:36; Rom. 8:15; Gal. 4:6);
  - b. Sy herhaaldelike gebruik van Vader (*patēr*) om sy goddelike verwantskap te beskryf.

Om op te som, die titel “Seun van God” het groot teologiese betekenis gehad vir almal wat met die OT en sy beloftes en kategorieë bekend was. Die NT-skrywers was egter versigtiger om dit te gebruik as gevolg van hulle heidense agtergrond. Daarvolgens was die kinders wat deur “die gode” by vrouens verwek is, bekend as “die titane” of dan “reuse”.

■ **“who was born a descendant of David” (“As mens is Hy uit die geslag van Dawid gebore”):** Dit hou verband met die profesie van 2 Sam. 7 – die Messias was vanuit die koninklike bloedlyn van Dawid afkomstig (vgl. Jes. 9:7; 11:1, 10; Jer. 23:5; 30:9; 33:15) uit die stam van Juda (vgl. Gen. 49:4-12; Jes. 65:9). In die evangelie volgens Mattheus is Jesus verskeie

kere met hierdie titel aangespreek (vgl. Mat. 9:27; 12:23; 15:22; 20:30), wat die Joodse hoop op 'n komende verlosser weerspieël het.

Dit is verrassend dat Paulus nie meer klem plaas op hierdie aspek van Jesus nie. Dit word slegs in hierdie frase en in 2 Tim. 2:8 aangetref; beide gevalle kon aanhalings gewees het uit die belydenisformulier van 'n vroeë kerk.

■ NASB, NKJV, NRSV	“according to the flesh”
TEV	“as to his humanity”
JB	“according to human nature”
NAV	“as mens”
OAV	“na die vlees”

Dit was vervulling van die profesieë en bevestiging dat Hy waarlik mens was, hoewel die eklektiese godsdiensbenadering die ware mensheid dikwels nie wou aanvaar nie (1 Joh. 1:1-4; 4:1-3). Hierdie vers dui daarop dat Paulus die woord “vlees” (*sarx*) nie altyd in 'n negatiewe sin aanwend nie (vgl. 2:28; 9:3). Tog het Paulus meestal “vlees” in kontras teenoor “gees” geplaas (vgl. 6:19; 7:5, 18, 25; 8:3-9, 12, 13; 1 Kor. 5:5; 2 Kor. 1:17; 11:18; Gal. 3:3; 5:13, 16, 17-19, 24; 6:8; Ef. 2:3; Kol. 2:11, 13, 18, 23).

In vers 4 word 'n parallel vir die grammatiese konstruksie *kata* (volgens), gevolg deur 'n AKKUSATIEF, aangetref. Jesus is waarlik mens (volgens die vlees, vers 3) én waarlik God (volgens die Gees, vers 4). Hierdie leerstelling van die Inkarnasie is van kardinale belang (vgl. 1 Joh. 4:1-3). Dit mag dan ook die rede wees waarom Jesus na Homself verwys as die “Seun van die Mens” (vgl. Ps. 8:4; Eseg. 2:1 – mens; en Dan. 7:13 – goddelik).

#### **VIR SPESIALE AANDAG: VLEES (SARX)**

Dit verwys na menslike wysheid en wêreldse standaarde (vgl. 1 Kor. 1:20; 2:6-8; 3-18). Paulus gebruik “vlees” (d.w.s. *sarx*) op verskillende maniere in sy geskrifte om te verwys na:

1. die menslike liggaam (vgl. Rom. 2:28; 1 Kor. 5:5; 7:28);
2. menslike herkoms (bv. vader-seun, vgl. Rom. 1:3; 4:1; 1 Kor. 10:18);
3. die mensdom as 'n geheel (vgl. 1 Kor. 1:26, 29); of
4. menslike swakhede as 'n gevolg van die sondeval in Gen. 3 (vgl. Rom. 6:19; 7:18).

1:4 NASB	“declared”
NAV	“aangewys”
OAV	“verklaar”
CUM-NLV	“bevestig”

Dit is 'n AORISTUS PASSIEWE DEELWOORD. God het definitief Jesus Christus as die “Seun van God” aangewys. Daarmee word nie beweer dat Betlehem die begin van Jesus was nie, of dat Jesus ondergeskik aan die Vader gereken moet word nie. Sien *Vir Spesiale aandag: Die Drie-Eenheid* by 8:11.

■ **“to be the Son of God” (“as die Seun van God”):** Die skrywers van die NT het nie dikwels na Jesus as die Seun van God verwys nie vanweë die potensiele vals gevolgtrekkings vanuit die Griekse mitologie (dieselfde is waar van die maagdelike geboorte). Dié gedagte is dan gewoonlik gekwalifiseer met “uniek, eniggebore” (*monogenes*) (vgl. Joh. 1:18; 3:16, 18; 1 Joh. 4:9). Die bedoeling is dus dat Jesus die “enig-ware Seun van God” is.

Ten opsigte van God die Vader en Jesus die Seun handhaaf die NT twee teologiese pole: hulle is (1) gelyk (vgl. Joh. 1:1; 5:18; 10:30; 14:9; 20:28; 2 Kor. 4:4; Fil. 2:6; Kol. 1:15; Heb. 1:3) en (2) onderskeie persoonlikhede (vgl. Mark. 10:18; 14:26; 15:34).

■ **“by the resurrection” (“op grond van die opstanding”):** God die Vader bevestig Jesus se boodskap deur Hom uit die dood op te wek (vgl. 4:24; 6:4, 9; 8:11). Die Godheid (sien Joh. 1:1-14; Kol. 1:15-19; Fil. 2:6-11) en die opstanding van Jesus (4:25; 1 Kor. 15) is die twee vaste grondbeginsels van die Christendom.

■ Hierdie vers (Rom 1:4) is dikwels deur kettters gebruik om hulle leerstelling van “adopsionisme” te bevorder. Hulle opvatting was dat Jesus deur God vergoed en verhoog was op grond van sy voorbeeldige lewe van gehoorsaamheid. Die dwaalleraars het dit so gesien dat Jesus nie altyd wesenlik (ontologies) God was nie, maar eers dié status ontvang het toe God Hom uit die dood opgewek het. Hoewel hierdie opvatting duidelik onwaar is, soos baie tekste o.a. Joh. 1 en 17 laat blyk, was daar tog iets wonderbaarlik aan Jesus toebedeel by sy opstanding. Dit is moeilik om te verduidelik hoe godheid beloon kan word, maar dit is presies wat gebeur het. Al het Jesus ewige heerlikheid met die Vader gedeel, het daar by die voltooiing van sy toegekende verlossingswerk tog op ’n besondere manier verryking van sy status plaasgevind. Die opstanding was die Vader se bekragtiging van Jesus van Nasaret se lewe; dat dit allesins voorbeeldig was; van sy onderrig en van sy plaasvervangende offerdood – ewig God, waarlik mens, volmaakte Verlosser, in ere herstel en beloon, die unieke Seun! sien *Bylaag Drie – Adopsionisme*.

■ NASB, NKJV	<b>“according to the Spirit of holiness”</b>
NRSV	<b>“according to the spirit of holiness”</b>
TEV	<b>“as to his divine holiness”</b>
JB	<b>“in order of the spirit, the spirit of holiness”</b>
NAV	<b>“deur die Heilige Gees aangewys as”</b>
OAV	<b>“en na die Gees van heiligheid met krag verklaar is”</b>

Sommige vertalings maak die “S” ’n hoofletter wat dui op die Heilige Gees, terwyl die kleinletter “s” dan sou dui op die gees van Jesus. As God die Vader Gees is, is Jesus tog ook. Die antieke Joodse en Griekse tekste het nie hoofletters gehad nie; ook nie leestekens nie, en ook nie hoofstuk- of vers-indelings nie. Hierdie dinge is dus alles toevoegings vanweë tradisie of die interpretasie van vertalers.

Daar is drie moontlike maniere om na verse 3 en 4 te kyk:

1. as aanduiding van Jesus se twee nature – menslik sowel as goddelik;
2. as verwysing na twee stadiums van sy aardse lewe – mens én opgestane Here;
3. as ooreenstemmig met “Jesus Christus onse Here”.

■ **“Jesus”:** Die Aramese naam *Jesus* is dieselfde as die Hebreeuse naam *Josua*. Dit was ’n samevoeging van twee Hebreeuse woorde, “YHWH” en “redding”. Dit kan dus beteken “YHWH red”, “YHWH verlos” of “YHWH is redding”. Die kragtige werking van hierdie betekenis kan in Mat. 1:21 en vers 25 gesien word.

■ **“Christ” (“Christus”):** Dit was die Griekse vertaling van die Hebreeuse woord *messias* wat “gesalfde” beteken. Verskeie groepe van leiers in die OT (profete, priesters en konings) is deur salwing aangewys, as God se teken van roeping en bemagtiging.

Die OT het aangekondig dat God ’n spesiale “gesalfde” sou stuur om die Nuwe Era van geregtigheid in te lei. Jesus was sy spesiale “dienskneg”, “seun” en “Messias” (vgl. Heb. 1:2-3).



■ **“Lord” (“Here”):** In Judaïsme is die verbondsnaam vir God YHWH (Jahweh met vokale), so heilig geag dat die rabbyne, by die hardop lees van die Skrifte, die benoeming Heer (*Adon*) gebruik het om nie God se Naam te misbruik nie (*ydellik* te gebruik nie – vgl. Eks. 20:7; Deut. 5:11). Dit het hulle bevry van die vrees om een van die Tien Gebooie te verbreek. Wanneer NT skrywers dan in teologiese verband Jesus “Here” (*kurios*) noem, is die bedoeling om sy godheid te bevestig (vgl. Han. 2:36; Rom. 10:9-13; Fil. 2:6-11).

## VIR SPESIALE AANDAG: NAME VIR DIE GODHEID

### A. *El*

1. Dit is onseker wat die oorspronklike betekenis van dié generiese, antieke godsnaam was. Baie geleerdes is egter van mening dat dit van ‘n Akadiese stamwoord wat “om sterk te wees” of “om magtig te wees” afgelei is (vgl. Gen. 17:1; Num. 23:19; Deut. 27:21; Ps. 50:1).
2. In die Kanaänitiese godedom is *El* die hoofgod (Ras Shamra Tekste).
3. In die Bybel kom *El* nie normaalweg as deel van ‘n samestelling met ander terme voor nie. Hierdie kombinasies het ‘n manier geword om God se aard te beskryf:
  - a. *El-Elyon* – God die Allerhoogste, Gen. 14:18-22; Deut. 32:8; Isa. 14:14
  - b. *El-Roi* – God wat my sien, Gen. 16:13
  - c. *El-Shaddai* – God die Almagtige, Gen. 17:1; 35:11; 43:14; 49:25; Eks. 6:3
  - d. *El-Olam* – die Ewige God, Gen. 21:33. Die teologie van God se belofte aan Dawid skakel met hierdie naam (2 Sam. 7:13, 16).
  - e. *El-Berit* – El-Berit (“God of the Covenant”), Rig. 9:46
4. *El* word vereenselwig met
  - a. *YHWH* in Ps. 85:8; Jes. 42:5
  - b. *Elohim* in Gen. 46:3; Job 5:8. Ek is *El*, die *Elohim* van jou vader...
  - c. *Shaddai* in Gen. 49:25
  - d. “wat onverdeelde trou eis” in Eks.34:14; Deut. 4:24; 5:9; 6:15
  - e. “genade” in Deut. 4:31; Neh. 9:31; “betroubaar” (“faithful”) in Deut. 7:9; 32:4
  - f. “groot en magtig” in Deut. 7:21; 10:17; Neh. 1:5; 9:32; Dan. 9:4
  - g. “kennis” in 1 Sam. 2:3
  - h. “omgord met krag” in 2 Sam. 22:33
  - i. “wat my die oorwinning gee” (“my avenger”) in 2 Sam. 22:48
  - j. “die Heilige” (“holy one”) in Jes. 5:16
  - k. “maggig” (“might”) in Jes. 10:21
  - l. “my redder” (“my salvation”) in Jes. 12:2
  - m. “groot en magtig” (“great and powerful”) in Jer. 32:18
  - n. “wat vergeld” (“retribution”) in Jer. 51:56
5. In Jos. 22:22 word ‘n kombinasie van al die belangrikste OT-godsname aangetref en herhaal (*El, Elohim, YHWH*)

### B. *Elyon*

1. Die basiese betekenis is “hoog”, “verhewe” of “opgehef” (Gen. 40:17; 1 Kon. 9:8; 2 Kon. 18:17; Neh. 3:25; Jer. 20:2; 36:10; Ps. 18:3).
2. Dit word parallel gebruik met talle ander godsname:
  - a. *Elohim* – Ps. 47:1-2; 73:11; 107:11

- b. *YHWH* – Gen. 14:22; 2 Sam. 22:14
  - c. *El-Shaddai* – Ps. 91:1, 9
  - d. *El-Num* – 24:16
  - e. *Elah* – dikwels aangewend in Dan. 2-6 en Esra 4-7, gekoppel aan *illair* (Aramees vir “Hoë God”) in Dan. 3:26; 4:2; 5:18, 21
3. Dit is dikwels gebruik deur nie-Israeliete:
- a. Melgisedek (Gen. 14:18-22)
  - b. Bileam (Num. 24:16)
  - c. Moses in gesprek oor die nasies (Deut. 23:8)
  - d. Lukas se evangelie in die NT wat gerig is op heidene en ook die Griekse eweknie, *Hupsistos*, gebruik (vgl. 1:32, 35, 76; 6:35; 8:28; Han. 7:48; 16:17)

**C. *Elohim* (meervoud), *Eloah* (enkelvoud), meestal aangetref in poësie**

1. Hierdie naam word nie buite die OT aangetref nie.
2. Dit kan dui op die God van Israel of die gode van die nasies (vgl. Eks. 12:12; 20:3). Abraham se familie was aanhangers van veelgodery (vgl. Jos. 24:2)
3. Dit kan ook dui op Israelitiese hooggeplaastes (vgl. Eks. 21:6; Ps. 82:6)
4. Die term *Elohim* is ook gebruik om geestelike wesens soos engele en demone aan te dui (bv. in Deut. 32:8 (LXX); Ps. 8:5; Job 1:6; 38:7). Dit kan ook menslike hooggeplaastes oor die algemeen aandui (Eks. 21:6; Ps. 82:6).
5. In die Bybel is dit die eerste naam vir godheid (vgl. Gen. 1:1). Dit is die enigste godsnaam in gebruik tot Gen. 2:4, waar dit gekombineer word met *YHWH*. Teologies hou dit verband met die basiese gedagte dat God die skepper en onderhouer van lewe op hierdie planeet is (vgl. Ps. 104).

Dit is sinoniem met *El* (vgl. Deut. 32:15-19). Dit kan ook parallel met *YHWH* aangewend word, soos blyk uit die ooreenstemmende Psalms 14 (*Elohim*) en 53 (*YHWH*), waartussen die godsname die enigste verskil is.

6. Dit is ‘n meervoudsvorm en word as sulks ook vir ander gode gebruik. Dit meervoudsvorm verwys egter dikwels na die God van Israel, gevolg deur ‘n werkwoord in enkelvoud as aanduiding van monoteïsme.
7. Nie-Israeliete gebruik dit ook as naam vir godheid:
  - a. Melgisedek (Gen. 14:18-22)
  - b. Bileam (Num. 24:2)
  - c. Moses wanneer hy oor die nasies praat (Deut. 32:8)
8. Dit is vreemd dat die algemene gebruiksnaam vir die God van Israel in meervoudsvorm is (deur die *-him*-verbuiging)! Hoewel daar geen sekerheid is waarom dit die geval is nie, bestaan verskeie teorieë:
  - a. Hebreeus gebruik dikwels die meervoudsvorm om iets te beklemtoon. Dit hou ook nou verband met die grammatiese verskynsel van “meervoud van verhewenheid” (majesteit), wat later ontwikkel het. Op hierdie manier word ‘n konsep beklemtoon of vergroot.
  - b. Dit mag ook van toepassing wees op die vergadering van engele wat voor God in die hemel verskyn om sy bevel uit te voer (1 Kon. 22:19-23; Job 1:6; Ps. 82:1; 89:5-7).

- c. Dit is selfs moontlik dat die meervoud van verheuenheid in die NT se openbaring van één God in drie persone (Drie-Eenheid) weerspieël word. In Gen. 1:1 skeep God; volgens vers 2 “sweef” die Gees; en volgens die NT is Jesus God se bemiddelaar (agent) by die skepping (vgl. Joh. 1:3, 10; Rom. 11:36; 1 Kor. 8:6; Kol. 1:15; Heb. 1:2; 2:10).

#### D. YHWH

1. Die is die naam wat God weerspieël as die verbondmaker – God wat red; wat verlos! Mense verbreek ooreenkomste, maar God hou by sy woord, sy belofte, sy verbond (vgl. Ps. 103).

Hierdie naam kom aanvanklik voor in kombinasie met *Elohim* in Gen. 2:4. Daar is nie twee skeppingsverhale in Gen. 1 en 2 nie, maar wel twee uitgangspunte: (1) God as skepper van die heelal (die fisiese); en (2) God as die spesiale skepper van die mensdom. Met Gen. 2:4 begin die besondere openbaring aangaande die bevoorregte plek en doel van die mensdom, maar daarmee saam die probleem van sonde en rebellie wat met hierdie posisie gepaardgaan.

2. In Gen. 4:26 staan daar geskryf: “In daardie tyd het mense begin om die Naam van die Here (YHWH) aan te roep.” Aan die ander kant impliseer Eks. 3:6 dat die verbondsvolk (die patriarge en hulle families) God net as *El-Shaddai* geken het. Die naam YHWH word net een keer in Eks. 3:13-16 verklaar, veral in vers 14. Daar moet in ag geneem word dat name in die geskifte van Moses nie etimologies geïnterpreteer moet word nie, aangesien woordspel gebruiklik was (vgl. Gen. 17:5; 27:36; 29:13-35). Verskeie teorieë omtrent die betekenis van dié naam het reeds die lig gesien (geneem uit IDB, vol. 2, bl. 409-11):

- a. van ‘n Arabiese woordstam “om vurige liefde te betoon”
- b. van ‘n Arabiese woordstam “om te blaas” (YHWH as God van storms)
- c. van ‘n Ugaritiese (Kanaänitiese) woordstam “om te praat”
- d. na aanleiding van ‘n Fenisiese inskripsie (tablet), KOUSATIEWE DEELWOORD (PARTISIPIUM) wat “die Een wat onderhou” of “die Een wat oprig” beteken
- e. van die Hebreeuse *Qal*-vorm “die Een wat is” of “die Een wat teenwoordig is” (m.b.t. die toekoms “die Een wat sal wees”)
- f. van die *Hifil*-vorm “die Een wat laat wees/gebeur”
- g. van die Hebreeuse stamwoord “om te leef” (voorbeeld uit Gen. 3:20) waaruit “die ewiglewende, die enig-lewende Een” (YHWH) afgelei kan word
- h. van die verband in Eks. 3:13-16 wat ‘n woordspel op die IMPERFEKTUM (onvoltooide tyd) is: “Ek sal aanhou wees wat Ek vantevore was (used to be)” of “Ek sal wees wat Ek altyd (always) was” (vgl. J. Wash Watts, *A Survey of Syntax in the Old Testament*, bl. 67)

Die volle naam YHWH kom dikwels in afgekorte vorm, of dalk in sy oorspronklike vorm, voor in

- (1) *Yah* (bv. *Hallelu-ja*)
- (2) *Yahu* (bv. *Jesa-ja*)
- (3) *Yo* (bv. *Joël*)

3. In latere Judaïsme is hierdie verbondsnaam, die *tetragrammaton* (met vier letters), so heilig geag, dat die Jode bevrees was om dit uit te spreek ingeval hulle die gebod van

Eks. 20:7 daardeur sou oortree (vgl. Deut. 5:11; 6:13). Hulle vervang dit toe met die Hebreeuse term vir “eienaar”, “meester”, “eggenoot”, “heer” (“Lord”) – *Adon* of *Adonai* (“Heer” of “my Heer”).\*

4. Soos met *El* is YHWH dikwels met ander terme gekombineer om die wesenswaard, of karakter, van die Verbondsgod van Israel te beskryf. Wat hier volg is enkele voorbeelde, maar daar is nog heelwat ander moontlikhede:
  - a. *YHWH-Yireh* – YHWH sal voorsien (Gen. 22:14)
  - b. *YHWH-Ropheka* – YHWH wat gesond hou (Eks. 15:26)
  - c. *YHWH-Nissi* – YHWH is my banier/oorwinning (Eks. 17:15)
  - d. *YHWH-Megaddishkem* – YHWH wat heilig maak/afsonder (Eks. 31:13)
  - e. *YHWH-Shalom* – YHWH is vrede/rus (Rig. 6:24)
  - f. *YHWH-Sabbaoth* – YHWH die Almagtige (NAV), van die leërskaer (OAV) (1 Sam. 1:3, 11; 4:4; 15:2; kom dikwels voor in die Profete)
  - g. *YHWH-Ro’i* – YHWH is my herder (Ps. 23:1)
  - h. *YHWH-Sidqenu* – YHWH ons geregtigheid (Jer. 23:6)
  - i. *YHWH-Shammah* – YHWH is dáár (48:35)

**1:5 “we” (“ek”<sup>\*\*</sup>):** Paulus noem gewoonlik die name van ander helpers in sy bekendstellingsparagrafe, of briefaanhef, maar nie hierdie keer nie. Die “ons” in sy inleidende opmerking impliseer sterk dat Paulus redeneer vanuit sy ervaring op die Damaskuspad – die ontmoeting wat tot sy bekering gelei het.

- |  |   |
|--|---|
| <ul style="list-style-type: none"> <li>■ NASB</li> <li>NAV</li> <li>OAV</li> </ul> | <p><b>“we have received grace and apostleship”</b><br/> <b>“het ek die genade ontvang om apostel te wees”</b><br/> <b>“deur wie ons die genade van die apostelskap ontvang het”</b></p> |
|--|---|

Paulus verklaar nie net die genadegawe van sy verlossing deur Christus nie, maar ook die gepaardgaande roeping om apostel vir die heidene te wees. Dit alles het tot hom deurgedring op daardie selfde oomblik langs die pad van Damaskus (vgl. Han. 9). Dit was nie uit verdienste nie, maar *beplande* genade!

- |   |  |
|---|--|
| <ul style="list-style-type: none"> <li>■ NASB</li> <li>NAV</li> <li>OAV</li> <li>CUM-NLV</li> </ul> | <p><b>“to bring about”</b><br/> <b>“so tot”</b><br/> <b>“om”</b><br/> <b>“sodat”</b></p> |
|---|--|

Vir ’n tweede keer word *eis* in ’n doel-konteks aangewend (vgl. vers 1). Die evangelie herstel deur die geloof in Christus God se beeld in die mensdom – ’n volk wat weer sy karakter vertoon, soos oorspronklik die bedoeling was (vgl. vers 7).

- |   |   |
|---|---|
| <ul style="list-style-type: none"> <li>■ NASB, JB</li> <li>NKJV</li> <li>NRSV</li> <li>TEV</li> <li>NAV</li> <li>OAV</li> </ul> | <p><b>“the obedience of faith”</b><br/> <b>“the obedience to the faith”</b><br/> <b>“to bring about the obedience of faith”</b><br/> <b>“to believe and obey”</b><br/> <b>“tot geloof en so tot gehoorsaamheid te bring”</b><br/> <b>“om geloofsgehoorsaamheid te verkry”</b></p> |
|---|---|

\* Die Afrikaanse “Here” vertoon die genoemde *pluralis majestatis* – vert.

\*\* Die vertalers van NAV het in die lig van “apostel te wees” vertaal “ek”; CUM-NLV met “my” – vert.

**CUM-NLV**  
**CUM-MVB**

**“hulle kan glo en God kan gehoorsaam”**  
**“tot [...] gehoorsaamheid wat op geloof volg, te bring”**

Hiermee dan die eerste verwysing na die kruks van die saak: “geloof”. Dit word op drie onderskeie maniere in die boek hanteer:

1. Vers 5 – Geloof word aangebied as gevestigde waarhede of leerstellings omtrent Jesus en die Christelike lewe (vgl. Han. 6:7; 13:8; 14:22; 16:5; Rom. 14:1; 16:26; Gal. 1:23; 6:10; Jud. 3, 20).
2. Vers 8 – Hier moet geloof verstaan word as persoonlike vertroue in Jesus. Die Engelse terme “believe”, “faith” en “trust” is almal vertalings van die enkele Griekse woord *pistis/pisteuo*. Die evangelie is teoreties (begripmatig of leerstellig) sowel as persoonlik (vgl. v. 16, Joh. 1:12, 3:16).
3. Vers 17 – Hier word dit in die OT-betekenis van vertrouenswaardigheid, lojaliteit en betroubaarheid gebruik. Dit is die betekenis van Hab. 2:4. In die OT is daar nie ’n leerstelling met betrekking tot geloof geformuleer nie, maar die een voorbeeld na die ander van lewe in die geloof kom wel daarin voor (vgl. Abraham in Gen. 15:6). Die voorbeelde is nie van volmaakte geloof nie, maar van geloofsworsteling (vgl. Heb. 11). Die hoop van die mensdom is nie in die uitvoering van korrekte geloof te vinde nie, maar in die wesensaard (karakter) van God. Net God is getrou!

Daar is ’n reeks handeling wat as die verlossingsgebeurlikheid beskou kan word:

- a. berou (vgl. 2:4; Mark. 1:15; Luk. 13:3, 5; Han. 3:16, 19; 20:21);
- b. glo/geloof (vgl. 1:16; Joh. 1:12; 3:16; Han. 16:31; die doop is die openbare verklaring van iemand se geloof);
- c. gehoorsaamheid (vgl. 2:13; 2 Kor. 9:13; 10:5; 1 Pet. 1:2, 22); en
- d. volharding (vgl. 2:7; Luk. 18:1; 2 Kor. 4:1, 16; Gal. 6:9; 2 Tes. 3:13).

Bogenoemde is die voorwaardes van die nuwe verbond. Ons moet God se aanbod in Christus aanneem, en bly aanneem (vgl. v. 16; Joh. 1:12).

■ NASB	<b>“for His name’s sake”</b>
NKJV	<b>“for His name”</b>
NRSV	<b>“for the sake of his name”</b>
TEV	<b>“for the sake of Christ”</b>
JB	<b>“for the honor of his name”</b>
NAV	<b>“tot die eer van sy Naam”</b>
OAV	<b>“ter wille van sy Naam”</b>
CUM-NLV	<b>“Hy op hierdie manier verheerlik kan word”</b>

Sien aantekeninge by 1:9.

■ NASB, NRSV	<b>“among all the Gentiles”</b>
NKJV	<b>“among all nations”</b>
TEV	<b>“people of all nations”</b>
JB	<b>“to all pagan nations”</b>
NAV	<b>“onder al die heidennasies”</b>
OAV	<b>“onder al die heidene”</b>

Dit is die universele evangelie. God se belofte van verlossing in Gen. 3:15 het die hele mensheid ingesluit. Jesus se plaasvervangende sterfte het al die gevalle kinders van Adam ingesluit (vgl. Joh. 3:16; 4:4; Ef. 2:11-3:13; 1 Tim. 2:4; 4:10; Tit. 2:11; 2 Pet. 3:9). Paulus sien

dit as sy spesiale roeping om God se evangelie aan heidene te verkondig (vgl. Han. 9:15; 22:21; 26:17; Rom. 11:13; 15:16; Gal. 1:16; 2:29; Ef. 3:2, 8; 1 Tim. 2:7; 2 Tim. 4:17).

### **VIR SPESIALE AANDAG: BOB SE EVANGELIESE VOORORDELE**

Ek moet aan u, die leser, toegee dat ek op hierdie stadium sterk afwyk, want my sistematiese teologie is nie Calvinisties of Dispensasionalisties nie. Ek glo God het van altyd af 'n plan vir die verlossing van die hele mensheid (vgl. Gen. 3:15; 12:3; Eks. 19:5-6; Jer. 31:31-34; Eseg. 18; 36:22-39; Han. 2:23; 3:18; 4:28; 13:29; Rom. 3:9-18, 19-20, 21-32); almal wat na sy beeld en gelykenis geskape is (vgl. Gen. 1:26-27). Die verbonde word in Christus verenig (vgl. Gal. 3:28-29; Kol. 3:11). Jesus is God se geheimenis wat bedek was, maar nou geopenbaar is (vgl. Ef. 2:11-3:13)!

Hierdie vooroordeel kleur my Skrifuitleg algeheel (byvoorbeeld Jona). Ek lees alle tekste deur, en vanuit, hierdie voorveronderstelling. Dit is sekerlik 'n afwyking (alle Skrifverklaarders het dit!), maar dit is 'n voorveronderstelling wat uit die Bybel self gevorm het.

<b>1:6 NASB</b>	<b>“you also”</b>
<b>NAV</b>	<b>“ook julle”</b>
<b>OAV</b>	<b>“onder wie julle ook”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“julle maak ook deel uit van”</b>

Paulus was 'n uiterste voorbeeld (vervolger van die kerk) van God se genade, maar sy lesers was immers ook voorbeelde van onverdienstelikheid, aangewese op God se onverdiende genade.

■ <b>NASB, NKJV</b>	<b>“the called of Jesus Christ”</b>
<b>NRSV</b>	<b>“who are called to belong to Jesus Christ”</b>
<b>TEV</b>	<b>“whom God has called to belong to Jesus Christ”</b>
<b>JB</b>	<b>“by his call belong to Jesus Christ”</b>
<b>NAV</b>	<b>“geroep om aan Jesus Christus te behoort”</b>
<b>OAV</b>	<b>“onder wie julle ook is, geroepenes van Jesus Christus”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“julle almal wat geroep is om Jesus Christus se mense te wees”</b>

Dit mag 'n:

- (1) sinspeling op die term “kerk” wees – ‘n woord wat ook beteken “die wat geroep is” of “die wat vergader is”;
- (2) aanduiding wees van goddelike uitverkiesing (vgl. Rom. 8:29-30; 9:1vv; Ef. 1:4, 11; 3:21; 4:1, 4);
- (3) vertaling van die frase “you who have heard the call and belong to Jesus Christ” (vgl. *Revised English Bible*).

Dit stem ooreen met die vertalings in die NRSV, TEV en JB. Sien *Vir Spesiale Aandag* hieronder.

### **VIR SPESIALE AANDAG: GEROEP**

Met liefdesverklarings neem God altyd self die inisiatief om deur roeping en uitverkiesing gelowiges na Hom te bring (vgl. Joh. 6:44, 65; 15:16; 1 Kor. 1:12; Ef. 1:4-5, 11). Die term “roep” word teologies op verskeie wyses verstaan:

- A. Sondaars word deur die genade van God, deur die voltooide werk van Christus en die oortuigingskrag van die Gees, tot verlossing geroep (bv. *klētos*, vgl. Rom. 1:6-7; 9:24, wat teologies identies is met 1 Kor. 1:1-2 en 2 Tim. 1:9; 2 Pet. 1:10).
- B. Sondaars roep na die Here om verlossing (bv. *epikaleō*, vgl. Han. 2:21; 22:16; Rom. 10:9-13). Hierdie stelling is 'n idioom uit Joodse aanbidding.
- C. Gelowiges word geroep om 'n Christelike lewe te lei (bv. *klēsis*, vgl. 1 Kor. 1:26; 7:20; 4:1; Fil. 3:14; 2 Tes. 1:11; 2 Tim. 1:9).
- D. Gelowiges word geroep om bedienings op te neem (vgl. Han. 13:2; 1 Kor. 12:4-7; Ef. 4:1).

#### **NASB (UPDATED) TEXTS: 1:7**

**<sup>7</sup>To all who are beloved of God in Rome, called *as* saints: Grace to you and peace from God our Father and the Lord Jesus Christ.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 1:7.*

<b>1:7 NASB</b>	<b>“beloved of God”</b>
NAV	<b>“vir wie God liefhet”</b>
OAV	<b>“aan al die geliefdes van God”</b>
CUM-NLV	<b>“absoluut lief het”</b>

Hierdie frase is dikwels gebruik ten opsigte van Jesus (vgl. Mat. 3:17; 17:5). Nou word dit aangewend ten opsigte van die kerk in Rome. Hiermee word die diepte van God se liefde vir diegene wat op sy Seun vertrou, aangedui. Hierdie soort oorgang van liefde is ook in Ef. 1:20 opmerklik (God se handeling in belang van Jesus) en 2:5-6 (Jesus se liefde in belang van gelowiges).

■ **“in Rome”**: Paulus het nie hierdie gemeente gestig nie. Niemand weet hoe dit ontstaan het nie. Met sy brief was Paulus besig om homself aan die gemeente, wat reeds bestaan, bekend te stel. Romeine is die mees gevorderde weergawe van die evangelie wat Paulus verkondig het. Dit is weinig beïnvloed deur lokale omstandighede, hoewel daar spanning was tussen gelowiges uit die Jodedom en heidendom. Dit blyk uit opmerkings dwarsdeur die brief.

■ <b>NASB</b>	<b>“called <i>as</i> saints”</b>
<b>NKJV, NRSV, JB</b>	<b>“called to be saints”</b>
TEV	<b>“called to be his own people”</b>
NAV	<b>“en wat Hy geroep het om aan Hom te behoort”</b>
OAV	<b>“geroepe geheiliges”</b>
CUM-NLV	<b>“vir wie Hy geroep het om sy mense te wees”</b>
CUM-MVB	<b>“wat Hy geroep het om heilig te wees”</b>

Die uitdrukking “heiliges” (“saints”) dui die gelowiges se posisie in Christus aan, maar beteken nie dat hulle sonder sonde is nie. Dit behoort ook ’n beskrywing van hulle strewe te wees na ’n lewe soos dié van Christus. Hierdie term kom deurgaans in die meervoudsvorm voor, behalwe in die geval van Fil. 4:21, alhoewel dit ook in dié geval ’n gemeenskaplike konnotasie het. Dit wil sê om Christen te wees, maak mens deel van ’n gemeenskap, ’n familie, ’n liggaam.

Vers 1 dui aan dat Paulus as apostel geroep was. In vers 6 is gelowiges die geroepenes van Christus. Gelowiges word in vers 7 ook “heiliges” genoem.

Hierdie “roeping” was ’n NT manier om die waarheid van God se inisiëringsprioriteit tuis te bring. Nog nooit het enige gevalle mens homself geroep nie (vgl. 3:9-13; Jes. 53:6; 1 Pet. 1:25). God neem altyd die inisiatief (vgl. Joh. 6:65; 15:16). Immer bring Hy die verbond na ons toe. Van ons verlossing is dit waar (ons toegerekende geregtigheid of vrygespreekte status), maar daarmee saam ook ons gawes vir effektiewe dienswerk (vgl. 1 Kor. 12:7, 11) en ons lewe in Christenskap. Sien die *Vir Spesiale Aandag* hieronder.

### **VIR SPESIALE AANDAG: HEILIGES**

Dit is die Griekse weergawe van die Hebreuse *kadash*, wat basies beteken dat iemand óf iets óf ’n plek vir YHWH se eksklusiewe gebruik opsy gesit het. Dit dui op die Engelse begrip van “the sacred”. Vanweë YHWH se aard (ewig, nie-geskape Gees) en sy eienskap van volmaakmorele goedheid, is Hy van die mensdom ook afgeskei. Hy is die standaard waarvolgens alles anders gemeet en beoordeel word. Hy is die Heilige, die Gans Ander.

Vir vertrouensvriendskap (“fellowship”) het God mense geskape, maar as gevolg van die sondeval (Gen. 3) het ’n verhoudingsbreuk en morele skeidsmuur tussen ’n Heilige God en sondige mensheid ontstaan. God se keuse was om sy skepping met die eienskap van geskape bewussyn te herstel; dis hoekom Hy op sy volk beroep doen om “heilig” te wees (vgl. Lev. 11:44; 19:2; 20:7, 26; 21:8). Deur ’n geloofsverhouding met YHWH word sy volk heilig danksy hulle verbondsverhouding met Hom; hulle word daarom ook geroep om heilig te lewe (vgl. Mat. 5:48).

Hierdie heilige lewe is moontlik omdat gelowiges ten volle aanvaar word en vergifnis ontvang deur Jesus se lewe en werk en deur die aanwesigheid van die Heilige Gees in hulle verstand en hart. Dit gee aanleiding tot ’n paradoksale situasie van

1. heilig wees danksy Christus se toegekende geregtigheid;
2. geroep om heilig te lewe deur die aanwesigheid van die Heilige Gees.

Gelowiges is “heiliges” (*hagioi*) op grond van die teenwoordigheid van (1) die wil van die Heilige Een (die Vader); (2) die werk van die Heilige Seun (Jesus); en (3) die teenwoordigheid van die Heilige Gees. Die NT verwys altyd na die heiliges in meervoud (behalwe Fil. 4:12, maar weereens maak die konteks dit MEERVOUD). Om gered te wees is om deel te wees van ’n familie, ’n liggaam, ’n gebou! Bybelse geloof begin met ’n persoonlike aanvaarding, maar verloop tot ’n liggaam van samesyn. Elkeen van ons het gawes ontvang waarmee die gesondheid, groei en welsyn van die liggaam van Christus – die kerk (vgl. 1 Kor. 12:7) – gedien kan word. Ons is gered om te dien! Heiligheid is ’n familie-karakterieenskap.

■ NASB	<b>“Grace to you and peace from God”</b>
NAV	<b>“Genade en vrede vir julle van God”</b>
OAV	<b>“Genade vir julle en vrede van God”</b>
CUM-NLV	<b>“Mag die onverdiende goedheid en vrede van God”</b>
CUM-MVB	<b>“liefdevolle goedheid en vrede”</b>

Paulus begin met sy kenmerkende seëngroet. Dit is ’n woordspeling op die tradisioneel Griekse “groetnis” (“greetings” – *charein*) en die uniek Christelike term “genade” (“grace” – *charis*). Paulus was moontlik besig om die tradisioneel Griekse opening te kombineer met die Hebreuse *Shalom*-groet (vrede). Nietemin, dit is net maar spekulasie. Let daarop dat, teologies gesproke, genade altyd vrede voorafgaan.



■ **“from God our Father and the Lord Jesus Christ” (“van God ons Vader en die Here Jesus Christus”):** Dikwels gebruik Paulus net een VOORSETSEL vir beide name (vgl. 1 Kor. 1:3; Gal. 1:3; Ef. 1:2; Fil. 1:2; 2 Tes. 1:2; 1 Tim. 1:1; 2 Tim. 1:2; Tit. 1:4). Grammatikaal het hy op hierdie manier die eenheid tussen twee persone van die Drie-Eenheid aangedui, en Jesus se Godheid en gelykheid beklemtoon.

#### **VIR SPESIALE AANDAG: VADER**

In die OT reeds word die intieme familie-metafoor van God as Vader bekendgestel:

1. Die volk Israel word die “seun” van YHWH genoem (vgl. Hos. 11:1; Mal. 3:17).
2. Sels vroeër in Deuteronomium verskyn die analogie van God as Vader (Deut. 1:31).
3. In Deut. 32 word Israel “sy kinders” genoem en God hulle “Vader”.
4. Hierdie analogie kom ook voor in Ps. 103:13 en word in Ps. 68:5 ontwikkel tot “die Vader van wese”.
5. Dit was algemeen in die profete-boeke (vgl. Jes. 1:2; 63:8; Israel as seun, God as Vader, 63:16; 64:8; Jer. 3:4, 19; 31:9).

Jesus het Aramees gepraat, wat beteken dat die gebruik van die Griekse *Pater* op baie plekke waar “Vader” voorkom, moontlik die Aramese *Abba* mag weerspieël (vgl. 14:36). Hierdie familiêre aanspreekwyse (“Pappa”) toon Jesus se intieme verhouding met die Vader. Die feit dat hy dit so duidelik ten toon stel vir sy volgelinge, dien ook as aansporing om ons eie intieme verhouding met die Vader te smee. Die term “Vader” word slegs in die OT gebruik om na YHWH te verwys, maar Jesus het dit deurgaans en dikwels gebruik. Dit is ‘n belangrike openbaring oor ons nuwe verhouding met God deur die Christus.

#### **NASB (UPDATED) TEXT: 1:8-15**

**<sup>8</sup>First I thank my God through Jesus Christ for you all, because your faith is being proclaimed throughout the whole world. <sup>9</sup>For God, whom I serve in my spirit in the preaching of the gospel of His Son, is my witness as to how unceasingly I make mention of you, <sup>10</sup>always in my prayers making request, if perhaps now at last by the will of God I may succeed in coming to you. <sup>11</sup>For I long to see you so that I may impart some spiritual gift to you, that you may be established; <sup>12</sup>that is that I may be encouraged together with you while among you, each of us by the other’s faith, both yours and mine. <sup>13</sup>I do not want you to be unaware, brethren, that often I have planned to come to you also, even as among the rest of the Gentiles. <sup>14</sup>I am under obligation both to Greeks and to barbarians, both to the wise and to the foolish. <sup>15</sup>So for my part, I am eager to preach the gospel to you also who are in Rome.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 1:8-15.*

- |         |                      |
|---------|----------------------|
| ■ NASB  | “First”              |
| NAV     | “Allereers”          |
| OAV     | “In die eerste plek” |
| CUM-NLV | “Hier aan die begin” |

In hierdie konteks beteken “eers”: “van die begin af” of “ek moet begin” (JB Phillips vertaling).

- |        |                                       |
|--------|---------------------------------------|
| ■ NASB | “I thank my God through Jesus Christ” |
| NAV    | “dank ek my God deur Jesus Christus”  |

**CUM-NLV****“vir God in die naam van Jesus Christus dankie sê”**

Normaalweg rig Paulus sy gebede tot God deur Jesus Christus. Jesus is ons enigste weg om God te nader! Sien *Vir Speciale Aandag: Paulus se Lof, Gebed en Danksegging aan God* by 7:25.

- **NASB** “for you all”
- NAV, OAV** “oor julle almal”
- CUM-NLV** “vir elkeen van julle”

In hierdie “almal” kan, soos in vers 7, iets weerspieël word van die jaloesie en konflik wat daar tussen die Christene was. Die Christene uit die Jodedom moes vlug uit Rome as gevolg van ’n edik van Nero, wat veroorsaak het dat gelowiges uit die heidene hulle plek vir ’n paar jaar in leiersrolle oorgeneem het.

Dit is egter ook moontlik dat die inklusiewe opmerking die “swakkes” en “sterkes” van Rom. 14:1-15:13 in gedagte gehad het – God het almal in die kerk van Rome tot ’n gelyke mate lief.

- **“because your faith is being proclaimed throughout the whole world” (“want in die hele wêreld praat die mense oor julle geloof”):** Rom 16:19 sinspeel op dieselfde gedagte. Dit was baie duidelik ’n oordrewe stelling wat betref die Ooste – ’n hiperbool – aangesien dit merendeels verwys na die Romeinse Ryk (vgl. 1 Tes. 1:8).

**1:9 “God [...] is my witness” (“God [...] is my getuie”):** Op ’n tipies Joodse manier beroep hy hom op die Naam van God om sy kredietwaardigheid te bevestig (9:1; 2 Kor. 1:23; 11:10-11, 31; 12:19; Gal. 1:20; 1 Tes. 2:5).

- **NASB** “in my spirit”
- NAV, CUM-NLV** “wat ek met hart en siel”
- OAV, CUM-MVB** “wat ek in my gees dien”

Dit is ’n goeie voorbeeld van die gebruik van *pneuma* vir die gees van ’n mens (vgl. 8:5, 10, 16; 12:11). Hier word dit gebruik om die menslike lewe daar te stel (asem – Hebreeus *ruach*, vgl. Gen. 2:7).

**1:10 “always in my prayers making request” (“elke keer as ek bid, vra ek God”):** Paulus het nie hierdie kerk gestig nie, maar steeds bid hy vir hulle (vgl. 2 Kor. 11:28), soos vir al die gemeentes! Sien *Vir Speciale Aandag: Voorbidding* by 9:3. Nietemin, Paulus het baie vriende en ondersteuners van sy werk in die kerk van Rome gehad, soos uit hoofstuk 16 duidelik blyk.

- **“if” (“of”):** Dit is ’n VOORWAARDELIKE SIN KLAS EEN wat aanvaar kan word as waar vanuit die skrywer se perspektief, of vir sy literêre doeleindes. Paulus se plan was om Rome te besoek onderweg na Spanje (vgl. 15:22-24). Hy het waarskynlik nie beplan om lank daar te bly nie. Paulus wou altyd nuwe weiveld betree waar niemand vantevore gearbei het nie (15:20; 2 Kor. 10:15, 16). Dit is moontlik dat die Romeinebrief onder andere bedoel was om fondse vir sy sendinguitreik na Spanje te werf (vgl. 15:24).

- **NASB** “by the will of God I may succeed in coming to you”
- NAV** “Hy dit nie uiteindelik vir my moontlik wil maak om julle te besoek nie”
- OAV** “ek tog ’n goeie geleentheid sal vind”
- CUM-NLV** “tog nou uiteindelik vir my die pad sal oopmaak”

Die gedagte word herhaal in vers 13 en 15:32. Paulus was oortuig dat sy lewe en reisplanne nie aan homself nie, maar aan God behoort het (vgl. Han. 18:21; 1 Kor. 4:19; 16:7). Sien *Vir Spesiale Aandag: Hierdie Bedeling en die Bedeling Daarop* by 12:2.

<b>1:11 NASB</b>	<b>“For I long to see you”</b>
NAV	<b>“Ek sien baie daarna uit om julle te besoek”</b>
OAV	<b>“ek verlang om julle te sien”</b>
CUM-NLV	<b>“ek begeer om julle te sien”</b>

Dit stem ooreen met 15:23. Vir baie lank wou Paulus graag die gelowiges in Rome ontmoet (Han. 19:21).

▣ <b>NASB</b>	<b>“that I may impart some spiritual gift to you”</b>
NAV	<b>“want ek wil ‘n geestelike gawe aan julle oordra”</b>
OAV	<b>“een of ander geestelike genadegawe”</b>
CUM-NLV	<b>“vir julle ‘n geestelike seëning bring”</b>

Die frase “geestelike gawe” verwys na ‘n geestelike insig of seën. Paulus het aan homself gedink as uniek toegerus om die evangelie aan die heidennasies te bring (vgl. vers 15).

▣ **“that you may be established” (“om julle te versterk”):** Dit is ‘n AORISTUS PASSIEF INFINITIEF van *histēmi*. Sien *Vir Spesiale Aandag: Staar* (Histēmi) by 5:2.

**1:12 “Ek bedoel dat, as ek by julle is, ons deur mekaar se geloof bemoedig kan word, ek deur julle s’n en julle deur myne”:** Dit is die doel van Christelike vriendskapsvertroue. Die *gawes* is bedoel om ‘n Christelike gemeenskap deur onderlinge diens met mekaar te verenig. Alle *gawes* is van nut (relevant) vir die gemeente se behoeftes (1 Kor. 12:7). Al die *gawes* word deur die Gees by die bekering geskenk. Alle gelowiges ontvang *gawes* en is bestem om voltyds te bedien (Ef. 4:11-12). Paulus is volkome duidelik in sy daarstelling van sy apostoliese gesag, maar net so ook oor die diensbaarheid onderling in die gemeenskap. Gelowiges het mekaar nodig!

<b>1:13 NASB</b>	<b>“I do not want you to be unaware, brethren”</b>
NAV	<b>“Broers, ek wil hê dat julle moet weet”</b>
OAV	<b>“ek wil julle nie daarvan onkundig laat nie”</b>
CUM-NLV	<b>“broers en susters, julle moet beslis weet”</b>

Wanneer Paulus belangrike mededelings wil doen, gebruik hy dikwels hierdie idioom (vgl. 11:25; 1 Kor. 10:1; 12:1; 2 Kor. 1:8; 1 Tes. 4:13). Dit dien dieselfde literêre doel as Jesus se “Amen, amen.”\*

▣ **“and have been prevented thus far” (“dat ek tot nog toe verhinder is”):** Hierdie is ‘n PASSIEWE WERKWOORD. Dieselfde frase kom in 1 Tes. 2:18 voor, maar daar is die Satan die een wat verhinder. Paulus het geglo dat sy lewe deur God bestuur, maar deur Satan ontwig word. Op een of ander manier is beide moontlikhede waar (vgl. Job 1-2; Dan. 10). Die gebruik van hierdie term in 15:22, naamlik wat “verhinder” is, was by implikasie werk wat in die Oos-Mediterreense gebied nog nie klaar was nie (hoewel byna).

▣ <b>NASB</b>	<b>“that I may obtain some fruit among you”</b>
NAV	<b>“mense vir Christus te wen”</b>

\* “Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle,” (Joh. 8:51, OAV) – vert.

**OAV** "een of ander vrug kan insamel"  
**CUM-NLV** "om onder julle 'n geseënde bediening te hê"

In hierdie konteks mag "vrugte" op bekeerlinge dui, maar in Joh. 15:1-8 en Gal. 5:22 dui dit op Christelike volwassenheid. Mat. 7 sê: "aan julle vrugte sal julle geken word", maar dit definieer nie die term "vrugte" nie. Die beste ooreenstemmende deel is waarskynlik Fil. 1:22 waar Paulus dieselfde metafoor uit die landboukultuur gebruik.

**1:14 "I am under obligation" ("ek staan onder 'n verpligting"):** Paulus gebruik hierdie term verskeie kere in sy Romeinebrief.

1. Paulus staan onder verpligting om die evangelie aan alle heidene (hier teenwoordig) te verkondig.
2. Paulus staan nie onder die verpligting om na die "vlees" te lewe nie (8:12).
3. Die kerk uit die heidendom staan onder 'n verpligting om die moederkerk te help (15:7).

▣ **"to Greeks" ("teenoor Grieke"):** Hiermee word na die gekultiveerde Griekse beskawing rondom die Middellandse See verwys. Alexander die Grote en sy opvolgers het die destyds bekende wêreld ge-Helleniseer. Die Romeine het dit van hulle oorgeneem en die Griekse kultuur geassimileer.

▣ **"to barbarians" ("en nie-Grieke"):** Hierdie *onomatopoeia* dui op die minder ontwikkelde en ongekultiveerde mensegroep, meestal in die noorde. Dit was mense wat nie Griekssprekend was nie. Hulle uitspraak het vir die Grieke en die Romeine na "bar-bar-bar" geklink.

▣ **NASB** "to the wise and the foolish"  
**NAV** "teenoor ontwikkeldes en ongeleerdes"  
**OAV** "teenoor wyse sowel as onverstandiges"  
**CUM-NLV** "hoe opgevoed of onopgevoed"

Dit is moontlik dat hierdie 'n parallel is met "barbare", maar nie noodwendig nie. Dit mag net 'n ander manier wees om na alle groepe en individue te verwys.

**NASB (UPDATED) TEXT: 1:16-17**

**<sup>16</sup>For I am not ashamed of the gospel, for it is the power of God for salvation to everyone who believes, to the Jew first and also to the Greek. <sup>17</sup>For in it *the* righteousness of God is revealed from faith to faith; as it is written, "BUT THE RIGHTEOUS MAN SHALL LIVE BY FAITH."**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 1:16-17.*

**1:16-17** Verse 16-17 is die sentrale tema van die boek in geheel. Hierdie tema word uiteengesit en saamgevat onder hoofstuk 3:21-31.

**1:16** **NASB, NRSV** "I am not ashamed of the gospel"  
**NKJV** "I am not ashamed of the gospel of Christ"  
**TEV** "I have complete confidence in the gospel"  
**JB** "I am not ashamed of the Good News"  
**NAV** "ek skaam my nie oor die evangelie nie"  
**OAV** "ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie"  
**CUM-MVB** "ek is immers nie onseker oor die evangelie nie"

Hiermee sinspeel Paulus moontlik op Jesus se woorde soos in Mark. 8:38 en in Luk. 9:26 opgeteken. Hy skaam hom nie vir die inhoud van die evangelie en oor vervolging wat daaruit voortvloei nie (2 Tim. 1:12, 16, 18). Volgens 1 Kor. 1:23 was Jode skaam oor die evangelie omdat dit 'n lydende Messias bevestig, terwyl die Grieke daaroor skaam was omdat dit opstanding van die liggaam verkondig.

▣ **“salvation” (“redding”):** In die OT het die term *yasho* hoofsaaklik na fisiese uitredding verwys (vgl. Jak. 5:15), maar in die NT verwys die Griekse term *sōzō* meer spesifiek na geestelike verlossing (vgl. 1 Kor. 1:18, 21). Sien Robert B. Girdlestone se *Synonyms of the Old Testament*, bl. 124-6.

▣ NASB	<b>“to every one who believes”</b>
NKJV	<b>“for every one who believes”</b>
NRSV	<b>“to every one who has faith”</b>
TEV	<b>“all who believe”</b>
JB	<b>“all who have faith”</b>
NAV	<b>“van elkeen wat glo”</b>
OAV	<b>“vir elkeen wat glo”</b>
CUMs	<b>“wat glo”</b>

Die evangelie is bedoel vir alle mense (ai, hoe lief is ek vir die woorde “elkeen”, “wie ook al”, “almal”), maar glo is een van die voorwaardes vir aanneming (vgl. Han. 16:30-31). Die ander een is om berou te hê (vgl. Mark. 1:15; Han. 3:16, 19; 20:21).

God gebruik verbond in sy handeling met die mensdom. Hy neem heeltyd die inisiatief en bepaal die agenda (Joh. 6:44, 65). Maar daar is 'n wederkerigheid wat voorwaardes betref, volgens die aantekening by 1:5.

Die Grieks hier vir “believe” kan ook in Engels met “faith” of “trust” vertaal word. Die Griekse woord het 'n wyer betekenisveld as enige van die Engelse woorde. Let daarop dat dit 'n **TEENWOORDIGE DEELWOORD** is. Geloof wat verlossing bring is volgehoue geloof (vgl. 1 Kor. 1:18; 15:2; 2 Kor. 2:15; 1 Tes. 4:14)!

Die oorspronklike Hebreeus agter die Griekse term, “geloof”, se betekenis was “onwrikbaarheid”: ‘n man wat met voete wyd geplant staan sodat hy nie maklik beweeg kan word nie. Die teenoorgestelde hiervan in die OT sou die “slymerige modder” van Ps. 40:3 wees, en soos in Ps. 73:2 staan: “ek het byna koers verloor” (“my feet almost slipped”). Die onderliggende Hebreeuse stamwoorde *emun*, *emunah* en *aman*, is toenemend metafories gebruik om aan te dui dat iemand vertrou kan word en betroubaar is. Saligmakende geloof weerspieël nie die gevalle mensdom se vermoë om getrou te wees nie, maar God s'n. Die hoop van gelowiges berus nie op hulle eie vermoëns nie, maar in die wesensard van God en sy beloftes. Dit berus in sy betroubaarheid, sy getrouheid, sy beloftes!

▣ NASB	<b>“to the Jew first”</b>
NAV	<b>“in die eerste plek die Jood”</b>
CUM-NLV	<b>“heel eerste vir die Jode”</b>

Die rede hiervoor word kortliks in 2:9-10 bespreek, en meer breedvoerig in hoofstukke 9-11 uitgeluik. Dit volg uit stellings van Jesus in Mat. 10:6; 15:24; en Mark. 7:27.

Hierdie opmerking sê ook iets in verband met die element van jaloesie tussen gelowige Jode en heidene in die kerk van Rome.

1:17 NASB

NAV, CUM-NLV

OAV

“the righteousness of God”

“dat God mense van hulle sonde vryspreek”

“want die geregtigheid van God”

In konteks verwys hierdie frase na (1) God se karakter; en (2) hoe Hy daardie karakter aan 'n gevalle, sondige mensdom voordoet. Die Jerusalem Bybel-vertaling lui “this is what reveals the justice of God”. Hoewel daar elemente van die gelowige se morele lewenstyl hierin voorkom, gaan dit primêr oor sy toegerekende geregtigheid voor die Regter van Geregtigheid. Hierdie toerekening van die geregtigheid van God aan 'n gevalle mensdom het sedert die Reformasie bekendgestaan as die “regverdigmaking deur geloof” (vgl. 2 Kor. 5:21; Fil. 3:9). Dit is juis hierdie teks wat Martin Luther se lewe en teologie verander het! Nietemin, die doel van regverdigmaking is heiligmaking, Christus-gelykvormigheid, of die regverdige karakter van God (Rom. 8:28-29; Ef. 1:4; 2:10; Gal. 4:19). Om regverdig te wees, is nie net 'n herstelde regstatus nie, dit is ook 'n oproep tot 'n heilige lewe; die beeld van God moet in die mensheid funksioneel herstel word (vgl. 2 Kor. 5:21).

### VIR SPESIALE AANDAG: GEREGTIGHEID

“Geregtigheid” is so 'n sentrale tema dat 'n Bybelstudent persoonlik van die begrip 'n uitgebreide studie moet maak. In die OT word die karakter van God as “regverdig” en “regskape” beskryf. Dit is 'n Mesopotamiese woord vir 'n riet uit die rivier wat as gereedskap gebruik word om die horisontale reglynigheid van mure en lyndrade vas te stel. God het die term gekies om metafores oor sy eie aard te spreek. Hy is die reguit maat waardeur alle dinge geëvalueer word. Hierdie konsep bevestig God se geregtigheid, sowel as sy reg om te oordeel.

Die mens is geskape na die beeld van God (Gen. 1:26-27; 5:1, 3; 9:6). Die mensheid is geskape vir vertrouensvriendskap met God. Die hele skepping is die agterdoek of verhoog vir interaksie tussen God en mens. God wou hê dat die kroon van sy skepping, die mens, Hom moes ken, liefhê, Hom moes dien en moes wees soos Hy is. Die lojaliteit van die mensdom is getoets en die eerste mensepaar het die toets gedruip. Dit het uitgeloop op 'n verbreking van die verhouding tussen God en die mensdom (vgl. Gen. 3:21-31; Gal. 3).

God het egter beloof om die verhouding te herstel en te vervat (Gen. 3:15). Hy doen dit uit eie voorneme en deur sy Seun. Mense het nie die vermoë om die breuk te herstel nie (vgl. Rom. 1:18-3:20).

Ná die sondeval was God se eerste stap tot herstel die daarstelling van 'n verbond, waarvolgens Hy die mens uitnooi, en die mens met berou, geloof, belydenis en gehoorsaamheid kon reageer. As gevolg van die sondeval was mense nie in staat om na behore te reageer nie (vgl. Rom. 3:21-31; Gal. 3). God moes toe self inisiatief neem om die verbondsverbrekende mensdom te herstel. Dit het hy gedoen deur:

1. die sondige mensdom regverdig te verklaar op grond van die verdienste van Christus (forensiese of plaasbekledende geregtigheid);
2. geregtigheid aan die mensdom te skenk deur die werk van Christus (toegerekende geregtigheid);
3. die Heilige Gees te stuur om in te woon en geregtigheid te bring (etiese geregtigheid);
4. die vriendskaplikheid van die tuin van Eden te herstel, deurdat Christus die beeld van God herstel het (wederkerige geregtigheid).

God verwag dus 'n reaksie kragtens die verbondsverhouding. Hy maak 'n toesegging deur vryelik te skenk en voorsiening te maak, maar mense moet reageer en aanhou reageer deur:

1. berou te betoon;
2. te glo;
3. gehoorsaam te lewe; en
4. te volhard.

Geregtigheid is daarom kragtens die verbond 'n *wederkerige handeling* tussen God en sy hoogste skepping. Dit is op die wesensaard van God gebaseer, op die werk van Christus, en moontlik gemaak deur die Heilige Gees waaraan elke individu, persoonlik en voortdurend, toepaslik gehoor moet gee. Die konsep staan bekend as “regverdigmaking deur geloof”. Dit is in die evangelies geopenbaar, maar nie in hierdie woordgebruik nie. Dié terme is hoofsaaklik aan Paulus te danke wat die Griekse term vir “regverdiging” in wisselende vorme meer as 100 keer gebruik.

Die opgeleide rabbyn, Paulus, gebruik die term *dikaïosunē* in sy Hebreeuse betekenis (*sdk*) soos in die LXX oorgeneem, en nie uit Griekse literatuur nie. In Griekse geskifte word die term gebruik om te verwys na iemand wat voldoen aan die verwagtinge van gode en van die gemeenskap. In Hebreeus hou dit altyd verband met verbondsterme. YHWH is 'n regverdige, etiese en morele God. Hy wil dat sy mense sy karakter weerspieël. Die verlore mensdom word 'n nuwe skepping. Hierdie vernuwing lei tot 'n nuwe lewenstyl van toewyding (die Rooms-Katolieke fokus ten opsigte van regverdigmaking). Aangesien Israel 'n Teokrasie was, was daar geen duidelike onderskeid tussen die sekulêre norme van die gemeenskap en die heilige (wil van God) nie. Hierdie onderskeid in die Hebreeus en Grieks kom as volg tot uiting: “geregtigheid” (“justice” met betrekking tot die gemeenskap/samelewing) en “regverdigheid” (“righteousness” met betrekking tot godsdiens).

Die evangelie (goeie nuus) van Jesus is dat die gevalle mensdom se vertrouensvriendskap met God herstel is. Paulus se paradoks is dat God deur Christus die skuldige vryspreek. Dit is tot stand gebring deur die Vader se liefde, sy barmhartigheid en genade; deur die Seun se lewe, sterwe en opstanding, en deur die roeping en uitnodiging van die Gees na die evangelie. Regverdigmaking is 'n genadegawe van God, maar dit moet lei tot 'n lewe van godsvrug (die standpunt van Augustinus), wat die Reformasie se klem op die vrye gawe van die evangelie en die Rooms-Katolieke klem op 'n veranderde lewe van liefde en getrouheid, weerspieël. Vir die Hervormers is die term “die geregtigheid van God” 'n OBJEKTIEWE GENITIEF (bv. die aksie wat 'n sondige mensdom aanvaarbaar vir God maak [‘n staat van heiligmaking]), terwyl dit vir die Katoliek 'n SUBJEKTIEWE GENITIEF is, wat neerkom op 'n proses van al meer soos God word (eksperimenteel progressiewe heiligmaking). Dit moet sekerlik albei wees!

Myns insiens is die hele Bybel, van Genesis 4 tot Openbaring 20, die optekening van God se herstel van die vertrouensverhouding van Eden. Die Bybel begin met die vertrouensvriendskap van God en mens op 'n aardse toneel, en eindig met dieselfde toneel (vgl. Openb. 21-22). God se beeld en bedoeling sal herstel word!

Die voorafgaande bespreking van die Griekse woordgroep word deur die volgende uitgesoekte NT-passasies gestaaf:

1. God is regverdig – dikwels gekoppel aan God as Regter (Rom. 3:26; 2 Tes. 1:5-6; 2 Tim. 4:8; Openb. 16:5)
2. Jesus is regverdig (Han. 3:14; 7:52; 22:14 – titel van die Messias; Mat. 27:19; 1 Joh. 2:1, 29; 3:7)
3. God se wil vir sy skepping is geregtigheid (Lev. 19:2; Mat. 5:48 (vgl. 5:17-20))

4. God se maatstawwe om geregtigheid te voorsien en te bewerkstellig (Rom. 3:21-31; 4; 5:6-11; Gal. 3:6-14)
  - a. geskenk deur God (Rom. 3:24; 6:23; 1 Kor. 1:30; Ef. 2:8-9)
  - b. ontvang deur geloof (Rom. 1:17; 3:22, 26; 4:3, 5, 13; 9:30; 10:4, 6, 10; 1 Kor. 5:21)
  - c. deur handeling van die Seun (Rom. 5:21-31; 2 Kor. 5:21)
5. God se wil is dat sy volgelinge regverdig moet wees (Mat. 5:3-48; 7:24-27; Rom. 2:13; 5:1-5; 6:1-23; 2 Kor. 6:14; 1 Tim. 6:11; 2 Tim. 2:22; 3:16; 1 Joh. 3:7; 1 Pet. 2:24)
6. God sal uit geregtigheid die wêreld oordeel (Han. 17:31; 2 Tim. 4:8)

Geregtigheid is 'n eienskap van God wat Hy vrylik deur Christus aan die sondige mensdom skenk. Dit is:

1. 'n toesegging deur God
2. 'n geskenk van God
3. 'n handeling van Christus

Maar dit is ook 'n proses van strewe na geregtigheid wat ywerig en standvastig nagejaag moet word; wat by die wederkoms in volmaaktheid sal verander. Vertrouensvriendskap met God word met bekering herstel, maar ontwikkel lewenslank tot en met 'n aangesig-tot-aangesig ontmoeting met die dood of op die Oordeelsdag!

Hier volg 'n aanhaling uit die *Dictionary of Paul and His Letters* van IVP, bl. 834:

“Calvin, more so than Luther, emphasizes the relational aspect of the righteousness of God. Luther’s view of the righteousness of God seems to contain the aspect of acquittal. Calvin emphasizes the marvelous nature of the communication or imparting of God’s righteousness to us.”

Wat my betref het die gelowige se verhouding met God drie aspekte:

- a. die evangelie is 'n persoon (die Oosterse Kerk en Calvyn beklemtoon)
- b. die evangelie is waarheid (Augustinus en Luther beklemtoon)
- c. die evangelie is 'n veranderde lewe (Katolieke beklemtoon)

Hulle spreek almal van waarheid, en die uitsprake moet saamstaan vir 'n gesonde, kredietwaardige, Bybelse Christendom. As enigeen oor- of onderbeklemtoon word, ontstaan probleme.

Ons moet Jesus verwelkom!

Ons moet die evangelie glo!

Ons moet Christus-gelykvormigheid nastreef!

■ NASB, NKJV	“from faith to faith”
NRSV	“through faith for faith”
TEV	“it is through faith from beginning to end”
JB	“it shows how faith leads to faith”
NAV	“enkel en alleen omdat hulle glo”
OAV	“uit geloof tot geloof”

Hierdie frase het twee VOORSETSELS, *ek* en *eis*, wat 'n oorgang of ontwikkeling aandui. Hy gebruik dieselfde struktuur in 2 Kor. 2:16; *apo* en *eis* in 2 Kor. 3:18. Christendom is 'n geskenk wat bedoel is om karaktervormend en bepalend van lewenstyl te wees.



Daar is meer as een moontlike vertaling van hierdie frase. Die Williams NT vertaal dit as “die pad van geloof wat na groter geloof lei.” Die teologiese hoofsaak is dan (1) dat geloof van God af kom (geopenbaar word), (2) dat die mensheid daarop moet antwoord (reageer) en daarin moet volhard, en (3) dat geloof moet lei tot ’n lewe van toewyding.

Van een ding kan ’n mens seker wees: geloof in Christus is noodsaaklik (vgl. 5:1, Fil. 3:9). ’n Voorwaarde van God se aanbod van redding, is geloof (Mark. 1:15; Joh. 1:12; Han. 3:16, 19; 20:21).

■ NASB	“but the righteous man shall live by faith”
NKJV	“the just shall live by faith”
NRSV	“the one who is righteous will live by faith”
TEV	“He who is put right with God through faith shall live”
JB	“The upright man finds life through faith”
NAV	“elkeen wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe”
OAV	“Maar die regverdige sal uit die geloof lewe”
CUM-NLV	“Elkeen wat vrygespreek word omdat hy glo, sal lewe”

Hierdie aanhaling uit Hab. 2:4 kom nie uit die Masoretiese Teks of die LXX nie. In die OT het “geloof” ’n uitgebreide metaforiese betekenis van “betroubaarheid”, “getrouheid” en “lojaliteit”. Reddende geloof is op God se getrouheid gebaseer. Nietemin is menslike getrouheid ’n bewys dat iemand sy vertrouwe in God se voorsienigheid geplaas het (3:5, 21, 22, 25, 26).

Dit mag nuttig wees om kennis te neem hoe ’n klompie hedendaagse Bybelverklaarders hierdie laaste deel van die teks verstaan:

- |                    |                                       |  |
|--------------------|---------------------------------------|--|
| 1. <b>Vaughan:</b> | “begins in faith and ends in faith”   | “begin met geloof en eindig met geloof”  |
| 2. <b>Hodge:</b>   | “by faith alone”                      | “alleen deur geloof”                     |
| 3. <b>Barrett:</b> | “on the basis of nothing but faith”   | “slegs op grond van geloof”              |
| 4. <b>Knox:</b>    | “faith first and last”                | “in die eerste en laaste plek, geloof”   |
| 5. <b>Stagg:</b>   | “the upright out of faith shall live” | “die regverdige sal uit die geloof lewe” |

**NASB (UPDATED) TEXT: 1:18-23**

**<sup>18</sup>For the wrath of God is revealed from heaven against all ungodliness and unrighteousness of men who suppress the truth in unrighteousness, <sup>19</sup>because that which is known about God is evident to them. <sup>20</sup>For since the creation of the world His invisible attributes, His eternal power and divine nature, have been clearly seen, being understood through what has been made, so that they are without excuse. <sup>21</sup>For even though they knew God they did not honor Him as God or give thanks, but they became futile in their speculations, and their foolish heart was darkened. <sup>22</sup>Professing to be wise they became fools, <sup>23</sup>and exchanged the glory of the incorruptible God for an image in the form of corruptible man and of birds and four-footed animals and crawling creatures.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 1:18-23.*

**1:18 “for” (“vir”):** Let op die aantal kere wat *gar* in die hooftema (geloof alleen) in verse 16-17 voorkom – drie keer. Nou vervolg Paulus met die eerste punt van sy evangelie (1:18-3:31) waarin toorn oor sonde gekontrasteer word met die krag van God tot saligheid.

- **NASB** “the wrath of God”
- NAV** “God openbaar [...] sy toorn”
- OAV** “maak God sy straf bekend”

Verse 18-23 skets die heidendom van sy dag. Paulus se karakterisering van heidendom word ook in Joodse literatuur beskryf (vgl. *Wysheid van Salomo* 13:1 en *Brief van Aristea*, bl. 134-138), en selfs ook in Griekse en Romeinse etiese werke. Dieselfde Bybel wat spreek van God se liefde, openbaar ook sy toorn (vgl. verse 23-32; 2:5, 8; 3:5; 4:15; 5:9; 9:22; 12:19; 13:4-5).

Beide toorn en liefde is menslike emosies wat aan God toegeskryf word. Dit beklemtoon dat God ’n manier het waarvolgens Hy wil hê mense moet reageer en leef. Soos blyk uit hierdie vers is daar tydsgebonde sowel as eskatologiese (2:5) gevolge vir iemand wat eiewillig Sy wil (oftewel die evangelie van Christus) verwerp. Daar moet egter nie aan God gedink word as haatdraend nie. Oordeel is vir Hom “iets vreemds [...] ‘n uitsonderlike taak” (vgl. Jes. 28:21). Liefde is sy wesensaard (vgl. Deut. 5:9 tot 5:10; 7:9). Dit kom tot uiting in geregtigheid (regverdigheid) en barmhartigheid. Inderdaad sal almal aan God rekenskap moet doen (vgl. Pred. 12:13-14; Gal. 6:7) – selfs Christene (vgl. Rom. 14:10-12; 2 Kor. 5:10)!

- **NASB** “is revealed”
- NAV** “openbaar vanuit die hemel”
- OAV** “maak [...] bekend”

Soos die evangelie geopenbaarde waarheid is (vers 17), so ook is die toorn van God. Geen van die twee stukke waarheid is deur menslike inspanning uitgevind of logies afgelei nie.

- **“who suppress the truth” (“wat die waarheid onderdruk”)**: Dit dui op eiewillige verwerping deur mense en nie maar hulle onkunde nie (vgl. verse 21, 32; Joh. 3:17-21). Hierdie frase kan beteken dat: (1) hulle die waarheid ken, maar dit verwerp; (2) dat hulle lewenstyl toon dat hulle die waarheid verwerp; of (3) dat hulle lewenstyl en woorde ander aanmoedig om nie kennis te neem van die waarheid nie.

#### **VIR SPESIALE AANDAG: “WAARHEID” IN PAULUS SE GESKRIFTE**

Paulus se gebruik van hierdie term in al sy verwante vorme, word afgelei van die OT-ekwivalent, *emet*, wat “betroubaar” of “getrou” beteken. Joodse geskrifte uit die tussen-Testamentiese era het dié begrip gebruik in teenstelling met valsheid. ’n Parallel sou in die *Danksegingsliedere* van die Dooie See Boekrolle te vinde wees, waar dit gebruik word met betrekking tot geopenbaarde leerstellings. Die lede van die Esseense Klooster het bekend geword as die “getuies van waarheid”.

Paulus gebruik die term op ’n aantal verskillende maniere:

1. Vir Paulus dien die term as verwysing na die evangelie van Christus (Rom. 1:18, 25; 2:8, 20; 3:7; 15:8; 1 Kor. 13:6; 2 Kor. 4:2; 6:7; 11:10; 13:8; Gal. 2:5, 14; 5:7; Ef. 1:13; 6:14; Kol. 1:5-6; 2 Tes. 2:10, 12, 13; 1 Tim. 2:4; 3:15; 4:3; 6:5; 2 Tim. 2:15, 18, 25; 3:7, 8; 4:4; Tit. 1:1, 14).
2. Die term is ook ’n manier waarop Paulus te kenne gee dat sy inligting korrek of akkuraat is (Han. 26:25; Rom. 9:1; 2 Kor. 7:14; 12:6; Ef. 4:25; Fil. 1:8; 1 Tim. 2:7).
3. Hy gebruik dié term om sy motiewe in 1 Kor. 5:8 en lewenstyl (lg. ook vir alle Christene) in Ef. 4:24 te beskryf (vgl. ook Ef. 5:9; Fil. 4:8). Soms gebruik hy dit ook om persone aan te dui:

- a. God, Rom. 3:4 (vgl. Joh. 3:33; 17:17)
- b. Jesus, Ef. 4:21 (soos Joh. 14:6)
- c. Apostelgetuienis, Tit. 1:13
- d. Paulus, 2 Kor. 6:8

Net Paulus gebruik die werkwoordvorm (i.e. *aletheuō*) in Gal. 4:16 en Ef. 4:15 waar dit na die evangelie verwys. Vir verdere studie, raadpleeg Colin Brown (red.), *The New International Dictionary of New Testament Theology*, vol. 3, bl. 784-902.

<b>1:19 NASB</b>	<b>“that which is known about God is evident within them; for God made it evident to them”</b>
<b>NAV</b>	<b>“wat ‘n mens van God kan weet, was immers binne hulle bereik, want God het dit binne hulle bereik gebring”</b>
<b>OAV</b>	<b>“wat van God geken kan word, in hulle geopenbaar is”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“in hulle harte [...] duidelike besef van God, want God het dit aan hulle bekend gemaak”</b>

Alle mense weet sedert die *skepping* iets van God (vgl. vers 20; Job 12:7-10 en Ps. 19:1-6 [openbaring deur natuur] en Ps. 19:12-15 [openbaring deur Skrif], sowel as uit *wysheid*). In die teologie staan dit as “algemene openbaring” (“natural revelation”) bekend. Dit is nie volledig nie, maar dien as grondslag waarop God diegene wat nooit aan sy besondere openbaring (“special revelation”) blootgestel was nie, aanspreeklik sal hou. Die besondere openbaring is die Bybel, maar in die finale instansie eintlik Christus (vgl. Kol. 1:15; 2:9).

Die werkwoord “weet” word in die NT met twee betekenisse gebruik: (1) in sy OT-betekenis van ’n intieme, persoonlike verhouding (Gen. 4:1; Jer. 1:5); en (2) in sy Griekse betekenis van kennis van die feite van ’n saak (vgl. vers 21). Die evangelie is albei: ’n persoon om in jou lewe te verwelkom én die boodskap omtrent daardie persoon wat aangeneem en geglo moet word! In hierdie vers is die bedoeling slegs die feite van ’n saak, of #2.

**1:20** Hierdie vers noem drie aspekte van God:

1. Sy onsigbare eienskappe (sy karakter, vgl. Kol. 1:15; 1 Tim. 1:17; Heb. 11:27)
2. Sy ewige krag (gesien in natuurlike skepping)
3. Sy goddelike nature (gesien deur sy handeling en motiewe)

■ **“for since the creation of the world” (“van die skepping van die wêreld af”):** Die VOORSETSEL *apo* word hier as tydsaanduiding gebruik. Soortgelyke verse is te vinde in Mark. 10:6; 13:19; 2 Pet. 3:4. Die onsigbare God is nou: (1) in die fisiese skepping waar te neem (vgl. hierdie vers); (2) in die Geskrifte (Ps. 19 en 119); en eindelijk (3) in Jesus (vgl. Joh. 14:9).

■ <b>NASB</b>	<b>“divine nature”</b>
<b>NAV</b>	<b>“dat Hy waarlik God is”</b>
<b>OAV</b>	<b>“goddelikheid”</b>

Na aanleiding van die Griekse literatuur kan *theiotēs* as “goddelike majesteit” vertaal word. Dit kan veral in Jesus gesien word. Op ’n unieke wyse vertoon Hy die beeld van God (vgl. 2 Kor. 4:4; Heb. 1:3). Hy is die volle openbaring van God in ’n menslike gestalte (Kol. 1:19; 2:9). Die wonder van die evangelie is dat die gevalle mensheid deur geloof in Christus, soos Christus sal

wees (Heb. 12:10; 1 Joh. 3:2). Die beeld van God (vgl. Gen. 1:26-27) is in die mensdom herstel (*theios*, vgl. 2 Pet. 1:3-4)!

- ▣ **NASB** “have clearly seen, being understood through what has been made”
- NKJV** “are clearly seen, being understood by the things that are made”
- TEV** “have been understood and seen through the things he has made”
- JB** “have been clearly seen by the mind’s understanding of created things”
- NAV** “kan ‘n mens uit die werke van God duidelik aflei”
- OAV** “kan [...] in sy werke verstaan en duidelik gesien word”
- CUM-NLV** “duidelik uit sy handewerk waarneem”

Die samevoeging van *noeō* (vgl. Mat. 15:17) en *kathoraō* (albei TEENWOORDIG PASSIEF) veronderstel ’n egte waarneming. God het twee boeke geskryf: (1) natuur, en (2) Skriftuur. Albei is toeganklik vir menslike begrip en vereis dus ’n reaksie (vgl. Spr. 13: 1-9).

▣ “so that they are without excuse” (“vir hierdie mense is daar dus geen verontskuldiging nie”): Letterlik beteken dit dus dat daar geen wettige verskoning moontlik is nie. Hierdie Griekse term (*a* saam met *apologeomai*) kom slegs hier en in 2:1 voor in die NT. Dit is belangrik dat die teologiese doel met 1:18-3:20 die aanduiding van die geestelike verlorenheid van die mens was. Mense is verantwoordelik op grond van die kennis waaroor hulle reeds beskik. God hou mense verantwoordelik net vir wat hulle weet of behoort te weet.

- 1:21** **NASB** “for even though they knew God”  
**NAV** “omdat al weet hulle van God”  
**OAV** “alhoewel hulle God geken het”  
**CUM-NLV** “ja, hulle het ‘n ware Godsbesef gehad”

Mense gaan nie godsdienstig vooruit nie – hulle gaan in kwaad progressief agteruit. Sedert Gen. 3 is mense op die afdraande pad. Die donkerte groei aan!

- ▣ **NASB** “They did not honor Him as God or give thanks”
- NAV** “hulle Hom nie as God eer en dank nie”
- OAV** “nie as God verheerlik of bedank het nie”
- CUM-NLV** “nie geëer of dankbaarheid betoon het nie”

Dit is die tragedie van heidense afgodery volgens verse 23-24 (vgl. Jer. 2:9-13).

- ▣ **NASB** “but they became futile in their speculations and their foolish heart was darkened”
- NAV** “met hulle redenasies bereik hulle niks nie en deur hulle gebrek aan insig bly hulle in die duister”
- OAV** “dwaas in [...] oorlegginge”
- CUM-NLV** “verdwaasde harte het heeltemal toegeslaan”

*The New Testament: A new Translation* deur O.M. Morlie, lui soos volg: “rather they busied themselves with silly speculations about Him, and their stupid minds groped about in the dark.”

Menslike godsdienst-sisteme en handelwyse is monumente van rebelsheid en trots (vgl. vers 22; Kol. 2:16-23). Die twee werkwoorde is die AORISTUS PASSIEF INDIKATIEF. Impliseer die PASSIEF dat hulle onvermoë om te verstaan daaraan te wyte was dat God hulle harte verhard het; of was die verharding van hulle harte die gevolg daarvan dat hulle die lig verwerp het (vgl. 10:12-16; 2 Kon. 17:15; Jer. 2:5; Ef. 4:17-19)?

▣ **“heart” (“hart”)**: Dit word hier in die OT-sin van die hele persoon gebruik. Soms het die woord na ‘n proses van dink en voel verwys. Sien *Vir Spesiale Aandag: Die Hart* by 1:24.

<b>1:22</b>	<b>NASB, NKJV</b>	<b>“professing to be wise, they became fools”</b>
	<b>NRSV</b>	<b>“claiming to be wise, they became fools”</b>
	<b>TEV</b>	<b>“they say that they are wise, but they are fools”</b>
	<b>JB</b>	<b>“The more they called themselves philosophers, the more stupid they grew”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“hulle gee voor dat hulle verstandig is, maar hulle is dwaas”</b>
	<b>OAV</b>	<b>“Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword”</b>

Van die Griekse woord vir dwaas (“fool”), kom ook die woord “moroon”. Die probleem van die mensdom is daardie trots *op* en absolute vertroue *in* eie kennis (vgl. 1 Kor. 1:18-31; Kol. 2:18-23). Dit reik terug tot in Gen. 3. Kennis het gelei tot skeiding van weë en gevolglik, oordeel. Menslike kennis is nie in sigself verkeerd nie; slegs wanneer dit as die allerlaaste woord beskou word (eiewysheid).

**1:23** Eiewys en onkundige mense, wat na God se beeld geskape is (vgl. Gen. 1:26-27; 5:1, 3; 9:6) het God verruil vir aardse beelde soos:

1. diere (Egipte);
2. natuurkragte (Parsië) en
3. afgode (Griekeland/Rome), selfs God se eie volk ook (vgl. Deut. 4:15-24)!

Sommige hedendaagse verskynsels van hierdie ou sonde is:

1. omgewingsbewustheid (materialisties-ateïstiese perspektief, moeder aarde)
2. *New Age* (Oosters mistiek, spiritualiteit en die okkult)
3. ateïstiese humanisme (Marxisme, utopianisme (droom van ‘n beter wêreld), die ideaal van progressiewe ontwikkeling en volkome geloof in die politiek of opvoeding)
4. holistiese medisyne (gesondheid en gepaardgaande lang lewensverwagting)
5. skoling

▣ **“glory” (“heerlikheid”)**: sien *Vir Spesiale Aandag: Heerlikheid* by 3:23.

▣ **“corruptible man” (“n verganklike mens”)**: Sien *Vir Spesiale Aandag* wat volg.

### **VIR SPESIALE AANDAG: VERNIETIG, RUÏNEER, KORRUPTEER (*PHTHEIRŌ*)**

Die basiese betekenis van *phtheirō* is om te verwoes, te ruïneer, te korrupteer of te bederf. Dit kan gebruik word vir:

1. finansiële ondergang (moontlik 2 Kor. 7:2)
2. fisiese verwoesting (vgl. 1 Kor. 3:17a)
3. morele korrupsie (vgl. Rom. 1:23; 8:21; 1 Kor. 15:33, 42, 50; Gal. 6:8; Openb. 19:2)
4. seksuele verleiding (2 Kor. 11:3)
5. ewige verderf (2 Pet. 2:12, 19)
6. verganklike tradisies van mense (vgl. Kol. 2:22; 1 Kor. 3:17b)

Dikwels word hierdie term gebruik om die onverganklike te beklemtoon as beter as die verganklike (“negated opposite” – vgl. Rom. 1:23; 1 Kor. 9:25; 15:50, 53). Let op die parallelle kontraste tussen ons aardse liggame en ons hemelse, ewige liggame:

1. verganklik teenoor onverganklik (1 Kor. 15:42, 50)
2. oneerbaar teen verheerliking (1 Kor. 15:43)
3. swakheid teenoor krag (1 Kor. 15:43)
4. natuurlike liggaam teenoor geestelike liggaam (1 Kor. 15:44)
5. eerste Adam teenoor laaste Adam (1 Kor. 15:49)
6. die beeld van die aardse teenoor die hemelse (1 Kor. 15:49)

#### NASB (UPDATED) TEXT: 1:24-25

**<sup>24</sup>Therefore God gave them over in the lusts of their hearts to impurity, so that their bodies would be dishonored among them. <sup>25</sup>For they exchanged the truth of God for a lie, and worshiped and served the creature rather than the Creator, who is blessed forever. Amen.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 1:24-25.*

**1:24, 26, 28** “**God gave them over**” (“**Daarom gee God hulle [...] oor**”): Dit was die ergste moontlike oordeel. Hiermee het God gesê: “Laat die gevalle mensdom dan maar sy eie pad loop” (vgl. Ps. 81:12; Hos. 4:17; Han. 7:42). Verse 23-32 beskryf God se verwerping van die heidendom en hulle godsdienstigheid (en ons s’n)! Die heidendom is altyd, en word steeds, gekenmerk deur seksuele perversie en uitbuiting.

**1:24** “**hearts**” (“**aan die drange van hulle hart**”): Sien *Vir Spesiale Aandag* hieronder.

#### VIR SPESIALE AANDAG: DIE HART

Die Griekse term *kardia* word in die LXX en NT gebruik as vertaling van die Hebreuse *leb*. Dit word op verskillende maniere gebruik (vgl. Bauer, Arndt, Gingrich en Danker, *A Greek-English Lexicon*, bl. 403-404):

1. die sentrum van *fisiese* lewe (Han. 14:17; 2 Kor. 3:2-3; Jak. 5:5)
2. die sentrum van *geestelike* (morele) lewe
  - a. God ken die hart (vgl. Luk. 16:15; Rom. 8:27; 1 Kor. 14:25; 1 Tes. 2:4; Openb. 2:23)
  - b. gebruik m.b.t. die mensdom se *geestelike* lewe (vgl. mat. 15:18-19; 18:35; Rom. 6:7; 1 Tim. 1:5; 2 Tim. 2:22; 1 Pet. 1:22)
3. die sentrum van die *gedagtelewe* (d.w.s. die intellek, vgl. Mat. 13:15; 24:48; Han. 7:23; 16:14; 28:27; Rom. 1:21; 10:6; 16:18; 2 Kor. 4:6; Ef. 1:18; Jak. 1:26; 2 Pet. 1:19; Openb. 18:7; hart is sinoniem met gedagtes (“mind”) in 2 Kor. 3:14-15 en Fil. 4:7)
4. die sentrum van die *wil* (vgl. Han. 5:4; 11:23; 1 Kor. 4:5; 7:37; 2 Kor. 9:7)
5. die sentrum van *emosies* (vgl. Mat. 5:28; Han. 2:26, 37; 7:54; 21:13; Rom. 1:24; 2 Kor. 2:4; 7:3; Ef. 6:22; Fil. 1:7)
6. die unieke plek waar die Heilige Gees werksaam is (vgl. Rom. 5:5; 2 Kor. 1:21; Gal. 4:6 (d.w.s. Christus in ons hart, Ef. 3:17))
7. Die hart verwys metaforiese na die hele persoon (vgl. Mat. 22:37 – aanhaling uit Deut. 6:5). Die gedagtes, motiewe en aksies wat aan die hart toegeskryf word, dui op die aard van ‘n gegewe individu.

Die OT bied verskeie treffende toepassings van dié term:

- a. Gen. 6:6; 8:21: “God was *in sy hart bedroef*” (vgl. Hos. 11:8-9)
- b. Deut. 4:29; 6:5: “Met jou *hele hart* en jou hele siel”
- c. Deut. 10:16: “’n *onbesnede hart*” (vgl. ook Rom. 2:29)
- d. Eseg. 18:31-32: “’n *nuwe hart*”
- e. Eseg. 36:26: “’n nuwe hart” teenoor “’n *hart van klip*”

**1:25 “exchanged the truth of God for a lie” (“die waarheid van God verruil vir die leuen”):** Dit kan op verskillende maniere verstaan word: (1) self-vergoddeliking van die mensdom (vgl. 2 Tes. 2:4, 11); (2) die mensdom se verering van eie maaksels – afgode (vgl. Jes. 44:20; Jer. 13:25; 16:19) in plaas van YHWH wat alle dinge geskape het (vgl. verse 18-23); (3) die mensdom se algehele verwerping van die evangelie (vgl. Jn. 14:17; 1 Joh. 2:21, 27). Nommer (2) is mees gepas in hierdie konteks.

▣ **“worshiped and served” (“hulle dien en vereer”):** Die mensdom sal altyd gode hê; alle mense voel aan dat daar iemand is, een of ander waarheid, iets bo en buite hulleself.

- ▣ **NASB** “who is blessed forever. Amen”
- NAV** “aan wie die lof toekom vir ewig. Amen”
- OAV** “wat geprys moet word tot in ewigheid”
- CUM-NLV** “vir ewig geprys moet word”

Paulus bars uit in ’n Joodse jubel – ’n seëngebed – wat heeltemal eie aan hom was (sien ook Rom. 9:5; 11:36; 15:33; 16:27).

▣ **“forever” (“vir ewig”):** Sien *Vir Speciale Aandag* hieronder.

#### **VIR SPESIALE AANDAG: VIR EWIG (GRIEKSE IDIOME)**

Die Griekse idioom “tot in die eeue” (letterlik, vgl. Luk. 1:33; Rom. 2:25; 11:36; 16:27; Gal. 1:5; 1 Tim. 1:17) beteken moontlik dieselfde as die Hebreeuse *‘olam’*. Sien Robert B. Girdlestone, *Synonyms of the Old Testament*, bl. 319-321. Ander verse wat ooreenkoms toon, is “tot in die eeu” (Mat. 21:19 [Mark. 11:14]; Luk. 1:55; Joh. 6:58; 8:35; 12:34; 13:8; 14:16; 2 Kor. 9:9) en “van die eeu van die eeue” (vgl. Ef. 3:21). Daar word blykbaar nie onderskei tussen die idioome wat met “vir altyd” vertaal word nie. Die meervoud “eeue” skyn ’n grammatikale konstruksie van die rabbyne te wees, waarmee die MEERVOUD VAN MAJESTEIT (onbeperktheid) bedoel word. Dit kan ook verband hou met die Joodse idee van hulle veelheid van “eeue” soos die “eeu van onskuld”, “die eeu van onreg”, “die eeu wat kom” of “’n eeu van geregtigheid”.

▣ **“Amen”:** Sien *Vir Speciale Aandag* hieronder.

#### **VIR SPESIALE AANDAG: AMEN**

##### **I. OU TESTAMENT**

- A. Die woord “Amen” word afgelei van die Hebreeuse woord vir waarheid (*emeth*) of eerbaarheid (*emun, emunah*) en geloof of gelowigheid.
- B. Etimologies verklaar kom dit neer op iemand wat stewig of vas staan. Die teenoorgestelde daarvan sal wees dat iemand onvas is, gly (Deut. 28:64-67; 38:16; Ps.

40:2; 73:18; Jer. 23:12) of struikel (vgl. Ps. 73:2). Vanuit hierdie letterlike betekenis het 'n metaforiese toepassing ontwikkel, naamlik getrouheid, betroubaarheid, lojaliteit en vertroubaarheid (Gen. 15:16; Hab. 2:4).

C. Skrifvoorbeelde van spesiale gebruik:

1. 'n pilaar of suil (2 Kon. 18:16; 1 Tim. 3:15)
2. ondersteuning (Eks. 17:12)
3. onwankelbaarheid (Eks. 17:12)
4. stabiliteit (Jes. 33:6; 34:5-7)
5. waar/waarheid (1 Kon. 10:6; 17:24; 22:16; Spr. 12:22)
6. ferm/fermheid (2 Kron. 20:20; Jes. 7:9)
7. betroubaar – Torah (Ps. 119:43; 142, 151, 168)

D. Daar is ook twee ander woorde in die OT wat aktiewe geloof beskryf:

1. *batach*, vertrou
2. *yra*, ontsag, respek, aanbidding (vgl. Gen. 22:12)

E. 'n Liturgiese gebruik het ontwikkel uit die gedagte aan vertrou en betroubaarheid; 'n ware of betroubare opmerking of stelling van iemand anders kon daardeur beaam word (vgl. Deut. 27:15-26; Neh. 8:6; Ps. 41:13; 72:19; 89:52; 106:48).

F. Die teologiese sleutel in dié verband, is dat dit nie om die mens nie, maar om JHWH se getrouheid gaan (Eks. 34:6; Deut. 32:4; Ps. 108:4; 115:1; 117:2; 138:2). 'n Gevalle mensdom se enigste hoop is die genadige, betroubare verbondslojaliteit van JHWH en sy belofte.

Diegene wat Jahweh (JHWH) ken, moet soos Hy wees (Hab. 2:4). Die Bybel is geskiedenis op rekord van hoe God besig was, en is, om sy beeld in die mensdom te herstel (Gen. 1:26-27). Verlossing herstel die mens tot 'n vermoë om weer met God in vriendskapsvertroue te verkeer. Dit is waarvoor die mens geskape is.

## II. NUWE TESTAMENT

- A. Die gebruik van “Amen” as 'n slotbevestiging, uitgespreek in liturgiese konteks, is algemeen in die NT (vgl. 1 Kor. 14:16; 2 Kor. 1:20; Openb. 1:7; 5:14; 7:12).
- B. Die gebruik van die woord as 'n afsluiting van gebed is ook eie aan die NT (vgl. Rom. 1:25; 9:5; 11:36; 16:27; Gal. 1:5; 6:18; Ef. 3:21; Fil. 4:20; 2 Tes. 3:18; 1 Tim. 1:17; 6:16; 2 Tim. 4:18).
- C. Dis net Jesus wat by geleentheid van belangrike mededelings dié term gebruik; dikwels in dubbelvorm (herhalend) aldus Johannes (vgl. Luk. 4:24; 12:37; 18:17, 29; 21:32; 23:43).
- D. Dit word as 'n titel vir Jesus in Openbaring (3:14) gebruik (waarskynlik 'n titel van YHWH vanuit Jes. 65:16).
- E. Die konsep van getrouheid van geloof, betroubaarheid en vertrou, word uitgedruk in die term *pistos* of *pistis*, wat in Engels vertaal word as “trust”, “faith” en “believe”.



**NASB (UPDATED) TEXT: 1:26-27**

**<sup>26</sup>For this reason God gave them over to degrading passions; for their women exchanged the natural function for that which is unnatural, <sup>27</sup>and in the same way also the men abandoned the natural function of the woman and burned in their desire toward one another, men with men committing indecent acts and receiving in their own persons the due penalty of their error.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 1:26-27.*

**1:26-27** Homoseksualiteit is 'n afvallige lewenswyse van God se bedoeling met die skepping (wees vrugbaar). Dit was/is 'n ernstige kultuurprobleem (1) in die OT, en is as sonde veroordeel (Lev. 18:22; 20:13; Deut. 23:18); (2) in die Grieks-Romeinse wêreld (vgl. 1 Kor. 6:9; 1 Tim. 1:10); en (3) vandag.

Waarskynlik word homoseksualiteit as voorbeeld van die sondeval uitgesonder, omdat die konteks se gedagtegang in geheel by Gen. 1-3 aansluit. Mense is na God se beeld geskape (Gen. 1:26-27; 5:1, 3; 9:6). Die mens is as man en vrou geskape (Gen. 1:27). God se opdrag was om vrugbaar te wees en te vermenigvuldig (Gen. 1:28; 9:1, 7). Die val van die mensheid het God se doel en wil onderbreek. Homoseksualiteit is 'n ooglopende voorbeeld daarvan. Nietemin moet dit duidelik gestel word dat dit nie die enigste sonde is wat in dié konteks vermeld word nie (vgl. verse 29-31). Alle sonde vertoon die mensdom se afvalligheid van God en verdien straf. Alle sonde, veral 'n sondige lewenstyl, is vir God afstootlik.

**VIR SPESIALE AANDAG: HOMOSEKSUALITEIT**

Daar is baie druk in die moderne samelewing om homoseksualiteit as 'n aanvaarbare kultuur en lewenstyl te vestig. Die Bybel veroordeel dit egter as 'n afbrekende lewenstyl, op grond van God se wil vir sy skepping.

1. Dit skend die opdrag van Gen. 1 om vrugbaar te wees en te vermeerder.
2. Dit is kenmerkend van heidense religie en kultuur (Lev. 18:22; 20:13; Rom. 1:26-27; en Jud. 7).
3. Dit openbaar 'n selfgesentreerde onafhanklikheid van God (1 Kor. 6:9-10).

Voor ek egter met hierdie onderwerp klaarmaak, laat my weereens bevestiging bied van God se liefde en vergifnis vir alle rebelse mense. Christene het geen reg om haatdraend en arrogant ten opsigte van hierdie spesifieke sonde op te tree nie, aangesien niemand sonder sonde is nie. Gebed, belangstelling, getuienis en barmhartigheid kom veel verder op hierdie gebied as kwaai veroordeling. God se woord en die Heilige Gees sal die oortuigingswerk doen as ons dit aan hulle oorlaat. Alle seksuele sondes, nie net hierdie een nie, gee aanstoot aan God en stuur af op oordeel. Seksualiteit is 'n gawe van God, bedoel vir die mensheid se welsyn, vreugde en 'n bestendige samelewing. Maar hierdie kragtige, Godgegewe drang word dikwels misbruik in rebelse, selfgesentreerde, plesiersoekery; "meer-vir-my-hiervan" ongeag die gevolge (vgl. Rom. 8:1-8; Gal. 6:7-8).

**NASB (UPDATED) TEXT: 1:28-32**

**<sup>28</sup>And just as they did not see fit to acknowledge God any longer, God gave them over to a depraved mind, to do those things which are not proper, <sup>29</sup>being filled with all unrighteousness, wickedness, greed, evil; full of envy, murder, strife, deceit, malice; *they are* gossips, <sup>30</sup>slanderers, haters of God, insolent, arrogant, boastful, inventors of evil, disobedient to parents, <sup>31</sup>without understanding, untrustworthy,**

**unloving, unmerciful; <sup>32</sup>and although they know the ordinance of God, that those who practice such things are worthy of death, they do not only do the same, but also give hearty approval to those who practice them.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 1:28-32.*

**1:28-31** Hierdie aanhaling is een sin in Grieks. Dit karakteriseer die rebelse, gevalle, onafhanklike mensheid (vgl. Rom. 13:13; 1 Kor. 5:11; 6:9; Ef. 5:5; 1 Tim. 1:10; Openb. 21:8).

Die sonde van die mensheid was dat hulle ‘n bestaan apart van God gekies het. Onafhanklikheid is ‘n tragedie; ‘n verdoemenis. Die mensdom is verlore sonder God; ongenoegsaam, onvervuld. Die slegste van ewige verdoemenis is die verlatenheid en afwesigheid van God, omdat Hy Hom aan enige verdere verhouding onttrek het (“relational absence”).

### **VIR SPESIALE AANDAG: ONDEUG EN DEUG IN DIE NT**

Lyste van ondeug en deugde is algemeen in die NT. Dikwels skemer iets deur van rabbynse en kultureel-Hellenistiese invloede. Die lysste van kontrasterende karaktertrekke (in mense van deug en ondeug) kan gesien word in:

	<b><u>Ondeugde</u></b>	<b><u>Deugde</u></b>
1. Paulus	Rom. 1:28-32 Rom. 13:13 1 Kor. 5:9-11 6:10 2 Kor. 12:20 Gal. 5:19-21 Ef. 4:25-32 5:3-5 ---	--- Rom. 2:9-21 --- 1 Kor. 6:6-9 2 Kor. 6:4-10 Gal. 5:22-23 --- --- Fil. 4:8-9 Kol 3:12-14 ---
	1 Tim. 1:9-10 6:4-5 2 Tim. 2:22a, 23 Tit. 1:7; 3:3	---
2. Jakobus	Jak. 3:15-16	Jak. 3:17-18
3. Petrus	1 Pet. 4:3 2 Pet. 1:9	1 Pet. 4:7-11 2 Pet. 1:5-8
4. Johannes	Openb. 21:8 22:15	--- ---

<b>1:28</b>	<b>NASB</b>	<b>“a depraved mind”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“verdraaide opvatting”</b>
	<b>OAV</b>	<b>“slegte gesindheid”</b>
	<b>CUM-NLV</b>	<b>“skewe ingesteldheid”</b>

Wat die gevalle mensheid as vryheid beskou, is selfverheerliking (“self-worship”): “Enigiets en alles vir my!” Die bewerker (“agent”) of ONDERWERP in die LYDENDE VORM van Rom. 1:24, 26, 28 word as God gestel, maar in die konteks van Gen. 1-3, wat hier die agtergrond van

die betoog vorm, is die mens se keuses die oorsaak van die probleem. God laat sy skepping toe om self die gevolge van hulle eie keuses te dra – onafhanklik.

■ NASB	“being filled with”
NAV	“hulle is een en al”
OAV	“hulle is vervul met”
CUM-NLV	“hulle lewe word gekenmerk deur”

Hierdie is ’n PASSIEWE PERFECTUM DEELWOORD. Mense word vervul en kry ’n karakter volgens wat hulle gedurig dink: jy is wat jy dink. Die rabbyne gebruik ’n beeld van ’n swart hond (bose *yetzer*) en ’n wit hond (goeie *yetzer*) in elke mens se hart. Die een wat die meeste gevoer word, word die grootste!

**1:29-31** Hierdie is die resultate en simptome van ’n lewe sonder God. Hulle dien as voorbeeld van hoe individue en gemeenskappe lyk wat verkies om die God van die Bybel te verwerp. Hierdie is een van ’n hele aantal lysste wat Paulus verskaf het (1 Kor. 5:11; 6:9; 2 Kor. 12:20; Gal. 5:19-21; Ef. 4:31; 5:3-4; Kol. 3:5-9).

<b>1:30</b> NASB	“arrogant”
NAV	“aanmatigend”
OAV	“geweldenaars”
CUM-NLV	“verwaand”

Sien *Vir Spesiale Aandag* hieronder.

#### **VIR SPESIALE AANDAG: “HUPER”-VERBINDINGS**

Paulus was baie lief daarvoor om nuwe woorde te skep deur gebruik te maak van die Griekse VOORSETSEL *huper*, wat as “bowenal” (“above” of “upper”) vertaal kan word. Wanneer dit saam met die ABLATIEWE GENITIEF gebruik word, beteken dit “namens”/“ten behoeve van” (“on behalf of”). Dit kan ook “aangaande” (“about”) of “betreffende” (“concerning”) beteken, soos *peri* (vgl. 2 Kor. 8:23; 2 Tes. 2:1). Maar wanneer dit met die AKKUSATIEF gebruik word, beteken dit “bokant”, “oor” of “anderkant” (“above”, “over” of “beyond”). Vergelyk verder A.T. Robertson se *A Grammar of the Greek New Testament in the Light of Historical Research*, bl. 625-633. Wanneer Paulus ’n konsep wou beklemtoon het hy hierdie VOORSETSEL in verbindings gebruik.

- A. *Hapax legomenon* (kom net een maal in NT voor)
1. *Huperakmos*, uitstel van huweliksnakoming (1 Kor. 7:36)
  2. *Huperauxanō*, geloof wat grootliks toeneem (2 Tes. 1:3)
  3. *Huperbainō*, benadeel of te nakom (1 Tes. 4:6)
  4. *Huperkeina*, plekke anderkant (2 Kor. 10:6)
  5. *Huperekteina*, vêr uitstrek (2 Kor. 1:14)
  6. *Huperentugchanō*, intree vir (Rom. 8:26)
  7. *Hupernikaō*, meer as oorwinnaars (Rom. 8:37)
  8. *Huperpleonazō*, baie oorvloedig (1 Tim. 1:14)
  9. *Huperupsoō*, uitermate verhoog (Fil. 2:9)
  10. *Huperfroneō*, meer van homself dink (Rom. 12:3)

B. Woorde net in Paulus se geskrifte:

1. *Huperairomai*, homself verhef (2 Kor. 12:7; 2 Tes. 2:4)
2. *Huperballontōs*, alles oortreffende (2 Kor. 11:23, BYWOORD hier, maar WERKWOORD in 2 Kor. 3:10; 9:14; Ef. 1:19; 2:7; 3:19)
3. *Huperbolē*, uitermate, buitengewoon (Rom. 7:13; 1 Kor. 12:31; 2 Kor. 1:8; 4:17; 22:7; Gal. 1:13)
4. *Huperekperissou*, buite alle mate (Ef. 3:20; 1 Tes. 3:10; 5:13)
5. *Huperlian*, uitnemende (apostels), in die hoogste mate (2 Kor. 2:1; 1 Tim. 2:2)
6. *Huperochē*, prominent, hooggeplaas (1 Kor. 2:1; 1 Tim. 2:2)
7. *Huperperisseuō*, meer geword (Rom. 5:2; meer oorvloedig (MEDIUM VORM), 2 Kor. 7:4)

C. Woorde deur Paulus gebruik en selde deur ander NT-skrywers:

1. *Huperanō*, vêr bo (Ef. 1:21; 4:10; Heb. 9:5)
2. *Huperechoō*, hooggeplaastes, hoër ag as self (Rom. 1:13; Fil. 2:3; 3:8; 4:7; 1 Pet. 2:13)
3. *Huperēphanos*, hooghartig, aanmatigend (Rom. 1:30; 2 Tim. 3:2; Luk. 1:51; Jak. 4:6; 1 Pet. 5:5)

Paulus was 'n man van groot passie; wanneer mense en dinge goed was, noem hy dit baie goed, maar wanneer dinge nie goed was nie, noem hy dit baie sleg. Hierdie VOORSETSEL het hom in staat gestel om sy gevoelens oor sonde, homself, oor Christus en die evangelie kragtig uit te spreek.

**1:32 NASB** "those who practice such things are worthy of death"  
**NAV, OAV** "dat dié wat sulke dinge doen die dood verdien"  
**CUM-NLV** "met sulke praktyke besig is, die dood verdien"

Hierdie stelling dui op die wet van Moses. Dit word opgesom in Rom. 6:16, 21, 23; 8:6, 13. Die dood is die teenoorgestelde van God se wil (vgl. Eseg. 18:32; 1 Tim. 2:4; 2 Pet 3:9).

■ **NASB** "but also give hearty approval to those who practice them"  
**NAV** "maar hulle vind dit ook goed as ander dit doen"  
**OAV** "hulle goedkeuring skenk aan die wat dit doen"  
**CUM-NLV** "hulle spoor ook nog ander aan wat daarmee besig is"

Soort soek soort. Die gevalle mensheid beroep hulle op ander se doen en late as 'n verskoning: "Almal doen dit!" Kulture kan aan hulle geneigdheid tot bepaalde sondes uitgeken word.

## **BESPREKINGSVRAE**

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Hoekom het Paulus aan die kerk van Rome geskryf?
2. Waarom was die Romeinebrief so 'n belangrike teologiese daarstelling van die Christelike geloof?
3. Verskaf 'n raamwerk van 1:18-3:20 in jou eie woorde.
4. Sal diegene wat nooit met die evangelie in aanraking was nie verwerp word omdat hulle nie op Christus vertrou het nie?
5. Verduidelik die verskil tussen “algemene openbaring” (“natural revelation”) en “besondere openbaring” (“special revelation”).
6. Beskryf die lewe van mense sonder God.
7. Word die vraagstuk van spesifiek homoseksualiteit in 24-27 behandel?

## ROMEINE 2

<b>PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*</b>					
<b>UBS</b>	<b>NKJV</b>	<b>NRSV</b>	<b>TEV</b>	<b>JB</b>	<b>NAV</b>
Die regverdige oordeel van God 2:1-16	God se regverdige oordeel 2:1-16	Jode onder oordeel 2:1-11	God se oordeel 2:1-16	Die Jode is vrygestel van die toorn 2:1-11	Die regverdige oordeel van God 2:1-11
Die Jode en die wet 2:17-3:8	Die Jode is skuldig soos die heidene 2:17-24 Die besnydenis van geen nut nie 2:25-29	Die grondslag vir oordeel 2:12-16 2:17-24	Die Jode en die wet (2:17-3:8) 2:17-24	Die wet sal hulle nie red nie 2:12-16 2:17-24 Die besnydenis sal hulle nie red nie 2:25-29	Die besit van die wet stel jou nie vry van straf nie 2:12-16 Die Jode en die wet 2:17-24 Die besnydenis sonder meer het nie waarde nie 2:25-29

### LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xi)

#### OM DIE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK TE VOLG

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die vyf vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as die sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

#### DIE DELE IN KONTEKS: ROMEINE 2:1-3:20

- A. Hoofstukke 2 en 3 voltooi die literêre eenheid wat by 1:18 begin het:
  1. die verlorenheid van die mensdom;
  2. God se oordeel oor sonde; en
  3. die mensdom se behoefte aan God se geregtigheid deur Christus deur middel van persoonlike geloof en berou.
- B. In hoofstuk 2 word daar sewe beginsels genoem wat ter sprake is in die oordeel van God:
  1. navolging van die waarheid (vers 2)
  2. opgaan van straf (vers 5)

\* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hierbo. Aanhalingstekste is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

3. ooreenkomstig hul dade (verse 6 en 7)
  4. sonder inagneming van persoon (vers 11)
  5. leefstyl (volgens tien gebooie)
  6. verborge dinge van die hart (vers 16)
  7. geen voorkeur ten opsigte van nasionaliteit nie (vers 17-29)
- C. Daar word heelwat debat gevoer onder verklaarders oor wie aangespreek word in 2:1-17. Dit is duidelik dat 2:12-29 oor die Jode handel. Verse 1-17 dien die dubbele doel om moreel-hoogstaande heidene, soos Seneca (maatskaplike norme) en Jode met hul Mosaïese wet aan te spreek.
- D. In 1:18 betoog Paulus dat mense God deur die skepping kan ken. In 2:14-15 gaan hy verder en meld dat alle mense 'n innerlik morele gewete van God ontvang het. Op grond van dié twee getuies – skepping en gewete – word die hele mensdom veroordeel; selfs hulle wat nie blootstelling aan die OT of die evangelieboodskap gehad het nie. Mense word daarvoor verantwoordelik gehou dat hulle nie volgens die lig tot hulle beskikking geleef het nie.

## STUDIE VAN WOORDE EN FRASES

### NASB (UPDATED) TEXT: 2:1-11

**<sup>1</sup>Therefore you have no excuse, every one of you who passes judgment, for in which you judge another, you condemn yourself; for you who judge practice the same things. <sup>2</sup>And we know that the judgment of God rightly falls upon those who practice such things. <sup>3</sup>But do you suppose this, O man, when you pass judgment on those who practice such things and do the same yourself, that you will escape the judgment of God? <sup>4</sup>Or do you think lightly of the riches of His kindness and forbearance and patience, not knowing that the kindness of God leads you to repentance? <sup>5</sup>But because of your stubbornness and unrepentant heart you are storing up wrath for yourself in the day of wrath and revelation of the righteous judgment of God, <sup>6</sup>who WILL RENDER TO EACH PERSON ACCORDING TO HIS DEEDS: <sup>7</sup>to those who by perseverance in doing good seek for glory and honor and immortality, eternal life; <sup>8</sup>but to those who are selfishly ambitious and do not obey the truth, but obey unrighteousness, wrath and indignation. <sup>9</sup>There will be tribulation and distress for every soul of man who does evil, of the Jew first and also the Greek, <sup>10</sup>but glory and honor and peace to everyone who does good, to the Jew first and also to the Greek. <sup>11</sup>For there is no partiality with God.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 2:1-11.*

2:1	NASB	“you have no excuse, everyone of you who passes judgment”
	NKJV	“you are inexcusable, O man, whoever you are who judge”
	NRSV	“you have no excuse, whoever you are, when you judge others”
	TEV	“you have no excuse at all, whoever you are. For then you judge others”
	JB	“So no matter who you are, if you pass judgment you have no excuse”
	NAV	“Daarom is daar vir jou geen verontskuldiging nie, vir jou, mens, wat ‘n ander veroordeel”
	OAV	“Daarom is jy, o mens wat veroordeel, wie jy ook mag wees, sonder verontskuldiging”
	CUM-NLV	“veroordeel jy jouself, want eintlik doen jy dieselfde soort dinge. Daarom is jy ook sonder verontskuldiging”

Hier staan letterlik “nie wetlik verdedigbaar nie” (vgl. 1:20). Dit word in ’n Griekse sinstruktuur eerste gesê om dit bo alle twyfel as ’n absoluut onomstootlike feit te stel. Verse 1-16 dui op beide die eiegeregtigheid van Joodse wetgeleerdes en die Griekse moraliste (sedebewaarders). Deur oor ander oordeel uit te spreek, veroordeel hulle hulleself.

**2:2 “we know” (“Ons weet”):** Hierdie VOORNAAMWOORD dui waarskynlik op mede-Jode, maar dat dit om Christene gaan, is ook nie uitgesluit nie. In verse 2-4 keer Paulus terug na sy gebruiklike styl van redenasie – vraag en antwoord – wat as aanvallende diskoers (dialektiek) beskryf kan word. Volgens hierdie metode word die waarheid daargestel deur ’n beswaarmaker te veronderstel wie se besware dan beantwoord word. Dié benadering is ook deur Habakuk en Maleagi gebruik, sowel as deur die rabbyne en Griekse filosowe soos Sokrates en die Stoïsyne.

Met “ons weet”, ’n frase wat verskeie kere in Romeine voorkom (2:2; 3:19; 7:14; 8:22, 28), veronderstel Paulus by sy gehoor darem ’n mate van insig, anders as by die onsedelike heidene van hoofstuk 1.

▣ NASB	<b>“the judgment of God”</b>
NAV	<b>“dat God regverdig handel wanneer Hy [...] veroordeel”</b>
OAV	<b>“dat die oordeel van God na waarheid is”</b>
CUM-NLV	<b>“dat God ‘n suiwer oordeel sal vel”</b>

Die Bybel is heeltemal duidelik hieroor: alle mense sal aan God rekenskap moet gee oor wat hulle met die gawe van die lewe gedoen het (vgl. verse 5-9; Mat. 25:31-46; Openb. 20:11-15). Selfs Christene sal voor Christus moet staan (14:10-12; 2 Kor. 5:10).

**2:3** Die grammatikale vorm van Paulus se retoriese vraag veronderstel ’n “nee” as antwoord.

▣ NASB	<b>“do you suppose”</b>
NAV	<b>“verbeel jy jou”</b>
OAV	<b>“en meen jy”</b>
CUM-NLV	<b>“dink jy dan”</b>

Dit is die Griekse WERKWOORD, *logizomai*. Paulus gebruik dit dikwels (Rom. 2:3; 3:28; 4:3, 4, 5, 6, 8, 9, 10, 11, 22, 23, 24; 6:11; 8:18, 36; 9:8; 14:14; Gal. 3:6; ook tien keer in 1 en 2 Korintiërs; en twee keer in Filippense). Sien notas by 4:3 en 8:18.

▣ **“O man” (“jy, mens”):** Dit stem ooreen met dieselfde idioom in vers 1. In 9:20 verwys dit na Jode.

**2:4** In Grieks is dit ’n vraag.

▣ NASB	<b>“the riches of His kindness and forbearance and patience”</b>
NAV	<b>“God is ryk in goedheid, verdraagsaamheid en geduld”</b>
OAV	<b>“die rykdom van sy goedertierenheid en verdraagsaamheid en lankmoedigheid”</b>
CUM-NLV	<b>“goedheid”</b>

Mense het dikwels God se genade, barmhartigheid en geduld misverstaan en dit aangegryp as geleentheid om in sonde te volhard, eerder as om berouvol te wees (2 Pet. 3:9).

Paulus is lief daarvoor om na die kenmerke (wesenseienskappe) van God as ’n “rykdom” (ook “ryk aan”) (“riches”) te verwys (vgl. 9:2; 11:33; Kol. 1:27; Ef. 1:7, 18; 2:4, 7; 3:8, 16; Fil. 4:19).



■ NASB  
NAV, OAV  
CUM-NLV

“leads you to repentance”  
“tot bekering wil lei nie?”  
“vir jou tyd wil gee om tot inkeer te kom nie”

Berou is nie-onderhandelbaar in ’n geloof- en verbondsverhouding met God (Mat. 3:2; 4:17; Mark. 1:15; 6:12; Luk. 13:3, 5; Han. 2:38; 3:16, 19; 20:21). In Hebreeus beteken die woord “’n verandering in doen en late” (aksie), en in Grieks “verandering van denke”. Berou is ’n gewilligheid om van ’n selfgesentreerde bestaan om te swaai na ’n lewe toegelig deur, en onder bestuur van, God. Dit verg dat die prioriteit en gebondenheid tot die self opgegee moet word. Basies is dit ’n nuwe ingesteldheid; ’n nuwe uitkyk op die lewe; ’n nuwe Heer. Berou (bekering) is God se wil vir elke gevalle afstammeling van Adam; geskape na die beeld van God (vgl. Eseg. 18:21, 23, 32 en 2 Pet. 3:9).

Die NT-gedeelte wat die verskillende Griekse terme vir berou die beste weerspieël is 2 Kor. 7:8-12: (1) *lupeō* – “bedroef” of “hartseer”, in vers 8 twee keer en in vers 9 drie keer, twee keer in vers 10 en ook ’n keer in vers 11; (2) *metamelomai* – “spyt” of “jammer”, in verse 8 (twee keer), en 9; en (3) *metanoia* – “inkeer” of “bekering” in verse 9 en 10. In teenstelling hiermee is daar vals berou (vgl. Judas, *metamelomai* in Mat. 27:3 en Esau, Heb. 12:16-17) terwyl ware berou *metanoēō* is.

Ware bekering is teologies in ooreenstemming met (1) Jesus se prediking in verband met die voorwaardes van die nuwe verbond (vgl. Mat. 4:17; Mark. 1:15; Luk. 13:3, 5); (2) die apostels se prediking in Handeling (kerygma, vgl. Han. 3:16, 19; 20:21); (3) God se vrymagtige genadegawe (vgl. Han. 5:31; 11:18; 2 Tim. 2:25); en (4) verderf (2 Pet. 3:9). Berou is nie opsioneel nie!

#### VIR SPESIALE AANDAG: BEROU

Berou (saam met geloof) is ’n verbondsvereiste van beide die Ou Verbond (*nacham*, 1 Kon. 8:47; *shuv*, 1 Kon. 8:48; Eseg. 14:6; 18:30; Joël 2:12-13; Sag. 1:3-4) én die Nuwe Verbond.

1. Johannes die Doper (Mat. 3:2; Mark. 1:4; Luk. 3:3, 8)
2. Jesus (Mat. 4:17; Mark. 1:15; 2:17; Luk. 5:32; 13:3, 5; 15:7; 17:3)
3. Petrus (Han. 2:38; 3:10; 8:22; 11:18; 2 Pet. 3:9)
4. Paulus (Han. 13:24; 17:30; 20:21; 26:20; Rom. 2:4; 2 Kor. 2:9-100)

Maar wat is berou? Is dit om jammer te wees? Is dit die aflê van sonde? Die beste hoofstuk in dié verband is 2 Kor. 7:8-11, waar drie verskillende Griekse terme gebruik word, hoewel hulle tog met mekaar in verband staan.

1. “Jammer wees” (*lupē*, vgl. verse 8 (twee keer), 9 (drie keer), 10 (twee keer), en 11). Dit beteken droefheid of smart en is teologies neutraal.
2. “Berou hê” (*metanoēō*, vgl. verse 9 en 10). Dit is ’n verbinding van “agterna” en “verstand/gedagte”, wat ’n nuwe gedagte impliseer; ’n nuwe manier van dink; ’n nuwe ingesteldheid teenoor die lewe en God. Dit is ware berou.
3. “spyt” (*metamelomai*, vgl. verse 8 (twee keer), en 10). Dit is ’n verbinding van “agterna” en “besorg wees”. Dit word gebruik in verband met Judas in Mat. 27:3 en Esau in Heb. 12:16-17. Dit impliseer spyt oor die gevolge, maar nie oor die dade nie.

Berou en geloof is verbondsvereistes (Mark. 1:15; Han. 2:38, 41; 3:16, 19; 20:21). Daar is sommige tekste wat impliseer dat God berou skenk (Han. 5:31; 11:18; 2 Tim. 2:25). Die meeste

tekste sien dit egter as 'n noodsaaklike reaksie van die mens op God se aanbod van 'n onverdiende (vrye) verlossing.

Die definisies van beide die Griekse en Hebreeuse terme is nodig om die volle betekenis van berou te begryp. Die Hebreeus vereis 'n verandering van handelswyse terwyl die Griekse term 'n verandering van gedagtes vereis. Die verlore mens ontvang 'n nuwe denkwys (‘‘mind’’) en hart. Hy dink anders en leef anders. In plaas van: ‘‘Wat is daarin vir my?’’ vra hy nou: ‘‘Wat is God se wil?’’ Berou is nie net 'n emosie wat vervaag of 'n staat van algehele sondeloosheid nie. Dit is 'n nuwe verhouding met die Heilige wat die gelowige algaande omvorm tot 'n heilige.

**2:5-9** Hierdie verse beskryf (1) die hardnekkigheid van die gevalle mensdom en (2) God se toorn en oordeel.

<b>2:5 NASB</b>	<b>‘‘stubbornness’’</b>
<b>NAV</b>	<b>‘‘verharding’’</b>
<b>OAV</b>	<b>‘‘jou verhardheid en onbekeerlike hart’’</b>

Israel word in Eks. 32:9; 33:3, 5; 34:9; Deut. 9:6, 13, 27 op dieselfde wyse beskryf.

■ **‘‘heart’’ (‘‘hart’’):** Sien *Vir Spesiale Aandag: Die Hart* by 1:24.

■ <b>NASB</b>	<b>‘‘in the day of wrath’’</b>
<b>NAV</b>	<b>‘‘vir die oordeelsdag’’</b>
<b>OAV</b>	<b>‘‘vergader jy vir jou toorn as skat in die dag van die toorn’’</b>

In Joël en Amos (OT) word hierna verwys as ‘‘die dag van die Here’’. Dit is die konsep van die Oordeelsdag, of Opstandingsdag vir gelowiges. Die mensdom sal aan God rekenskap moet gee oor sy gawe van die lewe (Mat. 25:31-46; Openb. 20:11-15). Let daarop dat dit die sondaars self is (‘‘jy’’ en ‘‘jouself’’) wat besig is om straf/toorn op te gaar. Op 'n dag laat God toe dat hierdie opgegaarde toorn aan die lig kom en ten volle uiting kry.

Toorn is, soos alle ander menslike woorde wat God beskryf, by wyse van analogie (antropomorfies) op God van toepassing. God is ewig, heilig en Gees. Mense is sterflik, sondig en liggaamlik. God is nie emosioneel in die sin van 'n woedebui nie. Die Bybel beeld Hom uit as die Een wat sondaars liefhet en verlang dat hulle tot inkeer sal kom, maar ook as die Een wat ten volle gekant is teen die mens se rebellie. God is persoonlik; Hy hou ons persoonlik verantwoordelik vir ons sonde.

Nog 'n gedagte oor die toorn van God: volgens die Bybel word die toorn van God in die tyd (1:24, 26, 28) geopenbaar, maar ook aan die einde van die tyd, d.w.s. eskatologies (vgl. 2:5-8). Die dag van die Here (die Oordeelsdag) was 'n manier waarop die profete Israel gewaarsku het om in die huidige tyd tot inkeer te kom sodat hulle toekoms geseënd mag wees, en nie veroordeel nie (Deut. 27-28). Die profete het dikwels 'n krisis van die hede na die toekoms, tot die einde van tyd, geprojekteer.

**2:6** Dit is 'n aanhaling uit Ps. 62:12. Dit is 'n universele beginsel dat mense vir hulle dae verantwoordelikheid moet aanvaar en daarvan rekenskap sal moet gee (Job 34:11; Spr. 24:12; Pred. 12:14; Jer. 17:10; 32:19; Mat. 16:27; 25:31-46; Rom. 2:6; 14:12; 1 Kor. 3:8; Gal. 6:7-10; 2 Tim. 4:14; 1 Pet. 1:17; Openb. 2:23; 20:12; 22:12). Selfs gelowiges sal rekenskap moet gee van hul lewe en diens aan Christus (vgl. 2 Kor. 5:10). Gelowiges word nie gered *deur* werke nie, maar *vir* dienswerk (Ef. 2:8-10 [veral 2:14-26]; Jak. en 1 Joh.).

**2:7** “to those who” (“aan dié wat”): Daar is ’n kontras tussen persoonlikhede soos beskryf in verse 7 en 8 (“maar dié wat”).

■ NASB	“to those who by perseverance in doing good seek for glory and honor and immortality; eternal life”
NKJV	“eternal life to those who by patient continuance in doing good seek for glory, honor, and immortality”
NRSV	“to those who by patiently doing good seek for glory and honor and immortality, he will give eternal life”
TEV	“Some men keep on doing good, and seek glory, honor and immortal life; to them God will give eternal life”
JB	“For those who sought renown and honor and immortality by always doing good there will be eternal life”
NAV	“aan dié wat in goeëdeed volhard en op dié manier soek na wat verheerlik, eervol and onsterflik is, gee Hy die ewige lewe”
OAV	“aan die wat deur volharding in goeie werke heerlikheid, eer en onverganklikheid soek – die ewige lewe”
CUM-NLV	“ewige lewe gee aan hulle wat met volharding aanhou om goed te doen [...] streef na die toekomstige heerlikheid, eer en onsterflikheid”
CUM-MVB	“in goeëdeed volhard en op dié manier soek na goddelike grootheid, eer en onsterflikheid, gee Hy die ewige lewe”

Dit verwys na mense soos Kornelius (Han. 10:34-35). Hierdie gedeelte mag klink soos werkheiligheid (om geregtigheid te verwerf deur menslike inspanning), maar dit sou strydig wees met die hooftema van die Romeineboek. Hou in gedagte dat óf verse 1-16 óf verse 1-11 die paragraaf vorm. Die teologiese punt van die geheel is dat God nie ’n aannemer van die persoon is nie (vers 11) en dat almal gesondig het (vers 12). As mense geleef het volgens die lig waaroor hulle beskik (natuurlike openbaring vir die heidene; besondere openbaring vir die Jode, vgl. 10:5), dan sou hulle saak reg gewees het met God. Nietemin, die opsomming van 3:9-18, 23 toon aan dat niemand so geleef het nie, en ook nie daartoe in staat is nie.

’n Gelowige se veranderde lewe is die bevestiging en geldigmaking van sy aanvanklike antwoord met geloof. ’n Veranderde lewe is die bewys van die inwonende Gees van God (vgl. verse 10, 13; Mat. 7; Ef. 2:8-10; Jak. 2:14-26 en 1 Joh.) Sien *Vir Spesiale Aandag: Volharding is Noodsaaklik* by 8:25.

■ **“eternal life”** (“die ewige lewe”): Dit is ’n kenmerkende frase in die geskrifte van Johannes, maar word spaarsamig gebruik in die Sinoptiese Evangelies. Paulus ontleen die frase moontlik van Dan. 12:2 (vgl. Tit. 1:2; 3:7), waar die verwagting van die nuwe tyd aangehaal word: lewe in vertrouensverhouding met God; opstandingslewe. Sy eerste gebruik van die frase is in Gal. 6:8. Dit is ’n algemene tema in die leerstellige deel van sy Romeinebrief (2:7; 5:21; 6:22, 23). Dit kom ook verskeie kere in die Herderlike Briewe voor (vgl. 1 Tim. 1:16; Tit. 1:2; 3:7).

<b>2:8</b> NASB	“those who are selfishly ambitious”
NKJV, NRSV	“those who are self-seeking”
TEV	“other people are selfish”
NJB	“those who out of jealousy”
NAV	“maar dié wat uit selfsug”
OAV	“maar aan dié wat eiesinnig”
CUM-NLV	“hulle wat halsstarrig”

Die oorspronklike betekenis van die woord is “werk te huur” (vgl. Tob. 2:11).

Louw en Nida in *Greek-English Lexicon*, vol. 2, bl. 104 teken twee gebruike van die term aan:

1. “selfsugtige ambisie”, met verwysing na Rom. 2:8 en dié aantekening daarby: “om beter te wil wees as iemand anders”, wat pas in hierdie konteks
2. “vyandigheid”, gebruik in Fil. 1:17 met “mededinging” (“rivalry”) as vertaling (sien ook 2 Kor. 12:20, Gal. 5:20; Fil. 2:3; Jak. 3:14, 16)

■ NASB	<b>“and do not obey the truth”</b>
NAV, OAV	<b>“ongehoorsaam is aan die waarheid”</b>
CUM-NLV	<b>“weier om die waarheid te gehoorsaam”</b>

Die term “waarheid” (*aletheia*) is in sy Hebreuse betekenis (*emeth*) vir betroubaarheid en getrouheid gebruik. In hierdie verband het dit ’n morele eerder as intellektuele fokus. Sien *Vir Spesiale Aandag: “Waarheid” in Paulus se Geskrifte* by 1:18.

<b>2:9 NASB</b>	<b>“for every soul of man”</b>
NAV	<b>“die lewe van elke mens”</b>
OAV	<b>“oor die siel van elke mens”</b>
CUM-NLV	<b>“vir elke mens”</b>

Paulus gebruik die Griekse term, *pas*, wat as “almal” of “elkeen” vertaal kan word. Dikwels in hierdie aanvangshoofstukke van Romeine om die universele implikasies van beide die “slegte nuus” (die mensheid se verlorenheid en God se oordeel sonder aansien van persoon) en die “goeie nuus” (God se aanbod van vrye verlossing en volkome vergifnis in Christus aan almal wat berou het en glo) te toon.

Die konteks impliseer dus ’n universele oordeel en wat daaruit voortvloei. Hierdie waarheid vereis ’n opstanding van die regverdiges en die goddeloses (vgl. Dan. 12:2; Joh. 5:28-29; Han. 24:15).

Indien verse 6-11 ’n chiasma (kruising van woordorde) is, is 8-9 die sleutelverse wat oordeel vir dié wat in kwaad volhard, aandui.

**2:9-10 “the Jew first” (“in die eerste plek oor dié van die Jood”):** Die doel van die herhaling is om te beklemtoon. Die Jood was eerste om die openbaring van God te ontvang (1:16; Mat. 10:6; 15:24; Joh. 4:22; Han. 3:26; 13:46), maar ook eerste in oordeel (vgl. 9-11) omdat hulle God se Openbaarmaker gehad het (9:4-5).

<b>2:11 NASB, NKJV</b>	<b>“for there is no partiality with God”</b>
NRSV	<b>“For God shows no partiality”</b>
TEV	<b>“For God judges everyone by the same standard”</b>
NJB	<b>“There is no favoritism with God”</b>
NAV	<b>“God trek immers niemand voor nie”</b>
OAV	<b>“Want daar is geen aanneming van die persoon by God nie”</b>
CUM-NLV	<b>“God het immers geen witbroodjies nie”</b>
CUM-MVB	<b>“God is immers nie partydig nie”</b>

Letterlik word hiermee bedoel “die gesig oplik” – ’n metafoer uit die regstelsel van die OT (vgl. Lev. 9:15; Deut. 10:17; 2 Kron. 19:17; Han. 10:34; Gal. 2:6; Ef. 6:9; Kol. 3:25; 1 Pet. 1:17). Indien ’n regter agslaan op ’n persoon wanneer hy ’n saak moet besleg, ontstaan partydigheid. Om dié rede moes hy nie die “gesig oplik” van wie ook al voor hom staan nie.

## **VIR SPESIALE AANDAG: RASSISME**

### **I. Inleiding**

- A. Dit is 'n universele uitdrukking in die samelewing van 'n gevalle mensdom. Dit is die ego van die mensdom wat homself bevoordeel ten koste van ander. Rassisme is merendeels 'n eietydse verskynsel, met nasionalisme (of stamverband) as die vroeëre uitdrukking daarvan.
- B. Nasionalisme het by Babel begin (Gen. 11) en is tevore met Noag se drie seuns in verband gebring uit wie rasse verondersteld ontwikkel het (Gen. 10). Dit is egter uit die Skrif duidelik dat die mensdom uit een bron ontstaan het (Gen. 1-3; Han. 17:24-26).
- C. Rassisme is een van vele vooroordele. Sommige ander is (1) opvoedkundige snobisme; (2) sosio-ekonomiese aanmatiging; (3) selfvoldane godsdienstige wettisme; en (4) dogmaties-politieke verbintenisse.

### **II. Bybelse Materiaal**

#### **A. Ou Testament**

- 1. Gen. 1:27 – Die mensdom, man en vrou, is geskape na die beeld en gelykenis van God waaruit hulle uniekheid blyk. Dit vertoon ook hulle individuele waarde en waardigheid (vgl. Joh. 3:16).
- 2. Gen. 1:11-25 – Herhaal die frase “elkeen na sy aard” 10 keer. Dit is dikwels aangehaal om rassessekering te regverdig, maar dit is uit die konteks duidelik dat dit hier handel oor diere en plante en nie mense nie.
- 3. Gen 9:18-27 – Dit is aangewend om rasse-oorheersing te regverdig. Dit moet egter onthou word dat nie God nie, maar Noag, sy oupa, Kanaän, vervloek het ná hy van sy dronkenskap wakker geword het. Die Bybel dui nêrens aan dat God hierdie vervloeking of eed bekragtig het nie. Selfs al sou Hy dit wel bekragtig het, raak dit nie die swart ras nie. Kanaän was die vader van diegene wat Palestina bewoon het en Egiptiese muurskilderye toon dat hulle nie swart was nie.
- 4. Jos. 9:23 – Hierdie gedeelte is soms gebruik om te bewys dat een ras die ander sal dien. Die Gibeoniete, blykens die konteks, was van dieselfde ras as die Jode.
- 5. Esra 9-10 en Neh. 13 – Hierdie gedeelte is dikwels gebruik in ras verband, maar die konteks toon aan dat die huwelike nie verdoem is as gevolg van ras nie (hulle was afstammeling van dieselfde seun van Noag, Gen. 10), maar op grond van godsdienstige oorweginge.

#### **B. Nuwe Testament**

##### **1. Die Evangelies**

- a. Jesus het telkens verwys na die haat tussen Jode en Samaritane en dit onaanvaarbaar bestempel.
  - (1) die gelykenis van die Goeie Samaritaan (Luk. 10:25-37)
  - (2) die vrou by die put (Joh. 4)
  - (3) die dankbare melaatse (Luk. 17:7-19)
- b. Die evangelie is vir die hele mensdom (vgl. Joh. 3:16; Luk. 24:46-47; Heb. 2:9; Openb. 14:6)
- c. Die koninkryk sluit die hele mensdom in (vgl. Luk. 13:29; Openb. 5)

2. Handelinge
  - a. Han. 10 is sonder twyfel 'n verwysing na God se universele liefde en die evangelie se universele boodskap.
  - b. Petrus is veroordeel vir sy optrede soos in Han. 11 vermeld word, en die probleem is nie opgeklaar voordat die Jerusalem Vergadering met 'n oplossing vorendag gekom het nie (Han. 15). Die spanning tussen Jode en heidene gedurende die eerste eeu was baie intens.
3. Paulus
  - a. In Christus is daar geen skeidsmure nie (Gal. 3:26-28; Ef. 2:11-22; Kol. 3:11)
  - b. God is nie 'n aannemer van persoon nie (Rom. 2:11; Ef. 6:9)
4. Petrus en Jakobus
  - a. God is geen aannemer van persoon nie (1 Pet. 1:17)
  - b. God is onpartydig en daarom moet sy mense ook so wees (Jak. 2:1)
5. Johannes
  - a. Een van die sterkste stellings oor die verantwoordelikheid van gelowiges kom voor in 1 Joh. 4:20

### III. Gevolgtrekking

- A. Rassisme, of vooroordeel van enige aard, is totaal onvanpas vir God se kinders. Hier volg 'n aanhaling van Henlee Barnette, uitgespreek tydens 'n forum van die Christian Life Commission in 1964 te Glorieta, New Mexico: "Racism is heretical because it is unbiblical and unchristian, not to mention unscientific."\*
- B. Hierdie probleem bied Christene die geleentheid om hulle Christelike liefde en vergewensgesindheid aan 'n verlore wêreld te toon. Wie nie hiertoe in staat is nie, is onvolwasse en bied geleentheid vir die bose om die gelowige se geloof, sy geloofsekerheid en groei te belemmer. Dit verhinder ook verlore mense om na Christus toe te kom.
- C. Wat kan ek doen? (Hierdie stuk is uit die Christian Life Commission-traktaat met opskrif "Race Relations" geneem:

#### "OP PERSOONLIKE VLAK"

- ★ Aanvaar jou verantwoordelikheid om rasverwante probleme op te los.
- ★ Bevry jouself van rassevooroordeel deur gebed, Bybelstudie en vertrouensverhoudings met mense van ander rasse te kweek.
- ★ Gee uitdrukking aan jou oortuigings aangaande ras waar rassehaat sonder teësprak aangeblaas word.

#### "IN FAMILIELEWE"

- ★ Wees bedag op die invloed van familie in die ontwikkeling van rasse-gesindheid.
- ★ Skep Christelike gesindhede tuis deur dít wat kinders en grootmense op straat oor ras hoor, te bespreek.
- ★ Ouers moet daarop bedag wees dat hulle self 'n Christelike voorbeeld stel wat betref omgang met mense van 'n ander ras.
- ★ Soek geleenthede om vriendskapsbande oor rassegrense heen te sluit.

\* "Rassisme is dwaling omdat dit onbybels en onchristelik is, om nie eens van onwetenskaplik te praat nie."

**“IN JOU KERK”**

- ★ Deur prediking en onderrig in die Bybelse waarheid omtrent ras kan die gemeente gemotiveer word om ‘n voorbeeld te stel aan die hele samelewing.
- ★ Maak seker dat die erediens, vertrouensverhouding en dienste van die kerk oop is vir almal, want die NT-kerke het geen rassegrense gehad nie (Ef. 2:11-22; Gal. 3:26-29).

**“IN JOU DAAGLIKSE LEWE”**

- ★ Help dat rassediskriminasie in die werkplek uitgeskakel word.
- ★ Werk deur gemeenskapsorganisasies om gelyke regte en geleenthede te skep terwyl jy onthou dat die rasseprobleem aangespreek moet word; nie mense nie. Die doel is om begrip te bevorder sonder om bitterheid te veroorsaak.
- ★ As dit die regte ding blyk te wees, organiseer ‘n spesiale komitee bestaande uit besorgde burgers om die lyne van kommunikasie oop te maak vir opvoeding van die publiek en vir spesifieke aksies om rasseverhoudinge te verbeter.
- ★ Ondersteun wetgewing en wetstoepassers wat sosiale geregtigheid bevorder en staan diegene wat vooroordeel uitbuit vir politieke gewin, teen.
- ★ Doen voorspraak vir wetstoepassers wat sonder diskriminasie optree.
- ★ Vermy geweld, propageer respek vir die wet en doen as Christen alles in jou vermoë om seker te maak dat wetlike strukture nie deur voorstanders van diskriminasie misbruik word nie.
- ★ Wees ‘n voorbeeld van die gees en gedagtes van Christus in alle menseverhoudinge.

**NASB (UPDATED) TEXT: 2:12-16**

**<sup>12</sup>For all who have sinned without the Law will perish without the Law, and all who have sinned under the Law will be judged by the Law; <sup>13</sup>for it is not the hearers of the Law who are just before God, but the doers of the Law will be justified. <sup>14</sup>For when Gentiles who do not have the Law do instinctively the things of the Law, these, not having the Law, are a law to themselves, <sup>15</sup>in that they show the work of the Law written in their hearts, their conscience bearing witness and their thoughts alternately accusing or else defending them, <sup>16</sup>on the day when, according to my gospel, God will judge the secrets of men through Christ Jesus.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 2:12-16.*

<b>2:12 NASB</b>	<b>“For all who have sinned without the Law”</b>
<b>NAV</b>	<b>“Almal wat sonder die wet van Moses gesondig het”</b>
<b>OAV</b>	<b>“almal wat sonder die wet”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“al die nie-Jode”</b>

Voor God is alle mense toerekenbaar; selfs al was hulle nooit in aanraking met die OT of die evangelie nie. Alle mense het sedert die skepping ‘n basiese kennis van God (vgl. 1:19-20; Ps. 19:1-6) en ‘n aangebore morele aanvoeling (2:14-15). Die tragedie is dat almal bewustelik die lig tot hulle beskikking minag (1:21-23; 3:9, 19, 23; 11:32; Gal. 3:22).

■ **“the Law” (“die wet”):** Daar is nie ‘n LIDWOORD wat by die term “wet” pas nie – ‘n grammatikale konstruksie wat gewoonlik die NAAMWOORD kwalifiseer. Nietemin, in Romeine gebruik Paulus “die wet” ten einde na verskeie dinge te verwys: (1) die Romeinse wet; (2) die Mosaïese wet; of (3) die meer algemene opvattinge wat sosiale aanvaarbaarheid bepaal in die samelewing. Konteks, nie die LIDWOORD nie, moet aandui watter konsep hier bedoel word.

Die konteks beklemtoon dat alle mense 'n sekere kennis van God se natuurlike selfopenbaring in hulle harte dra (vgl. vers 15).

<b>2:13 NASB</b>	<b>“for <i>it is</i> not the hearers of the Law <i>who</i> are just before God”</b>
<b>NAV</b>	<b>“nie dié wat die wet hoor, word deur God vrygespreek nie”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“nie die blote aanhoor van die wet wat mense vrymaak”</b>
<b>OAV</b>	<b>“by God regverdig is nie”</b>

Die term “luisteraars” (“dié wat hoor” of bloot “gehoor”) word deur rabbyne gebruik om na hulle studente te verwys in die Torah. Die skrywers van die NT het in Hebreeus gedink, hoewel hulle in Koine Grieks geskryf het. Daarom moet woordontleding met die LXX begin, eerder as met 'n Griekse woordeboek.

Die term “regverdig” of “geregverdig” (*kikē* in al sy vorms) is 'n kernbegrip in Paulus se teologie (vgl. 3:4, 20, 24, 26, 28, 30; 4:2, 5; 5:1, 9; 6:7; 8:30, 33). Die woorde “regverdige”, “regverdig”, “regverdiging”, “reg” en “regverdigheid” is almal afgelei van *dikaios*. Sien *Vir Spesiale Aandag: Geregtigheid* by 1:17. In Hebreeus verwys *tsadak* na 'n lang reguit riet (ongeveer 5-6 meter lank) wat as skietlood gebruik is vir die meet van mure en heinings. Dit het gebruiklik geword as metafoor vir God se standaard van oordeel.

In Paulus se geskifte is die term tweërlei: eerstens word God se geregtigheid as vrye gawe aan die gevalle mensdom gebied slegs deur geloof in Christus. Dit word dikwels “toegerekende” of “toegekende” geregtigheid genoem. Dit dui op 'n geregtelike vryspraak, 'n status van toegekende geregtigheid voor 'n regverdige God. Hieruit spruit Paulus se bekende “geregtigheid deur geloof”-tema. Die tweede fokuspunt is die aktiwiteit van God om die verlore mensdom weer na sy beeld te herstel (vgl. Gen. 1:26-27); anders gestel, om Christus-gelykvormigheid te bewerkstellig. Hierdie vers (soos Mat. 7:24; Luk. 8:21 en 11:28; Joh. 13:17; Jak. 1:22-25; 2:14-28) dring by gelowiges daarop aan dat hulle nie net luisteraars is nie, maar ook doeners moet wees. Toegerekende geregtigheid moet lei tot 'n lewe van geregtigheid. God vergewe en verander sondaars! Paulus gebruik dié terme in 'n wetlike sowel as etiese verband. Die verbond bied mense 'n wettige status, maar vereis daarmee saam 'n Godvresende lewenstyl.

<b>■ NASB</b>	<b>“but doers of the Law”</b>
<b>NAV</b>	<b>“maar doen wat die Wet sê”</b>
<b>OAV</b>	<b>“maar die daders van die wet”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“hulle wat God se wet gehoorsaam”</b>

Om God te ken vereis 'n nuwe, gehoorsame lewenstyl (vgl. Lev. 18:5; Mat. 7:24-27; Luk. 8:21; 11:28; Joh. 13:17; Jak. 1:22-25; 2:14-28). Op talle maniere is hierdie konsep nabootsing van die die Hebreeuse *shema*-belydenis, wat vereis dat gedoen word soos wat gehoor en bely word (Deut. 5:1; 6:4; 9:1; 20:3; 27:9-10).

<b>2:14 NASB</b>	<b>“For when Gentiles who do not have the Law do instinctively the things of the Law, these, not having the Law, are a law to themselves”</b>
<b>NKJV</b>	<b>“for when Gentiles, who do not have the law, by nature do things contained in the law, these, although not having the law, are a law to themselves”</b>
<b>NRSV</b>	<b>“When Gentiles, who do not possess the law, do instinctively what the law requires, these, though not having the law, are a law to themselves”</b>
<b>TEV</b>	<b>“The Gentiles do not have the Law, but whenever of their own free will they do what the Law commands, they are a law to themselves, even</b>



	<b>though they do not have the Law”</b>
<b>JB</b>	<b>“For instance, pagans who never heard of the Law but are led by reason to do what the Law commands, may not actually possess the Law, but, they can be said to ‘be’ the Law”</b>
<b>NAV</b>	<b>“Wanneer heidene, wat nie die wet het nie, tog vanself dinge doen wat die wet vereis, is hulle vir hulleself ‘n wet al het hulle nie die wet nie.”</b>
<b>OAV</b>	<b>“Want wanneer die heidene, wat geen wet het nie, van nature die dinge van die wet doen, is hulle vir hulleself ‘n wet, al het hulle geen wet nie”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“die nie-Jode betref wat nie God se geskrewe wet het nie, stel hulle vir hulleself ‘n wet”</b>

Alle kulture het ’n aangebore morele wet: gemeenskapsnorme. Hulle aanvaar eie verantwoordelikheid vir die lig waaroor hulle beskik (1 Kor. 9:21). Hierdie vers beteken nie dat hulle met God reg is as hulle in die lig van hulle kultuur lewe nie, maar wel dat hulle self verantwoordelik is vir hulle Godgewe, aangebore kennis.

<b>2:15 NASB</b>	<b>“their conscience bearing witness, and their thoughts alternately accusing or else defending them”</b>
<b>NAV</b>	<b>“Ook hulle gewetens getuig daarvan wanneer hulle in ‘n innerlike tweestryd deur hulle gedagtes aangekla of vrygespreek word”</b>
<b>OAV</b>	<b>“omdat hulle toon dat die werke van die wet in hulle harte geskryf staan”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“hulle optrede toon dat”</b>

Daar is ’n aangebore morele stem, maar net die Bybel, toegelig deur die Heilige Gees, kan ten volle vertrou word. Die sondeval het ook ons gewetens aangetas. Nietemin, skepping (Rom. 1:18-20) en hierdie aangebore morele wet (2:14-15) is al kennis van God waaroor sommige mense beskik. Daar was geen ooreenstemmende Hebreeuse woord vir die Griekse *syneidesis*, of “gewete” nie. Die Griekse konsep van ’n aangebore morele aanvoeling vir reg en verkeerd is dikwels ’n besprekingspunt in geleedere van die Griekse filosowe. Paulus was goed op hoogte van sake met die Griekse filosowe (hy haal Cleanthes aan in Han. 17:28, Menander in 1 Kor. 15:33 en Epimenides in Tit. 1:12) danksy sy vroeër opvoeding in Tarsus. Sy tuisstad was beroemd vir uitstekende skole van Griekse voordragkuns en filosofie.

<b>2:16 NASB</b>	<b>“on the day”</b>
<b>NAV</b>	<b>“op die dag”</b>
<b>OAV</b>	<b>“in die dag”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“oordeelsdag”</b>

Sien aantekeninge by 2:5.

<b>■ NASB</b>	<b>“according to my gospel”</b>
<b>NAV</b>	<b>“ooreenkomstig die evangelie wat ek verkondig”</b>
<b>OAV</b>	<b>“volgens my evangelie”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“deel van die goeie nuus wat ek verkondig”</b>

In konteks verwys dit na Paulus se prediking oor die openbaring van Jesus Christus. Die VOORNAAMWOORD “my” dui op Paulus se verstaan van die rentmeesterskap deur die evangelie aan hom toevertrou (16:25; 1 Kor. 15:1; Gal. 1:11; 1 Tim. 1:11; 2 Tim. 2:8). Nie dat sy weergawe so uniek was nie, maar as apostel onder die heidene het hy ’n uitermate groot verantwoordelikheid gevoel om die waarheid omtrent Jesus in die Grieks-Romeinse wêreld te versprei.

- |               |   |
|---------------|---|
| <b>■ NASB</b> | <b>“God will judge the secrets of men”</b>                |
| NAV, OAV      | <b>“oor die verborge dinge van die mense sal oordeel”</b> |
| CUM-NLV       | <b>“oordeel oor die verborge dieptes van ons verlede”</b> |

God ken die harte van alle mense (vgl. 1 Sam. 2:7; 16:7; 1 Kon. 8:39; 1 Kron. 28:9; 2 Kron. 6:30; Ps. 7:9; 44:21; 139:1-6; Spr. 15:11; 21:2; Jer. 11:20; 17:10; 20:12; Luk. 15:16; Han. 1:24; 15:8; Rom. 8:27; Openb. 20:11-15).

- “through Christ Jesus” (“deur Christus Jesus”):** Die Here Jesus het nie gekom om te oordeel nie (Joh. 3:17-21). Hy het gekom om God die Vader te openbaar, om ’n plaasvervangende dood te sterwe, en om vir gelowiges ’n navolgenswaardige voorbeeld te stel. Wanneer mense Jesus verwerp, spreek hulle oordeel oor hulleself uit.

Nogtans leer die NT dat Jesus as verteenwoordiger van die Vader in die oordeel sal optree (Joh. 5:22, 27; Han. 10:42; 17:31; 2 Tim. 4:1). Die spanning tussen Jesus as Regter en/of Saligmaker is merkbaar in die Evangelie van Johannes (vgl. 3:17-21 teenoor 9:39).

**NASB (UPDATED) TEXT: 2:17-24**

**<sup>17</sup>But if you bear the name “Jew” and rely upon the Law and boast in God, <sup>18</sup>and know His will and approve the things that are essential, being instructed out of the Law, <sup>19</sup>and are confident that you yourself are a guide to the blind, a light to those who are in darkness, <sup>20</sup>a corrector of the foolish, a teacher of the immature, having in the Law the the embodiment of knowledge and of the truth, <sup>21</sup>you, therefore, who teach another, do you not teach yourself? You who preach that one should not steal, do you steal? <sup>22</sup>You who say that one should not commit adultery, do you commit adultery? You who abhor idols, do you rob temples? <sup>23</sup>You who boast in the Law, do you dishonor God? <sup>24</sup>For “THE NAME OF GOD IS BLASPHEMED AMONG THE GENTILES BECAUSE OF YOU,” just as it is written.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 2:17-24.*

- |                  |                               |
|------------------|-------------------------------|
| <b>2:17 NASB</b> | <b>“if”</b>                   |
| NAV              | <b>“Jy sê jy”</b>             |
| OAV              | <b>“Kyk, jy”</b>              |
| CUM-NLV          | <b>“jy [...] jy [...] jy”</b> |

Dit is ’n BYWOORDELIKE BYSIN VAN VOORWAARDE KLAS EEN wat aanvaar word as waarheid vanuit die skrywer se perspektief, of vir die doel wat hy met hierdie skryfwyse wil bereik. Hierdie voorwaardelike stelwyse word toegepas tot by vers 20, maar sonder ’n afsluiting, wat daartoe lei dat TEV hier vertaal met ’n veronderstelling, naamlik dat dit op uitsprake wat Jesus vantevore gemaak het, berus. Die Jode het vir die saligheid grootliks op hul afkoms, tradisies en eie werke vertrou (vgl. Mat. 3:9; Joh. 8:33, 37, 39).

- |               |  |
|---------------|--|
| <b>■ NASB</b> | <b>“boast in God”</b>  |
| NAV, OAV      | <b>“beroem jou daarop dat God jou God is”</b>                      |
| CUM-NLV       | <b>“jy spog daarmee dat jy ‘n spesiale verhouding met God het”</b> |

Baie Jode het hulle daarop verlaat dat (1) hulle ras en afkoms, sowel as (2) hulle onderhouding van die wet van Moses hulle by God aanvaarbaar maak. In werklikheid het hulle wettiese selfregverdiging hulle van God vervreem (vgl. Mat. 5:20; Gal. 3). Hoe ironies en tragies!

Paulus sluit aan by die roemgedagte in 1 Korintiërs. Hy is gekonfronteer met 'n hooghartige Israel en 'n ewe aanmatigende Griekse intellektualisme. Kortom, dis wis en seker, niemand het iets om oor te roem voor God nie (vgl. Ef. 2:8-9). Om dit ietwat kras te stel: God het aan die kortste end getrek toe Hy ons gekry het.

### **VIR SPESIALE AANDAG: ROEM (TROTS)**

Die Griekse terme *kauchaomai*, *kauchēma* en *kauchēsis* word sowat 35 keer deur Paulus gebruik en kom twee keer in die res van die NT voor (in Jakobus). Meestal kom dit in 1 en 2 Korintiërs voor.

Daar is twee waarhede wat met spoggerij verband hou:

- ★ geen vlees sal voor God kan roem nie (vgl. 1 Kor. 1:29; Ef. 2:9);
- ★ gelowiges moet in die Here roem (trots) vind (vgl. 1 Kor. 1:31; 2 Kor. 10:17, wat aan Jer. 9:23-24 herinner).

Daarom is daar aanvaarbare en onaanvaarbare roem of trots.

#### 1. Aanvaarbaar

- a. roem in die hoop op vrysprak (vgl. Rom. 4:2)
- b. in God deur die Here Jesus (vgl. Rom. 5:11)
- c. in die kruis van die Here Jesus Christus (bv. Paulus se hoofgedagte, vgl. 1 Kor. 1:17-18; Gal. 6:14)
- d. Paulus vind roem in
  - (1) sy bediening sonder vergoeding (1 Kor. 9:15-16; 2 Kor. 10:12)
  - (2) sy gesag aan Christus ontleen (2 Kor. 10:8, 12)
  - (3) dat hy nie hom beroem op ander se werk nie (soos sommige in Korinte wel gedoen het, vgl. 2 Kor. 10:15)
  - (4) sy ras-afkoms (soos sommige in Korinte ook wel doen, vgl. 2 Kor. 11:17; 12:1, 5, 6)
  - (5) sy kerke
    - (a) Korinte (vgl. 2 Kor. 7:4, 14; 8:24; 9:2; 11:10)
    - (b) Tessalonika (vgl. 2 Tes. 1:4)
  - (6) sy vertroue in God se vertroosting en redding (2 Kor. 1:12)

#### 2. Onaanvaarbaar

- a. roem oor Joodse afkoms (Rom. 2:17, 23; 3:27; Gal. 6:13)
- b. sommige kerke van Korinte het hulle beroem:
  - (1) op mense (1 Kor. 3:21)
  - (2) op wysheid (1 Kor. 4:7)
  - (3) in vryheid (1 Kor. 5:6)
- c. valse leraars het hulle ook beroem op die kerk van Korinte (2 Kor. 11:12).

**2:18** “approve” (“onderskei”): Sien *Vir Speciale Aandag* hieronder.

## VIR SPESIALE AANDAG: “TOETSING” – GRIEKSE TERME EN KONNOTASIES

Vir die gedagte om iemand te toets met die oog op ‘n bepaalde doel, is daar twee woorde in Grieks:

### 1. *Dokimazō, dokimion, dokimasia*

Dit is ‘n metallurgiese term wat gebruik word wanneer die egtheid van ‘n stof deur vuur getoets word (metafories – iemand). Vuur ontbloot die ware metaal deur metaalslak af te brand. Hierdie fisiese proses het ‘n kragtige idioom geword om te beskryf hoe God en mense ander beproef. Die woord “beproof” word altyd in ‘n positiewe sin gebruik met ‘n verwagte goeie afloop.

In die NT word dit gebruik vir die toets van:

- a. osse (Luk. 14:19);
- b. selfondersoek (1 Kor. 11:28);
- c. eie geloof (Jak. 1:3); en
- d. selfs God (Heb. 3:9).

Die resultaat van hierdie toetsing word aanvaar as positief (vgl. Rom. 1:28; 14:22; 16:10; 2 Kor. 10:18; 13:3; Fil. 2:27; 1 Pet. 1:7). Die basiese idee is dat iemand ondersoek is en gevolglik:

- a. verdienstelik;
- b. goed;
- c. opreg;
- d. waardevol; en
- e. geëerd bevind is.

### 2. *Peirazō, peirasmos*

Hierdie term hou verband met ‘n ondersoek met die doel om fout te vind of af te keur. Dit word dikwels gebruik met betrekking tot Jesus se versoeking in die woestyn

- a. Dit spreek van die poging om Jesus in ‘n strik te lok (Mat. 4:1; 16:1; 19:3; 22:18, 35; Mark. 1:13; Luk. 4:2; 10:25; Heb. 2:18).
- b. *Peirazō* word gebruik as ‘n titel vir Satan (Mat. 4:3; 1 Tes. 3:5).
- c. In saamgestelde vorm, *ekpeirazō*, word dit deur Jesus gebruik om nie vir God te toets nie (Mat. 4:7; sien ook 1 Kor. 10:9).
- d. Dit word ook gebruik in verband met die versoeking en beproewing van gelowiges (1 Kor. 7:5; 10:19, 13, 14; 1 Pet. 4:12).

■ **“the Law” (“die wet van Moses”):** Verse 17vv handel oor die Joodse volk. Gevolglik impliseer “the Law” vanweë die konteks “die wet van Moses”. Dit word deur vers 25 bevestig wanneer daar oor die besnydenis gepraat word.

**2:18-20** Die Joodse leiers het geglo dat hulle weg (Judaïsme, ‘n sektariese afwyking) die regte en enigste weg na God toe was. Hulle was tevrede om aan hulleself te dink as die ware leraars in religieuse sake. Maar voorreg gaan gepaard met verantwoordelikheid (vgl. Luk. 12:48).

Let op die parallele in hulle selfvertroue:

1. ‘n *gids* vir dié wat *blind* is (vers 19)
2. ‘n *lig* vir dié wat in *duisternis* verkeer (vers 19)

3. 'n teregwyser van die *dwase* (vers 20)
4. 'n leermeester van die *onvolwassenes* (vers 20)
5. wat in die wet die beliggaming van kennis en waarheid vind (vers 20)

**2:21-24** Indien jy jou vertrou in persoonlike gehoorsaamheid stel, dan moet dit volkome gehoorsaamheid wees (vgl. Mat. 5:20-48; Gal. 3:10, wat 'n aanhaling van Deut. 27:26 is; Jak. 2:10). Vir die gevalle mensdom is dit egter onmoontlik. Paulus rig vyf retoriese vrae aan sy Joodse lesers/gehoor in verse 21-23.

**2:22** Dit is moeilik om uit te maak oor wie Paulus in verse 22-23 praat. Aangesien die beskrywing nie van toepassing is op die meeste Jode van sy dag nie, is dit moontlik dat hierdie sondes in 'n dieper sin verstaan moet word, in ooreenstemming met hoe Jesus dit in Mat. 5:20-48 bedoel. George Ladd in *A Theology of the New Testament*, is van mening dat Paulus verwys na berowing van God se verskuldigde eer, na geestelike ontrouheid, en deur ontwyding van die godsdiens deur hulleself as heer en meester oor hul medeskepsels aan te stel (bl. 505).

**2:22** “**abhor idols**” (“**n afsku van afgode**”): Die grondbetekenis van hierdie term is om weg te draai as gevolg van 'n slegte reuk.

▣ “**do you rob temples**” (“**beroof jy nie hulle tempels nie**”): Dit is onseker op watter historiese omstandighede hierdie opmerking gebaseer is, maar daar bestaan algemene konsensus onder teoloë dat dit op 'n manier verband hou met afgodery.

**2:24** Hierdie is 'n aanhaling uit Jes. 52:5 in die LXX. God wou Israel seën vir nakoming van die verbond as voorbeeld vir die wêreld (Deut. 27-28), maar Israel het nooit die verbond nagekom nie. Gevolglik was daar vir die wêreld net die oordeel van God te sien (Eseg. 36:22-32). Israel was bestem om 'n koninkryk van priesters te wees, wat die hele wêreld na YHWH sou lei (vgl. Gen. 12:3; Ef. 2:11-3:13). Sien *Vir Spesiale Aandag: Bob se Evangeliese Vooroordele* by 1:5.

**NASB (UPDATED) TEXT: 2:25-29**

**<sup>25</sup>For indeed circumcision is of value if you practice the Law; but if you are a transgressor of the Law, your circumcision has become uncircumcision. <sup>26</sup>So if the uncircumcised man keeps the requirements of the Law, will not his uncircumcision be regarded as circumcision? <sup>27</sup>And he who is physically uncircumcised, if he keeps the Law, will he not judge you who though having the letter of the Law and circumcision are a transgressor of the Law? <sup>28</sup>For he is not a Jew who is one outwardly, nor is circumcision that which is outward in the flesh. <sup>29</sup>But he is a Jew who is one inwardly; and circumcision is that which is of the heart, by the Spirit, not by the letter; and his praise is not from men, but from God.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 2:25-29.*

**2:25** “**circumcision**” (“**besnydenis**”): Paulus gebruik steeds die styl van 'n veronderstelde gespreksgenoot (dialektiek). Iemand sou die opmerking maak dat hy/hulle darem besny is (vgl. Gen. 17:10-11). “Ons is darem van die lyn van Abraham.” Reguit en saaklik takel Paulus hierdie geliefde argument van Joodse hoop af (vgl. Mat. 3:7-10; Joh. 8:31-59).

Al die bure van Israel, behalwe die Filistyne, was besny. Dit is nie die gebruik nie, maar wel die volgehoue geloof van die ontvanger (verse 26-27) wat deurslaggewend is. Dit is waar van

alle godsdienstige rituele. Godsdienstige mense begeer dikwels die seëninge van God se verbond, maar sonder die verantwoordelikhede wat daarmee gepaard gaan.

**2:25-26 “if [...] if [...] if” (“as [...] as [...] as”):** Hierdie is drie BYWOORDELIKE BYSINNE VAN VOORWAARDE KLAS DRIE wat dui op moontlike toekomsaksie. Gehoorsaamheid (vgl. Deut. 27-30) is die sleutel tot Paulus se argument in hoofstuk 2, maar nie in 3:21-31 nie (vgl. Gal. 3).

**2:26-27** Hierdie verse bied die hoop dat sommige heidene wel volgens die lig tot hulle beskikking geleef het. Die waarskynlikste voorbeeld in die Bybel is Kornelius, volgens Handeling 10. Andersins pas hy ook weer nie heeltemal by die gedagtegang in hierdie vers in nie. Hy was ’n Godvresende persoon wat in die plaaslike sinagoge aanbid het.

In werklikheid is Paulus se argument in hierdie verse strydig met wat nodig is vir die Jode om tot saligheid te kom. Rom. 3:23 is die opsomming waaruit dit blyk dat alle mense geestelik verlore is sonder Christus. As daar dan heidene is wat algeheel volgens die lig tot hulle beskikking geleef het deur die skepping en hulle aangebore moraliteit, sal God voorsien vir ’n geleentheid om na Christus te kom – op ’n manier, hoe dan ook al, eendag.

**2:28-29 “For he is not a Jew [...] he is a Jew” (“Nie hy is ’n Jood [...] nee, hy is ’n Jood”):** Hierdie is ’n uitermate belangrike aspek as antwoord op die hedendaagse opkoms van teologiese dispensasionalisme, wat poog om die OT-volk van God en die NT-volk van God van mekaar te skei, of in aparte bedelings af te sonder. Daar is net één verbond en één volk van God (vgl. Rom. 9:6; Gal. 3:7-9, 29; 6:16; 1 Pet. 3:6). Die nuwe verbond is immers ’n ontwikkeling en vervulling van die oue. Die mense-van-God was altyd volk-van-God op grond van geloof eerder as afkoms. Hulle is “hart-mense” en is nie volk van God as gevolg van ritus of ras nie. Die sleutel is nie wie die ouers is nie, maar geloof. Nie verbondsteken nie, maar verbondsbetekenis is waaroor dit moet gaan.

■ **“flesh” (“aan die liggaam”):** Sien *Vir Spesiale Aandag: Die Seun van God* by 1:3.

**2:29** Besnydenis as verbondsteken (vgl. Gen. 17:14) was ’n OT-metafoor vir ’n persoon se oopheid vir God. Dit het gelei tot metafore soos (1) besnydenis van die hart (Deut. 10:16; Jer. 4:4); (2) besnydenis van die oor (Jer. 6:10); en (3) besnydenis van die lip (Eks. 6:12, 30). Die wet was nooit bedoel om ’n uitwendige kenteken te wees nie, maar ’n riglyn vir lewensverandering. Sien *Vir Spesiale Aandag: Paulus se siening van die Mosaïese Wet* by 13:9.

■ NASB	“that which is of the heart, by the Spirit, not by the letter”
NKJV	“that of the heart, in the Spirit, and not the letter”
NRSV	“a matter of the heart – it is spiritual and not literal”
TEV	“which is the word of God’s Spirit, not of the written Law”
JB	“in the heart – something not of the letter but of the spirit”
NAV	“wat in die hart gedoen is deur die Gees, nie volgens die wetsvoorskrifte nie.”
OAV	“is dié van die hart, in die gees, nie na die letter nie”
CUM-NLV	“dit is die besnydenis van jou hart wat deur die Gees van God gedoen word”

Hierdie frase is dubbelsinnig in die Grieks. Sommige vertalings hanteer dit as “geestelik” versus “letterlik” (vgl. NRSV, *Twentieth Century New Testament*, die *Knox-vertaling*, die George A. Lamsa vertaling van die *Peshitta*, die Williams-vertaling en die *New Berkeley*

*Version*). Ander vertalings sien dit as kontras tussen die Heilige Gees (vgl. 7:6; 2 Kor. 3:6, waar 'n soortgelyke konstruksie voorkom) en die geskrewe teks (vgl. NASB, NKJV, NEB, NIV, TEV en NAV).

Paulus het die moontlikheid gelug dat sommige heidene se lewens, sonder die wet, God welbehaaglik was. Indien so, dan het meer mense as die fisies besnedenes kinders van God geword (vgl. Galasiërs). God se volk strek wyer as die Joodse ras (Gen. 3:15; 12:3; Eks. 19:5); Job, Melgisedek, Jetro, Kaleb, Ragab en Rut was nie Joodse rasgenote nie. Selfs die stamme Efraim en Manasse was half-Egipties (Gen. 41:50-52).

## **BESPREKINGSVRAE**

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Hoe beïnvloed die Jode se ontrouheid die beloftes van God (3:3-4)?
2. Is daar enige voordeel voor God daarin om Joods te wees (3:1-8)?
3. Wat is dialektiek?
4. Wat is die kwessie waaroor die vermeende dialektiek in verse 5-8 handel?
5. As regverdigmaking uit genade en deur geloof verkry word, maak dit nog saak hoe 'n mens lewe (3:8)?
6. Wat is die teologiese konsep van algehele bedorwenheid (3:10-18)?
7. Wat is die doel van die Mosaïese wet, of wette oor die algemeen (3:20; Gal. 3:24-25)?
8. Waarom word Satan in die eerste drie hoofstukke, wat oor die mens se verlorenheid handel, glad nie genoem nie?
9. Is die beloftes van die OT onderhewig aan voorwaardes?
10. Wat is die doel van die wet van Moses in die lewe van (1) die nie-Jood en (2) die Jood?
11. Verduidelik in jou eie woorde hoe Paulus in elke paragraaf van 1:18-3:20 sy argument opbou.

## ROMEINE 3

<b>PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*</b>					
<b>UBS<sup>4</sup></b>	<b>NKJV</b>	<b>NRSV</b>	<b>TEV</b>	<b>JB</b>	<b>NAV</b>
Die Jode en die wet (2:17-3:8)	God se oordeel geregtig	Die voordeel van die Jode	Die Jode en die wet (2:17-3:8)	God se beloftes sal hulle nie red nie	Die oordeel van God is nie in stryd met die voorreg van die Jode nie
3:1-8	3:1-8	3:1-8	3:1-4 3:5-6 3:7-8	3:1-8	3:1-4 3:5-8
Daar is niemand regverdig nie	Almal het gesondig	Almal is skuldig	Niemand is regverdig nie	Almal is skuldig	Niemand is regverdig nie
3:9-20	3:9-20	3:9-18 3:19-20	3:9-18 3:19-20	3:9-18 3:19-20	3:9-18 3:19-20
Regverdigmaking deur geloof	God se geregtigheid deur geloof	Die ware geregtigheid	Hoe God die mens herstel	Die openbaring van God se geregtigheid	God verlos die mens
3:21-26	3:21-26 Roem uitgesluit	3:21-26 Roem is uitgesluit	3:21-26	3:21-26 Wat geloof doen	3:21-26
3:27-31	3:27-31	3:27-31	3:27-31	3:27-31	3:27-31

### **LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xi)**

#### **OM DIE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK TE VOLG**

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die vyf vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as die sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

#### **DIE DELE IN KONTEKS: ROMEINE 3:1-31**

- A. In verse 1-8 is dit moeilik om Paulus se argument te volg, want hy gebruik steeds die literêre vorm van die dialektiek, wat 'n beswaarmaker veronderstel.
- B. Dit wil voorkom of Paulus verwag hoe sommige Joodse mense gaan reageer op 2:17-39. Daarom beantwoord hy by voorbaat hulle besware (Corley, Vaughan, *Romans*, bl. 37-39).

\* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hierbo. Aanhalingstekste is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.



- (1) Vraag een: is daar in werklikheid geen voordele vir die Jodedom nie (verse 1-2)?
  - (2) Vraag twee: het God se woord misluk omdat sommige Jode ontrou geraak het (verse 3-4)?
  - (3) Vraag drie: as God die Jode gebruik het om sy karakter te openbaar, is die Jode steeds wettiglik aanspreeklik (verse 5-8)?
- C. Die gevolgtrekking volg uit 2:11: by God is daar geen aanneming van die persoon nie. Alle mense is verantwoordelik vir 'n lewe afvallig van die lig wat hulle gehad het (“natuurlike” of “algemene openbaring” en/of “besondere openbaring”).
- D. Verse 9-18 is 'n reeks van aanhalings uit die OT wat spesifiek Joodse sondes uitlig.
- E. Verse 19-20 som die geestelike toestand van Israel op, sowel as die doel van die OT (vgl. Gal. 3).
- F. Verse 21-31 is 'n opsomming van 1:18-3:20. Hiermee dan die eerste teologiese stelling van die evangelie (sien die kort uiteensetting op bl. 2).

## STUDIE VAN WOORDE EN FRASES

### NASB (UPDATED) TEXT: 3:1-8

**<sup>1</sup>Then what advantage has the Jew? Or what is the benefit of circumcision? <sup>2</sup>Great in every respect. First of all that they were entrusted with the oracles of God. <sup>3</sup>What then? If some did not believe, their unbelief will not nullify the faithfulness of God, will it? <sup>4</sup>May it never be! Rather let God be found true, though every man *be found* a liar as it is written, “THAT YOU MAY BE JUSTIFIED IN YOUR WORDS, AND PREVAIL WHEN YOU ARE JUDGED.”**

**<sup>5</sup>But if our unrighteousness demonstrates the righteousness of God, what shall we say? The God who inflicts wrath is not unrighteous, is He? (I am speaking in human terms.) <sup>6</sup>May it never be! For otherwise, how will God judge the world? <sup>7</sup>But if through my lie the truth of God abounded to his glory, why am I also still being judged as a sinner? <sup>8</sup>And why not say (as we are slanderously reported and as some claim that we say), “Let us do evil that good may come”? Their condemnation is just.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 3:1-8.*

<b>3:1 NASB</b>	<b>“What advantage has the Jew”</b>
<b>NAV, OAV</b>	<b>“het dit dan enige voordeel om ‘n Jood te wees?”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“beteken dit enigiets besonders om ‘n Jood te wees?”</b>

Paulus gaan voort om met 'n veronderstelde gespreksgenoot te argumenteer (dialektiek) en sodoende sy boodskap oor te dra. Vir 'n lys van voorregte vir die Joodse volk, sien 3:2 en 9:4-5.

<b>3:2 NASB</b>	<b>“First of all”</b>
<b>NAV, OAV</b>	<b>“ja, baie, in allerlei opsigte”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“hou baie voordele in”</b>

Paulus gebruik “allereers” in 1:8, maar sonder 'n daaropvolgende telwoord om 'n tweede item aan te dui. Hier doen hy dieselfde. Die vloei van gedagtes wat Paul dikteer het, was so intens dat sy grammatikale konstruksies dikwels onvolledig was.

<b>■ NASB</b>	<b>“They were entrusted with the oracles of God”</b>
<b>NAV, OAV</b>	<b>“Die belangrikste is dat God sy woorde aan die Jode toevertrou het”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“sy openbaring [...] toevertrou het”</b>

Om God se openbaring te ontvang is 'n skrikwekkende verantwoordelikheid, maar ook 'n ongelooflike voorreg (vgl. 9:4-5). Hulle was die rentmeesters van God se gawe (AORISTUS PASSIEF, vgl. 1 Tes. 2:4).

Die woord *logion* word in die LXX gebruik vir “die woord wat van God af kom” (vgl. Num. 24:4, 16; Deut. 33:9; Ps. 119:67; Jes. 5:2; 28:1). Dit word deurgaans in die NT met dieselfde betekenis gebruik (vgl. Han. 7:38; Heb. 5:12; 1 Pet. 4:11).

**3:3 NASB** “if”  
**NAV** “maar wat nou as”  
**OAV** “want wat maak dit as”

'n VOORWAARDELIKE BYSIN KLAS EEN wat as waarheid geld vanuit die perspektief van die skrywer, of om sy literêre doelstelling te bereik. Verse 5 en 7 is ook VOORWAARDELIKE BYSINNE EEN.

■ **NASB, NKJV** “some did not believe”  
**NRSV, JB** “some were unfaithful”  
**TEV** “what if some of them were unfaithful”  
**NAV** “sommige nie getrou gebly het nie”  
**OAV** “Want wat maak dit as sommige ontrou geword het”

Hiermee word moontlik verwys na elke Israeliet se (1) ontrouheid of (2) gebrek aan persoonlike geloof in YHWH. Dit is vir die verstand moeilik om te aanvaar dat o.a. die verlossing van die mensdom 'n onvoorwaardelike belofte van God is en, aan die ander kant, dit gepaard moet gaan met 'n voorwaarde of bevel dat mense dit ook móét aanvaar. Dit is egter 'n Bybelse paradoks (vgl. 3:4-5). God is getrou, selfs ook wanneer sy mense nie is nie (Hos. 1:3).

■ **NASB** “nullify”  
**NAV** “laat ophou”  
**OAV** “getrouheid van God vernietig”  
**CUM-NLV** “getrouheid aan sy beloftes daarmee heen”

Sien *Vir Spesiale Aandag* hieronder.

#### **VIR SPESIALE AANDAG: VAN NUL EN GEEN WAARDE NIE (KATARGEŌ)**

Hierdie (*katargeō*) was een van Paulus se gunsteling uitdrukkings. Ten spyte van 'n baie wye semantiese veld, gebruik hy dit ten minste 25 keer.

A. Die basiese etimologiese wortel kom uit *argos*, wat beteken:

1. werkloos
2. ydel
3. onbenut
4. nutteloos
5. onaktief

B. Die samestelling met *kata* is gebruik om uitdrukking te gee aan:

1. onaktiwiteit
2. nutteloosheid
3. iets wat gekanselleer is
4. dít waarvan afgesien is
5. iets wat heeltemal sonder uitwerking is

C. Lukas gebruik die woord een keer om 'n boom wat nie vrug dra nie, as nutteloos te beskryf (Luk. 13:7).

D. Paulus gebruik dit figuurlik op hoofsaaklik twee maniere:

1. God stel dinge wat vir die mensdom nadelig is, buite werking:
  - a. Die mensdom se sondige natuur – Rom. 6:6
  - b. Die Mosaïese wet wat sy belofte aan die gelowige nageslag betref – Rom. 4:14; Gal. 3:17; 5:4, 11; Ef. 2:15
  - c. Geestelike (bose) magte – 1 Kor. 15:24
  - d. Die wettelose mens – 2 Tes. 2:8
  - e. Fisiese dood – 1 Kor. 15:26; 2 Tim. 1:16 (Heb. 2:14)
2. God vervang die ou dinge (verbond, era) met die nuwe:
  - a. Dinge wat verband hou met die wet van Moses – Rom. 3:3, 31; 4:14; 2 Kor. 3:7, 11, 13, 14
  - b. Analogie van die bevryding, ten opsigte van die wet, van huweliksverpligting deur die afsterwe van 'n lewensmaat – Rom. 7:2, 6
  - c. Die dinge van hierdie eeu – 1 Kor. 13:8, 10, 11
  - d. Die aardse liggaam – 1 Kor. 6:13
  - e. Leiers van hierdie era – 1 Kor. 1:28; 2:6

Hierdie woord is op talle maniere vertaal, maar beteken basies dat iets nutteloos gemaak is; buite werking gestel is; selfs al bestaan dit nog, kragteloos is; vernietig of uitgewis is.

<b>3:4 NASB</b>	<b>“May it never be!”</b>
<b>NKJV, TEV</b>	<b>“Certainly not!”</b>
<b>NRSV</b>	<b>“By no means!”</b>
<b>JB</b>	<b>“That would be absurd.”</b>
<b>NAV</b>	<b>“Beslis nie”</b>
<b>OAV</b>	<b>“Nee, stellig nie”</b>

Hierdie frase weerspieël 'n seldsame gebruik van die OPTATIEF MODUS wat aan 'n wens of bede uitdrukking gee en as “mag dit nooit so wees nie” vertaal behoort te word. Hierdie uitroep van verbasing is dikwels deur Paulus in sy literêre tegniek van 'n veronderstelde gespreksgenoot (dialektiek) aangewend (vgl. 3:4, 6, 31; 6:2, 15; 7:7, 13; 9:14; 11:1; 1 Kor. 6:15; Gal. 2:17; 3:21; 6:14). So het hy met nadruk 'n veronderstelde bewering van 'n denkbeeldige gespreksgenoot weerlê.

Let op die literêre tegnieke waarmee Paulus die veronderstelde beswaarmaker se vrae en stellings verwerp:

1. “Mag dit nooit so wees nie” (verse 4, 6)
2. “Laat God getrou geag word, elke mens 'n leuenaar immers” (vers 4)
3. “(ek spreek op menslike wyse)” (vers 5)
4. “(soos oor ons lasterlik gemeld word en sommige beweer dat ons sê)” (vers 8)

■ <b>NASB</b>	<b>“let God be found true, though every man be found a liar”</b>
<b>NAV</b>	<b>“Dit staan vas dat God betroubaar is en elke mens 'n leuenaar”</b>
<b>OAV</b>	<b>“God waaragtig [...] mens leuenagtig”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“elke mens 'n leuenaar – God se integriteit bly nog steeds onkreukbaar”</b>

Hierdie is 'n TEENWOORDIGE TYD MEDIUM IMPERATIEF. Hierdie konstruksie beklemtoon die voortdurende toestand van die onderwerp: God is getrou en betroubaar, mense is ontrou en leuenaars! Dit herinner aan Ps. 116:11 en stem ooreen met wat Job moes leer volgens 2:2; 40:8.

Let daarop hoe sonde in hierdie hoofstuk 'n universele verskynsel geag word vanweë Paulus se gebruik van *pas* (almal, elkeen) in verse 4, 9, 1, 19, 20, 23 en 24, maar dank God dan ook vir sy universele aanbod van verlossing vir almal (vgl. 3:22).

■ **“as it is written” (“soos daar geskrywe staan”):** Letterlik: “dit is en word steeds geskryf”. Dié idioom, 'n PERFECTUM PASSIEF INDIKATIEF, het tegnies die bevestiging geword van God se inspirasie van die Skrif (vgl. Mat. 5:17-19). Dié aanhaling is Ps. 51:4 soos dit in die LXX voorkom.

**3:5-6** Paulus se argument in hierdie verse hou verband met God se spesiale verkiesing van Israel as middel om die wêreld te bereik (vgl. Gen. 12:3; Eks. 19:5-6). OT-“uitverkiesing” gaan dus om diens, eerder as spesiale bevoorregting nie. God het met hulle 'n verbond gesluit. Hy was getrou; hulle was ontrou (vgl. Neh. 9). Die feit dat God die ontroue Israel veroordeel, bewys sy regverdigheid.

Israel was bestem as manier om die heidene te bereik. Hulle het misluk (vgl. 3:24)! God se plan van universele verlossing (Gen. 3:15) is nie geaffekteer deur die mislukking van Israel nie. Intendeel, God se getrouheid ten opsigte van sy oorspronklike verbond word bevestig in Rom. 9-11. Ongelowige Israel word verwerp, maar 'n gelowige Israel sal God se verlossingsplan deurvoer.

Paulus se dialektiek in verse 5-6 gaan voort in verse 7-8.

**3:5 “if” (“dus”):** Dit is 'n VOORWAARDELIKE BYSIN KLAS EEN wat as die waarheid aanvaar kan word vanuit die skrywer se perspektief of vir sy literêre doeleindes. Verse 3 en 7 is ook VOORWAARDELIKE BYSINNE KLAS EEN.

■ **NASB** “if our unrighteousness demonstrates the righteousness of God”  
**NAV** “Ons verkeerde dade laat dus blyk dat God regverdig is”  
**OAV** “as ons ongeregtheid die geregtigheid van God bewys”

Die VOORNAAMWOORD “ons” verwys in 'n kollektiewe sin na alle Jode. Sien *Vir Spesiale Aandag: Geregtigheid* by 1:17.

■ **“what shall we say” (“Wat sal ons daarvan sê?”):** Paulus verhelder nou sy betoog deur die gebruik van dialektiek (vgl. 3:5; 7:7; 8:31; 9:14, 39) en sy veronderstelde beswaarmaker (vgl. Mal. 1:2, 6, 7, 12, 13; 2:14, 17 (2 keer); 3:7, 13, 14).

■ **NASB** “(I am speaking in human terms)”  
**NKJV** “(I speak as a man)”  
**NRSV** “(I speak in a human way)”  
**TEV** “(I speak here as men do)”  
**JB** “( – to use a human analogy – )”  
**NAV** “Ek redeneer soos mense gewoonlik redeneer”  
**OAV** “Ek spreek menslikerwys”

Paulus gebruik dikwels menslike logika in sy teologiese argumente (vgl. 6:19; 1 Kor. 9:8; Gal. 3:15). Dit funksioneer hier as sy manier om die bewerings van sy veronderstelde beswaarmaker te verwerp.

**3:7-8** Daar is 'n ooglopende parallel tussen verse 5 en 7. Óf (1) Paulus hou vol met die argumente in dialektiek, óf (2) dis sy reaksie op kritiek oor sy regverdigmaking-deur-die-geloof-alleen-prediking (vgl. vers 8).

Paulus verduidelik of beantwoord nie hierdie beswaar in besonderhede nie, maar wys dit met beslistheid van die hand. Dit is moontlik die beswaar teen die vrye, onverdiende regverdigmaking deur geloof dat dit net tot meer wetteloosheid of ongehoorsaamheid en ontrouheid aanleiding sou gee. Paulus het egter geglo dat vrye genade tot Christus-gelykvormigheid sou lei, danksy 'n nuwe gesindheid van dankbaarheid! Die Jode, die Griekse moraliste en Paulus wou almal 'n etiese lewenstyl by hulle bekeerlinge kweek! Maar dit kom nie deur nakoming van 'n eksterne wetskode nie, maar deur 'n vernieude hart (vgl. Jer. 31:31-34; Eseg. 36:22-36).

- NASB "if"
- NAV, OAV "maar as"
- CUM-NLV "maar hoe kan"

Weereens 'n VOORWAARDELIKE BYSIN KLAS EEN soos in verse 3 en 5, wat as waar vanuit die perspektief van die skrywer beskou kan word, of deel uitmaak van sy literêre doelstellings.

- NASB "abounded"
- NAV "duideliker aan die lig bring"
- OAV "oorvloediger word"
- CUM-NLV "in die kollig plaas"

Sien *Vir Spesiale Aandag: Oorvloedig* (Perisseuō) by 15:13.

- NASB "His glory"
- NAV "tot eer van God"
- OAV, CUM-NLV "tot sy heerlijkheid"

Sien die aantekening by 3:23.

**NASB (UPDATED) TEXT: 3:9-18**

<sup>9</sup>What then? Are we better than they? Not at all; for we have already charged that both Jews and Greeks are all under sin; <sup>10</sup>as it is written, "THERE IS NONE RIGHTEOUS, NOT EVEN ONE; <sup>11</sup>THERE IS NONE WHO UNDERSTANDS, THERE IS NONE WHO SEEKS FOR GOD; <sup>12</sup>ALL HAVE TURNED ASIDE, TOGETHER THY HAVE BECOME USELESS; THERE IS NONE WHO DOES GOOD, THERE IS NOT EVEN ONE." <sup>13</sup>"THEIR THROAT IS AN OPEN GRAVE, WITH THEIR TONGUES THEY KEEP DECEIVING," "THE POISON OF ASPS IS UNDER THEIR LIPS"; <sup>14</sup>"WHOSE MOUTH IS FULL OF CURSING AND BITTERNESS"; <sup>15</sup>"THEIR FEET ARE SWIFT TO SHED BLOOD, <sup>16</sup>DESTRUCTION AND MISERY ARE IN THEIR PATHS, <sup>17</sup>AND THE PATH OF PEACE THEY HAVE NOT KNOWN." <sup>18</sup>"THERE IS NO FEAR OF GOD BEFORE THEIR EYES."

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 3:9-18.*

**3:9 NASB “Are we better than they”**  
**NAV, CUM-NLV “Is ons as Jode dan beter as die ander?”**  
**OAV “het ons enige voorrang”**

Die grammatikale konstruksie is op hierdie punt onduidelik. Dit is ooglopend dat die sentrale waarheid van hierdie gedeelte daarop neerkom dat die ganse mensdom God se genade nodig het (vgl. 3:9, 19, 23; 11:32; Gal. 3:22). Dit is nietemin onduidelik of daar spesifiek na Jode verwys word (Paulus en sy stam, vgl. TEV, RSV, NAV), of na Christene (Paulus en medegelowiges nog sonder die genade van God). Jode het inderdaad sekere voordele (vgl. verse 1-2; 9:4-5), maar hierdie voordele gee ook uiteindelik aanleiding tot groter aanspreeklikheid. Alle mense is geestelik verlore totdat hulle van God genade ontvang.

Sommige geleerdes is van mening dat “beter” in die PASSIEWE VORM verstaan moet word in plaas van die MEDIUM (“beter daaraan toe wees”), met ’n vertaling wat dan lui “oortref deur”, maar hulle is in die minderheid.

Romeine is dikwels bestempel as Paulus se mees neutrale geskrif wat plaaslike aangeleenthede betref. Die meeste van sy briewe handel oor lokale behoeftes of krisisse (geleentheidsgeskrifte). Nietemin mag die jaloesie tussen Joodse- en heidense-Christenleierskap op die agtergrond wees van teksgedeeltes soos hierdie en hoofstukke 9-11.

■ **“under sin” (“in die mag van die sonde”):** Paulus personifieer sonde as ’n wrede meester wat oor die gevalle mensdom heers (vgl. 6:16-23).

**3:10-18 NASB “as it is written”**  
**NAV, OAV “daar staan immers geskrywe”**  
**CUM-NLV “soos die Skrif sê”**

Hierdie frase kom ook in vers 4 voor. Die volgende reeks aanhalings uit die OT is metafore vir die menslike liggaam om die gevalle stand van die mensdom te beskryf: (1) verse 10-12, Pred. 7:20 of Ps. 14:1-3; (2) vers 13, Ps. 5:9 of 140:3; (3) vers 14, Ps. 10:7; (4) Jes. 59:7-8 en Spr. 1:16; en (5) vers 18, Ps. 36:1. Dit is verbasend dat Paulus nie Jes. 53:6 gebruik het nie.

**NASB (UPDATED) TEXT: 3:19-20**

**<sup>19</sup>Now we know that whatever the Law says, it speaks to those who are under the Law, so that every mouth may be closed and all the world may become accountable to God; <sup>20</sup>because by the works of the Law no flesh will be justified in His sight; for through the Law comes the knowledge of sin.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 3:19-20.*

**3:19 “we know that” (“Nou weet ons”):** Sien die aantekening by 2:2.

■ **NASB “the Law”**  
**NAV “Moses se wet”**  
**OAV, CUM-NLV “die wet”**

Op grond van die aangehaalde gedeeltes in verse 10-18 word hier verwys na die hele OT. Soos Paulus in vers 9 die sonde personifieer, doen hy ook nou hier met die wet (vgl. 6:16-23).

■ **NASB “to those who are under the Law”**  
**NAV “vir dié wat die wet het”**  
**OAV, CUM-NLV “vir die wat onder die wet is”**

Hierby sluit Joodse én heidense bekeerdes in. Heelwat van die OT-aanhalings is ook op heidene van toepassing.

■ NASB	<b>“that every mouth may be closed, and all the world may become accountable to God”</b>
NKJV	<b>“that every mouth may be stopped, and all the world may become guilty before God”</b>
NRSV	<b>“so that every mouth may be silenced, and the whole world may be held accountable to God”</b>
TEV	<b>“in order to stop all human excuses and bring the whole world under God’s judgment”</b>
JB	<b>“but it is meant to silence everyone and to lay the world open to God’s judgment”</b>
NAV	<b>“Niemand sal hom dus kan verweer nie en die hele wêreld is strafwaardig voor God”</b>
OAV	<b>“sodat elke mond gestop en die hele wêreld voor God doemwaardig kan wees”</b>
CUM-NLV	<b>“niemand van ons kan ons verweer nie en is die hele wêreld skuldig voor God”</b>

Dit is die hooftema van 1:18-3:20 wat saamgevat word in 3:23.

■ **“every mouth” (“Niemand sal hom dus kan verweer nie”):** Daar is verskeie frases in verse 19-20 wat op die hele mensheid dui:

1. “elke mond” (vgl. “niemand”) – vers 19
2. “die hele wêreld” – vers 19
3. “geen vlees” – vers 20

**3:20 “because by the works of the Law no flesh will be justified in His sight” (“Daarom sal geen mens op grond van wetsonderhouding deur God vrygespreek word nie”):** Die Engelse vertaling is duidelik ’n sinspeling op Ps. 143:2. Hierdie was ’n sentrale tema van Paulus se evangelie (vgl. Gal. 2:16; 3:11). As toegewyde Fariseër het Paulus besonder goed geweet dat godsdienstige entoesiasme en puntenerige ywer geen innerlike vrede verskaf nie.

■ NASB, NRSV	<b>“through the Law comes the knowledge of sin”</b>
NKJV	<b>“for by the Law is the knowledge of sin”</b>
TEV	<b>“what the Law does is to make man know that he has sinned”</b>
JB	<b>“all the law does is to tell us what is sinful”</b>
NAV	<b>“intendeel, deur die wet leer ‘n mens wat sonde is”</b>
OAV	<b>“want deur die wet is die kennis van sonde”</b>

Dit was een van die doelstellings van die OT. Sien *Vir Spesiale Aandag: Paulus se siening van die Mosaïese Wet* by 13:9. Dit was nooit bedoel om verlossing vir ’n gevalle mensdom te bied nie. Die doel van die OT was om sonde openbaar te maak en alle mense uit te dryf na ’n genadige God (vgl. 4:15; 5:13, 20; 7:7; Gal. 3:19-22, 23-29).

## BESPREKINGSVRAE

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Hoe beïnvloed die Jode se ontrouheid die beloftes van God (3:3-4)?
2. Is daar enige voordeel voor God daarin om Joods te wees (3:1-8)?
3. Wat is die funksie van die veronderstelde beswaarmaker (dialektiek) in verse 5-8?
4. As regverdigmaking uit genade en deur geloof verkry word, maak dit nog saak hoe 'n mens lewe (3:8)?
5. Omskryf Calvyn se teologiese konsep van algehele bedorwenheid (vgl. 3:10-28).
6. Wat is die doel van die Mosaïese wet, of wette oor die algemeen (3:20; Gal. 3:24-25)?
7. Waarom word Satan in die eerste drie hoofstukke, wat oor die mens se verlorenheid handel, glad nie genoem nie?

## DIE DELE IN KONTEKS: ROMEINE 3:21-31

- A. Romeine 3:21-31
  1. die klimaks en opsomming van 1:18-3:20
  2. 'n uitbreiding van 1:16-17
  3. 'n inleiding tot hoofstukke 4-8
- B. Hierdie opsomming van die leerstelling van regverdigmaking deur geloof, is deur die Hervormers bestempel as:
  1. “Die belangrikste punt en die absolute hoofsaak van die brief en die hele Bybel,” – Martin Luther.
  2. “Daar is waarskynlik in die hele Bybel nie 'n gedeelte wat duideliker die regverdigmaking van God in Christus uitspel nie,” – Johannes Calvyn.
- C. Dit is dié teologiese essensie van evangeliese Christenskap. Om die konteks te begryp is om Christendom te verstaan. Dit is die evangelie saamgevat in twee paragrawe, soos wat Joh. 3:16 dit in een vers is. Dit is die hart en siel van Paulus se verkondiging van die evangelie.

Die drie sleutelvrae vir interpretasie is:

  1. Wat beteken die term “wet”?
  2. Wat beteken die frase “die geregtigheid van God”?
  3. Wat word verstaan onder “geloof” en “glo”?
- D. Ek dank God vir die woord “almal” in vers 22 (vgl. vers 29) en vir die woorde “sonder dat hulle dit verdien” (NAV vers 24; “gift” – Engelse vertalings, en vgl. 5:15, 17; 6:23).



## STUDIE VAN WOORDE EN FRASES

### NASB (UPDATED) TEXT: 3:21-26

**<sup>21</sup>But now apart from the Law *the* righteousness of God has been manifested, being witnessed by the Law and the prophets, <sup>22</sup>even *the* righteousness of God through faith for all those who believe; for there is no distinction; for all have sinned and fall short of the glory of God, <sup>24</sup>being justified as a gift by His grace through the redemption which is in Christ Jesus; <sup>25</sup>whom God displayed publicly as a propitiation in His blood through faith. *This was* to demonstrate His righteousness, because in the forbearance of God He passed over the sins previously committed; <sup>26</sup>for the demonstration, *I say* of His righteousness at the present time, so that He would be just and justifier of the one who has faith in Jesus.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 3:21-26.*

**3:21 “But now” (“maar nou”):** Paulus kontrasteer hiermee die ou verbond met die nuwe verbond; die ou era van rebellie met die nuwe era van geregtigheid. Dit vind dan ’n parallel in “die teenwoordige tyd” van vers 26 (vgl. vers 26; “Maar nou” van 6:22; 7:6).

■ NASB	“now apart from the Law”
NAV	“nie deur die wet te onderhou nie”
OAV	“sonder die wet”
CUM-NLV	“nie deur wetsgehoorsaming nie”

In hierdie aanvangshoofstukke is dit dikwels moeilik om met sekerheid vas te stel of Paulus na die Mosaïese wet (NASB) of wette oor die algemeen (NRSV, TEV, NJB, NIV) verwys. In die konteks van Paulus se argumentasie, lyk dit of dit die Joodse wet moet wees. Alle mense het elke stel morele en sosiale riglyne – innerlik en uiterlik – verbreek. As gevalle mensdom is ons probleem dat ons geen riglyne wil hê anders as ons eie selfsugtige, selfgesentreerde begeertes nie (vgl. Gen. 3).

■ NASB	“ <i>the</i> righteousness of God”
NKJV, NRSV	“the righteousness of God”
TEV	“God’s way of putting people right with himself”
NJB	“God’s saving justice”
NAV	“die vryspraak deur God”
OAV	“die geregtigheid van God”
CUM-NLV	“Sy vryspraak”

Daar is nie ’n definitiewe LIDWOORD voor “geregtigheid” nie. Dit dui dus nie op God se wesensaard nie, maar op die manier waarop God vergifnis en aanvaarding aan sondige mense wou bied. Hierdie frase kom net so voor in die teologiese tema van Rom 1:16-17. Die meganisme is duidelik bekendgemaak, naamlik geloof in Jesus Christus, die gekruisigde (vgl. vers 22, 24-26).

Die belang van *dikaïosonē* blyk duidelik uit die hoeveelheid kere wat die term en sy afleidings (sien die aantekening by 2:13) in hierdie konteks voorkom (1:17; 3:5, 21, 22, 25, 26; 4:3, 5, 6, 9, 11, 13, 22; 5:17, 21; 6:13, 16, 18, 19, 20; 8:10; 9:28, 30, 31; 10:3, 4, 5, 6, 10, 17). Die Griekse term vind sy oorsprong in ’n OT saamgestelde metafoer, *tsadak*, ’n bouwerkmeetstok wat dan as “standaard” geld. God is self die standaard. Dit dui op God wat sy karakter vryelik aan die mensheid skenk deur Christus (vgl. 2 Kor. 5:21). Vir ’n selfgesentreerde,

trotse mensheid was, en is dit steeds, ’n vernederende ervaring om God se geskenk te aanvaar – veral die wettiese en wetties-godsdiensige mens. Sien *Vir Speciale Aandag: Geregtigheid* by 1:17.

- NASB “has been manifested”
- NAV “in werking getree”
- OAV “geopenbaar”
- CUM-NLV “’n ander weg bekend gemaak”

Die frase stem baie ooreen met 1:17. Die werkwoord verskil egter. Hier kan die werkwoord vertaal word as “is en word steeds duidelik geopenbaar”. Dit is dus ’n PERFECTUM PASSIEF INDIKATIEF, terwyl die sinoniem in 1:17 ’n PRAESENS PASSIEF INDIKATIEF is. God het die evangelie beide in die OT (vgl. hoofstuk 4) en in Jesus, duidelik bekendgemaak.

- NASB “being witnessed by the Law and the Prophets”
- NAV, OAV “waarvan die wet en die profete getuig”
- CUM-NLV “langs die weg waarvan die Skrif lankal getuig”

Dit verwys na twee van die drie samestellende dele van die Hebreuse kanon: Wet, Profete en Geskrifte. Die eerste twee is dikwels gebruik om die geheel aan te dui. Hieruit blyk duidelik dat die evangelie in ’n voorlopige vorm in die OT vervat is (vgl. Luk. 24:27, 44; Han. 10:43). Dit was nie ’n nagedagte of noodoplossing – ’n “plan B” – nie (vgl. 1:2).

- 3:22 NASB “through faith in Jesus Christ”
- NAV, OAV “maar deur in Jesus Christus te glo”
- CUM-NLV “wanneer ons op Jesus vertrou”

Letterlik staan hier “deur geloof van Jesus Christus”. Dit is ’n GENITIEF-konstruksie wat herhaal word in Gal. 2:16 en Fil. 3:9, met soortgelyke vorm in Rom. 3:26; Gal. 2:16, 20; 3:22. Dit kan die volgende beteken: (1) die geloof of getrouheid van Jesus (SUBJEKTIEWE GENITIEF) of (2) Jesus as objek van ons geloof (OBJEKTIEWE GENITIEF). Dieselfde grammatikale konstruksie in Gal. 2:16 maak #2 die beste keuse.

Dit laat blyk die hoofsaak van God se regverdigmaking: die geregtigheid van Christus as vrye gawe word in ’n mens se lewe deur Christus werksaam gemaak (vgl. 4:5; 6:23), wat deur geloof/deur te glo/deur vertrou aangeneem moet word (vgl. Ef. 2:8-9) en daagliks uitgeleef moet word.

- “for all” (“aan almal”): Die evangelie is vir alle mense (vgl. vers 24; Jes. 53:6; Eseg. 18:23; Joh. 3:16-17; 4:42; 4:10; Tit. 2:11; 2 Pet. 3:9; 1 Joh. 4:14). Wat ’n heerlike waarheid! Dit plaas die Bybelse waarheid van uitverkiesing in perspektief. God se uitverkiesing moet nie in die Islamitiese sin van die woord as deterministies verstaan word nie. Ook nie in die Calvinitiese sin van “sommige en nie ander nie”. Dit moet in ’n verbondsrelasie verstaan word. OT-uitverkiesing was vir diens, eerder as vir bevoorregting nie. God het belof om die gevalle mensdom te red (Gen. 3:15). God roep en verkies die hele mensdom deur Israel (vgl. Gen. 12:3; Eks. 19:5-6). God verkies deur geloof in Christus. God neem altyd die inisiatief in verlossingswerk (Joh. 6:44, 65). Ef. 1 en Rom. 9 bied die sterkste uitsprake in verband met uitverkiesing, wat deur Augustinus en Calvyn teologies beklemtoon word.

God het gelowiges nie net vir verlossing (regverdigmaking) uitverkies nie, maar ook vir heiligmaking (vgl. Ef. 1:4; Kol. 1:12). Dit kan betrekking hê op (1) ons posisie in Christus (vgl. 2 Kor. 5:21), of (2) God se begeerte om sy wesensaard in sy kinders te manifesteer (vgl. Rom.

8:28-29; Gal. 4:19; Ef. 2:10). God wil hê Sy kinders moet eendag in die hemel kom, sowel as nou Christus-gelykvormigheid ervaar!

Die doel van voorbeskikking is heiligheid, nie bevoorregting nie! God roep nie net 'n gegewe aantal van Adam se kinders nie, maar vir almal! Dit was 'n uitroep na God se eie wesensaard (vgl. 1 Tes. 5:23; 2 Tes. 2:13). Om voorbeskikking tot 'n teologiese bywoner te omskep in plaas van 'n heilige lewe, is 'n tragedie vir menslike teologiese denke. Dikwels gebeur dit dat ons teologiese raamwerke die Bybelse teks verdraai.

Sien *Vir Spesiale Aandag: Uitverkiesing en die Erns van Teologiese Balans* by 8:33.

■ **“who believe” (“aan almal wat glo”):** Jesus het vir alle mense gesterf. Die moontlikheid bestaan dat almal gered kan word. Persoonlike aanvaarding (PRAESENS PARTISIPIUM) lei daartoe dat die mensdom Jesus se geregtigheid in hulle lewens toepas (vgl. 1:16; Joh. 1:12; 3:16; 20:31; Rom. 10:9-13; 1 Joh. 5:13). Die Bybel bied twee kriteria vir die ontvangs van toegerекende geregtigheid: geloof en belydenis (vgl. Mark. 1:15; Han. 3:16, 19; 20:31; en sien die aantekening by 1:5). Hierdie teks ontbloot die universaliteit van verlossing, maar almal sal nie gered word nie.

■ **NASB** “for there is no distinction”  
**NAV, OAV** “sonder onderskeid”  
**CUM-NLV** “maak nie saak wie ons is of wat ons gedoen het nie”

Daar is net een Persoon deur wie mense (Jode en heidene) gered kan word (vgl. Joh. 10:1-2, 7; 11:25; 14:6). Enigeen en elkeen kan deur geloof in Christus gered word (vgl. 1:16; 4:11, 16; 10:4, 12; Gal. 3:28; Kol. 3:11).

**3:23-26** Dit is een sin in Grieks.

**3:23** **NASB, NKJV, NRSV** “for all have sinned and fall short of”  
**TEV** “all men have sinned and are far away from”  
**JB** “sinned and forfeited”  
**NAV** “Almal het gesondig en is ver”  
**OAV** “almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan”  
**CUM-NLV** “ons het immers almal gesondig”

Hierdie is 'n opsomming van 1:18-3:20. Elkeen het nodig om deur Christus verlos te word (vgl. 3:9, 19; 11:32; Gal. 3:22; Jes. 53:6). “Gesondig” is 'n AORISTUS AKTIEF INDIKATIEF, terwyl “is ver” (“fall short”) weer 'n PRAESENS MEDIUM INDIKATIEF is. Dit is moontlik dat hierdie vers dui op die mensdom se gesamentlike val in Adam (vgl. 5:12-21), en dan sy voortdurende individuele dade van rebellie. Geen van die moderne Engelse vertalings dui hierdie onderskeid aan nie.

Hierdie vers sluit aan by die teologie van vers 21, en nie direk by vers 24 nie.

■ **NASB** “the glory of God”  
**OAV\*** “die heerlijkheid van God”  
**CUM-NLV** “ons het almal God beroof van die eer wat Hom toekom”

Die mees algemene Hebreeuse woord vir “heerlikheid” in die OT, is *kabod*. Dit was oorspronklik 'n kommersiële term wat verwys na die weegskaal en het “swaar” beteken. Dit wat

\* Die woord “heerlikheid” word slegs in die OAV in hierdie vers gebruik. NAV stel bloot “van God af”.

swaar was, is van waarde geag, of het wesentlike waarde gehad. Daarby het die konsep van glans (“brightness”) uitdrukking gegee aan God se majesteit (vgl. Eks. 19:16-18; 24:17; Jes. 60:1-2). Hy alleen is waardig van agting en hooggeëerd. Hy is te glansryk vir gevalle mense om te aanskou (Eks. 33:17-23; Jes. 6:5). God kan inderwaarheid net in Christus geken word (vgl. Jer. 1:14; Mat. 17:2; Heb. 1:3; Jak. 2:1).

Die term “heerlikheid” is ietwat dubbelsinnig: (1) dit kan sinoniem wees vir die “geregtigheid van God” (vers 21); (2) ook kan dit “eerbetoon” of “goedkeuring van God” beteken (vgl. Joh. 12:43); (3) dit kan ook verwys na die beeld van God waarvolgens die mens geskape is (Gen. 1:26-27; 5:1; 9:6) wat later geskend is deur rebellie (vgl. Gen. 3:1-22), maar deur Christus herskep is (vgl. 2 Kor. 3:18). Hierdie term is aanvanklik in die OT gebruik om YHWH se teenwoordigheid onder sy volk in die woestyn te beskryf (Eks. 16:7, 10; Lev. 9:23; Num. 14:10).

### **VIR SPESIALE AANDAG: HEERLIKHEID**

Die Bybelse konsep van heerlikheid is moeilik om te definieer. Gelowiges se heerlikheid bestaan daarin dat hulle die evangelie verstaan en in God roem, nie in en oor hulleself nie (vgl. 1:29-31; Jer. 9:23-24).

Die mees algemene Hebreeuse woord vir “heerlikheid” (“glory”) in die OT is *kbd*. Dit was oorspronklik ’n kommersiële term wat verwys na die weegskaal en het “swaar” beteken. Dit wat swaar was, is van waarde geag, of het wesentlike waarde gehad. Daarby het die konsep van glans (“brightness”) uitdrukking gegee aan God se majesteit (vgl. Eks. 19:16-18; 24:17; Jes. 60:1-2). Hy alleen is waardig van agting en hooggeëerd. Hy is te glansryk vir gevalle mense om te aanskou (Eks. 33:17-23; Jes. 6:5). God kan inderwaarheid net in Christus geken word (vgl. Jer. 1:14; Mat. 17:2; Heb. 1:3; Jak. 2:1).

Die term “heerlikheid” is ietwat dubbelsinnig: (1) dit kan ’n sinoniem wees vir “die geregtigheid van God”; (2) dit kan verwys na die “heiligheid” en “volmaaktheid” van God; of (3) dit kan dui op die beeld van God waarvolgens die mens geskape is (Gen. 1:26-27; 5:1; 9:6), maar wat later geskend is deur die rebellie (vgl. Gen. 3:1-22). Hierdie term is aanvanklik in die OT gebruik om YHWH se teenwoordigheid onder sy volk in die woestyn te beskryf (Eks. 16:7, 10; Lev. 9:23; Num. 14:10).

**3:24 NASB** “being justified as a gift by His grace”  
**NAV** “sonder dat hulle dit verdien op grond van sy genade vrygespreek”  
**OAV** “deur sy genade sonder verdienste vrygespreek”  
**CUM-NLV** “spreek God ons in sy onverdiende goedheid vry”

Dit is ’n PRAESENS PARTISIPIUM PASSIEF. Dit is waar die evangelie begin – die genade van God wat geregtigheid skenk (5:15-17; 6:23). Die Griekse werkwoord “regverdig” (*dikaioō*) word afgelei van dieselfde stam as “geregtigheid” (*dikaionē*). God neem altyd die inisiatief (vgl. Joh. 6:44, 65).

In verse 24-25 is daar drie metafore wat verlossing beskryf: (1) “geregverdig”, wat ’n wetlike term was en wat beteken “geen straf opgelê nie” of “onskuldig verklaar”; (2) “verlossing” wat uit die slawehandel kom en “teruggekoop” of “vrygestel” beteken; en (3) “versoening” (soenoffer) uit die offerstelsel, wat dui op die plek van sondebedekking of boetedoening. Dit was die deksel van die Ark van die verbond waar offerbloed op die Versoendag geplaas moes word (vgl. Lev. 16; Heb. 9:5).

## VIR SPESIALE AANDAG: NT-GETUIENIS OOR PERSOONLIKE VERLOSSING

Dit is gebaseer op:

1. Die wesensaard van die Vader (vgl. Joh. 3:16), die versoeningswerk van die Seun (2 Kor. 5:21), en die bediening van die Gees (Rom. 8:14-16); nie op menslike optrede en dus as beloning vir gehoorsaamheid, of bloot 'n geloofsbelydenis nie.
2. Dit is 'n geskenk (vgl. Rom. 3:24; 6:23; Ef. 2:5, 8-9).
3. Dit is 'n nuwe lewe, 'n nuwe lewens- en wêreldbeskouing (vgl. Jakobus en 1 Johannes).
4. Dit is kennis van die evangelie, lewe met Jesus in en deur geloof en 'n nuwe lewenstyl van Christus-gelykvormigheid deur die Heilige Gees; al drie, nie bloot toespitsing op een nie.

■ **“gift” (“sonder dat hulle dit verdien”):** Paulus gebruik die konsep verskeie kere, maar met verskillende woorde:

1. *dōrean*, BYWOORD, “vryelik”
2. *dōrea*, SELFSTANDIGE NAAMWOORD, “vry/gratis geskenk”
3. *doron*, SELFSTANDIGE NAAMWOORD, “geskenk”
4. *charisma*, SELFSTANDIGE NAAMWOORD, “skenking” of “vrye guns”
5. *charisomai*, WERKWOORD, “’n vrye guns toegestaan”
6. *charis*, SELFSTANDIGE NAAMWOORD, “vrye guns” of “gratis geskenk”

■ **NASB** “through the redemption which is in Jesus Christ”  
**NAV, OAV** “vanweë die verlossing deur Jesus Christus”  
**CUM-NLV** “op grond van die verlossing wat Christus Jesus vir ons verkry het”

Die meganisme vir ons verlossing is Jesus se plaasvervangende dood en opstanding. Die Bybel fokus nie soseer op hoeveel betaal moes word, of aan wie nie (Augustinus), maar eerder dat die mensheid van sondeskuld en straf deur ’n onskuldige plaasvanger verlos is (vgl. Joh. 1:29, 36; 2 Kor. 5:21; 1 Pet. 1:19).

Dié vers toon ook die prys aan wat op Gen. 3:15 geplaas moes word. Jesus het die vloek (Gal. 5:13) op Hom geneem en het as plaasvanger vir ’n gevalle mensheid gesterf (vgl. 2 Kor. 5:21). Verlossing mag vry wees, maar gewis was dit nie goedkoop nie.

## VIR SPESIALE AANDAG: LOSPRYS/LOSKOOP

### I. OU TESTAMENT

A. Daar is in die eerste plek twee Hebreeuse wetsterme wat hierdie gedagte oordra:

1. *Gaal*, wat basies beteken om “vry te stel” deur ’n prys te betaal. *Go’el* is ’n vorm van hierdie term wat “tussenganger” beteken, gewoonlik ’n familielid (losser). Hierdie reg, binne kultuurverband, om dinge terug te koop – diere, grond (vgl. Lev. 25, 27) of verwante persone (vgl. Rut. 4:14-15; Jes. 29:22) – is teologies oorgedra op YHWH se redding van Israel uit Egipte (Eks. 6:6; 15:13; Ps. 74:2; 77:15; Jer. 31:11). Hy word die “verlosser” (vgl. Job 19:25; Ps. 19:14; 78:35; Spr. 23:1; Jes. 41:14; 43:14; 44:6, 24; 47:4; 48:17; 49:7, 26; 54:5, 8; 59:20; 60:16; 63:16; Jer. 50:34).
2. *Padah*, wat basies “om te lewer” of “om te red” beteken.
  - a. die loskoop van die eersgeborene (vgl. Eks. 13:13, 14; Num. 18:15-17)
  - b. fisiese loskoop word gekontrasteer met geestelike redding (vgl. Ps. 49:7, 8, 16)

c. God sal Israel verlos van hulle sonde en rebellie (Ps. 130:7-8)

B. Die teologiese konsep sluit drie sake in wat verband hou met mekaar:

1. Daar is 'n behoefte, 'n slawerny, boetedoening, 'n gevangenskap
  - a. fisies,
  - b. sosiaal, en
  - c. geestelik (vgl. Ps. 130:8).
2. 'n Prys is te betaal vir vryheid, loskom en herstel
  - a. van die volk Israel (vgl. Deut. 7:8);
  - b. en ook van die individu (Job 19:25-27; 33:28).
3. Iemand moet as tussenganger en weldoener optree. In *gaal* is dit gewoonlik 'n familielid of naasbestaande (d.w.s. 'n *go'el*).
4. YHWH beskryf dikwels Homself in familie-terme:
  - a. Vader
  - b. Man
  - c. Naasbestaande

Redding het gekom deur middel van YHWH se eie betrokkenheid; 'n prys is betaal en verlossing is verkry!

## II. NUWE TESTAMENT

A. Verskeie terme word gebruik om die teologiese konsep oor te dra.

1. *Agorazō* (vgl. 1 Kor. 6:20; 7:23; 2 Pet. 2:1; Openb. 5:9; 14:34). Dit is 'n kommersiële term wat aandui dat 'n prys vir iets betaal is. Ons is bloed-gekoopte mense wat nie ons eie lewens beheer nie. Ons behoort aan Christus.
2. *Exagorazō* (vgl. Gal. 3:13; 4:5; Ef. 5:16; Kol. 4:5). Dit is ook 'n kommersiële term. Dit weerspieël Jesus se plaasvervangende dood om ons onthalwe. Jesus het die las van 'n werkheiligheidswet (bv. die Mosaïese wet) wat gevalle mense nie kon nakom nie, op Hom geneem en daardeur die "vloek" namens ons almal gedra (vgl. Deut. 21:23). In Jesus vermeng God se geregtigheid en liefde tot volle vergifnis – tot aanneming en aanvaarding!
3. *Luō*, "om los te maak"
  - a. *Lutron*, 'n betaalde prys (vgl. Mat. 20:28; Mark. 10:45). Hierdie is kragtige woorde uit die mond van Jesus self oor die doel van sy koms; om die Verlosser van die wêreld te wees deur skuld te betaal wat nie syne is nie (Joh. 1:29).
  - b. *Lutroō*, "om los te laat"
    - (1) om Israel te verlos (Luk. 24:21)
    - (2) om Homself oor te gee ten einde 'n volk te verlos en te reinig (Tit. 2:14)
    - (3) om 'n sondelose plaasvervanger te wees (1 Pet. 1:18-19)
  - c. *Lutrōsis*, "vrygekoop, verlossing of vrymaking"
    - (1) Sagaria se profesie omtrent Jesus (Luk. 1:68)
    - (2) Anna se lof aan God oor Jesus (Luk. 2:38)
    - (3) Jesus se beter, eenmalige offer vir sonde
4. *Apolitrōsis*
  - a. Verlossing met die wederkoms (Luk. 1:21; Rom. 8:23; Ef. 1:14; 4:30; Heb. 9:15)
  - b. Verlossing deur Christus se dood (Rom. 3:24; 1 Kor. 1:30; Ef. 1:7; Kol. 1:14)

5. *Antilytron* (vgl. 1 Tim. 2:6). Dit is, soos Titus 2:6, 'n allerbelangrike teks wat bevryding verbind met Jesus se dood aan die kruis. Hy is die een en enigste aanvaarbare offerande; die een wat sterwe vir "almal" (vgl. Joh. 1:29; 3:16-17; 4:42; 1 Tim. 2:4; 4:10; Tit. 2:11; 2 Pet. 3:9; 1 Joh. 2:2; 4:14).

B. Die teologiese konsep in die NT is as volg:

1. Die mensdom is verslaaf aan sonde (Joh. 8:34; Rom. 10:10-18; 6:23).
2. Die mensdom se verslawing aan sonde is bekendgemaak deur die wet van Moses (Gal. 3) en Jesus se Bergrede (vgl. Mat. 5-7). Menslike verdienste het 'n doodsvonnis geword (Kol. 2:14).
3. Jesus, die sondelose Lam van God, het in ons plek kom sterwe (Joh. 1:29; 2 Kor. 5:21). Ons is losgekoop van sonde sodat ons God kan dien (Rom. 6).
4. Dit impliseer dat Jesus en YHWH naasbestaendes is wat in ons belang optree. Dit leef voort in die familie-metafore (bv. vader, man, seun, broer, naasbestaende).
5. Vrykoping was nie 'n prys betaal aan Satan nie (vgl. Middeleeuse teologie), maar die versoening van God se woord en God se geregtigheid met God se liefde en volkome voorsiening in Christus. By die kruis is vrede herstel en menslike rebellie is vergewe. Die beeld van God in die mensdom is nou ten volle funksioneel in intieme vriendskapsvertroulikheid.
6. Daar is steeds 'n toekomstige aspek van verlossing (vgl. Rom. 8:23; Ef. 1:14; 4:30) wat ons opgestane liggeme insluit in 'n fisieke bestaan saam met die Drie-Enige God.

<b>3:25 NASB</b>	<b>"whom God displayed publicly"</b>
<b>NKJV</b>	<b>"Whom God set forth"</b>
<b>NRSV</b>	<b>"whom God put forward"</b>
<b>TEV</b>	<b>"God offered"</b>
<b>JB</b>	<b>"who was appointed by God"</b>
<b>NAV</b>	<b>"Hom het God gegee"</b>
<b>OAV</b>	<b>"Hom het God voorgestel"</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>"want God het Hom gestuur as 'n offer"</b>

Dit is 'n AORISTUS MEDIUM INDIKATIEF wat beteken dat God self sy eie hart en doel met die dood van Christus Jesus openbaar het (vgl. Ef. 1:9). God se ewige verlossingsplan het die opoffering van Jesus ingesluit (vgl. Jes. 53:10; Openb. 13:8). Sien die aantekening by 9:11.

Hierdie Griekse term, *endeiknumai* (*endeixis*, vgl. 3:25, 26) kom verskeie kere in Romeine voor (vgl. 2:15; 9:17, 23; LXX Eks. 9:16). Die basiese betekenis is om "bekend te maak" of "te vertoon". God wou dat die mensheid 'n grondige begrip moes hê van sy verlossingsplan en sy geregtigheid. Hierdie gedeelte bied 'n Bybelse perspektief:

1. op God se wesensaard (karakter);
2. op Christus se versoeningswerk;
3. omtrent die mensheid se nood; en
4. omtrent die doel van verlossing.

God wil hê dat ons moet verstaan! Hierdie gedeelte is beslissend vir die verstaan van die Christelike geloof. Sommige van die woorde en frases is dubbelsinnig, maar die bedoeling van

die geheel is volkome duidelik en eenvoudig. Hierdie konteks is die teologiese noord op die kompas van die NT.

■ NASB	<b>“as a propitiation in His blood”</b>
NKJV	<b>“to be a propitiation by His blood”</b>
NRSV	<b>“as a sacrifice of atonement by His blood”</b>
TEV	<b>“so that by His blood He should become the means by which people’s sins are forgiven”</b>
JB	<b>“to sacrifice His life so as to win reconciliation”</b>
NAV	<b>“as offer wat deur Sy bloed versoening bewerk het”</b>
OAV	<b>“in Sy bloed as ‘n versoening”</b>

In die Grieks-Romeinse wêreld het hierdie woord ’n konsep van herstel van vertrouensvriendskap met ’n vervreemde godheid gehad, deur ’n prys wat betaal moet word. Maar dit was nie so in die LXX nie. Volgens die LXX en Heb. 9:5 moet die deksel van die Ark van die verbond in die Allerheiligste as “sitplek van genade” vertaal word: die plek waar versoening vir die nasies verkry is op die Versoendag (vgl. Lev. 16).

Met hierdie term moet God se weersin in die sonde nie onderskat word nie. Eweneens moet die bevestiging van sy positiewe verlossingswil ten opsigte van sondaars nie misgekyk word nie. ’n Goeie bespreking hiervan is te vinde in James Steward se *A Man in Christ*, bl. 214-224. Een manier om dit te bewerkstellig, is om die term só te vertaal dat dit God se werk in Christus weerspieël: “’n versoeningsoffer” of “met versoenende gesag”.

“In sy bloed” is ’n Hebreeuse segswyse om die plaasvervangende offerande van die onskuldige Lam van God aan te dui (vgl. Joh. 1:29). Om hierdie konsep ten volle te begryp, is Lev. 1-7 en hoofstuk 16 oor die Groot Versoendag beslissend. Bloed dui op ’n lewe sonder sonde wat namens dié wat skuldig is, opgeoffer word (vgl. Jes. 52:13-53:12).

■ NASB	<b>“through faith”</b>
NAV	<b>“vir dié wat glo”</b>
OAV	<b>“deur die geloof”</b>
CUM-NLV	<b>“vir almal wat glo”</b>

Weereens hier (vgl. 1:17; 3:22, 25-30) is die meganisme vir een en elkeen se persoonlike voordeel, beskikbaar in Jesus se plaasvervangende dood.

Hierdie frase is weggelaat uit die antieke hoofletterteks A van die 5<sup>de</sup> eeu (ook uitgelaat in die teks wat Chrysostomus gebruik het) en ’n 12<sup>de</sup> eeuse hoofletterteks MS (2127). Dit kom egter voor in alle ander Griekse manuskripte. Sommige het die BEPAALDE LIDWOORD met “geloof”, en ander weer nie. Dit verander egter nie die betekenis nie. Die UBS<sup>3</sup> beraam die insluiting daarvan as ’n B, hoewel met ’n mate van twyfel.

■ **“to demonstrate His righteousness” (“hierdeur het God getoon wat sy vryspraak behels”):** God moet trou bly aan sy wesensaard en sy woord (vgl. Mal. 3:6). Volgens die OT moet die siel wat sondig is sterf (vgl. Eseg. 18:4, 20). God sê dat Hy die skuldige nie sal oorsien nie (vgl. Eks. 23:7). God se liefde vir die gevalle mensheid was so groot dat Hy gewillig was om mens te word, om die wet te vervul en in die gevalle mensheid se plek te sterf. Liefde en geregtigheid ontmoet in Jesus (vgl. vers 26).

■ NASB, NKJV, NRSV	<b>“He passed over the sins previously committed”</b>
TEV	<b>“in the past he was patient and overlooked people’s sins”</b>



NJB	<b>“for the past when sins went unpunished”</b>
NAV	<b>“Hy het die sondes wat Hy voorheen in sy verdraagsaamheid tydelik ongestraf laat bly het, vergewe”</b>
OAV	<b>“deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat vantevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God”</b>

Die term “passed over” (*paresis*) word slegs hier in die NT gebruik en nêrens in die LXX nie. Die Griekse vaders en Hieronimus het dit in die letterlike betekenis van die Grieks opgevat, naamlik “die vergifnis oor ’n skuldverpligting” (vgl. Moulton en Milligan, bl. 493). Eintlik beteken die WERKWOORD *Pariēmi*, waaruit *paresis* afgelei is, “om eenkant te laat verbygaan” of “om te ontspan” (vgl. Luk. 11:42).

Die vraag ontstaan nou of God in die verlede sonde vergewe het in afwagting op Christus se komende werk, of het Hy gewoon dit oorgesien in die wete dat Christus se sterwe die probleem van sonde sou oplos? Dit kom op dieselfde neer: die sonde van die menslike geslag, in die verlede, in die hede en in die toekoms, is met die offer van Christus besleg.

Dit was ’n genadegawe van God in die verlede, in ag genome die toekomstige versoeningswerk van Christus (vgl. Han. 17:30; Rom. 4:15; 5:13), sowel as ’n teenwoordige- en toekomshandeling (vgl. vers 26). God het nie in die verlede, en neem ook nie in die hede, sonde ligtelik op nie, maar Hy aanvaar in Jesus se versoeningsoffer, ten volle en finaal, die heling van die rebellie wat ewige vriendskapsvertroulikheid met Hom sou verhinder het.

**3:26** Die term wat in vers 25 met “vryspraak” (“righteousness”) vertaal word, is etimologies verwant aan die terme “regverdig” (“just”) en “vryspreker” (“justifier”) van vers 26. God begeer dat sy eienskappe in gelowiges se lewens tot openbaring sal kom deur hulle geloof in Christus. Jesus word nou ons “geregtigheid” (2 Kor. 5:21). Maar gelowiges moet ook hulle lewens verander na gelang van hierdie toegerekende geregtigheid, sodat dit toenemend met hierdie geregtigheid van Christus sal ooreenstem (vgl. Rom. 8:29). Sien *Vir Spesiale Aandag: Geregtigheid* by 1:17.

**NASB (UPDATED) TEXT: 3:27-30**

**<sup>27</sup>Where then is boasting? It is excluded. By what kind of law? Of works? No, but by a law of faith. <sup>28</sup>For we maintain that a man is justified by faith apart from works of the Law. <sup>29</sup>Or is God *the God* of Jews only? Is He not *the God* of Gentiles also? Yes of Gentiles also, <sup>30</sup>since indeed God who will justify the circumcised by faith and the uncircumcised through faith is one.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 3:27-30.*

<b>3:27</b>	<b>NASB</b>	<b>“Where then is boasting”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“Het ons dan nou iets uit onself om op te roem?”</b>
	<b>OAV</b>	<b>“Waar is dan die roem?”</b>
	<b>CUM-NLV</b>	<b>“beroem”</b>

Die gebruik van die LIDWOORD saam met “roem” weerspieël moontlik die trots van die Jode (2:17, 23). Die evangelie is daarin verootmoedigend dat die gevalle mensheid (Jode en heidene) hulleself nie kan help nie (vgl. Ef. 2:8-9). Sien *Vir Spesiale Aandag: Roem* by 2:17.

■	<b>NASB</b>	<b>“It is excluded”</b>
	<b>NAV, OAV</b>	<b>“Nee, dit is uitgesluit”</b>
	<b>CUM-NLV</b>	<b>“dis heeltemal buite die kwessie”</b>

Hierdie term (*ek* [uit] gevoeg by *kleiō* [sluit]) word slegs hier en in Gal. 4:17 aangetref. Letterlik beteken dit “om uit te sluit”.

- **NASB** “by a law of faith”
- NAV, OAV** “deur die wet van die geloof”
- CUM-NLV** “vryspraak berus nie op ons goeie dade nie, maar op ons geloof”

Die nuwe verbond van God volgens Jer. 31:31-34 berus nie op werkeverdienste nie, maar om vertrou te hê op, en geloof (*pistis*) in, sy genadige aard en beloftes. Die doel van die OT sowel as die NT is dat ‘n gevalle mensdom verander sal word om God se beeld van geregtigheid te vertoon – die OT by wyse van ‘n wetsvoorskrif en die NT by wyse van ‘n vernieude hart (vgl. Eseg. 36:26-27). Die einddoel is dieselfde!

**3:28** “we maintain that a man is justified by faith apart from works of the Law” (“Ons betoog is tog dat ‘n mens vrygespreek word omdat hy glo, nie omdat hy die wet onderhou nie”): Dit is ‘n opsomming van 3:21-26 en ‘n voorafskaduwing van hoofstukke 4-8 (vgl. 2 Tim. 1:9; Tit. 3:5). Verlossing is ‘n vrye gawe wat berus op Christus se voltooide werk (vgl. 3:24, 5:15, 17; 6:23; Ef. 2:8-9). Christelike volwasseheid is egter ‘n “ten alle koste” lewe van gehoorsaamheid, diens en aanbidding (vgl. Gal. 5:6; Ef. 2:10; Fil. 2:12; sien ook die aantekening by 1:5).

**3:29** God se doel was immers om alle mense wat na sy beeld geskape is, te verlos (Gen. 1:26; 5:1; 9:6). Die verlossingsbelofte van Gen. 3:15 is vir almal bedoel. Toe Hy Abraham gekies het, het hy die wêreld in gedagte gehad (vgl. Gen. 12:31; Eks. 19:4-6; Joh. 3:16).

Hierdie vers, nes 3:9, mag iets weerspieël van die spanning tussen die gelowige Joodse leierskap wat uit Rome gedryf is as gevolg van Nero se verordening, en die leierskap van gelowige heidene wat hulle opgevolg het. Hierdie spanning het waarskynlik aanleiding gegee tot die ontstaan van hoofstukke 9-11.

- 3:30** **NASB** “since indeed God is one”
- NKJV** “since there is one God”
- NRSV** “since God is one”
- TEV** “God is one”
- JB** “since there is only one God”
- NAV** “want daar is net een God”
- OAV** “inderdaad een God”
- CUM-NLV** “daar is net een God”

Hierdie is ‘n VOORWAARDELIKE BYSIN KLAS EEN wat aanvaar kan word as waar vanuit die perspektief van die skrywer, of om sy literêre doel te bereik. Sou monoteïsme die waarheid wees, soos dit sonder twyfel is (vgl. Eks. 8:10; 9:14; Deut. 4:35, 39; 6:4; 1 Sam. 2:2; 2 Sam 7:22; 1 Kon. 8:23; Ps. 86:8, 10; Jes. 43:11; 44: 6, 8; 45:6-7, 14, 18, 21-22; 46:5, 9; Jer. 2:11; 5:7; 10:6; 16:20), dan moet Hy God wees vir alle mense.

- **NASB** “He will justify the circumcised by faith”
- NAV** “Hy sal die besnedenes deur die geloof [...] vryspreek”
- OAV** “wat die besnedenes sal regverdig deur die geloof”
- CUM-NLV** “daar is net een God en net een manier om voor Hom aanvaarbaar te wees [...] geloof”

Die Griekse woord vir “regverdig” kom van dieselfde stamwoord as “geregtigheid”. Sien *Vir Spesiale Aandag: Geregtigheid* by 1:17. Daar is net een manier om ‘n regte verhouding met God te bewerkstellig (Rom. 9:30-32). Die twee vereistes vir verlossing is geloof en sondebelydenis (Mark. 1:15; Han. 3:16, 19; 20:21; sien ook die aantekening by 1:5).

- NASB “by faith [...] through faith”
- NAV, OAV “deur die geloof [...] deur dieselfde geloof”
- CUM-NLV “op grond van hulle geloof – en dit geld vir die Jood sowel as die nie-Jood”

Daar is ’n duidelike parallel tussen dié twee sinsnedes. Die VOORSETSELS *ek* en *dia* word hier as sinonieme gebruik – daar word geen onderskeid getref nie.

**NASB (UPDATED TEXT): 3:31**

**<sup>31</sup>Do we then nullify the Law through faith? May it never be! On the contrary, we establish the Law.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 3:2-31.*

- |      |  |
|------|--|
| 3:31 | <ul style="list-style-type: none"> <li>NASB “Do we then nullify the Law through faith”</li> <li>NKJV “Do we then make void the law through faith”</li> <li>NRSV “Do we then overthrow the law by this faith”</li> <li>TEV “Does this mean that by this faith we do away with the Law”</li> <li>JB “Do we mean that faith makes the Law pointless”</li> <li>NAV “Hef ons dan deur die geloof die wet op”</li> <li>OAV “Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof”</li> <li>CUM-NLV “As ons die geloof beklemtoon, beteken dit dan dat ons die wet tersyde stel?”</li> </ul> |
|------|--|

Die NT stel die OT op twee verskillende maniere voor:

1. dit is geïnspireerde, Godgegewe openbaring wat altyd geldig bly (Mat. 5:17-19; Rom. 7:12, 14, 16); of
2. dit is uitgedien en agtergelaat (Heb. 8:13).

Paulus gebruik die woord vir “ophef” (“nullify”) ten minste 25 keer. Dit word vertaal as “van nul en geen waarde nie”, “kragtelos gemaak” en “oneffektief gemaak”. Sien *Vir Spesiale Aandag: Van Nul en Geen Waarde Nie* by 3:3. Volgens Paulus was die wet ’n plek van bewaring of gevangenhouding (Gal. 3:23) en toesig (vgl. Gal. 3:24), maar die wet kon nie die ewige lewe gee nie (Gal. 2:16, 19; 3:19). Dit was eerder die gronde waarop die mens skuldig bevind is (Gal. 3:13; Kol. 2:14). Die wet van Moses het ’n tweeledige funksie gehad: dit was ‘n openbaring, maar ook ’n morele toets – ooreenkomstig met die “boom van kennis van goed en kwaad” (Gen. 2:17) in die middel van die tuin van Eden.

Daar is onsekerheid oor wat Paulus presies met “die wet” bedoel:

1. Judaïsme se sisteem van goeie werke;
2. ‘n stadium vereis deur Judaïseerders vir heidene om deur te beweeg om verlossing in Christus te vind (vgl. Galasiërs); of
3. ‘n standaard waaraan geen mens kon voldoen nie (Rom. 1:18-3:20; 7:7-25; Gal. 3:1-29).

- “we establish the Law” (“Beslis nie. Ons laat die wet tot sy reg kom”): Wat beteken hierdie frase in die lig van wat dit voorafgaan? Dit kan aandui dat:

1. die wet nie 'n weg van verlossing is nie, maar dien as 'n voortgaande morele riglyn;
2. dit 'n getuienis is ter bevestiging van die leer van "regverdigmaking deur geloof" (3:21; 4:3; Gen. 15:6; Ps. 32:1-2, 10-11);
3. die onmag van die wet (menslike sondige natuur, vgl. Rom. 7; Gal. 3) ten volle vervul is deur Christus se offer (8:3-4); of
4. die doel van openbaring is om die beeld van God in die mens te herstel.

Die wet word, ná die toerekening van geregtigheid, 'n riglyn vir ware geregtigheid of 'n Christus-gelykvormige lewe. Sien *Vir Speciale Aandag: Paulus se siening van die Mosaïese Wet* by 13:9.

Dit is 'n verbysterende paradoks dat die wet, wat nie in staat was om God se geregtigheid tot stand te bring nie, se doel tog in sy ongeldigverklaring bereik word, omdat die gawe van God se genade deur geloof daartoe lei dat 'n Christen 'n opregte, Godvresende lewe van geregtigheid lei. Die doel van die wet is dus bewerkstellig, nie deur menslike inspanning nie, maar deur die genadegawe van God in Christus! Vir die betekenis van "juis tot sy reg kom" (bewerkstellig) sien *Vir Speciale Aandag: Staar* by 5:2.

### **BESPREKINGSVRAE**

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Verskaf in jou eie woorde 'n uitleg van die hoofpunte in 3:21-31.
2. Hoekom het God mense se sondes in die verlede oorgesien (vers 25)?
3. Op watter manier het die gelowige in die OT vergifnis vir sonde gevind (3:25)?
4. Hoe word die wet deur geloof in Jesus bevestig (3:31)?

## ROMEINE 4

<b>PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*</b>					
<b>UBS<sup>4</sup></b>	<b>NKJV</b>	<b>NRSV</b>	<b>TEV</b>	<b>JB</b>	<b>NAV</b>
Die voorbeeld van Abraham 4:1-12	Abraham geregverdig deur geloof 4:1-4  Dawid vier dieselfde waarheid 4:5-8  Abraham geregverdig voor besnydenis 4:9-12	Abraham geregverdig deur geloof 4:1-8    4:9-12	Die voorbeeld van Abraham 4:1-8    4:9-12	Abraham geregverdig deur geloof 4:1-8  Geregverdig voor besnydenis  4:9-12	Die voorbeeld van Abraham 4:1-8    4:9-12
Die belofte toegeëien deur geloof 4:13-25	Die belofte toegestaan deur geloof 4:13-25	Die ware erfgename van Abraham 4:13-15 4:16-25	God se belofte ontvang 4:13-15 4:16-25	Nie geregverdig deur gehoorsaamheid aan die wet 4:13-17  Abraham se geloof 'n voorbeeld vir Christene 4:18-25	Wat belowe is, word deur die geloof verkry 4:13-22   4:23-25

### **LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xi)**

#### **OM DIE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK TE VOLG**

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die vyf vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as die sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

#### **DIE DELE IN KONTEKS: ROMEINE 3:21-4:25**

- A. In die verstommende teologiese stellings van 3:21-31 beklemtoon Paulus dat 'n gevalle mensdom deur 'n vrye gawe, en totaal onafhanklik van die wet van Moses, geregverdig voor God verklaar word. Paulus gaan voort om te betoog dat dit nie 'n nuwe boodskap is

\* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hierbo. Aanhalings inteks is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

nie (vgl. 3:21b) deur na beide Abraham en Dawid as voorbeelde te verwys (vgl. verse 6-8).

- B. Ontleen aan die wet van Moses, bied Romeine 4 getuienis vir die leerstelling van regverdigmaking deur geloof. Dit word as opsomming in 3:21-31 aangebied. 'n Aanhaling uit die geskrifte van Moses, veral as dit oor Abraham gaan, het by 'n Jood groot gewig gedra. Abraham is beskou as die vader van die Joodse nasie. Dawid is beskou as 'n tipe verwagte Messias (2 Sam. 7). Die spanning tussen gelowige Jode en gelowige heidene mag die rede wees vir hierdie bespreking. Dit is moontlik dat die Joodse Christen-leiers, omrede Nero se verbod op alle Joodse rituele, genoep gevoel het om Rome lief te verlaat. Intussen het heiden-Christene oorgeneem. Die terugkeer van eersgenoemde leiers het tot 'n geskil gelei oor wie in leiershoedanigheid moet optree.
- C. Romeine 4 dui aan dat die gevalle mensdom altyd deur geloof en sondebelydenis gered is, in ag genome die geestelike lig waaroor hulle beskik (vgl. Gen. 15:6; Rom. 4:3). Op baie maniere is die nuwe verbond nie radikaal verskillend van die ou verbond nie (vgl. Jer. 31:31; Eseg. 36:22-38).
- D. Hierdie weg tot geregtigheid deur geloof is oop vir almal, nie net vir die aartsvaders of volk van Israel nie. Paulus brei hieroor uit en ontwikkel sy teologiese argument met verwysing na Abraham (nes hy aanvanklik ook in Galasiërs 3 begin het).

## STUDIE VAN WOORDE EN FRASES

### NASB (UPDATED) TEXT: 4:1-8

**<sup>1</sup>What then shall we say that Abraham, our forefather to the flesh, has found? <sup>2</sup>For if Abraham was justified by works, he has something to boast about, but not before God. <sup>3</sup>For what does the Scripture say? "ABRAHAM BELIEVED GOD, AND IT WAS CREDITED TO HIM AS RIGHTEOUSNESS." <sup>4</sup>Now to the one who works, his wage is not credited as a favor, but as what is due. <sup>5</sup>But to the one who does not work, but believes in Him who justifies the ungodly, his faith is credited as righteousness, <sup>6</sup>just as David speaks of the blessing on the man to whom God credits righteousness apart from works: <sup>7</sup>"BLESSED ARE THOSE WHOSE LAWLESS DEEDS HAVE BEEN FORGIVEN, AND WHOSE SINS HAVE BEEN COVERED." <sup>8</sup>"BLESSED IS THE MAN WHOSE SIN THE LORD WILL NOT TAKE INTO ACCOUNT."**

*Verwys na NAV, OAV\*, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 4:1-8.*

**4:1 "What then shall we say that Abraham, our forefather" ("Wat moet ons nou sê was die geval met ons stamvader Abraham"):** Sy naam beteken "vader van menigte" (vgl. verse 16-18). Sy oorspronklike naam, Abram, het "verhewe vader" beteken.

Die literêre tegniek is steeds dialektiek (vgl. 4:1; 6:1; 7:7; 8:31; 9:14, 30). Die rede vir die gebruik van Abraham as voorbeeld (Gen. 11:27-25:11) kan een van die volgende wees: (1) die Jode se hoë agting vir hulle rasafkoms (Mat. 3:9; Joh. 8:33, 37, 39); (2) sy persoonlike geloof wat die verbond voortreflik illustreer (Gen. 15:6); (3) sy geloof het die ontvangs van die wet van Moses voorafgegaan (vgl. Eks. 19-20); of (4) sy naam is deur valse leraars gebruik (bv. Judaïseerders, vgl. Galasiërs).

■ **"flesh" ("vlees"):** Sien *Vir Spesiale Aandag: Die Seun van God* by 1:3.

\* Die ouer vertaling mag veral nuttig te pas kom in die ontleding van vers 7 – vert.

**4:2** “if” (“as”): ’n VOORWAARDELIKE BYSIN KLAS EEN (vgl. A.T. Robertson, *Word Pictures*, vol. 4, bl. 350), wat aanvaar word as waar vanuit die perspektief van die skrywer of om sy literêre doelstelling te bereik. Hierdie is ’n goeie voorbeeld van ’n VOORWAARDELIKE BYSIN KLAS EEN wat in werklikheid vals is, maar dien om ’n teologiese standpunt te stel (vgl. vers 14).

Joseph A. Fitzmyer, *The Anchor Bible*, vol. 33, bl. 372, meld dat hierdie vers ’n gemengde vorm van ’n VOORWAARDELIKE SIN is met die eerste deel KLAS TWEE, in stryd met die feite, en die tweede deel dan KLAS EEN.

▣ NASB	“justified by works”
NAV	“op grond van sy dade”
OAV	“uit die werke geregverdig is”
CUM-NLV	“goeie werke”

Dit is die teenoorgestelde van regverdigmaking deur geloof in Christus. So ’n verlossing deur menslike inspanning (vgl. 4:4), indien enigsins moontlik, sou die bediening van Christus oorbodig gemaak het. Die OT dui egter duidelik op die gevalle mens se onvermoë om uitvoering aan die verbondsopdragte van God te gee. Daarom het die OT ’n verdoeming, ’n skuldverklaring en doodsvonnis ingehou (vgl. Gal. 3:13; Kol. 2:14).

Die Joodse geleerdes het geweet dat Abraham lank voor die wet van Moses geleef het, maar hulle het aangeneem dat hy met die inhoud bekend was en daarvolgens geleef het (vgl. Prediker – Wysheid van Ben Sira, 44:20 en Jubilees 6:19; 15:1-2).

▣ NASB	“he has something to boast about”
NAV, OAV	“dan het hy rede gehad om te roem”
CUM-NLV	“sou hy dalk goeie rede gehad het om te spog”

Hierdie opmerking kom dikwels in Paulus se geskrifte voor en moet as ’n sensitiwiteit vanweë sy Fariseïese agtergrond verstaan word (vgl. 3:27; 1 Kor. 1:29; Ef. 2:8-9). Sien ook *Vir Spesiale Aandag: Roem/Trots* by 2:17.

<b>4:3</b> NASB, NKJV, NRSV, TEV	“Abraham believed God”
JB	“Abraham put his faith in God”
NAV, OAV	“Abraham het in God geglo”

Sien *Vir Spesiale Aandag: Geloof* by 4:5.

**4:3, 4, 5, 6, 8, 9, 10, 22, 23, 24**

NASB	“it was credited to him”
NRSV	“it was reckoned to him”
NKJV	“it was accounted to him”
TEV	“for God accepted him”
JB	“this faith was considered”
NAV	“daarom het God hom”
OAV	“en dit is hom [...] gereken”
CUM-NLV	“God het hom”

“[D]it” (“it”) verwys na die vertrouwe wat Abraham in God se beloftes gehad het.

*Logizomia* is die Griekse woord vir “toegereken” (“reckoned”, “accounted” of “considered”) – rekenkundige terme wat beteken dat iets “toegeken of in ’n rekening inbetaal” is (vgl. LXX Gen. 15:6; Lev. 7:18; 17:4). In 2 Kor. 5:21 en Gal. 3:6 in kombinasie met Gen. 15:6 en Ps. 32:2

(beide gebruik die rekenkundige term), slaag Paulus voortreflik daarin om hierdie waarheid tuis te bring. Samevoeging van tekste was reeds onder die rabbyne as hermeneutiese beginsel in gebruik.

Die OT gebruik hierdie term (toereken) nie soseer as ‘n bankterm nie, maar eerder as ‘n boekhousterm – moontlik in ooreenstemming met “die boek met die aanklagte” soos in Dan. 7:10; 12:1, wat metafories sinspeel op die geheue van God:

1. die boek van werke en herinneringe (Ps. 56:8; 139:16; Jes. 65:6; Mal. 3:16; Openb. 20:12-13);
2. die boek van die lewe (vgl. Eks. 32:32; Ps. 69:28; Jes. 4:3; Dan. 12:1; Luk. 10:20; Fil. 4:3; Heb. 12:23; Openb. 3:5; 13:8; 17:8; 20:15; 21:27). Die boek waarin God “geregtigheid” vir Abraham se geloof toegereken en ingeskryf het, was “die boek van die lewe”.

**4:3, 5, 6, 9, 10, 11, 13, 22, 25**

**NASB**

**NAV, CUM-NLV**

**OAV**

**“as righteousness”**

**“vrygespreek”**

**“tot geregtigheid”**

Hierdie term verwys na die OT-meetstok (*tsadak*). Dit was ’n bouwerk-instrument wat metafories aangewend is om geregtigheid as ’n wesenseienskap van God te beskryf. God is reguit (onwrikbaar) en alle mense is krom. In die NT verwys dit na ’n stand van vryspraak, of om vrygespreek te wees (wettig, forensies). Geregtigheid is dus toegeken, en sal hopenlik vorder tot ’n godvrugtige lewenstyl en karaktertrekke. Sy eie karakter is die ideaal wat God vir elke mens koester. Anders gestel: die ideaal vir die mens is die gesindheid van Christus (vgl. 8:28-29; Gal. 4:19). Sien *Vir Spesiale Aandag: Geregtigheid* by 1:17.

**4:5** Die essensie van geloof is om antwoord te gee op die God wat Homself openbaar, maar sonder om jou te verlaat op die meriete van eie werkheiligheid. Dit beteken nie dat ons gered kan wees en die inwoning van die Gees kan ervaar, maar dat ons lewenstyl dan nie belangrik is nie. Die doel van Christenskap is nie net dat ons hemel toe gaan by afsterwe nie, maar ook nou sal lewe na Christus se voorbeeld. Ons word nie gered of geregverdig deur ons eie werke nie, maar eerder verlos tot ’n lewe van goeie werke (vgl. Ef. 2:8-9, 10; Jak. en 1 Joh.). ’n Veranderde en veranderende lewe is bewys van iemand se verlossing. Regverdigmaking moet lei tot heiligmaking!

▣ **“believes” (“glo”):** Sien *Vir Spesiale Aandag* hieronder.

**VIR SPESIALE AANDAG: GELOOF (*PISTIS* [NAAMWOORD], *PISTEUŌ* [WERKWOORD], *PISTOS* [BYVOEGLIKE NAAMWOORD])**

- A. Dit is ’n uiters belangrike woord in die Bybel (vgl. Heb. 6:1, 6). Dis die onderwerp van Jesus se vroegste prediking (Mark. 1:15) en lei tot twee nuwe verbondsvereistes: berou en geloof (vgl. 1:15; Han. 3:16, 19; 20:21).
- B. Die etimologie:
  1. Die term “geloof” in die OT beteken “lojaliteit”, “getrouheid” of “betroubaarheid” en was ’n beskrywing van God se eienskappe; nie ons s’n nie.
  2. Dit kom van ’n Hebreeuse term (*emun, emunah*), wat “vas en standvastig” beteken. Saligmakende geloof is ’n verstandelike instemming (leerstellings), ’n lewe van moraliteit (lewenstyl) en in die vernaamste sin, ’n wederkerige verhouding – die



verwelkoming van 'n persoon sowel as daardie persoon se toewyding deur 'n wilsbesluit.

C. Die OT-gebruik van die woord:

Dit moet beklemtoon word dat Abraham se geloof nie om 'n toekomstige Messias gegaan het nie, maar om 'n belofte van 'n kind en 'n nageslag wat hy sou hê (Gen. 12:2; 15:2-5; 17:4-8; 18:14). Abraham se reaksie hierop was om op God te vertrou. Hy het die heelyd getwyfel en probleme gehad met die belofte, wat toe eers na dertien jaar vervul is. Sy onsekerheid is egter deur God aanvaar. God is gewillig om met feilbare mense te werk wat wel Hom en sy beloftes ernstig opneem, al is die geloof so klein soos 'n mosterdsaadjie (vgl. Mat. 17:20).

D. Die NT-gebruik van die woord:

Die term “geloof” kom van die Griekse woord *pisteuō* wat ook as “glo”, “geloof hê” of “vertrou” vertaal kan word. Die selfstandige naamwoord kom nie in die evangelie van Johannes voor nie, maar die werkwoord dikwels. Die egtheid van die skare se verbintenis met Jesus van Nasaret as Messias in Joh. 2:23-25 is onseker. Ander voorbeelde van hierdie oppervlakkige gebruik van die term “geloof” kom in Joh. 8:31-59 en Han. 8:13, 18-24 voor. Die ware Bybelse geloof is meer as 'n aanvanklike reaksie. Dit moet opgevolg word met 'n proses van dissipelskap (vgl. Mat. 13:20-22, 31-32).

E. Gebruik met VOORSETSELS:

1. *eis* beteken “in” (“into”). Hierdie unieke konstruksie beteken dat gelowiges hulle vertrou of geloof in Jesus plaas:
  - a. in sy naam (Joh. 1:12; 2:23; 3:18; 1 Joh. 5:13);
  - b. in Hom (Joh. 2:11; 3:15, 18; 4:39; 6:40; 7:5, 31, 48; 8:30; 9:36; 10:42; 11:45, 48; 17:32, 42; Mat. 18:6; Han. 10:43; Fil. 1:29; 1 Pet. 1:8);
  - c. in My (Joh. 6:35; 7:38; 11:25, 26; 12:44, 46; 14:1, 12; 16:9; 17:20);
  - d. in die Seun (Joh. 3:36; 9:35; 1 Joh. 5:10);
  - e. in Jesus (Joh. 12:11; Han. 19:4; Gal. 2:16);
  - f. in Lig (Joh. 12:36); en
  - g. in God (Joh. 14:1).
2. *en* beteken “in” soos in Joh. 3:15; Mark. 1:15; Han. 5:14.
3. *epi* beteken “in” of “op” soos in Mat. 27:42; Han. 9:42; 11:17; 16:31; 22:19; Rom. 4:5, 24; 9:33; 10:11; 1 Tim. 1:16; 1 Pet. 2:6.
4. die DATIEF-VORM sonder 'n VOORSETSEL soos in Gal. 3:6; Han. 18:8; 27:25; 1 Joh. 3:23; 5:10
5. *hoti* wat “glo dat” beteken, bied die inhoud van wat geglo moet word:
  - a. Jesus is die heilige van God (Joh. 6:69)
  - b. Jesus is die “Ek is” (Joh. 8:24)
  - c. Jesus is in die Vader en die Vader is in Hom (Joh. 10:38)
  - d. Jesus is die Messias (Joh. 11:27; 20:31)
  - e. Jesus is die Seun van God (Joh. 11:27; 20:31)
  - f. Jesus is deur die Vader gestuur (Joh. 11:42; 17:8, 21)
  - g. Jesus is een met die Vader (Joh. 14:10-11)
  - h. Jesus kom van die Vader (Joh. 16:27, 30)
  - i. Jesus het Homself bekendgestel met die “Ek is”-verbondsnaam van God (Joh. 8:24; 13:19)
  - j. Ons sal saam met Hom lewe (Rom. 6:8)
  - k. Jesus het gesterf en weer opgestaan (1 Tes. 4:14)

- ▣ NASB, NKJV “his faith”
- NRSV “such faith”
- TEV, NJB “it is this faith”
- NAV, OAV “sy geloof”

Abraham se geloof het hom geregtig verklaar. Dit was nie op sy handeling gebaseer nie, maar op sy houding (gesindheid). In die LXX se Ps. 106:31, wat op Num. 25:11-13 betrekking het, word toerekening op Pinehas se handeling gebaseer, maar so was dit nie met Abraham in Gen. 15:6 nie.

- ▣ NASB “but believes in Him who justifies the ungodly, his faith is reckoned as righteousness”
- NAV “maar wat glo in Hom wat die goddelose vryspreek, hy kry die vrypraak deur sy geloof”
- OAV “maar glo in Hom wat die goddelose regverdig”
- CUM-NLV “maar wat glo in Hom wat die goddelose vryspreek”

Dit is in ooglopende ooreenstemming met Abraham in vers 3 (Gen. 15:6). Geregtigheid is ’n geskenk van God; dit kom nie vanweë besondere menslike inspanning nie.

- ▣ “David” (“Dawid”): Soos Abraham was Dawid nie ’n perfekte mens nie, maar deur sy geloof wel in ’n herstelde verhouding met God (vgl. Ps. 32 en 51). God wat liefde is werk graag met ’n gevalle mensdom wat vertrou in Hom (OT) en in sy Seun (NT) het.

- ▣ NASB “apart from works”
- NAV “buite wetsonderhouding om”
- OAV “sonder werke”
- CUM-NLV “sonder enige wetsprestasie”

Paulus beklemtoon met hierdie frase dat ’n mens se verhouding met God reggestel word deur geloof, bemiddel deur Christus; nie by wyse van religieuse wetsonderhouding nie. Dan volg sy aanhaling uit die OT (Ps. 32:1-2).

**4:7-8** Hier haal Paulus Ps. 32:1-2 aan. Beide werkwoorde in die vertaling van vers 7 – “vergewe [...] is” en “bedek is” (“have been forgiven” en “have been covered”) – is AORISTUS PASSIEF. Die veronderstelling is dat dit God is wat hier optree as agent. Vers 8 bevat ’n sterk DUBBELE NEGATIEF: sy sonde “sal onder geen omstandighede” toegereken word, in berekening gebring word of in aanmerking geneem word nie! Let daarop hoe al drie die werkwoorde in hierdie aanhaling die vrystelling van sonde benadruk.

- 4:7** NASB “whose sins have been covered”
- NAV “wie se oortredinge nie gestraf word nie”
- OAV “wie se sondes bedek is”

Die idee van “bedekking” was sentraal in die offerkultus van Israel. As God sonde bedek, plaas Hy dit buite sy gesigsveld (Brown, Driver, Briggs, bl. 491). Hoewel ’n ander Hebreeuse woord vir “bedek” (*caphar*) gebruik is, is daar op die groot versoendag bloed op die “versoendeksel” of “sitplek vir genade” geplaas om Israel se sondes te bedek. ’n Ooreenkomstige Bybelse metafoor sou “uitwissing” of “delging” van sonde wees.

<b>4:8 NASB</b>	<b>“Blessed is the man whose sin the Lord will not take into account”</b>
<b>NAV, CUM-NLV</b>	<b>“Geseënd is die mens vir wie die Here die sonde nie toereken nie”</b>
<b>OAV</b>	<b>“wie se sonde bedek is”</b>

Dis ’n aanhaling uit Ps. 32:2. Die terme “bereken”, “toereken” of “inbetaal in ’n ander se rekening” word hier in die negatief gebruik (DUBBELE NEGATIEF). God betaal nie sonde in ’n gelowige se geestelike bankrekening in nie; Hy betaal geregtigheid in. Dit stem ooreen met God se karakter wat genade skenk, en sy uitdruklike verklaring. Kwytstelling berus nie menslike meriete of prestasie of dank nie!

**NASB (UPDATED) TEXT: 4:9-12**

**“Is this blessing then on the circumcised, or on the uncircumcised also? For we say, “FAITH WAS CREDITED TO ABRAHAM AS RIGHTEOUSNESS.” <sup>10</sup>How then was it credited? While he was circumcised, or uncircumcised? Not while circumcised, but while uncircumcised; <sup>11</sup>and he received the sign of circumcision, a seal of the righteousness of faith which he had while uncircumcised, so that he may be the father of all who believe without being circumcised, that righteousness might be credited to them, <sup>12</sup>and the father of circumcision to those who not only are of the circumcision, but who also follow in the steps of the faith of our father Abraham which he had while uncircumcised.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 4:9-12.*

**4:9-12** Paulus het bes moontlik hierdie bespreking van besnydenis ingevoeg op grond van die Judaïseerders se aandrang dat besnydenis nodig is vir die saligheid (vgl. Gal. en die Vergadering te Jerusalem, soos vermeld in Han. 15). Paulus was bekend met die rabbynse eksegeese en het dus geweet dat in Gen. 15 en Ps. 32:2 dieselfde werkwoord gebruik word, in beide die Grieks en Hebreeus. Vir teologiese doeleindes verbind hy dus die twee aanhalings.

**4:9** Die vraag wat hy in vers 9 stel, veronderstel ’n “nee”-antwoord. God aanvaar alle mense, selfs ook heidene, deur geloof. Gen. 15:6 word weer aangehaal. Abraham, die vader van die Joodse volk, is geregtigheid toegereken voordat hy besny is.

<b>4:10-11 NASB</b>	<b>“the sign of circumcision, a seal of righteousness of faith”</b>
<b>NAV</b>	<b>“Dit is ’n seël wat bewys dat God hom vrygespreek het omdat hy geglo het toe hy nog onbesnede was”</b>
<b>OAV</b>	<b>“toegereken – nie as besnedene nie, maar as onbesnedene”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“tevore toe hy nog onbesnede was, vrygespreek het”</b>

Nadat Abraham geroep en geregtigheid toegereken is, het God hom die besnydenis as teken van die verbond gegee (vgl. Gen. 17:9-14). Alle bewoners van die ou-nabye-Ooste was besny, behalwe die Filistyne wat van Griekse oorsprong en van die Egeïese eilande afkomstig was. Waar besnydenis vir ander volke ’n oorgangsritus van seunskap na volwassenheid was, was dit in die Joodse lewe ’n religieuse simbool van verbondslidmaatskap, wat aan seuntjies van agt dae oud bedien is.

In hierdie vers is “teken” en “seël” sinoniem, en verwys na Abraham se geloof. Besnydenis was ’n sigbare teken vir iemand wat geloof in God gehad het. Die GENITIEF-frase “van geregtigheid deur geloof” word in vers 13 herhaal.

<b>4:11 NASB</b>	<b>“that he might be the father of all who believe without being circumcised”</b>
<b>NAV</b>	<b>“dat hy die vader sou wees van almal wat glo al is hulle nie besny nie”</b>
<b>OAV</b>	<b>“vader van almal terwyl hulle onbesnede is”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“so het Abraham die geestelike voorvader geword van almal wat glo sonder dat hulle die besnydenis ontvang het”</b>

Die Romeineboek is ná die boek Galasiërs geskryf. Paulus was sensitief vir die Jode se geneigdheid om te veel vertrou te stel in (1) hulle rasafkoms (vgl. Mat. 3:9; Joh. 8:33, 37, 39) en (2) die prestasie van die huidige Joodse verklaring van die Mosaïese verbond (die mondelinge tradisie van die ouderlinge, oftewel mondelinge oorleweringe deur ouderlinge wat later op skrif gestel is en die Talmoed genoem is). Daarom gebruik hy Abraham as die voorbeeld van uitnemendheid vir almal wat vertrou op geloof; ook die vader van die gelowige onbesnedenes (Gal. 3:29).

■ **“seal” (“seël”):** Sien *Vir Spesiale Aandag* hieronder.

### **VIR SPESIALE AANDAG: SEËL**

Daar word verwys na die seël van God in Openb. 9:4 en 14:1, moontlik ook 22:4. Satan se seël word in Openb. 13:16; 14:9 en 20:4 genoem. ‘n Seël is moontlik ‘n antieke aanduiding van:

1. waarheid (vgl. Joh. 3:33)
2. eienaarskap (vgl. Joh. 6:27; 2 Tim. 2:19; Openb. 7:2-3)
3. sekuriteit of beskerming (vgl. Gen. 4:15; mat. 27:66; Rom. 15:18-25; 2 Kor. 1:22; Ef. 1:13; 4:30)
4. moontlik ook God se belofte van ‘n gawe (Rom. 4:11; 1 Kor. 9:2)

Die doel van hierdie seël is om God se mense aan te dui as dié vir wie God se toorn nie bestem is nie. Satan se seël identifiseer sy gevolg as fokus van God se toorn. In Openbaring is die woord “verdrukking” (bv. *thlipsis*) altyd die vervolging wat ongelowiges op gelowiges uitoefen, terwyl toorn (*orgē* of *thumos*) altyd God se oordeel oor ongelowiges aandui, sodat hulle hul sondes bely en tot geloof in Christus mag kom. Hierdie positiewe aspek van oordeel word ook in die vervloekings- en verbond-seëninge van Deut. 27-28 aangetref.

Die frase “die lewende God” is woordspel op die YHWH-titel (vgl. Eks. 3:14; Ps. 42:4; 84:2; Mat. 16:16). Dit is dieselfde woordspel wat in Bybelse ede soos “sowaar as die Here leef” gevind word.

<b>4:12 NASB</b>	<b>“follow in the steps”</b>
<b>NAV</b>	<b>“ook glo soos hy geglo het”</b>
<b>OAV</b>	<b>“wandel in die voetstappe van die geloof van ons vader Abraham”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“net as hulle dieselfde soort geloof het”</b>

Hierdie was ‘n militêre term (*stoicheō*) vir soldate wat in enkelgelid marsjeer (vgl. Han. 21:24; Gal. 5:25; 6:16; Fil. 3:16). Paulus verwys hier na gelowige Jode (“die vader van die besnedenes [...] wat ook glo”). Hy is die vader van almal wat glo in God en sy beloftes.

Die dubbele LIDWOORD (*tois*) skep die moontlikheid dat “wandel in die voetstappe van die geloof” hier verwys na die konsep van lewenstyl-geloof, eerder as bloot die eenmalige “ek glo” (PRAESENS MEDIUM PARTISIPIUM). Verlossing is ‘n volgehoue verhouding, nie maar net ‘n eenmalige besluit op ‘n emosionele oomblik nie.

**NASB (UPDATED) TEXT: 4:13-15**

**<sup>13</sup>For the promise to Abraham or to his descendants that he would be heir of the world was not through the Law, but through the righteousness of faith. <sup>14</sup>For if those who are of the Law are heirs, faith is made void and the promise nullified; <sup>15</sup>for the Law brings about wrath, but where there is no law, there is also no violation.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 4:13-15.*

<b>4:13 NASB</b>	<b>“The promise to Abraham or to his descendants”</b>
<b>NAV</b>	<b>“dat aan hom en sy nageslag die belofte gegee is”</b>
<b>OAV</b>	<b>“die belofte [...] het Abraham of sy nageslag”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“God se belofte aan Abraham en sy nasate”</b>

God het aan Abraham ’n belofte gedoen ten opsigte van “land en nageslag” (vgl. Gen. 12:1-3; 15:1-6; 17:1-8; 22:17-18). Die OT het op die landgebied van Palestina gefokus, maar die NT het op die nakomelingskap gefokus (Jesus die Messias, vgl. Gal. 3:16, 19). Hier is die “saad” egter die nakomelingskap van die geloof (vgl. Gal. 3:29). Alle gelowiges se vertroue berus op die beloftes van God (Gal. 3:14, 17, 18, 19, 21, 22, 29; 4:28; Heb. 5:13-18).

▣ <b>NASB</b>	<b>“that he would be heir of the world”</b>
<b>NAV</b>	<b>“dat hy die wêreld as besitting sal ontvang”</b>
<b>OAV</b>	<b>“dat hy erfgenaam van die wêreld sou wees”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“om die hele wêreld aan Abraham en sy nasate te gee”</b>

Hierdie universele perspektief is baie belangrik in die lig van Gen. 12:3; 18:18; 22:18; en Eks. 19:5-6. God het Abraham geroep om deur hom die hele mensdom te roep (Gen. 1:26-27; 3:15)! Abraham en sy afstammeling was veronderstel om die openbaring aan die hele mensdom te bring. Dis ’n ander manier om na die koninkryk van God op aarde te verwys (vgl. Mat. 6:10).

▣ <b>NASB</b>	<b>“not through the Law”</b>
<b>NAV</b>	<b>“nie omdat Abraham die wet van Moses onderhou het nie”</b>
<b>OAV</b>	<b>“nie deur die wet verkry nie”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“nie berus het op wetsgehoorsaamheid nie”</b>

Die wet van Moses was nog nie bekend nie. Hierdie stelling staan eerste in die Griekse teks om die belangrikheid daarvan te beklemtoon. Dié punt is baie belangrik omdat die verskil tussen menslike inspanning en God se genade daardeur beklemtoon word (vgl. 3:21-31). Genade het die wet as weg van saligheid oorbodig gemaak (vgl. Heb. 8:7, 13). Sien *Vir Spesiale Aandag: Paulus se siening van die Mosäiese Wet* by 13:9.

**4:14 “if” (“as”):** Weereens ’n VOORWAARDELIKE BYSIN KLAS EEN wat aanvaar kan word as waar vanuit die perspektief van die skrywer, of om sy literêre doelstelling te bereik. Paulus maak hier ’n opspraakwekkende stelling om sy logiese argument te bevorder. Die VOORWAARDELIKE BYSIN gebruik hy vir die doel van retoriese beklemtoning. Hy maak dus wetend ’n ongeldige stelling om sodoende die ooglopende denkfout daaragter te beklemtoon (vgl. vers 2).

Die besnede Joodse ras is die erfgename van die wêreld, maar dan net as hulle die geloof volgens God se wil beoefen. Fisiese besnydenis is nie die ware teken nie, maar eerder geloof (vgl. 2:28-29).

▣ <b>NASB, NKJV</b>	<b>“faith is made void”</b>
<b>NRSV</b>	<b>“faith is null”</b>

<b>TEV</b>	<b>“man’s faith means nothing”</b>
<b>JB</b>	<b>“faith becomes pointless”</b>
<b>NAV</b>	<b>“sou die geloof sy betekenis verloor het”</b>
<b>OAV</b>	<b>“dan het die geloof waardeloos geword”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“het die geloof betekenisloos geword”</b>

Hierdie is ’n PERFEKTUM PASSIEF INDIKATIEF van die WERKWOORD *kenoō* (“om leeg te maak”) – ’n baie sterk Griekse woord wat dui op ’n toestand van “totale gebrek aan vaste grondslag”, selfs “om te vervals” (vgl. 1 Kor. 1:17). Die verse waarin Paulus hierdie term gebruik, is 1 Kor. 1:17; 9:15; 2 Kor. 9:3 en Fil. 2:7.

▣ <b>NASB</b>	<b>“the promise is nullified”</b>
<b>NKJV</b>	<b>“the promise is made of no effect”</b>
<b>NRSV</b>	<b>“the promise is void”</b>
<b>TEV</b>	<b>“God’s promise is void”</b>
<b>JB</b>	<b>“the promise is worth nothing”</b>
<b>NAV</b>	<b>“verloor [...] die belofte sy krag”</b>
<b>OAV</b>	<b>“en die belofte tot niet gemaak”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“en het die belofte sy krag verloor”</b>

Dit is ook ’n PERFEKTUM PASSIEF INDIKATIEF van ’n sterk Griekse WERKWOORD wat op ’n onomkeerbare toestand dui: “om leeg te maak”, “om af te skaf”, “om ’n end aan te maak” of selfs “om te vernietig” en “om uit te wis”. Paulus gebruik hierdie woord ook in Rom. 3:3, 31; 6:6; 7:2, 6; 1 Kor. 2:6; 13:8; 15:24, 26; 2 Kor. 3:7; Gal. 5:4 en 2 Tes. 2:8. Daar is ’n duidelike parallel in dié vers. Daar is nie twee maniere om tot saligheid te kom nie. Die nuwe verbond het die ou verbond van werke, waardeloos verklaar. Sien *Vir Spesiale Aandag: Van Nul en Geen Waarde Nie* by 3:3.

<b>4:15 NASB</b>	<b>“the Law [...] law”</b>
<b>NAV</b>	<b>“die wet [...] nie ‘n wet nie [...] geen oortreding van die wet nie”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“die wet [...] wetsverbreking te voorkom [...] geen wet”</b>

In Grieks is ’n LIDWOORD by die eerste term gevoeg, maar nie by die tweede nie. Alhoewel dit misleidend kan wees om te veel af te lei van die aanwesigheid van ’n Griekse lidwoord, wil dit tog hier voorkom of Paulus die term “wet” in tweërlei betekenis gebruik: (1) Die Mosaïese wet met sy Mondelinge oorlewering waarin sommige Jode hulle vertrou vir die saligheid gestel het, en (2) die begrip “wet” oor die algemeen. Hierdie wyer betekenis sluit dan die selfgeregtigheid van die heidendom in wat met aanhang van hierdie of daardie etiese kultuurgebruik, of religieuse ritueel, voel dat die godheid hulle aanvaar oor hulle ywer.

▣ <b>NASB</b>	<b>“the Law brings about wrath”</b>
<b>NAV</b>	<b>“die wet bring juis die straf van God”</b>
<b>OAV</b>	<b>“want die wet werk toorn”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“want die wet bring juis straf mee”</b>

Hierdie is ’n skokkende stelling (vgl. 3:20; Gal. 3:10-13; Kol. 2:14), want die wet van Moses was nooit veronderstel om ’n weg van saligheid te wees nie (vgl. Gal. 3:23-29). Dit moes ’n uiters troostelose waarheid vir enige Jood of wetties-godsdienstige mens gewees het, en moeilik om te verstaan en aanvaar. Dit was egter die kern van Paulus se argument. Sien *Vir Spesiale Aandag: Paulus se siening van die Mosaïese Wet* by 13:9.

- NASB “but where there is no Law, neither is there violation”
- NAV, OAV “want waar daar nie ‘n wet is nie, is daar ook geen oortreding van die wet nie”
- CUM-NLV “die enigste manier om wetsverbreking te voorkom is, om geen wet te hê nie”

God hou die mensdom verantwoordelik volgens die lig waarop hulle beskik heidene sal nie volgens die Mosaïese wet beoordeel word nie, want hulle het dit nooit gehad nie. Hulle word verantwoordelik gehou, oftewel gemeet aan, natuurlike openbaring (algemene openbaring – vgl. 1:19-20; 2:14-15).

Paulus voer sy argument ’n stap verder ten opsigte van hierdie waarheid: voor die duidelike Godsopenbaring van die Mosaïese wet was God verdraagsaam en het die mensdom se oortredinge nie teen hulle gehou nie (vgl. 3:20, 25; 4:15; 5:13, 20; 7:5, 7-8; Han. 17:30; 1 Kor. 15:56).

**NASB (UPDATED) TEXT: 4:16-25**

<sup>16</sup>For this reason it is by faith, in order that it *may* be in accordance with grace, so that the promise will be guaranteed to all descendants, not only to those who are of the Law, but also to those who are of the faith of Abraham, who is the father of us all—<sup>17</sup>(as it is written, “A FATHER OF MANY NATIONS HAVE I MADE YOU”) in the presence of Him whom he believed, *even* God, who gives life to dead and calls into being that which does not exist. <sup>18</sup>In hope against hope he believed, so that he may become a father of many nations according to that which had been spoken, “SO SHALL YOUR DESCENDANTS BE.” <sup>19</sup>Without becoming weak in faith he contemplated his own body, now as good as dead since he was about a hundred years old, and the deadness of Sarah’s womb; <sup>20</sup>yet with respect to the promise of God, he did not waver in unbelief but grew strong in faith, giving glory to God, <sup>21</sup>and being fully assured that what God has promised He was able also to perform. <sup>22</sup>Therefore also IT WAS CREDITED TO HIM AS RIGHTEOUSNESS. <sup>23</sup>Now for his sake only was it written that it was credited to him, <sup>24</sup>but for our sake also, to whom it will be credited, as those who believe in Him who raised Jesus our Lord from the dead, <sup>25</sup>He who was delivered over because of our transgressions, and was raised because of our justification.

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 4:16-25.*

**4:16** Hierdie is ’n besondere opsomming van Paulus se argument in vers 14: (1) mense moet met geloof reageer; (2) ten opsigte van God se belofte van genade; (3) die belofte is vasstaande vir alle geloofsgenote van Abraham (uit die Jodedom, sowel as die heidendom); en (4) Abraham dien as uitstaande ideaal vir almal wat glo.

- NASB “guaranteed”
- NAV “van krag sou bly”
- OAV “kan vasstaan”
- CUM-NLV “baie beslis ontvang”

Sien *Vir Spesiale Aandag* hieronder.

## VIR SPESIALE AANDAG: WAARBORG/VAN KRAG BLY

Dit is die Griekse term *bebaios* met drie betekenisaspekte:

1. dit wat seker is en waarop jy kan staatmaak (vgl. Rom. 4:16; 2 Kor. 1:7; Heb. 2:20; 3:6, 14; 6:19; 2 Pet. 1:10, 19);
2. die proses waardeur betroubaarheid aangedui of uitgelig word (vgl. Rom. 15:8; Heb. 2:2; Louw en Nida, *Greek-English Lexicon of the New Testament*, vol. 1, bl. 340, 377, 670);
3. in die Egiptiese papiri was dit 'n tegniese term vir 'n wetlike waarborg (vgl. Moulton en Milligan, *The Vocabulary of the Greek New Testament*, bl. 107-8).

Dit is egter in teenstelling met vers 14. God se belofte is seker!

■ NASB	“all [...] all”
NAV	“nie net dié [...] ook dié”
OAV	“nie alleen vir die [...] ook vir die”
CUM-NLV	“nie net die [...] maar almal wat”

Hier word verwys na alle gelowiges uit die Jodedom sowel as die heidendom.

**4:17-23** Paulus maak steeds van Abraham as voorbeeld gebruik om die belang van (1) God se genade-inisiatief met verbondsbelofte; en (2) die verwagte respons van aanvangsgeloof en volharding in geloof te beklemtoon (vgl. die aantekening by 1:5). 'n Verbond is altyd 'n ooreenkoms tussen twee partye.

**4:17** “As it is written, ‘A FATHER OF MANY NATIONS’” (“soos daar geskrywe staan: ‘Ek het jou die vader van baie nasies gemaak’”): Hierdie aanhaling kom uit Gen. 17:5. Die LXX het “nasies” vertaal as “heidene”. God se verlangete was altyd die verlossing van al die nakomelinge van Adam, nie net die afstammeling van Abram nie. Abram se nuwe naam, Abraham, beteken immers “vader van ’n menigte”. Daarom weet ons dat die verwysing hier nie bloot na fisiese afstammeling is nie, maar na ’n nakomelingskap van gelowiges.

■ NASB	“who gives life to the dead”
NAV	“wat dooies lewend maak”
OAV	“wat die dode lewend maak”
CUM-NLV	“ – lewendig”
CUM-MVB	“wat lyke lewend maak”

In hierdie konteks dui dit op die herstel van Abraham en Sarai se seksuele vrugbaarheid (vgl. vers 19).

■ NASB	“calls into being that which does not exist”
NAV	“en dinge wat nie bestaan nie, tot stand bring deur sy woord”
OAV	“en die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan”
CUM-NLV	“en deur sy roepstem dinge wat nog nie bestaan nie, aanspreek asof hulle reeds werklikheid is”

In konteks dui dit op die swangerskap van Sarai met Isak, maar dit beklemtoon ook ’n belangrike aspek van geloof (vgl. Heb. 11:1).

<b>4:18</b> NASB	“in hope against hope he believed”
NKJV	“who, contrary to hope, in hope believed”



<b>NRSV</b>	<b>“hoping against hope, he believed”</b>
<b>TEV</b>	<b>“Abraham believed and hoped, even when there was no reason for hoping”</b>
<b>NJB</b>	<b>“Though there seemed no hope, he hoped and believed”</b>
<b>OAV</b>	<b>“hy het teen hoop op hoop geglo”</b>
<b>NAV</b>	<b>“toe daar geen hoop meer was nie, het Abraham nog gehoop en geglo”</b>

Sien *Vir Spesiale Aandag: Hoop* by 8:25. Die semantiese veld van hierdie term is wyd. Harold K. Moulton, *The analytical Greek Lexicon Revised*, bl. 133, het die volgende gebruike van die woord aangeteken:

1. vir die basiese betekenis van hoop, sien Rom. 5:4; Han. 24:15;
2. hoop het 'n fokus (verwagting – vgl. Rom. 8:24; Gal. 5:5);
3. die bereider of bron van hoop (Christus – Kol. 1:27; 1 Tim. 1:1);
4. geloofsvertroue (vgl. 1 Pet. 1:21);
5. 'n verwagting wat op geloofsekerheid berus (vgl. Han. 2:26; Rom. 8:20).

In hierdie konteks word “hoop” dan op twee verskillende maniere verstaan en gebruik: hoop gegrond op menslike vermoë en inspanning (vgl. verse 19-21) tenoor hoop op God se belofte (vgl. vers 17).

■ <b>NASB, NKJV</b>	<b>“So shall your descendants be”</b>
<b>NRSV</b>	<b>“So numerous shall your descendants be”</b>
<b>TEV</b>	<b>“your descendants will be many”</b>
<b>JB</b>	<b>“Your descendants will be many”</b>
<b>OAV, NAV</b>	<b>“So sal jou nageslag wees”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“Jou nageslag sal so baie wees”</b>

Dis 'n aanhaling uit Gen. 15:5 wat die sekerheid van God se belofte aan Abraham van 'n seun beklemtoon (vgl. verse 19-22). Ons moet onthou dat Isak gebore is:

1. dertien jaar ná die belofte; dus
2. nadat Abraham twee keer probeer het om Sarai weg te gee (vgl. Gen. 12:10-19; 20:1-7);
3. nadat Abraham 'n seun verwek het by Hagar, hulle Egiptiese slavin (Gen. 16:1-16);
4. nadat beide Sarai (vgl. Gen. 18:12) én Abraham (vgl. Gen. 17:17) oor die belofte gelag het.

Hulle was nie mense van volmaakte geloof nie! Dank God, verlossing vereis nie perfekte geloof nie, maar slegs die regte fokus (God in die OT en Sy Seun in die NT).

**4:20** Aanvanklik het Abraham die belofte nie ten volle verstaan nie, naamlik dat die kind uit Sarai gebore moes word. Selfs Abraham se geloof was dus nie perfek nie. God aanvaar egter onvolmaakte mense. Dit affekteer nie sy handeling met mense nie, want God het onvolmaakte mense lief!

■ **“he did not waver in unbelief” (“hy het nie in ongeloof begin twyfel aan die belofte van God nie”):** Hierdie selfde WERKWOORD, *diakrinō*, is deur Jesus gebruik (vgl. Mat. 21:21; Mark. 11:23). Ondanks al die fisiese redes (vgl. vers 19) om God se woord te bevraagteken, het Abraham se geloof toegeneem en sterk geword.

Die twee WERKWOORDE in vers 20 is albei AORISTUS PASSIEF INDIKATIEF. Die PASSIEWE VORM impliseer 'n werksaamheid van God, maar Abraham moes die krag van God toelaat om in hom te werk en hom te versterk!

■ **“giving glory to God”** (“en het aan God die eer gegee”): Sien *Vir Spesiale Aandag: Heerlikheid* by 3:23.

<b>4:21</b>	<b>NASB</b>	<b>“being fully assured”</b>
	<b>NKJV, NRSV</b>	<b>“being fully convinced”</b>
	<b>TEV</b>	<b>“was absolutely sure”</b>
	<b>NJB</b>	<b>“fully convinced”</b>
	<b>OAV</b>	<b>“en was ten volle oortuig”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“Hy was ook ten volle daarvan oortuig”</b>
	<b>CUM-NLV</b>	<b>“hy was absoluut daarvan oortuig”</b>

Dit is ’n AORISTUS PASSIEF PARTISIPIUM wat aandui dat onomwonde sekerheid oor iets (vgl. Luk. 1:1; Kol. 4:12) of iemand (4:21; 14:5) bestaan. Die SELFSTANDIGE NAAMWOORD word in verband met volle sekerheid in Kol. 2:2 en 1 Tes. 1:5 gebruik. Hierdie vertroue op God se wil, sy woord en sy krag, stel mense in staat om in geloof op te tree!

■	<b>NASB</b>	<b>“what God had promised, He was able also to perform”</b>
	<b>NAV, OAV</b>	<b>“ten volle daarvan oortuig dat God mag het om te doen wat Hy beloop het”</b>
	<b>OAV</b>	<b>“nie deur die wet verkry nie”</b>
	<b>CUM-NLV</b>	<b>“absoluut oortuig dat God enigiets kon doen wat Hy beloop het”</b>

Dis ’n PERFECTUM MEDIUM INDIKATIEF wat beteken dat ’n handeling in die verlede voltooi is, en nou vas staan. Die essensie van geloof is dat ’n mens op die wesensaard (karakter) van God vertrou (vgl. 16:25; Ef. 3:20; Jud. 24) en nie op mense se werke-ywer nie (vgl. Jes. 55:11). Geloof maak staat op die beloftes van God (vgl. Jes. 55:11), wat Hy nakom (Gen. 12:1-3 en 15:6, 12-21; Eseg. 36:22-36).

**4:22** Dit is ’n weerspieëling van Gen. 15:6 (vgl. vers 3) wat as die sentrale teologiese argument van Paulus se redevoering beskou moet word, naamlik: hoe God sy eie geregtigheid aan sondige mense skenk.

**4:23-25** In die Grieks is hierdie verse een lang sin. Let op ontwikkeling van die argument:

1. vir Abraham se onthalwe (vers 23);
2. vir alle gelowiges se onthalwe (vers 24);
3. deurdat God Jesus opgewek het (vers 24);
4. nadat Hy ingestaan het vir ons sondes (vgl. Joh. 3:16). Jesus is opgewek sodat ons sondes vergewe kan word (regverdiging/vryspraak, vers 25).

**4:24** Abraham se geloof word voorgehou as ’n voorbeeld vir al sy ware afstammelingen om na te volg. Abraham het God geglo (sien *Vir Spesiale Aandag: Geloof* by 4:5) wat betref ’n seun en ’n nageslag. Die gelowiges van die nuwe verbond glo dat Jesus die Messias is – die vervulling van al God se beloftes aan ’n gevalle mensdom. Die nageslag (“saad”) van Abraham is beide enkelvoud en meervoud, en kan dus op ’n seun sowel as ’n volk dui.

■ Met betrekking tot “opgewek” (“raised”) sien die aantekening by 8:11.

<b>4:25</b>	<b>NASB</b>	<b>“who was delivered over because of our transgressions”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“Hy is vanweë ons oortredings oorgelewer”</b>
	<b>OAV</b>	<b>“wat oorgelewer is terwille van ons misdade”</b>
	<b>CUM-NLV</b>	<b>“oorgelewer om terwille van ons sondes te sterf”</b>

Hier word 'n wetsterm gebruik wat beteken dat “iemand vir voltrekking van vonnis oorhandig word”. Vers 25 is 'n opwindende Christologiese weergawe van Jes. 53:11-12 in die LXX.

- |              |  |
|--------------|--|
| ■ NASB       | “was raised because of our justification”        |
| NAV, CUM-NLV | “Hy is opgewek sodat ons vrygespreek kan word”   |
| OAV          | “en opgewek is terwille van ons regverdigmaking” |

Die twee sinsdele van vers 25 is duidelik 'n parallelisme (dieselfde VOORSETSEL en albei AORISTUS PASSIEF INDIKATIEF). Frank Stagg se vertaling (*New Testament Theology*, bl. 97): “delivered because of our transgressions and raised with a view to our being made righteous” is prysenswaardig. Hierdie interpretasie sluit die twee aspekte in van Paulus se gebruik van die term “regverdigmaking”: (1) 'n wetlike vryspraak en (2) 'n godvresend-Christelike lewe! Sien verder *Vir Spesiale Aandag: Geregtigheid* by 1:17.

### BESPREKINGSVRAE

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Waarom is hierdie gedeelte van die Romeinebrief belangrik?
2. Hoekom gebruik Paulus Abraham en Dawid as voorbeelde?
3. Omskryf die volgende sleutelwoorde volgens Paulus se bedoeling (nie u eie definisie nie):
  - a. “geregtigheid”
  - b. “toegereken”
  - c. “geloof”
  - d. “belofte”
4. Hoekom was besnydenis vir die Jood so belangrik (vgl. verse 9-12)?
5. Na wie verwys “die nageslag” in verse 13 en 16?

## ROMEINE 5

<b>PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*</b>					
<b>UBS<sup>4</sup></b>	<b>NKJV</b>	<b>NRSV</b>	<b>TEV</b>	<b>JB</b>	<b>NAV</b>
Die resultate van regverdigmaking 5:1-5	Geloof triomfeer onder moeilike omstandighede 5:1-5  Christus in ons plek 5:6-11	Die gevolge van regverdigmaking 5:1-5  5:6-11	Reggestel met God 5:1-5  5:6-11	Geloof waarborg verlossing 5:1-11	Die vrug van die vryspraak 5:1-11
Adam en Christus 5:12-14  5:15-21	Dood in Adam, lewe in Christus 5:12-21	Adam en Christus: analogie en kontras 5:12-14  5:15-17 5:18-21	Adam en Christus 5:12-14b 5:14c-17  5:18-19 5:20-21	Adam en Jesus Christus 5:12-14  5:15-21	Adam en Christus 5:12-21

### **LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xi)**

#### **OM DIE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK TE VOLG**

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die sewe vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as die sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

#### **DIE DELE IN KONTEKS: ROMEINE 5:1-21**

- A. Verse 1-11 is 'n enkele sin in die Grieks waarmee Paulus sy kardinale punt in verband met “regverdigmaking deur geloof alleen” maak (vgl. 3:21-4:25).

---

\* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hierbo. Aanhalings inteks is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

B. 'n Moontlike riglyn om verse 1-11 te benader:

Verse 1-5	Verse 6-8	Verse 9-11
Die voordele van verlossing	Die gronde vir verlossing	Toekomstige sekerheid
Subjektiewe ervaringe van regverdigmaking	Objektiewe feite omtrent regverdigmaking	Toekomstige sekerheid van regverdigmaking
Regverdigmaking	Voortgaande heiligmaking	Verheerliking
Antropologie	Teologie	Eskatologie

- C. Verse 12-21 is 'n bespreking van Jesus as die tweede Adam (vgl. 1 Kor. 15:21-22, 45-49; Fil. 2:6-8). Die teologiese konsep van individuele sonde en gesamentlike skuld, word uitgelig. Paulus se beskouing van die sondeval van die mensdom (en daarmee ook die skepping) is geheel verskillend van die rabbyne, maar hy deel hulle beskouing van stoflikheid (“corporality”); d.w.s. die gemeenskaplike aanspreeklikheid vir die sondeval. Dit toon dat Paulus sy opleiding onder Gamaliël benut het, maar dan onder inspirasie van die Gees waarhede aangevul het (Han. 22:3).

Die Gereformeerde-Evangeliese leer van algehele verdorwenheid van die mens weens die sondeval (Gen. 3) is deur Augustinus en Calvyn ontwikkel. Die mens word in sonde ontvang en gebore (vgl. Ps. 51:5; 58:4 en Job 15:14; 25:4). 'n Alternatiewe teologie, wat die algehele verdorwenheid ontken, is deur Pelagius en Arminius voorgestaan. Wat hulle betref is die mens progressief verantwoordelik vir sy moraliteit, keuses en uiteindelijke lotsbestemming. Dit wil voorkom of hulle vir hul standpunt steun kan vind in Deut. 1:39; Jes. 7:15; Jona 4:11; Joh. 9:41; 15:22, 24; Han; 17:30; Rom. 4:15. Teenoor die “in sonde ontvang en gebore” sou jong kinders onskuldig geag word tot hulle 'n ouderdom bereik waarop hulle sedelik verantwoordbaar gehou kan word – volgens die rabbyne sou 'n gepaste ouderdom vir seuns 13 jaar en vir meisies 12 jaar wees.

'n Middeweg-opvatting stel dat daar elemente van waarheid in beide is: 'n aangebore geneigdheid tot kwaad word aangevul deur die gedagte dat 'n vermeerdering van lewensjare ook 'n vermeerdering van sedelike verantwoordbaarheid beteken. Die boosheid is nie net eie aan die natuurlike liggaamlikheid nie, maar groei aan tot eie, persoonlike sonde en toenemende afvalligheid. Die boosheid van die mensdom is 'n voldonge feit (Gen. 6:5; 11-12, 13; Rom. 3:9-18, 23). Dus is die vraag eerder *wanneer* hierdie afvalligheid posvat: by geboorte (erfsonde) of deurlopend (ontwikkel uit eie wil).

- D. Verskeie teorieë het oor die implikasies van vers 12 ontstaan:
1. alle mense sterf omdat alle mense sondig (Pelagius);
  2. Adam se sonde affekteer alle mense én die skepping (verse 18-19, Augustinus);
  3. in werklikheid is dit waarskynlik 'n kombinasie van erfsonde en persoonlike sonde.
- E. Die vergelyking wat Paulus tref met “Verder nog dit” – NAV (“just as”), word in vers 18 afgesluit, met verse 13-17 as inlas – kenmerkend van Paulus se geskrifte.
- F. Onthou dat Paulus se aanbieding van die evangelie 'n deurlopende argument is (1:18-8:39). Sinvolle verstaan van die dele verg dat die geheelbeeld in gedagte gehou word.
- G. Martin Luther het die volgende oor hoofstuk 5 te sê gehad: “Daar kan beswaarlik 'n ander hoofstuk in die Bybel gevind word wat hierdie triomfantelike teks kan ewenaar.”

## STUDIE VAN WOORDE EN FRASES

### NASB (UPDATED) TEXT: 5:1-5

**<sup>1</sup>Therefore, having been justified by faith, we have peace with God through our Lord Jesus Christ, <sup>2</sup>through whom also we have obtained our introduction by faith into his grace in which we stand; and we exult in hope of the glory of God. <sup>3</sup>And not only this, but we also exult in our tribulations, knowing, that tribulation brings about perseverance; <sup>4</sup>and perseverance, proven character; and proven character, hope; <sup>5</sup>and hope does not disappoint, because the love of God has been poured out within our hearts through the Holy Spirit who was given to us.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 5:1-5.*

<b>5:1 NASB</b>	<b>“Therefore”</b>
NAV	<b>“dan nou”</b>
OAV	<b>“omdat ons dan”</b>
CUM-NLV	<b>“omdat”</b>

Herhaling van hierdie frase dui dikwels op (1) 'n opsomming van die teologiese argument tot op hierdie punt; (2) gevolgtrekkings wat uit die teologiese inset gemaak kan word; en (3) voorlegging van nuwe waarheid (vgl. 5:1; 8:1; 12:1).

■ NASB	<b>“having been justified”</b>
NAV, CUM-NLV	<b>“nou vrygespreek”</b>
OAV	<b>“geregverdig is”</b>
CUM-MVB	<b>“in die regte verhouding met Homself gebring”</b>

Die werkwoordvorm is hier 'n AORISTUS PARTISIPIUM PASSIEF; God hét gelowiges geregverdig (vrygespreek). In die Grieks staan dit aan die begin van die sin om klem daarop te plaas (verse 1-2). In verse 1-11 blyk daar 'n aanduiding van tydsverloop te wees: (1) verse 1-5, ons huidige ervaring van genade; (2) verse 6-8, Christus se afgehandelde werk om ons onthalwe; en (3) verse 9-11, ons toekomstige hoop op, en versekering van, verlossing. Sien uiteensetting B onder *Die Dele in Konteks*.

Die OT-agtergrond van die term “geregverdig” (*dikaioō*) was 'n rei van riet of hout, of 'n maatstok gebruik om reguit te bou. Die gedagte is metafories op God oorgedra. Sien *Vir Spesiale Aandag: Geregtigheid* by 1:17. God se kenmerkende heiligheid is die enigste maatstaf vir beoordeling (vgl. LXX oor Lev. 24:22; en teologies Mat. 5:48). Deur Jesus se soenoffer – sy plaasvervangende dood – staan gelowiges vrygespreek voor God (vgl. die aantekeninge by 5:2). Dit impliseer nie dat die gelowige sonder skuld is nie, maar wel dat 'n soort amnestie toegestaan word. Iemand anders het die skuld betaal (vgl. 2 Kor. 5:21). Gelowiges word vergewe (vgl. verse 9, 10).

■ NASB	<b>“by faith”</b>
NAV, CUM-NLV	<b>“omdat ons glo”</b>
OAV	<b>“uit die geloof”</b>

Geloof is die hand wat uitreik om die geskenk van God te ontvang (vgl. vers 2; Rom. 1:4vv). Geloof fokus nie op sy eie intensiteit of graad van toewyding of voornemens nie, maar op die karakter en beloftes van God (Ef. 2:8-9). Die OT-woord vir geloof het oorspronklik gedui op iemand met 'n stewige houding wat vas staan. Dit het tot metaforiese aanwending gelei vir iemand wat lojaal is, op wie staat gemaak kan word en wat betroubaar is. Geloof berus nie op

ons betroubaarheid of getrouheid nie, maar op dié eienskappe in God. Sien *Vir Speciale Aandag: Geloof* by 4:5.

- **NASB** “we have peace”  
**NAV, CUM-NLV** “is daar nou vrede”  
**OAV** “het ons vrede”

Daar is ‘n afwyking hier in die Griekse manuskrip. Die WERKWOORD is óf ‘n PRAESENS AKTIEF SUBJUNKTIEF (*echōmen*) óf ‘n PRAESENS AKTIEF INDIKATIEF (*echomen*). Dié grammatiese dubbelsinnigheid word selfs in verse 1-3 aangetref. Die oudste manuskripte steun skynbaar die SUBJUNKTIEF-weergawe (vgl. MSS  $\aleph^*$ , A, B\*, C, D). In daardie geval moet dit vertaal word as “Laat ons voortgaan om vrede te geniet” of “aanhou om vrede te geniet”. Synde ‘n INDIKATIEF, moet dit dan vertaal word as “ons het vrede”. Die konteks van verse 1-11 is nie aansporend van aard nie, maar verklarend oor wat gelowiges alreeds is en deur Christus ontvang het. Daarom blyk “ons het vrede” die juiste vertaling te wees, want die WERKWOORD is dan in alle waarskynlikheid PRAESENS AKTIEF INDIKATIEF. Die USB<sup>4</sup> gee aan hierdie mening dan ook ‘n A-gradering, wat ‘n hoë mate van sekerheid aandui.

Baie antieke Griekse manuskripte is geskep deur ‘n voorleser en ‘n aantal skrywers wat afskrifte maak. Woorde wat eenders klink het dikwels verwarring veroorsaak. In sulke gevalle verhelder die konteks en soms ook die skryfstyl en gebruikelike woordeskat, die betekenis om vertaling te vergemaklik.

- “peace” (“vrede”): Sien *Vir Speciale Aandag* onder.

#### **VIR SPESIALE AANDAG: VREDE**

Hierdie Griekse term het oorspronklik “aanmekaarbind wat stukkend is” beteken (vgl. Joh. 14:27; 16:33; Fil. 4:7). Drie aspekte van die woord kom in die NT voor:

1. objektiewe aspek, ‘n staat van herstelde vrede met God deur Christus (vgl. Kol. 1:20)
2. subjektiewe aspek, ervaring danksy regstelling met God (vgl. Joh. 14:27; 16:33; Fil. 4:7)
3. dat God gelowige Jode en heidene in een, nuwe liggaam van vrede verenig het (vgl. Ef. 2:14-17; Kol 3:15). Herstelde vrede met God moet lei tot vrede met ander mense. Die vertikale moet ook horisontaal vergestalt.

Newman en Nida, *A Translator’s Handbook on Paul’s Letter to the Romans*, bl. 92, maak ‘n treffende opmerking omtrent “vrede”:

“Both in the Old Testament and in the New Testament the term peace has a wide range of meanings. Basically it describes the total well-being of a person’s life; it was even adopted among the Jews as a formula of greeting. This term had such a profound meaning that it could also be used by the Jews as a description of the Messianic salvation. Because of this fact, there are times when it is used almost synonymously with the term rendered ‘to be in a right relation with God.’ Here the term appears to be used as a description of the harmonious relation established between man and God on the basis of God’s having put man right with himself.”

- “with God through our Lord Jesus Christ” (“tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus”): Jesus was die een wat vrede met God bemiddel het. Jesus is die enigste weg wat uitloop op vrede met God (Joh. 10:7-8; 14:6; Han. 4:12; 1 Tim. 2:5).

<b>5:2 NASB</b>	<b>“we have obtained our introduction”</b>
<b>NAV</b>	<b>“ons [...] ook die vrye toegang verkry”</b>
<b>OAV</b>	<b>“deur wie ons ook deur die geloof die toegang verkry het”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“op grond van die geloof toegang verkry”</b>

Hierdie is ‘n PERFECTUM AKTIEF INDIKATIEF. Dit spreek van ’n handeling in die verlede wat ’n gevestigde toestand tot gevolg gehad het. Die term “introduction” beteken letterlik “toegang” of “toelating” (*prosagōge*, vgl. Ef. 2:18, 3:12). Dit word metafories gebruik (1) om persoonlik aan ’n hooggeplaaste voorgestel te word; en (2) om veilig ’n hawe inbring te word.

In die Griekse manuskrip kom hier ’n afwyking voor. Sommige ou manuskripte het “deur geloof” bygevoeg (Ⲛ\*<sup>2</sup>, C asook sommige ou Latynse, Vulgaat, Siriese en Koptiese weergawes). Nog ander manuskripte voeg ’n VOORSETSEL by “deur geloof”\* (vgl. Ⲛ<sup>1</sup>, A, en sommige weergawes van die Vulgaat). Nietemin, die hooflettertekste B, D, F, en G laat dit heeltemal weg. Dit wil voorkom dat sommige skrywers by 5:2 die parallelismes van 5:1 en 4:16 (twee keer), 19 en 20 onnadenkend inglip, synde ’n voortdurend herhaalde tema van Paulus.

▣ <b>NASB</b>	<b>“into this grace”</b>
<b>NAV, OAV</b>	<b>“tot hierdie genade”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“tot hierdie heerlike posisie van genade”</b>
<b>CUM-MVB</b>	<b>“om deel te hê aan die goddelike grootheid”</b>

Hierdie term (*charis*) staan vir God se liefde wat nie verdien hoef te word nie, onvoorwaardelik beskikbaar is en nie op meriete ingestel is nie (vgl. Ef. 4:2-9). Hierdie genade kom duidelik tot openbaring in Christus se plaasbekledende dood (vgl. vers 8).

▣ <b>NASB</b>	<b>“in which we stand”</b>
<b>NAV</b>	<b>“waarin ons nou vasstaan”</b>
<b>OAV</b>	<b>“waarin ons staan”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“waarin ons ons nou bevind”</b>

Hierdie is weereens ’n PERFECTUM AKTIEF INDIKATIEF wat letterlik beteken “ons staan en bly staan”. Dit weerspieël gelowiges se teologiese posisie in Christus en hulle verbintenis om in die geloof te volhard. Dit illustreer die teologiese paradoks van God se soewereiniteit (vgl. 1 Kor. 15:1) teenoor die mens se vrye wil (Ef. 6:11, 13, 14).

### **VIR SPESIALE AANDAG: STAAN (*HISTĒMI*)**

Hierdie algemene term word op verskeie maniere in die NT aangewend:

1. om op te rig, te bevestig
  - a. die OT-wet (Rom. 3:31)
  - b. ’n eie “geregtigheid” (Rom. 10:3)
  - c. die nuwe verbond (Heb. 10:9)
  - d. ’n aanklag (2 Kor. 13:1)
  - e. God se waarheid (2 Tim. 2:19)
2. om geestelik weerstand te bied teen
  - a. die duiwel (Ef. 6:11)
  - b. die oordeelsdag (Openb. 6:17)

\* Vgl. NAV 5:2, “in die geloof” – vert.



- c. om op jou punte te staan en weerstand te bied
  - d. 'n militêre metafoor (Ef. 6:14)
  - e. 'n siviele metafoor (Rom. 14:4)
3. 'n posisie in die waarheid (Joh. 8:44)
  4. 'n posisie in genade (Rom. 5:2; 1 Kor. 15:1; 1 Pet. 5:12)
  5. 'n posisie in geloof (Rom. 11:20; 1 Kor. 7:37; 1 Kor. 15:1; 2 Kor. 1:24)
  6. 'n aanmatigende posisie (1 Kor. 1:12)

Hierdie term vat die twee kante van die verbond saam: die genade en barmhartigheid van 'n soewereine God, en dat gelowiges daarop moet reageer en in geloof daaraan vashou! Albei is Bybelse waarhede en moet as sodanig saam in ag geneem word.

■ NASB	<b>“we exult”</b>
NAV	<b>“ons verheug ons”</b>
OAV	<b>“en ons roem”</b>
CUM-NLV	<b>“en ons jubel”</b>

Hierdie grammatikale vorm kan: (1) as 'n PRAESENS MEDIUM INDIKATIEF: “ons verheug ons” opgeneem word; of (2) as 'n PRAESENS MEDIUM SUBJUNKTIEF: “laat ons ons verbly”. Geleerdes verskil drasties oor hierdie punt. Indien ons vanaf vers 1 se “God het ons” dit as INDIKATIEF opgevat en vertaal het, behoort ons volgens dié vorm voort te gaan tot in vers 3, dus: “ons verheug ons”.

Die grondbetekenis van “verheug” is “roem” (NRSV, JB). Sien *Vir Spesiale Aandag: Roem (Trots)* by 2:17. Gelowiges roem nie in hulleself nie (vgl. 3:27), maar in wat die Here vir hulle gedoen het (vgl. Jer. 9:23-24). Hierdie selfde Griekse stamwoord word in verse 3 en 11 herhaal.

■ NASB	<b>“in hope of”</b>
NAV, OAV	<b>“in die hoop op”</b>
CUM-NLV	<b>“vol verwagting”</b>

Paulus gebruik hierdie frase dikwels en in verskillende kontekste, maar deurgaans met dieselfde betekenis. Sien die aantekening by 4:18. Dikwels is die gelowige se hoop op die voleindiging van sy geloof gerig. Dit kan weer uitgedruk word as hoop op “heerlikheid”, ewige lewe, volkome verlossing, die wederkoms, ens. Die voleindiging is verseker, maar wanneer dit sal gebeur is onbekend. Hoop word dikwels met “geloof” en “liefde” geassosieer (vgl. 1 Kor. 13:13, Gal. 5:5-6; Ef. 4:2-5; 1 Tes. 1:3; 5:8). Hier volg 'n onvolledige lys van Paulus se gebruike van die konsep “hoop”:

1. die wederkoms (Gal. 5:5; Ef. 1:18; Tit. 2:13)
2. Jesus is ons hoop (1 Tim. 1:1)
3. om as gelowige voor God onberispelik te verskyn (Kol. 1:22-23; 1 Tes. 2:19)
4. hoop wat in die hemel bewaar word (Kol. 1:5)
5. uiteindelik volkome saligheid (1 Tes. 4:13)
6. die heerlikheid van God (Rom. 5:2; 2 Kor. 3:12; Kol. 1:27)
7. die sekerheid van saligheid (1 Tes. 5:8-9)
8. die ewige lewe (1 Tes. 4:13)
9. as deel van die goeie gevolge van Christelike volwassenheid (Rom. 5:2-5)
10. bevryding van die hele skepping (Rom. 8:20-22)

11. 'n titel vir God (Rom. 15:13)
12. die aanneming volbring (Rom. 8:23-25)
13. OT as gids vir NT-gelowiges (Rom. 15:14)

■ **“glory of God” (“heerlikheid van God”)**: Hierdie frase is ’n OT-idioom waarmee uitdrukking gegee word aan die persoonlike teenwoordigheid van God. Hier word na die geregtigheidsposisie in geloof verwys, waarin die gelowige deur Jesus se opstanding gebring word (vgl. 2 Kor. 5:21). Hierna word dikwels ook verwys met die teologiese term, “verheerliking” (vgl. verse 9-10; 8:30). Gelowiges sal ’n besondere eendersheid met Jesus deel (1 Joh. 3:2; 2 Pet. 1:4).

Sien *Vir Spesiale Aandag: Heerlikheid* by 3:23.

<b>5:3 NASB</b>	<b>“and not only this, but”</b>
<b>NKJV</b>	<b>“and not only <i>that</i>, but”</b>
<b>NRSV</b>	<b>“and not only that, but”</b>
<b>TEV</b>	<b>– Weggelaat –</b>
<b>NJB</b>	<b>“not only that”</b>
<b>OAV</b>	<b>“En nie alleen dit nie”</b>
<b>NAV</b>	<b>“Dit is egter nie al nie”</b>

’n Uitdrukking wat Paulus dikwels gebruik (vgl. 5:3, 11; 8:23; 9:10; 2 Kor. 8:19).

■ <b>NASB</b>	<b>“we also exult in our tribulations”</b>
<b>NKJV</b>	<b>“we also glory in tribulations”</b>
<b>NRSV</b>	<b>“we also boast in our sufferings”</b>
<b>TEV</b>	<b>“we also boast in our troubles”</b>
<b>NJB</b>	<b>“let us exult, too, in our hardships”</b>
<b>OAV</b>	<b>“maar ons roem ook in die verdrukkinge”</b>
<b>NAV</b>	<b>“Ons verheug ons ook in die swaarkry”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“ons jubel selfs in ons swaarkry”</b>

Indien die wêreld Christus gehaat het sou sy volgelinge dit nie anders ervaar het nie (vgl. Mat. 10:22; 24:9; Joh. 15:18-21). Menslik gesproke het Jesus ’n volwassenheid van deursettingsvermoë bereik deur sy lyding (vgl. Heb. 5:8). Lyding bevorder geregtigheid, wat immers God se doel is met elke gelowige (vgl. 8:17-19; Han. 14:22; Jak. 1:2-4; 1 Pet. 4:12-19).

■ <b>NASB</b>	<b>“knowing”</b>
<b>NAV</b>	<b>“want ons weet”</b>
<b>OAV</b>	<b>“omdat ons weet”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“want ons besef”</b>

Dit is ’n PERFEKTUM PARTISIPIUM van *oida* – ’n PERFEKTUM wat as TEENWOORDIGE TYD funksioneer. Die waarhede van die evangelie help die gelowige om, ongeag omstandighede van lyding, met blymoedigheid en vertrouwe die lewe aan te durf; blymoedigheid wat nie deur omstandighede – selfs vervolging – beïnvloed word nie (vgl. Fil. 4:4; 1 Tes. 5:16, 18).

**5:3 “tribulation” (“verdrukking”)**: Sien *Vir Spesiale Aandag* hieronder.

## VIR SPESIALE AANDAG: VERDRUKKING

Daar moet teologies onderskei word tussen Paulus en Johannes se gebruik van die term *thlipsis*:

- I. Paulus se gebruik (in ooreenstemming met dié van Jesus):
  - A. probleme, ontberinge, bese betrokkenheid in 'n gevalle wêreld (Mat. 13:21; Rom. 5:3; 1 Kor. 7:28; 2 Kor. 7:4; Ef. 3:13)
  - B. probleme, ontberinge, slegte dinge veroorsaak deur ongelowiges (Rom. 5:3; 8:35; 12:12; 2 Kor. 1:4, 8; 6:4; 7:4; 8:2, 13; Ef. 3:13; Fil. 4:14; 1 Tes. 1:6; 2 Tes. 1:6-9)
  - C. probleme, ontberinge, slegte dinge van die eindtyd (Mat. 24:21, 29; Mark. 13:19-24; 2 Tes. 1:6-9)
- II. Hoe Johannes die term gebruik:
  - A. Johannes onderskei tussen *thlipsis* en *orgē* (of *thumos* – toorn) in Openbaring. *Thlipsis* is wat ongelowiges gelowiges aandoen, terwyl *orgē* is wat God aan ongelowiges doen.
    1. *thlipsis* – Openb. 1:9; 2:9-10, 22; 7:14
    2. *orgē* – Openb. 6:16-17; 11:18; 16:19; 19:15
    3. *thumos* – Openb. 12:12; 14:8, 10, 19; 15:2, 7; 18:3
  - B. Johannes gebruik die term ook om probleme aan te dui wat gelowiges deur alle eeue heen sal ondervind (Joh. 16:33).

<b>5:3, 4</b>	<b>NASB</b>	<b>“perseverance”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“volharding”</b>
	<b>OAV</b>	<b>“lydsaamheid”</b>
	<b>CUM-NLV</b>	<b>“om te volhard”</b>

Die betekenis van hierdie term is o.a. “vrywillig”, “aktief”, “volhardend” of “uithou”. Dit veronderstel geduld met omstandighede sowel as met mense. Sien *Vir Speciale Aandag: Volharding is Noodsaaklik* by 8:25.

<b>5:4</b>	<b>NASB</b>	<b>“proven character”</b>
	<b>NKJV, NRSV</b>	<b>“character”</b>
	<b>TEV</b>	<b>“God’s approval”</b>
	<b>NJB</b>	<b>“tested character”</b>
	<b>OAV</b>	<b>“beproefdheid”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“egtheid van geloof”</b>
	<b>CUM-NLV</b>	<b>“betroubaarheid van karakter”</b>
	<b>CUM-MVB</b>	<b>“integriteit”</b>

In die LXX weergawe van Gen. 23:16; 1 Kon. 10:18; 1 Kron. 28:18, verwys hierdie term na die toetsmaatstaf vir die suiwerheid en egtheid van metale (vers 2 Kor. 2:9; 8:2; 9:13; 13:3; Fil. 2:22; 2 Tim. 2:15; Jak. 1:12). Die doel van God se toetsing is altyd versterking (vgl. Heb. 12:10-11)!

Sien *Vir Speciale Aandag: “Toetsing” – Griekse Terme en Konnotasies* by 2:18.

<b>5:5</b>	<b>NASB</b>	<b>“because the love of God has been poured out within our hearts”</b>
	<b>NAV, OAV</b>	<b>“want God het sy liefde in ons harte uitgestort”</b>
	<b>CUM-NLV</b>	<b>“Hy het sy liefde mos in ons harte uitgestort”</b>

**CUM-MVB****“want God het sy absolute liefde in ons harte uitgestort”**

Hierdie is ’n PERFECTUM PASSIEF INDIKATIEF wat letterlik beteken “God se liefde is en word nogsteeds uitgestort”. Hierdie WERKWOORD is dikwels aangewend t.o.v. die Heilige Gees (vgl. Han. 2:17, 18, 33; 10:45; Tit. 3:6), wat moontlik ’n refleksie is op Joël 2:28-29.

Die GENITIEF-frase, “die liefde van God” kan dui op: (1) ons liefde vir God; of (2) God se liefde vir ons (vgl. 2 Kor. 5:14). Die konteks laat slegs nommer twee toe.

▣ **“the Holy Spirit was given to us” (“deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het”):** Dit is ’n AORISTUS PARTISIPIUM PASSIEF. Die PASSIEWE VORM word dikwels gebruik om God se hand in ’n saak te beskryf. Die implikasie hiervan is dat gelowiges nie méér van die Gees nodig het nie. Hulle het óf die Gees ontvang, óf hulle is hoegenaamd nie Christene nie (vgl. 8:9). Die koms van die Gees was die teken van ’n Nuwe Era (vgl. Joël 2:28-29); die nuwe verbond (vgl. Jer. 31:31-34; Eseg. 36:22-32).

▣ Let op die aanwesigheid van die Drie-Eenheid in hierdie paragraaf.

1. God – verse 1, 2, 5, 8, 10
2. Jesus – verse 1, 6, 8, 9, 10
3. die Gees – vers 5

Sien *Vir Spesiale Aandag: Die Drie-Eenheid* by 8:11.

**NASB (UPDATED) TEXT: 5:6-11**

**<sup>6</sup>For while we were still helpless, at the right time Christ died for the ungodly. <sup>7</sup>For one will hardly die for a righteous man; though perhaps for the good man someone would dare even to die. <sup>8</sup>But God demonstrates His own love towards us, in that while we were yet sinners, Christ died for us. <sup>9</sup>Much more then, having now been justified by His blood, we shall be saved from the wrath of God through Him. <sup>10</sup>For if while we were enemies we were reconciled to God through the death of His son, much more, having been reconciled, we shall be saved by His life. <sup>11</sup>And not only this, but we also exult in God through our Lord Jesus Christ, through whom we have now received the reconciliation.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 5:6-11.*

<b>5:6</b>	<b>NASB</b>	<b>“for while we were still helpless”</b>
	<b>NKJV</b>	<b>“for when we were still without strength”</b>
	<b>NRSV</b>	<b>“for while we were still weak”</b>
	<b>TEV</b>	<b>“for when we were still helpless”</b>
	<b>NJB</b>	<b>“when we were still helpless”</b>
	<b>OAV</b>	<b>“want toe ons nog swak was”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“toe ons nog magteloos was”</b>
	<b>CUM-NLV</b>	<b>“toe ons nog totaal hulpeloos was”</b>

Hierdie WERKWOORD is PRAESENS PARTISIPIUM. Dit verwys na die mensdom se gevalle natuur in Adam. Mense is magteloos teen sonde. Die VOORNAAMWOORD “ons” verduidelik in ’n parallelle sinstruktuur die beskrywende SELFSTANDIGE NAAMWOORD “goddeloses” in vers 6b; “sondaars” in vers 8; en “vyande” in vers 10. Verse 6 en 8 is teologies sowel as struktureel, parallelle.

▣ **NASB, NRSV** “at the right time”  
**NKJV** “in due time”

TEV	“at the time that God chose”
JB	“at his appointed moment”
OAV	“op die regte tyd”
NAV	“immers reeds op die bestemde tyd”

Dit kan ’n historiese verwysing wees na: (1) vrede in die Romeinse Ryk wat bewegingsvryheid verseker het; (2) Grieks as wêreldtaal wat interkulturele kommunikasie vergemaklik het; of (3) die nalatenskap van die Griekse en Romeinse godedom van ’n geestelik-uitgehongerde wêreld wat na beter uitgesien het (vgl. Mark. 1:15; Gal. 4:4; Ef. 1:10; Tit. 1:3). Uit ’n teologiese perspektief gesien, was die inkarnasie (vleeswording) ’n God-beplande gebeurtenis (vgl. Luk. 22:22; Han. 2:23; 3:18; 4:28; Ef. 1:11).

5:6, 8, 10	NASB	“died for the ungodly”
	NAV, OAV, CUM-NLV	“vir goddeloses gesterwe”
	CUM-MVB	“vir ons as goddeloses gesterwe”

Hierdie is ’n AORISTUS AKTIEF INDIKATIEF. Die lewe en dood van Jesus kry hiermee ’n eenheidsaksent. “Jesus het ’n rekening betaal wat Hy nie geskuld het nie en ons het ’n skuld gehad wat ons nie kon betaal nie,” (vgl. Gal. 3:13; 1 Joh. 4:10).

Die dood van Jesus was ’n herhalende tema in Paulus se geskrifte. Daarvoor gebruik hy ’n verskeidenheid terme en frases om die plaasvervangende dood van Jesus aan te dui:

1. “bloed” (vgl. 3:25; 5:9; 1 Kor. 11:25-27; Ef. 1:7; 2:13; Kol. 1:20)
2. “sy lewe as offergawe gegee het” (vgl. Ef. 5:2, 25)
3. “vanweë ons oortredinge oorgelewer” (vgl. Rom. 4:25; 8:32)
4. “Paaslam geslag” (vgl. 1 Kor. 5:7)
5. “gesterwe” (vgl. Rom. 5:6; 8:34; 14:9, 15; 1 Kor. 8:11; 15:3; 2 Kor. 5:15; Gal. 5:21; 1 Tes. 4:14; 5:10)
6. “kruis” (vgl. 1 Kor. 1:17-18; Gal. 5:11; 6:12-14; Ef. 2:16; Fil. 2:8; Kol. 1:20; 2:14)
7. “kruisiging” (vgl. 1 Kor. 1:23; 2:2; 2 Kor. 13:4; Gal. 3:1)

In hierdie konteks beteken die VOORSETSEL *huper*:

1. verteenwoordigend – “om ons onthalwe”;
2. plaasvervangend – “in ons plek”.

Normaalweg is die basiese betekenis van *huper* met GENITIEF, “om onthalwe van” (Louw en Nida). Dit dui op ’n voordeel wat mense eintlik toekom (*The New International Dictionary of New Testament Theology*, vol. 3, bl. 1196). *Huper* beteken egter in ’n sekere sin ook *anti*, wat “in die plek van” impliseer, en dus teologies dui op ’n plaasvervangende daad van versoening (vgl. Mark. 10:45; Joh. 11:50; 18:14; 2 Kor. 5:14; 1 Tim. 2:6). M.J. Harris (*NIDOTTE*, vol. 3, bl. 1197) stel dit as volg:

“...maar waarom sê Paulus nêrens dat Christus *anti hēmōn* gesterf het nie (vgl. 1 Tim. 2:6 waar hy naby daaraan kom – *antilutron huper pantōn*)? Baie waarskynlik omdat die VOORSETSEL *huper*, anders as *anti*, tegelyk verteenwoordiging én plaasvervanging kan beteken.”

M.R. Vincent, *Word Studies*, vol. 2, bl. 692, stel dit as volg:

“Dit is uiters debatteerbaar of *huper* (om onthalwe van) ooit ekwivalent met *anti* (in plek van) kan wees. Dit wil voorkom of die klassieke skrywers wel geleenthede geskep het waar die betekenis omruilbaar was... Die betekenis van hierdie aanhaling is so onseker dat dit beswaarlik as bewysvoering hanteer kan word. Die voorsetsel kan netsowel ’n lokaliteit aandui:

oor die dode. Geeneen van hierdie aanhalings kan as beslissend hanteer word nie. Die meeste wat afgelei kan word, is dat *huper*, wat betekenis betref, naby kom aan die betekenis van *anti*. ‘*In die plek van*’ is gevolglik ’n veronderstelling vanuit dogmatiese druk. In die oorgrote meerderheid van gevalle is die betekenis duidelik ‘*in belang van*’ of ‘*om onthalwe van*’. Die korrekte uitleg van die gedeeltes onder bespreking, waar dit handel oor Christus se sterwe, naamlik Gal. 3:13; Rom. 14:15; 1 Pet. 3:18, moet *huper* as ’n onbepaalde, meer algemene stelling opgevat word, naamlik dat ‘*Christus gesterf het om onthalwe van*’ – wat ’n meer besondere betekenis ooplaat as onseker – en dit dan aan ander passasies oor te laat om by wyse van afleiding die ‘*in die plek van*’ te veronderstel.”

**5:7** Hierdie vers handel oor menslike liefde, terwyl dit in vers 8 oor God se liefde gaan.

■ NASB, NKJV, TEV	“for a righteous man”
NRSV	“for a righteous person”
JB	“for a good man”
OAV, CUM-NLV	“vir ‘n regverdige”
NAV	“vir ‘n goeie mens”
CUM-MVB	“vir iemand wat aan die wet getrou is”

Hierdie konsep word op dieselfde manier gebruik as wanneer daar van Noag en Job gesê word dat hulle regverdig en onberispelik was. Hulle was toegewyd aan die religieuse voorskrifte van hulle tyd, maar dit wil nie sê dat hulle sonder sonde was nie. Sien *Vir Speciale Aandag: Geregtigheid* by 1:17.

<b>5:8</b> NASB	“God demonstrates His own love”
NAV, OAV	“Maar God bewys sy liefde”
CUM-NLV	“God laat blyk sy liefde vir ons”

Dit is ’n PRAESENS AKTIEF INDIKATIEF (vgl. 3:5). Die Vader het die Seun gestuur (vgl. 8:3, 32; 2 Kor. 5:19). God se liefde is nie sentimenteel nie, maar daadwerklik aksie-georiënteerd (Joh. 3:16; 1 Joh. 4:10) en standvastig.

<b>5:9</b> NASB	“much more”
OAV	“veel meer dan”
NAV	“staan dit soveel vaster”
CUM-NLV	“hoeveel te meer”

Dit was een van Paulus se gunsteling uitdrukkings (vgl. verse 10, 15, 17). As God gelowiges liefgehad het toe hulle nog in sonde geleef het, hoeveel te meer sal Hy hulle nie liefhê nou dat hulle sy kinders geword het nie (vgl. 5:10; 8:22)?

■ NASB	“having now been justified”
OAV	“noudat ons geregverdig is”
NAV, CUM-NLV	“aangesien ons nou vrygespreek is”

Hierdie is ’n AORISTUS PASSIEF DEELWOORD wat regverdigmaking as ’n afgehandelde daad van God beskryf. Paulus herhaal die waarheid van vers 1. Let ook op die parallel tussen die terme “geregverdig”(vers 9) en “versoen” (verse 10-11).

■ NASB	“by His blood”
OAV	“in sy bloed”
NAV	“op grond van sy versoeningsdood”

Dit was 'n verwysing na Christus se offerdood (vgl. 3:5; Mark. 10:45; 2 Kor. 5:21). Hierdie gedagte van die opoffering van 'n onskuldige lewe in plek van iemand wat skuldig is s'n, gaan so ver terug as Lev. 1-7, en moontlik ook Eks. 12 (die Paaslam), en word teologies op Jesus van toepassing gemaak in Jes. 53:4-6. In Hebreërs word die gedagte ook op Christus van toepassing gemaak. Hebreërs bespreek heelwat meer punte van vergelyking tussen die OT en NT.

■ NASB	<b>“we shall be saved”</b>
OAV	<b>“ons [...] deur Hom gered word”</b>
NAV	<b>“ons deur Hom ook [...] gered sal word”</b>

Dit is 'n FUTURUM PASSIEF INDIKATIEF (vgl. vers 10). Hier word na ons eidelike redding verwys, wat ook “verheerliking” genoem word (vgl. vers 2; 9:30, 1 Joh. 3:2).

Die NT beskryf verlossing in al die WERKWOORD-tydvorme:

1. 'n voltooide handeling – AORISTUS (Han. 15:11; Rom. 8:24; 2 Tim. 1:9; Tit. 3:5)
2. 'n handeling uit die verlede met gevestigde nagevolge in die hede – PERFECTUM (Ef. 2:5, 8)
3. 'n voortgaande handeling – PRAESENS (1 Kor. 1:18; 15:2; 2 Kor. 2:15; 1 Tes. 4:14; 1 Pet. 3:21)
4. 'n toekomstige voleinding of vervulling – FUTURUM (Rom. 5:9, 10; 10:9)

Sien *Vir Speciale Aandag: Jesus van Nasarene* by 10:13. Verlossing begin met 'n aanvanklike besluit wat 'n verhouding word, en wat eendag tot voltooiing sal kom. Die konsep word dikwels deur drie teologiese terme beskryf: “regverdigmaking”, wat vrymaak van die straf op sonde beteken; “heiligmaking”, wat bevryding van die mag van sonde beteken; en “verheerliking”, wat 'n bestaan sonder die teenwoordigheid van sonde beteken.

Dit is die moeite werd om daarop te let dat beide regverdigmaking en heiligmaking genadegawes van God is wat deur geloof in Christus geskenk word. Tog spreek die NT ook van heiligmaking as 'n deurlopende groeiproses tot gelykvormigheid met Christus. Daarom praat teoloë van “posisionele heiliging”, oftewel “heiligmaking”, maar ook van “progressiewe heiliging”, of “voortgaande heiligmaking”. Dit is die geheimsinnige skakel tussen die gawe van verlossing en 'n toegewyde lewe!

■ NASB	<b>“from the wrath of God”</b>
NAV	<b>“van die straf van God”</b>
OAV	<b>“van die toorn”</b>
CUM-NLV	<b>“van die oordeel red nie”</b>

Dit dui op 'n eskatologiese konteks. Die Bybel vertel van God se groot, onverdiende liefde sonder voorvereistes, maar is eweneens duidelik omtrent God se vaste weersin teen sonde en rebellie. God het 'n weg van saligheid en vergifnis in Christus voorberei, maar wie Hom verwerp, bly onder die toorn (vgl. 1:18-3:20). Dit is 'n antropomorfiese (menvormige) spreekwyse, maar gee uitdrukking aan 'n realiteit: dit is verskriklik om in die hande van 'n toornige God te beland (Heb. 10:31).

<b>5:10</b> NASB	<b>“if”</b>
OAV	<b>“as”</b>
NAV	<b>“aangesien [...] noudat”</b>

Dit is 'n VOORWAARDELIKE BYSIN KLAS EEN wat as waar aanvaar word vanuit die skrywer se perspektief, of vir sy literêre doeleindes. Die mensdom, kroon van God se skepping, het vyandiggesind geword! Mens (vgl. Gen. 3:5) en Satan (vgl. Jes. 14:14; Eseg. 28:2, 12-17) het

dieselfde probleem gehad: 'n begeerte om onafhanklik te wees; self in beheer – 'n begeerte om gode te wees.

- **NASB** “we were reconciled to God [...] having been reconciled”
- NAV, OAV** “met God versoen is [...] noudat ons versoen is”
- CUM-NLV** “ons [...] tot sy vriende gemaak het [...] noudat ons sy vriende is”

Hierdie is albei AORISTUS PASSIEF, maar die een INDIKATIEF en die ander 'n DEELWOORD. Die WERKWOORD, “versoen”, het oorspronklik beteken “om om te ruil”. God het ons sonde omgeruil vir Jesus se geregtigheid (vgl. Jes. 53:4-6). Vrede is weer bewerkstellig (vgl. vers 1).

- **“through the death of His Son” (“deur die dood van sy Seun”):** Die evangelie van vergifnis berus op: (1) die liefde van God; (2) die werk van Christus; (3) die toenadering deur die Gees; en (4) die sondebelydenis en geloof van 'n individu. Daar is nie 'n ander manier om weer reg met God te word nie (vgl. Joh. 14:6). Sekerheid van saligheid berus op die wesensaard (karakter) van die Drie-Enige God, nie op menslike prestasie of vermoëns nie! Hoe paradoksaal dit ook mag klink, menslike prestasievermoë alleen ná verlossing deur geloof, is 'n bewys van daardie verlossing (vgl. Jak. en 1 Joh.).

- **NASB** “we shall be saved”
- NAV** “gered sal word”
- OAV** “gered word noudat”
- CUM-NLV** “van die oordeel red nie”

Die NT praat van verlossing as die verlede, hede en toekoms. Toekoms hier dui op ons algehele, volkome verlossing met die wederkoms. Sien *Vir Spesiale Aandag: Jesus van Nasarene* by 10:13 en die aantekening by 5:9.

- **NASB** “by His life”
- NAV** “deur die lewe van”
- OAV** “veel meer deur sy lewe”
- CUM-NLV** “deur Hom, die lewende Jesus”

Die Griekse term vir “lewe” is *zoa*. In die geskrifte van Johannes verwys hierdie term altyd na “opstandingslewe”, “ewige lewe” of “koninkrykslewe”. Paulus gebruik dit teologies met dieselfde betekenis. Die sentrale gedagte van hierdie gedeelte in konteks, is dat aangesien God so 'n hoë prys vir die vergifnis van gelowiges betaal het, Hy dit verseker enduit sal wil deursien.

“Lewe” verwys moontlik na: (1) Jesus se opstanding (vgl. 8:34; 1 Kor. 15); (2) Jesus se middelaarswerk (vgl. 8:34; Heb. 7:25; 1 Joh. 2:1); of (3) die Gees, wat Christus in ons gestalte laat neem (Rom. 8:29; Gal. 4:19). Paulus bevestig hiermee dat Christus se aardse lewe, sowel as sy opheffing in die opstandingslewe, die basis van ons versoening vorm.

- 5:11 NASB** “And not only this, but”
- NAV** “Maar dit is nie al nie”
- OAV** “en nie alleen dit nie”
- CUM-NLV** “Bo alles”

Sien die aantekeninge by vers 3.

- **NASB** “we also exult”
- NAV** “ons verheug ons ook”



OAV “maar ons roem ook in”  
CUM-NLV “ons kan nou ook jubel”

Sien die aantekening by 5:2. Dit is die derde keer wat hy “verheug”(roem) in hierdie konteks gebruik:

1. verheug oor die hoop op heerlikheid (vers 2);
2. verheug in beproewing (vers 3); en
3. verheug oor die versoening (vers 11).

Oor negatiewe “roem” (spog) kan die aantekeninge by 2:17 en 23 geraadpleeg word.

▣ NASB “we have now received the reconciliation”  
NAV “deur wie ons nou die versoening ontvang het”  
OAV “deur wie ons nou die versoening verkry het”  
CUM-NLV “ons bevoorreg het om nou God se vriende te wees”

Dit is ’n AORISTUS AKTIEF INDIKATIEF, d.w.s. ’n voltooide handeling. Gelowiges se versoening is ook onder bespreking (sien vers 10; 2 Kor. 5:18-21; Ef. 2:16-22; Kol. 1:19-23). In hierdie teksverband is “versoening” die teologiese sinoniem vir “regverdigmaking”.

**NASB (UPDATED) TEXT: 5:12-14**

**<sup>12</sup>Therefore, just as through one man sin entered into the world, and death through sin, and so death spread to all men, because all sinned- <sup>13</sup>for until the Law sin was in the world, but sin is not imputed when there is no law. <sup>14</sup>Nevertheless death reigned from Adam until Moses, even over those who had not sinned in the likeness of the offense of Adam, who is a type of Him who was to come.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 5:12-14.*

5:12 NASB “Therefore”  
NAV “Verder nog dit”  
OAV “DAAROM”  
CUM-NLV “Toe”  
CUM-MVB “Die saak staan so”

Romeine het verskeie strategiese plasings van die “Verder nog dit”-frase (vgl. 5:1; 8:1; 12:1). Vir Skrifuitleg moet vasgestel word waarop die frase dui. Dit is moontlik ’n manier om na Paulus se argument in geheel te verwys. Hier is duidelik ’n skakel met Genesis en dus waarskynlik ook met Rom. 1:18-32

▣ “as through one man sin entered into the world” (“Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom”): Al drie die WERKWOORDE in vers 12 is in die AORISTUS tydvorm (tempus). Adam se val het die dood aangebring (vgl. 1 Kor. 15:22). Die Bybel steek egter nie vas by die oorsprong van sonde nie. Sonde het ook in die engele-wêreld opgeduik (vgl. Gen. 3 en Openb. 12:7-9). Hoe en wanneer is onseker (vgl. Jes. 14:12-27; Eseg. 28:12-19; Job 4:18; Mat. 25:41; Luk. 10:18; Joh. 12:31; Openb. 12:7-9).

Adam se sonde was tweërlei van aard: (1) ongehoorsaamheid ten opsigte van ’n spesifieke verbod (vgl. Gen. 2:16-17); en (2) selfverheffing (vgl. Gen. 3:5-6). Hierdie opmerking, wat by Gen. 3 aansluit, voer nou die argument wat in Rom. 1:18-32 sy aanvang geneem het, verder. In die teologie van sonde, onderskei Paulus hom baie duidelik van die rabbynse gedagtegang. Die rabbyne het nie vir dié doel Gen. 3 in gedagte gehad nie.

Hulle het aangevoer dat daar in elke mens twee *yetzers* (honde) is – twee denkrigtings. Hulle bekende rabbynse segswyse was dat in elke mens se hart daar ’n swart en ’n wit hond is. Die een wat jy die meeste kos gee, word die grootste. Vir Paulus is die sonde ’n skeidsmuur tussen ’n heilige God en sy skepping. Paulus was nie ’n sistematiese teoloog nie (vgl. James Steward se *A Man in Christ*). Na sy mening het sonde ’n drieërlei oorsprong: (1) Adam se struikeling; (2) sataniese versoeking; en (3) volgehoue rebellie van die mensdom.

Twee moontlike implikasies kristalliseer uit die kontraste en parallelle tussen Adam en Jesus:

1. Adam was ’n regte historiese figuur.
2. Jesus was ’n regte mens.

Valse dogma word deur dié twee Bybelse stellings weerlê. In hierdie konteks word elf keer na Adam en Christus verwys as “een mens” en “die een”.

▣ **“death through sin” (“so het die dood [...] deurgedring omdat almal gesondig het”):** Die Bybel verwys na “dood” in drie stadiums: (1) geestelike dood (vgl. Gen. 2:17; 3:1-7; Ef. 2:1); (2) fisiese dood (Gen. 5); en (3) ewige dood (Openb. 2:11; 20:6, 14; 21:8). Wat hier ter sake is, is die geestelike dood van Adam (Gen. 3:14-19) wat fisiese dood vir die hele mensdom bewerkstellig het (vgl. Gen. 5).

▣ **“death spread to all men” (“tot al die mense deurgedring”):** Die hoofdoel van die paragraaf is om daarop te dui dat sonde en die dood universele afmetings aangeneem het (vgl. verse 16-19; 1 Kor. 15:22; Gal. 1:10).

▣ **“because all sinned” (“omdat almal gesondig het”):** Alle mense – die ganse mensdom – is by Adam se val inbegrepe (d.w.s. hulle is die erfename van ’n sondelas en ’n geneigdheid tot kwaad). Om dié rede is dit hulle keuse om persoonlik en herhaaldelik te sondig. Die Bybel beklemtoon die feit dat alle mense, gesamentlik en individueel, sondaars is (1 Kon. 8:46; 2 Kron. 6:36; Ps. 14:1-2; 130:3; 143:2; Spr. 20:9; Pred. 7:20; Jes. 9:17; 53:6; Rom. 3:9-18; 11:32; Gal. 3:22; 1 Joh. 1:8-10).

Baie belangrik! Die konteks van hierdie gedeelte beklemtoon dat één handeling (Adam s’n) tot die dood aanleiding gegee het en dat één handeling (dié van Jesus) die herstel van lewe tot gevolg gehad het. Maar God het sy verhouding met die menslike geslag so gestruktureer dat die mens se reaksie ’n beduidende rol speel as dit kom by “verlore wees” of “regverdigmaking”. As mense met wilsvermoë, is hulle betrokke by die bepaling van hul uiteinde! Hulle verkies om in sonde te volhard, of hulle kies Christus. Die inisiatief, wat hierdie twee keuses betref, is nie in mensehande nie, maar hulle kan heel gewilliglik toon waarby hulle hulle skaar!

Die vertaling “omdat” (“want”, vgl. CUM-NLV) is algemeen, maar wat dit presies beteken, is ’n hewige polemieek. Paulus gebruik *eph’ hō* (vgl. 2 Kor. 5:4; Fil. 3:12; 4:10) vir “omdat”. Daarvolgens kies alle mense persoonlik om hulle te skaar by sonde en rebellie teen God: sommige in hul verwerping van die besondere openbaring, en ander weer deur die algemene openbaring te verwerp (vgl. 1:18-3:20).

**5:13-14** Die waarheid wat hier aan die orde gestel word, is reeds in Rom. 4:15 voorgelê, en kom ook in Han. 17:30 voor: God is regverdig. Mense is net verantwoordelik vir wat hulle kan weet. Wat hier ter sprake is, is die besondere openbaring, die OT en Jesus in die NT. Dus gaan dit nie hier oor algemene openbaring nie (vgl. Ps. 19; Rom. 1:18-23; 2:11-16).

Let op die parentese in die NKJV (–) wat die gedagtegang tussen vers 12 en die afsluiting daarvan in verse 18-21 met ’n lang tussensin onderbreek.

<b>5:14 NASB, NKJV, JB</b>	<b>“death reigned”</b>
<b>NRSV</b>	<b>“death exercised dominion”</b>
<b>TEV</b>	<b>“death ruled”</b>
<b>NAV</b>	<b>“die dood heerskappy gevoer”</b>
<b>OAV</b>	<b>“tog het die dood geheers”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“het in elk geval almal gesterf”</b>
<b>CUM-MVB</b>	<b>“het die dood heerskappy gevoer”</b>

Die dood het soos ’n Koning geregeer (vgl. verse 17, 21). Hierdie personifikasie van dood en sonde as tiranne word regdeur hierdie hoofstuk en hoofstuk 6 volgehou. Die universele voorkoms van die dood bevestig die universele sondigheid van die mensdom. In verse 17 en 21 word genade egter verpersoonlik. Genade regeer! Mense het ’n keuse. Daar is twee moontlikhede, aldus die OT: dood of lewe. Wie regeer in jou lewe?

■ <b>NASB</b>	<b>“even those who had not sinned in the likeness of the offence of Adam”</b>
<b>NAV</b>	<b>“ook oor mense wat nie gesondig het op dieselfde manier as dié waarop Adam oortree het nie”</b>
<b>OAV</b>	<b>“ook oor hulle wat nie gesondig het in gelykheid met die oortreding van Adam nie”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“al was hulle nie soos Adam ongehoorsaam aan ’n uitdruklike opdrag van God nie”</b>
<b>CUM-MVB</b>	<b>“om soos Adam ’n uitdruklike gebod te oortree nie”</b>

Adam het ’n uitdruklike opdrag van God verontagsaam; selfs Eva se sonde was nie op dieselfde vlak nie. Sy het immers deur Adam van die boom verneem en nie van God nie. Die menslike geslag van Adam tot Moses het in hierdie sonde van ’n rebelse houding gedeel. Adam se geneigdheid tot die kwaad is na al sy nakomelinge oorgedra.

■ <b>NASB, NKJV, NRSV</b>	<b>“who is a type of Him who was to come”</b>
<b>TEV</b>	<b>“Adam was a figure of one who was to come”</b>
<b>JB</b>	<b>“Adam prefigured the One to come”</b>
<b>NAV</b>	<b>“Daar is ooreenkoms tussen Adam en Hom wat sou kom”</b>
<b>OAV</b>	<b>“wat ’n voorbeeld is van Hom wat sou kom”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“Daar is ’n mate van ooreenkoms, maar tog ook verskille tussen Adam en Jesus Christus – die Een wat later sou kom”</b>
<b>CUM-MVB</b>	<b>“Daar is tipiese trekke tussen Adam en Hom, wat sou kom”</b>

Op ’n baie konkrete manier word die Adam-Christus tipologie (vgl. 1 Kor. 15:21-22, 45-49; Fil. 2:6-8) hier aangebied. Albei word gesien as die eersteling van ’n opeenvolging, die beginner van ’n bedeling (1 Kor. 15:45-49). Adam is die enigste OT-figuur wat in die NT as ‘tipe’ benoem word. Sien *Vir Spesiale Aandag: Tipe* (Tupos) by 6:17.

**NASB (UPDATED) TEXT: 5:15-17**

**<sup>15</sup>But the free gift is not like the transgression. For if by the transgression of the one the many died, much more did the grace of God and the gift by the grace of the one Man, Jesus Christ, abound to the many. <sup>16</sup>The gift is not like that which came through the one who sinned; for on the one hand the judgment arose from the transgression resulting in condemnation, but on the other hand the free gift arose**

**from many transgressions resulting in justification. <sup>17</sup>For if by the transgression of the one, death reigned through the one, much more those who receive the abundance of grace and of the gift of righteousness will reign in life through the One, Jesus Christ.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 5:15-17.*

**5:15-19** Die argument word gevoer met behulp van parallelle frases. Die NASB, NRSV en TEV verdeel die paragraaf by vers 18. Aan die ander kant vertaal die UBS<sup>4</sup>, NKJV, en JB die gedeelte as 'n eenheid. Onthou dat die sleutel tot Skrifverklaring daarin bestaan dat die outeur se bedoeling in 'n enkele waarheid per paragraaf vervat is. Let daarop dat die term “baie” in verse 15 en 19 sinoniem met “almal” in verse 12 en 18 is. Dit is ook waar ten opsigte van Jes. 53:11-12 en vers 6. Teologiese onderskeidings, soos Calvyn se uitverkorenes en nie-uitverkorenes, behoort nie op hierdie gedeelte gebaseer te word nie!

<b>5:15</b>	<b>NASB</b>	<b>“the free gift”</b>
	<b>NAV, OAV</b>	<b>“die genadegawe”</b>
	<b>CUM-NLV</b>	<b>“genadegeskenk”</b>

Daar word twee verskillende Griekse woorde vir “gawe” of “geskenk” in hierdie konteks gebruik – *charisma*, vgl. verse 15, 16 (sien aantekening by 6:23) en *dorea/dorama*, vgl. verse 15, 16, 17 (sien aantekening by 3:24) – maar hulle is sinoniem. Dit is werklik die goeie nuus van verlossing: dit is 'n vrye geskenk van God in Christus Jesus (vgl. 3:24; 6:23; Ef. 2:8, 9) aan almal wat in Christus glo.

▣	<b>NASB</b>	<b>“if”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“maar [...] anders”</b>
	<b>OAV</b>	<b>“want as”</b>
	<b>CUM-NLV</b>	<b>“so [...] want”</b>

Dit is 'n VOORWAARDELIKE BYSIN KLAS EEN wat as waar vanuit die perspektief van die skrywer, of vir sy literêre doeleindes, aanvaar word.

▣	<b>NASB</b>	<b>“abound”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“veel oorvloediger”</b>
	<b>OAV</b>	<b>“baie oorvloedig”</b>
	<b>CUM-NLV</b>	<b>“soveel meer”</b>

Sien *Vir Spesiale Aandag: Oorvloedig* by 15:13.

<b>5:16</b>	<b>NASB</b>	<b>“condemnation [...] justification”</b>
	<b>NAV, OAV</b>	<b>“oordeel [...] vryspraak”</b>
	<b>CUM-NLV</b>	<b>“veroordeling [...] vryspraak”</b>

Albei hierdie terme is wetlik van aard. Die OT-profete het graag hulle boodskap asof in 'n hofsaak, oorgedra. Paulus gebruik ook hierdie vormgewing vir sy boodskap (vgl. Rom. 8:1, 31-34).

<b>5:17</b>	<b>NASB</b>	<b>“if”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“maar [...] as”</b>
	<b>OAV</b>	<b>“want as”</b>

Nog 'n VOORWAARDELIKE BYSIN KLAS EEN wat as waar vanuit die perspektief van die skrywer, of vir sy literêre doel, aanvaar word. Die oortreding van Adam het inderdaad die dood van alle mense tot gevolg gehad.

■ NASB	“much more those who receive”
NAV	“is veel meer bereik [...] dié wat ontvang het”
OAV	“veel meer sal hulle [...] ontvang”
CUM-NLV	“vir ons nog veel meer gegee [...] almal ontvang”

Verse 18-19 is skynbaar teologies nie heeltemal in ooreenstemming met die konteks nie. Dit beteken egter nie dat hierdie verse van die konteks in Rom. 1-8 losgemaak, en as bewysplaas vir universele verlossing van alle mense aangewend kan word nie. Mense moet God se aanbod in Christus aanvaar (vers 17b). Verlossing is vir almal beskikbaar, maar moet individueel aanvaar word (vgl. Joh. 1:12; 3:16; Rom. 10:9-13).

Adam se enkele handeling van rebellie het 'n algehele rebellie van die ganse mensdom tot gevolg gehad. Die enkele sondige daad het tot 'n algehele uitbreek van sonde gelei. Maar Christus se enkele offerande is daarmee vergroot om die menigte individuele sondes, sowel as die gesamentlike sondige aard van die mensdom, te bedek. Die “soveel meer” van Christus se offerdaad word sterk beklemtoon (vgl. vers 9, 10, 15, 17). Genade in oorvloed!

5:17, 18	NASB	“the gift of righteousness will reign in life [...] justification of life”
	NAV	“dié wat die vryspraak as gawe ontvang het, sal lewe en heerskappy voer”
	OAV	“die gawe van geregtigheid ontvang, in die lewe heers”
	CUM-NLV	“genadegeskenk van vryspraak ontvang, sal koninklik oor die sonde en dood triomfeer”

Jesus is God se gawe en voorsiening vir 'n gevalle mensheid se geestelike nood (vgl. 1 Kor. 1:30). Hierdie parallelle frases kan beteken: (1) 'n sondige mensdom ontvang 'n herstelde verhouding met God danksy Christus se afgehandelde werk en daarmee 'n “lewe van godsvrug”; of (2) hierdie frase is sinoniem met die “ewige lewe”. Die konteks steun egter die eerste opsie.

Vir 'n woordondersoek in verband met geregtigheid, sien *Vir Spesiale Aandag: Geregtigheid* by 1:17.

### **VIR SPESIALE AANDAG: HEERS IN DIE KONINKRYK VAN GOD**

Die gedagte van regeer met Christus, hou verband met die wyer teologiese begrip, “die koninkryk van God”. Die gedagte is ontleen uit die OT, waarin God as die ware koning van Israel voorgestel word (vgl. 1 Sam. 8:7). Hy het simbolies regeer (1 Sam. 8:7; 10:17-19) deur afstammeling uit die stam van Juda (vgl. Gen. 49:10) en uit die familie van Isai (vgl. 2 Sam. 7).

Jesus is die beloofde vervulling van die OT-profesie aangaande die Messias. Die koninkryk van God is aangekondig met sy geboorte te Betlehem. Die koninkryk van God was die sentrale tema van sy prediking en kom ten volle van krag met die koms van Jesus (vgl. Mat. 10:7; 11:12; 12:28; Mark. 1:15; Luk. 10:9,11; 11:20; 16:16; 17:20-21).

Maar die koninkryk het ook 'n toekoms-eskatologiese karakter. Die koninkryk was reeds teenwoordig, maar het nog nie tot voleindiging gekom nie (vgl. Mat. 6:10; 8:11; 16:28; 22:1-14; 26:29; Luk. 9:27; 11:2; 13:29; 14:10-24; 22:16, 18). Jesus het eers as die lydende kneg gekom (vgl. Jes. 52:13-53:12); in nederigheid (vgl. Sag. 9:9), maar om dan terug te keer as die Koning van die konings (vgl. Mat. 2:2; 21:5; 27:11-14). Die gedagte aan “regeer” is sekerlik deel van

hierdie koninkryksteologie. God het die koninkryk aan Jesus se volgelinge toevertrou (sien Luk. 12:32).

Die gedagte om saam met Christus te regeer omvat heelwat aspekte, en stel vrae:

1. Dui die gedeeltes wat spreek van die koninkryk wat aan gelowiges geskenk word, inderdaad ook op “regeer” (vgl. Mar. 5:3, 10; Luk. 12:32)?
2. As Jesus Hom met hierdie woorde tot sy oorspronklike dissipels rig, sluit dit alle gelowiges in (vgl. Mat. 19:28; Luk. 22:28-30)?
3. Is Paulus se klem op regeer nou, in hierdie lewe, in teenstelling met die aangehaalde tekste hierbo, of dalk aanvullend (vgl. Rom. 5:17; 1 Kor. 4:8)?
4. Watter verband is daar tussen “lyding” en “regeer” (Rom. 8:17; 2 Tim. 2:11-12)?
5. In Openbaring is daar ‘n herhalende voorkoms van die tema van saam regeer met die verheerlikte Christus
  - a. op aarde (5:10)
  - b. die millennium (duisendjaar ryk) (20:5, 6)
  - c. vir ewig (2:26; 3:21; 22:5; en Dan. 7:14, 18, 27)

**NASB (UPDATED) TEXT: 5:18-21**

**<sup>18</sup>So then through one transgression there resulted condemnation to all men, even so through one act of righteousness there resulted justification of life to all men. <sup>19</sup>For as through the one man’s disobedience the many were made sinners, even so through the obedience of the One the many will be made righteous. <sup>20</sup>The Law came in so that the transgression would increase; but where sin increased, grace abounded all the more, <sup>21</sup>so that, as sin reigned in death, even so grace would reign through righteousness to eternal life through Jesus Christ our Lord.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 5:18-21.*

<b>5:18 NASB</b>	<b>“even so through one act of righteousness there resulted justification of life to all men”</b>
<b>NKJV</b>	<b>“even so through one Man’s righteous act the free gift came to all men”</b>
<b>NRSV</b>	<b>“so one man’s act of righteousness leads to justification and life for all”</b>
<b>TEV</b>	<b>“in the same way the one righteous act set all men free and gives them life”</b>
<b>JB</b>	<b>“so the good act of one man brings everyone life and makes them justified”</b>
<b>NAV</b>	<b>“so het een daad van gehoorsaamheid dus gelei tot vryspraak en lewe vir almal”</b>
<b>OAV</b>	<b>“so ook is dit deur een daad van geregtigheid vir alle mense tot regverdigmaking van die lewe”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“maar netso het Christus se een daad van gehoorsaamheid vryspraak en lewe vir almal gebring”</b>
<b>CUM-MVB</b>	<b>“so het een daad van gehoorsaamheid dus ook gelei tot ‘n herstelde verhouding met God en lewe vir almal wat glo”</b>

Dit beteken nie dat almal gered sal word nie (universalisme). Hierdie vers kan nie in onafhanklik verstaan word van die boodskap van die Romeineboek en die onmiddellike konteks nie. Dit is ‘n aanduiding van die moontlikheid van redding vir alle mense deur Jesus Christus se

lewe, dood en opstanding. Die mensdom moet op die aanbod van die evangelie reageer met sondebelydenis en geloof (vgl. Mark. 1:15; Han. 3:16, 19; 29:21). God neem healtyd die inisiatief (vgl. Joh. 6:44, 65), maar Hy het bepaal dat elke individu persoonlik moet reageer (vgl. Mark. 1:15; Joh. 1:12; Rom. 10:9-13). Hierdie aanbod is universeel (vgl. 1 Tim. 2:4, 6; 2 Pet. 3:9; 1 Joh. 2:2), maar wat 'n enigma van verdorwenheid dat so baie “nee” sê.

Die “daad van geregtigheid” is: (1) die hele lewe van Jesus, sy gehoorsaamheid en openbaarmaking van die Vader; of (2) spesifiek sy dood om die mensdom se onthalwe. Nes in die geval van die Joodse stoflikheid (een sondig en dit raak almal, Jos. 7), geld die omgekeerde hier: dat een onskuldige se lewe almal ten goede kom. Dus twee handeling in parallelle verband, maar nie dieselfde nie. Almal is geaffekteer deur Adam se sonde, maar netso ook weer deur Jesus se lewe – mits hulle in geloof sy gawe van regverdigmaking in ontvangs neem. Jesus se “daad” handel met alle menslike sonde – verlede, hede en toekom – vir almal wat glo en dit in ontvangs neem.

**5:18-19 NASB** “condemnation to all men [...] justification of life to all men [...] the many were made sinners [...] the many will be made righteous”  
**NAV** “veroordeling vir alle mense [...] vryspraak vir almal [...] sondaars geword het [...] baie vrygespreek word”  
**OAV** “vir alle mense tot veroordeling [...] vir alle mense tot regverdigmaking [...] baie tot sondaars gestel is [...] baie tot regverdiges gestel word”

Hierdie parallelle frases toon dat die term “baie” nie beperkend opgevat moet word nie, maar insluitend. Dieselfde parallelisme word in Jes. 53:6 se “almal” en 53:11, 12 se “baie” aangetref. Die woord “baie” kan nie opgevat word as beperkend van God se verlossingsaanbod nie (vgl. Calvyn se leer van uitverkies en nie uitverkies).

Let op die PASSIEWE VORM van die twee werkwoorde. Dit dui op 'n aktiwiteit van God. Mense sondig teen God se karakter (heilige), maar word geregverdig asof in ooreenstemming met sy karakter.

**5:19 “one man’s disobedience [...] the obedience of the One” (“on gehoorsaamheid van een mens [...] deur die gehoorsaamheid van een Mens”):** Paulus gebruik hier die denkwyse van OT-stoflikheid (gesamentlike verantwoordelikheid): een persoon se optrede affekteer 'n hele gemeenskap (vgl. Agan in Jos. 7). Adam en Eva se on gehoorsaamheid het die oordeel van God oor die hele skepping gebring (vgl. Gen 3) en sodoende op die hele skepping 'n uitwerking gehad (vgl. 8:18-25). Die wêreld was nie meer dieselfde nie. Mense was ook nie meer dieselfde nie. Dood het alle aardse lewe tot 'n einde laat kom (vgl. Gen. 5). Dit is nie hoe God wou hê die wêreld moet wees nie!

In hierdie selfde gemeenskaplike sin (die een namens almal) het Jesus se daad van gehoorsaamheid (Golgota) uitloop op (1) 'n nuwe bedeling, (2) 'n nuwe volk van God, en (3) 'n nuwe verbond. Hierdie teologie van verteenwoordiging (een vir baie) staan bekend as die “Adam-Christus-tipologie” (vgl. Fil. 2:6). Jesus is die tweede Adam. Hy is 'n nuwe begin vir die gevalle mensdom.

▣ **NASB** “made righteous”  
**NAV** “vrygespreek word”  
**OAV** “tot regverdiges gestel word”  
**CUM-NLV** “tot regverdiges verklaar word”  
**CUM-MVB** “mense word wie se verhouding met God reg is”

Sien *Vir Speciale Aandag: Geregtigheid* by 1:17.

<b>5:20</b>	<b>NASB</b>	<b>“And the Law came in that the transgression might increase”</b>
	<b>NKJV</b>	<b>“Moreover the Law entered that the offense might abound”</b>
	<b>NRSV</b>	<b>“But law came in, with the result and the trespass multiplied”</b>
	<b>TEV</b>	<b>“Law was introduced in order to increase wrongdoing”</b>
	<b>JB</b>	<b>“When law came, it was to multiply the opportunities of falling”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“Die wet het bygekom om die oortredinge nog meer te maak”</b>
	<b>OAV</b>	<b>“Maar die wet het daar by gekom sodat die misdaad nog meer sou word”</b>
	<b>CUM-NLV</b>	<b>“God se wet is gegee sodat alle mense kon sien hoe groot en baie hulle oortredings is”</b>

Die doel van die wet was nooit om reddingsmiddel vir die mensdom te wees nie, maar om hulle te laat beseef hoe groot hulle nood is en hoe hulpeloos hulle is (vgl. Ef. 2:1-3) sodat hulle daardeur hulle toevlug in Christus sou neem (vgl. 3:20; 4:15; 7:5; Gal. 3:19, 23-26). Die wet is goed, maar die mensdom is sondig!

■ **“grace abounded all the more” (“hoe oorvloediger het die genade geword”):** Dit was Paulus se hoofgedagte in hierdie gedeelte. Sonde is verskriklik en dring oral in, maar genade word oorvloedig en oortref die dodelike invloed van sonde. Op dié wyse is die kerk van die eerste eeu – nog in kinderskoene – bemoedig. Hulle was oorwinnaars in Christus (vgl. 5:9-11; 8:31-39; 1 Joh. 5:4). Die gedagte was nooit dat meer genade aanleiding sou gee tot meer sonde nie! Sien *Vir Speciale Aandag: “Huper”-Verbindings* by 1:30.

**5:21** Beide “sonde” en “genade” word as konings voorgestel (personifikasie). Sonde regeer met die mag van universele dood (verse 14, 17). Genade regeer met die krag van toegerekende geregtigheid danksy die voltooide werk van Jesus Christus en gelowiges se persoonlike geloof en berouvolle reaksie op die evangelie.

As die nuwe mensdom van God, as die liggaam van Christus, regeer Christene saam met Christus (vgl. 5:17; 2 Tim. 2:12; Openb. 22:5). Dit staan ook bekend as ’n aardse heerskappy met Christus of ’n duisendjarige vrederyk (vgl. Openb. 5:9-10:20). Dieselfde waarheid word gedien met die gedagte dat die koninkryk aan die heiliges gegee is (vgl. Mat. 5:3, 10; Luk. 12:32; Ef. 2:5-6) Sien *Vir Speciale Aandag: Heers in die Koninkryk van God* by 5:17.



## BESPREKINGSVRAE

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Definieer God se “geregtigheid”.
2. Wat is die teologiese onderskeid tussen “posisionele heiligmaking” en “progressiewe heiligmaking”?
3. Word ons deur genade of deur geloof gered (vgl. Ef. 2:8-9)?
4. Hoekom verduur Christene ontberinge?
5. Is ons gered of word ons gered of sal ons gered word?
6. Is ons sondaars omdat ons sondig, of sondig ons omdat ons sondaars is?
7. Watter verband, volgens hierdie hoofstuk, is daar tussen “geregverdig”, “gered” en “versoen”?
8. Waarom hou God my verantwoordelik vir iemand anders se sonde wat 'n duisend jaar gelede geleef het?
9. Waarom het mense tussen die jare van Adam en Moses gesterf al was sondes nie bereken of getel in hierdie tyd nie?
10. Is die terme “almal” en “baie” sinoniem (vgl. 18-19; Jes. 53:6; 11-12)?

## ROMEINE 6

<b>PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*</b>					
<b>UBS<sup>4</sup></b>	<b>NKJV</b>	<b>NRSV</b>	<b>TEV</b>	<b>JB</b>	<b>NAV</b>
Dood vir sonde, maar lewend in Christus 6:1-11	Dood vir sonde, maar lewend vir God 6:1-14	Om te sterf en op te staan met Christus 6:1-4 6:5-11	Dood vir die sonde, maar lewend in Christus 6:1-4 6:5-11	Doop 6:1-7 6:8-11 Heiligheid regeer, nie sonde nie	Dood vir die sonde, maar lewend vir God 6:1-11
6:12-14		6:12-14	6:12-14	6:12-14	6:12-14
Slawe van geregtigheid 6:15-23	Van sondeslawerny tot slaaf van God 6:15-23	Die twee soorte slawerny 6:15-19 6:20-23	Slawe van geregtigheid 6:15-19 6:20-23	Die Christen is vrygemaak van sondeslawerny 6:15-19 Die loon van sonde en die loon van heiligheid 6:20-23	In diens van wat God wil 6:15-18 6:19-23

### **LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xi)**

#### **OM DIE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK TE VOLG**

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die sewe vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as die sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

#### **DIE DELE IN KONTEKS: ROMEINE 6:1-23**

- A. Hoofstukke 6:1-8:39 hanteer 'n eenheidsgedagte, naamlik die Christen se houding met betrekking tot sonde. Dis 'n uiters belangrik saak om die invloed van sonde op die gelowige te bepaal, wat immers deel in 'n evangelie van God se onverdiende genade in Christus (3:21-5:21). Hoofstuk 6 is gebaseer op twee veronderstelde vrae. Hierdie vrae kom onderskeidelik voor in verse 1 (wat met 5:20 gepaardgaan) en 15 (met gepaardgaande 6:14). Die eerste vraag hou verband met sonde as 'n *lewenstyl*

\* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hierbo. Aanhalingstekste is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

(TEENWOORDIGE TYD), en die tweede op sy beurt met dae van *individuele sonde* (AORISTUS TYD). Dit kom duidelik in verse 1-14 na vore dat die gelowige vrygemaak is van sonde se heerskappy. In verse 15-23 word daarop gewys dat die gelowige vry is om God te dien soos hy voorheen sonde gedien het: heelhartig en met oorgawe.

B. Heiligmaking het twee aspekte:

1. 'n status of stand (soos regverdigmaking toegereken by verlossing);
2. 'n groeiproses tot Christus-gelykvormigheid wat in
  - a. 6:1-8:39 teologies uiteengesit word, en in
  - b. 12:1-15:13 prakties uiteengesit word (sien *Vir Spesiale Aandag: Heiligmaking* by 6:4)

C. Kommentaarskrywers tref dikwels 'n teologiese onderskeid tussen “regverdigmaking” en “posisionele heiligmaking” om sodoende hulle onderskeie Bybelse betekenis doeltreffend aan die leser te verduidelik. Eintlik is albei geskenke (gawes) van God se onverdiende goedheid en genade (posisioneel, 1 Kor. 1:30; 6:11). Die meganisme is ook dieselfde – in Jesus se lewe en dood word albei gedemonstreer sodat hulle dan deur geloof in ontvangs geneem kan word (vgl. Ef. 2:8-9).

D. Hierdie hoofstuk verkondig aan God se kinders die moontlikheid van volle wasdom tot sondeloosheid in Christus (vgl. 1 Joh. 3:6, 9; 5:18). Daarteenoor leer hoofstuk 7, saam met 1 Joh. 1:8-21, dat sonde die gelowige steeds aankleef in die regte lewe.

Heelwat van die konflik wat Paulus se siening van vergifnis uitgelok het was oor moraliteit. Die Jode wou 'n toegewyde lewe afdwing en het vereis dat nuutbekeerdes aan die voorskrifte van die Mosaïese wet moes voldoen. Sommige van die Jode het Paulus se siening inderdaad beskou as 'n toewyding om in sonde voort te leef (vgl. verse 1, 15; 2. Pet. 3:15-16). Paulus was egter oortuig dat die Gees van God as vormende-inwoner meer toegewyde Christene sou oplewer as die navolging van eksterne gedragskodes. Dit is juis dan die verskil tussen die ou verbond (vgl. Deut. 27-28) en die nuwe verbond (vgl. Jer. 31:31-34; Es. 36:26-27).

E. Die doop is eenvoudig 'n fisieke illustrasie van die geestelike gebeure van regverdigmaking/heiligmaking. In Romeine word die tweeling-leerstellings van posisionele heiligmaking (regverdigmaking) en geleefde heiligmaking (Christus-gelykvormigheid) sterk beklemtoon. Om saam met Hom begrawe te word (vers 4) is dieselfde as om saam met Hom “gekruisig te word” (vers 6).

F. Die sleutels tot 'n lewe van oorwinning oor versoeking en sonde is dus:

1. Weet dat jy in Christus is. Neem in ag wat Hy vir jou gedoen het. Jy is vry van sonde. Jy is dood vir die sonde!
2. Besef jou posisie in Christus is van belang vir die situasies van jou daaglikse lewe.
3. Ons behoort nie aan onself nie. Ons moet ons Meester dien en gehoorsaam. Ons dien en gehoorsaam uit dankbaarheid en liefde vir die Een wat ons so lief gehad het.
4. Die Christelike lewe is ongewoon; bonatuurlik. Dit is soos verlossing 'n gawe van God in Christus. Hy inisier dit en bekragtig dit. Ons reageer deur dit te ontvang met sondebelydenis en geloof – eenmalig, maar ook deurlopend.
5. Moenie sonde ligtelik opneem nie. Herken dit vir wat dit is. Draai jou rug daarop; vlug daarvan weg. Moenie dit waag om jou in situasies van versoeking te begewe nie.
6. Sonde is 'n verslawing wat verbreek kan word, gegewe tyd, opoffering en wilskrag.

## STUDIE VAN WOORDE EN FRASES

### NASB (UPDATED) TEXT: 6:1-7

<sup>1</sup>What shall we say then? Are we to continue in sin so that grace may increase? <sup>2</sup>May it never be! How shall we who died to sin still live in it? <sup>3</sup>Or do you not know that all of us who have been baptized into Christ Jesus have been baptized into His death? <sup>4</sup>Therefore we have been buried with Him through baptism into his death, so that as Christ was raised from the dead through the glory of the Father, so we too might walk in newness of life. <sup>5</sup>For if we have become united with *Him* in the likeness of His death, certainly we shall also be *in the likeness* of His resurrection, <sup>6</sup>knowing this, that our old self was crucified with *Him*, in order that our body of sin might be done away with, so that we would no longer be slaves to sin; <sup>7</sup>for he who has died is free from sin.

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 6:1-7.*

6:1	NASB	“Are we to continue to sin that grace may increase”
	NKJV	“Shall we continue to sin that grace may abound”
	NRSV	“Should we continue in sin in order that grace may abound”
	TEV	“That we should continue to live in sin so that God’s grace will increase”
	JB	“Does it follow that we should remain in sin so as to let grace have greater scope”
	NAV	“Moet ons aanhou sonde doen sodat genade kan toeneem”
	OAV	“Sal ons in die sonde bly sodat genade meer kan word”

Hierdie is ’n PRAESENS AKTIEF SUBJUNKTIEF waarmee die vraag letterlik gestel word of Christene in sonde kan “aanbly” of dit “omhels”. Die vraag verwys terug na 5:20: Paulus is steeds aan die argumenteer met ’n denkbeeldige gespreksgenoot (dialektiek) wat sou kon aanvoer dat genade moontlik misbruik kan word (vgl. 1 Joh. 3:6, 9; 5:18). God se genade en goedheid is nie bedoel om ’n losbandige lewenstyl aan te moedig nie.

Paulus se evangelie van verlossing deur genade, ’n geskenk van God se liefdevolle goedheid in Christus (vgl. 3:24; 5:15, 17; 6:23) het vrae laat ontstaan oor lewenstyl-geregtigheid. Hoe kan ’n vrye geskenk lei tot opregtheid en goeie moraliteit? Regverdigmaking en heiligmaking is ’n eenheid wat nie opgebreek moet word nie (vgl. Mat. 7:24-27; Luk. 8:21; 11:28; Joh. 13:17; Rom. 2:13; Jak. 1:22-25; 2:14-26).

Laat ek op hierdie punt F.F. Bruce se *Paul: Apostle of the Heart Set Free*, bl. 281-282, aanhaal: “The baptism of Christians constituted the frontier between their old unregenerate existence and their new life in Christ: it marked their death to the old order, so that for a baptized Christian to go on in sin was as preposterous as it would be for an emancipated slave to remain in bondage to his former owner (vgl. Rom. 6:1-4, 15-23) or for a widow to remain subject to ‘the law of her husband’,” (vgl. Rom 7:1-6).

Ook James S. Stewart skryf in sy boek, *A Man in Christ*, bl. 187-188: “The *locus classicus* for all this side of the apostles’ thought is to be found in Rom. 6. There Paul, with magnificent vigor and effort, drives home to heart and conscience the lesson that to be united with Jesus in His death means for the believer a complete and drastic break with sin.”

6:2	NASB	“May it never be”
	NAV	“Beslis nie!”
	OAV	“Nee, stellig nie!”

**CUM-NLV****“Hoegenaamd nie!”**

Hierdie seldsame OPTATIEF is ’n grammatikale modus wat vir gebed of vir die uitspraak van ’n begeerte gebruik word. Die antwoord is in tipies Pauliniese styl wat betref sy dialektiek. Dit toon Paulus se skok en verontwaardiging oor die misverstand en misbruik van genade deur die ongelowige wêreld (vgl. 3:4, 6).

- ▣ **NASB** “we who died to sin”
- NAV** “ons wat dood is vir die sonde”
- OAV, CUM-MVB** “ons wat die sonde afgesterf het”

Hierdie is ’n AORISTUS AKTIEF INDIKATIEF wat beteken van “ons het gesterf”. Die enkelvoud vir “sonde” word deurgaans in die hoofstuk gebruik. Dit dui waarskynlik op ons “sondige natuur”, oorgeërf van Adam (vgl. Rom. 5:12-21; 1 Kor. 15:21-22). Die “dood” dien dikwels vir Paulus as metafoor waardeur hy die gelowige se nuwe verhouding met Jesus beskryf. Hulle is nie meer onderworpe aan die heerskappy van sonde nie.

- ▣ **NASB** “still live in it”
- NAV, OAV** “nog daarin voortlewe”
- CUM-NLV** “Dit is tog onmoontlik dat ons nog langer daarin kan voortlewe”

Letterlik vertaal as “stap”, word die metafoor aangewend om ’n gelowige lewenstyl (vgl. Ef. 4:1; 5:2, 15) teenoor ’n lewenstyl van sonde te stel (vgl. vers 4). Gelowiges kan nie tuis voel in sonde nie!

- ▣ **NASB** “have been baptized [...] have been buried”
- NAV, OAV** “gedoop is [...] in sy dood begrawe”
- CUM-NLV** “deur die doop [...] deel in sy dood”

Hierdie is albei AORISTUS PASSIEF INDIKATIEF, die grammatiese vorm wat ’n afgehandelde saak deur ’n buitestander – in hierdie geval, die Heilige Gees – impliseer. In hierdie konteks staan hulle dus parallel teenoor mekaar.

### **VIR SPESIALE AANDAG: DOOP**

Curtis Vaughan, *Acts*, het op bl. 28 ’n interessante voetnota:

“The Greek word for ‘baptized’ is a third person imperative; the word for ‘repent’, a second person imperative. This change from the more direct second person command to the less direct third person of ‘baptized’ implies that Peter’s most basic primary demand is for repentance.”

Beide Johannes die Doper (vgl. Mat. 3:2) en Jesus (vgl. Mat. 4:17) het ook hierop klem geplaas. Beroubetoning is die geestelike sleutel tot geestelike verandering, waarvan die doop die uiterlike bevestiging is. Die Nuwe Testament dra geen kennis van ongedoopte gelowiges nie! Doop was in die vroeë kerk ’n openbare belydenis van geloof. Dit was die geleentheid vir ’n openbare belydenis van geloof in Christus, en nie die meganisme van verlossing nie. Neem kennis dat die doop nie in Petrus se tweede preek genoem word nie (vgl. 3:19; Luk. 24:17). Jesus het ’n voorbeeld gestel deur Homself te laat doop (vgl. Mat. 28:19) en daardeur ook ’n opdrag gegee aan gelowiges (Mat. 28:19). Die hedendaagse geskil oor die noodsaaklikheid van die doop vir saligheid word nie in die Bybel besleg nie. Die verwagting is bloot dat alle gelowiges gedoop sal wees. Waak egter daarteen dat hoop nie ten volle op die sakrament berus nie (“sacramental mechanicalism”). Verlossing is ’n kwessie van geloof, nie van spesifieke tradisies oor plek, bewoording of voorgeskrewe rituele nie.

**6:3 NASB “into Christ Jesus”**  
**NAV, OAV “in Christus Jesus”**  
**CUM-NLV “een geword het met Christus Jesus”**

Die gebruik van *eis* (in) staan parallel tot Mat. 28:19 waar versoek word dat nuwe gelowiges in (*eis*) die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees gedoop word. In 1 Kor. 12:13 word die VOORSETSEL ook gebruik om die doop van gelowiges deur die Gees tot een Liggaam van Christus te beskryf. *Eis*, in hierdie teksverband, is sinoniem met *en* (in Christus) – Paulus se gunsteling manier om van gelowiges te praat (vgl. vers 11), in hierdie geval ‘n DATIEF LOKATIEF VAN RUIMTE/PLEK (“locative of sphere”). Gelowiges leef, beweeg en ervaar hulle bestaan in Christus. Hierdie VOORSETSELS gee uitdrukking aan ‘n intieme eenheid; ‘n ruimte waarin vriendskapsvertroue beleef word – ‘n wingerdstok-en-loot-verhouding. Gelowiges identifiseer met Christus en ag hulleself genote met Christus in sy dood (vgl. vers 6; 8:17), in sy opstanding (vgl. vers 5) en in sy gehoorsaamheid en diens aan God in sy koninkryk!

▣ **NASB “into His death [...] we have been buried with Him”**  
**NAV “in sy dood [...] saam met Hom in Sy dood begrawe”**  
**OAV “in sy dood [...] ons is dus saam met Hom begrawe”**  
**CUMs “saam met Hom gesterf het [...] is ons saam met Hom begrawe”**

Die onderdompeling van doop simboliseer die dood en begrafnis (vgl. vers 5 en Kol. 2:12). Jesus het doop as metafoor gebruik om sy eie dood te beskryf (vgl. Mark. 10:38-39; Luk. 12:50). Dit is nie hier die leerstelling oor die doop wat belangrik is nie, maar eerder die Christen se nuwe, intieme verhouding met Christus in sy dood en begrafnis, deur die doop. Gelowiges identifiseer met Christus se doop; met sy karakter; met sy offerdaad; met sy sending. Sonde het geen houvas op gelowiges nie!

**6:4 NASB “we have been buried with Him through baptism into death”**  
**NAV “deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe”**  
**OAV “ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in sy dood”**  
**CUM-NLV “deur die doop is ons saam met Hom begrawe as mens wat deel in sy dood”**

Saamgestelde woorde kom dikwels voor in Paulus se skryfwerk. Hier word *sun-* in samestelling (sien Ef. 2:5-6) gebruik:

1. *sun + thaptō* = saam begrawe, vgl. vers 4, Kol. 2:12; sien ook vers 8
2. *sun + stauroō* = saam geplant (aan ‘n paal), gekruisig, vgl. vers 5
3. *sun + azō* = saam bestaan, vers 8; 2 Tim. 2:11 (met “saam gesterf” en “saam regeer”)

▣ **NASB “so we too might walk in newness of life”**  
**NAV “ons ook ‘n nuwe lewe kan lei”**  
**OAV “Ons ook in so ‘n nuwe lewe kan wandel”**  
**CUM-NLV “ons [...] ook ‘n totaal nuwe lewe leef”**

Dit is ‘n AORISTUS AKTIEF SUBJUNKTIEF. Die verwagte uitkoms van verlossing is heiligmaking. Omdat gelowiges bekend is met God se liefdevolle goedheid (genade) in Christus, moet hulle lewens anders wees. Ons nuwe lewe bewerk nie ons verlossing nie, maar is die gevolg van ons verlossing (vgl. verse 16, 19; Ef. 2:8-9, 10; Jak. 2:14-26). Dis nie ‘n geval van geloof of werke nie, maar eerder van werke as gevolg van geloof.

## **VIR SPESIALE AANDAG: HEILIGMAKING**

Die NT verklaar dat wanneer sondears hulle met berou tot Jesus wend, hulle onmiddellik geregverdig en geheilig word. Hulle ontvang 'n nuwe posisie in Christus. Sy geregtigheid word hulle toegereken (Rom 4). God verklaar hulle regverdig en heilig ('n forensiese handeling van God).

Maar die NT dring ook daarop aan dat gelowiges na heiligheid en heiligmaking moet strew. Danksy die voltooide werk van Christus is dit, naas 'n teologiese posisie, ook 'n roeping om in jou daaglikse lewe 'n Christus-gesindheid en handelswyse te vergestalt. Verlossing is 'n vrye gawe wat 'n lewe van volle oorgawe vereis. Dieselfde geld vir heiligmaking.

### **Aanvanklike reaksie**

Han. 20:23; 26:18

Rom. 15:16

1 Kor. 1:2-3; 6:11

2 Tes. 2:13

Heb. 2:11; 10:10, 14; 13:12

1 Pet. 1:1

### **Progressiewe vereenselwiging met Christus**

Rom. 6:19

2 Kor. 7:1

1 Tes. 3:13; 4:3-4, 7; 5:23

1 Tim. 2:15

2 Tim. 2:21

Heb. 12:14

1: Pet. 1:15-16

- **NASB** "Christ was raised"
- NAV, OAV** "Christus [...] uit die dood opgewek is"
- CUM-MVB** "Christus [...] tussen die dooies uit opgewek is"

In hierdie teksverband word die Vader se aanvaarding van die Seun se woorde en werke in twee groot gebeurtenisse bekragtig:

1. Jesus se opstanding uit die dood.
2. Jesus se hemelvaart na die regterhand van die Vader.

- **NASB** "the glory of the Father"
- NAV, CUM-NLV** "die heerlike magsdaad van die Vader"
- OAV** "die heerlikheid van die Vader"
- CUM-MVB** "deur die goddelike grootheid van die Vader"

Sien *Vir Speciale Aandag: Heerlikheid* by 3:23 en *Vir Speciale Aandag: Vader* by 1:7.

- 6:5 NASB** "if"
- NAV** "Aangesien"
- OAV** "as"

Dis 'n VOORWAARDELIKE BYSIN KLAS EEN wat vanuit die perspektief van die skrywer of vir sy literêre doeleindes vir waarheid aanvaar word. Paulus aanvaar hiermee dat sy lesers gelowiges is.

- **NASB** "we have come united with Him"
- NAV** "ons met Hom een geword het"
- OAV, CUMs** "met Hom saamgegroeit het"

Hierdie is 'n PERFECTUM AKTIEF INDIKATIEF wat vertaal kan word as "was en word steeds saam verbind" of "is en word steeds saam geplant met". Hierdie waarheid is teologies in

ooreenstemming met “bly in” in Joh. 15. As gelowiges identifiseer met Jesus se dood (vgl. Gal. 2:19-20; Kol. 2:20; 3:3-5), behoort hulle teologies met sy opstandingslewe ook te identifiseer (vgl. vers 10).

Hierdie aspek van doop, wat metafores op die dood dui, beteken: (1) ons het die ou lewe sowel as die ou verbond agtergelaat, en (2) ons is lewend deur die Gees in ’n nuwe verbond. Daarom is die Christelike doop nie dieselfde as die doop van Johannes die Doper nie; hy was die laaste OT-profeet. Die vroeë Christelike kerk het met die doop die geleentheid aan nuwe gelowiges gebied om hulle geloof in die openbaar te bely. Die vroegste doopbelydenis was: “Ek glo Jesus is die Here” (Rom. 10:9-13). Hierdie openbare verklaring was ’n formele, ritualistiese handeling wat gevolg het op voorafgaande gebeure. Die doop was nie die meganisme, die gebeurtenis waartydens vergifnis plaasvind of die Heilige Gees ontvang word nie; dit was die geleentheid vir publieke belydenis van geloof en getuigenis (Han. 2:38). Die doop was nietemin nie opsioneel nie. Dit was ’n bevel van Jesus (vgl. Mat. 28:19-20) deur sy voorbeeld (vgl. Mat. 3; Mark. 1; Luk. 3). Die preke van die apostels het daarvan melding gemaak, en volgens Handeling 14 het hulle Jesus se opdrag uitgevoer.

<b>6:6 NASB</b>	<b>“knowing that our old self was crucified with Him”</b>
<b>NKJV</b>	<b>“knowing this, that our old man was crucified with Him”</b>
<b>NRSV</b>	<b>“we know that our old self was crucified with Him”</b>
<b>TEV</b>	<b>“and we know this: our old being has been put to death with Christ on His cross”</b>
<b>JB</b>	<b>“We must realize that our former selves have been crucified with Him”</b>
<b>NAV</b>	<b>“Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is”</b>
<b>OAV</b>	<b>“aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“ons weet dat ons ou sondige self saam met Christus gekruisig is”</b>

Hierdie is ’n AORISTUS PASSIEF INDIKATIEF wat beteken dat ons “ou self vir eens en vir altyd deur die Gees gekruisig is”. Hierdie waarheid is van kritieke belang vir triomfantelik Christelik-lewe. Gelowiges moet hulle nuwe houding ten opsigte van sonde begryp (Gal. 2:20; 6:14). Die mensdom se ou gevalle self (die Adam-natuur) het saam met Christus gesterf (vgl. vers 7; Ef. 4:20; Kol. 3:9). As gelowiges het ons nou ’n keuse ten opsigte van sonde, soos Adam oorspronklik gehad het.

<b>■ NASB, NKJV</b>	<b>“that our body of sin may be done away with”</b>
<b>NRSV</b>	<b>“so that the body of sin might be destroyed”</b>
<b>TEV</b>	<b>“in order that the power of the sinful self might be destroyed”</b>
<b>JB</b>	<b>“to destroy the sinful body”</b>
<b>NAV</b>	<b>“sodat ons sondige bestaan beëindig kon word”</b>
<b>OAV</b>	<b>“sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“sodat die sonde se mag oor ons verbreek kan word”</b>
<b>CUM-MVB</b>	<b>“sodat ons sondige natuur sy krag kon verloor”</b>

Paulus gebruik die woord *soma* (liggaam) met verskeie frases in die GENITIEF-vorm.

1. die liggaam van (die) sonde (Rom. 6:6)
2. die liggaam van hierdie dood (Rom. 7:24)
3. die liggaam van die vlees (Kol. 2:11)



Paulus bedoel daarmee die fisiese lewe van hierdie bedeling van sonde en opstand. Jesus se nuwe opstandingsliggaam is die liggaam van 'n nuwe bedeling van geregtigheid (vgl. 2 Kor. 5:17). Dis nie die fisiese bestaan wat die probleem is nie (vgl. die Griekse filosofie), maar sonde en opstand. Die liggaam is nie uit die bese nie. Die Christendom bekragtig geloof in fisiese bestaan tot in ewigheid (vgl. 1 Kor. 15). Ongelukkig is die fisiese liggaam die slagveld waar die oorlog van versoeking, sonde en selfsug gevoer word.

Hierdie stelling is 'n AORISTUS PASSIEF SUBJUNKTIEF. Die frase “done away with” (“beëindig kon word”) beteken “buite werking”, “sonder krag” of “onproduktief”, maar nie “vernietig” nie. Paulus gebruik hierdie woord by voorkeur meer as 25 keer. Sien *Vir Spesiale Aandag: Van Nul en Geen Waarde Nie* by 3:3. Ons fisiese liggaam is, wat moraliteit betref, neutraal, maar dit is ook die slagveld vir voortdurende geestelike konflik (vgl. verse 12-13; 5:12-21; 12:1-2).

**6:7 NASB** “he who has died is free from sin”  
**NAV** “iemand wat gesterf het, is immers vry van die mag van die sonde”  
**OAV** “want hy wat gesterf het, is geregverdig van die sonde”  
**CUM-NLV** “as iemand sterf word hy vry van die mag van die sonde”

Hierdie is 'n AORISTUS AKTIEWE DEELWOORD en 'n PERFECTUM PASSIEF INDIKATIEF, wat beteken “hy wat gesterf het is en bly gedurig vry van sonde”. Omdat gelowiges nuwe skepsels in Christus is, is hulle van die slawerny van sonde vrygestel en bly so vry van sondeslawerny en die self (natuur) geërf van Adam se val (vgl. 7:1-6).

Die Griekse term wat hier met “vrygemaak” vertaal word, is dieselfde wat in die aanvangshoofstukke met “geregverdig” vertaal is (vgl. ASV).<sup>\*</sup> In hierdie konteks maak “vrygemaak” veel meer sin (soos ook gebruik in Han. 13:39). Onthou, betekenis van woorde word deur die konteks bepaal en nie deur 'n woordeboek of tegnies-voorafbepaalde definisies nie. Woorde het slegs betekenis in sinne, en sinne se betekenis word deur paragrawe bepaal.

**NASB (UPDATED) TEXT: 6:8-11**

**<sup>8</sup>Now if we have died with Christ, we believe that we shall also live with Him, <sup>9</sup>knowing that Christ, having been raised from the dead, is never to die again; death is no longer master over Him. <sup>10</sup>For the death that He died, He died to sin once for all; but the life that He lives, He lives to God. <sup>11</sup>Even so consider yourself to be dead to sin, but alive to God in Christ Jesus.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 6:8-11.*

**6:8 NASB** “if”  
**NAV** “daarom”  
**OAV** “As”  
**CUM-NLV** “aangesien”

Hier weer 'n VOORWAARDELIKE BYSIN KLAS EEN wat beskou word as waar vanuit die perspektief van die skrywer of vir sy literêre doeleindes. Gelowiges se doop dien as visuele voorbeeld van die dood in Christus.

■ **NASB** “we shall also live with Him”  
**NAV, OAV** “dat ons ook saam met Hom sal lewe”

<sup>\*</sup> Vgl. OAV, maar ook NAV.

**CUM-NLV****“weet ons dat ons ook deel sal hê aan sy lewe”**

Ooreenkomstig die konteks moet dit as “hier en nou” verstaan word (vgl. 1 Joh. 1:7) en nie net as toekomsverwagting nie. Vers 5 praat van ons deel aan sy dood (sonde) en vers 8 van ons deel aan sy lewe. Dit stem ooreen met die Bybelse begrip van die koninkryk van God, die spanning wat geskep word deur die feit dat dit reeds gekom het en ook nog komende is. Dus, om hier en nou aan sy lewe deel te hê, vereis selfbeheersing; losbandigheid hoort nie by “vrye genade” nie.

<b>6:9 NASB</b>	<b>“having been raised from the dead”</b>
<b>NAV</b>	<b>“wat uit die dood opgewek is”</b>
<b>OAV</b>	<b>“nadat Hy opgewek is uit die dode”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“omdat [...] uit die dood opgewek is”</b>
<b>CUM-MVB</b>	<b>“tussen die dodes uit opgewek is”</b>

Dit is ’n AORISTUS DEELWOORD PASSIEF (sien 6:4 se AORISTUS PASSIEF INDIKATIEF).

Die NT beklemtoon dat al drie persone van die Drie-Eenheid in Jesus se opstanding aktief was: (1) die Gees (vgl. Rom. 8:11); (2) die Seun (vgl. Joh. 2:19-22; 10:17-18); en dikwels (3) die Vader (vgl. Han. 2:24, 32; 3:15, 26; 4:10; 5:30; 10:40, 13:30, 33, 34, 37; 17:31; Rom. 6:4, 9). Die Vader se deelname was deur te bevestig dat Hy Jesus se lewe, dood en leerstellings aanvaar. Dit was ’n belangrike aspek van die vroeë prediking van die apostels. Sien *Vir Spesiale Aandag: Die Kerygma van die Vroeë Kerk* by 1:2.

■ <b>NASB</b>	<b>“death no longer is master over Him”</b>
<b>NKJV, NRSV</b>	<b>“Death has no longer dominium over Him”</b>
<b>TEV</b>	<b>“death will no longer rule over Him”</b>
<b>NJB</b>	<b>“Death has no power over Him anymore”</b>
<b>NAV</b>	<b>“die dood het nie meer mag oor Hom nie”</b>
<b>OAV</b>	<b>“Die dood heers oor Hom nie meer nie”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“Die dood het geen mag oor Hom nie”</b>

Die WERKWOORD *kurieuō* kom van *kurios* wat “eienaar”, “baas”, “eggenoot” of “heer” beteken. Jesus is nou die heer(ser) oor dood (vgl. Openb. 1:18). Jesus was die eerste om die mag van die dood te verbreek (vgl. 1 Kor. 15).

**6:10 “for the death He died, He died to sin” (“Hy het gesterwe en is eens en vir altyd vir die sonde dood”):** Jesus het in ’n sondige wêreld geleef en, hoewel Hy nooit gesondig het nie, het die sondige wêreld Hom gekruisig (vgl. Heb. 10:10). Jesus se plaasbekledende dood vir die mensdom het die wet se voorskrifte en die gevolge daarvan, uitgekanselleer (vgl. Gal. 3:1; Kol. 2:13-14).

■ **“once for all” (“eens en vir altyd”):** In lyn met die konteks, beklemtoon Paulus die kruisdood van Jesus. Sy eenmalige sterwe vir sonde het meegebring dat sy volgelinge “dood” is vir sonde.

Die Hebreërboek beklemtoon ook die beslissende belang van Jesus se eenmalige offerdood. Hierdie offerdaad het verlossing en vergifnis vir alle tye bewerkstellig (vgl. “eens” [*ephapax*] 7:27; 9:12; 10:10) en “eens en vir altyd” (*[hapax]* 6:4; 9:7, 26, 27, 28; 10:2; 12:26, 27). In soveel woorde word dus herhaaldelik die versekering gegee dat die offerdaad vir altyd geld.

■ NASB	<b>“but the life that He lives, He lives to God”</b>
NAV	<b>“Nou lewe Hy en Hy lewe vir God”</b>
OAV	<b>“maar die lewe wat Hy leef, lewe Hy vir God”</b>
CUM-NLV	<b>“en nou leef Hy vir God”</b>

Die twee AORISTUSSE van vers 10a word met twee PRAESENS AKTIEF INDIKATIEWE gekontrasteer in vers 10b. Gelowiges hét saam met Christus gesterf; gelowiges lééf vir God deur Christus. Die doel van die evangelie is nie net verlossing (regverdigmaking) nie, maar dienslewering aan God (heiligmaking).

<b>6:11</b> NASB	<b>“Even so consider yourselves to be dead to sin”</b>
NAV	<b>“Julle moet dus altyd onthou dat ook julle vir die sonde dood is”</b>
OAV	<b>“So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is”</b>
CUM-NLV	<b>“Julle moet dus ook verseker weet dat julle vir die sonde dood is”</b>
CUM-MVB	<b>“Julle moet dus altyd onthou dat ook julle vir die sonde lyke is”</b>

’n PRAESENS MEDIUM IMPERATIEF, wat beteken dat gelowiges daar ’n gewoonte van sal maak om vir sonde dood te wees. Dit is van kardinale belang dat Christene elke dag met ’n besef sal lewe van wat Christus se verlossingswerkzaamheid vir hulle inhou. Die woord wat met “onthou” (of “reken”) vertaal is (vgl. 4:4, 9), was ’n rekenkundige term wat “tel noukeurig op (syfers)” beteken; handel dan volgens jou inligting. Verse 1-11 erken ’n persoon se posisie in Christus (posisionele heiligmaking) terwyl verse 12-13 die lewe in Hom beskryf (progressiewe heiligmaking). Sien *Vir Spesiale Aandag: Heiligmaking* by vers 4.

**NASB (UPDATED) TEXT: 6:12-14**

**<sup>12</sup>Therefore do not let sin reign in your mortal body so that you obey its lusts, <sup>13</sup>and do not go on presenting the members of your body to sin as instruments of unrighteousness; but present yourself to God as those alive from dead, and your members as instruments of righteousness to God. <sup>14</sup>For sin shall not be master over you, for you are not under law but under grace.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 6:12-14.*

<b>6:12</b> NASB	<b>“Therefore do not let sin reign in your mortal body”</b>
NAV	<b>“moet dan nie toelaat dat die sonde langer oor julle heerskappy voer [...] nie”</b>
OAV	<b>“En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtheid nie”</b>
CUM-NLV	<b>“Julle moenie langer toelaat dat sonde julle aardse lewe beheer nie”</b>

Hierdie is ’n PRAESENS PERFECTUM IMPERATIEF met ’n NEGATIEWE WERKWOORDPARTIKEL, wat gewoonlik beteken dat ’n handeling wat reeds sy aanvang geneem het, gestaak word. Die term “heers” hou verband met 5:17-21 en 6:23. Paulus skep verskeie teologiese personifikasies: (1) die dood regeer soos ’n koning (5:14-17; 6:23); en (2) genade regeer soos ’n koning (vgl. 5:21). Die vraag is: wie regeer in jou lewe? Die gelowige het in Christus die mag om te kies. Die tragedie vir die individu, die plaaslike gemeente, en vir die koninkryk van God, is dat gelowiges hulleself en sonde kies, maar tegelyk hulle op genade beroep!

<b>6:13 NASB</b>	<b>“do not go on presenting the members of your body to sin”</b>
<b>NAV</b>	<b>“julle moet geen deel van julle liggame in diens van die sonde stel as ‘n werktuig om goddeloosheid te bedryf nie”</b>
<b>OAV</b>	<b>“en moenie jul lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie”</b>
<b>CUMs</b>	<b>“Moenie langer julle liggaamlike vermoëns as wapens van ongeregtigheid vir die sonde beskikbaar stel nie”</b>

Hierdie is ‘n PRAESENS AKTIEF IMPERATIEF wat met ‘n NEGATIEWE WERKWOORDPARTIKEL gewoonlik beteken dat ‘n handeling wat reeds sy aanvang geneem het, gestaak word. Dit dui daarop dat ‘n moontlikheid om te sondig steeds vir gelowiges bestaan (vgl. 7:1vv; 1 Joh. 1:8-2:1). Maar die dwang van sonde is uitgeskakel danksy die gelowige se verhouding met Christus (vgl. verse 1-11).

▣ <b>NASB</b>	<b>“as instruments”</b>
<b>NAV, OAV</b>	<b>“as werktuig”</b>
<b>CUMs</b>	<b>“as wapens”</b>

Die term dui op soldate se wapens. Ons fisiese liggaam is die oorlogsfront waar aanvalle van versoeking geloods word (vgl. verse 12-13; 12:1-2; 1 Kor. 6:20; Fil. 1:20). Wat met die evangelie in ons lewe gebeur, is oop vir almal om te sien.

▣ <b>NASB</b>	<b>“but present yourselves to God”</b>
<b>NAV</b>	<b>“nee, stel julle in diens van God”</b>
<b>OAV, CUM-NLV</b>	<b>“maar stel julleself tot beskikking van God”</b>

Hierdie is ‘n AORISTUS AKTIEF IMPERATIEF wat as ‘n roep tot aksie verstaan moet word (vgl. 12:1). Gelowiges doen dit tydens verlossing deur geloof, maar dit moet voortgesit word hulle hele lewe lank.

Let op die parallelisme in dié vers:

1. dieselfde WERKWOORD en albei IMPERATIEWE
2. gevegsmetafore
  - a. wapens van ongeregtigheid
  - b. wapens van geregtigheid
3. gelowiges kan hulle liggame vir sonde aanbied, of hulleself vir God.

Hierdie vers word aan die adres van gelowiges gerig – die keuse bly; die stryd woed voort.

<b>6:14 NASB</b>	<b>“for sin shall not be master over you”</b>
<b>NAV</b>	<b>“die sonde moet nie meer baas wees oor julle nie”</b>
<b>OAV</b>	<b>“want die sonde sal oor julle nie heers nie”</b>

Dit is ‘n FUTURUM AKTIEF INDIKATIEF (vgl. Ps. 19:13) wat as ‘n IMPERATIEF hier aangewend word: “sonde moet nie oor julle baas wees nie!” Sonde heers nie oor gelowiges nie, want dit heers nie oor Christus nie (vgl. vers 9; Joh. 16:33).

**NASB (UPDATED) TEXT: 6:15-19**

**<sup>15</sup>What then? Shall we sin because we are not under law but under grace? <sup>16</sup>Do you not know that when you present yourselves to someone as slaves for obedience, you are slaves from the one you obey, either of sin resulting in death, or obedience resulting in righteousness? <sup>17</sup>But thanks be to God that though you were slaves of sin,**

**you became obedient from the heart to that form of teaching to which you were committed,<sup>18</sup> and having been freed from sin, you became slaves of righteousness.<sup>19</sup> I am speaking in human terms because of the weakness of your flesh. For just as you presented your members as slaves to impurity and lawlessness, resulting in further lawlessness, so now present your members as slaves to righteousness, resulting in sanctification.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 6:15-19.*

**6:15** Die veronderstelde vraag in vers 15 (dialektiek) is in ooreenstemming met dié in 6:1. Die Christen se verhouding met sonde word op tweërlei manier hanteer. Vers 1 spreek van genade wat nie as uitnodiging tot meer sonde geag behoort te word nie, en vers 15 hanteer individuele sondige dade wat deur 'n Christen weerstaan moet word. Tegelykertyd word aangedui dat die Christen nou vir God met dieselfde ywer moet dien as waarmee hy tevore gesondig het.

■ NASB, NKJV, TEV	<b>“Shall we sin”</b>
NRSV	<b>“Should we sin”</b>
JB	<b>“that we are free to sin”</b>
NAV	<b>“Kan ons nou maar sonde doen”</b>
OAV	<b>“sal ons sonde doen”</b>

Die Phillips en Williams vertalings hanteer albei hierdie AORISTUS AKTIEF SUBJUNKTIEF as 'n PRAESENS SUBJUNKTIEF AKTIEF, nes in vers 1. Let op die alternatiewe vertalings om die fokus korrek te verstaan: (1) KJV, ASV, NIV – “Shall we sin?”; (2) die Centenary-vertaling – “Shall we commit an act of sin?”; (3) RSV – “are we to sin?” Die vraag word beklemtoon in die Grieks, en veronderstel 'n “ja” as antwoord. Met dialektiek was Paulus besig om waarheid te kommunikeer. Die vers veronderstel 'n teologiese dwaling, wat Paulus beantwoord met: “Beslis nie!” Paulus se evangelie van 'n radikaal vrye verlossing is menigmaal deur valse leraars verkeerd verstaan en misbruik.

**6:16** Die vraag verwag “ja” as antwoord. Mense dien wel iets of iemand. Wie regeer in jou lewe: sonde of God? Gehoorsaamheid is 'n aanduiding van besitting: van wie jou besit of wie jy dien (vgl. Gal. 5:7-8).

<b>6:17</b> NASB	<b>“But thanks be to God”</b>
NAV, OAV	<b>“Maar ons dank God”</b>
CUM-NLV	<b>“Julle moet vir God dankie sê”</b>

Paulus jubel dikwels op dié manier tot lof van God. Sy geskifte vloei voort uit sy gebede wat op hul beurt voortvloei uit sy kennis van die evangelie. Sien *Vir Spesiale Aandag: Paulus se Lof, Gebed en Danksegging aan God* by 7:25.

■ NASB	<b>“you were [...] you became”</b>
NAV	<b>“julle wat [...] geword het”</b>
OAV	<b>“julle was [...] geword het”</b>

Hierdie ONVOLTOOIDE TYD van die werkwoord “om te wees” beskryf hulle toestand van slawerny onder sonde in die verlede, maar gevolg deur die AORISTUS blyk dit dat daardie tyd van opstandigheid beëindig is.

■ NASB	<b>“You became obedient from your heart to that form of teaching”</b>
NAV	<b>“van harte gehoorsaam geword het aan die leer”</b>

**CUM-NLV “nou met julle hele hart gehoorsaam geword het aan die ware evangelie”**

In konteks verwys dit na hulle regverdigmaking deur geloof, wat aanleiding moet gee tot ’n daaglikse lewe met die gesindheid van Christus. Die term “leer” verwys na die apostels se onderrig in verband met die evangelie.

▣ **“heart” (“hart”):** Sien *Vir Speciale Aandag: Die Hart* by 1:24.

▣ NASB	<b>“that form of teaching to which you were committed”</b>
NKJV	<b>“that form of doctrine to which you were delivered”</b>
NRSV, NIV	<b>“to the form of teaching you were entrusted”</b>
TEV	<b>“the truth found in the teaching you received”</b>
NJB	<b>“to the pattern of teaching to which you were introduced”</b>
NAV	<b>“die leer soos julle dit deur die oorlewering ontvang het”</b>
OAV	<b>“die voorbeeld van die leer wat aan julle oorgelewer is”</b>

**VIR SPESIALE AANDAG: TIPE (TUPOS)**

Die woord *tupos* skep ‘n probleem weens wisselende gebruike:

1. Moulton en Milligan, *The Vocabulary of the Greek New Testament*, bl. 645.
  - a. patroon
  - b. plan
  - c. skryfwyse
  - d. verordening of dekreet
  - e. vonnis of besluit
  - f. afbeelding van die liggaam tydens gelofte-offer aan ‘n godheid
  - g. werkwoord vir die afdwing van wetlike voorskrifte
2. Louw en Nida, *Greek-English Lexicon*, vol. 2, bl. 249
  - a. litteken of merk (vgl. Joh. 20:25)
  - b. afbeelding (vgl. Han. 7:43)
  - c. model (vgl. Heb. 8:5)
  - d. voorbeeld (vgl. 1 Kor. 10:6; Fil. 3:17)
  - e. oertipe, standaard (vgl. Rom. 5:1)
  - f. soort (vgl. Han. 23:25)
  - g. inhoud (vgl. Han. 23:25)
3. Harold K. Moulton, *The Analytical Greek Lexicon Revised*, bl. 411
  - a. ‘n slag of hou (vgl. Joh. 20:25)
  - b. ‘n afwyking
  - c. ‘n afbeelding (vgl. Han. 7:43)
  - d. ‘n formule, skema (vgl. Rom. 6:17)
  - e. sin, betekenis, bedoeling (vgl. Han. 23:25)
  - f. figuur, ewebeeld (vgl. 1 Kor. 10:26)
  - g. ‘n verwagte persoon, tipe (vgl. Rom. 5:14; 1 Kor. 10:11)
  - h. ‘n rolmodel (vgl. Han. 7:44; Heb. 8:5)
  - i. ‘n morele voorskrif (vgl. Fil. 3:17; 1 Tes. 1:7; 2 Tes. 3:9; 1 Tim. 4:12; 1 Pet. 5:3)

In hierdie konteks blyk nommer 1 hierbo die mees gepas te wees. Die evangelie het implikasies vir leer sowel as leefstyl. Die vrye gawe van verlossing vereis ook ’n lewe van Christus-gesindheid.

**6:18 NASB** “having been freed from sin”  
**NAV, OAV** “van sonde vrygemaak is”  
**CUM-NLV** “verlos van die sonde”

Hierdie is ’n AORISTUS PASSIEF DEELWOORD. Die evangelie het gelowiges bevry deur die werking van die Gees gegrond op die werk van Christus. Hulle is bevry van die vonnis op sonde en van die tirannie van sonde (vgl. “heiligmaking” verse 7 en 22).

▣ **NASB** “you became the slaves of righteousness”  
**NAV** “slawe van God geword wat sy wil doen”  
**OAV** “en julle het diensbaar geword aan die geregtigheid”  
**CUM-NLV** “julle nuwe baas [...] dit wat reg is voor God”  
**CUM-MVB** “slawe van God [...] in ‘n herstelde verhouding met Hom leef”

Dit is ’n AORISTUS PASSIEF INDIKATIEF: “julle het in slawediens aan geregtigheid gekom”. Sien *Vir Spesiale Aandag: Geregtigheid* by 1:17. Gelowiges is van sonde bevry om God te dien (vgl. verse 14, 19, 22; 7:4; 8:2): vry om ’n Godverheerlikende lewe te lei. Regverdigmaking is tegelyk ’n vryspraak en ’n aansporing tot strewe na persoonlike geregtigheid. God wil ons verlos en verander om ons medemens te bereik. Genade eindig nie by ons nie.

**6:19 NASB** “I am speaking in human terms because of the weakness of your flesh”  
**NAV** “Weens julle beperkte begrip gebruik ek ‘n beeld uit die alledaagse lewe”  
**OAV** “Ek spreek menslikerwys terwille van die swakheid van julle vlees”  
**CUM-NLV** “Ek praat op hierdie manier van slawe en base omdat dit makliker is om te verstaan”

Paulus rig hom tot die gelowiges in Rome. Het hy die jaloesie tussen heiden- en Joodse Christene in gedagte, of geld die waarheid vir alle gelowiges? In 3:5 het hy dieselfde opmerking gemaak. Hy doen dit ook in Gal. 3:15.

Vers 19 is ’n parallelisme met vers 16. Hy herhaal om te beklemtoon.

Sommige voel dat Paulus hiermee verskoning vra dat hy die meester-slaaf metafoor gebruik. Dié siening rym egter nie met die “swakheid van die vlees”-frase nie. Die samelewing gedurende die eerste eeu, veral in Rome, het nie slawerny as boos beskou nie. Dit was die praktyk in die kultuur van die tyd.

▣ “Flesh” (“Vlees”): Sien *Vir Spesiale Aandag: Vlees (Sarx)* by 1:3.

▣ **NASB** “resulting in sanctification”  
**NAV** “om heilig te lewe”  
**OAV** “die geregtigheid tot heiligmaking”  
**CUM-NLV** “en ‘n lewe lei wat aan God toegewy is”

Dit is die doel van regverdigmaking (vgl. vers 22). Die NT gebruik hierdie term in tweërlei teologiese sin met betrekking tot verlossing: (1) posisionele heiligmaking, wat ’n geskenk van God is (objektiewe aspek), gegee saam met regverdigmaking deur geloof in Christus (vgl. Han. 26:18; 1 Kor. 1:2; 6:11; Ef. 5:26, 27; 1 Tes. 5:23; 2 Tes. 2:13; Heb. 10:10; 13:12; 1 Pet. 1:2); en (2) progressiewe heiligmaking, waar God deur die werke van Heilige Gees die gelowige se lewe verander na die beeld en volwassenheid van Christus (die subjektiewe aspek – vgl. 2 Kor. 7:1; 1 Tes. 4:3, 7; 1 Tim. 2:15; 2 Tim. 2:21; Heb. 12:10, 14). Sien *Vir Spesiale Aandag: Heiligmaking* by 6:4.

Dit is beide 'n gawe én 'n opdrag! Dit is 'n posisie (objektief) en 'n aktiwiteit (subjektief)! Dit is 'n INDIKATIEF ('n stelling), maar ook 'n IMPERATIEF ('n bevel). Dit gebeur aan die begin, maar bereik eers aan die einde volwassenheid (vgl. Fil. 1:6; 2:12-13).

**NASB (UPDATED) TEXT: 6:20-23**

**<sup>20</sup>For when you were slaves of sin, you were free in regard to righteousness. <sup>21</sup>Therefore what benefit were you then deriving from the things of which you are now ashamed? For the outcome of those things is death. <sup>22</sup>But now having been freed from sin and enslaved to God, you derive your benefit, resulting in sanctification, and the outcome, eternal life. <sup>23</sup>For the wages of sin is death, but the free gift of God is eternal life in Christ Jesus our Lord.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 6:20-23.*

**6:20-21** Hier word gewoon die teenoorgestelde van verse 18 en 19 aan die orde gestel. Gelowiges kan net een baas dien (vgl. Luk. 16:13).

**6:22-23** Hierdie verse beskryf dat loon verdien word by wie ook al gedien word. Dank God daarvoor dat hierdie bespreking van sonde en die gelowige eindig met die fokus op genade! Die geskenk van verlossing moet deur ons aangeneem word, en die geskenk van heiligmaking verg ook ons samewerking. Beide gawes word deur geloof en sondebelydenis bekom.

<b>6:22 NASB</b>	<b>“you derive your benefit, resulting in sanctification, and the outcome, eternal life”</b>
NAV, OAV	<b>“en die vrug daarvan is dat julle geheilig word en die uiteinde is die ewige lewe”</b>
CUM-NLV	<b>“noudat julle [...] is die resultaat ‘n lewe in die heiligmaking en die eindresultaat – die ewige lewe”</b>
CUM-MVB	<b>“die vrug daarvan is dat julle aan God toegewy leef en die uiteinde is die ewige lewe”</b>

Die term “voordeel” (“benefit”) beteken letterlik “vrug”, wat in vers 21 gebruik word om die gevolge van sonde aan te dui. In vers 22 dui dit egter op die gevolge van diens aan God. Die onmiddellike voordeel is die gelowige se Christus-gelykvormigheid. Die uiteindelijke voordeel is om saam met Hom, en soos Hy, te wees tot in ewigheid (vgl. 1 Joh. 3:2). As 'n ooglopende verandering nie dadelik sigbaar is nie ('n veranderde lewe, vgl. Jak. 2), kan die vermeende uitkoms met rede bevraagteken word (vgl. Mat. 7). *“No fruit, no root”!*

**6:23** Hiermee word die hoofstuk in geheel opgesom. Paulus het die opsies in duidelike taal geskets. Die keuse berus nou op ons – sonde en dood of vrye genade in Christus en 'n ewige lewe. Dit stem ooreen met die “twee weë” van die OT-wysheidsliteratuur (vgl. Ps. 1; Spr. 4:10-19; Mat. 7:13-14).

■ NASB	<b>“the wages of sin”</b>
NAV	<b>“die loon wat die sonde gee”</b>
OAV	<b>“die loon van die sonde is die dood”</b>
CUM-NLV	<b>“wat die sonde uitbetaal, is die dood”</b>

Die sonde word weereens gepersonifiseer as (1) 'n slawe-eienaar, (2) 'n militêre generaal, en (3) 'n koning wat lone uitbetaal (vgl. 3:9; 5:21; 6:9, 14, 17).



■ NASB  
NAV, OAV  
CUM-NLV

“the free gift of God is eternal life”  
“die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe”  
“maar God se genadegeskenk is die ewige lewe”

Hierdie woord (*charisma*), vertaal as “genadegeskenk”, is ontleen aan die stamwoord vir genade (*charis* – vgl. 3:24; 5:15, 16, 17; Ef. 2:8-9; sien die aantekening by 3:24).

### BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die vrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Watter verband is daar tussen goeie werke en verlossing (vgl. Ef. 2:8-9, 10)?
2. Watter verband is daar tussen die aanwesigheid van sonde in die lewe van ‘n gelowige en sy verlossing (vgl. 1 Joh. 3:6, 9)?
3. Is daar volgens hierdie hoofstuk iets soos sondelose volmaaktheid?
4. Hoe sluit hoofstuk 6 aan by hoofstukke 5 en 7?
5. Waarom word die doop op hierdie stadium aan die orde gestel?
6. Behou Christene hulle ou natuur? Hoekom?
7. Wat is die implikasie van werkwoorde in die teenwoordige tyd (PRAESENS) wat verse 1-14 domineer, en die AORISTUS-vorm werkwoorde van verse 15-23?

## ROMEINE 7

<b>PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*</b>					
<b>UBS<sup>4</sup></b>	<b>NKJV</b>	<b>NRSV</b>	<b>TEV</b>	<b>JB</b>	<b>NAV</b>
'n Analogie uit die huwelik	Vrygemaak van die wet	'n Analogie uit die huwelik	'n Illustrasie uit die huwelik	Die Christen is nie deur die wet gebind nie	Bevry van die wet en in diens van God, diensbaar aan Christus
7:1-6	7:1-6	7:1-3 7:4-6	7:1-6	7:1-6	7:1-6
Die probleem van inwonende sonde	Sonde bevoordeel deur die wet	Die wet en sonde	Wet en sonde	Die rol van die wet	Die wet en die sonde
7:7-12	7:7-12	7:7-12	7:7-11	7:7-8 7:9-11	7:7-11
7:13-25	7:13-25	7:13 Die innerlike konflik	7:12-13 Die konflik in die mens	7:12-13 Die worsteling om beloning	7:12 7:13-16
		7:14-20	7:14-20	7:14-20	7:17-20
		7:21-25a	7:21-25a	7:21-23 7:24-25a	7:21-23 7:24-25a
		7:25b	7:25b	7:25b	7:25b

### **LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xi)**

#### **OM DIE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK TE VOLG**

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die vyf vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as die sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

#### **DIE DELE IN KONTEKS: ROMEINE 7:1-6**

- A. Hoofstuk 7 moet uitgelê word (1) aan die hand van hoofstuk 6, veral verse 12-14 (asook 3:20, 21-31; 4:13-16; 5:20), maar (2) die spanning tussen heiden- en Joodse-bekeerlinge,

\* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hierbo. Aanhalings inteks is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

soos uiteengesit in hoofstukke 9-11, moet ook in ag geneem word. Die werklike aard van die probleme is nie heeltemal duidelik nie, maar verwys moontlik na:

1. wettiese godsdiens soos gebaseer op die Mosaïese wet
  2. Judaïseerders se vereiste van eers Moses, dan Christus
  3. 'n misverstand omtrent hoe die evangelie op die Jode van toepassing is
  4. 'n misverstand wat betref die verhouding tussen die ou en die nuwe verbond
  5. jaloesie uit die Joodse geleedere oor die opkoms van leierskap uit die heiden-geleedere toe 'n edik van die keiser 'n verbod op Joodse ritus plaas, wat 'n uittog van Jode uit Rome veroorsaak het – Christen-Jode het waarskynlik ook die stad verlaat.
- B. Romeine 7:1-6 sit die beeldspraak van hoofstuk 6, wat betref die Christen se houding ten opsigte van sy ou lewe, voort. Die metafore gebruik is as volg:
1. dood en bevryding van slawerny om aan 'n ander eienaar te behoort (hoofstuk 6);
  2. dood en vrystelling van huweliksverpligtinge (hoofstuk 7).
- C. Hoofstuk 6 en 7 vorm 'n literêre parallelisme: hoofstuk 6 hanteer die gelowige se verhouding met “sonde”, en hoofstuk 7 dan die gelowige se verhouding met die “wet”. Na die analogie van die dood wat 'n slaaf vrystel (6:12-23) is dit ook so dat die dood vrystelling van 'n huweliksverbintenis bewerkstellig (7:1-6).

Hoofstuk 6	Hoofstuk 7
6:1 “sonde”	7:1 “wet”
6:2 “sonde afgesterf/dood daarvoor”	7:4 “dood ten opsigte van die wet”
6:4 “om in 'n nuwe lewe te wandel”	7:6 “dien in nuwigheid van die Gees”
6:7 “wie gesterf het, is vry van die mag van sonde”	7:6 “ontslae van die wet waardeur ons gebonde was”
6:18 “vrygemaak van sonde”	7:3 “vry van die wet”

(geneem uit Anders Nygren se *Commentary on Romans*, vertaal in Engels deur Carl C. Rasmussen, bl. 268.\*

- D. Die wet met sy voorskrifte was 'n doodsvonnis. Alle mense staan onder die veroordeling van die wet (vgl. Rom. 6:14; 7:4; Gal. 3:13; Ef. 2:15; Kol. 2:14). Die wet was 'n verdoemenis.
- E. Daar bestaan vier teorieë oor hoe hoofstuk 7 verdeel moet word:
1. Paulus praat oor homself, dus outobiografies
  2. Paulus praat as verteenwoordiger van die hele mensdom, dus verteenwoordigend – Chrysostomus
  3. Paulus praat asof uit Adam se belewenis (Theodorus van Mopsueta)
  4. Paulus praat uit Israel se ervaring
- F. Op talle maniere funksioneer Romeine 7 soos Genesis 3. Dit toon die afbrekende werking van eiewilligheid, selfs op diegene wat God wel ken. Kennis kan die gevalle mensdom nie bevry nie; net God se genade kan – slegs 'n nuwe hart kan dit doen ('n nuwe verbond – Jer. 31:31-34; Eseg. 36:26-27). En selfs dan is daar 'n worsteling!

\* Die Afrikaanse frases word uit die meer letterlik OAV aangehaal – vert.

## STUDIE VAN WOORDE EN FRASES

### NASB (UPDATED) TEXT: 7:1-3

**<sup>1</sup>Or do you not know, brethren (for I am speaking to those who know the law), that the law has jurisdiction over a person as long as he lives? <sup>2</sup>For the married woman is bound by law to her husband while he is living; but if her husband dies, she is released from the law concerning her husband. <sup>3</sup>So then, if while her husband is living she is joined to another man, she shall be called an adulteress; but if her husband dies, she is free from the law, so that she is not an adulteress though she is joined to another man.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 7:1-3.*

<b>7:1 NASB</b>	<b>“(for I am speaking to those who know the law)”</b>
<b>NAV</b>	<b>“en ek praat met mense wat op hoogte is van die wet”</b>
<b>OAV, CUM-MVB</b>	<b>“ – want ek spreek met mense wat die wet ken – ”</b>

Dit verwys moontlik na: (1) slegs gelowige Jode; (2) die konflik tussen gelowiges – Jode versus heidene in die Romeinse kerk; (3) die wet oor die algemeen, soos van toepassing op alle mense (vgl. 2:14-15); of (4) heiden-gelowiges wat opgeleiding ontvang t.o.v. hulle nuwe geloof (kategete) uit die OT-geskrifte.

■ <b>NASB</b>	<b>“the law”</b>
<b>NAV, OAV, CUM-NLV</b>	<b>“die wet”</b>
<b>CUM-MVB</b>	<b>“die wet van Moses”</b>

Dis die sentrale tema van die hoofstuk (vgl. 1, 2, 4, 5, 6, ens.). Paulus gebruik die term egter met ’n verskeidenheid van betekenisse. Dit wil voorkom of 6:14 die oorsaak vir hierdie bespreking kon gewees het. Sy aanbidding is ’n parallelisme met die struktuur van hoofstuk 6. Sien *Die Dele in Konteks (C)* hierbo. Die wet in relasie tot die nuwe verbond in Christus, word ook in 3:21-31 en 4:13-16 bespreek.

■ <b>NASB</b>	<b>“that the law has jurisdiction over a person as long as he lives”</b>
<b>NKJV</b>	<b>“that the law has dominion over a man as long as he lives”</b>
<b>NRSV</b>	<b>“that the law is binding on a person only during that person’s lifetime”</b>
<b>TEV</b>	<b>“The law rules over a man only as long as he lives”</b>
<b>JB</b>	<b>“that laws affect a person only during his lifetime”</b>
<b>NAV</b>	<b>“dat die wet gesag het oor ‘n mens solank as hy lewe”</b>
<b>OAV</b>	<b>“dat die wet oor die mens heers solank as hy lewe”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“dat die wet net van toepassing is op mense solank hulle lewe”</b>

Hier staan letterlik “heers daaroor” (*kurieuō*) (vgl. 6:9, 14). Die wet van Moses was ’n groot seën (vgl. Ps. 19, 119), maar ook ’n aaklige verdoeming (vloek – vgl. Gal. 3:13; Ef. 2:15; Kol. 2:14). Met fisiese dood verval verpligtinge egter teenoor die wet. Dit is dieselfde metafoer wat in hoofstuk 6 die gelowige se dood-wees-vir-sonde beskryf word.

<b>7:2 NASB</b>	<b>“for the married woman”</b>
<b>NAV, OAV</b>	<b>“die getroude vrou, byvoorbeeld”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“as ‘n vrou ‘n man trou”</b>

In verse 1-6 is hierdie Paulus se belangrikste illustrasie. Volgens vers 6 beëindig die dood ’n slaaf se verpligtinge. Die verpligtinge in die huwelik word hiermee in perspektief geplaas. Dit is egter andersom van toepassing. In dié geval sterf die man en die vrou is onthef van verpligtinge,

waar die analogie dit stel dat die gelowige sterf en so van verpligtinge onthef word om dus voor God te lééf!

- ▣ NASB “she is relieved”
- NAV “is sy onthef”
- OAV “is sy ontslae”
- CUM-NLV “nie meer op haar van toepassing nie”

Dit is dieselfde WERKWOORD as wat in 6:6 met “buite werking gestel” (“made inoperative”) vertaal word, wat ook “weggedoen met” en “nutteloos verklaar” kan beteken; d.w.s. “gekruisig”. Sien *Vir Spesiale Aandag: Van Nul en Geen Waarde Nie* by 3.3.

- 7:3 NASB “she shall be called an adulteress”
- NAV “sal sy as egbreekster beskou word”
- CUM-NLV “pleeg sy egbreuk”

Hierdie argument is ontleen aan die meningsverskil onder rabbyne van die liberale Hillel-groep en die meer konserwatiewe Shammai-skool. Die Hillel-groep sou egskeiding toelaat vir enige rede. Die meer konserwatiewe Shammai-groep egter net vir egbreek of vir die een of ander seksuele onbetaamlikheid (vgl. Mat. 5:32; 19:9).

**NASB (UPDATED) TEXT: 7:4-6**

**<sup>4</sup>Therefore, my brethren, you also were made to die to the Law through the body of Christ, so that you may be joined to another, to Him who was raised from the dead, in order that we might bear fruit for God. <sup>5</sup>For while we were in the flesh, the sinful passions, which were *aroused* by the Law, were at work in the members of our body to bear fruit for death. <sup>6</sup>But now we have been released from the Law, having died to that by which we were bound, so that we serve in newness of the Spirit and not in oldness of the letter.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 7:4-6.*

- 7:4 NASB “you also were made to die”
- NAV “is julle dan ook ten opsigte van die wet dood”
- OAV “dit is ook die geval met julle [...] het julle gesterwe”
- CUM-NLV “die wet het tog beheer oor julle verloor”
- CUM-MVB “deur julle verbondenheid [...] wat die wet betref, dood”

Die hoofsaak in hierdie paragraaf is soos in Rom. 6 en stem ooreen met die beeldspraak in hoofstuk 6, naamlik dat Christene saam met Christus vir sonde gesterf het (vgl. 2 Kor. 5:14-15; Gal. 2:20). Gelowiges is nuutgeskape in Christus in die bedeling van die Gees (vgl. 2 Kor. 5:17).

- ▣ NASB “through the body of Christ”
- NAV “met die liggaam van Christus”
- OAV “deur die liggaam van Christus”
- CUM-NLV “toe julle saam met Christus gesterf het”
- CUM-MVB “deur julle verbondenheid met die liggaam van Christus”

Hier word nie verwys na die teologiese konsep van die kerk as liggaam van Christus nie (vgl. 1 Kor. 12:12, 27), maar wel na sy fisiese liggaam soos gestel in 6:3-11. Toe Christus gesterf het, was gelowiges inbegrepe, en mag hulle dus nou deur die doop daarmee identifiseer. Sý dood was hulle dood (vgl. 2 Kor. 5:14-15; Gal. 2:20). Sy opstandingslewe bevry hulle om God (en ander mense) te dien.

■ NASB	<b>“that we might bear fruit for God”</b>
NAV	<b>“Daarom moet ons nou ‘n vrugbare lewe lei in diens van God”</b>
OAV	<b>“sodat ons tot eer van God vrugte kan dra”</b>
CUM-NLV	<b>“sodat julle goeie vrug vir God kan voortbring”</b>

Dit is ook ‘n herhalende parallel met hoofstuk 6 – veral met 6:22. Gelowiges is nou deur Christus bevry om hulleself aan Hom te verbind. Dit is ‘n voortsetting van die huweliksmetafoor. Soos wat Christus vir gelowiges gesterf het, moet hulle nou vir sonde sterf (2 Kor. 5:14-15; Gal. 2:20). Soos wat Christus opgewek is moet hulle ook nou geestelik opgewek word tot ‘n nuwe lewe in diens van God (vgl. Rom. 6:22; Ef. 2:5-6).

7:5 NASB	<b>“For while we were in the flesh”</b>
NKJV	<b>“For when we were in the flesh”</b>
NRSV	<b>“While we were living in the flesh”</b>
TEV	<b>“For when we lived according to our human nature”</b>
JB	<b>“before our conversion”</b>
NAV	<b>“Toe ons nog ‘n sondige lewensbestaan gevoer het”</b>
OAV	<b>“Want toe ons in die vlees was”</b>
CUM-NLV	<b>“toe ons nog in die mag van ons sondige natuur was”</b>
CUM-MVB	<b>“Want toe ons nog onder die beheer van ons natuurlike begeerte was”</b>

Hierdie vers staan in kontras met vers 4. Verse 4 en 6 deel die ervaring van ‘n gelowige mee. Vers 5 beskryf die “vrugte” van lewe sonder die krag van God (Gal. 5:18-24). Die wet toon aan gelowiges hulle sonde (verse 7-9; Gal. 3:23-25), maar kan hulle nie die krag bied om dit te bowe te kom nie.

Daarmee is in hierdie verband ook aangedui dat gelowiges die sondige natuur van Adam oorgeërf het (6:19). Paulus gebruik die term “vlees” op twee verskillende maniere: (1) sondige natuur (die ou mens); en (2) die fisiese liggaam (vgl. 1:3; 4:1; 9:3, 5). Die bedoeling is dus negatief, maar let op Rom. 1:3; 4:1; 9:3, 5. Die vlees/liggaam (*sarx/soma*) is nie sleg op sigself nie, maar word soos die verstand (*nous*) deur die gevegsterrein – die plek van konfrontasie tussen bese magte uit hierdie tyd en die Heilige Gees – gevorm. Paulus gebruik hierdie begrippe in ooreenstemming met die LXX en nie die Griekse literatuur nie.

■ NASB	<b>“which were aroused by the Law”</b>
NAV	<b>“wat deur die wet wakker gemaak is”</b>
OAV	<b>“wat deur die wet kom”</b>
CUM-NLV	<b>“wat deur die wet aangewakker is”</b>

Hierdie opstandige aspek van die menslike natuur, wat aggressief reageer op alle beperkende maatreëls, is alreeds opmerklik in alle mense sedert Gen. 3. Die grense van die wet is bedoel vir die mensdom se beskerming, maar die mens beskou dit as kettings wat bind en inperk. Die sondige, onafhanklike gees van die mens is deur die wet aangewakker. Die beperkinge (wet) was nie die probleem nie (verse 12-13), maar menslike outonomie en eiewilligheid.

**7:6 “but now” (“maar nou”):** Newman en Nida maak ‘n interessante opmerking in, *A Translator’s Handbook on Paul’s Letter to the Romans*, bl. 130:

“It is important to notice the parallels between verses 5 and 6, and at the same time their relation to what follows. Verse 5 describes the pre-Christian experience, and has its parallel in

7:7-25; verse 6 describes the present life of faith under the leadership of God’s Spirit, and has its parallel in 8:1-11.”

- ▣ **NASB** “we have been released”
- NAV** “is ons vrygemaak”
- OAV** “is ons ontslae”
- CUM-NLV** “is ons vrygestel”

Dit is ’n AORISTUS PASSIEF INDIKATIEF, in kontras met die IMPERFEKTUM MEDIUM INDIKATIEF van vers 5. Gelowiges was voortdurend vasgevang in sonde, soos in die wet bekend gemaak, maar nou is hulle deur die Gees en deur die goeie nuus van die evangelie vrygestel. Dieselfde woord word gebruik in terme van die vrou wat vrygestel is weens die dood van haar man (vers 2).

- ▣ **NASB** “having died to that by which we were bound”
- NAV** “want ons het gesterf en staan nie meer [...] waardeur ons gebind was nie”
- OAV** “aangesien ons dit afgesterf het”
- CUM-NLV** “vrygestel van die binding [...] gesterf het”

Dit is ’n AORISTUS AKTIEWE DEELWOORD wat deur ’n IMPERFEKTUM PASSIEF INDIKATIEF gevolg word. Deur Christus se dood het God gelowiges vrygemaak van: (1) die vloek van die OT; en (2) van hulle eie sondige natuur. Hulle was voortdurend gebind vanweë hulle opstand teen God se geopenbaarde wil; ook vanweë hulle gevalle natuur, hulle persoonlike sonde en versoeking deur die bose (Ef. 2:2-3).

- ▣ **NASB** “newness [...] oldness”
- NAV** “nuwe bedeling [...] ou bedeling”
- OAV** “nuwigheid [...] oudheid”
- CUM-NLV** “nuutheid [...] ou manier”

So ’n nuwe geestelike ingesteldheid verwys waarskynlik na die nuwe verbond (vgl. Jer. 31:31-34; Eseg. 36:22-32). Die Griekse term vir “nuut” (*kainos* – *kainotēs*) word deur Paulus met die oog op die volgende gebruik:

1. die nuutheid van lewe (Rom. 6:4)
2. die vernuwing deur die Gees (2 Kor. 3:6)
3. die nuwe verbond (1 Kor. 11:2; 2 Kor. 3:6)
4. die nuwe skepping (2 Kor. 5:17; Gal. 6:15)
5. die nuwe mens (Ef. 2:15; 4:24)

Die term “ou” verwys na die Mosaïese wet en beteken “algeheel uitgedien”. Paulus stel die ou verbond en die nuwe verbond teenoor mekaar, soos wat die skrywer van Hebreërs ook doen (vgl. 8:7 en 13).

- ▣ **NASB, NKJV** “so that we serve in newness of the Spirit”
- NRSV** “so that we are slaves not under the old written code but in the new life of the Spirit”
- TEV** “but in the new way of the Spirit”
- JB** “free to serve in the new spiritual way”
- NAV** “Nou kan ons dien in die nuwe bedeling van die Gees en nie in die oudheid van die letter nie”

OAV

**“sodat ons dien in die nuwigheid van die Gees en nie in die oudheid van die letter nie”**

CUM-NLV

**“Daarom kan ons God nou dien met die nuutheid wat die Gees bring, nie op die ou manier van gehoorsaamheid aan die letter van die wet nie”**

Dit word letterlik vertaal as “in nuutheid van gees”. Dit is onseker of daar hier verwys word na die vernieude menslike gees, of na die Heilige Gees. Die meeste Engelse vertalings gebruik hoofletters, wat dus die Heilige Gees aandui. Die Afrikaanse vertalings volg hulle hierin. Hierdie dubbelsinnige gebruik kom, hoewel vir die eerste keer, in Rom. 8 sowat 15 keer voor. Die term “gees” kan op die menslike gees dui, wedergebore, vernuwe deur die evangelie en die Heilige Gees (vgl. Rom. 1:4, 9; 2:29; 7:6; 8:15; 11:8; 12:11; 1 Kor. 2:11; 4:21; 5:3, 4, 5; 7:34; 14:15, 16, 32; 16:18).

In Paulus se geskifte word “vlees” en “gees” dikwels teenoor mekaar gestel as twee kontrasterende maniere van leef en dink (vgl. 7:14; 8:4; Gal. 3:3; 5:16, 17, 32; 6:8). Fisiese lewe sonder God is “vlees”, maar lewe met God is “gees” of “Gees”. Die inwonende Gees (vgl. 8:9, 11) omvorm die gelowige tot ’n nuwe mens (posisioneel én ervaringsgewys).

### **DIE DELE IN KONTEKS: ROMEINE 7:7-25**

- A. Rom. 7:7-25 gee uitdrukking aan ’n wesenlike aspek van menswees: alle mense, gered of verlore, ervaar die spanning tussen goed en sleg – in hulle harte, in hulle gemoed, en in hulle wêreld. Maar die hermeneutiese vraag is wat Paulus wou hê die leser uit hierdie gedeelte moes verstaan. Wat teksverband betref, moet dit rekening hou met 1:18-6:23 en 8:1-39. Sommige verstaan dit as gerig op alle mense en beskou Paulus se persoonlike ervaring dus as paradigmatis (demonstratief). Paulus gebruik die onpersoonlike vorm van “ek” in 1 Kor. 13:1-3. Hierdie spreekvorm word ook in dokumente van die Joodse rabbyne gevind. Indien dit wel Paulus se bedoeling was met hierdie gedeelte, dui dit op die mensdom se oorgang van onskuld, deur veroordeling, tot verlossing (hoofstuk 8) – die “verteenwoordiger-teorie”.

Ander het hierdie gedeelte gesien as die intense worsteling van ’n gelowige met die gevalle menslike natuur. Die hartverskeurende uitroep van vers 24 gee uitdrukking aan hierdie innerlike stryd. Die AORISTUS en IMPERFEKTUMS kom oorwegend voor in verse 7-13, terwyl PRAESENS EN PERFECTUM WERKWOORDE oorheers in verse 14-25. Hierdie interpretasie verleen dus geloofwaardigheid aan die sogenaamde “outobiografiese teorie”, waarvolgens Paulus sy eie persoonlike wroeging op skrif stel: van onskuld tot veroordeling, van veroordeling tot regverdigmaking, en die spanningsvolle pad van progressiewe heiligmaking (vgl. *autos egō*, “Ek self”, vgl. vers 25).

Albei teorieë is moontlik korrek. In verse 7-13 en 25b spreek Paulus outobiografies, terwyl hy in verse 14-25 praat van sy innerlike worsteling met sonde as verteenwoordigend van die ganse verlore mensheid. Dit is egter belangrik om te onthou dat hierdie gedeelte in die konteks van Paulus se religieuse agtergrond as toegewyde Jood voor sy bekering gesien moet word. Hierdie was dus Paulus se eie, unieke ervaring.

- B. Die wet is goed. Dit kom van God. Dit het gedien, en dien nog steeds ’n goddelike doel (vgl. 7:7, 12, 14, 22, 25). Dit kan egter nie vrede en verlossing bewerkstellig nie. James Steward in sy boek, *A Man in Christ* op bl. 26, toon hoe paradoksaal Paulus hieroor dink en skryf:



“You would naturally expect a man who was setting himself to construct a system of thought and doctrine to fix as rigidly as possible the meanings of the terms he employed. You would expect him to aim at precision in the phraseology of his leading ideas. You would demand that a word once used by your writer in a particular sense should bear that sense throughout. But to look for this from Paul is to be disappointed. Much of his phraseology is fluid, not rigid... ‘The Law is holy,’ he writes, ‘I delight in the law of God after the inward man’ (vgl. Rom. 7:12-13) but it is clearly another aspect of *nomos* that makes him say elsewhere, ‘Christ hath redeemed us from the curse of the law (vgl. Gal. 3:13)’.”

C. Die tekstuele getuienis oor die vraag: “Het Paulus met ‘n geredde of ongeredde persoon te doen in verse 14-25?” lewer die volgende op:

1. Ongeredde persoon:

- a. Dit was die interpretasie van die vroeë Griekssprekende kerkvaders.
- b. Die volgende frases ondersteun hierdie standpunt:
  - (1) “ek is vleeslik” (vers 14)
  - (2) “verkoop onder die sonde” (vers 14)
  - (3) “in my, niks goeds woon nie” (vers 18)
  - (4) “wat my gevange neem onder die wet van die sonde wat in my lede is” (vers 23)
  - (5) “Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?” (vers 24)
- c. Die direkte konteks van hoofstuk 6 stel dat ons vry is van die heerskappy van die sonde. Die konteks van hoofstuk 8 begin dan met: “Daar is dan...”
- d. Die afwesigheid van enige verwysing na die Gees van Christus tot en met die einde van hierdie konteks in vers 25.

2. Geredde persoon:

- a. Dit is hoe Augustinus, Calvyn en die Gereformeerde tradisie hierdie gedeelte verstaan het.
- b. Die volgende frases ondersteun hierdie standpunt:
  - (1) “ons weet dat die wet geestelik is” (vers 14)
  - (2) “dan stem ek die wet toe dat dit goed is” (vers 16)
  - (3) “die goeie wat ek wil, doen ek nie” (vers 19)
  - (4) “ek verlustig my in die wet van God na die innerlike mens” (vers 22)
- c. Die breër konteks van Romeine plaas hoofstuk 7 in die onderafdeling waar daar oor heiligmaking gepraat word.
- d. Die opmerklike verandering in werkwoordtydvorm vanaf IMPERFEKTUM en AORISTUS in verse 7-13, na PRAESENS in verse 14-24, dui op ‘n nuwe tyd in Paulus se lewe (d.w.s. bekering).

D. Hoe meer ‘n gelowige daarna strew om Christus-gelykvormig te lewe, hoe meer ondervind hy/sy die aanwesigheid van sonde. Hierdie paradoks stryk met die konteks van Romeine sowel as met Paulus (en inderdaad die meeste gelowiges) se persoonlikheid.

‘n Vers uit die Lutherse gesang deur Henry Twells:

“And none, O Lord, has perfect rest,  
For none is wholly free from sin;  
And they who faint would serve Thee best.  
Are conscious most of wrong within,” – *digter en titel onbekend*.

**NASB (UPDATED) TEXT: 7:7-12**

**<sup>7</sup>What shall we say then? Is the Law sin? May it never be! On the contrary, I would not have come to know sin except through the Law; for I would not have known about coveting if the Law had not said, “YOU SHOULD NOT COVET.” <sup>8</sup>But sin, taking opportunity through the commandment, produced in me coveting of every kind; for apart from the Law sin is dead. <sup>9</sup>I was once alive apart from the Law; but when the commandment came, sin became alive and I died; <sup>10</sup>and this commandment, which was to result in life, proved to result in death for me; <sup>11</sup>for sin, taking an opportunity through the commandment, deceived me and through it killed me. <sup>12</sup>So then, the Law is holy, and the commandment is holy and righteous and good.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 7:7-12.*

<b>7:7 NASB</b>	<b>“What shall we say then”</b>
NAV	<b>“wat is dan ons gevolgtrekking”</b>
OAV	<b>“wat sal ons dan sê”</b>
CUM-NLV	<b>“suggereer ek dan daarmee”</b>

Paulus keer hiermee terug na sy gebruiklike dialektiek (vgl. 6:1, 15; 7:1, 13).

▣ <b>NASB</b>	<b>“Is the Law sin”</b>
NAV	<b>“dat die wet van Moses sonde is”</b>
OAV	<b>“Is die wet sonde?”</b>
CUM-MVB	<b>“dat die wet [...] sonde veroorsaak”</b>

Paradoksaal van die openbaring is dat God die heiligheid en die goedheid van die wet as 'n spieël gebruik om sonde bekend te maak; om die gevalle mensdom na 'n punt te bring waar belydenis en geloof tot stand kom (vgl. verse 12-13; Gal. 3). Dit is verbasend dat die wet bly funksioneer gedurende heiligmaking, maar nie tydens regverdigmaking nie!

▣ <b>NASB</b>	<b>“May it never be”</b>
NAV	<b>“Beslis nie”</b>
OAV	<b>“nee, stellig nie”</b>
CUM-NLV	<b>“Hoegenaamd nie”</b>

Paulus se kenmerkende verwerping van 'n vals beskouing (vgl. vers 13; 3:4, 6, 31; 6:2, 15; 9:14; 11:1, 11; Gal. 2:17; 3:21).

▣ **“on the contrary” (“intendeel”):** Paulus gebruik skerp kontraste om sy argument te bekragtig (vgl. 3:4, 6, 31; 6:2, 15; 9:14; 11:1, 11).

▣ **“I” (“ek”):** Kyk in u Bybel hoe dikwels persoonlike voornaamwoorde (“ek”, “my”, ens.) in verse 7-25 voorkom. Verrassend, meer as veertig keer!

▣ **“I would not have come to know sin except through the Law” (“ek sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie”):** 'n Sleutelvers wat die gedagte van die Mosaïese wet as spieël van sonde beklemtoon (vgl. 3:20; 5:20; Gal. 3:14-29; spesifiek vers 24!) Om die wet op 'n enkele punt te oortree, was soos om die hele verbond te verbreek en die gevolge daarvan te moet dra (vgl. vers 10 en Jak. 2:10).

▣ <b>NASB</b>	<b>“except through the Law”</b>
NAV	<b>“as dit nie deur die wet was nie”</b>
OAV	<b>“nie anders as deur die wet”</b>

Dit is 'n VOORWAARDELIKE BYSIN KLAS TWEE wat as “'n teenstelling en feit van die saak” opgeneem moet word, naamlik dat Paulus skuldig was aan sonde op grond van die wet. In Romeine kom dié grammatikale konstruksie slegs hier voor. Paulus gebruik dit wel ook in Gal. 1:10; 3:21; 1 Kor. 2:8; 5:10; 11:31; en 2 Kor. 12:11.

■ **“YOU SHALL NOT COVET” (“jy mag nie begeer nie”):** Dit is 'n aanhaling van die Tiende Gebod (vgl. Eks. 20:17; Deut. 5:21). Die laaste gebod fokus op 'n regte gesindheid wat geld ten opsigte van al die gebooe (vgl. Mat. 5-7). Daar word dikwels na die wet verwys as “die gebod” (vgl. verse 8, 9, 11, 12, 13). Die term “begeer” kom daarop neer dat iemand sy “hart op 'n ding plaas” of iets baie graag wil hê. Aan die mensdom is 'n menigte goeie gewes in die skepping voorsien, maar mense is geneig om God se gewes tot buite die aanvaarbare grense te strek: “Meer, nog meer, ten alle koste,” word die leuse. Die self is 'n meedoënlose tiran! Sien *Vir Spesiale Aandag: Aantekeninge oor Eksodus 20:17* by 13:8-9.

<b>7:8 NASB, NKJV</b>	<b>“taking opportunity”</b>
<b>NRSV</b>	<b>“seizing an opportunity”</b>
<b>TEV</b>	<b>“found its change”</b>
<b>JB</b>	<b>“took advantage of”</b>
<b>NAV</b>	<b>“'n vastrapplek gekry”</b>
<b>OAV</b>	<b>“het aanleiding gevind”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“gestimuleer”</b>
<b>CUM-MVB</b>	<b>“geleentheid gekry”</b>

Die woord is van militêre oorsprong en verwys na 'n strandhoof (muur om die see uit te hou) of basiskamp (vgl. verse 8 en 11). In hierdie konteks gepersonifieer (vgl. verse 9 en 11) word sonde dus aan 'n militêre operasie onder leiding van 'n militaris gelykgestel (vgl. verse 11, 17; 6:12, 14, 16).

■ <b>NASB</b>	<b>“for apart from the Law sin is dead”</b>
<b>NAV, OAV</b>	<b>“want sonder die wet is die sonde dood”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“want sonder die wet sou die sonde nie daardie vermoë gehad het nie”</b>

Sonde is rebellie teen die wil van God (vgl. Rom. 14:15; 5:13; 1 Kor. 15:56). Daar is nie 'n werkwoord in hierdie frase nie en moet dus veronderstel word. Voeg 'n mens 'n PRAESENS in, ontstaan 'n algemene en universele beginsel; voeg 'n mens 'n AORISTUS in, dui dit op Paulus se eie lewe.

<b>7:9 NASB</b>	<b>“I was once alive”</b>
<b>NAV</b>	<b>“het ek gelewe”</b>
<b>OAV</b>	<b>“vroeër gelewe”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“destyds heel goed gevoel”</b>

Dit kan verwys na Paulus: (1) as onskuldige kind; of (2) as toegewyde Fariseër voordat die waarheid van die evangelie tot hom deurgedring het (vgl. Han. 23:1; Fil. 3:6; 2 Tim. 1:3). Die eerste moontlikheid sal dan steun verleen aan die “outobiografiese teorie” t.o.v. hoofstuk 7, en die tweede aan die “verteenwoordiger-teorie”.

■ <b>NASB</b>	<b>“when the commandment came, sin became alive and I died”</b>
<b>NAV</b>	<b>“het die sonde begin lewe”</b>
<b>OAV</b>	<b>“maar toe die gebod kom, het die sonde weer opgelewe en ek het</b>

**CUM-NLV** gesterwe”  
**“maar toe die betekenis van die gebod tot my deurdring, het die sonde vir my ‘n lewende werklikheid geword”**

Die mensdom se opstandige gees word aangehits deur die gebooie. Die “jy mag nie” van God se Gebod is die aanhitser van ’n selfgerigte hoogmoed in die gevalle mensheid (vgl. Gen. 2:16-17; 3:1-6). Let daarop hoe sonde steeds gepersonifieer word in 5:21; 7:8; 11, 17, 20.

**7:10 “the commandment, which was to result in life, proved to result in death for me” (“en die gebod wat die lewe moes wees, dié het geblyk vir my die dood te wees”):** Dit is waarskynlik ’n verwysing na Lev. 18:5 of Rom. 2:13. Die wet beloof wat dit nie kan bied nie, nie omdat die wet van sondige aard is nie, maar omdat die mens swak en opstandig is. Die wet het ’n doodsvonnis geword (Gal. 3:13; Ef. 2:15; Kol. 2:14).

**7:11 NASB “deceived me and through it killed me”**  
**NAV “my deur die gebod verlei en daardeur doorgemaak”**  
**OAV “my verlei en daardeur gedood”**

Albei werkwoorde is AORISTUS AKTIEF INDIKATIEF. Die term “verlei” word deur die LXX ook met betrekking tot Eva in Gen. 3:13 gebruik. Paulus gebruik dié uitdrukking dikwels (vgl. Rom. 16:8; 1 Kor. 3:18; 2 Kor. 11:3; 2 Tes. 2:3; 1 Tim. 2:14). Adam en Eva se probleem was ook hulle begeerte (vgl. 2 Kor. 11:3; 1 Tim. 2:14). Adam en Eva het geestelik gesterf deur ongehoorsaam te wees aan God se gebod, nes Paulus en die res van die mensdom sedertdien.

**7:12** Paulus bevestig hiermee dat die wet goed is – dit was nooit die probleem nie. Nietemin moes Paulus se parallelisme tussen wet en sonde in hoofstuk 7, die wettiese Christen-Jode in Rome hewiglik ontstel het (dié wat swak was – 14:1-15:3).

**NASB (UPDATED) TEXT: 7:13**

**<sup>13</sup>Therefore did that which is good become a cause of death to me? May it never be! Rather it was sin, in order that it might be shown to be sin by effecting my death through that which is good, so that through the commandment sin would become utterly sinful.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 7:13.*

**7:13 NASB “sin, in order that it might be shown to be sin [...] sin might become utterly sinful”**  
**NKJV “sin, that it might appear sin [...] might become exceedingly sinful”**  
**NRSV “that sin might be shown to be sin [...] sinful beyond measure”**  
**TEV “in order that its true nature as sin might be revealed”**  
**JB “sin, to show itself in its true colors [...] was able to exercise all its sinful power”**  
**NAV “sodat die sonde in sy ware aard as sonde bekend sou word en dit deur die gebod sou blyk hoe skrikwekkend die sonde werklik is”**  
**OAV “dat dit kon blyk sonde te wees [...] sodat die sonde deur die gebod uitermate sondig kon word”**  
**CUM-NLV “dat sy ware aard duidelik geword het [...] het die gebod soveel duideliker gemaak hoe verskriklik die sonde werklik is”**

Die bese aard van sonde is duidelik in die feit dat dit iets so goed, waardevol en goddelik soos die Mosaïese wet kon verwring tot ’n instrument van veroordeling en dood (vgl. Ef. 2:15;

Kol. 2:14). 'n Gevalle mensdom slaag daarin om elke goeie gawe van God buite die grense van sy bedoeling te voer.

Let op die twee *hina* (doelstellings) -frases.

■ NASB	“utterly sinful”
NAV	“skrikwekkend [...] die sonde”
OAV	“uitermate sondig”
CUM-NLV	“verskriklik die sonde”
CUM-MVB	“hoe buitengewoon sondig”

Sien *Vir Spesiale Aandag*: “Huper”-Verbindings by 1:30.

**NASB (UPDATED) TEXT: 7:14-20**

**<sup>14</sup>For we know that the Law is spiritual, but I am of flesh, sold into bondage to sin. <sup>15</sup>For what I am doing, I do not understand; for I am not practicing what I would like to do, but I am doing the very thing I hate. <sup>16</sup>But if I do the very thing I do not want to do, I agree with the Law, confessing that the Law is good. <sup>17</sup>So now, no longer am I the one doing it, but sin which dwells in me. <sup>18</sup>For I know that nothing good dwells in me, that is my flesh; for the willing is present in me, but doing of the good is not. <sup>19</sup>For the good that I want, I do not, but I practice the very evil that I do not want. <sup>20</sup>But if I am doing the very thing I do not want, I am no longer the one doing it, but sin which dwells in me.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 7:14-20.*

<b>7:14</b>	<b>NASB</b>	“the Law is spiritual”
	NAV	“die wet is Geestelik”
	OAV	“dat die wet geestelik is”
	CUM-NLV	“Die wet [...] het ‘n diep geestelike karakter”
	CUM-MVB	“die wet van God”

Die wet van God is goed. Dit is nie die probleem nie (vgl. verse 12 en 16b).

■ NASB	“I am of flesh”
NAV	“ek is aards”
OAV	“ek is vleeslik”
CUM-NLV	“omdat ek aan my sondige natuur gebind is”

Die term word deur Paulus gebruik: (1) in 'n neutrale sin wat fisiese liggaam beteken (vgl. 1:3; 2:28; 4:1; 9:3, 5); en (2) in 'n negatiewe sin wat dui op die mensdom se gevalle staat in Adam (vgl. vers 5). Dit is moeilik om te bepaal wat die geval is in hierdie vers.

■ NASB	“sold into bondage to sin”
NAV, CUMs	“en soos ‘n slaaf aan die sonde verkoop”
OAV	“verkoop onder die sonde”

'n PERFECTUM PASSIEF DEELWOORD wat “ek was en word steeds in slawerny van sonde verkoop” beteken. Sonde word steeds as slawe-eienaar voorgestel.

**7:15-24** Die kind van God het die “goddelike natuur” (vgl. 2 Pet. 1:4), maar ook die gevalle natuur (vgl. Gal. 5:17). Sonde is eintlik buite werking gestel (vgl. Rom. 6:6), maar wat in

hoofstuk 7 beskryf word, is die meeste van die tyd aan die orde. Die Jode sê in elke mense se hart is daar 'n swart hond en 'n wit hond. Die een wat jy die meeste voed, word die grootste.

Wanneer ek hierdie gedeelte lees, ervaar ek saam met Paulus die pyn wat veroorsaak word deur konflik tussen die twee nature. Mag God ons te hulp kom, maar die feit van die saak is dat hoewel ons bevry is van ons gevalle natuur, ons steeds toegee aan die verleiding van die sonde. Dit is onmiskenbaar die geval dat geestelike oorlogvoering ná bekering intree. Volwassenheid beteken daaglikse spanning tussen die vertrouensvriendskap met die Drie-Enige God en die stryd teen die bese.

<b>7:16, 20</b>	<b>NASB</b>	<b>“if”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“dat”</b>
	<b>OAV</b>	<b>“En as”</b>
	<b>CUM-NLV</b>	<b>“as”</b>

Albei verse is as VOORWAARDELIKE BYSINNE KLAS EEN gestruktureer wat beskou kan word as waar vanuit die perspektief van die skrywer, of om sy literêre doel te bereik.

<b>7:18</b>	<b>NASB</b>	<b>“I know that nothing good dwells in me, that is, in my flesh”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“ek weet immers dat die goeie nie in my woon nie, nie in my sondige aard nie”</b>
	<b>OAV</b>	<b>“want ek weet dat in my, dit wil sê in my vlees, niks goeds woon nie”</b>
	<b>CUM-NLV</b>	<b>“die begeerte tot die goeie is daar, maar ek kry dit nie uitgevoer nie”</b>

Paulus sê nie dat die fisiese liggaam as sulks sleg is nie, maar dat dit die gevegsterrein is waar die gevalle natuur en die Gees van God stryd voer. Die Grieke was van mening dat die menslike liggaam, en daarmee saam alle materie, boos was. Dit het tot die Gnostiese dwaling van dualisme aanleiding gegee, waarteen Paulus in Efesiërs en Kolossense stelling inneem. Dieselfde is waar van Johannes in sy eerste brief. Die Grieke was geneig om die fisiese bestaan vir die ontstaan van geestelike probleme te blameer. Dit is nie hoe Paulus die geestelike worsteling verstaan nie. Hy personifieer sonde en gebruik die mensdom se rebellie teen God se wet as die geleentheid waardeur sonde op die menslike natuur houvas gekry het. Die term “vlees” kan in sy geskifte beteken: (1) die fisieke liggaam wat ten opsigte van moraliteit neutraal is (vgl. 1:3; 2:28; 4:1; 9:3, 5); of (2) die gevalle staat wat van Adam oorgeërf is (vgl. vers 5).

**7:20 “sin which dwells in me” (“die sonde wat in my woon”):** Dit is interessant dat Romeine so blatant is oor die mensdom se sonde, maar dat geen melding gemaak word van Satan nie (eers in 16:20). Mense kan nie Satan vir hulle sonde-verslawing blameer nie. Dis ons wat die keuse het. Sonde word as tiran, koning en slawe-eienaar getipeer (personifieer). Dit poog om ons na onafhanklikheid van God en tot selfbeskikking te verlei. Paulus se personifikasie van sonde, wat skakel met die menslike oordeelsvermoë, herinner aan Gen. 4:7.

Hy gebruik die term “woon” verskeie kere in hierdie hoofstuk (vgl. verse 17, 18, 20). Die sondige natuur word nie deur verlossing vernietig of weggeneem nie, maar wel buite werking gestel (“inoperative”). Om sonde deurgaans te ontkrig, vorm deel van hoe ons met die Gees van God saamwerk (vgl. 8:9, 11). God het aan gelowiges voldoende wilskrag voorsien om die bese te weerstaan – om gepersonifieerde (literêr gesproke) sonde te weerstaan en om Satan die stryd aan te sê. Dit geskied deur die teenwoordigheid en krag van die Heilige Gees. Net soos wat ons God se geskenk van verlossing uit vrye genade ontvang het, moet ons ook sy gawe van die Heilige Gees ontvang, én sy vermoë (krag) om die bese af te skrik. Verlossing en die Christelike lewe is

'n proses van daaglikse besluitneming deur gelowiges. God het in al hierdie behoeftes voorsien: die Gees (Rom. 8), geestelike bewapening (Ef. 6:11); openbaring (Ef. 6:17) en gebed (Ef. 6:18).

Dit is 'n hewige stryd (hoofstuk 7), maar hy is reeds gewonne (Rom. 8).

**NASB (UPDATED) TEXT: 7:21-25**

**<sup>21</sup>I find then the principle that evil is present in me, the one who wants to do good. <sup>22</sup>For I joyfully concur with the law of God in the inner man, <sup>23</sup>but I see a different law in the members of my body, waging war against the law of my mind and making me a prisoner of the law of sin which is in my members. <sup>24</sup>Wretched man that I am! Who will set me free from the body of this death? <sup>25</sup>Thanks be to God through Jesus Christ our Lord! So then, on the one hand I myself with my mind am serving the law of God, but on the other, with my flesh the law of sin.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 7:21-25.*

**7:22** “the law of God” (“die wet van God”): Vir Jode was dit die wet van Moses. Vir nie-Jode was dit egter ook: (1) die openbaring in die natuur (vgl. Rom. 1:19-20, Ps. 19:1-6); (2) 'n innerlike moraliteitsgevoel en gewete (vgl. Rom. 2:14-15); en (3) sosiale norme.

■ NASB	“in the inner man”
NKJV	“according to the inward man”
NRSV, NJB	“in my inmost self”
TEV	“my inner being”
NAV	“diep in my wese”
OAV	“ek verlustig my”
CUM-NLV	“ek verheug my”

Paulus kontrasteer die uiterlike mens (fisies) met die innerlike mens (geestelik) in 2 Kor. 4:16. In hierdie konteks dui die vers op Paulus, of die verlore mensdom, se instemming met die wil en wet van God.

1. “die wet [is] geestelik” (7:14)
2. “want wat ek wil” (7:15)
3. “stem ek die wet toe dat dit goed is” (7:16)
4. “want om te wil, is by my aanwesig” (7:18)
5. “die goeie wat ek wil” (7:19)
6. “Want die goeie wat ek wil, doen ek nie” (7:19)
7. “Maar as ek doen wat ek nie wil nie” (7:20)
8. “as ek die goeie wil doen” (7:21)
9. “ek verlustig my in die wet van God” (7:22)
10. “die wet van my gemoed” (7:23)
11. “So dien ek self dan wel met die gemoed die wet van God,” (7:26)

Hoofstuk 7 laat blyk dus dat kennis van God en sy woord nie genoeg is nie. Gelowiges het die Heilige Gees nodig (hoofstuk 8).

**7:23** Die kontras tussen 6:2; 8:2 en 7:23 is 'n werklikheid. Volgens hierdie vers gebruik Paulus “wet” (*nomos*) om (1) die wet van sonde (vgl. verse 22, 25) en (2) die wet van God (vgl. verse 22, 25) aan te dui. Vroeër, in verse 4, 5, 6, 7, 9 en 12, gebruik hy die term om na die OT te verwys. Paulus was nie 'n sistematiese teoloog nie. Hy het gesukkel met die begrip “wet”. Aan die een kant was dit openbaring en God se wonderlike geskenk aan die mensheid, maar

andersyds het dit sonde gedefinieer en perke gestel waarbinne 'n gevalle mensdom nie kon bly nie. Hierdie grense was nie net OT-openbaring nie, maar sedelike riglyne: natuurlike openbaring (vgl. Ps. 19; Rom. 1:18-3:31) of sosiale kodes en norme. Mense is rebels en wil in algehele beheer van hulle lewens wees!

**7:24** Kan hierdie as die siening van 'n verlose mens beskou word? Sommige voel “nee”, en beskou hierdie hoofstuk dus as 'n beskrywing van die godsdienstige worstelinge van 'n ongeredde mens. Ander sê “ja”, en voel dat dit om die spanning gaan wat die evangelie se “reeds en nog nie” in die lewe van gelowiges veroorsaak. Die eskatologiese vervulling moet nog kom. 'n Volwasse gelowige verstaan hierdie gaping maar alte goed.

■ NASB	“the body of this death”
NKJV, NRSV	“this body of death”
TEV	“this body that is taking me to death”
NJB	“this body doomed to die”
NAV	“Hierdie doodsbestaan”
OAV	“die liggaam van hierdie dood”
CUM-NLV	“hierdie doodstoestand”
CUM-MVB	“liggaam van die dood”

Die fisiese liggaam en gemoed is in sigself nie sleg of van die bese nie. Dit is deur God geskape met die oog op lewe op die planeet en met die oog op vertrouensvriendskap met Hom. Hulle is “baie goed” geskape (Gen. 1:31), maar Gen. 3 het die mensheid verander en daarmee saam God se doel met die skepping. Dit is nie hoe God die wêreld wou gehad het nie en ons is ook nie hoe God ons wou gehad het nie. Sonde het die skepping radikaal geskend. Sonde het wat goed was omgekeer in selfgesentreerde kwaadwilligheid. Die liggaam en menslike gemoed het die aanvalfronte van versoeking en sonde geword. Paulus voel homself erg onderhewig aan hierdie stryd. Hy sien uit na die nuwe bedeling van 'n nuwe liggaam en vernieuëde vriendskapsvertroulikheid met God (vgl. 8:23).

**7:25** Dit is dan die opsomming, maar ook die oorgang na die hoër geestelike vlak van Romeine 8. Selfs in Romeine 8 is hierdie spanning egter ook nie heeltemal afwesig nie (vgl. verse 5-11).

Die groot vraag wat verklaarders besig hou, is om te bepaal wie Paulus in gedagte gehad het:

1. homself met al sy ondervinding van Judaïsme;
2. alle Christene;
3. Adam as voorbeeld van alle mens; of
4. Israel met haar wetskennis, maar mislukking wat betref nakoming daarvan.

Persoonlik kies ek #1 (verse 7-13, 25b) in kombinasie met #2 (verse 14-25a). Sien die *Die Dele in Konteks* by Rom 7:7-25. Die pyn en sielsmart van hoofstuk 7 word geëwenaar en oortref deur die glans van hoofstuk 8.

■ **“Thanks be to God” (“Aan God die dank!”):** Sien *Vir Spesiale Aandag* hieronder.



## **VIR SPESIALE AANDAG: PAULUS SE LOF, GEBED EN DANKSEGGING AAN GOD**

Paulus was vol lof vir God. Hy het die OT geken. Doksologieë kom voor aan die einde van die eerste vier indelings van die Psalmboek (vgl. Ps. 41:13; 72:19; 89:52; 106:48). Hy prys en verheerlik God op verskeie maniere:

1. Inleidende paragrawe in sy briewe
  - a. open met seënwense of groete (vgl. Rom. 1:7; 1 Kor. 1:3; 2 Kor. 1:2)
  - b. open met seëninge (*eulogētos*) (vgl. 2 Kor. 1:3-4; Ef. 1:3-14)
2. Kort uitroepe van lofprysing (Rom. 1:25; 9:5; 2 Kor. 11:31)
3. Doksologieë (waarin (1) *doxa* (glorie) en (2) “tot in ewigheid” voorkom (Rom. 11:36; 15:25-27; Ef. 3:20-21; Fil. 4:20; 1 Tim. 1:17; 2 Tim. 4:18))
4. Danksegging (bv. *eucharisteō*)
  - a. aanvangswoorde van briewe (vgl. Rom. 1:8; 1 Kor. 1:4; 2 Kor. 1:11; Ef. 1:16; Fil. 1:3; Kol. 1:3, 12; 1 Tes. 1:2; 2 Tes. 1:3; Filemon vers 4; 1 Tim. 1:12; 2 Tim. 1:3)
  - b. beroep om danksegging (vgl. Ef. 5:4, 20; Fil. 4:6; Kol. 3:15, 17; 4:2; 1 Tes. 5:18)
5. Kort uitroepe van danksegging (Rom. 6:17; 7:25; 1 Kor. 15:57; 2 Kor. 2:14; 8:16; 9:15; 1 Tes. 2:13; 2 Tes. 2:13)
6. Afsluit-seënbedes (Rom. 16:20, 24 (?); 1 Kor. 16:23-24; 2 Kor. 13:14; Gal. 6:18; Ef. 6:24)

Paulus het die Drie-Enige God teologies en uit ondervinding geken. Hy begin sy geskrifte met gebed en lof. In die loop van sy skriftelike aanbiedinge uiter hy lof en danksegging. By afsluiting van sy briewe onthou hy altyd om te bid, te loof en God te dank. Die geskrifte van Paulus adem ‘n gees van gebed, lof en danksegging. Hy het God, homself en die evangelie geken.

## **BESPREKINGSVRAE**

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die vrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Hoe is hoofstuk 6 verwant aan hoofstuk 7?
2. Van watter betekenis is die OT-wet vir NT-gelowiges (vgl. 2 Kor. 3:1-11; Heb. 8:7, 13)?
3. Watter twee illustrasies gebruik Paulus in hoofstukke 6 en 7 om ons posisie ten opsigte van ons ou lewe te verhelder?
4. In watter verhouding staan die Christen tot die wet van Moses?
5. Verduidelik in u eie woorde die verskil tussen die outobiografiese en die verteenwoordiger-teorieë van Rom. 7:7-25.
6. Is Romeine 7 beskrywend van ‘n verlore mens, van ‘n onvolwasse gelowige of van alle gelowiges?

## ROMEINE 8

<b>PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*</b>					
<b>UBS<sup>4</sup></b>	<b>NKJV</b>	<b>NRSV</b>	<b>TEV</b>	<b>JB</b>	<b>NAV</b>
Lewe deur die Gees	Bevry van inwonende sonde	God se verlossende daad	Lewe deur die Gees	Die lewe van die Gees	Lewe deur die Gees
8:1-11	8:1-11	8:1-4	8:1-8	8:1-4	8:1-8
		Lewe in die vlees en deur die Gees			
		8:5-8		8:5-11	
		8:9-11	8:9-11		8:9-11
		Die Gees en aanneming			
8:12-17	8:12-17	8:12-17	8:12-17	8:12-13	8:12-17
				Kinders van God	
				8:14-17	
Die heerlikheid wat kom	Van lyding tot verheerliking	Die hoop op vervulling	Die toekomstige heerlikheid	Ons toekomstige heerlikheid	Die heerlikheid wat kom
8:18-25	8:18-30	8:18-25	8:18-25	8:18-25	8:18-25
		Menslike swakheid word ondersteun			
8:26-30		8:26-27	8:26-27	8:26-27	8:26-30
				God het ons geroep om in sy heerlikheid te deel	
		8:18-30	8:18-30	8:18-30	
God se liefde	God se eindelose liefde	Ons vertrou in God se liefde	God se liefde in Jesus Christus	'n Gesang oor God se liefde	Niks kan ons van die liefde van Christus skei
8:31-39	8:31-39	8:31-39	8:31-39	8:31-34	8:31-32
				8:35-37	8:33-34
				8:38-39	8:35-39

### **LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xi)**

#### **OM DIE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK TE VOLG**

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die vyf vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as die sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

\* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hierbo. Aanhalings inteks is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

## DIE DELE IN KONTEKS: ROMEINE 8:1-39

- A. Die argument waarmee Paulus in 1:17 begin het, bereik hier sy klimaks. Rom. 8 begin met “geen veroordeling” (wetlike kwytskelding) en eindig met “[niks sal] ons [...] kan skei nie” (persoonlike vertrouensverhouding). Teologies beweeg dit van regverdigmaking deur heiligmaking tot verheerliking (vgl. 29-30).
- B. So ontwikkel Paulus sy teologie van God se gawe van sy Gees aan gelowiges (vgl. Johannes se weergawe in hfst. 14:12-31 en 16:7-16). Volgens vers 14 se PASSIEWE WERKWOORD is die Gees werksaam om die evangelie in die lewe van gevalle mens van toepassing te maak. Die Gees sal by en in hulle bly, en ’n lewe van Christus-gelykvormigheid in hulle begin. Hoofstuk 8 gebruik die term *pneuma* (gees) meer as 21 keer, teenoor hoofstuk 7 waar dit geheel en al ontbreek. Dit ontbreek ook in hoofstukke 3-6, maar kom 3 keer voor in hoofstukke 1 en 2.
- C. Die mens kan een van twee perspektiewe huldig oor die lewe, wat aanleiding gee tot twee verskillende lewenstyle, prioriteite, twee uiteenlopende paaie (die breë of die smal) – hier is die keuse tussen vlees of Gees. Die een lei tot die dood; die ander tot die lewe. Hierdie opvatting word tradisioneel “die twee weë” genoem in die OT-wysheidsliteratuur (vgl. Ps. 1 en Spr. 4:10-19). Die ewige lewe – die lewe deur die Gees – het waarneembare kenmerke (bv. na die vlees teenoor na die Gees).

Let daarop dat Satan totaal buite rekening gelaat word in die hele teologiese konteks van hoofstukke 1-8. Eers in Rom. 16:20 kom hy ter sprake. Die mensdom is die fokus, ontnem van die verskoning wat die aanvanklike versoeking Adam gebied het (bv. “die duiwel het my verlei”). Vir sy eiewillige, weerstandige verset teen God, moet die mens self verantwoordelikheid aanvaar.

- D. Dit is moeilik om hierdie hoofstuk in paragrawe te verdeel, aangesien verskeie gedagtes herhalend verweef word. Hierdie is dus ’n hoofstuk sonder duidelik onderskeibare gedagte-eenhede.
- E. Verse 12-17 lig die gelowige in omtrent geloofsekerheid en vertroue:
  - 1. Allereers ’n veranderde lewensuitkyk bewerkstellig deur die Gees van God.
  - 2. Tweedens word ons vrees vir God vervang deur ’n sin van vaderlike liefde deur die Gees.
  - 3. Derdens volg ’n innerlike bevestiging van ons kindskap deur die inwoning van die Heilige Gees.
  - 4. Laastens bly ons bewus van hierdie innerlike bevestiging; ondanks die probleme en worstelinge van ’n gevalle wêreld.
- F. Verse 31-39 lees soos ’n hoftoneel – ’n gewilde literêre tegniek van die OT-profete. God is die regter en Satan die aanklaer; Jesus is die advokaat vir die verdediging (parakleet), die engele is waarnemers, en in die beskuldigdebank staan die gelowige mens onder beskuldiging van Satan.
  - 1. wetlike terme
    - a. teen ons (vers 31)
    - b. beskuldiging (vers 33)
    - c. regverdig maak (vers 33)
    - d. veroordeel (vers 34)
    - e. intree (vers 34)

2. vervolging, “wie” (verse 31, 33, 34 (drie keer!), 35)
3. God se voorsiening in Christus (vgl. verse 32 en 34b)
4. niks kan ons skei van God nie
  - a. beproewende omstandighede (vers 35)
  - b. OT-aanhaling uit Ps. 44:23 m.b.t. bedreigings (vers 36)
  - c. oorwinnaars (verse 37, 39)
  - d. bonatuurlike omstandighede of wesens (verse 37-39)

## STUDIE VAN WOORDE EN FRASES

### NASB (UPDATED) TEXT: 8:1-8

**<sup>1</sup>Therefore there is now no condemnation for those who are in Christ Jesus. <sup>2</sup>For the law of the Spirit of life in Christ Jesus has set you free from the law of sin and death. <sup>3</sup>For what the Law could not do, weak as it was through the flesh, God *did*: sending His Son in the likeness of sinful flesh and as an offering for sin, He condemned sin in the flesh, <sup>4</sup>so that the requirement of the Law might be fulfilled in us, who do not walk according to the flesh but according to the Spirit. <sup>5</sup>For those who are according to the flesh set their minds on the things of the flesh, but those who are according to the Spirit, the things of the Spirit. <sup>6</sup>For the mind set on the flesh is death, but the mind set on the Spirit is life and peace, <sup>7</sup>because the mind set on the flesh is hostile toward God; for it does not subject itself to the law of God, for it is not even able *to do so*, <sup>8</sup>and those who are in the flesh cannot please God.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 8:1-8.*

8:1	NASB	“Therefore there is now”
	NKJV, NRSV	“there is therefore now”
	TEV	“There is”
	JB	“the reason therefore”
	NAV	“Daar is dan nou”
	OAV	“Daar is dus nou”

Dit hou verband met wat voorafgegaan het. Sommige meen dat dit in verband staan met 7:24-25, maar dit wil voorkom of die bedoeling was dat die skakel eerder verder terug met 3:21-7:25 gemaak moet word.

■	NASB	“no”
	NAV, OAV	“geen”
	CUM-NLV	“heeltetal weggeneem”

In die Grieks staan die “geen” aan die begin van die sin. Dus word daar beklemtoon dat daar geen veroordeling sal wees vir dié wat in Christus is (vgl. verse 1-3) en wie se lewenswandering in ooreenstemming met die leiding van die Gees is nie (vgl. verse 4-11). Hier word beide kante van die verbond geïllustreer: (1) dit is ‘n vrye gawe in Christus; en (2) die lewenstyl van beantwoording aan die verbondsvereistes word verwag. Regverdigmaking is objektief (INDIKATIEF) én subjektief (‘n IMPERATIEF). Dit is ‘n status sowel as ‘n lewenstyl.

■ “condemnation” (“veroordeling”): Die term *katakrima* kom nie dikwels voor in die LXX nie, maar weerspreek die vloek van rebelsheid in Deut. 27:26. Dit beteken “die straf wat volg op

‘n regsuitspraak’. Dit is die wettiese, forensiese teenoorgestelde van regverdiging. Hierdie term kom selde in Paulus se skryfwerk voor (vgl. 5:16, 18) en nêrens anders in die NT nie.

Die King James weergawe van die Bybel voeg by vers 1 die volgende: “who walk not after the flesh but after the Spirit”. In vele van die Griekse manuskripte kom die frase nie in vers 1 voor nie. Die UBS<sup>4</sup> plaas ‘n A-gradering op hierdie weglating (dus seker). Die bewoording kom wel in vers 4 voor, waar dit ook gepas is, maar in vers 1 is dit totaal onvanpas. Verse 1-3 handel oor die posisionele aspek van heiligmaking (INDIKATIEF), terwyl verse 4-11 oor die ervaring van heiligmaking handel (die IMPERATIEF). ‘n Voetnota op bl. 289 van William R. Newell se *Romans Verse by Verse* (Moody, 1938) lui as volg:

“The Revised Version correctly omits ‘who walk not after the flesh but after the Spirit.’ Since the King James translation, over 300 years ago, many, and the best, most accurate, ancient Greek manuscripts which we have, have been recovered; and earnest, godly men have gone steadily ahead with the tedious, but fruitful work of correcting errors that had crept in copying. For as we all know, we have not the original manuscripts of Scripture: God has been pleased to withhold these from creatures so prone to idolatry as the sons of men.

“We must close verse 1 with the words ‘in Christ Jesus,’ for four reasons: (1) The evidence of the Greek manuscripts is overwhelmingly in favor of the omission of the clause “who walk not after the flesh but after the Spirit” from verse 1 – as the evidence is universally for including these words in verse 4, (2) Spiritual discernment also agrees, for the introduction of these words in verse 1 makes our safety depend on our walk, and not upon the Spirit of God. But all in Christ Jesus are safe from condemnation, as is plainly taught throughout the epistles. Otherwise, our security depends on our walk, and not on our position in Christ. (3) The clause is plainly in proper place at the end of verse 4, – where the manner of the believer’s walk, not his safety from condemnation, is described. (4) That the clause at the end of verse 1 in King James is a *gloss* (marginal note by some sophist) appears, not only from its omission by the great uncial manuscripts, Aleph, A, B, C, D, F, G; A, D (corr.); with some good cursives and ancient versions (see Olshausen, Meyer, Alford, J.F. and B., and Darby’s excellent discussion in his *Synopsis, in loc.*); but it also appears from the similarity of this gloss to like additions made through legal fear, found in other passages.

“That God chose to have His Word translated and still authoritative is seen from the use in the New Testament of the Greek translation of the Hebrew Old Testament, the Septuagint.

“We should thank God for those devoted men who have spent their lifetimes in profound study of the manuscripts God has left us, and who have given us so marvelously perfect a translation as we have. We should distinguish such scholars absolutely and forever from the arrogant “Modernists” (or, in former days, the “Higher Critics”), who undertake to tell us what God *ought* to say in the Bible, rather than with deep humility seeking to find out what God *has* said.”

■ NASB  
NAV, OAV  
CUM-NLV

“for those who are in Christ Jesus”  
“vir die wat in Christus Jesus is”  
“vir hulle wat aan Christus Jesus verbind is”

Hierdie kenmerkende frase van Paulus (’n LOKATIEF VAN RUIIMTE/PLEK) beteken dieselfde as die moderne uitdrukking: “’n persoonlike verhouding”. Paulus het Jesus geken, liefgehad, gedien, en was in Hom blymoedig. Die evangelie is beide ’n boodskap om te glo en ’n Persoon om aan te neem. Sy lewenskrag het voortgevloei uit die Opgestane Christus wat hy op die Damaskuspad ontmoet het. Sy ervaring van Jesus het sy teologie oor Jesus voorafgegaan. Sy ervaring het nie tot ’n kloostermistiek aanleiding gegee nie, maar tot doelgerigte

sendingsaktiwiteit. Om Hom te ken, is om Hom te dien. Volwasse Christenskap is 'n boodskap, 'n Persoon, en 'n lewenswyse (vgl. die aantekening by 1:5).

<b>8:2 NASB</b>	<b>“the law of the Spirit of life [...] the law of sin and death”</b>
NAV	<b>“die wet van die Gees wat [...] die lewe gee [...] wet van sonde en dood”</b>
OAV	<b>“die wet van die Gees van die lewe [...] die wet van die sonde en die dood”</b>
CUM-NLV	<b>“die lewegewende Gees is so magtig [...] die greep van sonde wat uitloop op die dood”</b>
CUM-MVB	<b>“want dit beheer wat die Gees uitoefen [...] jou die lewe gee [...] die beheer wat die sonde en dood uitoefen”</b>

Dit kan dui op die kontras tussen: (1) die wet van sonde (vgl. Rom. 7:10, 23, 25) en die nuwe wet van God (vgl. Rom. 7:6, 22, 25); (2) die wet van die liefde (vgl. Jak. 1:25; 2:8, 12) en “die wet van Moses” (vgl. 7:6-12); (3) die ou bedeling en die nuwe bedeling; en (4) die ou verbond teenoor die nuwe verbond (vgl. Jer. 31:31-34 en die NT-boek, Hebreërs).

Die kontrasterende styl word volgehou:

1. die wet van die Gees van die lewe in Christus vs. die wet van sonde en dood (vers 2)
2. na die vlees vs. na die Gees (verse 4, 5)
3. vleeslike dinge vs. geestelike dinge (vers 5)
4. wandel na vlees vs. wandel na die Gees (vers 5)
5. bedink vleeslike dinge vs. wat die Gees bedink (vers 6)
6. in die vlees vs. in die Gees (vers 9)
7. liggaam is die dood vs. gees is die lewe (vers 10)
8. jy moet sterwe vs. jy sal leef (vers 13)
9. nie die gees van slawerny nie vs. die Gees van aanneming (vers 15)

■ <b>NASB, NRSV, JB</b>	<b>“has set you free”</b>
<b>NKJV, TEV</b>	<b>“had made me free”</b>
NAV	<b>“het jou vrygemaak”</b>
OAV	<b>“het my vrygemaak”</b>
CUM-NLV	<b>“so magtig dat Hy jou bevry het”</b>

Die teologiese boodskap van hoofstuk 6 word vervat in verse 2-3. In die antieke Griekse tekste word van verskillende voornaamwoorde gebruik gemaak. “My” kom voor in manuskripte A, D, K en P, terwyl “jou” gebruik word in  $\aleph$ , B, F en G. Die voornaamwoord “ons” verskyn in hoofletterteks  $\psi$ . Die UBS<sup>4</sup>-samestellers gee “jou” ’n B-gradering (amper seker). Die UBS<sup>3</sup> gee dit ’n D-gradering (baie problematies).

Newman en Nida, *A Translator’s Handbook on Paul’s Letter to the Romans*, is van mening dat “the UBS Greek text suggests ‘me’, though rating this a ‘C’ decision, indicating a high probability of doubt regarding the original reading,” (bl. 145-146).

Hierdie probleem van die VOORNAAMWOORDE “ons”, “jy/jou” of “my/ons” kom herhaaldelik voor in die Griekse tekste van Paulus se geskrifte.

<b>8:3 NASB</b>	<b>“what the law could not do”</b>
NAV	<b>“wat die wet nie by magte was om te doen nie”</b>
OAV	<b>“wat vir die wet onmoontlik was”</b>
CUM-NLV	<b>“die wet [...] kon ons nie red nie”</b>

Die wet van Moses is goed en heilig, maar die mensheid was swak en sondig (vgl. 7:12, 16). Die WERKWOORD hier is eintlik die BYVOEGLIKE NAAMWOORD *adunaton*, wat gewoonlik “onmoontlik” beteken (vgl. Heb. 6:4, 18; 10:4; 11:6), maar ook “sonder krag” kan beteken (vgl. Han. 14:8; Rom. 15:1). Die wet was nie in staat om verlossing te bewerkstellig nie. In werklikheid het dit slegs gelei tot verdoeming, dood en vervloeking.

- ▣ **NASB** “weak as it was through the flesh”
- NAV** “omdat dit weens ons sondige natuur te swak was”
- OAV** “omdat dit kragteloos was deur die vlees”

Dit was Paulus se basiese argument in hoofstuk 7: die wet van god is goed en heilig, maar die sondige, gevalle, wederstrewige mens kon nie aan die vereistes voldoen nie. Anders as die rabbyne het Paulus die gevolge van Gen. 3 beklemtoon.

- ▣ **NASB** “God *did*, sending His own Son”
- NAV** “dit het God gedoen [...] deur sy eie Seun [...] te stuur”
- OAV** “Want God het – deur sy eie Seun [...] te stuur”

Wat die gevalle mensdom onder die ou verbond nie kon doen nie, het God vermag onder die nuwe verbond (vgl. Jer. 31:31-34; Eseg. 36:22-36) deur Jesus (vgl. Jes. 53; Joh. 3:16). In plaas van nog uiterlike verpligtinge het God die innerlike werk van die Gees en ’n nuwe hart voorsien. Hierdie nuwe verbond berus op belydenis en geloof in Christus se gedane werk, nie op menslike werke-ywer nie. Nogtans vereis beide verbonde ’n nuwe lewenstyl van toewyding.

- ▣ **NASB** “in the likeness of sinful flesh”
- NAV** “in dieselfde gestalte as die sondige mens”
- OAV** “in die gelykheid van die sondige vlees”
- CUM-NLV** “sy liggaam was identies aan ons liggame, wat deur die sonde aangetas is”

Dit is dieselfde waarheid wat hy in Fil. 2:7-8 na vore bring. Jesus was volledig mens (maar sonder ’n sondige natuur, vgl. Fil. 2:7-8; Heb. 7:26). Hy is werklik één met ons. Hy was in alle opsigte net soos ons versoek, maar Hy nie gesondig nie (vgl. Heb. 4:15). Hy verstaan ons!

- ▣ **NASB** “as an offering for sin”
- NAV** “as ‘n offer vir die sonde”
- OAV** “en dit terwille van die sonde”

Hierdie waarheid word ook gestel in 2 Kor. 5:21 en 1 Pet. 2:24. Jesus het gekom om te sterf (vgl. Jes. 53:4-6, 10-12; Mark. 10:45). Jesus se onskuldige en blaamlose lewe is as sonde-offer aangebied (vgl. Joh. 1:29).

- ▣ **NASB** “He condemned sin in the flesh”
- NAV** “die sonde binne die sondige bestaan van die mens veroordeel”
- OAV** “die sonde veroordeel in die vlees”
- CUM-NLV** “Hy het afgereken met die sonde se mag oor ons”

Jesus se dood het die probleem van die mensdom se sonde uitgelig en hanteer; nie bloot individuele dae nie (soos die geval was met die wet van Moses). Dit was sy lewe, dood en opstanding wat God se ewige verlossingsdoel bewerkstellig het (vgl. Han. 2:23; 3:18; 4:28; 1:29). Hy het ook kom toon hoe mense kan en behoort te wees (vgl. Joh. 13:15; 1 Pet. 2:21).

**8:4** Hierdie vers verwys waarskynlik na die nuwe verbond (vgl. Jer. 31:33; Eseg. 36:26-27). Dit handel oor twee aspekte van ons verlossing: eerstens, Jesus het die vereistes van die ou verbond nagekom, en deur geloof in Hom word geregtigheid dus na gelowiges oorgedra – 'n geskenk sonder voorwaardes in terme van verdienste. Dit noem ons “regverdigmaking” of “toegerekende heiligmaking”. God skenk gelowiges ’n nuwe hart en gees. Ons wandel nou deur die Gees, nie na die vlees nie. Dit word “progressiewe heiligmaking” genoem. Die Christendom is ’n nuwe verbond met ’n reg tot aanspraak op die genadegawe van verlossing, maar dan met gepaardgaande verantwoordelikhede (Christus-gelykvormige lewenstyl, vgl. 6:13). Die hartseer kant is dat sommige gelowiges se wêreldsgesindheid nie met hierdie ideaal ooreenstem nie (vgl. 1 Kor. 3:1-3).

■ NASB	<b>“who do not walk according to the flesh, but according to the Spirit”</b>
NAV	<b>“ons wat ons lewe nie deur ons sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees”</b>
OAV	<b>“in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees”</b>
CUM-MVB	<b>“nie inrig soos wat ons sondige natuur dit wil hê nie, maar soos die Gees dit wil hê”</b>

Dieselfde kontrasterende stelwyse word in Gal. 5:16-25 aangetref. ’n Vryspraak en toegerekende geregtigheid moet uitloop op ’n lewenstyl van geregtigheid. Die nuwe hart en nuwe gesindheid van die nuwe verbond is genoegsame gronde vir verlossing nie, maar die uitkoms daarvan. Die genadegawe van ewige lewe vertoon waarneembare kenmerke!

**8:5** Paulus kontrasteer lewe in die “vlees” en in die “Gees” in verse 5-8 (die “werke van die vlees” (Gal. 5:19) met die “vrug van die Gees” Gal. 5:22-25).

<b>8:6</b> NASB	<b>“the mind set on”</b>
NAV	<b>“hom besig hou”</b>
OAV	<b>“bedink”</b>
CUM-NLV	<b>“denke oorheers”</b>
CUM-MVB	<b>“jou gedagtes vol is van”</b>

Die Jode het geweet dat die oë en ore die weë is waarlangs indrukke die siel bereik. Sonde begin dus in die gedagtes. Jou lewe weerspieël uiteindelik die obsessies van jou gedagtes (vgl. Rom. 12:1-2; Fil. 4:8). Paulus het nie werklik met die rabbynse idee van twee soorte instelling (yetzers) in die mens saamgestem nie. Sy siening was dat die wil tot die goeie nie in die gevalle skepping aanwesig was nie; maar dat dit eers met bekering tot stand kom. Dis eers met die inwoning van die Heilige Gees wat daar geestelike konflik in die mens ontstaan (vgl. Joh. 16:7-14).

■ NASB	<b>“life”</b>
NAV, OAV	<b>“lewe”</b>
CUM-NLV	<b>“ware lewe”</b>

Dit dui op die ewige lewe – die lewe van ’n nuwe toekomsbedeling.

■ **“Peace” (“vrede”):** Die oorspronklike betekenis was “saamlas/vasbind wat stukkend gebreek was” (vgl. Joh. 14:27; 16:33; Fil. 4:7). Sien *Vir Spesiale Aandag: Vrede* by 5:1.

Die NT spreek van drie aspekte van vrede:



1. die objektiewe (staat van) vrede van God danksy Christus (vgl. Kol. 1:20);
2. ons subjektiewe gevoelens oor regverdiging voor God (vgl. Joh. 14:27; 16:33; Fil. 4:7);
3. in Christus verenig God Jood en heiden tot 'n nuwe liggaam (vgl. Ef. 2:14-17; Kol. 3:15).

**8:7-11** Hier word die mensdom se vervreemding van God op 'n paar maniere beskryf: (1) vyandskap teen God (vers 7); (2) onderwerp hom nie aan God nie (vers 7); (3) kan nie die wil van God doen nie; (4) geestelike dood lei tot ewige dood (vgl. die parallel in Rom. 5:6, 8, 10).

<b>8:7 NASB, NRSV</b>	<b>“the mind set on the flesh is hostile to God”</b>
<b>NKJV</b>	<b>“the carnal mind is enmity against God”</b>
<b>TEV</b>	<b>“people become enemies of God”</b>
<b>NJB</b>	<b>“the outlook of disordered human nature is opposed to God”</b>
<b>NAV</b>	<b>“Die dinge waarmee die sondige natuur hom besig hou, is immers vyandskap teen God”</b>
<b>OAV</b>	<b>“omdat wat die vlees bedink vyandskap teen God is”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“Want die sondige natuur is altyd vyandig ingestel teenoor God”</b>
<b>CUM-MVB</b>	<b>“Om jou gedagtes te vul met die dinge van jou sondige natuur is immers vyandskap teen God”</b>

Let daarop dat hierdie frase 'n parallel is met “wat die vlees bedink, is die dood” (vers 6) en “die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge” (vers 5). Let ook daarop dat die “gevalle menslike natuur” 'n gesindheid sowel as 'n lewenstyl is (vgl. 7:5).

<b>■ NASB</b>	<b>“for it is not even able to do so”</b>
<b>NAV, OAV</b>	<b>“want dit kan ook nie”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“want dit is sy aard”</b>

Dit is nie bloot die geval dat gevalle mense kies om God nie te volg nie, maar ook dat hulle nie kan nie. Sonder ondersteuning van die Heilige Gees kan die gevalle mensdom nie op die geestelike reageer nie (vgl. Jes. 53:6; 1 Pet. 2:24-25) Daarom neem God altyd die inisiatief (vgl. Joh. 6:44, 65).

<b>8:8 NASB</b>	<b>“those who are in the flesh”</b>
<b>NAV</b>	<b>“Die wat hulle deur hul sondige natuur laat beheers”</b>
<b>OAV</b>	<b>“en die wat in die vlees is”</b>
<b>CUM-MVB</b>	<b>“vasgevang is in hul sondige natuur”</b>

Paulus bedoel met hierdie frase een van twee dinge: (1) die fisiese liggaam (Rom. 1:3; 2:28; 4:1; 9:3-5); en (2) die mens sonder God se inisiatief (Rom. 7:5; 8:4-5). Hier is dit #2. Dit dui op 'n rebelse en ongelowige mensdom.

**NASB (UPDATED) TEXT: 8:9-11**

**<sup>9</sup>However, you are not in the flesh but in the Spirit, if indeed the Spirit of God dwells in you. But if anyone does not have the Spirit of Christ, he does not belong to Him. <sup>10</sup>If Christ is in you, though the body is dead because of sin, yet the spirit is alive because of righteousness. <sup>11</sup>But if the Spirit of Him who raised Jesus from the dead dwells in you, He who raised Christ Jesus from the dead will also give life to your mortal bodies through His Spirit who dwells in you.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 8:9-11.*

<b>8:9 NASB</b>	<b>“if”</b>
<b>NAV</b>	<b>“egter”</b>
<b>OAV</b>	<b>“as naamlik”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“Maar”</b>

Daar is 'n reeks VOORWAARDELIKE BYSINNE in verse 9, 10, 11, 13 (twee keer) en 17 (twee keer). Hulle is almal VOORWAARDELIKE BYSINNE KLAS EEN wat as waar aanvaar word vanuit die skrywer se perspektief of terwille van sy literêre doelwit. Paulus het aanvaar dat sy lesers in die kerk van Rome almal Christene is (vgl. vers 9a).

■ **“the Spirit of Christ” (“die Gees van Christus”):** Mense hét of die Gees van God en is daarom gelowiges, of hulle het nié die Gees nie en is geestelik verlore. Ons ontvang alles van die Heilige Gees met bekering. Ons het nie meer van Hom nodig nie; hy het meer van ons nodig!

Die verwysings na “die Gees” in 9a; “die Gees van God” van 9b; en “die Gees van Christus” (9c) is volkome sinoniem.

### **VIR SPESIALE AANDAG: JESUS EN DIE GEES**

Daar is afwisseling tussen die Gees en die Seun ten opsigte van werke. G. Cambell Morgan stel dat die beste naam vir die Gees “the other Jesus” (“die [ver]ander[de] Jesus”) is. Die volgende is 'n vergelykende uiteensetting van die werk en titels van die Seun en die Gees.

1. Die Gees word die “Gees van Jesus”, of iets soortgelyks genoem (Rom. 8:9; 2 Kor. 3:17; Gal. 4:6; 1 Pet. 1:11).
2. Albei word ook genoem
  - a. “waarheid”
    - (1) Jesus (Joh. 14:16)
    - (2) Gees (Joh. 14:17)
  - b. “Voorspraak” (dus advokaat)
    - (1) Jesus (1 Joh. 2:1)
    - (2) Gees (Joh. 14:16, 26; 15:26; 16:7)
  - c. “Heilig”
    - (1) Jesus (Luk. 1:35; 4:34)
    - (2) Gees (Luk. 1:35)
3. Albei neem hul intrek by gelowiges
  - a. Jesus (Mat. 28:20; Joh. 14:20, 23; 15:4-5; Rom. 8:10; 2 Kor. 13:5; Gal. 2:20; Ef. 3:17; Kol. 1:27)
  - b. Gees (Joh. 14:16-17; Rom. 8:9, 11; 1 Kor. 3:16; 6:19; 2 Tim. 1:14)
  - c. en selfs die Vader (Joh. 14:23; 2 Kor. 6:16)

<b>8:9 NASB</b>	<b>“Christ in you”</b>
<b>NAV, OAV</b>	<b>“Christus in julle”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“Christus in julle lewe is”</b>

Ook die “you” (reeds meervoudsvorm “julle” in die Afrikaans!) moet as meervoud verstaan word. Die term “Christus” dui op die inwoning van die Seun/Gees (vgl. Joh. 14:16-17; Kol. 1:27). Mense het die Seun/Gees of hulle is nie Christene nie (vgl. 1 Joh. 5:12). In Paulus se teologie is “in Christus” en “in die Gees” dieselfde.

■ **NASB** **“though the body is dead because of sin”**

NAV	<b>“hoewel die liggaam vir die dood bestem is as gevolg van die sonde”</b>
OAV	<b>“die liggaam dood vanweë die sonde”</b>
CUM-NLV	<b>“is julle liggame wel nog as gevolg van die sonde aan die dood onderhewig”</b>
CUM-MVB	<b>“julle liggaam ‘n lyk gaan word as gevolg van die sonde”</b>

Selfs Christene sterf fisies vanweë Adam se sonde, ’n gevalle mensdom en persoonlike rebellie (vgl. 5:12-21). Sonde neem altyd sy loop. Die geestelike dood (vgl. Gen. 3; Ef. 2:1) veroorsaak ook fisiese dood (vgl. Gen. 5; Heb. 9:27). Gelowiges leef in beide die nuwe bedeling van die Gees (vgl. Joël 2:28-29; Han. 2:16) en in die ou bedeling van sonde en wederstrewigheid (vgl. verse 21, 35).

▣ NASB	<b>“yet the spirit is alive because of righteousness”</b>
NAV	<b>“gee die Gees aan julle die lewe op grond van God se vryspraak”</b>
OAV	<b>“maar die gees lewe vanweë die geregtigheid”</b>
CUM-NLV	<b>“maar julle gees is die ene lewe omdat julle saak met God reggemaak is”</b>
CUM-MVB	<b>“die Gees lewend as gevolg van die regte verhouding met God”</b>

Daar was heelwat meningsverskil tussen vertalings en Skrifontleders of “gees” hier dui op die menslike gees (vgl. NASB, ASV, NIV, Williams, Jerusalem Bybel, OAV), of op die Heilige Gees (vgl. KJV, TEV, REB, Karl Barth, C.K. Barrett, John Murray, Evert Harrison).

Die wyer konteks werp vir ons lig op hierdie kort frase: selfs diegene wat op Christus vertrou gaan sterf weens hulle lewe in ’n gevalle wêreld. Danksy die geregtigheid wat deur geloof in Jesus toegeëien word, het hulle egter reeds die ewige lewe ontvang (vgl. Ef. 2:4-6). Dit is ook die “alreeds, maar nog nie” spanning wat eie is aan die koninkryk van God. Die ou era en die nuwe era oorvleuel dus tot ’n mate in terme van tydsindeling.

▣ NASB	<b>“Righteousness”</b>
NAV	<b>“God se vryspraak”</b>
OAV	<b>“geregtigheid”</b>
CUM-NLV	<b>“saak met God reggemaak”</b>

Sien *Vir Spesiale Aandag: Geregtigheid* by 1:17.

8:11 NASB	<b>“if”</b>
NAV	<b>“omdat”</b>
OAV, CUM-NLV	<b>“as –”</b>

Sien die aantekening by vers 9.

▣ NASB	<b>“the Spirit of Him who raised Jesus from the dead dwells in you”</b>
NAV, OAV	<b>“die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon”</b>
CUM-NLV	<b>“die Gees van die God wat Jesus uit die dood opgewek het, in julle woon”</b>
CUM-MVB	<b>“die Gees van Hom deur wie Jesus tussen die dooies uit opgewek is, in julle woon”</b>

Watter Lid van die Drie-Eenheid “woon” in gelowiges? Die meeste Christene sal antwoord dat dit die Heilige Gees is. Dit is deels waar. In werklikheid is dit al drie Lede van die Drie-Eenheid wat in gelowiges woon:

1. die Gees – Joh. 14:16-17; Rom. 8:11; 1 Kor. 3:16; 6:19; 2 Tim. 1:14
2. die Seun – Mat. 28:20; Joh. 14:20, 23; 15:4-5; Rom. 8:10; 2 Kor. 13:5; Gal. 2:20; Ef. 3:17; Kol 1:27
3. die Vader – Joh. 14:23; 2 Kor. 6:16

Hierdie frase bied 'n uitstekende geleentheid om te toon dat die NT dikwels die verlossingswerk aan al drie entiteite van die Drie-Eenheid toeskryf:

1. God die Vader het Jesus uit die dood opgewek (Han. 2:24; 3:15; 4:10; 5:30; 10:40; 13:30, 33, 34, 37; 17:31)
2. God die Seun het Homself opgewek (Joh. 2:19-22; 10:17-18)
3. God die Heilige Gees het Jesus opgewek (Rom. 8:11)

In verse 9-11 word die klem duidelik op die Trinitariese werksaamheid geplaas.

### **VIR SPESIALE AANDAG: DIE DRIE-EENHEID**

Let op die aktiwiteit van al drie persone in die Drie-Eenheid. Die term “Triniteit”, geskep deur Tertullianus, is nie 'n Bybelse woord nie, maar eerder 'n konsep wat deurgaans aanwesig is:

1. die evangelies (Mat. 3:16-17; 28:19, en parallele; Joh. 14:26)
2. Handeling - Han. 2:32-33, 38-39
3. Paulus
  - a. Rom. 1:4-5; 5:1; 8:1-4, 8-10
  - b. 1 Kor. 2:8-10; 12:4-6
  - c. 2 Kor. 1:21; 13:14
  - d. Gal. 4:4-6
  - e. Ef. 1:3-14, 17; 2:18; 3:14-17; 4:4-6
  - f. 1 Tes. 1:2-5
  - g. 2 Tes. 2:13
  - h. Tit. 3:4-6
4. Petrus – 1 Pet. 1:2
5. Judas – verse 20-21

Dit word in die OT gesugereer:

1. God word in die MEERVOUDSVORM aangedui
  - a. *Elohim* is meervoud, maar die WERKWOORDVORM bly enkelvoud
  - b. “Ons” in Gen. 1:26-27; 3:22; 11:7
2. Die engel van die Here as sigbare verskyning van die Godheid
  - a. Gen. 16:7-13; 22:11-15; 31:11, 13; 48:15-16
  - b. Eks. 3:2, 4; 13:21; 14:19
  - c. Rig. 2:1; 6:22-23; 13:3-22
  - d. Sag. 3:1-2
3. God en Gees word afsonderlik genoem (Gen. 1:1-2; Ps. 104:30; Jes. 63:9-11; Eseg. 37:13-14)
4. God (YHWH) en die Messias (*Adon*) word ook afsonderlik aangedui (Ps. 45:6-7; 110:1; Sag. 2:8-11; 10:9-12)
5. Messias en Gees word afsonderlik genoem (Sag. 12:10)
6. Al drie word genoem in Jes. 48:16, 61:1

Die godheid van Jesus en die persoonlikheid van die Gees was vir vroeë, streng monoteïstiese gelowiges problematies:

1. Tertulianus – het die Seun aan die Vader ondergeskik gestel
2. Origenes – het die godheid van die Seun en die Gees ondergeskik gestel
3. Arius – het die godheid van die Seun en die Gees ontken
4. Monargianisme – beskou dit as opeenvolgende manifestasies van God

Die Drie-Eenheid se historiese ontwikkeling en totstandkoming is deur Bybelse materiaal toegelig:

1. die Sinode van Nicea verklaar in 325 n.C. die gelykheid van Jesus met die Vader;
2. die Sinode van Konstantinopel (381 n.C.) verklaar die godheid van die Gees gelyk met die Vader en die Seun;
3. in sy *De Trinitate* artikuleer Augustinus ten volle die bestaan van die Drie-Eenheid

Hier is waarlik ‘n enigma, maar die NT bevestig die bestaan van een goddelike entiteit wat bestaan uit drie ewige, persoonlike manifestasies.

- |          |  |
|----------|--|
| ■ NASB   | “will also give life to your mortal bodies”  |
| NAV, OAV | “ook julle sterflike liggame lewend maak”    |
| CUM-NLV  | “ook julle dooie liggame weer lewendig maak” |

Die leerstelling van die opstanding van Jesus en sy volgelinge is van beslissende belang (vgl. 1 Kor. 15:1vv; 2 Kor. 4:14). Die Christendom maak daarop aanspraak dat gelowiges tot in ewigheid liggaamlik sal bestaan (1 Joh. 3:2). As Christus deur die Gees opgewek is, sal dit Christene ook te beurt val (vgl. vers 23).

**NASB (UPDATED) TEXT: 8:12-17**

**<sup>12</sup>So then brethren, we are under obligation, not to the flesh, to live according to the flesh – <sup>13</sup>for if you are living according to the flesh, you must die; but if by the Spirit you are putting to death the deeds of the body, you will live. <sup>14</sup>For all who are being led by the Spirit of God, these are sons of God. <sup>15</sup>For you have not received a spirit of slavery leading to fear again, but you have received a spirit of adoption as sons by which we cry out, Abba! Father! <sup>16</sup>The Spirit Himself testifies with our spirit that we are children of God, <sup>17</sup>and if children, heirs also, heirs of God and fellow heirs with Christ, if indeed we suffer with Him so that we may also be glorified with Him.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 8:12-17.*

**8:12** “so then” (“Daarom dan”): Paulus brei nou uit op sy argument van verse 1-11.

- |         |                                  |
|---------|----------------------------------|
| ■ NASB  | “we are under obligation”        |
| NAV     | “staan ons onder ‘n verpligting” |
| OAV     | “is ons skuldenaars”             |
| CUM-NLV | “is dit noodsaaklik”             |

Dit is die ander kant van Christelike vryheid (vgl. 14:1-15:13). Dit dien as gevolgtrekking vir die argument uit verse 1-11, wat beide posisionele heiligmaking (INDIKATIEF) en die progressiewe aspek daarvan (IMPERATIEF) impliseer. Verder illustreer dit hoe gelowiges nog met die ou, gevalle natuur moet worstel (vgl. Rom. 7). Daar is ’n keuse wat gemaak moet word

(die begin van geloof) wat dan voortdurend opgevolg word deur meer keuses ('n gelowige lewenstyl).

**8:13 “if” (“want as”):** Daar is 'n reeks VOORWAARDELIKE BYSINNE KLAS EEN in verse 9, 10, 11, 13 (twee keer) en 17 (twee keer). Dit word aanvaar as waarheid vanuit die perspektief van die skrywer, of om 'n literêre doel te bereik. Paulus aanvaar dat sy lesers in die Romeinse kerk Christene is wat onder leiding van die Gees lewe.

- |              |   |
|--------------|---|
| ■ NASB       | <b>“you are living according to the flesh, you must die”</b>                                    |
| NAV, CUM-NLV | <b>“as julle julle lewe deur die sondige natuur laat beheers, gaan julle die dood tegemoet”</b> |
| OAV          | <b>“as julle na die vlees lewe, sal julle sterwe”</b>   |

Albei WERKWOORDE in vers 13 is in die TEENWOORDIGE TYD, wat dui op voortdurende handeling. Die Bybel openbaar drie stadiums van dood: (1) geestelike dood (vgl. Gen. 2:17; 3:1-7; Ef. 2:1); (2) fisiese dood (vgl. Gen. 5); en (3) ewige dood (vgl. Openb. 2:11; 20:6, 14; 21:8). Wat in hierdie gedeelte ter sprake kom, is die geestelike dood van Adam (vgl. 3:14-19) wat fisiese dood oor die mensheid gebring het (vgl. Gen. 5).

Dood het in die mens se ervaringsveld gekom weens Adam se sonde (vgl. 5:12-21). Elkeen van ons deel gewilliglik in die realiteit van sonde. Indien ons die keuse maak om daarin te bly, sal die dood ons “ewige” bestemming wees (vgl. Openb. 20:6, 14 – “die tweede dood”). As Christene moet ons die sonde afsterwe en vir God lewe (vgl. Rom. 6).

- **“if by the Spirit you are putting to death the deeds of the body, you will live” (“as julle deur die Gees die werke van die liggaam doodmaak, sal julle lewe”):** Die sekerheid van verlossing word sigbaar in, en bekragtig deur, lewenstyl (vgl. die NT-geskrifte van Jakobus en 1 Johannes). Hierdie nuwe lewe is nie soseer 'n poging deur gelowiges nie, maar eerder die inwerking van die Heilige Gees (vgl. vers 14). Soos 'n sake-onderneming is die individu nou onder nuwe bestuur – heeldag, elke dag (Ef. 5:17-18)!

Die “werke van die liggaam” dui in hierdie verband op lewe tydens die ou, sondige bedeling. Dit is nie ontkenning van die ewige (geluksalige) voortbestaan van die liggaam nie (vgl. 8:23), maar 'n verduideliking van die kontras tussen die nuwe bedeling van inwoning deur die Gees en die ou bedeling van sonde, en hoe daardie sonde afgelê moet word.

- |                  |   |
|------------------|---|
| <b>8:14 NASB</b> | <b>“all who are being led by the Spirit of God”</b>     |
| NAV, CUM-NLV     | <b>“almal wat hulle deur die Gees van God laat lei”</b> |
| OAV              | <b>“almal wat deur die Gees van God gelei word”</b>     |

Hierdie is 'n DEELWOORD PRAESENS PASSIEF, wat dui op voortdurende leiding deur die Gees. Die liefde van die Gees dring ons na Christus toe en wek sy beeld in ons op (vgl. vers 29). Christenskap is nie net 'n besluit nie. In werklikheid is dit voortgaande dissipelskap wat met 'n enkele besluit begin. Dissipelskap verg nie vlugtige toewyding by spesiale, geestelike geleenthede en tye, of bedienings nie, maar dat die gelowige 'n volgeling sal wees in sy daaglikse aktiwiteite.

- **“sons of God” (“kinders van God”):** Hierdie frase in die MEERVOUD (“Sons”) is in die gebruiklike OT-manier om te verwys na engele; selde na mense. Die ENKELVOUD is gebruiklik vir Adam, Israel, hulle koning en die Messias. Hier is die bedoeling egter alle gelowiges. In vers 14 word die Griekse *huioi* (seuns) gebruik en in vers 16, *tekna* (kinders). In hierdie konteks is die terme sinoniem.

**8:15 NASB** “a spirit”  
**NAV, CUMs** “Die gees”  
**OAV** “n gees”

Hierdie vers is (soos vers 10) dubbelsinnig. Dit kan op die verlose mensheid in Christus of op die Heilige Gees sinspeel. Beide moontlikhede kom in vers 16 voor.

In Paulus se geskifte word grammatikale konstruksies dikwels gebruik om aan te dui wat die Heilige Gees in die gelowige tot stand bring:

1. hier “nie ‘n gees van slawerny nie”, maar “‘n gees van aanneming” (vgl. vers 15)
2. “‘n gees van vriendelikheid” (“gentleness” – 1 Kor. 4:21)
3. “‘n gees van geloof” (getrouheid – 2 Kor. 4:13)
4. “‘n gees van wysheid en openbaring van kennis” (Ef. 1:17)

Veral in 1 Kor. gebruik Paulus die woord *pneuma* om na homself te verwys (vgl. 1 Kor. 2:11; 5:3, 14; 7:34; 16:8; Kol. 2:5). In hierdie konteks moet verse 10 en 15 dus as verwysings na menslike gees verstaan word.

■ **NASB** “of slavery leading to fear”  
**NAV** “Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie”  
**OAV** “‘n gees van slawerny om weer te vrees”  
**CUM-NLV** “‘n Gees wat weer van julle vreesbevange slawe maak nie”

Vrees is eie aan die ou natuur. Dit wat eie aan die nuwe natuur is, word in verse 14-17 beskryf.

■ **NASB** “adoption as sons”  
**NAV** “wat julle tot kinders van God maak”  
**OAV** “die Gees van aanneming tot kinders”  
**CUM-NLV** “van ware kindwees ontvang”

Romeinse wetgewing het aanneming nie maklik toegelaat nie, maar waar dit wel die gebruik was, was dit finaal en bindend (vgl. Gal. 4:4-6). As metafoor lewer dit sterk steun aan die leerstelling van sekerheid deur die geloof. ’n Natuurlike seun kan onterf word, maar nie ’n aangename kind nie. Dit was vir Paulus ’n gewilde metafoor uit die familielewe om verlossing te beskryf (vgl. verse 15 en 23). Johannes en Petrus gebruik ’n verwante metafoor uit die familielewe, naamlik “om weer gebore te word” (vgl. Joh. 3:3; 1 Pet. 1:3, 23).

■ **“Abba”**: Hierdie Aramese term is deur kinders in die huis gebruik om hul vader aan te spreek (“Pa” of “Pappa”). Jesus en die apostels het Aramees gepraat. Deur die bloed van Christus en danksy die inwoning van die Gees kan gelowiges nou na die heilige God toe kom met geloof en sekerheid wat op hierdie familie-metafoor vasstaan (vgl. Mark. 14:36; Gal. 4:6). Is dit nie wonderbaarlik dat ’n gevalle mensheid vir God “Vader” kan noem en dat dit die Ewig-Heilige se wens is dat dit so moet wees nie! Sien *Vir Spesiale Aandag: Vader* by 1:7

**8:16 NASB** “The Spirit Himself”  
**NAV** “hierdie Gees”  
**OAV, CUM-NLV** “die Gees self”

Die Griekse woord vir Gees is neutraal, met die gevolg dat die KJV-vertaling lui: “the Spirit, itself”. Maar die Gees is ’n persoon (wat bedroef kan word – vgl. Ef. 4:30; 1 Tes. 5:19). Dus is “Himself” (of bloot “self”) ’n meer gepaste vertaling.

- **NASB** “testifies with our spirits that we are children of God”
- NAV, OAV** “getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is”
- CUM-NLV** “bevestig die getuienis van ons eie gees dat ons kinders van God is”

Soos reeds aangedui in vers 13 is een aspek van geloofsekerheid die gelowige se veranderde, en steeds veranderende, lewe (vgl. die NT-briewe Jakobus en 1 Johannes). ’n Ander aspek van geloofsekerheid is dat die inwonende Gees die vrees vir God met ’n familie-toegeneentheid sal vervang. Let op die RSV- en NRSV-weergawes se vertaling en leestekens: “when we cry, Abba! Father! It is the Spirit Himself bearing witness to our spirits that we are children of God” (vgl. Gal. 4:6). Dit impliseer dat sekerheid kom wanneer gelowiges God deur die Heilige Gees “Vader” kan noem.

Die innerlike getuienis van die Heilige Gees is nie hoorbaar nie, maar prakties te bespeur in ervarings soos die:

1. bewuswording van sonde;
2. begeerte om soos Christus te wees;
3. begeerte om deel van die familie van God te wees;
4. honger na God se woord;
5. behoefte aan evangelisasie; en
6. ’n besef van Christelike offervaardigheid.

Sulke innerlike begeertes kan as bewys van bekering beskou word. Sekerheid van verlossing het egter vir sommige ’n denominasionele aangeleentheid geword:

1. Die Rooms-Katolieke Kerk ontken die moontlikheid van sekerheid van saligheid in hierdie lewe, maar stel vertroue in lidmaatskap aan die “ware” kerk.
2. Johannes Calvyn (Gereformeerd) baseer sekerheid van saligheid op uitverkiesing, waarvan jy eers ná die dood op die Oordeelsdag heeltemal seker kan wees.
3. John Wesley (Metodis) baseer sekerheid van saligheid op volkome oorgawe (perfect love) – oftewel ’n lewe bo alle gekende sonde.
4. Die meeste Baptiste neig daartoe om sekerheid van saligheid op Bybelse beloftes van vrye genade te baseer, maar ignoreer al die waarskuwings en vermanings.

Daar is twee gevare aan die NT se paradoksale stelwyse van Christelike sekerheid:

1. die oorbeklemtoning van “eenmaal gered, vir altyd gered”;
2. die oorbeklemtoning van menslike inspanning om verlossing te bekom.

Hebreërs 6 stel baie duidelik: “eenmaal uit, vir altyd uit”. Menslike inspanning (goeie daede) lei nie tot volgehoue saligheid nie (vgl. Gal. 3:1-14), hoewel goeie werke die doel van Christelike lewe behoort te wees (Ef. 2:10). Dit is die vanselfsprekende gevolg van ’n ontmoeting met God en die inwoning van die Heilige Gees. Goeie werke is die bewys van ware bekering.

Sekerheid is nie bedoel om die Bybelse roeping tot die heilige lewe af te water nie! Teologies gesproke berus sekerheid van saligheid op die wesensaard (karakter) en handeling van die Drie-Enige God:

1. die Vader se liefde en barmhartigheid;
2. die Seun se voltooide en plaasvervangende werk;



3. die Gees se liefdevolle begeleiding na Christus toe, en die opwekking van sy gesindheid in die berouvolle gelowige.

Bewys van so 'n verlossing is 'n veranderde wêreldbeskouing, 'n veranderde hart, 'n veranderde lewenstyl en 'n veranderde hoop! Dit berus nie op 'n emosionele besluit van die verlede wat geen verskil aan die lewenstyl gemaak het nie, en dus die bekering nie bevestig nie (bv. vrugte wat by die bekering pas, vgl. Mat. 7:15-23; 13:20-22; Joh. 15). Sekerheid, soos verlossing en die Christelike lewe, kom saam met die antwoord op God se genade; 'n antwoord wat dwarsdeur die lewe herbevestig word. Dit is 'n veranderde én veranderende lewe van geloof!

■ NASB	“testifies”
NAV, OAV	“getuig”
CUM-NLV	“bevestig die getuienis”

Hierdie is nog 'n *syn*-samestelling. Die Gees getuig saam met die gees van die gelowige. Paulus gebruik hierdie samestelling ook in 2:15; 8:16 en 9:1.

8:17 NASB	“if”
NAV	“omdat”
OAV, CUM-NLV	“as”

'n Reeks VOORWAARDELIKE BYSINNE KLAS EEN in verse 9, 10, 11, 13 (twee keer) en 17 (twee keer) waarmee Paulus as feit aanvaar, of vir sy literêre doel aanwend, dat sy lesers in die kerk van Rome Christene is.

■ In hierdie verse is daar drie samestellings met *syn* wat “deel met mekaar” beteken. Gelowiges deel 'n erfenis met Christus; gelowiges deel in Christus se lyding en sal ook die heerlijkheid saam met Hom ontvang. Daar is meer *syn*-samestellings in verse 22 (twee), 26 en 28. Ef. 2:5-6 het ook drie *syn*-samestellings wat die gelowige se lewe in Christus beskryf.

■ “heirs” (“erfgename”): Hierdie is ook 'n familie-metafoor wat gelowiges beskryf (vgl. 4:13-14; 9:8; Gal. 3:29). Sien *Vir Spesiale Aandag* hieronder.

#### VIR SPESIALE AANDAG: GELOWIGES SE ERFENIS

Die Geskrifte meld dat gelowiges, danksy hulle verhouding met Jesus, die Erfgenaam van alle dinge, self ook deur hulle mede-erfgenaamskap, baie dinge sal erf (vgl. Heb. 1:2) deur hulle mede-erfgenaamskap sal wees (vgl. Rom. 8:17; Gal. 4:7), naamlik:

1. die koninkryk (vgl. Mat. 25:34; 1 Kor. 6:9-10; 15:50)
2. die ewige lewe (vgl. Mat. 19:29)
3. God se beloftes (vgl. Heb. 6:12)
4. God se bewaring van sy beloftes (1 Pet. 1:4; 5:10)

■ NASB, NKJV	“if indeed we suffer with Him”
NRSV	“if, in fact, we suffer with Him”
TEV	“for if we share Christ’s sufferings”
JB	“sharing his sufferings”
NAV, CUM-NLV	“as ons bereid is om saam met Christus te ly”
OAV	“as ons naamlik saam met Hom ly”
CUM-MVB	“aangesien ons deel het aan sy lyding”

Lyding is die norm vir gelowiges in 'n gevalle wêreld (vgl. Mat. 5:10-12; Joh. 15:18-21; 16:1-2; 17:14; Han. 14:22; Rom. 5:3-4; 8:17; 2 Kor. 4:16-18; Fil. 1:29; 1 Tes. 3:3; 2 Tim. 3:12; Jak. 1:2-4; 1 Pet. 4:12-19). Jesus het die weg aangewys (vgl. Heb. 5:8). Die res van die hoofstuk brei uit op hierdie tema.

■ NASB	“glorified with Him”
NAV, CUM-NLV	“ook deel hê aan sy heerlikheid”
OAV	“saam met Hom verheerlik”
CUM-MVB	“in sy goddelike grootheid sal deel”

In die geskryfte van Johannes verwys Jesus telkens na sy dood as die geleentheid waartydens hy “verheerlik gaan word”. Jesus is deur sy lyding verheerlik. Danksy hulle posisie in Christus deel gelowiges die gebeurlikhede van Jesus se lewe, maar dikwels ook by wyse van eie ervaring (vgl. Rom. 6). Sien *Vir Speciale Aandag: Heers in die Koninkryk van God* by 5:17-18.

**NASB (UPDATED) TEXT: 8:18-25**

**<sup>18</sup>For I consider that the sufferings of this present time are not worthy to be compared with the glory that is to be revealed to us. <sup>19</sup>For the anxious longing of the creation waits eagerly for the revealing of the sons of God. <sup>20</sup>For the creation was subjected to futility not willingly, but because of Him who subjected it, in hope <sup>21</sup>that the creation itself will also be set free from its slavery to corruption into the freedom of the glory of the children of God. <sup>22</sup>For we know that the whole creation groans and suffers the pains of childbirth together until now. <sup>23</sup>And not only this, but also we ourselves, having the first fruits of the Spirit, even we ourselves groan within ourselves, waiting eagerly for our adoption as sons, the redemption of our body. <sup>24</sup>For in hope we have been saved, but hope that is seen, is not hope; for who hopes for what he already sees? <sup>25</sup>But if we hope for what we do not see, with perseverance we wait eagerly for it.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 8:18-25.*

<b>8:18</b> NASB	“consider”
NAV	“daarvan oortuig”
OAV	“reken”
CUM-NLV	“weet verseker”

Letterlik beteken dit “maak 'n optelsom”. Dis 'n PRAESENS MEDIUM INDIKATIEF. Paulus bereken steeds die implikasies van Christelike lyding. Dit was 'n rekenkundige term wat 'n noukeurig berekende uitkoms ten doel gehad het. Dit kom herhaaldelik voor in Romeine (vgl. die aantekening by 2:3). Gelowiges moet immers in die lig waaroor hulle beskik, geestelike waarhede verstaan en uitleef.

■ **“the sufferings” (“die lyding”):** Ons kry 'n idee oor die lyding wat met 'n lewe in Christus gepaardgaan uit 1 Kor. 4:9-12; 2 Kor. 4:7-12; 6:4-10; 11:24-27; Heb. 11:35-38.

■ NASB	“of this present time”
NAV	“wat ons nou moet verduur”
OAV	“die teenwoordige tyd”
CUM-NLV	“ons huidige”

Die Jode het geglo dat die wêreldgeskiedenis in twee bedelings verdeel word, naamlik die huidige bose era en 'n toekomstige eeu van geregtigheid (vgl. Mat. 12:32; Mark. 10:30). Hulle

verwagting was dat die komende Messias hierdie nuwe eeu van geregtigheid tot stand sou bring. Nou is dit egter die geval dat die twee komste van Christus, d.w.s. vleeswording as Verlosser, en wederkoms as Here, oorvleuel met hierdie Joodse era-verdeling. Gevolglik leef gelowiges in 'n spanning van “alreeds” en “nog nie” wat die koninkryk van God betref. Vergelyk *Vir Spesiale Aandag: Hierdie Bedeling en die Bedeling Daarop* by 12:2.

■ NASB	<b>“worthy [...] glory”</b>
NAV, OAV	<b>“opweeg [...] heerlikheid”</b>
CUM-NLV	<b>“vergelyk kan word [...] heerlikheid”</b>
CUM-MVB	<b>“opweeg [...] goddelike grootheid”</b>

Albei hierdie terme uit die OT hou verband met gewig; dit wat swaar weeg, is waardevol. “[O]pweeg” (“worthy”) is 'n kommersiële term wat beteken iets “weeg soveel as”. “Heerlikheid” (“glory”) hou ook verband met die stamwoord vir gewig en dit wat swaar is/waardevol is (soos byvoorbeeld goud). Sien die breedvoerige aantekening by 3:23.

Die term “heerlikheid” in Paulus se geskifte het 'n eskatologiese oriëntasie. Dit verwys na die luisterrykheid en mag van die terugkerende, verheerlikte en verhoogde Christus (vgl. Kol. 3:4). Vergelyk *Vir Spesiale Aandag: Heerlikheid* by 3:23.

■ NASB	<b>“that is to be revealed to us”</b>
NAV	<b>“vir ons die toekoms sal laat aanbreek”</b>
OAV	<b>“wat aan ons geopenbaar sal word”</b>
CUM-NLV	<b>“ons gaan verras”</b>
CUM-MVB	<b>“sal wys”</b>

Hier dus 'n PASSIEWE VORM wat op die werksaamheid van God of die Gees dui (vgl. vers 20). Gelowiges leef in hierdie lewe deur geloof en nie deur sig nie (vgl. vers 24 en 1 Kor. 2:9; 13:1; 2 Kor. 5:7; Heb. 11:1).

<b>8:19</b> NASB	<b>“the anxious longing of the creation waits eagerly”</b>
NAV	<b>“die skepping sien met gespanne verwagting daarna uit”</b>
OAV	<b>“die skepping wag met reikhalsende verlange”</b>
CUM-NLV	<b>“die skepping smag”</b>

Die fisieke skepping word voorgestel as 'n persoon (personifikasie) wat sy nek rek om die horison te verken. Die skepping is bederf toe Adam en Eva gerebelleer het (vgl. Gen. 3:7-19). Die hele skepping sal uiteindelik bevry word (behalwe vir opstandeling-engele, ongelowige mense en hulle voorbereide plek van verlatenheid, vgl. Bruce Corley en Curtis Vaughan, *Romans*, bl. 95, voetnota 46).

## VIR SPESIALE AANDAG: NATUURLIKE HULPBRONNE

### I. Inleiding

- A. Die hele skepping is die agterdoek of verhoog vir God se liefdesverhouding met die mensdom.
- B. Dit is meegesleur in die sondeval (vgl. Gen. 3:17; 6:1vv; Rom. 8:18-20). Daarom sal die skepping ook deel uitmaak van die eskatologiese verlossingsplan (Jes. 11:6-9; Rom. 8:20-22; Openb. 21-22).
- C. 'n Sondige mensdom verkwis die natuurlike omgewing met ongelooflike selfsug. 'n Aanhaling uit *The Canon of Westminster* (Edward Carpenter):

“... man’s relentless assault, in a global context, upon the universe around him – that is on God’s creation – an attack on the air which he pollutes; the natural waterways which he befouls; the soil which he poisons; the forests which he hews down, heedless of the long-term affects of this wanton destruction. This attack is piecemeal and uncoordinated. Scant regard is paid to any balance of nature and consequently little sense of responsibility for what one generation owes to another.”
- D. Ons pluk nie alleen die vrugte van besoedeling en oorbenutting van ons planeet nie, maar ons nageslag sal selfs meer nog as ons met ernstige, onomkeerbare gevolge opgesaal wees.

### II. Bybelse Gegewens

#### A. Ou Testament

##### 1. Genesis 1-3

- a. Die skepping is 'n spesiale plek wat God geskep het vir sy vertrouensvriendskap met die mensheid (vgl. Gen. 1:1-25).
  - b. Die skepping is goed (vgl. Gen. 1:4, 10, 12, 18, 21, 25); eintlik baie goed (vgl. Gen. 1:31). Dit was bestem om 'n getuienis van God te wees (Ps. 19:1-16).
  - c. Die mensdom is bestem om die kroon van die skepping te wees (vgl. Gen. 1:26-27).
  - d. Die mensdom was bestem om daarvoor te heers (Hebreeus, “om te betree/bewandel”) as 'n rentmeester vir God (vgl. Gen. 1:28-30; Ps. 8:3-8; Heb. 2:6-8). God is, en bly, die Skepper/Onderhouer/Verlosser/Heer van die skepping (vgl. Eks. 19:5; Job. 37-41; Ps. 24:1-2; 95:3-5; 102:25; 115:15; 121:2; 124:8; 134:3; 146:6; Jes. 37:16).
  - e. Die mensdom se rentmeesterskap word in Gen. 2:15 beskryf: “om dit te bewerk, te onderhou en te bewaak” (vgl. Lev. 25:23; 1 Kron. 29:14).
- ##### 2. God het die skepping lief – veral diere
- a. Mosaïese wetgewing vir regte behandeling van diere
  - b. YHWH speel met Leviatan (Ps. 104:26)
  - c. God is besorg oor diere (Jona 4:11)
  - d. die natuur aanwesig in die eskatologiese gebeure (Jes. 11:6-9; Openb. 21:22)
- ##### 3. Tot 'n mate verheerlik die natuur vir God (Ps. 19:1-6; Ps. 29:1-9; Job 37-41)
- ##### 4. Die natuur is 'n manier hoe God sy verbondsliefde en lojaliteit betoon (Deut. 27-28; 1 Kon. 17; in alle profetiese geskrifte).

## B. Nuwe Testament

1. God word gesien as die Skepper. Daar is net een skepper: die Drie-Enige God (Elohim, Gen. 1:1; die Gees, Gen. 1:2; en Jesus, NT). Alles anders is geskape.
  - a. Han. 17:24
  - b. Heb. 11:3
  - c. Openb. 4:11
2. God skep deur Jesus
  - a. Joh. 1:3, 10
  - b. 1 Kor. 8:6
  - c. Kol. 1:16
  - d. Heb. 1:2
3. In sy preke verwys Jesus indirek na God se sorg vir sy skepping
  - a. Mat. 6:26, 28-30, voëls in die lug en lelies van die veld
  - b. Mat. 10:29, mossies
4. Paulus toon aan dat alle mense vir hulle kennis van God, soos in die natuur geopenbaar, verantwoordelik is (Rom. 1:19-20; Openb. 21-22).

## III. Gevolgtrekking

- A. Ons is gebonde aan hierdie natuurorde!
- B. Soos alle goeie gawes van God, het die mens die gawe van die natuur misbruik.
- C. Hierdie natuurorde is van verbygaande aard. Dit sal tot niet gaan (2 Pet. 3:7). God lei ons wêreld na 'n historiese eindpunt. Sonde sal voortwoeker, maar God het daarvoor perke gestel. Die skepping sal vrygemaak word (Rom. 8:18-25).

▣ NASB	“for the revealing”
NAV	“dat God bekend sal maak”
OAV	“op die openbaarmaking”
CUM-NLV	“openlik bekend sal stel”

Hierdie uitdrukking beteken “om die gordyn oop te trek”, dus om openbaar te maak of in te lig. Dit is ook die titel van die laaste boek van die NT, “die Apokalips”, oftewel Openbaring. Die wederkoms word dikwels na verwys as die openbaring of koms (van Jesus Christus – 1 Kor. 1:7-8;).

▣ NASB	“the sons of God”
NAV	“wie sy kinders is”
OAV	“die kinders van God”

'n Familie-metafoor om na Christene te verwys (vgl. 8:14-16). Dit verwys na God as Vader en na Jesus as sy unieke Seun (vgl. Joh. 1:18; Heb. 1:2; 3:6; 5:8; 7:28; 1 Joh. 4:9).

In die OT word Israel ook God se “seun” genoem (vgl. Hos. 11:1), en so ook die koning (vgl. 2 Sam 7). In die NT kom hierdie konsep vir die eerste keer in Mat. 5:9 voor (dit kom ook voor in Joh. 1:12; 2 Kor. 6:18; Gal. 3:26; 1 Joh. 3:1,10; Openb. 21:7).

<b>8:20</b> NASB, NKJV, NRSV	“for the creation was subjected to futility”
TEV	“For creation was condemned to become worthless”

<b>JB</b>	<b>“it was not for any fault on the part of creation that it was made unable to attain its purpose”</b>
<b>NAV</b>	<b>“die skepping is immers nog aan verydeling onderworpe”</b>
<b>OAV</b>	<b>“Want die skepping is aan die nietigheid onderworpe”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“teen sy wil is die ganse skepping in ‘n sinnelose kringloop van aftakeling vasgevang”</b>

Hier kan die vertaling ook “ydeldheid” wees. Die LXX gebruik dit met verskeie betekenis – betekenisloos, waardeloos, nutteloos, vals gode (afgode), en leegheid. Die ganse skepping het vir God se doel nutteloos geword (vgl. Gen. 3:17-19), maar op ’n dag sal God die vloek van die sondeval wegneem (vgl. Openb. 22:3). Die wêreld is nie wat God se bedoeling daarmee was nie!

▣ <b>NASB</b>	<b>“but because of Him who subjected it, in hope”</b>
<b>NAV</b>	<b>“nie uit eie keuse nie, maar omdat God dit daaraan onderwerp het. Daarby het Hy die belofte van hoop gegee”</b>
<b>OAV</b>	<b>“ – nie gewillig nie, maar terwille van hom wat dit onderwerp het – in die hoop dat”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“as gevolg van God se straf [...] die ganse skepping sien uit”</b>

Die WERKWOORD is ‘n AORISTUS PASSIEF en verwys waarskynlik na God (vgl. NASB, NKJV, TEV, NAV en CUM-NLV). Hy het die fisiese skepping aan nuttelosheid of onvastheid (“futility”) onderwerp:

1. omdat mense wederstrewig was; en
2. in ‘n poging om mense na Hom te laat terugkeer (vgl. Deur. 27-29).

Hierdie beplande nuttelosheid van die skepping is slegs tydelik. Die verlose mensheid het ’n beloofde fisieke toekoms (liggaamlik en in die wêreld).

God het voorafkennis van Adam se rebellie gehad. Hy het toegelaat dat dit gebeur en het verkies om met ’n gevalle mensdom in ’n gevalle wêreld te werk. Dit is nie hoe God die wêreld bedoel het nie. Dis ook nie die wêreld wat eindag sal wees nie (vgl. 2 Pet. 3:10; Openb. 21:1-3). Sien die aantekeninge oor “hoop” by 5:2.

<b>8:21 NASB</b>	<b>“creation itself also will be set free from its slavery to corruption”</b>
<b>NAV, OAV</b>	<b>“dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“die ganse skepping sien uit na die dag wanneer dit ook self van die slawediens aan hierdie verganklikheid bevry sal word”</b>
<b>CUM-MVB</b>	<b>“die skepping sal ook bevry word van sy verslawing aan die vernietiging”</b>

Die natuur sal deel wees van die ewigheid (vgl. Jes. 11:6-10). Die hemel is op pad terug na ’n vernieude aarde (vgl. Mat. 5:18; 24:35; 2 Pet. 3:10; Openb. 21:1). Die toekoms hou ’n terugkeer na die saligheid van Eden in; vertroulikheid tussen God en die mensdom, mens teenoor mens, mense teenoor diere en die mensdom teenoor die aarde! Die Bybel begin met God en mens en dier in ’n harmonieuse vertrouensverhouding in ’n tuin (vgl. Gen. 1-2) en die Bybel sluit af met ’n soortgelyke opset (Openb. 21-22).

▣ **“corruption” (“korrupsie”)**: Sien *Vir Speciale Aandag: Vernietig, Ruïneer, Korrupteer* by 1:23.

■ NASB	<b>“into the freedom of the glory of the children of God”</b>
NAV	<b>“om so tot die vryheid te kom wat hoort by die heerlikheid van die kinders van God”</b>
OAV	<b>“tot die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God”</b>
CUM-NLV	<b>“en deel sal kry aan die heerlike vryheid van God se kinders”</b>
CUM-MVB	<b>“om so tot die vryheid te kom van die goddelike grootheid van die kinders van God”</b>

In vers 14 word gelowiges die “seuns van God genoem”, in vers 16 “kinders van God”, dan in vers 17 “erfgename van God”. In vers 18 word die eskatologiese heerlikheid van God aan gelowiges geopenbaar. In vers 19 wag die skepping op die openbaarmaking van die “seuns/kinders van God ten einde in hul eskatologiese heerlikheid te deel (vgl. vers 21). Hierdie herstel van die skepping, veral dan in mense, sal daartoe meewerk dat die oorspronklike doel van die skepping vervul word – God en ’n mensheid na sy beeld geskape in hartlike vertrouensvriendskap.

<b>8:22</b> NASB	<b>“the whole creation groans”</b>
NAV	<b>“dat die hele skepping tot nou toe sug”</b>
OAV	<b>“die hele skepping tesame sug”</b>
CUMs	<b>“dat die hele skepping aan die kreun is”</b>

Hierdie is ook ’n *syn*-samestelling van Paulus: “kreun saam met”. Hy was die skepper van baie hiervan. Moontlik verwys hy na Jer. 12:4, 11 (vgl. Deut. 27-29) toe die land van Israel getreur het oor hulle verlatenheid wat deur die mense se sonde veroorsaak is.

■ NASB	<b>“suffers the pains of childbirth”</b>
NAV	<b>“sug in die pyne van verwagting”</b>
OAV	<b>“in barensnood is”</b>
CUM-NLV	<b>“aan die kreun is soos iemand met geboortepyne”</b>
CUM-MVB	<b>“saam kreun en saam kraampyne het tot nou toe”</b>

Die “geboortepyne van ’n nuwe eeu” was die beskrywing van hierdie konsep in Joodse kringe (vgl. Mark. 13:8). Die aanbreek van ’n nuwe dag van geregtigheid sal nie sonder probleme verloop nie. Wat betref moraliteit en geestelike toestande van hierdie planeet sal dinge net al slegter word (vgl. 2 Tes. 2:11-12) en so ook die sewe seëls, trompette en skaalbakke van Openb. 5-18. Daar is drie kreunendes in hierdie konteks: (1) skepping, (2) gelowiges, en (3) die Gees as bemiddelaar (vers 26) – al drie weens Gen. 3 (die metafoor ontleen aan vers 16).

**8:23 “we ourselves [...] we ourselves [...] ourselves” (“ons self ook [...] ons [...] in onself”):**  
Die VOORNAAMWOORDE, herhalend en beklemtoond!

■ NASB	<b>“the first fruits of the Spirit”</b>
NAV	<b>“die Gees [...] eerste gawe van God”</b>
OAV	<b>“die eersteling van die Gees”</b>
CUM-NLV	<b>“die Gees as voorsmaak en waarborg”</b>
CUM-MVB	<b>“die Gees ontvang het as die waarborg”</b>

Hierdie term word in moderne Grieks vir ’n “verloofring” gebruik. Dit is sinoniem met “die seël van die Gees” (2 Kor. 1:22) en die “pand van die Gees” (vgl. 2 Kor. 5:5 en Ef. 1:14).

Die eerste vrugte volgens die OT was die belofte van die oes wat kom. Die Gees is die eerste vrug van ’n nuwe bedeling terwyl Christus die eerste vrug van die opstanding was (1 Kor.

15:20). Gelowiges, die kinders van God, ondervind nou iets van die vreugde van die hemel deur die Heilige Gees wat by hulle en in hulle woon. Dit is dan ook die “alreeds, en nog nie” spanning van die twee oorvleuelende Joodse bedelings. Gelowiges is burgers van die hemel wat nog op die aarde woon!

- NASB “we ourselves groan within ourselves”
- NAV, OAV “ons sug ook in onself”
- CUM-NLV “kreun ook in ons binneste”
- CUM-MVB “ons sug ook”

Dit wil skynbaar dui op die dialektiese spanning tussen die “alreeds” en “nog nie” van die oorvleuelende Joodse eras. Die koninkryk van God is teenwoordig, maar nog nie ten volle nie. Gelowiges het die opstandingslewe, maar hulle gaan nog steeds fisies sterf (vgl. 2 Kor. 5:2-4). Ons is gered, maar steeds ook sondig (Rom. 7).

- NASB “waiting eagerly for our adoption as sons”
- NAV “ons sien daarna uit dat God sal bekend maak dat Hy ons as sy kinders aangeneem het”
- OAV “in afwagting van die aanneming tot kinders”
- CUM-MVB “ons sien uit na die aanneming as kinders”

Aanneming is Paulus se gunsteling familie-metafoor om verlossing aan te dui (vgl. vers 15). Gelowiges se verlossing is ’n proses, wat deur ’n aanvanklike besluit, van berou en geloof, aan die gang gesit word. Dit ontwikkel tot ’n lewenstyl wat Christus se gesindheid weerspieël. Gelowiges sal nie volkome verlos wees voor die aanbreek van die opstandingsdag nie (vgl. vers 30 en 1 Joh. 3:2).

Die term “aanneming” ontbreek in ’n aantal Griekse dokumente (vgl. MMS P<sup>46</sup>, D, F, G en enkele ou Latynse weergawes, die Vulgaat, Siriese, Koptiese en Arminiaanse weergawes. Die UBS<sup>4</sup> gradeer dit met ’n A, wat dan daarop dui dat die insluiting grondig is.

- NASB “the redemption of our body”
- NAV “Hy sal ons van die verganklikheid bevry”
- OAV “naamlik die verlossing van ons liggaam”
- CUM-NLV “om van pyn en lyding verlos te word”
- CUM-MVB “Hy sal ook ons liggaam bevry”

Die grondbetekenis hier is “terugkoop”. Die begrip kom uit die OT waar dit die vrystelling van ’n slaaf deur ’n familielid (*go’el*) beteken. Daaruit het die metaforiese betekenis ontwikkel van God wat die gevalle mensdom red uit die sondeslawerny. Die prys was die sondelose lewe van die mensgeworde Seun.

Sien *Vir Speciale Aandag: NT-Getuienis van Persoonlike Verlossing* by 3:24.

Die Christendom bely, soos Judaïsme (vgl. Job 14:14-15; 19:25-26; Dan. 12:2) dat gelowiges tydens die ewige lewe ’n fisieke liggaam sal hê, hoewel moontlik nie vlees en bloed soos tans nie, maar geestelike gestaltes/liggame, volkome toegerus vir bestaan in die werklikhede van die nuwe bedeling en in volkome harmonie met God.

- 8:24 NASB “in hope we have been saved”
- NAV “Ons is immers gered en ons het nou hierdie hoop”
- OAV “Want ons is gered in hoop”
- CUM-NLV “Noudat ons verlos is, sien ons uit”



Hierdie is 'n AORISTUS PASSIEF INDIKATIEF. Terwyl vers 23 na ons toekomstige saligheid verwys, spreek vers 24 van ons verlossing in die verlede tyd, soos bewerkstellig deur die Heilige Gees. Die NT maak van verskillende WERKWOORDTYE gebruik om verlossing te beskryf:

1. AORISTUS, Han. 15:11 (Rom. 8:24; 2 Tim. 1:9; Tit. 3:5 en Rom. 13:11 kombineer die AORISTUS met 'n FUTURUM oriëntasie)
2. PERFEKTUM, Ef. 2:5, 8
3. PRAESENS, 1 Kor. 1:18; 15:2; 2 Kor. 2:15; 1 Pet. 3:21; 4:18
4. FUTURUM, (in WERKWOORD TYDVORM of uit die teksverband afgelei), Rom. 5:9, 10; 10:9; 1 Kor. 3:15; Fil. 1:28; 1 Tes. 5:8-9; Heb. 1:14; 9:28.

Gevolgtik beteken dit dat verlossing met 'n aanvanklike geloofsbesluit begin, gevolg deur progressiewe lewenstoewyding – 'n lewe van geloof – wat eendag op aanskoue uitloop (vgl. 1 Joh. 3:2).

### **VIR SPESIALE AANDAG: HOOP**

Paulus het hierdie term op 'n verskeidenheid maniere gebruik, wat wel almal met mekaar in verband staan. Dikwels hou dit verband met die gelowige se hoop op vervulling van sy geloof (sien 1 Tim. 1:1). Dit word dan uitgedruk as heerlikheid, ewige lewe, volkome verlossing, wederkoms, ens. Vervulling is verseker, maar die tydsaspek – die toekoms – is onbekend. Hoop word dikwels geassosieer met geloof en liefde (vgl. 1 Kor. 13:13; 1 Tes 1:3; 2 Tes 2:16). Hier volg 'n onvolledige lys van Paulus se gebruike van hierdie term:

1. Die wederkoms, Gal. 5:5, Ef. 1:18; 4:4; Tit. 2:13
2. Jesus is ons hoop, 1 Tim. 1:1
3. Die gelowige onberispelik voor God, Kol. 1:22-23; 1 Tes. 2:19
4. Hoop is weggeleë in die hemel, Kol. 1:5
5. Hoop van die evangelie, Kol. 1:23; 1 Tes. 2:19
6. Uiteindelijke verlossing, Kol. 1:5; 1 Tes. 4:13; 5:8
7. Die heerlikheid van God, Rom. 5:2; 2 Kor. 3:12, Kol. 1:27
8. Die verlossing van die heidene deur Christus, Kol. 1:27
9. Sekerheid van saligheid, 1 Tes. 5:8
10. Ewige lewe, Tit. 1:2, 3:7
11. Die goeie gevolg van Christelike volwassenheid, Rom. 5:2-5
12. Verlossing van die hele skepping, Rom. 8:20-22
13. Aanneming volbring, Rom. 8:23-25
14. 'n Titel vir God, Rom. 15:13
15. Paulus se wens vir gelowiges, 2 Kor. 1:7
16. Die OT as riglyn vir gelowiges, Rom. 15:4

- |          |                        |
|----------|------------------------|
| ■ NASB   | “with perseverance”    |
| NAV, OAV | “met volharding”       |
| CUM-NLV  | “gretig en volhardend” |

Hierdie term (*hupomonē*) kom ook in 5:3 en 15:4-5 voor. Gelowiges se vordering tot volwassenheid is 'n proses wat eendag tot voltooiing sal kom. Volharding (vgl. Openb. 2:8, 11, 17, 26; 3:5, 12, 21; 21:7) is nodig as Bybelse balans vir Baptiste wat so graag oorbeklemtoon met hulle “eenmaal gered, vir altyd gered”. Die meeste Bybelse waarhede wil 'n dialektiese spanning volhou en kom daarom voor in kontrasterende pare (paradoks).

## VIR SPESIALE AANDAG: VOLHARDING IS NOODSAAKLIK

Bybelse leerstellings in verband met die Christelike lewe is moeilik om te verklaar omdat hulle in tipies Oosterse dialektiese pare aangebied word. Hierdie pare is oënskynlik weersprekend van aard (paradoksaal), maar beide is Bybelse waarhede. Westerse Christene is geneig om selektief een kant van die waarheid te oorbeklemtoon ten koste van die ander kant. Byvoorbeeld:

1. Is verlossing 'n eenmalige besluit om Christus daarvoor te vertrou, of is dit toegewyde dissipelskap lewenslank?
2. Is verlossing die genadige uitverkiesing van 'n almagtige God of is dit die mens se gelowige en berouvolle aanvaarding van 'n goddelike genade-aanbod?
3. Is verlossing, wanneer dit aanvaar is, onmoontlik om te verloor, of is daar 'n vereiste van volgehoue toewyding?

Die kwessie van volharding was 'n geskilpunt regdeur die geskiedenis van die kerk. Die probleme ontstaan met oënskynlik weersprekende gedeeltes in die NT.

1. Teksgedeeltes oor sekerheid
  - a. uitsprake van Jesus (vgl. Joh. 6:37; 10:28-29)
  - b. uitsprake van Paulus (vgl. Rom. 8:35-39; Ef. 1:13; 2:5, 8-9; Fil. 1:6; 2:13; 2 Tes. 3:3; 2 Tim. 1:12; 4:18)
  - c. uitsprake van Petrus (1 Pet. 1:4-5)
2. Teksgedeeltes oor die nodigheid van volharding
  - a. uitsprake van Jesus (vgl. Mat. 10:22; 13:1-9, 24-30; 24:13; Mark. 13:13; Joh. 8:31; 15:4-10; Openb. 2:7, 17, 20; 3:5, 12, 21)
  - b. uitsprake van Paulus (vgl. Rom. 11:22; 1 Kor. 15:2; 2 Kor. 13:5; Gal. 1:6; 3:4; 6:9; Fil. 2:12; 3:18-20; Kol. 1:23)
  - c. uitsprake van die skrywer van Hebreërs (vgl. 2:1; 3:6, 14; 6:11)
  - d. uitsprake van Johannes (1 Joh. 2:6; 2 Joh. 9)
  - e. uitspraak van die Vader (Openb. 21:7)

Bybelse verlossing vloei voort uit die liefde, barmhartigheid en genade van 'n soewereine Drie-Enige God. Geen mens kan gered word sonder die inisiatief van die Gees nie (vgl. Joh. 6:44, 65). Godheid lei die gebeure en bepaal die verloop van sake, maar vereis dat mense antwoord in geloof en met berou, beide aanvanklik en voortdurend. God werk met die mens in 'n verbondsverhouding. Daar is voorregte, maar ook verantwoordelikhede!

Verlossing word vir alle mense aangebied. Jesus het deur sy dood die gevalle skepping se sondeprobleem uitgesorteer. God het 'n weg voorberei en wil dat almal wat na sy beeld geskape is, op sy uitnodiging van liefde en voorsiening in Jesus sal antwoord.

Sou u belangstel om meer van die onderwerp uit 'n nie-Calvinistiese perspektief te wete te kom, sien:

1. Dale Moody, *The Word of Truth*, Eerdmans, 1981 (bl. 348-365)
2. Howard Marshall, *Kept by The Power of God*, Bethany Fellowship, 1969
3. Robert Shank, *Life in the Son*, Westcott, 1961

Die Bybel onderrig hier met die oog op twee verskillende probleme wat op die gebied ondervind word: (1) diegene wat sekerheid sien as 'n reg om sonder vrug en selfsugtig met die lewe om te gaan, en (2) bemoediging vir diegene in diens van God, wat ook nog met eie sonde

worstel. Die probleem ontstaan daarin dat groepe met verkeerde voorveronderstellings die verkeerde boodskap uit beperkte Bybelse gegewens haal en hulle teologiese sisteem daarop baseer. Sommige Christene het inderdaad groot behoefte aan die boodskap omtrent sekerheid, hoewel andere weer streng oor hulle lewenswyse vermaan moet word. In watter groep val u?

**NASB (UPDATED) TEXT : 8:26-27**

**<sup>26</sup>In the same way the Spirit also helps our weakness; for we do not know how to pray as we should, but the Spirit Himself intercedes for us with groanings too deep for words; <sup>27</sup>and He who searches the hearts knows what the mind of the Spirit is, because He intercedes for the saints according to the will of God.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 8:26-27.*

**8:26 NASB** "In the same way"  
**OAV** "en net so"  
**CUM-NLV** "ook nog boonop"

Hiermee word die Gees se werk as voorspraak met die "kreun" en "hoop" van verse 23-25 verbind.

▣ **NASB** "the Spirit also helps"  
**NAV** "staan die Gees ons ook in ons swakheid by"  
**OAV** "kom ook die Gees ons swakhede te hulp"  
**CUM-NLV** "die Gees van God help ons"  
**CUM-MVB** "Die Gees staan ons ook in ons swakheid by"

Hierdie is 'n PRAESENS MEDIUM INDIKATIEF. Dit is 'n dubbelsamestelling met *syn* en *anti* (vgl. vers 28). Die beste vertaling skyn te wees "om op te neem vir" ("take hold with"). Dié term kom net hier en in Luk. 10:40 voor. Die Drie-Enige God is geheel op gelowiges gerig. Die Vader het die Seun gestuur om vir die mensdom te sterf en ook Hy tree nou vir ons in (vgl. vers 34; 1 Joh. 2:1). Die Gees lei die gevalle mensdom na Christus toe en bring 'n Christus-leefwyse in hulle tot stand (vgl. Joh. 16:8-15). Maar die term "help" (om op te neem vir) beteken dan dat die gelowige ook 'n verantwoordelikheid het om die hulp van die Gees toe te eien.

▣ **NASB** "the Spirit intercedes for us with groaning too deep for words"  
**NAV** "die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê kan word nie"  
**OAV** "die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge"  
**CUM-NLV** "die Gees self neem ons gebedsbehoefte voor God op met versugtinge wat nie in menslike taal verwoord kan word nie"

Gelowiges kreun oor hulle vervalde staat, maar die Gees se sugte tree in vir hulle. Die inwonende Gees bid in die verlostes, en Christus aan die regterhand van die Vader bid ook vir hulle (vgl. verse 27, 34; Heb. 9:24; 1 Joh. 2:1). Dis hierdie intrede/voorspraak wat die gelowige bemagtig om ook te kan bid (vgl. vers 15; Gal. 4:6). Hierdie frase verskaf weens die konteks nie steun vir die gawe van vreemde tale nie. Slegs intrede voor die Vader is hier ter sprake.

▣ **NASB** "intercedes"  
**NAV** "pleit vir"  
**OAV** "tree [...] in"  
**CUM-NLV** "neem [...] voor God op"

Sien *Vir Speciale Aandag*: “Huper”-Verbindings by 1:30.

**8:27 NASB** “He who searches the heart”  
**NAV** “En God wat die harte deurgrond”  
**OAV** “hy wat die harte deursoek”  
**CUM-NLV** “wat die dieptes van elke hart deurgrond”

Hierdie tema word dikwels in die OT herhaal (vgl. 1 Sam. 2:7; 16:7; 1 Kon. 8:39; 1 Kron. 28:9; 2 Kron. 6:30; Ps. 7:9; 44:21; Spr. 15:11; 20:27; 21:2; Jer. 11:20; 17:9-10; 20:12; Luk. 16:15; Han. 1:24; 15:8). God ken ons deur en deur en het ons nogtans lief (vgl. Ps. 139).

■ **NASB** “He intercedes for the saints”  
**NAV** “want Hy pleit [...] vir die heiliges”  
**OAV** “vir die heiliges intree”  
**CUM-NLV** “vir die gelowiges intree”

In Joh. 16:2-15 word die werke van die Gees duidelik uiteengesit en voorbidding is een van hulle. Die term “heiliges” kom gewoonlik in die meervoud voor, behalwe in Fil. 4:21 waar dit tog nog alle gelowiges insluit. Christene is lede van God se familie; hulle is die “liggaam van Christus”, die nuwe tempel, opgerig met individuele gelowiges. Dit dien as noodsaaklike teologiese balans vir die Westerse/Amerikaanse individualisme. Sien *Vir Speciale Aandag: Heiliges* by 1:7.

#### **VIR SPESIALE AANDAG: DIE HEILIGE GEES AS PERSOON**

Hierdie is die eerste verwysing in Romeine na die Heilige Gees as Persoon, hoewel by die naam ook op ander plekke noem (vgl. 5:5; 9:1; 14:17; 15:13, 16). In die OT was die “Gees van God” (*Ruach*) ’n krag ter uitvoering van YWHW se doelstellings, maar daar was geen aanduiding van persoonlikheid nie (vgl. monoteïsme). Die NT skryf egter ’n volledige persoonlikheid (of persoonskap) aan hom toe.

1. Daar kan teenoor Hom gelaster word (Mat. 12:31; Mark. 3:29)
2. Hy onderrig (Luk. 12:12; Joh. 14:26)
3. Hy lewer getuigenis (Joh. 15:26)
4. Hy veroordeel en gee leiding (Joh. 16:7-15)
5. Die VOORNAAMWOORD “wie” word gebruik om Hom aan te dui (bv. *hos* – Ef. 1:14)
6. Hy kan bedroef word (vgl. Ef. 4:30)
7. Hy kan “geblus” word (1 Tes. 5:19)

Trinitariese tekste spreek van drie persone (vgl. Mat. 28:19; 2 Kor. 13:14; 1 Pet. 1:2). Die Gees word ook geassosieer met menslike aktiwiteit (Han. 15:28; Rom. 8:26; 1 Kor. 12:11; Ef. 4:30; 1 Tes. 5:15).

Heel aan die begin van Handelingte word die aktiwiteit van die Gees beklemtoon. Pinkster was nie die begin van die werk van die Gees nie, maar ’n nuwe hoofstuk. Jesus het altyd die Gees gehad. Jesus se doop was nie die begin van die Gees se werk nie, eerder ’n nuwe hoofstuk. Lukas berei die kerk voor op ’n nuwe hoofstuk van effektiewe bediening. Jesus is steeds die fokus. Die Gees is steeds die effektiewe agent. Die Vader se liefde, vergifnis en herstel van alle mense om sy beeld te vertoon, is steeds die doel!

**NASB (UPDATED) TEXT: 8:28-30**

**28**And we know that God causes all things to work together for good to those who love God, to those who are called according to *His* purpose. **29**For those whom He foreknew, He also predestined to become conformed to the image of His Son, so that He would be the firstborn among many brethren; and these whom he predestined, He also called; and those He called, He also justified; and these whom He justified, He also glorified.

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 8:28-30.*

**8:28** “**all things**” (“**alles**”): Die vroeë Griekse hooflettertekste A en B lees hier: “God bepaal alle dinge”. Die papyrus manuskrip P<sup>46</sup> lees hier dat “God” die onderwerp is van “samerwerking” of “gesamentlike werk”. Dit is selfs grammatikaal moontlik dat die onderwerp van vers 28 die Gees kan wees (vgl. vers 27, NEB en REB). Die vers staan ook in verband met die lyding soos in verse 17-18 uitgebeeld sowel as die “sugtinge” van vers 23. In die lewe van gelowiges bestaan daar nie iets soos geluiskans of noodlot nie.

■ NASB	“to work together for good”
NAV	“ten goede laat meewerk”
OAV	“ten goede meewerk”
CUM-NLV	“ten goede laat saamwerk”

Hierdie is ‘n PRAESENS AKTIEF INDIKATIEF. Dit is ook ‘n *syn*-samestelling (vgl. vers 26). Dit beteken dan dat alle dinge voortdurend met mekaar in wisselwerking is met die doel om ‘n goeie uiteinde te bewerkstellig. Dit is ‘n moeilike konsep in ‘n wêreld vol boosheid en lyding (twee waardevolle boeke oor die onderwerp is *The Goodness of God* deur Wenham en Hannah Withall Smith, en *The Christian’s Secret of a Happy Life*). Die “goeie” word in vers 29 gedefinieer as: “om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun”. Christusgelykvormigheid, nie voorspoed, roem of gesondheid nie, is God se onveranderlike plan vir elke gelowige.

■ NASB	“to those who love God, to those who are called according to <i>His</i> purpose”
NAV	“vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is”
OAV	“vir hulle vir wie God liefhet, hulle wat na sy voorneme geroep is”
CUM-NLV	“vir hulle wat Hom liefhet, hulle wat geroep is volgens sy doel vir hulle lewe”

Hierdie is twee PRAESENS AKTIEF DEELWOORDE. Dit verleen ‘n bevoegdheid aan gelowiges om ‘n positiewe uitkyk op die lewe te handhaaf, ondanks omstandighede (vgl. vers 15). Weereens, let op die tweeledigheid van menslike vryheid, net soos in die verbond, naamlik liefde en die soewereiniteit van God.

**8:29-30** Die werkwoorde in hierdie verse is almal AORISTUS AKTIEF INDIKATIEF. Dit vorm ‘n ketting van die voortyd tot nadat tyd nie meer sal bestaan nie. God ken ons en Hy is steeds vir ons lief. Hy wil dat ons in die toekoms by Hom moet wees. Die konteks hier vereis dat die bedoeling gemeenskaplik is en moenie individueel opgeneem word nie. Die groot geleentheid van die verheerliking wag in die toekoms, maar in hierdie konteks word dit as ‘n voltooide en aanwesige gebeurtenis voorgestel.

<b>8:29</b> NASB	“foreknew”
NAV	“die wat Hy lank tevore verkies het”

OAV  
CUM-NLV

“vantevore geken het”  
“hulle reeds vooruit geken”

Paulus gebruik die term hier twee keer en weer in 11:2. In 11:2 sinspeel dit op God se liefde vir Israel, selfs al voor die begin van tyd. ’n Mens moet onthou dat die term “ken” (“know”) in Hebreeus ’n noue, innige en persoonlike verhouding beskryf; nie maar net feitekennis omtrent iemand nie (vgl. Gen. 4:1; Jer. 1:5). Hier word die term by ’n reeks (Gods-)handelinge ingesluit (ken – verordineer – roep – verheerlik, vgl. verse 29-30). “Vooruit geken” het wel te doen met predestinasie. Maar “vooruit geken” vorm nie die basis van uitverkiesing nie, aangesien uitverkiesing dan sou berus op die gevalle mensdom se reaksie in die toekoms. Dit maak uitverkiesing afhanklik van verwagte menslike meriete. Hierdie term kom in Han. 26:5; 1 Pet. 1:2, 20; en 2 Pet. 3:17 ook voor.

■ NASB  
NAV  
OAV

“predestined”  
“verkies het”  
“verodineer”

Die terme “vooruit ken” (*proginōskō*) of “uitverkies” (*proorizō*) is beide woordsamestellings met *pro*, wat beteken dat dit met die tydsbepaling “vooraf” vertaal moet word; dus “vooraf geken”, “vooraf begrens” of “vooraf gemerk”. Die definitiewe uitverkiesingstekste in die NT is Rom. 8:28-30; Ef. 1:3-14; en Rom. 9. Baie duidelik wil hierdie tekste sê dat God soewereine beskikkingsreg het. Hy is in volle beheer van alle dinge, die mensdom se geskiedenis ingesluit. Daar is ’n voorafbepaalde raadsplan wat in die tyd uitgewerk word. Hierdie plan is egter nie willekeurig of selektief nie. Dit is nie net op sy soewereiniteit en voorkennis gebaseer nie, maar ook op sy onveranderlike karakter van liefde, barmhartigheid en onverdiende genade.

Ons moet daarteen waak dat ons Westerse (Amerikaanse) individualisme of evangeliese ywer hierdie wonderlike waarheid nie verduister nie. Ook moet ook nie gepolariseer word in kampe van teologiese konflik nie: Augustinus versus Pelagius of, Calvinisme versus Arminianisme.

Uitverkiesing is nie ’n leerstelling wat probeer om God se liefde, genade en barmhartigheid in te perk nie. Dit is ook nie veronderstel om sommige dele van die evangelie uit te sluit nie. Die doel van uitverkiesing is om gelowiges se lewensuitkyk te vorm en sodoende te versterk. God is vir die hele menslike geslag (vgl. Joh. 3:16; 1 Tim. 2:4; 2 Pet. 3:9). God is in beheer van alle dinge. Wie of wat kan ons van Hom afskei? (Rom. 8:31-39). Daar is twee maniere om die lewe te beoordeel, waarvan die een uitverkiesing is. Alle geskiedenis is vir God (soos) die hede. Mense is tydgebonde. Ons perspektiewe en verstandelike vermoëns is beperk. Daar is nie teenstrydigheid tussen God se soewereiniteit en die mens se vrye wil nie. Beide word in die verbondstruktuur in ag geneem. Dit is nog ’n voorbeeld van Bybelse waarheid aangebied in dialektiese spanning. Bybelse waarheid word gewoonlik vanuit verskillende perspektiewe aangebied. Dikwels kom dit paradoksaal voor. Die waarheid is dan ’n balans tussen oënskynlik teenoorgestelde pole. Ons moenie die spanning wegneem deur op een van die waarhede te konsentreer nie. Ons moenie enige Bybelwaarheid isoleer van die ander nie.

Dit is belangrik om by te voeg dat uitverkiesing nie beteken ons gaan hemel toe wanneer ons sterf nie; ook Christus-gesindheid in die daaglikse lewe is bepalend (vgl. Ef. 1:4; 2:10)! Ons is uitverkies om “heilig en onberispelik” te wees. God het verkies om ons te verander sodat ander daardeur aangemoedig mag word om ook op sy uitnodiging te antwoord met geloof in Christus. Uitverkiesing is nie ’n persoonlike voorreg nie, maar ’n verantwoordelikheid wat vir alle verbondsmense geld.

- **NASB** “to become conformed to the image of His Son”
- NAV, OAV** “om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun”
- CUMs** “en Hy het hulle aangewys om soos sy Seun te word”

Hier vind ons die sentrale waarheid van hierdie gedeelte. Dít is die doel van Christenskap (vgl. Gal. 4:19; Ef. 4:13); Heiligheid is God se wil vir elke gelowige. God se uitverkiesing is vir die doel van Christus-gelykvormigheid (vgl. Ef. 1:4), nie ’n spesiale status nie. Die beeld van God wat met die skepping in die mensdom vasgelê is (vgl. Gen. 1:26; 5:1, 3; 9:6) moet herstel word (vgl. Kol. 3:10). Sien die aantekening by 8:21 en *Vir Speciale Aandag: Geroep* by 1:6.

- **NASB** “that He might be the firstborn among many brethren”
- NAV** “sodat sy Seun baie broers kan hê van wie Hy die Eerste is”
- OAV** “sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders”
- CUM-NLV** “die oudste Seun wees omring deur baie broers en susters”

In Ps. 89:27 is “eersgeborene” ’n titel vir die Messias. In die OT het die eersgebore seun voorrang en spesiale behandeling geniet. Die term is ook in Kol. 1:15 gebruik om Jesus se spesiale posisie in die skepping te beklemtoon, terwyl Kol. 1:18 en Openb. 1:5 Jesus toon as die voorganger in opstanding in wie se voortrefflikheid gelowiges deel.

Dit gaan hier nie oor Jesus se menswording nie, maar oor Hom as die hoof van ’n nuwe volk (Rom. 5:12-21); die eerste in alle dinge; die toonaangewer van ons geloof; die kanaal waardeur die Vader die geloofsfamilie seën. Sien *Vir Speciale Aandag* hieronder.

#### **VIR SPESIALE AANDAG: DIE EERSGEBORENE**

Die woord “eersgeborene” (*prōtotokos*) word in die Bybel op duidelik onderskeibare maniere aangewend:

1. OT-agtergrond dui op die voorrang wat ’n oudste seun in ’n gesin geniet (Ps. 89:27; Luk. 2:7; Rom. 8:29)
2. gebruik van die term in Kol. 1:15 as die Eerste in die skepping, herinner aan Spr. 8:22-31, of dan ook aan die Werksame deur wie God se skepping tot stand kom (vgl. Joh. 1:3; 1 Kor. 8:6; Kol. 1:15-16; Heb. 1:2)
3. in Kol. 1:18; 1 Kor. 15:20 en hier in vers 29 is Hy die eersgeborene uit die dood
4. dit is ook ’n OT-titel vir die Messias (vgl. Ps. 89:27; Heb. 1:6; 12:23). Met hierdie titel word verskeie aspekte van Jesus se voortrefflikheid en voorrang opgesom. In ag genome die konteks is #3 en #4 mees gepas.

- 8:30 NASB** “glorified”
- NAV, OAV** “het [...] verheerlik”
- CUM-NLV** “beslis heerlijkheid gee”
- CUM-MVB** “het [...] in sy hemelse grootheid laat deel”

Die begrip “heerlikheid” word dikwels in die Bybel aan God toegeskryf. Die term kom uit die kommersiële denkwêreld waar “gewigtig/swaar” die betekenis van die woordstam is. Die implikasie is dan dat iets waardevol is, soos goud byvoorbeeld. Sien *Vir Speciale Aandag: Heerlikheid* by 3:23. Teologies gesproke red God die gevalle mensheid in ’n reeks stappe, soos in verse 29-30 opgeteken staan. Die laaste hiervan is “verheerliking”. Dit sal die gelowige se volkome verlossing beteken. Dit sal op die opstandingsdag gebeur wanneer aan gelowiges hulle

nuwe geestelike liggame geskenk word (vgl. 1 Kor. 15:50-58) om verenig te wees met die Drie-Enige God en met mekaar (vgl. 1 Tes. 4:13-18; 1 Joh. 3:2).

**NASB (UPDATED) TEXT: 8:31-39**

**<sup>31</sup>What then shall we say to these things? If God *is* for us, who *is* against us? <sup>32</sup>He who did not spare His own Son, but delivered Him over for us all, how will He not also freely give us all things? <sup>33</sup>Who will bring charge against God's elect? God is the one who justifies; <sup>34</sup>who is the one who condemns? Christ Jesus is He who died, yes, rather who was raised, who is at the right hand of God, who also intercedes for us. <sup>35</sup>Who will separate us from the love of Christ? Will tribulation, or distress or persecution, or famine, or nakedness, or peril, or sword? <sup>36</sup>Just as it is written, "FOR YOUR SAKE WE ARE BEING PUT TO DEATH ALL DAY LONG; WE WERE CONSIDERED AS SHEEP TO BE SLAUGHTERED." <sup>37</sup>But in all these things we overwhelmingly conquer through Him who loved us. <sup>38</sup>For I am convinced that neither death, nor angels, nor principalities, nor things present nor things to come, nor powers, <sup>39</sup>nor height, nor depth, nor any other created thing, will be able to separate us from the love of God, which is in Christ Jesus our Lord.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 8:31-39.*

<b>8:31 NASB</b>	<b>"What then shall we say to these things"</b>
NAV	<b>"Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge?"</b>
OAV	<b>"Wat sal ons dan van hierdie dinge sê"</b>
CUM-NLV	<b>"Wat sal ons dan van al hierdie wonderlike dinge sê"</b>

Dit was 'n gunsteling spreekwyse van Paulus kragtens sy literêre benadering van 'n veronderstelde beswaarmaker (dialektiek) (vgl. 3:5; 4:1; 6:1; 7:7; 9:14, 30). Hierdie vraag hou verband met die voorafgaande waarhede. Dit is egter onseker presies hoe ver dit terugverwys. Dit kan met 3:21-31 óf 8:1 óf 8:18 in verband staan. Op grond vandie konteks en sy gebruik van "daar is dus" ("therefore") in 8:1, is 8:18 dalk 'n goeie raaiskoot.

▣ NASB	<b>"if"</b>
NAV	<b>"dit"</b>
OAV, CUM-NLV	<b>"as"</b>

Gestruktureer as 'n VOORWAARDELIKE BYSIN KLAS EEN kan dit beskou word as waar vanuit die perspektief van die skrywer of om 'n literêre doel te dien. Wonderbaarlik! Ten spyte van ons worsteling met sonde is God stééds aan ons kant!

▣ NASB	<b>"who is against us"</b>
NAV, OAV	<b>"wie kan teen ons wees"</b>
CUM-NLV	<b>"wie kan ooit teen ons wees"</b>
CUM-MVB	<b>"wie kan dan teen ons wees"</b>

Die VOORNAAMWOORD "wie" word in verse 33, 34 en 35 herhaal om na die Satan te verwys, hoewel hy eers in 16:20 by die naam genoem word. Hierdie paragraaf (verse 31-39) maak gebruik van 'n OT-profetiese literêre tegniek om 'n hofgeding voor die gees te roep (vgl. Miga 1 en 6). YHWH vat sy volk hof toe oor geestelike egbreek. Dit sinspeel op Jes. 50:8-9.

Let op die wetsterme: "teen", vers 31; "beskuldiging", vers 33; "vryspreek", vers 33; "veroordeel", vers 34; "intree"/"pleit", vers 34. God is die Regter. Christus is die advokaat vir



die verdediging. Satan is die aanklaer, maar is doodstil. Engele vul die hofsaal as waarnemers (vgl. 1 Kor. 4:9; Ef. 2:7; 3:10).

**8:32 NASB** “He who did not spare His own Son”  
**NAV, OAV** “Hy wat selfs sy eie seun nie gespaar het nie”  
**CUM-NLV** “As God werklikwaar sy eie Seun nie gespaar het nie”

God die Vader het aan die gevalle mensdom niks minder as sy allerbeste gegee nie. Daarom sal Hy gelowiges ook nie nou in die steek laat deur minder as die beste te gee nie (vgl. Joh. 3:16; Rom. 5:8). Hoe ver mis sommige die punt as hulle aan die OT-God as wraaksugtig dink en net aan Jesus as liefdevol! Hierdie allergrootste gawe word weerspieël in God se vryspraak aan Abraham oor Isak (Gen. 22:12, 16). Selfs die rabbyne het hierdie OT-gedeelte gebruik as steun vir hulle geloof dat God plaasvervangende voorsiening (in die vorm van ‘n ram, Gen. 22:12-13) vir Abraham se nageslag gemaak het.

▣ **NASB** “but delivered Him over for us all”  
**NAV** “maar Hom oorgegee om ons almal te red”  
**OAV** “maar Hom vir ons almal oorgegee het”  
**CUM-NLV** “maar Hom terwille van ons almal aan die dood oorgegee het”

Die woord “almal” in hierdie teks is van groot belang. Jesus het vir die sondes van die wêreld gesterf (vgl. Luk. 2:10-11; Joh. 3:16; 4:42; 11:51; 1 Tim. 4:10; 1 Joh. 2:2; 4:14). Dit weerspieël die Adam-Christus tipologie van 5:12-21. Jesus se dood het die sondeprobleem opgelos. Nou is dit ‘n “antwoord op die woord”-probleem (“believe and receive”).

▣ **NASB** “freely give us all things”  
**NAV** “al die ander dinge saam met hom skenk”  
**OAV** “ons alles genadiglik skenk”  
**CUM-NLV** “tog geen manier waarop Hy nie ook al die ander goeie dinge aan ons sal skenk nie”  
**CUM-MVB** “ons al die ander dinge saam met Hom uit liefdevolle goedheid gee”

Hierdie WERKWOORD is ontleen aan die Griekse stamwoord vir “genade” beteken. “Alle dinge” skakel met vers 17. Sien die aantekening by 3:24.

**8:33-34 NASB** “charge [...] justifies [...] condemns [...] intercedes”  
**NAV, CUMs** “aankla [...] spreek vry [...] veroordeel [...] pleit”  
**OAV** “beskuldiging inbring [...] regverdig maak [...] veroordeel [...] intree”

Hierdie is almal wetsterme. Verse 31-39 is ’n hoftoneel in die hemel en sinspeel moontlik op Jes. 50:8-9.

**8:33 NASB** “God’s elect”  
**NAV, OAV** “die uitverkorenes van God”  
**CUM-NLV** “God ons spesiaal uitgekies het”

Jesus is God se uitverkore mens vir alle mense (Karl Barth). Die duidelikste en volledigste gedeeltes ten opsigte van hierdie waarheid is Ef. 1:3-4 en Rom. 9:14-26. Die Vader het Jesus gekies en in Hom is die hele mensheid by uitverkiesing ingesluit. Jesus is God se “ja” vir die gevalle mensdom se “nee”.

## **VIR SPESIALE AANDAG: UITVERKIESING EN DIE ERNS VAN TEOLOGIESE BALANS**

Uitverkiesing is 'n ongelooflik aangrypende leerstelling. Dit is nie 'n aanduiding van begunstiging nie, maar eerder 'n oproep om as kanaal op te tree – 'n werktuig of bemiddelaar van ander se verlossing. In die OT staan die term deurgaans in verband met dienslewering. In die NT kom dit meestal neer op verlossing wat op diens moet uitloop. Nêrens probeer die Bybel die spanning tussen die soewereiniteit van God en die mens se wilsvryheid opklaar nie, maar bevestig die belangrikheid van albei leerstellings. 'n Goeie voorbeeld van hierdie Bybelse spanning word gevind in Rom. 9 oor die soewereiniteit van God, en in hoofstuk 10 oor die noodsaaklike beantwoording daarvan deur die mensdom (vgl. 10:11, 13).

Die riglyn vir oplossing van hierdie spanning is moontlik in Ef. 1:4 te vinde. Jesus is deur God uitverkies en almal is potensieel in Hom uitverkies. Jesus is God se “ja” vir 'n gevalle mensdom in nood (Barth). Ef. 1:4 help ook om die saak te verhelder deur te verklaar dat die doel van uitverkiesing nie die hemel is nie, maar heiligheid en Christusgelykvormigheid. Dikwels word ons deur die voordele van die evangelie aangegryp en ignoreer die gepaardgaande verantwoordelikhede. God se roep (uitverkiesing) is vir tyd en ewigheid!

Leerstellings staan in verband met ander waarhede en moenie as alleenstaande waarheid buite konteks opgevat word nie. Vergelyk byvoorbeeld 'n ster wat nie buite sy konstellasiereken moet word nie. God gebruik Oosterse uitdrukkingswyses en nie-Westerse genres. Ons moenie die spanningsveld wat deur 'n dialektiese (paradoksale) stelwyse veroorsaak word, probeer wegwerk nie.

1. Predestinasie versus vrye wil
2. Sekerheid van geloof versus die nodigheid om te volhard in geloof
3. Die oorspronklike sonde versus eiewillige sonde
4. Sondeloosheid (perfeksionisme) versus minder sondig
5. Aanvanklike, onmiddellike vryspraak versus progressiewe heiligmaking
6. Christelike vryheid versus Christelike verantwoordelikheid
7. God se transendensie versus sy immanensie
8. God volkome onkenbaar versus sy selfopenbaring in die Skrif
9. Die koninkryk van God as naby versus die koms daarvan in die eindtyd
10. Vergifnis as 'n gawe van God versus sondebelydenis as 'n verbondsvereiste
11. Jesus as God en mens
12. Jesus gelyk aan die Vader, maar ook onderdanig aan die Vader

Die verbondsteologie handhaaf ewig tussen die soewereiniteit van God (Hy behou die inisiatief en bepaal die agenda) en die mens se reaksie in geloof en belydenis van begin tot einde. Wees versigtig om nie bewysplaas aan die een kant van die paradoks op te stapel ten koste van die ander kant nie. Wees ook versigtig om nie oormatig voorkeur te gee aan jou persoonlike gunstelinglerstellings of teologie nie! Die een dien as bevestiging van die ander.

**8:34** Hierdie vers noem verskillende aspekte van Jesus se bediening, naamlik dat Hy: (1) gesterf het; (2) opgewek is; (3) sit aan die regterhand van God; en (4) namens gelowiges intree voor God (voorspraak doen).

Jesus se dood was die boetedoening vir ons sondes (vgl. Jes. 53; Mark. 10:45; 2 Kor. 5:21). Jesus se opstanding getuig daarvan dat die Vader Jesus se bediening aanvaar het. Die hoop wat Hy bring dat die menslike toestand oorkombaar is t.o.v. vervolging en dood, is daardeur

bevestig. Jesus se verheerliking aan die Vader se regterhand en sy bereidwilligheid om in te tree vir gelowiges, laat hulle moed skep vir die stryd van die geloof.

- ▣ **NASB** “right hand of God”  
**NAV, OAV** “die regterhand van God”  
**CUM-NLV** “op die ereplek langs God”

Dis ’n antropomorfe metafoor. God het nie ’n fisiese liggaam nie; Hy is “gees”. Die metafoor spreek dus van mag, gesag en voorrang. Paulus gebruik hierdie uitdrukking nie dikwels nie (Ef. 1:20; Kol. 3:1). Dit is moontlik dat hy in vers 34 aanhaal uit ’n vroeë Christelike belydenisstuk (vgl. Fil. 2:6; 1 Tim. 3:16).

- ▣ **NASB** “intercedes”  
**NAV, CUMs** “pleit”  
**OAV** “intree”

Jesus se bediening gaan voort. Hy tree vir ons in (vgl. Heb. 4:4-16; 7:25), nes die Gees (vgl. verse 26-27). Dit kom van die term *paraclete* wat m.b.t. die Gees in Joh. 14:16 en die Seun in 1 Joh. 2:1 gebruik word. Dit herinner ook aan die lied oor die Lydende Knecht in Jes. 53:12.

**8:35** “the love of Christ” (“die liefde van Christus”): Dit kan beide die SUBJEKTIEF of OBJEKTIEF GENITIEF wees: (1) of dit is Christus se liefde vir sondaars; of (2) gelowiges se liefde vir Christus. #1 pas die beste in die konteks (vgl. 2 Kor. 5:14), want gelowiges se liefde het ’n manier om te kom en te gaan. Christus se liefde vir ons is seker en stabiel.

’n Griekse manuskrip-variant word met hierdie frase in verband gebring: die teks MS 8 se weergawe wat lees “die liefde van God”. Nog ’n antieke manuskrip kombineer die twee moontlikhede as volg: “die liefde van God in Christus” (vgl. MS B). Die UBS<sup>4</sup> bewerkers gee “die liefde van Christus” ’n A-gradering (d.w.s. ’n goeie stand). Dit kom ook voor in MSS C, D, E, F, G en die meeste ou Latynse weergawes, die Vulgaat en die Pesjita.

- ▣ **NASB** “shall tribulation, or distress, or persecution”  
**NAV, CUMs** “lyding, benoudheid of vervolging”  
**OAV** “verdrukking of benoudheid of vervolging”

Christene sal in hierdie wêreld probleme ondervind, maar nóg hierdie probleme nóg bese magte kan hulle van God skei. Sien *Vir Spesiale Aandag: Verdrukking* by 5:3.

**8:36** Dit is ’n aanhaling uit Ps. 44:22. In hierdie Psalm word ’n beroep op God gedoen om vir sy volk in nood, ’n uitkoms te bewerkstellig.

- 8:37** **NASB** “But in all these things we overwhelmingly conquer”  
**NKJV** “Yet in all these things we are more than conquerors”  
**NRSV** “No, in all these things we are more than conquerors”  
**TEV** “No, in all these things we have complete victory through Him”  
**JB** “these are the trials through which we triumph”  
**NAV, OAV** “Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars”  
**CUM-NLV** “Tog is ons ten spyte van al hierdie dinge besig om ’n superoorwinning te behaal”  
**CUM-MVB** “Maar in al hierdie dinge is ons algehele oorwinnaars”

Hierdie is die oortreffende trap van die term “oorwin”, waarmee Paulus ’n wonderlike uitdrukking geskep het. Dis ’n vermengde metafoor van “skape wat oorwin”. Gelowiges is oorwinnaars deur Christus (vgl. Joh. 16:33; 1 Joh. 2:13-14; 4:4; 5:4). Sien *Vir Spesiale Aandag: “Huper”-Verbindings* by 1:30.

■ NASB	“through Him who loved us”
NAV	“deur Hom wat vir ons liefhet”
OAV	“deur Hom wat ons liefgehad het”
CUM-NLV	“wat sy liefde so duidelik aan ons bewys het”
CUM-MVB	“deur Hom wat vir ons absoluut liefhet”

Hierdie VOORNAAMWOORD kan op beide die Vader of die Seun betrekking hê.

8:38 NASB	“I am convinced”
NAV	“Hiervan is ek oortuig”
OAV	“ek is versekerd”
CUM-NLV	“Een ding weet ek vas en seker”
CUM-MVB	“Hiervan is ek tog oortuig”

Hierdie is ’n PERFECTUM PASSIEF INDIKATIEF wat beteken “ek was oortuig en bly daarvan oortuig”.

■ “angels” (“engele”): Die rabbyne was van mening dat die engele jaloers was omdat God soveel liefde en aandag aan die mensdom skenk en het dus vyandig teenoor mense geword. Die Gnostieke, valse leraars, het daarom volgehou dat verlossing alleen moontlik is deur kennis van geheime kodes onderweg deur ’n vyandiggesinde engelewêreld (vgl. Kolossense en Efesiërs).

George Eldon Ladd bied ’n goeie samevatting van Paulus se terminologie met betrekking tot engele in sy boek, *A Theology of the New Testament*, bl. 401:

“Paulus verwys nie bloot na goeie en slegte engele, Satan en demone nie; hy tipeer engelagtige geeste in ’n rangorde deur die gebruik van ’n ander groep woorde. Die terminologie is as volg:

- ‘heers’ [*archē*], 1 Kor. 15:24; Ef. 1:21; Kol. 2:10
- ‘heersers’ [*archai*], Ef. 3:10; 6:12; Kol. 1:16; 2:15; Rom. 8:38
- ‘gesag’ [*exousia*], 1 Kor. 15:24; Ef. 1:21; Kol. 2:10
- ‘owerhede’ [*exousiai*], Ef. 3:10; 6:12; Kol. 1:16; 2:15
- ‘mag’ [*dynamis*], 1 Kor. 15:24; Ef. 1:21
- ‘owerhede/magte’ [*dynameis*], Rom. 8:38
- ‘trone’ [*thronoi*], Kol. 1:16
- ‘heerskappy’ [*kyriotes*], Ef. 1:21
- ‘die wêreldheersers van die duisternis’, Ef. 6:12
- ‘die bese geeste in die lug’, Kol. 1:13
- ‘elke naam wat genoem word’, Ef. 1:21
- ‘in die hemel, op die aarde en onder die aarde’, Fil. 2:10.”

Daar word nie genoem hoe die gevalle engelewêreld van die OT met die NT-beskrywings in verband staan nie. Vele aanvaar dat dit identies sal wees. In Joodse Apokaliptiese literatuur, nietemin, is demone die geeste van die Nefilim van Gen. 6 wat halfmens en halfengel was. Hulle liggame is in die vloed vernietig en daarom soek hulle mense vir inwoning! Dit is egter bloot spekulاسie. Die Bybel vertel nie die verhaal van alle oorspronge nie; die Bybel se doel is die mensdom se verlossing, nie bevrediging van hulle nuuskierigheid nie.

■ NASB	“principalities [...] powers”
NAV	“of engele of bese magte”
OAV	“engele of owerhede of magte”
CUM-NLV	“of engele of duiwelse magte”

Dit dui op: (1) bese engele of demoniese kragte van hierdie bedeling (vgl. Ef. 2:2; 6:12; 1 Kor. 15:24; Kol. 1:16); of (2) onpersoonlike strukture van ’n gevalle wêreld (godsdienst, owerheid, opvoeding, medisyne, ens.) wat ’n gevalle mensdom toelaat om onafhanklik van God te bestaan (vgl. Hendricus Berkhoff, *Principalities and Powers*). Sien die aantekening by 13:1.

### VIR SPESIALE AANDAG: *ARCHĒ*

Die term “domein” kom van die Griekse *archē* wat “begin” of “oorsprong” beteken:

1. die begin van die geskape werklikheid (vgl. Joh. 1:1; 1 Joh. 1:1)
2. die begin van die evangelie (vgl. Mark. 1:1; Fil. 4:15)
3. eerste ooggetuies (vgl. Luk. 1:2)
4. aanvangstekens (vgl. Joh. 2:11)
5. eerste beginsels (Heb. 5:12)
6. begin van vertroue (Heb. 3:14)

Die uitdrukking se gebruik het later “regeer” of “gesaghebbend” aangedui, soos uitgeoefen deur:

1. mense as owerheidspersone (vgl. Luk. 12:11; Luk. 20:20; Rom. 13:3; Tit. 3:1); of
2. bonatuurlike magte (Rom. 8:38; 1 Kor. 15:24; Ef. 1:21; 3:10; 6:10; Kol. 1:16; 2:10, 15).

Hierdie valse voorgangers is vrydenkers wat alle gesag minag, ongeag of dit aards of hemels is. Hulleself en eiebelang geniet algehele voorkeur bo God, hemelwesens, die burgerlike samelewing en kerkleiers.

<b>8:39</b> NASB	“height nor depth”
NAV, OAV	“of hoogte of diepte”
CUM-NLV	“niks daarbo of onder in die dieptes”

Hierdie terme is deur astroloë gebruik om die stand van die verste ster (Apogeum) en die naaste ster (Perigee) aan te dui. Hierdie sterre is beskou as gode wat die mens se lewe beheer. Later het hierdie uitdrukking (hoogte of diepte) vir die Gnostieke dwaling die tegniese terme geword om die *eons*, of vlakke van engele-lewe (tussen die heilige god en die mindere god) te verduidelik – die mindere god wat die sondig-stoflike wêreld geskape het.

■ NASB	“any other created thing”
NAV	“enigiets anders in die skepping”
OAV	“enige ander skepsel”
CUM-NLV	“of elders in die skepping”

Letterlik beteken dit “andersoortige skepsel” (*heteros*). Die konteks vereis dat hierdie opmerking as uitbreiding van die genoemde engele-magte beskou moet word.

Die onderskeid tussen die Griekse voorsetsels, *heteros* (ander verskillend) en *allos* (ander dieselfde), het met die verloop van tyd in Koine Grieks vervaag, maar in hierdie konteks is ’n mate van onderskeid nog merkbaar.

- **NASB** “neither [...] nor [...] will be able to separate us from the love of God”
- NAV, OAV** “ons sal kan skei van die liefde van God nie”
- CUM-NLV** “oort kan skei van die liefde wat God [...] vir ons het nie”

Wat ’n pragtige verklaring van sekerheid! Hierdie hoofstuk het begin met “geen veroordeling” en eindig met “geen skeiding”. Niemand kan ’n gelowige se verlossing ongedaan maak nie. ’n Mense moet egter aanvanklik reageer om tot geloof te kom (vgl. 3:21-31) en ook voortdurend herbevestig deur in die geloof te volhard (vgl. hfst. 4-8). Die Gees is die bemiddelaar, maar daar moet antwoord gegee word kragtens die vereiste van die verbond. Sondebelydenis en geloof is nodig (vgl. Mark. 1:15; Han. 3:16, 19; 20:21) en daarmee saam ook gehoorsaamheid en volharding!

## **BESPREKINGSVRAE**

Hierdie is ’n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ’n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ’n voorreg aan ’n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die vrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Wat is die verband tussen hoofstukke 7 en 8?
2. As daar nie veroordeling is nie, hoe affekter sonde dan die lewe van ’n gelowige?
3. Woon die Gees van Jesus in gelowiges?
4. Hoe word die natuur geraak deur die mens se sonde (verse 19-22)? Sal die natuur eendag deel van die hemel uitmaak?
5. Hoe bid die Gees vir ons (verse 26-27)? Hou dit verband met tongespraak (“speaking in tongues”)?
6. Hoe kan die Bybel praat van alles wat ten goede meewerk in so ’n bouse wêreld (vers 28)? Definieer “ten goede” (vers 29).
7. Hoekom is “heiligmaking” uit die ketting van teologiese gebeure weggelaat (soos in vers 30)?
8. Hoekom word verse 31-39 as ’n hoftoneel beskryf?
9. Wat is die vier dinge wat vers 34 oor Jesus mededeel?

## ROMEINE 9

<b>PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*</b>					
<b>UBS<sup>4</sup></b>	<b>NKJV</b>	<b>NRSV</b>	<b>TEV</b>	<b>JB</b>	<b>NAV</b>
God se uitverkiesing 9:1-5	Israel se verwerping van Christus 9:1-5	Die probleem van Israel se ongelooft 9:1-5	God en sy volk 9:1-5	Die voorregte van Israel 9:1-5	God se verkiesing van Israel 9:1-5
9:6-13	Israel se verwerping en God se doel 9:6-13	God se belofte aan Israel het nie verval nie 9:6-13	9:6-9 9:10-13	God het sy belofte gehou 9:6-13	9:6-9 9:10-13
9:14-18	Israel se verwerping en God se geregtigheid 9:14-29	God se reg van uitverkiesing 9:14-18	9:14-18	God is nie onregverdig nie 9:14-18	9:14-18
God se toorn en barmhartigheid 9:19-29		9:19-26	God se toorn en barmhartigheid 9:19-21 9:22-29	9:19-21 9:22-24 Alles is in die OT aangekondig 9:25-29	Die oordeel en genade van God 9:19-29
Israel en die evangelie 9:30-10:4	Die teenwoordige gesteldheid van Israel 9:30-33	Ware geregtigheid is deur geloof 9:27-29 9:30-10:4	Israel en die evangelie 9:30-10:4		Israel en die evangelie 9:30-10:4

### **LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xi)**

#### **OM DIE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK TE VOLG**

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die vyf vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as die sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

\* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hierbo. Aanhalinge inteks is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

## HOOFSTUKKE 9-11 SE VERWANTSKAP MET HOOFSTUKKE 1-8

- A. Twee uitgangspunte help om hierdie literêre eenheid se verhouding tot hoofstukke 1-8 te verstaan:
1. Die onderwerp verskil totaal en vorm dus 'n teologiese tussenstuk.
    - a. 'n Daadwerklike kontras en tekort aan logiese verband kom voor tussen 8:39 en 9:1.
    - b. Dit staan direk in verband met die geskiedkundige spanning tussen gelowige Jode en gelowiges uit die heidendom in Rome. Die heidengelowiges het toenemend leiding geneem in die kerk.
    - c. Paulus takel in hierdie gedeelte die misverstande wat ontstaan het met betrekking tot sy prediking oor Israel (en die wet) en sy apostelskap na die heidendom (met die aanbod van vrye genade).
  2. Dit is die hoogtepunt en logiese ontsluiting van hoe Paulus die evangelie verstaan.
    - a. In hoofstuk 8 sluit Paulus af met 'n belofte van "niks wat kan skei van die liefde van God nie". Maar wat nou van die ongeloof van God se verbondsvolk?
    - b. Romeine 9-11 handel oor die paradoks van die evangelie wat die ongeloof van Israel betref.
    - c. Hierdie kwessie word deurgaans in die Romeinebrief aangespreek (vgl. 1:3, 16; 3:21, 31; en 4:1vv).
    - d. Paulus voer aan dat God aan sy woord getrou bly, maar wat dan van sy OT-woord aan Israel? Is al daardie beloftes dan van nul en geen waarde nie?
- B. Daar is verskeie maniere waarop hierdie gedeelte uitgestippel kan word:
1. deur Paulus se gebruik van (weereens) 'n veronderstelde beswaarmaker (dialektiek) (9:6, 14, 19, 30; 11:1, 11).
  2. Romeine 9-11 vorm 'n literêre eenheid (hoofstuk- en vers-indelings is nie geïnspireerd nie, maar eers later aangebring). Die gedeelte moet as 'n geheel beskou en hanteer word. Daar kan nietemin ten minste drie hoofonderwerpe onderskei word:
    - a. 9:1-29 fokus op God se soewereiniteit;
    - b. 9:30-10:21 handel oor menslike verantwoordelikheid; en
    - c. 11:1-32 fokus weer op God se ewige verlossingsplan.
  3. 'n Goeie uiteensetting van hierdie gedeelte word verskaf deur die hoofgedagtes, soos in die paragraafindeling van NKJV deur Thomas Nelson Uitgewers, vervat:
    - a. Israel se verwerping van Christus, 9:1-5;
    - b. Israel se verwerping van God se plan, 9:6-13;
    - c. Israel se verwerping van God se geregtigheid, 9:14-29;
    - d. Israel se ingesteldheid in daardie tyd, 9:30-31;
    - e. Israel en die evangelie, 10:1-13;
    - f. Israel verwerp die evangelie, 10:14-21;
    - g. die verwerping van Israel is nie volkome nie, 11:1-10; en
    - h. die verwerping van Israel is nie finaal nie, 11:11-36.
- C. Hierdie gedeelte is soveel 'n kreet uit die hart as 'n logiese argumentasie. Die passie hierin geopenbaar, herinner aan God se diepgevoelde smart oor Israel se afvalligheid in Hosea 11:1-4, 8-9.



Hoofstuk 9 en 10 vorm 'n parallel met die smart en goedheid van die wet soos in hoofstuk 7 daargestel. In beide gedeeltes breek die ironie Paulus se hart: dat 'n wet van God die dood bewerkstellig en nie tot lewe lei nie!

- D. Paulus se begeerte in hoofstukke 9-11 om die Israel-paradoks uit die OT te illustreer, blyk uit sowat 25 aanhalings. Soos in hoofstuk 4 probeer hy dus nie bloot op waarneming van die lewenstyl van die tyd berus nie. Die meerderheid van Abraham se afstammeling het God verwerp. Dit was die geval in sy hede sowel as in die verlede (Han. 7; Neh. 9).
- E. Hierdie Skrifgedeelte (9-11) handel oor God se ewige plan vir redding van die hele mensdom (nes Ef. 1:3-14). Die skyn hiervan is dat God sommige individue uitverkies en ander verwerp (supralapsariese Calvinisme). My indruk is egter dat die fokus nie op individue is nie, maar op God se ewige verlossingsplan (vgl. Gen. 3:15; Han. 2:23; 3:18; 4:28 en 13:29).

*The Jerome Bible Commentary*, vol. 2, "The New Testament" saamgestel deur Joseph A. Fitzmyer en Raymond E. Brown, lewer die volgende kommentaar:

"It is important to realize from the outset that Paul's perspective is corporate; he is not discussing the responsibility of individuals. If he seems to bring up the question of divine predestination, this has nothing to do with the predestination of individuals to glory," (bl. 318).

#### **DIE DELE IN KONTEKS: ROMEINE 9**

- A. 'n Verstommende verandering in spreektrant (luim) tree in tussen hoofstukke 8 en 9!
- B. Hierdie literêre eenheid (9-11) hanteer die teologie van (1) die grondslag vir verlossing; (2) die doel van God se uitverkiesing; (3) die gebrek aan geloof van die kant van Israel teenoor die trou van YHWH; en (4) die insluiting van die ganse menslike geslag in die verlossing deur Jesus.
- C. Hoofstuk 9 is een van die kragtige getuïenisse in die NT aangaande die soewereiniteit van God ('n ander gedeelte is Ef. 1:3-14). Hoofstuk 10, aan die ander kant, verkondig herhaaldelik die mens se vrye wil (vgl. "elkeen" in vers 4; "niemand" in verse 11, 13; en "almal" twee keer in vers 12!) Nooit probeer Paulus hierdie teologiese spanning oplos nie. Albei is waar. Bybelse waarhede word meestal paradoksaal of in dialektiese pare gestel. Dat teologiese sisteme dikwels heel logies is, kan nie betwis word nie, maar helaas, net een kant van die Bybelse lering word beklemtoon. Augustinianisme en Calvinisme versus semi-Pelagianisme en Arminianisme bevat waarhede, maar ook ongeldige elemente. Spanning tussen doktrines is verkieslik as die alternatiewe letterlike uitleg ter ondersteuning van vaste dogma en teologiese denke is.
- D. 9:30-33 dien as samevatting van hoofstuk 9 sowel as vertrekpunt vir hoofstuk 10.

## STUDIE VAN WOORDE EN FRASES

### NASB (UPDATED) TEXT: 9:1-5

**<sup>1</sup>I am telling the truth in Christ, I am not lying, my conscience testifies with me in the Holy Spirit, <sup>2</sup>that I have great sorrow and unceasing grief in my heart. <sup>3</sup>For I could wish that I myself were accursed, *separated* from Christ for the sake of my brethren, my kinsmen according to the flesh, <sup>4</sup>who are Israelites, to whom belongs the adoption as sons, and the glory and the covenants and the giving of the Law and the *temple* service and the promises, <sup>5</sup>whose are the fathers, and from whom is the Christ according to the flesh, who is over all, God blessed for ever. Amen.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 9:1-5.*

**9:1-2** Verse 1 en 2 is in Grieks een sin. Paulus verskaf verskeie redes waarom die kerk van Rome hom behoort te glo: (1) sy eenheid met Christus, vers 1; (2) sy gewete onder leiding van die Gees, vers 1; en (3) sy opregte gevoel vir Israel, vers 2.

**9:1** NASB “I am telling the truth in Christ, I am not lying”  
NAV “In my verbondenheid met Christus praat ek die waarheid, ek lieg nie”  
OAV “Ek spreek die waarheid in Christus, ek lieg nie”  
CUM-NLV “voor Christus verklaar ek plegtig – ek vertel nie ‘n leuen nie”

Paulus maak dikwels hierdie stelling (vgl. 2 Kor. 11:10; Gal. 1:1; 1 Tim. 2:7) of 'n soortgelyke een met God as sy getuie (vgl. Rom. 1:9; 2 Kor. 1:23; 11:31; Fil. 1:8; 1 Tes. 2:5, 10). Op dié wyse het hy die egtheid van sy leerstelling en prediking bevestig.

▣ “my conscience” (“my gewete”): Dis 'n aanduiding van die gelowige se God-gegewe sin van moraliteit. Dit kan vir 'n gelowige 'n hoofbron van geestelike gesag wees – God se Woord, soos deur ons verstaan en toegepas onder leiding van die Heilige Gees (vgl. 1 Tim. 1:5-19). Maar 'n probleem duik op wanneer gelowiges – en netsowel ongelowiges – die Woord en die Gees weerstaan: dit raak makliker om jou eie sondes te rasionaliseer of goed te praat (1 Tim. 4:2). Ons gewetes word immers beïnvloed deur kultuur en ervaring.

▣ NASB, NKJV “bearing me witness in the Holy Spirit”  
NRSV “confirms it by the Holy Spirit”  
TEV “ruled by the Holy Spirit”  
JB “in union with the Holy Spirit assumes me”  
NAV “wat deur die Heilige Gees gelei word”  
OAV “getuig saam met my in die Heilige Gees –”  
CUM-NLV “bekragtig deur die Heilige Gees, bevestig”  
CUM-MVB “in verbondenheid met die Heilige Gees, getuig”

Paulus het geglo dat hy van Christus 'n besondere roeping en opdrag ontvang het (vgl. Han. 9:1-22; Gal. 1:1). As apostel het hy met goddelike gesag gespreek (1 Kor. 7:25, 40) en God se hartseer oor Israel as volk se ongelooft en afvalligheid, aangevoel (vgl. vers 2). Hulle het immers soveel voordele geniet (vgl. verse 4-5).

**9:3** NASB, NKJV, NRSV “for I could wish...”  
TEV “for their sake I could wish”  
JB “I would be willing...”  
NAV, CUM-NLV “ek sou self vervloek wou wees”  
OAV “want ek sou self kon wens”

So innig het Paulus oor sy volksgenote gevoel, dat indien sy uitsluiting tot hulle insluiting kon lei, hy daartoe sou inwillig, vers 3. Die grammatiese struktuur van hierdie vers benadruk opvallend die intensiteit hiervan (IMPERFEKTUM MEDIUM INDIKATIEF met beide *autos* en *egō*, en 'n PRAESENS INFINITIEF); 'n intensiteit en gebedslas wat sterk ooreenstem met Moses se intrede en voorbidding vir 'n afvallige Israel (vgl. Eks. 32:30-35). 'n Versugting, dus, of begeerte, nie feitelik bedoel nie. Dit stem ooreen met die gebruik van die ONVOLTOOIDE TYD in Gal. 4:20.

## **VIR SPESIALE AANDAG: VOORBIDDING (INTREDE)**

### **I. Inleidend**

- A. In ooreenstemming met Jesus se voorbeeld, is gebed belangrik:
  - 1. persoonlike gebed (Mark. 1:35; Luk. 3:21; 6:12; 9:29; 22:29-46)
  - 2. tempelreiniging (Mat. 21:13; Mark. 11:17; Luk. 19:46)
  - 3. Modelgebed (Mat. 6:5-13; Luk. 11:2-4)
- B. Deur gebed word ons geloof in 'n persoonlike, teenwoordige God wat gewillig en in staat is om in ons belang (én die belang van ander) op te tree, omgesit in tasbare aksie.
- C. God beperk Homself ten opsigte van beantwoording van gebede in menigte areas van sy kinders se bestaan (Jak. 4:2).
- D. Die hoofdoel van gebed is vriendskapsvertroue en tyd deurgebring saam met die Drie-Enige God.
- E. Die omvang wat betref gebedsake sluit enigiets of enigiemand in wat van belang is vir gelowiges. In geloof kan mens eenmaal vir 'n saak bid, of dieselfde saak dikwels aanroer in gebed soos die gedagte of behoefte terugkeer.
- F. Gebed sluit verskeie aspekte in:
  - 1. lof en aanbidding van die Drie-Enige God;
  - 2. dank aan God vir sy teenwoordigheid, vriendskap en voorsienigheid;
  - 3. belydenis van ons sondes uit die hede en verlede;
  - 4. versoek om ons bewustelike behoeftes en begeertes; en
  - 5. intrede voor die Vader ten behoeve van die nood van ander (voorbidding).

### **II. Bybelse Materiaal**

#### **A. Ou Testament**

- 1. 'n Paar voorbeelde van voorbidding:
  - a. Abraham pleit vir Sodom (Gen. 18:22vv)
  - b. Moses se gebede vir Israel (Eks. 5:22-23; 32:31vv; Deut. 5:5; Deut. 9:18, 25vv)
  - c. Samuel bid vir Israel (1 Sam. 7:5-6, 8-9; 12:16-23; 15:11)
  - d. Dawid bid vir sy kind (2 Sam. 12:16-18)
- 2. God is op die uitkyk na voorbidders (Jes. 59:16)
- 3. Bewustelike, onbelyde sonde en 'n onbekeerlike gesindheid affekteer ons gebede (Ps. 66:18; Spr. 28:9; Jes. 59:1-2; 64:7)

#### **B. Nuwe Testament**

- 1. Die Seun en die Gees se intree-bediening
  - a. Jesus (Rom. 8:34; Heb. 7:25; 1 Joh. 2:1)
  - b. Die Heilige Gees (Rom. 8:26-27)

2. Paulus se voorbidding
  - a. vir die Jode (Rom. 9:1vv; Rom. 10:1)
  - b. vir die gemeentes (Rom. 1:9; Ef. 1:16; Fil. 1:3-4, 9; Kol. 1:3, 9; 1 Tes. 1:2-3; 2 Tes. 1:11; 2 Tim. 1:3; Fil. vers 4)
  - c. hy vra ook die gemeentes om vir hom te bid (Rom. 15:30; 2 Kor. 1:11; Ef. 6:19; Kol. 4:3; 1 Tes. 5:25; 2 Tes. 3:1)
3. Die kerk se voorbidding
  - a. Gebede vir mekaar (Ef. 6:18; 1 Tim. 2:1; Jak. 5:16)
  - b. Gebedsversoeke vir besondere groepe:
    - (1) ons vyande (Mat. 5:44)
    - (2) bedienaars van die evangelie (Heb. 13:18)
    - (3) regeerders (1 Tim. 2:2)
    - (4) siekes (Jak. 5:13-16)
    - (5) teruggevallenes (1 Joh. 5:16)
  - c. Gebed vir alle mense (1 Tim. 2:1)

### III. Voorwaardes vir gebedsverhoring

- A. Ons verhouding met Christus en die Gees
  1. Bly in Hom (Joh. 15:7)
  2. In sy Naam (Joh. 14:13, 14; 15:16; 16:23-24)
  3. In die Gees (Ef. 6:18; Jud. vers 20)
  4. Volgens God se wil (Mat. 6:10; 1 Joh. 3:22; 5:14-15)
- B. Motiewe
  1. Nie twyfel nie (Mat. 21:22; Jak. 1:6-7)
  2. Nederig en belydend (Luk. 18:9-14)
  3. Verkeerd bid (Jak. 4:3)
  4. Selfsug (Jak. 4:2-3)
- C. Ander oorwegings
  1. Volharding (Luk. 18:1-8; Kol. 4:2; Jak. 5:16)
  2. Hou aan vra (Mat. 7:7-8; Luk. 11:5-13; Jak. 1:5)
  3. Onenigheid tuis (1 Pet. 1:5)
  4. Bevry van bewustelike sonde (Ps. 66:18; Spr. 28:9; Jes. 59:1-2; Jes. 64:7)

### IV. Teologiese Gevolgtrekking

- A. Wat 'n voorreg! Wat 'n geleentheid! Wat 'n plig en verantwoordelikheid!
- B. Jesus is ons voorbeeld. Die Gees is ons gids. Die Vader staan in opgewonde afwagting.
- C. Dit kan jou, jou familie, jou vriende en die wêreld verander!

■ NASB	<b>“were accursed, separated from God”</b>
NKJV	<b>“were accursed from Christ”</b>
NRSV	<b>“were accursed and cut off from God”</b>
TEV	<b>“were under God’s curse and separated from Christ”</b>
JB	<b>“willingly be condemned and cut off from Christ”</b>
NAV	<b>“self vervloek wou wees, afgesny van Christus”</b>
OAV	<b>“’n vervloeking te wees, weg van Christus af”</b>
CUM-NLV	<b>“selfs terwille van hulle deur God vervloek wou wees – afgesny van Christus – ”</b>

Die basiese betekenis van “heilig” is om eenkant gesit te wees vir gebruik deur God. Agter die woord “vervloek” moet dieselfde konsep veronderstel word. Dit kan ’n positiewe ervaring wees (vgl. Lev. 27:28 – banoffer – Luk. 21:5), of ’n negatiewe een (vgl. Jos. 6-7; Rom. 9:3), afhangende van die konteks.

### **VIR SPESIALE AANDAG: VERVLOEKING (ANATHEMA)**

Daar is in Hebreeus verskeie woorde wat “vervloek” beteken. *Herem* is gebruik vir iets wat aan God gewy was (vgl. die LXX, *anathema*; Lev. 27:28) en was gewoonlik veronderstel om vernietig te word (vgl. Deut. 7:26; Jos. 6:17-18; 17:12). Die term was gebruiklik in die konteks van “heilige oorlog”. God se opdrag was ’n vernietigingsoorlog teen die Kanaäniete, en Jerigo was die eerste geleentheid hiervoor; die “eerste vrug”.

In die NT word *anathema* en sy verwante vorme in ’n verskeidenheid van betekenis gebruik:

1. as ’n gawe of offerande aan God (vgl. Luk. 21:5);
2. as ’n eed om dood te maak (vgl. Han. 23:14);
3. om te vloek of te sweer (vgl. Mark. 14:71)
4. as ’n afwysingsformule met betrekking tot Jesus (vgl. 1 Kor. 12:3); of
5. om iemand aan die oordeel en straf van God oor te laat (vgl. Rom. 9:3; Kor. 16:22; Gal. 1:8-9).

**9:4-5** Hierdie reeks NAAMWOORDFRASES is ’n deeglike uitstippeling van Israel se voorregte. In die lig hiervan was hulle ongeloof nog meer strafwaardig. Aan wie daar meer toevertrou word, word ook meer van verwag (vgl. Luk. 12:48)!

**9:4 “Israelites” (“Israeliete”):** Dit was die OT-verbondsnaam vir die nageslag van Abraham. ’n Ontmoeting met God wat ’n keerpunt vir Jakob beteken het, was ook die aangeleentheid waar hy die naam “Israel” ontvang het (Gen. 32:28). Dit het die kollektiewe naam vir die Joodse nasie geword. Etimologies beteken dit waarskynlik “mag *El* (God) volhard”; eerder as (by implikasie dus) Jakob se skelmstreke.

■ NASB	“to whom belongs the adoption as sons”
NAV	“vir hulle het God as sy kinders aangeneem”
OAV	“aan wie die aanneming tot kinders behoort”
CUM-NLV	“bevoorreg tot kindskap”

In die OT dui die MEERVOUDSVORM “seuns” gewoonlik op engele (vgl. Job 1:6; 2:1; 38:7; Dan. 3:25; Ps. 29:1; 89:6-7), terwyl ENKELVOUD eerder dui op:

1. die koning van Israel (2 Sam. 7:14);
2. die volk (vgl. Eks. 4:22, 23; Deut. 14:1; Hos. 11:1);
3. die Messias (vgl. Ps. 2);
4. gewone mense (vgl. Deut. 32:5; Ps. 73:15; Eseg. 2:1; Hos. 1:10. Gen. 6:2 is dubbelsinnig en kan dui op enigeen). In die NT verwys dit na iemand wat aan God se familie behoort.

Paulus se vernaamste metafoer vir redding was “aanneming”; vir Petrus en Johannes was dit “wedergeboorte”. Beide is verwantskapsmetafore. Dit is nie Joods van oorsprong nie, maar ’n Romeinse metafoer. Aanneming was ’n uiters duur en tydrowende wetlike prosedure onder Romeinse wetgewing. By afhandeling van aanneming is ’n persoon beskou as ’n nuwe mens wat nie deur die aannemende vader wetlik onterf of doodgemaak mag word nie.

- **NASB** “the glory”  
**NAV, OAV, CUM-NLV** “die heerlijkheid”  
**CUM-MVB** “goddelike grootheid”

Die Hebreeuse woord het “om swaar te wees” beteken en was ‘n metafoor vir enigiets van waarde. Hier sinspeel dit op (1) God se selfopenbaring op die berg Sinai (vgl. Eks. 19:18-19); of (2) die *Shekinah*-wolk en gloed wat die Israëliete deur die woestyn gelei het (vgl. Eks. 40:34-38). YHWH het Hom op unieke wyse aan Israel geopenbaar. YHWH se “heerlikheid” was ook sy teenwoordigheid (1 Kon. 8:10-11; Eseg. 1:28). Sien *Vir Speciale Aandag: Heerlikheid* by 3:23.

- **NASB** “the covenants”  
**NAV, OAV** “die verbonde”  
**CUM-NLV** “ooreenkomste” – voetnota bl. 1181

In die antieke Griekse manuskripte P<sup>46</sup>, B en D word die ENKELVOUD “verbond” gebruik. Die MEERVOUD word wel in MSS  $\aleph$ , C en sommige ou Latynse, Vulgaat en Koptiese weergawes gebruik. Die UBS<sup>4</sup> gee die MEERVOUD ‘n “B” gradering (taamlik seker). In die OT word die meervoud egter nooit gebruik nie, hoewel verskeie verbonde in die OT genoem word: Adam, Noag, Abraham, Moses en Dawid. Aangesien die “wetgewing” in dié volgorde voorkom, dui “verbonde” dan op die Abrahamiese verbond – die een wat deur Paulus as basis vir sy teologie beskou is (vgl. 4:1-25; Gal. 3:16-17) en wat verskeie kere herhaal word (vgl. Gen. 12, 15 en 17) – en na elk van die Patriarge.

#### **VIR SPESIALE AANDAG: VERBOND**

Die OT-term, *berith*, of “verbond”, is nie maklik definieerbaar nie. Daar is nie ‘n Hebreeuse WERKWOORD met ooreenkomstige betekenis nie. Alle pogings tot ‘n etimologiese definisie is tot dusver onoortuigend. Nietemin is die konsep tot so ‘n mate sentraal, dat geleerdes gedwing word om ‘n funksionele betekenis vanuit die gebruik van die woord af te lei.

Verbondsluiting is die manier waarop die enigware God onderhandel met die mens wat Hy geskep het. Die verbondskonsep, verdragsluiting of ooreenkoms is van sentrale belang in die verstaan van Bybelse openbaring. Die spanning tussen die soewereiniteit van God en vrye wil van die mens is telkens in die verbondskonsep opmerklik. Sommige verbonde is op die karaktereienskappe van God, sy handeling en doelstellings gebaseer:

1. die skepping as sodanig (Gen. 1, 2);
2. die roeping van Abraham (Gen. 12);
3. die verbond met Abraham (Gen. 15);
4. die bewaring van, en belofte aan, Noag (Gen. 6-9).

Die blote aard van ‘n verbond vereis egter ‘n reaksie:

1. Deur te glo moet Adam God gehoorsaam en nie van die boom in die middel van die tuin eet nie (Gen. 2).
2. Deur te glo moet Abraham sy familie verlaat, God volg en ‘n toekoms met afstammeling verwag (Gen. 12, 15).
3. In geloof moet Noag ‘n groot boot bou met geen water in sig nie en hy moet diere daarheen bring (Gen. 6-9).
4. In geloof moet Moses Israel uit Egipte lei en spesifieke riglyne ontvang waarvolgens die godsdienstige en sosiale lewe ingerig moet word, met beloftes van seën, maar ook bestraffing (Deut. 27-28).

Hierdie selfde spanning ten aansien van God se verhouding tot die mensdom is in die nuwe verbond ter sprake. Die spanning is baie opmerklik wanneer Eseg. 18 met 36:27-37 vergelyk word. Is die verbond gebaseer op God se genadehandeling of op die voorgeskrewe menslike reaksie? Dit is die oop vraag in beide die ou en die nuwe verbonde. Die doelstellings van beide is egter dieselfde: (1) die herstel van die verlore vertrouensverhouding (vgl. Gen. 3) en (2) die totstandkoming van 'n regverdige volk wat God se karakter reflekteer.

Die nuwe verbond volgens Jer. 31:31-34, los die spanningsprobleem op deur die menslike meriete as norm vir aanvaarding te verwyder. God se wet word 'n innerlike begeerte en is nie meer 'n middel tot uiterlike vertoon nie. Die doel van 'n toegewyde, regskepe menswees bly, maar die werkswyse verander. 'n Gevalle mensheid is nie in staat om God se beeld te vertoon nie (vgl. Rom. 3:9-18). Die probleem lê by menslike sondigheid en swakheid, nie by die verbond nie (vgl. Rom. 7; Gal. 3).

Die spanningsprobleem van onvoorwaardelik en voorwaardelik in die verbonde, duur voort deur beide die Ou- en Nuwe Testament. Verlossing is in Christus se afgehandelde werk 'n absolute genadegawe, máár dit vereis aanvaarding deur geloof (as 'n aanvangsaksie en daarna volgehou). Verlossing is beide 'n wetlike vryspraak én 'n oproep tot 'n lewenswyse in die gesindheid van Christus. Verlossing is 'n INDIKATIEF – 'n stelling dat jy aanvaar word as kind van God – maar ook 'n IMPERATIEF – 'n opdrag tot heilig lewe! Gelowiges word nie deur hierdie vertoon van goeie werke gered nie, maar tot 'n lewe van gehoorsaamheid (vgl. Ef. 2:8-10). Toegewyde lewe word die bewys van verlossing en is nie 'n middel daartoe nie.

- NASB “the giving of the Law and the temple service”
- NAV “aan hulle die wet van Moses gegee, asook die tempeldiens”
- OAV “die wetgewing en die erediens”
- CUM-NLV “sy wet vir hulle gegee. Hulle is bevoorreg om Hom te aanbid”

Dit kan verwys na: (1) Moses se ontvangs van die wet op Sinai (vgl. Eks. 19-20) en Dawid wat die tempeldiens ingestel het; of na (2) die tabernakel tydens die trek deur die woestyn (Eks. 25-40 en Levitikus).

- NASB “the promises”
- NAV, OAV “die beloftes”
- CUM-NLV “wonderlike beloftes”

God het sy plan vir die toekoms in die gang van die OT openbaar gemaak (vgl. 1:2; Han. 13:32; Tit. 1:2; Heb. 1:1). Aangesien “die verbonde” reeds genoem is, dui “die beloftes” op die Messias (vgl. vers 5; Gen. 3:15; 49:10; Deut. 18:15, 18-19; 2 Sam. 7; Ps. 16:10; 118:22; Jes. 7:14; 9:6; 11:1-5; Dan. 7:13, 27; Miga 5:2-5a; Sag. 2:6-13; 9:9; 11:12).

Hierdie beloftes (verbonde) is onvoorwaardelik ('n vrye gawe) én voorwaardelik. Sonder voorwaardes wat God se werke betref (Gen. 15:12-21), maar voorwaardelik in dié sin dat die mensdom met geloof en gehoorsaamheid moet antwoord (Gen. 15:6 en Rom. 4). Voor die koms van Christus was dit net Israel wat God se selfopenbaring ontvang het.

- 9:5 NASB “the fathers”
- NAV “hulle stam van die aartsvaders af”
- OAV “die vaders”
- CUM-NLV “eerbiedwaardige voorvaders”

Dit dui op Abraham, Isak en Jakob – die Aartsvaders van Gen. 12-50 (vgl. Rom. 11:28; Deut 7:8; 10:15).

- |        |   |
|--------|---|
| ■ NASB | <b>“from whom is the Christ according to the flesh”</b> |
| NAV    | <b>“uit hulle is die Christus as mens gebore”</b>       |
| OAV    | <b>“uit wie die Christus is na die vlees”</b>           |

Hiermee word die fisiese afkoms van die Messias aangedui (vgl. 1:3); die Gesalfde; God se uitverkore dienskneg wat God se beloftes en plan sou bewerkstellig (vgl. 10:6).

Die term “Christus” is die vertaling van “die Gesalfde” in Grieks. In die OT is drie groepe gewoonlik met ’n spesiale, heilige olie vir hulle aangewese ampte gesalf: (1) die konings van Israel; (2) die hoëpriester; en (3) profete in Israel. Dit was simbolies van hulle verkiesing en toerusting deur God vir sy diens. Jesus het al drie hierdie ampte beklee (Heb. 1:2-3). Hy is God se volledige selfopenbaring, want Hy was God in die vlees (vgl. Jes. 7:14; 9:6; Miga 5:2-5a; Kol. 1:13-20).

- |         |  |
|---------|--|
| ■ NASB  | <b>“the Christ according to the flesh, who is over all, God blessed forever”</b>   |
| NKJV    | <b>“Christ came, who is over all, the eternally blessed God”</b>   |
| NRSV    | <b>“comes the Messiah, who is over all, God blessed for ever”</b>  |
| TEV     | <b>“and Christ as a human being, belongs to their race. May God who rules over all, be praised for ever”</b>             |
| JB      | <b>“came Christ who is above all, God forever blessed”</b>   |
| NAV     | <b>“is die Christus as mens gebore – Hy wat God is, verhewe boweal en lofwaardig vir ewig”</b>                           |
| OAV     | <b>“die Christus is na die vlees – Hy wat oor alles is, God, lofwaardig tot in ewigheid”</b>                             |
| CUM-NLV | <b>“is Christus as mens gebore – Hy wat tegelyk God bo alles is en aan wie die lofprysing vir altyd en altyd toekom”</b> |

Volgens die grammatika kon hierdie bloot ’n lofbetuiging (doksologie) aan die Vader gewees het (TEV), maar dat Jesus se godheid hier deur Paulus verklaar word, word deur die konteks gesteun. Paulus verwys nie dikwels na Jesus as *Theos* nie, maar laat ook nie na om dit wel te doen nie (vgl. Han. 20:28; Tit. 2:13; Fil. 2:6). Trouens, al die kerkvaders het hierdie teks opgevat as verwysend na Jesus.

- |         |                               |
|---------|-------------------------------|
| ■ NASB  | <b>“who is over all”</b>      |
| NAV     | <b>“verhewe bo alles”</b>     |
| OAV     | <b>“Hy wat oor alles is”</b>  |
| CUM-NLV | <b>“tegelyk God bo alles”</b> |

Die vers sou beskrywend kon wees van God die Vader of Jesus die Seun. Dit herinner aan Jesus se opmerking in Mat. 28:19 en dié van Paulus in Kol. 1:15-20. Hierdie grootse uitspraak beklemtoon hoe dwaas Israel was om Jesus van Nasaret te verwerp.

- |         |                             |
|---------|-----------------------------|
| ■ NASB  | <b>“forever”</b>            |
| NAV     | <b>“tot in ewigheid”</b>    |
| OAV     | <b>“vir ewig”</b>           |
| CUM-NLV | <b>“vir altyd en altyd”</b> |



Dit is letterlik die Griekse idioom “tot in eeue” (vgl. Luk. 1:33; Rom. 1:25; 11:36; Gal. 1:5; 1 Tim. 1:17). Frases met verwante betekenis is (1) “tot die eeu” (vgl. Mat. 21:19 {Mark. 11:14}; Luk. 1:55; Joh. 6:5, 58; 8:35; 12:34; 13:8; 14:16; 2 Kor. 9:9); of (2) “van die eeue” (vgl. Ef. 3:21). Daar blyk nie eintlik ’n verskil te wees tussen hierdie idiome wat “ewig” (of “vir altyd”) aandui nie. Die MEERVOUD is waarskynlik saam met die rabbyne figuurlik te verstaan as ’n “meervoud van majesteit” of dit kan dui op verskillende “eeue” soos byvoorbeeld “die eeu van onskuld”, “die eeu van boosheid”, “die toekomstige eeu” of “die eeu van geregtigheid”.

■ **“Amen”**: Sien *Vir Speciale Aandag: Amen* by 1:25.

**NASB (UPDATED) TEXT: 9:6-13**

**<sup>6</sup>But it is not as though the word of God has failed. For they are not Israel who are descended from Israel; <sup>7</sup>nor are they all children because they are Abraham’s descendants, but “THROUGH ISAAC YOUR DESCENDANTS WILL BE NAMED.” <sup>8</sup>That is, it is not the children of the flesh who are children of God, but the children of the promise are regarded as descendants. <sup>9</sup>For this is the word of promise: “AT THIS TIME I WILL COME, AND SARAH SHALL HAVE A SON.” <sup>10</sup>And not only this, but there was Rebekah also, when she had conceived *twins* by one man, our father Isaac; <sup>11</sup>for though *the twins* were not yet born and have not done anything good or bad, so that God’s purpose according to *His* choice would stand, not because of works but because of Him who calls, <sup>12</sup>it was said to her, “THE OLDER WILL SERVE THE YOUNGER.” <sup>13</sup>Just as it is written, “JACOB I LOVED, BUT ESAU I HATED.”**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 9:6-13.*

<b>9:6</b>	<b>NASB</b>	<b>“the word of God”</b>
	<b>NAV, OAV</b>	<b>“die woord van God”</b>
	<b>CUM-NLV</b>	<b>“God se beloftes”</b>

In hierdie konteks verwys die frase na die OT-verbondsbeloftes. God se beloftes staan vas (vgl. Num. 23:19; Jes. 40:8; 55:11; 59:21).

■	<b>NASB, NRSV, TEV, JB</b>	<b>“has failed”</b>
	<b>NKJV</b>	<b>“has taken no effect”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“nie meer geld nie”</b>
	<b>OAV</b>	<b>“verval het”</b>
	<b>CUM-NLV</b>	<b>“ongeldig geword het”</b>

Hierdie term (*ekpiptō*) kom verskeie kere in die LXX voor en verwys na iets (Jes. 6:13) of iemand (Jes. 14:12) wat geval het. Hierdie is ’n PERFECTUM AKTIEF INDIKATIEF, wat op blywende (slegte) nagevolge dui, maar wat in die geval van die beloftes nie van toepassing is nie. Sien die aantekening by 9:6 met betrekking tot die sekerheid wat God se woord bied.

■	<b>NASB</b>	<b>“For they are not all Israel who are descended from Israel”</b>
	<b>NKJV</b>	<b>“For they are not all Israel who are of Israel”</b>
	<b>NRSV</b>	<b>“For not all Israelites truly belong to Israel”</b>
	<b>TEV</b>	<b>“For not all the people of Israel are the people of God”</b>
	<b>JB</b>	<b>“Not all those who descend from Israel are Israel”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“nie almal wat van Israel afstam, is werklik Israel nie”</b>
	<b>OAV</b>	<b>“want hulle is nie almal Israel wat uit Israel is nie”</b>
	<b>CUM-NLV</b>	<b>“almal wat uit ‘n Israelitiese familie gebore word, ware Israeliete is nie”</b>

Hierdie paradoksale opmerking is die gevolg van die verskeidenheid betekenis wat in die Bybel aan die naam “Israel” gekoppel word: (1) Israel wat verwys na afstammeling van Jakob (vgl. Gen. 32:22-32); (2) Israel wat verwys na die uitverkore volk van God (vgl. TEV); of (3) geestelike Israel, wat dus verwys na die kerk (vgl. Gal. 6:16; 1 Pet. 2:8, 9; Openb. 1:6) versus natuurlike Israel (vgl. verse 3-6). Slegs sommige kinders van Abraham was kinders van die belofte (vgl. vers 7). Selfs die Jode is nooit reg geag met God bloot op grond van hulle afkoms nie (vgl. vers 7), maar op grond van hulle geloof (vgl. 2:28-29, 4:1vv; Joh. 8:31-59; Gal. 3:7-9; 4:23). Dit was die gelowige oorblyfsel wat God se beloftes ontvang het en daarin gewandel het (vgl. 9:27; 11:5).

Vanaf vers 6 besin Paulus weer met behulp van ’n veronderstelde beswaarmaker in sy dialektiese-formaat (vgl. 9:14, 19, 30; 11:1). Waarheid word gekommunikeer by wyse van antwoorde aan ’n denkbeeldige beswaarmaker (vgl. Mal. 1:2, 6, 7 [twee keer], 12, 13; 2:14, 17 [twee keer]; 3:7, 13, 14).

**9:7** Die tweede deel van hierdie vers is ’n aanhaling van Gen. 21:12d. Nie alle kinders van Abraham was erfgename van God se verbondsbelofte nie (vgl. Gen. 12:1-3, 15:1-11; 17:1-21; 18:1-15; Gal. 4:23). Die onderskeid tussen Ismael en Isak (vgl. verse 8-9) en tussen Jakob en Esau (vgl. verse 10-11) word hiermee duidelik gemaak.

**9:8** Hier gebruik Paulus die woord “vlees” om nasionale afkoms aan te dui (vgl. 1:3; 4:1; 9:3, 5). Hy kontrasteer die natuurlike kinders van Abraham (die Jode van 9:3) met die geestelike kinders (die kinders van die belofte) van Abraham (hulle wat in geloof op die beloofde Messias vertrou). Hierdie is nie dieselfde kontras as wat in 8:4-11 opgeteken is nie, naamlik die gevalle mensdom versus die verlore mensheid.

**9:9** Hierdie is ’n aanhaling uit Gen. 18:10, 14. Die beloofde kind (“die saad” – Gen. 3:15) sal van Sara kom danksy God se inisiatief, en sal uiteindelik uitloop op die geboorte van die Messias. Isak was die spesifieke vervulling van God se belofte aan Abraham in Gen. 12:1-3 dertien jaar tevore.

**9:10** Vrouens van Abraham, Isak en Jakob was onvrugbaar; hulle kon nie swanger raak nie. Hulle onvermoë om ’n kind in die wêreld te bring toon hoeveel beheer God uitgeoefen het oor die verbondsbeloftes wat op die koms van die Messias moes uitloop.

Die linie van afkoms onderweg na die Messias is nooit deur die oudste seuns van die Aartsvaders voortgedra nie. Kultureel gesproke was dit immers die verwagting. Die sleutel hier was die soewereine keuse van God (vgl. verse 11-12).

**9:11-12** Verse 11-12 is een sin in Grieks. Hierdie weergawe is uit Gen. 25:19-34 geneem. Dit bevestig dat God se keuse bepalend is (vgl. vers 16) en nie (1) die menslike siening van afkoms of (2) menslike meriete of sukses (vgl. vers 16) nie. Dit is die hart van die evangelie; die nuwe verbond (vgl. Jer. 31:31-34; Eseg. 36:22-36). Dit is egter belangrik om te onthou dat dit nie God se bedoeling was om uit te sluit nie, maar eerder om in te sluit! Die Messias sou kom uit “saad” wat gekies sou word, maar hy sou kom vir die verlossing van almal (wat glo, vgl. 2:28-29; 4:3, 22-25; ook hoofstuk 10).

<b>9:11 NASB</b>	<b>“purpose”</b>
<b>NAV</b>	<b>“uitverkiesing”</b>
<b>OAV</b>	<b>“voorneme”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“volgens sy eie plan”</b>
<b>CUM-MVB</b>	<b>“hierdie boodskap bewys dat God se besluit op sy keuse gegrond is”</b>

Hierdie is ’n saamgestelde woord van *pro* plus *tithemi*, wat verskillende betekenisse het.

1. in Rom. 3:25
  - a. voorgestel
  - b. as ’n versoening
2. om vooruit te beplan
  - a. deur Paulus (Rom. 1:13)
  - b. deur God (Ef. 1:9)

Die SELFSTANDIGE NAAMWOORD (*prothesis*), soos in hierdie teks gebruik, beteken “om voor te plaas”, en is gebruik:

1. in verband met die toonbrode in die tempel (vgl. Mat. 12:4; Mark. 2:26; Luk. 6:4);
2. in verband met die vooraf- (vooruit-) bepaalde verlossingsdoelwit van God (Rom. 8:28; 9:11; Ef. 1:5-11; 3:10; 2 Tim. 1:9; 3:10).

Paulus gebruik verskeie saamgestelde woorde met die VOORNAAMWOORD *pro* in Rom. 8 en 9, en ook in Ef. 1:

1. *proginōskō* – vooruit weet (Rom. 8:29)
2. *proorizō* – vooraf ontwerp (Rom. 8:29; Ef. 1:5, 11, 30; Ef. 1:9)
3. *prothesis* – voorafbepaalde doel (Rom. 9:11)
4. *proetoimazō* – voorberei (Rom. 9:23)
5. *prolegō* – voorheen gesê (Rom. 9:29)
6. *proelpizō* – om vooraf te hoop (Ef. 1:12)

**9:12** Dit is ’n aanhaling uit Gen. 25:23 en staan in verband met Esau en Jakob. Dat Rebekka en Jakob Isak met betrekking tot die seën gekul het, was aksie in lyn met die profesie en nie ter wille van persoonlike gewin nie.

<b>9:13 NASB</b>	<b>“but Esau I hated”</b>
<b>NAV, OAV</b>	<b>“en Esau het Ek gehaat”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“Ek het vir Jakob liever gehad as vir Esau”</b>

Dit is ’n aanhaling uit Mal. 1:2-3. “Haat” is ’n Hebreeuse idioom van vergelyking. Dit klink verskriklik in ’n Westerse taal, maar vergelyk Gen. 29:31-33, Deut. 21:15; Mat. 10:37-38; Luk. 14:26; en Joh. 12:25. Die mensvormige spreekwyse van liefde en haat gaan nie oor God se gevoelens oor die twee individue nie, maar beskryf sy verbintenis tot ’n Messiaanse linie en belofte. Jakob was die seun van die belofte op krag van die profesie van Gen. 25:23. Esau (Mal. 1:2-3) staan vir die nasie van Edom – sy afstammeling.

**NASB (UPDATED) TEXT: 9:14-18**

**<sup>14</sup>What shall we say then? There is no injustice with God, is there? May it never be! <sup>15</sup>For He says to Moses, “I WILL HAVE MERCY ON WHOM I HAVE MERCY, AND I WILL HAVE COMPASSION ON WHOM I HAVE COMPASSION.” <sup>16</sup>So then it does not depend on the man who wills or the man who runs, but on God who has mercy. <sup>17</sup>For**

**Scripture says to Pharaoh, “FOR THIS VERY PURPOSE I RAISED YOU UP, TO DEMONSTRATE MY POWER IN YOU, AND THAT MY NAME MIGHT BE PROCLAIMED THROUGHOUT THE WHOLE EARTH” <sup>18</sup>So then He has mercy on whom he desires, and hardens whom He desires.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 9:14-18.*

<b>9:14 NASB</b>	<b>“What shall we say then”</b>
NAV	<b>“Wat moet ons hieruit aflei”</b>
OAV	<b>“Wat sal ons dan sê”</b>
CUM-NLV	<b>“Wat moet ons hierop sê”</b>

Paulus maak dikwels gebruik van hierdie dialektiek-vorm van gesprekvoering (vgl. 3:5; 4:1; 6:1; 7:7; 8:31; 9:14, 19, 30).

▣ <b>NASB</b>	<b>“There is no injustice with God, is there”</b>
NAV	<b>“dat God onregverdig is”</b>
OAV	<b>“Is daar miskien onreg by God”</b>
CUM-NLV	<b>“dat God onbillik is”</b>

Hoe kan God die mens verantwoordelik hou as sy soewereiniteit deurslaggewend is (vgl. vers 19)? Dit is die enigma van verkiesing. Die hoofsaak in hierdie konteks is dat God vry is om met die mensdom (immer wederstrewig) te doen wat Hy wil. Dit moet in ag geneem word dat God se soewereiniteit tot openbaring kom in barmhartigheid, nie in brute krag nie (vgl. die aantekening by vers 15).

Dit moet ook beklemtoon word dat God se soewereine keuses nie gebaseer is op voorkennis van die mens se keuses en aksies nie. Dit sou beteken dat mense se keuses en aksies bepalend word van God se keuse (vgl. vers 16; 1 Pet. 1:2). Die Joodse tradisie van voorspoed vir dié wat goed doen, speel hier ’n rol (vgl. Deut. 27-28; Job en Ps. 73). Maar God verkies om die onwaardige op grond van geloof sonder verdienste te seën (vgl. 5:8). God weet alle dinge, maar nogtans beperk hy sy keuses ten opsigte van (1) barmhartigheid en (2) belofte. Die mens se reaksie is nodig, maar dit volg op God se verkiesing tot lewensverandering, wat dan as bevestiging van hierdie verkiesing dien.

▣ <b>NASB</b>	<b>“May it never be”</b>
NAV	<b>“Beslis nie”</b>
OAV	<b>“Nee, stellig nie”</b>

Dit is ’n OPTATIEF wat min voorkom. Paulus gebruik dit om sterk ontkennend op die bedenkinge van sy veronderstelde gespreksgenoot te reageer (vgl. 3:4, 6, 31; 6:2, 15; 7:7, 13; 11:1, 11; ook 1 Kor. 6:15; Gal. 2:17; 3:21; 6:14).

**9:15** Hierdie is ’n aanhaling uit Eks. 33:19. God is vry om volgens sy eie verlossingsplan te werk te gaan. Selfs Moses het nie God se seën verdien nie (vgl. Eks. 33:20). Hy was ’n moordenaar (vgl. Eks. 2:11-15). Die sleutel tot verstaan hiervan is dat Hy verkies om uit genade te red (vgl. vers 16, 18-23; 11:30, 31, 32).

<b>9:15-16 NASB</b>	<b>“mercy”</b>
NAV, OAV	<b>“barmhartig”</b>
CUM-NLV	<b>“ontferm”</b>
CUM-MVB	<b>“goedheid betoon”</b>

Hierdie Griekse woord (*eleos*, vgl. verse 15, 16, 18, 23, 32) is in die LXX gebruik om die besondere Hebreeuse woord, *hesed*, te vertaal wat “standvastig, verbondslojaliteit” beteken (onthou dat die skrywers van die NT in Hebreeus gedink en in straat-Grieks geskryf het). God se verkiesing en barmhartigheid is dus meervoudig en gemeenskaplik (verbond – lojaal daaraan). Gelowige Jode en gelowiges uit die heidendom sowel as individue word ingesluit, hoewel die verbond opgerig is met behulp van verkose deelnemers: Joods (Isak), nie met Arabiere nie (Ismael); Israel (Jakob), maar nie Edomiete nie (Esau). Daar is dus twee sleutels tot verstaan van die geheimenis van uitverkiesing: die een is die verbond wat barmhartigheid en genade bied aan almal wat met geloof daarby inval (vgl. Gal. 5:18-19); die ander sleutel is die konteks van hoofstukke 9-11 wat getuig van God se onveranderlike karaktereenskap – barmhartigheid (vgl. 9:15, 16, 18, 23; 11:30, 31, 32) – en nie die hoop bou op menslike verdienste nie!

**9:17-18** Vers 17 is ’n belangrike en universele aanhaling uit Eks. 9:16; vers 18 die gevolgtrekking wat uit die aanhaling voortvloei. Van Faraο word gesê dat hy sy eie hart verhard het (vgl. Eks. 8:15, 32; 9:34). Volgens gedeeltes 4:21; 7:3; 9:12; 10:20, 27; 11:10 blyk dit dat God sy hart verhard het. Hierdie voorbeeld toon God se soewereiniteit (vgl. vers 18). Hoewel Faraο vir sy keuses verantwoordelik was, gebruik God Faraο se arrogante, wederstrewige persoonlikheid om sy eie wil vir Israel ten uitvoer te bring (vgl. vers 18).

Let ook daarop dat God se handeling met Faraο op inklusiewe verlossing gerig was. Die bedoeling was:

1. om God se almag te toon teenoor die Egiptiese natuurgeloof (dieregode) soos in Gen. 1 gebeur ten opsigte van die Babiloniese astrale godedom;
2. om God te openbaar aan Egipte, en by implikasie aan die hele aarde (vers 17).

Westerse (Amerikaanse) denke plaas groot klem op die individu, maar Oosterse denke fokus op die behoeftes van die groep – die gemeenskap as geheel. Daarom gebruik God Faraο om Homself aan ’n wêreld in nood voor te stel. Hy doen dieselfde wat betref die ongelowige Israel (hoofstuk 11). In die lig van hierdie konteks moet die regte van die individu afgeskaal word ten behoeve van die algemene nood. Let op die volgende voorbeelde van die gemeenskaplikheidsbeginsel in die OT:

1. Job se eerste kinders sterf as gevolg van God se gesprek met Satan (vgl. Job 1-2);
2. Israeli soldate sterf as gevolg van Agan se sonde (vgl. Jos. 7);
3. Dawid se eerste kind by Batseba sterf oor Dawid se sonde (2 Sam. 12:15).

Ons almal se lewens word geaffekteer deur die besluite van ander. Hierdie gemeenskaplikheid kom ook na vore ook in die NT, soos blyk uit Rom. 5:12-21.

**NASB (UPDATED) TEXT: 9:19-26**

<sup>19</sup>You will say to me then, “Why does He still find fault? For who resists His will?”  
<sup>20</sup>On the contrary, who are you, O man, who answers back to God? The thing molded will not say to the molder, “Why did you make me like this,” will it? <sup>21</sup>Or does not the potter have a right over the clay, to make from the same lump one vessel for honorable use and another for common use? <sup>22</sup>What if God, although willing to demonstrate His wrath and to make His power known, endured with much patience vessels of wrath prepared for destruction? <sup>23</sup>And He did so to make known the riches of His glory upon vessels of mercy, which He prepared beforehand for glory, <sup>24</sup>even us, whom He also called, not from among Jews only, but also among Gentiles. <sup>25</sup>As He says also in Hosea, “I WILL CALL THOSE WHO WERE NOT MY PEOPLE, ‘MY PEOPLE,’ AND HER WHO WAS NOT BELOVED, ‘BELOVED.’” <sup>26</sup>AND IT SHALL BE THAT IN THE

**PLACE WHERE IT WAS SAID TO THEM, 'YOU ARE NOT MY PEOPLE,' THERE THEY SHALL BE CALLED SONS OF THE LIVING GOD."**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 9:19-26.*

<b>9:19</b>	<b>NASB</b>	<b>"who resists His will"</b>
	<b>NAV</b>	<b>"Wie kan tog teen sy wil ingaan?"</b>
	<b>OAV</b>	<b>"wie het sy wil weerstaan"</b>
	<b>CUM-NLV</b>	<b>"hulle kan tog nie teen sy besluit ingaan nie"</b>

Dit is 'n PERFECTUM AKTIEF INDIKATIEF wat 'n gevestigde feit met voortgaande gevolge beskryf (vgl. 2 Kron. 20:6; Job 9:12; Ps. 135:6; Dan. 4:35). Die dialektiek word voortgesit en is die beste manier om sy denke uit te stip en te verstaan. Sien hierdie hoofstuk se inleiding: afdeling B, onderafdeling 1. God se wil moet op twee vlakke gesien word. Eerstens is daar sy verlossingsplan vir almal van die gevalle menslike ras (Gen. 3:15). Hierdie plan word nie deur die individuele keuses van mense beïnvloed nie. Maar op die volgende vlak kies God sy menslike instrumente (vgl. Eks. 3:7-9 en 10). Mense word gekies om uitvoering te gee aan sy plan, in 'n positiewe (Moses), maar ook 'n negatiewe (Farao) sin. Op dié vlak kan niemand teen sy besluit ingaan nie!

**9:20-21** Hierdie beeldspraak kom uit Jes. 29:16; 45:9-13; 64:8 en Jer. 18:1-12. Die metafoor wat YHWH as pottebakker voorstel hou verband met Hom as skepper, want die mensdom kom uit die klei (vgl. Gen. 2:7). Paulus bring die waarheid van God se soewereiniteit tuis deur nog drie vrae te stel – die eerste twee in vers 20 en die derde in vers 21. Die laaste vraag keer terug na God se positiewe keuse in Moses en negatiewe een in Farao. Dieselfde kontras (positief-negatief met betrekking tot die instrumente van sy reddingsplan) is te sien (1) in Isak/Ismael, verse 8-9; (2) in Jakob/Esau, verse 10-12; en (3) in die Israëliete en die Edomiete (vgl. vers 13). Dieselfde analogie word dan ontwikkel om Paulus se kontingente situasie wat betref gelowige Jode en ongelowige Jode, te weerspieël. God se positiewe keuse was om gelowige heidene ook in te sluit (vgl. verse 24-29; 30-33).

**9:22** **"if" ("as"):** Hierdie is 'n gedeeltelik VOORWAARDELIKE BYSIN KLAS EEN wat as waar beskou moet word vanuit die perspektief van die skrywer, maar sonder 'n grammatiese afsluiting. Verse 22-24 is een sin in Grieks. Vers 22 gee uitdrukking aan die verlossende karakter van God. Hy is 'n God van geregtigheid. Hy hou die mensdom aanspreeklik vir hulle dade. Maar Hy is ook 'n barmhartige God. Alle mense verdien die dood (vgl. 1:18-3:21). Geregtigheid is nie goeie nuus nie! God se karakter is primêr barmhartig. Hy is in wese nie toornig nie (vgl. Deut. 5:9-10; 7:9; Hos. 11:8-9). Sy keuses is ingestel op verlossing (vgl. Eseg. 36:22-33). Hy is geduldig met 'n sondige mensdom (vgl. Eseg. 18). Hy gebruik selfs kwaad om sy verlossingsdoeleindes te bereik (bv. Satan, Farao, die Heks van Endor, Assirië, Nebukadnésar, Kores, en in hoofstuk 11, ongelowige Israel)!

■	<b>NASB</b>	<b>"willing to demonstrate His wrath"</b>
	<b>NKJV</b>	<b>"wanting to show His wrath"</b>
	<b>NRSV</b>	<b>"desiring to show his wrath"</b>
	<b>TEV</b>	<b>"wanted to show his anger"</b>
	<b>JB</b>	<b>"is ready to show his anger"</b>
	<b>NAV</b>	<b>"Hy wou sy toorn laat sien"</b>
	<b>OAV</b>	<b>"al wil Hy sy toorn bewys"</b>
	<b>CUM-NLV</b>	<b>"sodat Hy uiteindelik [...] sy oordeel bekend mag maak"</b>

God demonstreer sy toorn om sy mag (vers 22) en die rykdom van sy heerlikheid (vers 23) te toon. God se handeling het heelyd 'n verlossingsdoelwit (behalwe *Gehenna*, wat die finale isolasie van volslae ongeloof en sonde is).

- ▣ NASB “vessels of wrath”
- NAV “voorwerpe van sy toorn”
- OAV “voorwerpe van toorn”
- CUM-NLV “voorwerpe van sy oordeel”
- CUM-MVB “die voorwerpe wat Hy gemaak het om sy straf te dra”

Hiermee voer Paulus die klei-metafoor van verse 20 en 21 verder. Dit is 'n ooglopende verwysing na volslae ongelowige mense wat dan (soos Farao e.a.) gebruik word om sy verlossingsplan verder te voer.

- ▣ NASB, NKJV “prepared”
- NRSV “are made”
- TEV “doomed”
- NJB “designed”
- NAV “reg was”
- OAV “toeberei”
- CUM-NLV “gereedgemaak”

Dis 'n PERFECTUM PASSIEF DEELWOORD. In die papiusliteratuur word die woord gebruik om aan te dui dat iets voorberei is om vir altyd weggebêre te word. Vir weerstandige ongeloof wag daar 'n dag van beregting en gepaardgaande gevolge. God verkies egter om ongelowiges vir die bewerking van sy wyer verlossingsdoelwit aan te wend.

M.R. Vincent, *Word Studies*, vol. 2, lewer die volgende kommentaar:

“Not fitted by God for destruction, but in an adjectival sense, *ready, ripe* for destruction, the participle denoting a present state previously formed, but giving no hint of how it has been formed,” (bl. 716).

- ▣ NASB “destruction”
- NAV “om verdelg te word”
- OAV “vernietig”
- CUM-NLV “vir ondergang”

Sien *Vir Spesiale Aandag: Van Nul en Geen Waarde nie* by 3:3.

- 9:23 NASB “which He prepared beforehand for glory”
- NAV “die mense wat Hy vantevore vir die heerlikheid voorberei het”
- OAV “wat Hy voorberei het tot heerlikheid”
- CUM-NLV “die voorwerpe van sy ontferming wat Hy voorberei het om sy heerlikheid te ontvang”
- CUM-MVB “die voorwerpe wat Hy gemaak het om sy goedheid te ontvang”

Dieselfde waarheid word in Rom. 8:29-30 en Ef. 1:4, 11 hanteer. Nêrens in die NT word God se soewereiniteit so sterk beklemtoon soos hier nie. Daar is geen kwessie daaromtrent dat God in volle beheer van beide skepping en verlossing is nie. Hierdie groot waarheid mag nooit versag of afgewater word nie. Tog moet dit in samehang gesien word met God se wil dat Hy in 'n verbondsverhouding tree met die mens wat na sy beeld geskape is. Dit is natuurlik waar dat sommige verbonde sonder voorwaardes funksioneer en niks te make het met menslike respons

nie (vgl. 9:8-17; 15:12-21). Ander weer is voorwaardelik sodat menslike respons verwag word (bv. Eden, Noag, Moses, Dawid). God het 'n verlossingsplan vir sy skepping en geen mens kan daaraan afdoen of toedoen nie. God het wel toegelaat dat individue aan sy plan deelneem. Hierdie geleentheid tot deelname veroorsaak 'n teologiese spanning tussen soewereiniteit (Rom. 9) en vrye wil (Rom. 10).

Dit is nie toelaatbaar om een aspek in die Bybel te oorbeklemtoon en 'n ander te ignoreer nie. Daar is spanning tussen leerstellinge, aangesien Oosterse mense waarhede in dialektiese pare aanbied. Leerstellinge moet in hulle onderlinge samehang gesien word. Die werklikheid is dat waarheid 'n mosaïek van waarhede is.

Hier is 'n geheimenis: Paulus probeer nie die probleem van ongelowiges wat vir toorn voorberei word (*katapizō*, vers 22) en gelowiges wat vir heerlikheid voorberei word (*proetoimazō*, vers 23), logies verklaar nie. Is God se verkiesing die enigste en bepalende faktor of is God se besluit gebaseer op barmhartigheid vir almal, waar sommige sy aanbod verwerp? Het die mensdom enigsins 'n hand aan hulle eie toekoms (9:30-10:21)? Daar is oorbeklemtoning aan beide kante (Augustinus – Pelagius). Myns insiens verenig die verbond die uiteenlopende sienswyses met die gedagte dat die slotsom by God berus. Die mensdom kan alleen reageer op die inisiatiewe van God (vgl. Joh. 6:44, 65). Maar ek sien dit so dat God nie buierig is nie, maar barmhartig. Hy reik uit na almal in sy skepping met selfbewussyn, want ons is geskape na sy beeld (Gen. 1:26-27). Ek worstel met hierdie gedeelte. Dit kom kragdadig oor en dit werk met sterk teenoorgesteldes. Die fokus is die Jode se ongeloof, maar lei tot die heidene se insluiting (vgl. hoofstuk 11)! Maar dit is nie die enigste Skrif oor die karakter van God nie.

■ **“Glory” (“heerlikheid”):** Sien die aantekening by 3:23.

**9:24** Hierdie vers dui aan dat God se belofte wyer toepassing het as bloot die volk Israel. God het verkies om aan die hele mensdom genade te betoon. Die belofte van Gen. 3:15 geld vir die hele mensdom (voor Gen. 12 was daar per slot van sake geen Jode nie). Die roeping van Abraham is van belang vir die hele mensdom (Gen. 12:3). Ook die roeping van Israel om 'n koninkryk van priesters te wees is op die hele mensdom gerig (Eks. 19:5-6). Dit is die geheimenis van God wat verborge was, maar uiteindelik ten volle geopenbaar is (vgl. Ef. 2:11-3:13; Gal. 3:28; Kol. 3:11).

Paulus se verklaring in vers 24 word deur 'n reeks OT-aanhalings geïllustreer:

1. vers 25, Hos. 2:23
2. vers 26, Hos. 1:10b
3. vers 27, Jes. 10:22 en/of Hos. 1:10a
4. vers 28, Jes. 10:23
5. vers 29, Jes. 1:9

**9:25-26** Hierdie aanhalings kom uit Hos. 2:23 soos in die LXX, en Hos. 1:10. Hoewel Hosea aan die tien noordelike stamme dink, gebruik Paulus dit ten aansien van die heidene. Dit is 'n tipiese werkswyse van NT-skrywers om aan die kerk te dink as 'n vervulling van beloftes aan Israel (vgl. 2 Kor. 6:16; Tit. 2:14; 1 Pet. 2:5-9). As God die afgodiese Noordelike Ryk kan terug verwelkom, sien Paulus daarin die bewys van God se liefde en vergifnis wat eendag ook die afvallige heidendom kan insluit ('n bekeerde heidendom)!



**NASB (UPDATED) TEXT: 9:27-29**

**27**Isaiah cries out concerning Israel, **“THOUGH THE NUMBER OF THE SONS OF ISRAEL BE LIKE THE SAND OF THE SEA, IT IS THE REMNANT THAT WILL BE SAVED; 28**FOR THE LORD WILL EXECUTE HIS WORD ON THE EARTH, THOROUGHLY AND QUICKLY.” **29**And just as Isaiah foretold, **“UNLESS THE LORD SABAOTH HAD LEFT TO US A POSTERITY, WE WOULD HAVE BECOME LIKE SODOM, AND WOULD HAVE RESEMBLED GOMORRAH.”**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 9:27-29.*

**9:27** NASB, NKJV, NRSV, NJB “though”  
TEV “even if”  
NAV, CUM-NLV “Al was”  
OAV, CUM-MVB “al is”

Hierdie is ’n VOORWAARDELIKE BYSIN KLAS DRIE (*ean* plus die SUBJUNKTIEWE VORM) wat dui op moontlike aksie.

**9:27-28** Hierdie is ’n parafrasering van Jes. 10:22-23 uit die LXX. Die Textus Receptus bevat ’n toevoeging of afsluitfrase uit Jes. 10:23, ook uit die LXX. Dit kom egter nie in die ou Griekse manuskripte P<sup>46</sup>,  $\aleph$ , A, en B voor nie en moes dus ’n latere oorskrywer se toevoeging wees. Weglating van dié frase word deur UBS<sup>4</sup> gegradeer as “beslis”.

▣ NASB “LIKE THE SAND OF THE SEA”  
NAV, OAV “soos die sand van die see”  
CUM-NLV “soos die sand op die seestrand”

Die getalsterkte van Abraham se nakomelingskap op krag van die belofte aan Abraham, word hiermee metafories beklemtoon (Gen. 15:5; 22:17; 26:4).

▣ NASB “THE REMNANT THAT WILL BE SAVED”  
NAV “net die handjievul wat oorbly sal gered word”  
OAV “net die oorblyfsel sal gered word”  
CUM-NLV “net ’n handjievul oorblywendes gered word”  
CUM-MVB “die groepie wat oorgebly het, sal gered word”

Met “oorblyfsel” bedoel die profete dikwels daardie groepie Israëliete wat toegelaat word om uit die ballingskap na die land deur God aan hulle belof, terug te keer. Vir Paulus dui die uitdrukking op daardie Israëliete wat in God geglo het en op die evangelie gereageer het met geloof in Christus.

Selfs in die verbondsvolk Israel was daar ’n geestelike verdeeldheid, omdat net sommige ’n ware verhouding met God bewerkstellig het. Uitverkiesing van die volk Israel benodig nie ’n individuele geloofsantwoord nie.

Paulus gebruik die OT-frase wat aanvanklik gedui het op teruggekeerde Joodse ballinge na Palestina – maar ’n klein groepie – as verwysing na diegene wat die evangelie gehoor het. Die groot meerderheid van hulle het egter nie tot geloof in Christus gekom nie. Slegs ’n klein persentasie van die eerste-eeuse hoorders uit geleedere van Jode en heidene, het die evangelieboodskap aangeneem. Paulus verwys na hulle as die “oorblyfsel”.

## **VIR SPESIALE AANDAG: DIE OORBLYFSEL, DRIE BETEKENISSE**

Die OT-konsep van 'n “getroue oorblyfsel” kom herhaaldelik voor, veral by monde van die 8<sup>ste</sup> eeuse profete en Jeremia. Drie betekenisse word onderskei:

1. diegene wat die ballingskap oorleef het (Jes. 10:20-23; 17:4-6; 37:31-32; Jer. 42:15, 19; 44:12, 14, 28; Amos 1:8);
2. diegene wat aan YHWH getrou was (vgl. Jes. 4:1-5; 11:11, 16; 28:5; Joël 2:32; Amos 5:14-15; Miga 2:12-13; 4:6-7; 5:7-9; 7:18-20); en
3. diegene wat deel sal hê aan die eskatologiese vernuwing en herskepping (vgl. Amos 9:11-15).

Soos reeds genoem in hierdie hoofstuk, word temas uit Israel se verlede herhaal (vers 6). Getroue toegewydes uit geledere van die “oorblyfsel”, oorleef die ballingskap en keer na Judea terug. God skaal getalle af sodat Hy sy almag, voorsienigheid en sorg kan betoon (vgl. Gideon, Rigt. 6-7).

**9:29** Hierdie aanhaling uit Jes. 1:9 is uit die LXX geneem, en keur die sondigheid van nasionale Israel af.

■ NASB	“LORD OF SABAOTH”
NAV	“die Here, die Almagtige”
OAV	“die Here van die leërskaer”
CUM-MVB	“die Magtige van die hemelse leer”

Dit was 'n OT-benoeming van YHWH wat gewoonlik met “Here van die leërskaer” vertaal is (vgl. Jak. 5:4). Dit is 'n benoeming uit 'n militêre konteks wat dui op God as “aanvoerder van die hemelse weermag” (vgl. Jos. 5:13-15). Die sterreheem dien as astrale veelgodedom vir die Babiloniërs, maar God is die “Heer van die hemelliggame”; sterre is geskape deur God; hulle is nie self gode nie. Sterre beheer of bestuur nie gebeurtenisse nie (vgl. Gen. 1:16; Ps. 8:3; 147:4; Jes. 40:26).

■ NASB	“unless [...] had left to us a posterity”
NRSV	“had not left survivors”
TEV	“had not left us some descendants”
NJB	“had not left us a few survivors”
NAV	“nie vir ons ‘n klompie laat oorbly het nie”
OAV	“nie vir ons ‘n nageslag oorgelaat het nie”
CUM-NLV	“nie ‘n paar van ons laat oorbly het nie”
CUM-MVB	“nie vir ons ‘n nageslag laat oorbly het nie”

Teenoor die Hebreeuse teks van Jes. 1:9 (“oorblyfsel”), vertaal die LXX met “saad” (NKJV). God se oordeel oor Israel het immer (1) die gelowige “oorblyfsel” of (2) die Messiaanse linie gespaar. God spaar 'n paar om die menigte te bereik.

■ “Sodom [...] Gomorrah” (“Sodom [...] Gomorra”): Vers 28 hou verband met die oordeel van God. In Gen. 19:24-26 word melding gemaak van die verwoesting van twee heidenstede. Hierdie vernietiging het intussen spreekwoordelik geword van God se oordeel (vgl. Deut. 29:34; Jes. 13:19; Jer. 20:16; 49:18; 50:40; Amos 4:11).

**NASB (UPDATED) TEXT: 9:30-33**

**<sup>30</sup>What shall we say then? That Gentiles who did not pursue righteousness, attained righteousness, even the righteousness which is by faith; <sup>31</sup>but Israel, pursuing a law of righteousness, did not arrive at *that* law. <sup>32</sup>Why? Because *they did not pursue it by faith, but as though it were by works. They stumbled over the stumbling stone, <sup>33</sup>just as it is written, “BEHOLD, I LAY IN ZION A STONE OF STUMBLING AND A ROCK OF OFFENSE, AND HE WHO BELIEVES IN HIM WILL NOT BE DISAPPOINTED.”***

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 9:30-33.*

**9:30-31** Dit is 'n verrassende afsluiting tot die gedeelte oor God se uitverkiesing. Verse 30-33 is 'n samevatting van hoofstuk 9 en ook 'n inleiding vir hoofstuk 10. Gelowige heidene kom te staan in 'n regte verhouding met God, maar nie alle Jode nie!

God se werkswyse met die mensdom is die verbond. Hy neem altyd die inisiatief en bepaal die reëls daarvan. Individue moet reageer met sondebelydenis en geloof; met gehoorsaamheid en volharding. Word gelowiges gered deur (1) God se soewereine besluit, (2) deur God se barmhartigheid geopenbaar in die Messias se voltooide werk, wat in geloof aanvaar moet word en/of (3) deur handeling wat persoonlike geloof bevestig? Ja!

Vir “volhard”, sien die aantekening by 14:19.

■ NASB	“Righteousness”
NAV	“vryspraak”
OAV	“geregtigheid”
CUM-NLV	“God se goedkeuring”
CUM-MVB	“verhouding met God probeer regstel”

Sien *Vir Spesiale Aandag: Geregtigheid* by 1:17.

<b>9:32</b> NASB	“by works”
NAV	“eie prestasies”
OAV	“werke van die wet”
CUM-NLV	“hulle werke”

In die Textus Receptus is “van die wet” op 'n latere stadium deur 'n oorskrywer bygevoeg. Dit was 'n byvoeging deur 'n later oorskrywer. Paulus maak dikwels van die frase “werke van die wet” gebruik (vgl. 3:20-28; Gal. 2:16; 3:2, 5, 10). Dog, die antieke tekste in Grieks (P<sup>46</sup>, X\*, A, B, F en G laat dié inskrywing weg. Die UBS<sup>4</sup> gradeer die korter weergawe as “byna seker”).

Die ontsluiting van God se geregtigheid is nie ywerige, goeie werke nie, maar die ontvangs van die karakter van God in Christus. Geregtigheid is vir 'n gevalle mensdom nie haalbaar nie, maar dit word sonder terughouding geskenk deur geloof in Christus (vgl. 3:21-31). Maar dit moet aanvaar word (vgl. vers 33; Joh. 1:12; 3:16; Rom. 4:1vv; 10:9-13; Ef. 2:8-9). Ernstig-godsdienstiges, die wetsbehepte “moet-moenie”-mense en gestrenge Joodse moraliste mis die punt van vryspraak deur die geloof.

George Eldon Ladd in sy *Theology of the New Testament* maak in dié verband 'n waardevolle opmerking:

“Paul’s teaching about the Law is often approached from the perspective of the historical experience either of Paul himself as a Jewish rabbi, or of a typical first-century Jew under the Law. However, Paul’s thought must be seen neither as a confession of his spiritual

autobiography, nor as a description of the legalistic character of first-century Pharisaism, but as a theological interpretation by a Christian thinker of two ways of righteousness: legalism and faith,” (bl. 495).

**9:33** Hierdie gedeelte is uit Jes. 28:16 geneem en met 8:14 gekombineer.

“Kyk Ek lê in Sion ’n grondsteun, ’n beproefde steen” – 28:16a

“’n klip waar ’n mens teen stamp en ’n rots waar ’n mens oor struikel” – 8:14b

“hy wat glo, sal nie haastig wees nie” – 28:16b, OAV

“Wie op My vertrou, hoef nie te vlug nie” – 28:16b, NAV

In navolging van die rabbyne, kombineer hy hierdie sinne. Hiermee swaai hy Jes. 28:16 om tot negatiewe betekenis. Paulus manipuleer die OT vir sy eie doeleindes:

1. Hy oefen ’n keuse uit tussen die Masoretiese Teks (Hebreeus) en die LXX (Grieks), of hy gebruik sy eie vertaling.
2. Die verwysing na groepe verander hy, soos byvoorbeeld met ballinge wat hy van toepassing maak op die heidene.
3. Hy kombineer tekste.
4. Hy verander titels en VOORNAAMWOORDE, soos in die geval van karaktereenskappe van JHWH wat op Jesus van toepassing gemaak word.

<p>■ NASB NAV OAV CUM-NLV</p>	<p><b>“he who believes in Him will not be disappointed”</b> <b>“maar wie in Hom glo, sal nie teleurgestel word nie”</b> <b>“elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie”</b> <b>“maar enigen wat in Hom glo, sal nie beskaamd staan nie”</b></p>
---	--

Dit kom uit Jes. 28:16b en word ook in Rom. 10:11 aangehaal. Dit stem ooreen met Joël 2:32 wat in Rom. 10:13 aangehaal word. Die sleutel tot saligheid is beide (1) die voorwerp is die hoeksteen en (2) die persoonlike aanvaarding van Hom deur geloof. Sien *Vir Spesiale Aandag: Geloof* by 4:5.

<p>■ NASB NAV, CUMs OAV</p>	<p><b>“A STONE”</b> <b>“’n klip”</b> <b>“’n steen”</b></p>
-------------------------------------	--

Oorspronklik het “rots” as titel vir God gedien (vgl. Ps. 18:1-2, 31, 46; Deut. 32:18; 1 Sam. 2:2; Ps. 28:1; 31:3; 42:9; 71:3; 78:35), maar dit het ook ’n Messiaanse betiteling geword (vgl. Gen. 49:24; Ps. 118:22; Jes. 8:14; 28:16; Dan. 2:34-35, 44-45; Mat. 21:42-44). Die kruks van die saak van God se verbondsbeloftes was die Messias, wat deur die Jode misverstaan is en tot verwerping van die Messias gelei het (1 Kor. 1:23), maar ook tot die verwerping van die basiese doelwitte van die verbond met God. Christus het vir die Jode ’n hindernis geword (Jes. 8:14; Luk. 2:34). Vir gelowige Jode en heidene het hy egter die hoeksteen van die fondament geword (vgl. Jes. 28:16; 1 Pet. 2:6-10).

## VIR SPESIALE AANDAG: HOEKSTEEN

### I. OT-Gebruike

- A. Die idee van 'n klip as harde, duursame voorwerp om 'n fondament mee te lê, is as metafoor vir YHWH gebruik (vgl. Ps. 18:1).
- B. Hiervandaan het dit ontwikkel tot 'n Messiaanse betiteling (vgl. Gen. 49:24; Ps. 118:22; Jes. 28:16).
- C. Dit dui ook op die oordeel van God deur die Messias aangewend (vgl. Jes. 8:14; Dan. 2:34-35, 44-45).
- D. Die verdere ontwikkeling is 'n bouersmetafoor:
  - 1. 'n fondamentsteen, wat basies geplaas word as die hoeksteen waarop die hoeke en die veiligheid van die gebou rus;
  - 2. die laaste klip, die finale steun in die muur, die sluitsteen of kliplatei (Sag. 4:7; Ef. 2:20, 21) – in Engels genoem “the cap stone”, in Hebreeus, *rusj* (hoof);
  - 3. die sluitsteen in die middel van die boogingang wat as stut vir die mure dien.

### II. NT-Gebruike

- A. Jesus haal Ps. 118 verskeie kere aan met verwysing na Homself (vgl. Mat. 21:41-46; Mark. 12:10-11; Luk. 20:17).
- B. Paulus gebruik Ps. 118 met verwysing na YHWH se verwerping van 'n ontroue, wederstrewige Israel (vgl. Rom. 9:33).
- C. Paulus gebruik die konsep van 'n sluitsteen of kliplatei in Ef. 2:20-22 met betrekking tot Christus.
- D. Petrus beskou Jesus as die sluitsteen of hoeksteen vir die lewende stene (die gelowiges as die “tempel”, 1 Kor. 6:19), wat op Hom gebou is; Jesus assosieer sterk met die tempel as metafoor (Mark. 14:58; mat. 12:6; Joh. 2:19-20).

Die Jode het die fondament van hulle hoop verwerp toe hulle Jesus as Messias verwerp het.

### III. Teologiese Opmerkings

- A. YHWH het Dawid en Salomo toegelaat om 'n tempel te bou met die belofte dat Hy by hulle sal woon en hulle sal seën as hulle die verbond nakom. Andersins kon hulle die verwoesting van die tempel verwag (1 Kon. 9:1-9).
- B. Die Judaïsme van die rabbyne, sonder om toegewyde rabbyne deur veralgemening te na te kom, was toegespits op vormlikheid en ritus sonder om die nodige ag te slaan op die persoonlike aspek van geloof. God verlang na 'n persoonlik daaglikse wandeling met die mens wat Hy na sy beeld geskape het (Gen. 1:26-27). Luk. 20:17-18 spreek van vreesaanjaende oordeel.
- C. Jesus vergelyk sy fisiese liggaam met 'n tempel. Dit brei uit op, en wil bevorderlik wees van, die persoonlike aspek van die verhouding met God. Geloof in Jesus as die Messias is die enkele groot stap tot 'n verhouding met die Onsienlike (YHWH).
- D. Verlossing beteken die herstel van die beeld van God in mense sodat vertrouensvriendskap met God weer moontlik word. Die doel van die Christendom is dat die Christusgesindheid in die mens se lewe tot uitdrukking moet kom – hier en nou.

Gelowiges moet lewende stene word, gekap na die voorbeeld van Christus, en met Hom ingebou wees in die Nuwe Tempel van God.

- E. Jesus is die fondament van ons geloof en die sluitsteen van ons geloof – die Alfa en die Omega. Hy is egter ook die struikelblok en die rots van aanstoot. Om Hom mis te loop, is om alles te verloor. Hier is geen middeweg nie!

### **BESPREKINGSVRAE**

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Hoe moet die verhouding tussen hoofstuk 9 (uitverkiesing) en hoofstuk 10 (menslike vrye wil) verstaan word?
2. Waaroor handel Rom. 9:1-29 hoofsaaklik?
3. Het God sy belofte aan Israel verbreek?
4. Noem die voorregte wat nasionalistiese Israel kon geniet (9:4-5).
5. Was alle Jode in 'n regte verhouding met God? Motiveer jou antwoord (9:6).
6. As 'n mens onder dwang van God se wil staan, word so 'n mens steeds verantwoordelik gehou wat morele sake betref?
7. Op watter manier is barmhartigheid die verlossende woord ten opsigte van verstaan van uitverkiesing (vgl. 15, 16, 18, 23; 11:30-32)?

## ROMEINE 10

<b>PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*</b>					
<b>UBS<sup>4</sup></b>	<b>NKJV</b>	<b>NRSV</b>	<b>TEV</b>	<b>JB</b>	<b>NAV</b>
Israel en die evangelie	Israel het die evangelie nodig	Ware geregtigheid is deur geloof	Israel en die evangelie	Israel besef nie dat God heilig is nie	Israel en die evangelie
9:30-10:4	10:1-13	9:30-10:4	9:30-10:4	10:1-4	9:30-10:4
Redding vir almal			Redding is vir almal		Die verlossing is vir elkeen wat glo
10:5-13		10:5-13	10:5-13	10:5-13	10:5-13
	Israel verwerp die evangelie	Israel verantwoordelik vir haar mislukkings		Die getuienis van Moses	
10:14-21	10:14-21	10:14-17	10:14-17	10:14-17	10:14-17
		10:18-21	10:18-21	10:18-21	10:18-21

### **LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xi)**

#### **OM DIE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK TE VOLG**

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die vyf vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as die sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

#### **DIE DELE IN KONTEKS: ROMEINE 10**

- A. Hoofstuk 10 konsentreer op die geleentheid wat Israel het om op YHWH se genade-aanbod te reageer. Hoofstuk 9 konsentreer op God se verkiesing van die Jodedom en daardeur die wêreld, maar die Jode het geweier om hulle met God se keuse (die verbondsgehoorsaamheid) te vereenselwig.
- B. Paulus maak steeds van die OT gebruik om die evangelie se saak te stel. Dit is kenmerkend van die Apostels se prediking, wat ook as die *kerygma* (dit wat aangekondig is) bekendstaan. Sien *Vir Spesiale Aandag: die Kerygma van die Vroeë Kerk* by 1:2.
- C. Sentrale waarheid van 9:30 tot 10:4 sluit in:

\* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hierbo. Aanhalings inteks is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

1. die heidendom kom tot die geregtigheid van God deur geloof in Christus;
  2. die Jode vind nie die geregtigheid van God nie, omdat hulle weier om Christus te aanvaar; en
  3. die wet kon geregtigheid nie bewerkstellig nie; dit kom slegs deur geloof in Christus en kan nie deur menslike verdienste verkry word nie (vgl. 3:21-31).
- D. Bruce Corley en Curtis Vaughan in *A Study Guide Commentary, Romans*, uitgegee deur Zondervan, gee 'n nuttige uiteensetting van die sondes van die Jode:
1. godsdienstige hoogmoed (10:2a);
  2. geestelik blind (vgl. 10:2b, 3a);
  3. selfgeregtigheid (10:3b); en
  4. onwrikbare wederstrewigheid (10:4a).

Ek hou ook van hulle slotopmerkings aan die einde van hoofstuk 9 met die oog op hoofstuk 10: "Election happens in the preaching of the cross (vgl. 1 Thess. 1:4-10), which explains how the classical defense of divine sovereignty (9:6-29) can be followed by the greatest missionary pages in the letters of Paul (10:1-21). The highest mandate to preach the gospel is the knowledge that in doing so, God is faithful carrying out His election purpose in Christ," (bl. 114).

## STUDIE VAN WOORDE EN FRASES

### NASB (UPDATED) TEXT: 10:1-4

**<sup>1</sup>Brethren, my heart's desire and my prayer to God for them is for *their* salvation. <sup>2</sup>For I testify unto them that they have a zeal for God, but not in accordance with knowledge. <sup>3</sup>For not knowing about God's righteousness and seeking to establish their own, they did not subject themselves to the righteousness of God. <sup>4</sup>For Christ is the end of the law for righteousness to everyone who believes.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 10:1-4.*

<b>10:1 NASB</b>	<b>"Brethren"</b>
NAV	<b>"Broers"</b>
OAV	<b>"Broeders"</b>
CUM-NLV	<b>"Liewe broers en susters"</b>

Hierdie aanspreekvorm word dikwels deur Paulus gebruik as inleiding tot 'n nuwe onderwerp (vgl. 1:13; 7:1, 4; 8:12).

■ NASB	<b>"my heart's desire and my prayer to God for them is for <i>their</i> salvation"</b>
NAV	<b>"my hartewens en my gebed tot God vir my volk is dat hulle gered word"</b>
OAV	<b>"die verlanse van my hart en die gebed wat ek tot God vir Israel doen, is tot <i>hulle</i> redding"</b>

Paulus het geglo dat die Jode gered kan word en dat sy gebed vir hulle dit kon bewerkstellig. Hiermee word 'n verrassende ander kant van uitverkiesing toegelig. Sien *Vir Speciale Aandag: Voorbidding (Intrede)* by 9:3. In manuskripte (Grieks – Textus Receptus) word die gebed "vir hulle" met "vir Israel" afgewissel\*. "Vir hulle" word deur die meerderheid Griekse MSS gesteun: P<sup>46</sup>, N\*, B, C, D\*, F en G. Die UBS<sup>4</sup> gradeer "vir hulle" as "verkieslik".

\* Soos deur die Afrikaanse vertalings gebruik – vert.



<b>10:2 NASB</b>	<b>“they have a zeal for God”</b>
<b>NAV</b>	<b>“dat hulle vol ywer vir God is”</b>
<b>OAV</b>	<b>“dat hulle ‘n ywer vir God het”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“hoeveel hulle hul vir God beywer”</b>

Opreghheid van bedoeling en entoesiasme is nie aanvaarbaar nie (verse 3-4). Paulus was hiervan maar al te bewus (vgl. Han. 9:1; Gal. 1:14; Fil. 3:6)!

<b>10:2-3 NASB</b>	<b>“but not in accordance with knowledge. For not knowing about God’s righteousness”</b>
<b>NAV</b>	<b>“maar sonder die regte insig. Hulle het hulle nie gesteur aan die manier waarop God mense vryspreek nie.”</b>
<b>OAV</b>	<b>“maar sonder kennis. Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“maar hierdie ywer is misplaas. Want hulle ignoreer die vryspraak van God”</b>
<b>CUM-MVB</b>	<b>“Hulle het hulle tog nie gesteur aan die manier waarop God mense in die regte verhouding met Hom bring nie”</b>

Die term “ken” of “kennis” (*epiginōskō*) kan op twee maniere gebruik word: (1) die Jode kon nie begrip vorm (in die Griekse sin van “weet”, “ken”) van ‘n “vrye” gawe van vergifnis deur die evangelie nie; of (2) die Jode het in die Hebreeuse begrip van “ken”/“weet”, waar “geken” word in die sin van ‘n verhouding, nie ‘n geloofsverhouding met YHWH in stand gehou of nagekom nie (Gen. 4:1; Jer. 1:5). Die Jode was nie onkundig omtrent die vereiste wat “ken-weet” gestel het nie, naamlik respons op openbaring. Steeds het hulle geloof vervang met menslike meriete, wat tot hoogmoed, arrogansie en uitsluiting van ander mense aanleiding gegee het.

<b>10:3 NASB</b>	<b>“God’s righteousness”</b>
<b>NAV</b>	<b>“manier waarop God mense vryspreek”</b>
<b>OAV</b>	<b>“die geregtigheid van God”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“God se vryspraak”</b>
<b>CUM-MVB</b>	<b>“wyse waarop God mense in die regte verhouding met Hom bring”</b>

In die konteks van hoofstukke 9-11, moet dié frase verstaan word as die toerekening, van God se vrye gawes: van genade alleen, die voltooide werk van Christus alleen, die inwerking van die Gees alleen, en dus geloof alleen, maar so dat dit ‘n lewe van volgehoue gehoorsaamheid voor God sal beteken (vgl. hoofstuk 4).

‘n Mens kan verstaan hoekom die Jode God se “geregtigheid” nie begryp het nie. Die OT het immers gehoorsaamheid aan die wet vereis (vgl. Deut. 4:28-6:3, 17, 24-25). Wat hulle nie ingesien het nie, was dat ware geloof slegs in noodsaaklike ewewig met sondebelydenis kan bestaan (Deut. 5:29-30; 6:5). Deuteronomium is volkome duidelik daaromtrent dat God in Israel se belang optree, nie omrede hulle ‘geregtigheid’ nie, maar omrede sy karakter (wesensaard – vgl. 9:6, 7, 13, 24, 27; 10:12-22; Eseg. 36:22-38). Selfs die Kanaäniete is uit hulle land ontset, nie omdat Israel soveel meer “geregtig” was nie, maar omdat Kanaän soveel sonde gepleeg het (vgl. 9:4-6; Gen. 15:16). Sien *Vir Spesiale Aandag: Geregtigheid* by 1:17.

<b>■ NASB</b>	<b>“they did not subject themselves to the righteousness of God”</b>
<b>NAV</b>	<b>“Hulle wil niks van God se manier van vryspraak weet nie”</b>
<b>OAV</b>	<b>“hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“Hulle is nie bereid om God se vryspraak te aanvaar nie”</b>

Die WERKWOORD is 'n AORISTUS PASSIEF INDIKATIEF, maar word in MEDIUM VORM vertaal (vgl. TEV). In Koine Grieks het die PASSIEWE VORM die funksies van die MEDIUM VORM oorgeneem. Die teksverband is in dié opsig deurslaggewend.

Letterlik beteken die Grieks vir “onderwerp”: “algehele onderhorigheid aan militêre dissipline”. Algeheel! Die Jode kon so 'n “dissipline” nie aanvaar nie en het probeer om God se geregtigheid te verdien, maar dit was 'n onverdienbare genadegawe (vgl. 3:24; 5:15; 6:23; Ef. 2:8-9). Op pad na Damaskus het hierdie waarheid kragdadig tot Paulus deurgedring.

### **VIR SPESIALE AANDAG: ONDERWORPENHEID (*HUPOTASSŌ*)**

Die LXX vertaal tiental Hebreeuse woorde met hierdie term. Basies beteken dit in Hebreeus om 'n “reg tot bevel uit te oefen” of “opdrag te gee”. Die LXX handhaaf dié betekenis:

1. God beveel (vgl. Lev. 10:1; Jona 2:1; 4:6-8);
2. Moses beveel (vgl. Eks. 36:6; Deut. 27:1);
3. konings beveel (vgl. 2 Kron. 31:13).

In Han. 10:48 is voortsetting van hierdie onderliggende betekenis te vinde waar 'n Apostel beveel. Interessant genoeg vind daar 'n verandering in betekenis plaas in die NT:

1. 'n aspek van vrywilligheid kom na vore, veral in MEDIUM VORM uitgedruk;
2. so 'n aanvaarding van beperkinge (dissipline) blyk duidelik uit Jesus se onderworpenheid aan die Vader;
3. gelowiges onderwerp hulle aan kulturele gebruike van hulle leefwêreld sodat die evangelie nie verhinder word nie:
  - a. alle gelowiges (Ef. 5:21);
  - b. gelowige vroue (Kol. 3:18; Ef. 5:22-24; Tit. 2:5; 1 Pet. 3:1); en
  - c. gelowiges verbonde aan heidense owerhede (vgl. Rom. 13:1-7; 1 Pet. 2:13).

Gelowiges se motief vir optrede is liefde – vir God, vir Christus, vir die koninkryk en om die welsyn van ander mense.

Net soos in die geval van *agapaō* het die kerk hierdie woord (*hupotassō*) met nuwe betekenis gevul met die oog op die behoeftes van die koninkryk van God en die behoeftes van medemense. 'n Prysenswaardige houding van altruïsme, wat nie van 'n bevel afhanklik is nie. Dit vloei eerder voort uit 'n nuwe verhouding met 'n altruïstiese God en Messias. Gelowiges onderwerp hulle in gehoorsaamheid terwille van die welsyn van die groter geheel; terwille van seëninge in die familie van God.

<b>10:4</b>	<b>NASB, NKJV, NRSV</b>	<b>“for Christ is the end of the law”</b>
	<b>TEV</b>	<b>“for Christ has brought the law to an end”</b>
	<b>JB</b>	<b>“but now the law has come to an end with Christ”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“Christus is tog die einde van die wet”</b>
	<b>OAV</b>	<b>“Want Christus is die einde van die wet”</b>
	<b>CUM-NLV</b>	<b>“Christus is immers die eindbestemming van die wet”</b>

Hierdie stelling stem ooreen met Mat. 5:17-48. Die doelwit, mikpunt of einddoel (*telos*) van die wet was nie verlossing nie, maar oortuiging, en dus 'n funksie wat voortgesit word (Gal. 3:24-25). Die klassieke NT-tekst in dié verband is Gal. 3:1-29.

Dit is uiters belangrik dat die konteks hier in ag geneem word. Wanneer Paulus hom oor die Christelike lewenswyse uitlaat, dien die OT as God se self-openbaring (Rom. 15:4; 1 Kor. 10:6, 11), maar wanneer hy hom oor verlossing uitspreek, is die OT se tyd verby en vir dié doel

nutteloos (vgl. Heb. 8:13). Nou is dit 'n metafoor van 'n vervloë bedeling. Die nuwe bedeling van die Gees is die evangelie van geloof in Jesus. Die wet se tyd is verby! Sien *Vir Spesiale Aandag: Paulus se siening van die Mosaïese Wet* by 13:9.

■ NASB, NKJV	<b>“for righteousness for everyone who believes”</b>
NRSV	<b>“so that there may be righteousness for everyone who believes”</b>
TEV	<b>“so that everyone who believes is put right with God”</b>
NJB	<b>“so that all who have faith will be justified”</b>
NAV	<b>“sodat elkeen wat glo, vrygespreek kan word”</b>
OAV	<b>“tot geregtigheid vir elkeen wat glo”</b>
CUM-NLV	<b>“sodat elkeen wat in Hom glo, vrygespreek kan word”</b>
CUM-MVB	<b>“Sodat elkeen wat glo se verhouding met God reg is”</b>

Hoofstukke 9-11 moet as 'n geheel verklaar word. Die swaar klem op God se soewereiniteit in hoofstuk 9 word uitgebalanseer deur hoofstuk 10 se roepstem na almal om tot geloof te kom (verse 4, 9, 11, 13, 3:22; 4:11, 16).

Die universele kant van God se liefde en sy verlossingsplan is in Gen. 3:15 bekendgemaak. Dit word ook sterk geïmpliseer in Gen. 12:3 en Eks. 19:5-6. Die profete het dikwels van God se universele liefde en plan om die mensdom te verenig gespreek. Die feit dat die mens na die beeld van God geskape is, is die grondmotief vir 'n universele uitnodiging aan almal om gered te word. Die geheimenis is egter dat niemand dit kan regkry sonder die ondersteuning van die Heilige Gees nie (vgl. Joh. 6:44, 65). Dus ontstaan 'n groot vraag: “Trek God alle mense na Christus toe om salig te word?” Die antwoord kan maar net “ja” wees (vgl. Joh. 3:16; 4:42; 1 Joh. 2:2; 4:14; 1 Tim. 2:4; 2 Pet. 3:9)! Die verskriklike, onverstaanbare tragedie van sonde, die sondeval en Satan is dat sommige “nee” sê. Tydens Paulus se prediking het sommige Jode gehoor gegee, ander het nie. Sommige heidene het daarop ag geslaan, ander het nie.

Die term *pisteuō* word in Engels met “believe”, “faith” en “trust” vertaal; in Afrikaans met “om te glo”, “geloof” en “vertrou”. Dit is 'n PRAESENS, wat dui op voortgaande aksie. Dit is nie bloot die erkenning van teologiese feite, historiese informasie of kennis van die evangelie wat tot ontvangs van God se genadegawe deur Christus lei nie. Die NT is 'n verbond; God bepaal hoe dit sal verloop en wek die mens op tot die nodige, aanvanklike respons; die individu reageer met aanvanklike en voortgaande geloof en met belydenis. Gehoorsaamheid en volharding is noodsaaklik. Die gesindheid van Christus en 'n lewe van diensbaarheid is die doel!

### **VIR SPESIALE AANDAG: GRIEKSE WERKWOORDTYE WAT VIR VERLOSSING GEBRUIK WORD**

Verlossing is nie 'n produk nie, maar 'n verhouding. Dit is nie afgehandel wanneer 'n mens tot vertrou in Christus kom nie; dit het maar net begin! Dit is nie 'n versekeringspolis teen 'brand' nie, ook nie 'n enkelkaartjie 'hemel toe' nie. Dit is 'n lewe waarin die gesindheid van Christus toenemend tot uitdrukking kom.

#### **VERLOSSING AS AFGEHANDELDE AKSIE (AORISTUS)**

- Han. 15:11
- Rom. 8:24
- 2 Tim. 1:9
- Tit. 3:5
- Rom. 13:11 (waarin die AORISTUS met 'n FUTURUM gekombineer word)

VERLOSSING AS 'N GEGEWE WERKLIKHEID (PERFEKTUM)

- Ef. 2:5, 8

VERLOSSING AS 'N VOORTGAANDE GEBEURTENIS (PRAESENS)

- 1 Kor. 1:18; 15:2
- 2 Kor. 2:15

VERLOSSING AS 'N TOEKOMSTIGE DOELWIT (FUTURUM in die WERKWOORD of die konteks)

- Rom. 5:9, 10; 10:9-13
- 1 Kor. 3:15; 5:5
- Fil. 1:28; 1 Tes. 5:8-9
- Heb. 1:14; 9:28
- by implikasie Mat. 10:22, 24:13; Mark. 13:13

**NASB (UPDATED) TEXT: 10:5-13**

**<sup>5</sup>For Moses writes that the man who practices the righteousness which is based on law shall live by that righteousness. <sup>6</sup>But the righteousness based on faith speaks as follows: "DO NOT SAY IN YOUR HEART, 'WHO WILL ASCEND INTO HEAVEN?' (that is to bring Christ down), <sup>7</sup>or 'WHO WILL DESCEND INTO THE ABYSS?' (that is, to bring Christ up from the dead)." <sup>8</sup>But what does it say? "THE WORD IS NEAR YOU, in your mouth and in your heart"– that is the word of faith which we are preaching, <sup>9</sup>if you confess with your mouth Jesus as Lord, and believe in your heart that God raised Him from the dead, you will be saved; <sup>10</sup>for with the heart a person believes, resulting in righteousness, and with the mouth he confesses, resulting in salvation. <sup>11</sup>For the Scripture says, "WHOEVER BELIEVES IN HIM WILL NOT BE DISAPPOINTED." <sup>12</sup>For there is no distinction between Jew and Greek; for the same Lord is Lord of all, abounding in riches for all who call on Him; <sup>13</sup>for WHOEVER WILL CALL ON THE NAME OF THE LORD WILL BE SAVED."**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 10:5-13.*

**10:5** Hierdie is 'n sinspeling op Lev. 18:15. As belofte staan dit vas. Iemand wat die wet sou kon onderhou, is by God ontvanklik (vgl. Luk. 10:28; Gal. 3:12). Die werklikheid is egter dat almal gesondig het (Rom. 3:9, 10-18, 19, 23; 5:18; 11:32)! Die siel wat sondig, sal sterf (Gen. 2:17; Deut. 30:18; Eseg. 18:4, 20). Dit is die pad van die ou verbond wat nou afgesluit is – 'n pad wat op 'n doodsvonnis uitgeloopt het; 'n vloek (vgl. 7:10; Gal. 3:13; Kol. 2:14).

**10:6-8** Dit is weer 'n sinspeling op Deut. 30:11-14 soos in die LXX vervat, maar deur Paulus vir sy doel aangepas. Daarmee bedoel Moses dat die wet bereikbaar is, maar Paulus maak dit op Christus se menswording, dood en opstanding van toepassing (vgl. vers 9; Ef. 4:9-10). Die punt wat Paulus hiermee tuisbring, is dat verlossing deur geloof in Christus veel makliker beskikbaar is as selfs die wet ooit kon wees (Deut. 30:15-20). Dis so maklik, so beskikbaar; dis vir almal! Dis so totaal anders as die Mosaïese wetsonderhouding.

■ NASB	<b>“but righteousness based on faith speaks”</b>
NAV	<b>“Maar van die vryspraak deur die geloof sê hy”</b>
OAV	<b>“Maar die geregtigheid wat uit die geloof is, sê dit”</b>
CUM-NLV	<b>“Maar die vryspraak wat ‘n mens kry deurdat jy glo se boodskap is”</b>

## CUM-MVB

### “Maar van die regstel van die verhouding met God deur die geloof sê hy”

Voorheen het Paulus “sonde” en “genade” gepersonifieer. Hierdie keer is dit “vryspraak deur die geloof” wat hy aan die woord stel. Die “spreker” maak in verse 6, 7 en 8 aanhalings uit die OT.

- NASB “ascend [...] descend”
- NAV, CUMs “opklim [...] afdaal”
- OAV “opvaar [...] neerdaal”

Mense hoef nie ‘n soektog op tou te sit om Christus te vind nie; God het Hom openlik gestuur in almal se belang. Geen soektog is ooit weer nodig nie!

- “heart” (“hart”): Hieronder moet menslike selfbewussyn verstaan word. Sien *Vir Spesiale Aandag: Die Hart* by 1:24.

**10:9 “if” (“as”):** Dit is ’n VOORWAARDELIKE SINSNEDE KLAS DRIE, wat op moontlike toekomstige optrede dui. Met *hoti* volg dan die boodskap van saligmakende geloof in vers 9.

- “confess” (“bely”): Die samestelling, *homologeō*, wat letterlik as “om te sê” en “dieselfde” vertaal kan word, beteken dus om openlik, en hardop saam te stem. ’n Openbare belydenis van geloof in Christus is baie belangrik (Mat. 10:32; Luk. 12:8; Joh. 9:22; 12:42; 1 Tim. 6:12; 1 Joh. 2:23; 4:15). In die vroeë kerk het die doop gedien as openbare belydenis. Die dopeling sou dan sy of haar geloof bevestig deur te sê: “Ek glo Jesus is die Here”. Sien *Vir Spesiale Aandag* hieronder.

#### VIR SPESIALE AANDAG: BELYDENIS

A. Belydenis of geloofsbelydenis is in Grieks twee woorde met ‘n gemeenskaplike stamwoord: *homologeō* en *exomologeō*. Jakobus gebruik ’n woord saamgestel uit *homo* (dieselfde) en *legō* (om te praat) en *ex* (uit), wat basies beteken om dieselfde ding te sê, om saam te stem. Die *ex* maak daarvan ’n openbare verklaring.

B. Hierdie woordgroep kan as volg vertaal word:

Afrikaans:	Engels:
1. prys	praise
2. instem	agree
3. verklaar	declare
4. geloof bely	profess
5. bely	confess

C. Die woordgroep het twee oënskynlik teenstrydige gebruike:

1. om te prys (God)
2. om sonde te erken

Hierdie twee het moontlik ontwikkel uit die mensdom se aanvoeling vir goddelike heiligheid en eie sondigheid. Erkenning van die een bevestig die ander.

D. Die NT-gebruike van die woordgroep sluit in:

1. om te belooft (Mat. 14:7; Han. 7:17);
2. om saam te stem of tot iets in te stem (vgl. Joh. 1:20; Luk. 22:6; Han. 24:14; Heb. 11:13);
3. om te prys (vgl. Mat. 11:25; Luk. 10:21; Rom. 14:11; 15:9);
4. om saam te stem met:
  - a. 'n persoon (vgl. Mat. 10:32; Luk. 12:8; Joh. 9:22; 12:42; Tom. 10:9; Fil. 2:11; 1 Joh. 2:23; Openb. 3:5); of
  - b. 'n waarheid (vgl. Han. 23:8; 2 Kor. 11:13; 1 Joh. 4:2);
5. om 'n openbare aankondiging te maak (uit wetlike konteks ontwikkel tot 'n religieuse bevestiging (vgl. Han. 24:14; 1 Tim. 6:13)
  - a. sonder erkenning van skuld (1 Tim. 6:12; Heb. 10:23); of
  - b. met erkenning van skuld (vgl. Mat. 3:6; Han. 19:18; Heb. 4:14; Jak. 5:16; 1 Joh. 1:9).

■ NASB	“Jesus as Lord”
NKJV	“the Lord Jesus”
NRSV, TEV, JB	“Jesus is Lord”
NAV, CUMS	“dat Jesus die Here is”
OAV	“die Here Jesus”

So het die vroeë kerk se belydenis van geloof en doopformulier (d.w.s. teologiese inhoud) gelui. Die aanspreekvorm, “Here”, het die Godheid van Jesus bevestig (vgl. Joël 2:32; Han. 2:32-33, 36; Fil. 2:6-11) terwyl sy noemnaam, “Jesus”, sy menswording in die geskiedenis bevestig het (vgl. 1 Joh. 4:1-6).

#### **VIR SPESIALE AANDAG: DIE NAAM VAN DIE HERE**

Dit was die algemeen aanvaarde frase om die teenwoordigheid en almag van die Drie-Enige God in die kerk aan te dui. Dit was geen magiese formule nie, maar bloot 'n aanduiding van totale afhanklikheid van God se geopenbaarde wesenswaard.

Met dié frase word dikwels juis na die “Here” Jesus verwys (Fil. 2:11):

1. by belydenis van geloof in Jesus tydens die doop (Rom. 10:9-13; Han. 2:38; 8:12, 16; 10:48; 19:5; 22:16; 1 Kor. 1:13, 15; Jak. 2:7);
2. by duiweluitdrywing (Mat. 7:22; Mark. 9:38; Luk. 9:49; 10:17; Han. 19:13);
3. tydens genesing (Han. 3:6, 16; 4:10; 9:34; Jak. 5:14);
4. wanneer Christene in barmhartigheid bedien (Mat. 10:42; 18:5; Luk. 9:48);
5. by die uitoefening van kerklike dissipline (Mat. 18:15-20);
6. wanneer prediking op heidene gerig word (Luk. 24:47; Han. 9:15; 15:17; Rom. 1:5);
7. in gebed (Joh. 14:13-14; 15:2, 16; 16:23; 1 Kor. 1:2); en ook
8. as 'n spreekwyse sinoniem met “Christendom”.

Hoe ons ook al besig is as verkondigers, leraars, gemeentelede, ondersteuners, genesers, duiwel-uitdrywers, ens., ons doen dit in afhanklikheid van sy karaktereenskappe; sy almag; sy voorsienigheid – in sy Naam!

■ **“believe in your heart” (“met jou hart glo”)**: Bely (met die mond) het 'n parallel (d.w.s. 'n verduidelikende tweede frase (“tweeling”). Dit vorm die twee aspekte van geloof (*pistis*). Die

Bybelse term “geloof” berus dus op (1) persoonlike vertrou (Hebreeus – hart) en (2) intellektuele insig (Grieks), sowel as (3) ’n wilsbesluit van voortgaande aard (Deut. 30:15-20).

Die term “hart” het in die OT op die hele persoon gedui. Paulus meld mond én hart in hierdie konteks omrede sy aanhaling in vers 8 van Deut. 30:14. Dit kom immers daarop neer dat ’n mens ook nou nie weer voorskriftelik moet raak en ’n vaste reël skep van hardop te moet bid om gered te word nie.

<b>10:10 NASB</b>	<b>“resulting in righteousness”</b>
<b>NAV</b>	<b>“ons word vrygespreek”</b>
<b>OAV</b>	<b>“tot geregtigheid”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“word ons vrygespreek”</b>
<b>CUM-MVB</b>	<b>“die gevolg is dat ons verhouding met God reg is”</b>

Nie net die hemel eendag nie, maar Christusgesindheid nou, is die God se wil vir elke gelowige! ’n Ander kagtige getuienis aangaande predestinasie word gevind in Ef. 1:3-14, waar vers 4 sterk steun verleen aan hierdie gedagte. Gelowiges word uitverkies om heilig en onberispelik te lewe. Met betrekking tot uitverkiesing moet ’n mens nie net aan ’n leerstelling dink nie, maar ook aan ’n styl van Christelike lewe (Deut. 30:15-20).

Vers 10 weerspieël die tweeledige beklemtoning van die Groot Opdrag (Mat. 28:19-20): verlossing (maak dissipels) en geregtigheid (leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het). Hierdie selfde balans word in Ef. 2:8-9 aangetref: ’n vrye verlossing (uit genade deur Christus) en ’n oproep tot goeie werke (Ef. 2:10). God se innige begeerte was nog altyd vir ’n mensdom wat sy beeld uitstraal.

**10:11** Hierdie is ’n aanhaling uit Jes. 28:16 waarby Paulus die woord “niemand” toevoeg. In Jesaja dui dit op geloof in die Messias, God se hoeksteen (vgl. 9:32-33). Soos wat Romeine 9 God se soewereiniteit beklemtoon, kom in hoofstuk 10 aan die orde dat individue, een en almal, hulle op Christus mag verlaat. Die universele aanbod word duidelik beklemtoon deur die “elkeen” van vers 4 en die “niemand” van verse 11 en 13, asook die “almal” (2 maal) in vers 12. Hiermee word die teologiese balans gestel op die uitverkiesing (predestinasie) van hoofstuk 9.

■ **“believes in Him” (“in Hom glo”):** Hierdie is ’n PRAESENS AKTIEF DEELWOORD wat saam met die VOORSETSEL *epi* gebruik word (vgl. 4:24; 9:33; 1 Tim. 1:16). Geloof is nie net ’n aanvanklike respons nie, maar ’n voortgaande vereiste vir verlossing! Dit gaan nie net om korrekte teologie (evangeliese waarheid nie), maar ook om ’n persoonlike verhouding (evangeliese persoonlikheid) wat ’n toegewyde lewenstyl (evangeliese lewe) tot gevolg het. Wees versigtig vir gemaklike gelowigheid wat ’n onderskeid tref tussen waarheid en lewe. ’n Geloof wat red, is geloof wat heelyd veranderend op jou lewe inwerk! Ewige lewe word in bepaalde karaktereenskappe waarneembaar! Sien *Vir Spesiale Aandag: Geloof* by 4:5.

■ <b>NASB, TEV</b>	<b>“not be disappointed”</b>
<b>NKJV, NRSV</b>	<b>“will not be put to shame”</b>
<b>JB</b>	<b>“will have no cause for shame”</b>
<b>NAV</b>	<b>“sal teleurgestel word nie”</b>
<b>OAV</b>	<b>“sal nie beskaam word nie”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“sal nie beskaamd staan nie”</b>

Hulle wat op Christus vertrou (in Hom glo), sal nie weggewys word nie. Dit was ’n aanhaling uit Jes. 28:16, wat ook in 9:33 as sleutelvers in Paulus se aanbieding gedien het.

<b>10:12 NASB</b>	<b>“for there is no distinction between Jew and Greek”</b>
<b>NAV</b>	<b>“Dit maak dus geen verskil of ‘n mens ‘n Jood of ‘n Griek is nie”</b>
<b>OAV</b>	<b>“want daar is geen onderskeid tussen Jood en Griek nie”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“Inderdaad, dit maak geen verskil of jy ‘n Jood of nie-Jood is nie”</b>
<b>CUM-MVB</b>	<b>“Dit maak tog geen verskil of ‘n mens ‘n Jood of ‘n Griek is nie”</b>

Hiermee dan die hoofsaak in die nuwe verbond (vgl. Rom. 3:22, 29; Gal. 3:28; Ef. 2: 11-3:13; Kol. 3:11). Die enigware God het sy verlore skepping uit eie aksie gered. Hy begeer dat alle mense, geskape na sy beeld, na Hom sal terugkeer en strewe om soos Hy te wees. Almal mag na Hom toe kom!

Die universele karakter van die evangelie (“almal” kom twee keer voor in vers 12) openbaar twee kante van dieselfde saak: (1) daar is geen onderskeid tussen Jode en heidene nie, almal is verlore (vgl. 3:9, 19, 22-23; 11:32); en (2) daar is geen onderskeid tussen Jode en heidene nie; almal kan gered word. Die evangelie verwyder alle menslike skeidsmure (vgl. Joël 2:28-29; 1 Kor. 12:13; Gal. 3:28; Kol. 3:11), ten minste wat betref die gebied van die verlossingsboodskap.

■ <b>NASB</b>	<b>“abounding in riches”</b>
<b>NAV</b>	<b>“seën almal [...] ryklik”</b>
<b>OAV</b>	<b>“ryk oor almal”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“deel sy rykdomme uit”</b>

Wanneer Paulus aan die genade van God in Christus dink, gebruik hy graag die begrip “rykdom” (vgl. 2:4; 9:23; 11:12 [2 keer], 33; 1 Kor. 1:5; 2 Kor. 8:9; Ef. 1:7, 18; 2:7; 3:8, 16; Fil. 4:19; Kol. 1:27; 2:2).

**10:13** Hierdie bekende aanhaling uit Joël 2:32 bied Paulus geleentheid tot tweërlei nuwe toepassings: (1) in Joël word die naam YHWH gebruik, maar Paulus in Romeine en Petrus in Handeling 2:21 vervang dit met Jesus (vgl. ook Joh. 12:41; Jes. 6:9-10; Fil. 2:9; asook Jes. 8:13-14); en (2) waar “gered word” in Joël fisiese uitredding beteken, kom dit in Romeine neer op ‘n geestelike verstaan van vergifnis en ewige saligheid.

Die OT-konsep van "aanroeping van die Naam" impliseer 'n openbare belydenis van geloof in die opset van die erediens. Hierdie selfde gedagte word ook in Handeling aangetref (vgl. 7:59; 9:14, 21; 22:16; verder in 1 Kor. 1:2; 2 Tim. 2:22). Sien *Vir Spesiale Aandag: Geroep* by 1:6.

### **VIR SPESIALE AANDAG: JESUS DIE NASARENER**

Daar is Griekse terme in die NT wat spesifiek verwys na Jesus:

#### **A. NT-Terme**

1. Nasaret, ‘n dorp in Galilea (vgl. Luk. 1:26; 2:4, 39, 51; 4:16; Han. 10:38). Hierdie stad word nie in ander geskrifte van die tyd vermeld nie, maar word wel in latere inskripsies aangetref. Vir Jesus om van Nasaret afkomstig te wees, is nie as ‘n kompliment beskou nie (Joh. 1:46). Niks dui sterker op die Jode se minagting van die gebied as die aanbring van hierdie stadsnaam op Jesus se kruis nie.\*
2. *Nazarēnos* verwys ook skynbaar na ‘n geografiese gebied (vgl. Luk. 4:34; 24:19).

\* Vgl. Joh. 19:19 – vert.



3. *Nazōraios* verwys moontlik na 'n stad, maar kan ook woordspeling wees op die Hebreuse Messiaanse term “spruit” (Jes. 4:2) of “takkie (11:4) (*netzer*, vgl. Jes. 4:2; 11:1; 53:2; Jer. 23:5; 33:15; Sag. 3:8; 6:12)

B. Historiese gebruik buiten dié van die NT:

1. Dit was aanduiding van 'n voor-Christelik, Joodse sekte.
2. Dit was in Joodse kringe 'n manier om na Christus te verwys (vgl. Han. 24:5, 14; 28:22).
3. Dit het die algemene gebruiksterm in die Siriese kerke (Aramees) geword om na gelowiges te verwys; “Christen” was die gebruikelike aanduiding van gelowiges in die Griekse kerke.
4. 'n Tyd ná die val van Jerusalem het die Fariseërs by Jamnia vergader om te herorganiseer. Hier het hulle 'n amptelike skeiding tussen sinagoge en kerk verklaar. 'n Tipiese vloekskrif teen Christene word in “die Agtien Seënuitsprake” van *Berakoth* 28b-29a, aangetref, waarin daar na gelowiges as “Nasareners” verwys word.

“Mag die Nasareners en afgedwaaldes in 'n oomblik verdwyn; hulle sal uitgewis word uit die boek van die lewe en nie saam met die getroues opgeteken staan nie.”

C. Die skrywer se mening

Ek is verras om soveel verskillende spellings van die term teë te kom, ten spyte van my wete dat dit nie ongewoon was in die OT dat “Josua” byvoorbeeld vele kere in Hebreus verskillend gespél is nie. Maar (1) die sterk assosiasie met die Messiaanse term “spruit” (takkie); (2) in kombinasie met die negatiewe konnotasies; en (3) min of geen kontemporêre verwysing na die stad van Nasaret in Galilea nie, laat my onseker omtrent die betekenis van die term “Nasarener”; en (4) dan boonop die eskatologiese implikasie\* daarvan dat dit uit die mond van 'n besetene kom: “Jesus, Nasarener... Het u gekom om ons te verdelg?” dra net by tot hierdie onsekerheid.

Vir 'n omvattende bibliografie van studies oor hierdie woordgroep, sien Colin Brown (red.) se *New International Dictionary of New Testament Theology*, vol. 2, bl. 346.

**NASB (UPDATED) TEXT: 10:14-15**

**<sup>14</sup>How then will they call on Him in whom they have not believed? How will they believe in Him whom they have not heard? And how will they hear without a preacher? <sup>15</sup>How will they preach unless they are sent? Just as it is written, “HOW BEAUTIFUL ARE THE FEET OF THOSE WHO BRING GOOD NEWS OF GOOD THINGS!”**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 10:14-15.*

**10:14-15** 'n Reeks vroeë gevolg deur aanhalings wil duidelik maak dat Israel nooit gereageer het op YHWH se boodskappe of boodskappers nie (vgl. Neh. 9; Han. 7). God stuur boodskappers (profete, apostels, predikers, leraars, evangeliste). Hierdie boodskappers is bestem tot seën vir 'n wêreld in nood. As God in groot genade sy evangelieboodskap stuur, moet mense toepaslik daarop ag slaan. Paulus bevestig hierdie gedagte met 'n aanhaling uit Jes. 52:7, en brei uit op die vers sodat evangeliepredikers ingesluit sou wees.

\*\* Die bese wat in die eindbedeling vernietig word (vgl. Luk. 4:34) – vert.

Saligmakende geloof berus op verskeie elemente, naamlik: (1) ’n boodskap wat geglo moet word; (2) ’n persoon wat ontvang moet word; (3) ’n aanvanklike en voortgesette sondebelydenis en geloof; (4) ’n lewe van gehoorsaamheid; en (5) volharding! Sien die nota by 1:5.

**10:15** Hiermee dan die Groot Opdrag volgens Romeine: verlossing kom deur die evangelie te hoor en aan te neem. Predikers word gestuur sodat “almal” gered kan word.

**NASB (UPDATED) TEXT: 10:16-17**

**<sup>16</sup>However, they did not all heed the good news; for Isaiah says, “LORD WHO HAS BELIEVED OUR REPORT?” <sup>17</sup>So faith comes from hearing, and hearing by the word of Christ.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 10:16-17.*

**10:16** Hier gebruik Paulus weer OT-profetiese stellings wat oorspronklik verwys het na YHWH se boodskap aan Israel, om te verwys na die evangelie van Jesus, die Messias. Nes die Jode van die OT het die Jode van Paulus se tyd ook God se boodskap verwerp. Dit is ’n aanhaling uit Jes. 53:1, maar hou ook teologies verband met Israel se verwerping van God se boodskap in Jes. 6:9-13.

**10:17** In die eerste plek is die evangelie ’n boodskap (vgl. Gal. 3:2), maar die boodskap word verpersoonlik – dit word “die woord van Christus” (Kol. 3:15-16).

■ NASB	“the word of Christ”
NAV	“die verkondiging van Christus”
OAV	“die woord van God”
CUM-NLV	“die goeie nuus wat handel oor Christus”

In konteks verwys hierdie frase noodwendig na die boodskap wat verkondig is oor Christus. Evangelieprediking is God se manier om sy aanbod in Christus aan die wêreld te maak.

Die ou Griekse MSS varieer op hierdie punt: (1) P<sup>46</sup>, MSS  $\aleph^*$ , B, C, D\* stel “die woord van Christus”; terwyl (2) MSS  $\aleph^c$ , A, D<sup>c</sup>, K, P lui “die woord van God”. Die eerste moontlikheid is minder ortodoks (vgl. Kol. 3:16) en daarom volgens tekskritiese reëls heel moontlik die oorspronklike frase. Die UBS<sup>4</sup> gradeer dit “beslis”. Hierdie eerste geval (“woord van Christus”) is die enigste ander plek waar dit in die NT voorkom. Die tweede moontlikheid (“Die woord van God”) kom verskeie kere voor in die NT (vgl. Luk. 3:2; Joh. 3:34; Ef. 6:17; Heb. 6:5; 11:3).

**NASB (UPDATED) TEXT: 10:18-21**

**<sup>18</sup>But I say, surely they have never heard, have they? Indeed they have; “THEIR VOICE HAS GONE OUT INTO ALL THE EARTH, AND THEIR WORDS TO THE END OF THE WORLD” <sup>19</sup>But I say, surely, Israel did not know, did they? First Moses says, “I WILL MAKE YOU JEALOUS BY THAT WHICH IS NOT A NATION, BY A NATION WITHOUT UNDERSTANDING WILL I ANGER YOU.” <sup>20</sup>And Isaiah is very bold and says, “I WAS FOUND BY THOSE WHO DID NOT SEEK ME, I BECAME MANIFEST TO THOSE WHO DID NOT ASK FOR ME.” <sup>21</sup>But as for Israel he says, “ALL THE DAY LONG I HAVE STRETCHED OUT MY HANDS TO A DISOBEDIENT AND OBSTINATE PEOPLE.”**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 10:18-23.*

**10:18** Hierdie vers bevestig dat die meeste Jode die boodskap gehoor het en dus verantwoordelik gehou word vir die verwerping daarvan ('n Griekse frase waarvan die DUBBELE NEGATIEF beklemtonend is). Die probleem was nie onkunde nie, maar ongeloof!

Paulus haal uit Ps. 19:4 aan. Verse 1-6 verwys na natuurlike openbaring\* waarin God deur sy skeppingswerke spreek (vgl. Rom. 1-2). Paulus verander (1) “oor die hele aarde” na “universele getuienis”; en (2) “die onhoorbare stem van die skepping” na “die verkondiging van evangeliedienaars” (apostels, profete, evangeliste, herders, leraars en leraars, vgl. Ef. 4:11), wat neerkom op besondere openbaring (vgl. Ps. 19:8-14). Die hoofsaak is dat die evangeliebodskap uitgedra is na die bekende wêreld (Grieks-Romeins) van Paulus se tyd. Paulus maak van die rabbyne se hermeneutiese beginsels gebruik – hy verander die OT-konteks vir die doel van sy teologie en redevoering. Dit moet duidelik gestel word dat Paulus, en ander apostels, se aanwending van die OT onder unieke leiding van die Gees van God plaasgevind het (vgl. 2 Pet. 1:20-21). Vandag se gelowiges wat onder die leiding van die Heilige Gees Skrif interpreteer, kan nie op dieselfde wyse (metodes van die NT-skrywers) met die Skrif omgaan nie.

**10:19-20** Die Jode het die boodskap gehoor, selfs al by Moses. Die Jode het gehoor en hulle was daartoe in staat om die universele geloofsbodskap te verstaan oor hoe mense weer met God reg kan wees.

In hierdie verse spreek God met sy verbondsvolk oor die insluiting van die heidene. Hy doen dit met aanhalings: in vers 19 haal hy aan uit Jes. 65:1-2, en in verse 20-21 uit Deut. 32:21. Hierdie verstommende insluiting van die heidene was veronderstel om die Jode tot geloof te oordeel (vgl. 11:11, 14).

**10:21** Hierdie stelling kom uit die LXX se weergawe van Jes. 65:2 wat oor Israel se verwerping van YHWH gaan (vgl. Jes. 65:1-7). God was getrou, maar Israel ontrou! Hulle ontrouheid het in die verlede tot oordeel van verbygaande aard gelei – oordeel oor hulle as nasie sowel as individue. Maar hulle verwerping van God se vryspraak deur geloof in Christus sal die oorsaak van ewige oordeel wees.

---

\* Algemene openbaring – vert.

## BESPREKINGSVRAE

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. As God se uitverkiesing so standvastig is, waarom bid Paulus dan vir Israel in hoofstuk 10:1? Waarom is die aandrang om respons in 10:9-13 so intens?
2. Wat beteken vers 4? Het Christus 'n einde aan die wet gemaak?
3. Maak 'n lys van die elemente waaruit geloof volgens 10:9-10 bestaan.
4. Waarom haal Paulus so dikwels aan uit die OT en hoe word dit 'n kerk van hoofsaaklik heidene in Rome?
5. Hoe verklaar jy die verband tussen verse 11-13 en hoofstuk 9?
6. Hoe staan verse 14-15 in verband met wêrelduitreik?
7. Op watter manier is die mens se vrye wil ingesluit by die aandeel wat hy aan sy verlossing moet neem?

## ROMEINE 11

<b>PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*</b>					
<b>UBS<sup>4</sup></b>	<b>NKJV</b>	<b>NRSV</b>	<b>TEV</b>	<b>JB</b>	<b>NAV</b>
Die oorblyfsel van Israel 11:1-10	Israel se verwerping nie algeheel 11:1-10	Israel se verwerping nie finaal nie 11:1-10	God se genade vir Israel 11:1-6 11:7-10	Die oorblyfsel van Israel 11:1-10	Die oorblyfsel van Israel 11:1-6 11:7-10
Die verlossing van heidene 11:11-12	Israel se verwerping nie finaal nie 11:11-36	11:11-12	11:11-12	Die toekomstige herstel van die Jode 11:11-15	Die verlossing van die heidennasies 11:11-15
11:13-16		11:13-16	11:13-15	Die Jode steeds die uitverkore volk	
11:17-24		Die metafoor van die olyfboom 11:17-24	11:16-18 11:19-24	11:16-24	11:16 11:17-24
Die herstel van Israel 11:25-32		Die hele Israel sal gered word 11:25-32	God se genade vir almal 11:25-32	Die bekering van die Jode 11:25-27 11:28-29 11:30-32	Die toekoms van Israel 11:25-32
11:33-36		11:33-36	Lof aan God 11:33-36	'n Loflied oor God se genade en wysheid 11:33-36	11:33-36

### **LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xi)**

#### **OM DIE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK TE VOLG**

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die vyf vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as die sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

\* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hierbo. Aanhalings inteks is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

## DIE DELE IN KONTEKS: ROMEINE 11

- A. Hoofstuk 11 handel steeds oor die paradoks tussen uitverkiesing en evangelie. OT-uitverkiesing was met die oog op bediening terwyl die NT die fokus skuif na verlossing. In 'n sekere sin word gelowiges geroep om beide rolle te vervul, naamlik om God se familie te word (NT) en om dan diensbaar te wees (OT). Uitverkiesing is gemeenskaplik én individueel; positief én negatief (Jakob/Israel-Esau/Edom; Moses/Farao). Op die ou einde is die spanning nie net vanweë God se soewereiniteit en die menslike vrye wil nie, maar iets eie aan God se wesensaard (karakter). Hoofstukke 9-11 beklemtoon deur herhaling die genade van God en die wederstrewigheid van 'n gevalle mensdom. God is getrou, die mens onbetroubaar.

Uitverkiesing is nie 'n leerstelling bedoel om sommige uit te sluit nie, maar 'n grondslag vir hoop, sekerheid en vertroue. Dit is gerig op diegene wat op God se verbondsbeloftes en die Seun se verdienste gereageer het.

- B. In hoofstuk 9 het Paulus die soewereiniteit van God en sy reg tot vrye handeling bespreek. Selfs in 'n verbondsverhouding is God vry en onverbonde. In hoofstuk 10 maak Paulus die punt dat die Jode ook die vryheid gehad het om God se beloftes en verbonde te aanvaar of te verwerp. Aangesien hulle klaarblyklik ontrou was aan God en sy verbonde en beloftes verwerp het, is hulle in 'n bepaalde opsig ook deur God verwerp. Maar in hoofstuk 11 maak Paulus 'n saak uit vir God se getrouheid, selfs nog ten spyte van Israel se ontrouheid (vgl. Deut. 8).
- C. Voor, sowel as tydens, Paulus se leeftyd was daar 'n oorblyfsel wat in God se Messias geglo het en hulle lewens daarvolgens ingerig het. Hiervan was Paulus self 'n duidelike voorbeeld. Die weglating van sommige ongelowige Jode het 'n rol gespeel wat betref die intrede van gelowige heidene. Die insluiting van die heidene sal meebring dat (1) die volledige volk van God, oftewel (2) God se uitverkorenes voltallig uit geledere van beide Jode en heidene sal kom. Die insluiting van die heidene sal as motivering vir Israel dien om ook hulle vertroue in Jesus, God se Messias, te stel.

## STUDIE VAN WOORDE EN FRASES

### NASB (UPDATED) TEXT: 11:1-6

**<sup>1</sup>I say then, God has not rejected His people, has He? May it never be! For I am too an Israelite, a descendant of Abraham, of the tribe of Benjamin. <sup>2</sup>God has not rejected His people whom He foreknew. Or do you know what the Scripture says in *the passage about Elijah*, how he pleads with God against Israel? <sup>3</sup>“Lord, THEY HAVE KILLED YOUR PROPHETS, THEY HAVE TORN DOWN DOWN YOUR ALTARS, AND I ALONE AM LEFT, AND THEY ARE SEEKING MY LIFE” <sup>4</sup>But what is the divine response to him? “I HAVE KEPT for Myself SEVEN THOUSAND MEN WHO HAVE NOT BOWED THE KNEE TO BAAL.” <sup>5</sup>In the same way then, there has also come to be at the present time a remnant according to God’s gracious choice. <sup>6</sup>But if it is by grace, it is no longer on the basis of works, otherwise grace is no longer grace.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 11:1-6.*

**11:1 NASB** “God has not rejected His people, has He”  
**NAV** “Het God dan nie tog sy volk verstoot nie”  
**OAV** “Het God miskien sy volk verstoot”  
**CUM-NLV** “Dit beteken tog seker nie dat God sy volk, die Jode, verstoot het nie”

Hierdie vraag veronderstel “nee” as antwoord. Paulus verskaf die antwoord in verse 1b-10. Hierdie gedeelte staan in verband met Paulus se vorige argument. Hoofstukke 9-11 vorm ‘n letterkundige eenheid, en daarom die voortsetting van sy argument.

Interessant genoeg gebruik die vroeë Griekse papyrusfragment P<sup>46</sup> en hooflettertekste F en G die woord “erfdeel” in plaas van “volk” in hierdie teks. Dit is waarskynlik as gevolg van die LXX se weergawe van Ps. 94:14.

▣ **“May it never be” (“Beslis nie!”):** Dit is Paulus se kenmerkende manier om die vrae van die veronderstelde beswaarmaker te verwerp (dialektiek, vgl. 3:4, 6, 31; 6:2, 15; 7:7, 13; 9:14; 11:1, 11).

▣ **“I too am an Israelite” (“Ek is immers self ook ‘n Israeliet”):** Paulus gebruik homself as voorbeeld om te bewys dat daar wel nog gelowige Jode bestaan. Vir ‘n uitbreiding oor Paulus se Joodse agtergrond, sien Fil. 3:5.

**11:2 “God has not rejected His People” (“God het sy volk [...] nie verstoot nie”):** Dit verwys moontlik na op Ps. 94:14 (vgl. Deut. 31:6; 1 Sam. 12:22; 1 Kon. 6:13; Klaagl. 3:31-32). Dit is bedoel as antwoord op die vraag in vers 1.

▣ **NASB** “whom He foreknew”  
**NAV** “wat Hy lank tevore verkies het”  
**OAV** “wat Hy vantevore geken het”  
**CUMs** “wat Hy van die begin af verkies het”

Hierdie sinsnede verwys baie duidelik na God se verkiesing van Israel (sien die nota by 8:29). Die opmerking skakel weer met die argument in hoofstuk 9, soos immers ook die geval is met verse 4-6. Die kern van die argument was nie Israel se werke-ywer of verdienste nie, maar God se vrye keuse. God is getrou aan sy beloftes omdat Hy is wie Hy is, en dit het niks te make met Israel se sogenaamde “verdienste” nie (Eseg. 36:22-32).

▣ **NASB** “the Scripture says”  
**NAV** “wat die Skrif sê”  
**OAV** “die Skrif in die gedeelte [...] sê”

Dit is ‘n verwysing na die verhaal van Elia wat vlug voor Isebel in 1 Kon. 19:10, aangehaal in vers 3.

**11:4 “I HAVE KEPT for Myself SEVEN THOUSAND” (“Ek het vir Myself sewe duisend manne laat oorbly”):** “Vir Myself” voeg Paulus by om God se verkiesing te beklemtoon. Dit kom nie voor in die Hebreeuse oorspronklike (Masoretiese Teks) van 1 Kon. 19:18 of die Griekse vertaling (LXX) daarvan nie. Die getroue oorblyfsel van 1 Kon. 18 moet as God se vrymagtige keuse opgevat word en nie hulle meriete van teenstand teen Baäl-aanbidding nie.

Selfs in die afgodiese, ongelowige Israel van Elia se tyd was daar ‘n klein groepie van gelowiges. Dis die punt wat Paulus wil maak: ook in sy dag was daar ‘n gelowige oorblyfsel onder die Joodse bevolking. In elke eeu is daar Jode wat geloof as die weg aanvaar en nie hulle

hoop op eie werke plaas nie. Paulus stel dit dat sulke gelowiges deur die barmhartigheid en genade van God daartoe beweeg word (vgl. verse 5-6).

▣ **“to Baal” (“voor Baäl”):** Hier word ‘n VROULIKE LIDWOORD by die MANLIKE NAAMWOORD gebruik. Die Jode het met afgode die spot gedryf deur die klinkers van die woord vir “skande” (*bosheth*) tussen die medeklinkers van die afgod se naam in te werk.

**11:5-6** Dit is sleutelverse wat die bestaan van die oorblyfsel in verband bring met die OT en die werke van God in die verlede. Die aanknopingspunt is die verkiesing van God uit genade (vgl. 9:15, 16, 18; 11:30, 31, 32). God se genade is prioriteit, maar die mens se geloof is noodsaaklik (vgl. Mark. 1:15; Han. 3:16, 19; 20:21), hoewel menslike meriete niks hiermee te doen het nie (vgl. Ef. 2:8-9; 2 Tim. 1:9; Tit. 3:5). Hierdie waarhede vorm die basis vir Paulus se argument in hoofstukke 9-11.

**11:6 “if” (“as”):** Hierdie is ‘n VOORWAARDELIKE BYSIN KLAS EEN wat waar geag word vanuit die perspektief van die skrywer of terwille van sy literêre doelwit: saligheid deur God se genade alleen (vgl. die nota by 3:24; lees ook 6:23; Ef. 2:8-9).

▣ Die KJV voeg ‘n slotfrase by vers 6: “But if it be of works, then it is no more grace: otherwise work is no more work.”\* Hierdie frase ontbreek uit die meeste ou Griekse MSS, soos P<sup>46</sup>, N\*, A, C, D, G of P, sowel as die ou Latynse weergawes. In wisselende vorm het die frase wel in MSS N<sup>c</sup> en B verskyn. Die UBS<sup>4</sup> het die weglating daarvan met ‘n “A” gegradeer, d.w.s. “beslis”.

**NASB (UPDATED) TEXT: 11:7-10**

**<sup>7</sup>What then? What Israel is seeking, it has not obtained, but those who were chosen obtained it, and the rest were hardened; <sup>8</sup>just as it is written, “GOD GAVE THEM A SPIRIT OF STUPOR, EYES TO SEE NOT AND EARS TO HEAR NOT, DOWN TO THIS VERY DAY.” <sup>9</sup>And David says, “LET THEIR TABLE BECOME A SNARE AND A TRAP, AND A STUMBLING BLOCK AND A RETRIBUTION TO THEM. <sup>10</sup> “LET THEIR EYES BE DARKENED TO SEE NOT, AND BEND THEIR BACKS FOREVER.”**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 11:7-10.*

**11:7 NASB “What Israel is seeking, it has not obtained”**  
**OAV “Wat Israel soek, dit het hy nie verkry nie”**  
**CUM-NLV “kom daarop neer dat Israel nie die vryspraak gekry het [...] nie”**

Dit staan aan die begin van die Griekse sin om Paulus se gedagte te beklemtoon. Menige Jood het gestrewe om reg met God te wees deur die beoefening van godsdienstige gebruike, deur gewaande bevoordeling as ras en eie strewe. Hulle het die punt gemis. Geen vlees kan voor God roem nie (vgl. 1 Kor. 1:29; Ef. 2:9).

▣ **NASB “but those who were chosen obtained it”**  
**NRSV “but the elect have obtained it”**  
**NRSV “the elect obtained it”**  
**TEV “It was only the small group that God chose who found it”**  
**JB “but only the chosen few”**  
**OAV “die uitverkorenes het dit verkry”**

\* Vgl. ook die OAV in dié verband – vert.



Die OT-konsep van “oorblyfsel” sinspeel hier op die 7000 van 1 Kon. 19:18. Dit het niks te make met menslike inspanning, ras, of godsdienstigheid nie (vers 6), maar dit het wel alles te doen met die uitverkiesende genade van God (vgl. Ef. 1:3-14).

- **NASB** “the rest were hardened”
- OAV** “die ander is verhard”
- CUM-NLV** “die meerderheid is egter innerlik verhard”

Dit is ’n AORISTUS PASSIEF INDIKATIEF (vgl. 2 Kor. 3:14). Die implikasie is dat God hulle verhard het (vgl. vers 8-10). Die bewerker van die verharding is die bose (2 Kor. 4:4). “Verharding” (*pōroō*) is ’n mediese term vir die vorming van eelte of blindheid (Rom. 11:25; 2 Kor. 3:14; Ef. 4:18). Die Apostels gebruik dié term ook in Mark. 6:52. In Grieks verskil hierdie term van die een wat in 9:18 gebruik word as teenoorgestelde van barmhartigheid (*sklērunō*) (vgl. Heb. 3:8, 15; 4:7).

Hierdie vers is baie duidelik en dien as opsomming vir 11:1-6: sommige wat uitverkies is, het geglo; sommige wat nie uitverkies is nie, is verhard. Hierdie vers is egter nie in isolasie geskryf as somer net ’n teologiese slagspreuk nie. Dit was deel van ’n deurlopende teologiese argument. Daar is ’n spanning tussen die waarheid wat in hierdie vers uitgespreek word en die universele uitnodigings van hoofstuk 10. Die raaiselagtigheid hier kan egter nie opgelos word deur een kant van die dilemma, oftewel een van die paradoksale pole, te ontken of af te water nie.

**11:8-10** Hierdie verse is aanhalings uit Jes. 29:10 (vers 8a), Deut. 29:4 (vers 8b, maar nie uit die LXX of Masoretiese Teks nie), en Ps. 69:22-23 (vgl. verse 9-10). Dit is ’n ware weerklank van Jesaja se roeping en sending na ’n wederstrewige Israel (vgl. Jes. 6:9-13). Jesaja wou God se woord verkondig, maar God se volk kon nie en/of wou nie luister nie. Paulus bied in dié verse verklarende aantekeninge uit die OT aan oor die verharding, soos hy ook in 9:13, 15 en 17 gedoen het.

- 11:8 NASB, NKJV** “God gave them a spirit of stupor”
- NRSV, JB** “God gave them a sluggish spirit”
- TEV** “God made their minds and hearts dull”
- NAV** “God het aan hulle ‘n gees gegee wat hulle bedwelm het”
- OAV** “God het hulle gegee ‘n gees van diepe slaap”
- CUM-NLV** “God het ‘n innerlike verdwasing oor hulle laat kom”
- CUM-MVB** “God het aan hulle ‘n gees wat sluimer gegee”

Hierdie Griekse woord (*katanuxis*) kom slegs hier voor in die NT. Dit sinspeel op ’n insekbyet wat die sintuie met ’n oordosis sensasie verdoof.

- 11:10 NASB** “LET THEIR EYES BE DARKENED TO SEE NOT AND BEND THEIR BACKS FOREVER”
- NAV** “Mag hulle oë verduister word dat hulle nie sien nie; en buig hulle rug vir altyd krom”
- OAV** “Laat hulle oë duister word om nie te sien nie en buig hulle rug vir altyd krom”
- CUM-NLV** “laat hulle oë verblind word sodat hulle nie kan sien nie en hulle rûe al hoe krommer trek”

Dit is 'n AORISTUS PASSIEF IMPERATIEF gevolg deur 'n AORISTUS AKTIEF IMPERATIEF. Dit beskryf die enigma van God se soewereiniteit en die mensdom se noodsaak om te reageer. God is die Bron van alle dinge, die Inisieerder van alles, en tog het Hy in sy soewereine wil bepaal dat mense – die kroon van sy skepping – uit vrye wil na Hom sal kom. Hulle wat nie met geloof reageer nie, word verhard in hulle ongeloof.

In hierdie konteks bevestig Paulus God se raadsplan om al die afstammeling van Adam te red. Joodse ongeloof maak die deur van geloof vir die heidene oop en rig uit jaloesie nasionale Israel op. Hierdie werkswyse is inklusief (vgl. Ef. 2:11-3:13), nie uitsluitend nie! 'n Groter insameling volg op die verharding!

**NASB (UPDATED) TEXT: 11:11-16**

**<sup>11</sup>I say then, they did not stumble so as to fall, did they? May it never be! But by their transgression salvation *has come* to the Gentiles, to make them jealous. <sup>12</sup>Now if their transgression is riches for the world and their failure is riches for the Gentiles, how much more will their fulfillment be! <sup>13</sup>But I am speaking to you who are Gentiles. Inasmuch then as I am an apostle of Gentiles, I magnify my ministry, <sup>14</sup>if somehow I might move to jealousy my fellow countrymen and save some of them. <sup>15</sup>For if their rejection is the reconciliation of the world, what will *their* acceptance be but life from dead? <sup>16</sup>If the first piece of *dough* is holy, the lump is also; and if the root is holy, the branches are too.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 11:11-16.*

<b>11:11 NASB</b>	<b>“I say then”</b>
NAV	“’n Ander vraag is”
OAV	“Ek vra dan”
CUM-NLV	“Ek sou verder kon vra”
CUM-MVB	“’n Volgende vraag is”

Dis dieselfde retoriese opmerking as in 11:1. Dit voer Paulus se argument verder, maar op 'n ander manier. Volgens verse 1-10 word die hele Israel nie deur God verwerp nie; volgens 11-24 is Israel se verwerping ook nie permanent nie, maar dien dit 'n doel: die heidene is daardeur ingesluit.

☐ NASB	<b>“They did not stumble so as to fall, did they”</b>
NKJV, NRSV	<b>“have they stumbled that they should fall”</b>
TEV	<b>“When the Jews stumbled, did they fall to their ruin”</b>
JB	<b>“Have the Jews fallen for ever, or have they just stumbled”</b>
NAV	<b>“Het Israel se struikeling hul finale val beteken”</b>
OAV	<b>“Het hulle miskien gestruikel om te val”</b>
CUM-NLV	<b>“Israel se struikeling beteken tog nie dat hulle tot ‘n finale val gekom het nie”</b>

Die vraag hierbo veronderstel 'n “nee”-antwoord. Israel se ongeloof is nie 'n permanente toestand nie.

☐ NASB	<b>“by their transgression”</b>
NKJV	<b>“through their fall”</b>
NRSV	<b>“through their stumbling”</b>
TEV	<b>“because they sinned”</b>
JB	<b>“their fall”</b>

NAV, OAV “**deur hulle val**”  
CUM-NLV “**deur Israel se val**”

In konteks dui hierdie stelling op die verwerping van Jesus as Messias (vgl. vers 12).

- NASB “**salvation has come to the Gentiles**”
- NAV “**het die redding na die heidennasies gekom**”
- OAV “**het die saligheid tot die heidene gekom**”
- CUM-NLV “**die redding vir die heidennasies beskikbaar te maak**”
- CUM-MVB “**het die redding na die nie-Jode toe gekom**”

Wat ’n skokkende stelling moes dit nie vir Jode van die eerste eeu gewees het nie (vgl. vers 12; Han. 13:46; 18:6; 22:21; 28:28).

- NASB “**to make them jealous**”
- NAV “**om die Jode jaloers te maak**”
- OAV, CUM-MVB “**om hulle jaloers te maak**”
- CUM-NLV “**op hulle beurt vir Israel jaloers kan maak**”

God se plan om die heidene in te sluit, het ’n tweeledige doel gedien: (1) God bied sy verlossing vir die hele mensdom aan; en (2) Hy herstel ’n verootmoedigende oorblyfsel van Israel in persoonlike geloof. Persoonlik wonder ek of #2 ’n Joodse herlewing in die eindtyd insluit (vgl. Sag. 12:10) en of die opkoms van moderne Messiaanse sinagoges dalk die beloofde vervulling hiervan sal beteken.

**11:12-24** In hierdie verse is daar ’n reeks van tien VOORWAARDELIKE BYSINNE wat beide met Joodse ongeloof en heidengeloof verband hou. Verse 12, 14, 15, 16, 17, 18, 21, 24 is VOORWAARDELIKE BYSINNE KLAS EEN wat vanuit die skrywer se perspektief of vir sy literêre doelwit, waar geag word. Verse 22 en 23 is VOORWAARDELIKE SINNE KLAS DRIE met aanduiding van moontlike toekomsaksie.

- 11:12 NASB “**how much more will their fulfillment be**”  
NKJV “**how much more their fullness**”  
NRSV “**How much more will their full inclusion mean**”  
TEV “**Then, how much greater the blessings will be, when the complete number of Jews is included**”  
JB “**then think how much more it will benefit from the conversion of them all**”  
NAV “**hoeveel te meer sal dit dan nie tot seën wees as die Jode se volle getal gelowig sou word nie**”  
OAV “**hoeveel te meer sal die volheid dit nie wees nie**”  
CUM-NLV “**dink net wat sal gebeur as die meerderheid Jode die Goeie Nuus aanneem**”  
CUM-MVB “**hoeveel te meer sal hulle volle getal dit nie wees nie**”

Die kernvraagstuk hier is wat met die term “hulle volheid” (“their fulfillment”) bedoel word. Gaan dit oor (1) Jode wat gered moet word (verse 14b, 26a); of (2) die voltalligheid van uitverkore Jode en heidene?

- 11:13 NASB “**I am speaking to you who are Gentiles**”  
NAV “**en nou praat ek met julle gelowiges uit die heidennasies**”  
OAV “**want aan julle heidene sê ek**”

CUM-NLV

**“Ek sê hierdie dinge veral vir dié van julle wat uit die heidennasies afkomstig is”**

CUM-MVB

**“En nou praat ek met die nie-Jode”**

Hoofstukke 9-11 vorm ‘n literêre eenheid wat handel oor ‘n spesifieke vraag: “Hoekom is die Joodse Messias deur die Jode verwerp?” Paulus ag dit nietemin gepas om op hierdie stadium van sy argument weer hierdie punt aan te voer.

Verse 13-24, 25c skep die indruk dat daar in die kerk van Rome spanning was tussen rasbewuste Jode en heidene. Of dit tussen gelowige Jode en gelowiges uit die heidendom was, of tussen heiden-Christene en ongelowige Jode (die sinagoge), is nie heeltemal duidelik nie.

- NASB **“I am an apostle of Gentiles”**
- NAV **“As apostel vir die heidennasies”**
- OAV **“vir sovêr as ek ‘n apostel van die heidene is”**
- CUM-MVB **“As gestuurde na die nie-Jode met volle mandaat”**

Paulus het hom vir apostelskap aan spesifiek die heidene geroep geag (vgl. Han. 9:15; 22:21; 26:17; Rom. 1:5; 15:16; Gal. 1:16; 2:7, 9; 1 Tim. 2:7; 2 Tim. 4:17).

- NASB, NKJV **“I magnify my ministry”**
- NRSV **“I glorify my ministry”**
- TEV **“I will take pride in my work”**
- JB **“and I am proud of being sent”**
- NAV **“is ek trots op my werk”**
- OAV **“verheerlik ek my bediening”**
- CUM-NLV **“gee ek my allerbeste vir my bediening”**
- CUM-MVB **“fokus ek baie sterk op my bediening”**

Die term “magnify” kan die volgende beteken: (1) “dankbaarheid”; (2) “trots wees op”; of moontlik (3) “maak die beste daarvan”. Hier skemer ook dalk iets deur oor die probleme in die kerk van Rome! Paulus (1) is bly om die heidenkerk van diens te wees, of (2) het geglo dat sy bediening die Jode afgunstig sou maak, wat tot hulle inkeer sou lei (vgl. verse 11, 14; 9:1-3).

**11:14 “save some of them” (“en sommige uit hulle kan red”):** So klink Paulus se evangelis-roeping. Hy weet dat sommige op die prediking van die evangelie reageer (1 Kor. 1:21), maar ander weer nie (vgl. 1 Kor. 9:22). Dit is die geheimenis van uitverkiesing (OT en NT)!

**11:15** Die verwerping van die OT-verkose Israel was deel van God se plan om die hele mensheid (*kosmos*) te red. Joodse self-geregtigheid, ras-arrogansie en wettiese godsdiens het alles meegewerk om die Jode se gebrek aan geloof bloot te lê. Geloof in YHWH en sy Messias is die sleutel daartoe om die regte plek te vind voor God; nie mensgemaakte godsdienstigheid nie. Maar onthou, die doel van die verwerping van Israel was om die hele menslike geslag ‘n kans tot verlossing te bied. Daar is nie plek vir menslike roem in hierdie program nie, nie vir Jode nie en ook nie vir heiden-Christene nie! Dit was waarskynlik die boodskap wat die Kerk van Rome nodig gehad het!

- NASB **“the reconciliation of the world”**
- NAV **“vir die wêreld versoening beteken het”**
- OAV **“die versoening van die wêreld”**
- CUM-NLV **“vir die hele wêreld die herstel van alle verhoudinge aanbied”**

Hierdie uitdrukking staan parallel teenoor “die vryspraak van God” (“the righteousness of God”). Die terme kom van *kata* plus *alassō* (om te verander, te omvorm of te transformeer). Dit verwys na die verruiling van vyandigheid vir vrede, en daardeur na die herstel van guns (Rom. 5:11; 11:15; 2 Kor. 5:18, 19). God wil die vertrouensvriendskap van Eden herstel sien. Die sonde het dit versteur, maar Christus het die beeld van God (sy gesindheid) in die gevalle mensdom herstel in almal wat geloof beoefen. Hulle is versoen en aanvaar (parallelisme van vers 15). Die mensdom kon hierdie intimiteit nie herstel nie, maar God kan. En Hy hét!

<b>11:16 NASB</b>	<b>“if the first piece of dough be holy”</b>
<b>NAV</b>	<b>“As die eerste stuk deeg aan God gewy is, dan is ook die res van die deeg aan Hom gewy”</b>
<b>OAV</b>	<b>“en as die eersteling heilig is, dan die deeg ook”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“as die eerste stukkie deeg aan God geoffer word, beteken dit dat die hele baksel eintlik aan Hom behoort”</b>

Hierdie is ‘n VOORWAARDELIKE BYSIN KLAS EEN wat vir waar aanvaar word uit die perspektief van die skrywer of vir sy literêre doeleindes. Dit is ‘n sinspeling op Num. 15:17-21. Die metafoor beteken dan ook dat, soos met die “eerste vrugte van die oes” (OT-konsep) wat aan God afgestaan word, die hele oes aan Hom behoort het en van Hom ontvang word.

Die effek van die antieke Joodse oorblyfsel op die hele nasie was nie uitgedien nie (vgl. Gen. 18:27-33; 2 Kron. 7:14). Die “eersteling”-metafoor het ‘n parallel in die “wortel” (vgl. Jer. 11:16-17), wat albei op die getroues in Israel sinspeel, spesifiek die Aartsvaders van die OT.

**NASB (UPDATED) TEXT: 11:17-24**

**<sup>17</sup>But if some of the branches were broken off, and you, being a wild olive, were grafted in among them and became partaker with the rich root of the olive tree, <sup>18</sup>do not be arrogant toward the branches; but if you are arrogant, remember that it is not you who supports the root, but the root supports you. <sup>19</sup>You will say then, “Branches were broken off so that I might be grafted in” <sup>20</sup>Quite right, they were broken off for their unbelief, but you stand by your faith. Do not be conceited, but fear; <sup>21</sup>for if God did not spare the natural branches, He will not spare you, either. <sup>22</sup>Behold then the kindness and severity of God; to those who fell, severity, but to you, God’s kindness, if you continue in His kindness; otherwise you also will be cut off. <sup>23</sup>And they also, if they do not continue in their unbelief, will be grafted in, for God is able to graft them in again. <sup>24</sup>For if you were cut off from what is by nature a wild olive tree, and were grafted contrary to nature into a cultivated olive tree, how much more will these who are natural branches be grafted into their own olive tree?**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 11:17-24.*

**11:17 “if” (“as”):** Sien die aantekening by 11:12-24.

<b>■ NASB</b>	<b>“the branches were broken off”</b>
<b>NAV</b>	<b>“party van die takke is uitgekap”</b>
<b>OAV</b>	<b>“sommige van die takke afgebreek”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“ – van die Joodse takke – is uitgekap”</b>

Dit verwys na die ongelowige Israeliete (vgl. vers 18, 19, “natuurlike takke”, vers 21).

- NASB “the wild olive”
- NAV “n wilde olyf”
- OAV “n wilde olyfboom”

Dit dui op gelowiges uit die heidendom wat op evangelieprediking gereageer het.

- “grafted” (“ingeënt is”): Paulus borduur voort op sy landbou-metafoor van vers 16. Wilde olyflote op gevestigde bome het gehelp om opbrengs te verbeter (vgl. vers 24).

- “the olive tree” (“die olyfboom”): ‘n Simbool van Nasionale Israel (vgl. vers 24, Ps. 52:8; 128:3; Jer. 11:16; Hos. 14:6). Dit is die tweede metafoor waarmee Paulus die verhouding tussen Jode en heidene beskryf.

- 11:18**
- NASB “do not be arrogant towards the branches”
  - NAV “moet jou dan nie bo die ander takke verhef nie”
  - OAV “moenie teen die takke roem nie”
  - CUM-NLV “Maar oppas om nie jou bors hieroor uit te stoot nie”

Hierdie is ‘n PRAESENS IMPERATIEF met ‘n NEGATIEWE PARTIKEL wat gewoonlik beteken dat ‘n proses wat reeds aan die gang is, onmiddellik gestop moet word. Hierdie vers, saam met verse 13, 20 en 25, skep die indruk dat ernstige probleme tussen Jode en heidene ontstaan het.

**11:19-20** Vers 19 is weer dialektiek (gesprek met ‘n veronderstelde beswaarmaker). Paulus verduidelik waarom die Jode verwerp is. Dit was omrede hulle ongeloof en nie omdat heidene meer geliefd was nie! Heidene word ingesluit danksy God se liefde (Gen. 3:15) en hulle geloof. Hulle sou ook kon meehelp dat die Jode uit afguns tot die geloof terugkeer (vgl. verse 11, 14).

- 11:20**
- NASB “but you stand by your faith”
  - NKJV “and you stand by faith”
  - NRSV “but you stand only through faith”
  - TEV “while you remain in place because you do believe”
  - JB “if you still hold firm, it is thanks to your faith”
  - NAV “jy is daar geënt omdat jy glo”
  - OAV “maar jy staan deur die geloof”
  - CUM-NLV “terwyl jy nou daar is omdat jy glo”

Dis ‘n PERFECTUM AKTIEF INDIKATIEF, alhoewel dit in konteks van tien VOORWAARDELIKE SINNE gesien moet word. Om reg met God te wees hang af van voortgesette geloof. Net deur geloof bly ons staande. Verlossing kom tot stand deur: (1) ‘n aanvanklike respons van geloof; (2) geloof in ‘n herstelde verhouding met God; (3) ‘n voortgesette lewe deur geloof; en (4) ‘n eindverwachting danksy die Here van die geloof. Wees versigtig vir enige teologiese sisteem wat op slegs een van hierdie Bybelse waarhede fokus. Sien *Vir Spesiale Aandag: Griekse Werkwoordtipe wat vir Verlossing Gebruik word* by 10:4.

God is die ontwerper, die inisieerder, die onderhouer en die voltooiër van die verlossingsgebeure. Hy doen dit op die werkswyse van die verbond. Hy het bepaal dat ‘n sondige mensheid moet reageer en aanhou reageer by wyse van belydenis en geloof; stap vir stap deur die proses.

- NASB “Do not be conceited, but fear”
- NKJV “Do not be haughty, but fear”

<b>NRSV</b>	<b>“So do not become proud, but stand in awe”</b>
<b>TEV</b>	<b>“But do not be proud of it; instead, be afraid”</b>
<b>JB</b>	<b>“Rather than making you proud, that should make you afraid”</b>
<b>NAV</b>	<b>“Moenie daaroor hoogmoedig wees nie: hou rekening met God”</b>
<b>OAV</b>	<b>“Moenie hoogmoedig wees nie, maar vrees”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“Moenie dink dat jy wonderlik is nie, maar wees liever baie klein voor God”</b>
<b>CUM-MVB</b>	<b>“Moenie daaroor trots wees nie, bly vol ontsag”</b>

Beide hierdie opdragte is PRAESENS IMPERATIEF met die NEGATIEWE PARTIKEL by die eerste opdrag. Dit beteken gewoonlik dat ‘n handeling wat reeds sy aanvang geneem het, gestaak moet word, en dui hier op die aanwesigheid van ‘n probleem in die kerk van Rome. Vers 21 verduidelik waarom vrees meer gepas is.

<b>11:21 NASB</b>	<b>“neither will he spare you”</b>
<b>NAV</b>	<b>“sal hy dalk jou ook nie ontsien nie”</b>
<b>OAV, CUMs</b>	<b>“sal Hy miskien jou ook nie spaar nie”</b>

Soos wat Israel van YHWH vervreem geraak het weens hoogmoedige selfgeregtigheid en ongelooftyd, en mettertyd afgesny is, so sal die kerk afgesny word as sy in hoogmoedige selfverheffing die vertroue op Christus nalaat. Aanvanklike geloof moet in ‘n gelowige lewenstyl voortgesit word (vgl. Mat. 13:1-23; Mark. 4:1-12; Luk. 8:4-10). Hoogmoed moet voortdurend weerstaan word. Ons is wat ons is deur die genade van Christus en daarom in broederskap met almal wat Christus vertrou!

<b>11:22 NASB</b>	<b>“the kindness and severity of God”</b>
<b>NAV</b>	<b>“Let dan op die goedheid en strengheid van God”</b>
<b>OAV</b>	<b>“Let dan op die goedertierenheid en die gestrengheid van God”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“neem in ag dat God vol goedheid, maar terselfdertyd ook streng is”</b>

Die weë van God het immer vir ‘n gevalle mensdom teenstrydig voorgekom (vgl. Jes. 55:8-11). Ons moet die gevolge van ons keuses dra. God se uitverkiesing verminder nie die mensdom se verantwoordelikheid nie. Die uitverkiesing van die volk Israel was nie ‘n waarborg vir elke individu se redding nie.

<b>■ NASB</b>	<b>“if you continue in His kindness”</b>
<b>NAV</b>	<b>“Maar dan moet jy uit sy goedheid lewe”</b>
<b>OAV</b>	<b>“as jy in die goedertierenheid bly”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“ – mits jy op sy goedheid bly staatmaak”</b>

Dit is ‘n VOORWAARDELIKE SIN KLAS DRIE met ‘n PRAESENS SUBJUNKTIEF. Hierdie konstruk dui daarop dat die toekomst van die heidenbekeerling se geloof afhanklik is van sy vasberadenheid om dit te behou (dus die anderkant van die munt van Rom. 9 se soewereine God; vgl. Fil. 2:12-13). Hiermee word die volharding van beide die groep en die individu bedoel (Gal. 6:9; Openb. 2:7, 17; 3:6, 13, 22). Dit is die geheimenis en spanning tussen gemeenskaplikheid en individualiteit in die Bybel. Daar is immers beloftes wat berus op God se karakter (wie Hy is) én voorwaardelike verbonde (wat berus op menslike respons). Sien *Vir Spesiale Aandag: Volharding is Noodsaaklik* by 8:25.

**11:23** Hierdie vers volg die grammatiese en teologiese patroon van die vorige vers. As die Jode hulle sonde bely en in geloof herstel word, is hulle ingesluit. As die heidene ophou glo, sal ook hulle verwerp word. In beide gevalle is aanvanklike en volhardende geloof nie-onderhandelbaar.

**NASB (UPDATED) TEXT: 11:25-32**

<sup>25</sup>For I do not want you, brethren, to be uninformed of this mystery – so that you will not be wise in your own estimation – that a partial hardening has happened to Israel until the fullness of the Gentiles has come in; <sup>26</sup>and so all Israel will be saved; just as it is written, “THE DELIVERER WILL COME FROM ZION, HE WILL REMOVE UNGODLINESS FROM JACOB.” <sup>27</sup>THIS IS MY COVENANT WITH THEM, WHEN I TAKE AWAY THEIR SINS.” <sup>28</sup>From the standpoint of the gospel they are enemies for your sake, but from the standpoint of God’s choice they are beloved for the sake of the fathers; <sup>29</sup>for the gifts and the calling of God are irrevocable. <sup>30</sup>For just as you once were disobedient to God, now have been shown mercy because of their disobedience, <sup>31</sup>so these also now have been disobedient, that because of the mercy shown to you they also may now be shown mercy. <sup>32</sup>For God has shut up all in disobedience so that He now may show mercy to all.

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 11:25-32.*

<b>11:25 NASB</b>	<b>“I do not want you, brethren, to be uninformed”</b>
<b>NAV</b>	<b>“broers, ek wil hê dat julle moet weet”</b>
<b>OAV</b>	<b>“Want ek wil nie hê, broeders, dat julle [...] nie moet weet nie”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“Ek wil graag aan julle [...] vertel, liewe broers en susters”</b>
<b>CUM-MVB</b>	<b>“Medegelowiges, ek wil hê julle moet [...] ken”</b>

Dit is ‘n geliefkoosde spreekwyse van Paulus (vgl. 1:13; 1 Kor. 10:1; 12:1; 2 Kor. 1:8; 1 Tes. 4:13). Dit lei ‘n belangrike onderwerp in en dien die doel van Jesus se “Amen, amen!”\* So gee Paulus te kenne dat hy ‘n volgende onderwerp aanroer.

<b>■ NASB, NKJV, NRSV</b>	<b>“mystery”</b>
<b>TEV</b>	<b>“a secret truth”</b>
<b>JB</b>	<b>“a hidden reason for all of this”</b>
<b>NAV</b>	<b>“‘n geheimenis”</b>
<b>OAV</b>	<b>“hierdie verborgenheid”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“‘n geheim”</b>

**VIR SPESIALE AANDAG: VERBORGENHEID**

God se volle raadsplan vir die verlossing van die mens was reeds voor die sondeval in plek (vgl. Gen. 3). Die bestaan van so ‘n plan skemer plek-plek deur in die OT (vgl. Gen. 3:15; 12:3; Eks. 19:5-6; asook die universele perspektief by die profete). Alle aspekte van so ‘n plan was nie duidelik nie (1 Kor. 2:6-8). Met die koms van Jesus en die Heilige Gees het dinge duideliker begin word. Paulus gebruik die woord “verborgenheid” (of “geheimenis”) om die bestaan van so ‘n omvattende verlossingsplan te beskryf (vgl. 1 Kor. 4:1; Ef. 6:19; Kol. 4:3; 1 Tim. 1:9). Die “verborge raadsplan” skemer deur in ‘n verskeidenheid van onderwerpe:

1. ‘n Gedeeltelike verharding van Israel om heidene die geleentheid te bied om ingesluit te word. Die instroming van heidene (gekersten) sou ‘n meganisme word om die Jode van die geldigheid van die Messiaanse profesieë met betrekking tot Christus te oortuig (Rom. 11:25-32).
2. In en deur Christus word die evangelie aan die nasies bekendgestel (Rom. 16:25-27; Kol. 2:2).

\* “Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle,” (Joh. 8:51, OAV) – vert.



3. Die nuwe, verheerlikte liggame wat gelowiges by die wederkoms ontvang (1 Kor. 15:5-57; 1 Tes. 4:13-18).
4. Alle dinge word onder een hoof – Christus – verenig (Ef. 1:8-11).
5. Heidene en Jode is mede-erfgename (Ef. 2:11-3:13).
6. Die huwelik word as metafoor vir die verhouding tussen Christus en sy kerk gebruik (Ef. 5:22-33).
7. Heidene word by die verbondsgemeenskap ingesluit om 'n geestelik volwasse mensheid, vanuit 'n geskonde beeld van God te bewerkstellig, deur die inwoning van die Gees van Christus (vgl. Gen. 6:5, 11-13; 8:21; Gen. 1:26-27; 5:1; 9:6; Kol. 1:26-28).
8. Die Anti-Chris van die eindtyd (2 Tes. 1:11).
9. 'n Samevatting van die “verborgenheid” reeds in die beginjare van die kerk is in 1 Tim. 3:16 aangeteken.

- |   |   |
|---|---|
| <ul style="list-style-type: none"> <li>■ NASB</li> <li>NAV</li> <li>OAV</li> <li>CUM-NLV</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li>“lest you be wise in your own estimation”</li> <li>“sodat julle nie te selfversekerd sal wees nie”</li> <li>“sodat julle nie eiewys mag wees nie”</li> <li>“om te voorkom dat julle te slim in julle eie oë word”</li> </ul> |
|---|---|

Nog 'n aanduiding van onenigheid in die kerk(e) van Rome (vgl. vers 14).

- |  |  |
|--|--|
| <ul style="list-style-type: none"> <li>■ NASB</li> <li>NKJV</li> <li>NRSV</li> <li>TEV</li> <li>JB</li> <li>NAV</li> <li>OAV</li> <li>CUM-NLV</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li>“that a partial hardening has happened to Israel”</li> <li>“that a hardening in part has happened to Israel”</li> <li>“a hardening has come upon part of Israel”</li> <li>“that the stubbornness of the people of Israel is not permanent”</li> <li>“One section of Israel has become blind”</li> <li>“Die verharding het oor 'n deel van Israel gekom”</li> <li>“dat die verharding ten dele oor Israel gekom het”</li> <li>“dat die verharding net vir 'n beperkte tyd oor Israel gekom het”</li> </ul> |
|--|--|

Hierdie stelling staan in verband met die hele hoofstuk 11. Daar was altyd en daar sal altyd gelowige Jode wees. Hierdie gedeeltelike verblinding, deur God self oor hulle gebring (verse 8-10), omdat die Jode Jesus verwerp het, vorm deel van God se plan om die hele mensheid te red. God het verlossing aan almal beloof (vgl. Gen. 3:15). Hy het Abraham uitverkies om almal te red (Gen. 12:3). Hy het Israel uitverkies om almal te bereik (Eks. 19:5-6). Israel het in haar sendingopdrag gefaal, omdat sy hoogmoedig, ontrou en ongelowig was. God wou die heidenwêreld bereik deur Israel 'n voorbeeld van seën te maak (Deut. 27-29). Israel kon die verbond nie nakom nie, met die gevolg dat God se tydelike oordeel oor haar gekom het. Nou wend God hierdie oordeel aan om sy oorspronklike doel te bereik, naamlik die verlossing van die mensdom deur geloof (vgl. verse 30-31; Eseg. 36:22-38).

- |  |  |
|--|--|
| <ul style="list-style-type: none"> <li>■ NASB</li> <li>NAV</li> <li>OAV</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li>“until the fullness of the Gentiles has come in”</li> <li>“totdat die volle getal uit die heidennasies in die koninkryk ingegaan het”</li> <li>“totdat die volheid van die heidene ingegaan het”</li> </ul> |
|--|--|

Hierdie selfde term (*pleroma*) word in vers 12 ten opsigte van die Jode gebruik. Beide verse spreek van God se voorkennis en uitverkiesing. Die woord “totdat” stel 'n tydsbeperking vir die heiden-periode (Luk. 21:24).

**11:26 “all Israel will be saved” (“en so sal die hele Israel gered word”):** Daar is twee moontlike interpretasies: (1) dit dui op nasionale Israel – nie elke afsonderlike Jood nie, maar die meerderheid op ‘n bepaalde tyd in die geskiedenis; of (2) dit dui op die geestelike Israel, die kerk. Paulus gebruik die idee in Rom. 2:28-29; Gal. 6:16; 1 Pet. 2:5, 9; en Openb. 1:6. Die “volle getal van die Jode” (vers 12) en die “volle getal van die heidene” (vers 25) staan in ‘n parallelle verhouding. Dit dui op “almal” in die sin van God se uitverkiesing en nie elke individu nie. Die olyfboom van die belofte sal eenmaal voltooi daar staan.

Sommige verklaarders meen dat dit alleenlik op nasionale Israel dui, omrede: (1) die Skrifverband van hoofstukke 9-11; (2) die OT-aanhalings in verse 26-27; en (3) die duidelike verklaring van vers 28. God het steeds Abraham se natuurlike afstammeling lief en begeer hulle redding. Hulle sal tot geloof in Christus moet kom (Sag. 12:10).

Of die “verharde” Jode aan die einde van die tyd nog ‘n geleentheid tot respons sal kry, kan nie uit hierdie teks of enige ander Bybelteks afgelei word nie. As Amerikaners is ons kultureel getooi om individuele vrae te vra, maar die Bybel fokus op die gemeenskaplike geheelbeeld. Alle vrae soos dié moet maar vir God gelaat word. Hy sal regverdig handel met sy skepping waarvoor Hy lief is!

■ **“as it is written” (“soos geskrywe is”):** Dit dui op twee aanhalings uit die LXX van Jes. 59:20-21 (vers 26) en 27:9 (vers 27). Die meganisme van verlossing is geloof in Jesus die Messias. Daar is nie ‘n plan B nie, net plan A; net een weg tot saligheid (Joh. 10:7-18; 11:25-29; 14:6).

**11:27** Jes. 27:9, wat in vers 27 aangehaal word, kombineer die herstel van Israel in die beloofde land (vers 1-11) met ‘n uitnodiging aan hulle tradisionele vyande (heidennasies) om daaraan deel te hê (vgl. verse 12-13). As hierdie herstel letterlik opgevat moet word, is die duisendjarige vrederyk nodig om dit ‘n werklikheid te maak. As dit oordragtelik opgevat moet word, dan sal dit die geheimenis wees, die nuwe verbond wat die heiden en Jood saambring in gemeenskaplike geloof in Jesus, die Messias (vgl. Ef. 2:11-3:13). Dit is moeilik om daarvoor te besluit. Sommige OT-profesieë is direk van toepassing op die kerk van die nuwe verbond. Nietemin, God is getrou ten opsigte van sy beloftes, selfs al is dit van die mens nie waar nie (Eseg. 36:22-36).

**11:28** Hierdie vers weerspieël die tweeledige aard van uitverkiesing: (1) in die OT is uitverkiesing gerig op diens. God kies menslike instrumente vir die doel van die mens se verlossing; maar (2) in die NT is uitverkiesing geskakel met die gedagte van die evangelie en die ewige lewe. Hierdie verlossing van mense geskape na God se beeld was altyd die doelwit (Gen. 3:15).

God is getrou aan al sy beloftes. Dit is waar vir OT-gelowiges én NT-geheiliges. Die sleutel is God se trou, nie die mens nie, God se barmhartigheid, nie die mens se meriete nie. Uitverkiesing is daar om tot seën te wees, nie vir uitsluiting nie.

■ NASB	<b>“they are beloved for the sake of the fathers”</b>
NAV	<b>“geliefdes om die vaders se ontwil”</b>
OAV	<b>“bemindes terwille van die vaders”</b>
CUM-NLV	<b>“nog steeds geliefdes van God – hy het immers sy beloftes aan die vaders gegee”</b>
CUM-MVB	<b>“het God hulle absoluut lief om die vaders se ontwil”</b>

Dit is die belofte van Eks. 20:5-6, Deut. 5:9-10 en 7:9. Families is geseënd op grond van die geloof van voorgeslagte. Israel was geseënd omrede hulle aartsvaders se getrouheid (Deut. 4:37;

7:8; 10:15). Dat die Messias uit die stam van Juda sou voortkom, was ook ‘n belofte aan Dawid (vgl. 2 Sam. 7). Dit moet egter duidelik gestel word dat die vermelde “getroues” ook nie daartoe in staat was om die wet ten volle te gehoorsaam nie (Eseg. 36:22-36). Geloof – persoonlike geloof, familie-geloof, al is dit nie perfekte geloof nie – is vir God aanvaarbaar en word moontlik in ‘n familie van geslag tot geslag oorgedra (1 Kor. 7:8-16).

<b>11:29</b>	<b>NASB, NKJV, NRSV</b>	<b>“for the gifts and calling of God are irrevocable”</b>
	<b>TEV</b>	<b>“For God does not change his mind whom He chooses and blesses”</b>
	<b>JB</b>	<b>“God never takes back His gifts or revokes His choice”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“As God eenmaal aan mense sy genadegawes geskenk het en hulle geroep het, trek Hy dit nooit weer terug nie”</b>
	<b>OAV</b>	<b>“Want die genadegawes en roeping van God is onberoulik”</b>
	<b>CUM-NLV</b>	<b>“en sy gawes en roeping staan onherroeplik vas”</b>
	<b>CUM-MVB</b>	<b>“God se genadegawes en roeping word tog nooit teruggetrek nie”</b>

Dit het nie te make met geestelike gawes aan individue nie (vgl. 1 Kor. 12), maar het te doen met God se beloftes van redding in die OT en die NT. Uitverkiesing is effektief. Die getrouheid van God is die hoop van die volk Israel (vgl. Mal. 3:6).

**11:30-32** Hierdie verse som God se plan en doelstellings op: (1) dit is altyd op sy barmhartigheid gebaseer (sien die aantekening by 9:15-16), en is nie onvoorspelbare harde noodlot (“arbitrary determinism”) nie. Die term “barmhartig” kom vier keer in hierdie wyer konteks voor (vgl. 9:15, 16, 18, 23); (2) God het oor die ganse menslike geslag geoordeel. Jode en heidene is almal sondig (vgl. 3:9, 19, 23; 5:11); (3) God het die mensdom se nood en hulpeloosheid as die geleentheid gesien om aan alle mense barmhartigheid te betoon (vgl. vers 22). Maar in konteks moet “alle” egter saam met verse 12, 25 en 26 gelees word. Nie alle individue reageer op God se genade-aanbod nie, maar is in die gesigskring, die trefwydte van verlossing (vgl. 5:12-21; Joh. 3:16), ingesluit. My God, dat dit tog so mag wees!!!

<b>11:30</b>	<b>NASB</b>	<b>“but now”</b>
<b>&amp; 31</b>	<b>NAV</b>	<b>“maar noudat”</b>
	<b>OAV</b>	<b>“So...”</b>
	<b>CUM-NLV</b>	<b>“in die huidige tyd”</b>
	<b>CUM-MVB</b>	<b>“nou het”</b>

‘n Kragtige, geestelike bekering word vir die volk Israel in hierdie verse veronderstel, want soos die heidene se ongeloof deur barmhartigheid oorwin is, so sal die Joodse ongeloof deur barmhartigheid te bowe gekom word.

**NASB (UPDATED) TEXT: 11:33-36**

**<sup>33</sup>Oh, the depth of the riches both of the wisdom and knowledge of God! How unsearchable are His judgments and unfathomable His ways! <sup>34</sup>FOR WHO HAS KNOWN THE MIND OF THE LORD, OR WHO BECAME HIS COUNSELOR? <sup>35</sup>OR WHO HAS FIRST GIVEN TO HIM THAT IT MIGHT BE PAID BACK TO HIM AGAIN? <sup>36</sup>For from Him and through Him and to Him are all things. To him be the glory forever. Amen.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 11:33-36.*

**11:33-36** Hierdie is 'n aangrypend spontane jubeling van Paulus. Hy is oorweldig deur die weë van God: bondstrou, verbondsinsluitings en die verbondsvoltooide toekoms.

**11:33** NASB “the riches”  
OAV “die rykdom”  
CUM-NLV “ontsaglik ryk”

Een van Paulus se gunsteling uitdrukkings (vgl. 2:4; 9:23; 10:12; 11:12, 33; Ef. 1:7, 8; 2:7; 3:8, 16; Fil. 4:9; Kol. 1:27). Die dryfkrag van die evangelie en die hoop van die mensheid berus op die oorfloedige barmhartigheid in die hart, die karakter en die raadsplan van God (vgl. Jes. 55:1-7).

■ NASB “How unsearchable are His judgments and unfathomable His ways”  
NAV, OAV “hoe ondeurgrondelik sy oordele en onnaspeurlik sy weë”  
CUM-NLV “Sy beslissings gaan ons begrip te bowe; sy manier van doen, kan ons nie deurvors nie”  
CUM-MVB “Hoe ondeurgrondelik is sy beslissings, hoe onnaspeurlik sy metodes”

Hierdie is 'n baie toepaslike lofbetuiging (doksologie) wat betref die paradoksale, oënskynlik teenstrydige waarhede wat hy in hoofstukke 9-11 hanteer het (vgl. Jes. 55:8-11).

**11:34** Dis 'n aanhaling vanuit die LXX van Jes. 40:13-14, waar God sy volk uit ballingskap laat terugkeer. In 1 Kor. 2:16 haal Paulus dieselfde gedeelte aan en ken die titel “Here” aan Jesus toe.

**11:35** Dit is 'n losstaande aanhaling uit Job 35:7 of 41:11.

**11:36** NASB “for from Him and through Him and to Him are all things”  
OAV, CUM-MVB “Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge”  
CUM-NLV “Hy is die bron van alles, alles bestaan deur sy krag, en alles is op Hom gerig”

Hierdie frases dui op God die Vader, aldus hierdie konteks (vgl. 1 Kor. 11:12), maar dieselfde bewoording in ander NT-gedeeltes word op God die Seun van toepassing gemaak (1 Kor. 8:6; Kol. 1:16; Heb. 2:10). Paulus bevestig so dat alle dinge deur God tot stand gekom het en na Hom terugkeer.

■ NASB “to Him be the glory for ever”  
NAV “Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid”  
OAV “Syne is die heerlikheid tot in ewigheid”  
CUM-NLV “aan Hom behoort die heerlikheid vir altyd en altyd”  
CUM-MVB “Net Hy het goddelike grootheid tot in ewigheid”

Dit is 'n kenmerkende NT-seën waar godheid ter sprake is. Soms het dit (1) die Vader in gedagte (vgl. 16:27; Ef. 3:21; Fil. 4:20; 1 Pet. 4:11; 5:11; Jud. 25; Openb. 5:13; 7:12), en soms (2) die Seun (vgl. 1 Tim. 1:17; 2 Tim. 4:18; 2 Pet. 3:18; Openb. 1:16). Sien die aantekening by 3:23.

■ “Amen”: Sien *Vir Spesiale Aandag: Amen* by 1:25.

## **BESPREKINGSVRAE**

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Op watter wyse het Israel God se “weg van saligheid” misgeloop?
2. Watter twee redes voer Paulus aan om te toon dat God Israel nie verwerp het nie?
3. Waarom het God die Jode se harte verhard en hoe?
4. Wat word met die konsep Joodse “oorblyfsel” bedoel (verse 2-5)?
5. Definieer die term “verborgenheid” in die NT.
6. Wat beteken 11:26? Hoekom? Hoe hou dit verband met 9:6?
7. Watter waarskuwing gee Paulus aan die heidengelowiges (vers 17-24)?

## ROMEINE 12

<b>PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*</b>					
<b>UBS<sup>4</sup></b>	<b>NKJV</b>	<b>NRSV</b>	<b>TEV</b>	<b>JB</b>	<b>NAV</b>
Die nuwe lewe in Christus 12:1-2	Lewende offers aan God 12:1-8	Die toegewyde lewe 12:1-2	Lewe in God se diens 12:1-2	Geestelike aanbidding 12:1-2	Die nuwe lewe in Christus 12:1-2
12:3-8		12:3-8	12:3-8	Nederigheid en liefdadigheid 12:3-8	12:3-8
Reëls vir die Christelike lewe 12:9-21	Tree op soos 'n Christen 12:9-21	Aansporings 12:9-13 12:14-21	12:9-13 12:14-16 12:14-21	Liefdadigheid aan almal, vyande ingesluit 12:9-13 12:14-21	Riglyne vir die Christelike lewe 12:9-21

### **LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xi)**

#### **OM DIE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK TE VOLG**

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die sewe vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as die sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

#### **DIE DELE IN KONTEKS: ROMEINE 12:1-8**

- A. Hier begin die praktiese gedeelte van die brief aan die Romeine (12:1-15:13). Die meeste van Paulus se briewe was geleentheidsgeskrifte en daarom verdeel in 'n leerstellige deel en 'n toepasbare gedeelte. Paulus het geskryf om plaaslike probleme en krisis te hanteer. Hoewel Rom. 1-8 uitstekende leerstellige insigte bied, is die etiek en lewenspraktyk van die latere hoofstukke net so kragdadig.
- B. Teologie sonder implikasies vir lewenstyl kom nie van God nie (vgl. Mat. 7:24-27; Joh. 2:13; Jak. 1:22, 25; 2:14-26). Paulus verkondig 'n vrye verlossing deur die genade van

\* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hierbo. Aanhalings inteks is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

God en geloof in Jesus Christus, maar dié geskenk is bedoel om lewens te verander – radikaal! Verlossing is vry, maar dit moet lei tot ‘n ewe radikale Christus-gesindheid!

- C. Verse 1-2 dien as inleiding vir die hele praktiese gedeelte. Dit vorm die basis vir ‘n lewe deur die Gees en is die naklank van hoofstuk 8.
- D. Verse 3-8 bespreek gawes van die Gees. Ons algehele toewyding tot Christus moet lei tot diens aan God (vgl. Deut. 6:4-5; Mat. 22:37) en aan ander mense (vgl. Lev. 19:18; Mat. 19:19). Hierdie gawes beklemtoon ons eenheid in Christus en ons groot verskeidenheid talente (Ef. 4:1-10). Gelowiges streef na eenheid, nie eenvormigheid nie. Ons is deur God toegerus om mekaar tot diens te kan wees (1 Kor. 12:7, 11; Ef. 4:11-13)!

## STUDIE VAN WOORDE EN FRASES

### NASB (UPDATED) TEXT: 12:1-2

**<sup>1</sup>Therefore I urge you, brethren, by the mercies of God, to present your bodies a living and holy sacrifice, acceptable to God, *which* is your spiritual service of worship. <sup>2</sup>And do not be conformed to this world, but be transformed by the renewing of your mind, so that you may prove what the will of God is, that which is good and acceptable and perfect.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 12:1-2.*

■ NASB	“Therefore”
NAV	“En nou”
OAV	“dan”
CUM-NLV	“Nou wil ek”

Paulus gebruik hierdie term by belangrike oorgange in sy aanbidding van evangelie-waarhede in die Romeinebrief. In 5:1vv som hy die “vryspraak deur geloof”-konsep op; in 8:1vv gee hy ‘n opsomming van gelowiges se houding ten opsigte van sonde, dit wil sê “heiligmaking”; in 12:1vv begin hy sy gesprek oor praktiese toepassing – die uitwerking wat regverdigmaking en heiligmaking in gelowiges se daaglikse lewe moet hê.

12:1 NASB	“I urge you”
NKJV	“I beseech you”
NRSV, TEV	“I appeal to you”
JB	“I beg you”
NAV	“doen ek ‘n beroep”
OAV	“Ek vermaan julle”
CUM-NLV	“wil ek julle baie ernstig vra”

Hierdie appèl is tegelyk hoflik en ferm. Dit is ‘n roep om ‘n toepaslike lewenstyl en Paulus gebruik dit dikwels. (vgl. 12:1; 15:30; 16:17; 1 Kor. 1:10; 4:16; 16:15; 2 Kor. 2:8; 5:20; 6:1; 10:1; 12:8; Ef. 4:1; Fil. 4:2; 1 Tes. 4:10; 1 Tim. 1:3; Filem. verse 9-10).

■ NASB	“brethren”
NAV	“broers”
OAV	“broeders”
CUM-MVB	“medegelowiges”

‘n Term wat hy graag gebruik as inleiding van ‘n nuwe onderwerp.

- |  |   |
|--|---|
| <ul style="list-style-type: none"> <li>■ NASB</li> <li>NAV</li> <li>OAV</li> <li>CUM-NLV</li> <li>CUM-MVB</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li>“by the mercies of God”</li> <li>“op grond van die groot ontferming van God”</li> <li>“by die ontferminge van God”</li> <li>“As julle dink aan alles wat God in sy groot ontferming vir julle gedoen het”</li> <li>“op grond van God se oneindige goedheid”</li> </ul> |
|--|---|

In die LXX beskryf dit die ontfermende aard van God (vgl. Eks. 34:6). In Romeine hoofstukke 1-11, groei die kennis van God se ontferming geleidelik aan tot ‘n leerstelling in hierdie vers. Daar is opvallende klem op God se “barmhartigheid” plek-plek in die Romeinebrief, in hoe Hy die gevalle mensheid hanteer (vgl. *oikēirō* en *eleeō*, 9:15, 16, 18, 23; 11:30, 31, 32; 12:18; 15:9). Aangesien God se barmhartigheid en genade verniet aangebied word, moet gelowiges God-vererend leef uit dankbaarheid (vgl. Ef. 1:4; 2:10) eerder as om meriete te bou (Ef. 2:8-9).

- |  |   |
|--|---|
| <ul style="list-style-type: none"> <li>■ NASB</li> <li>NAV</li> <li>OAV</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li>“to present”</li> <li>“gee”</li> <li>“stel”</li> </ul> |
|--|---|

Dit is ‘n AORISTUS INFINITIEF. Nog ‘n offerterm saam met verskeie ander in hierdie konteks: vers 1 “offer”, “heilig” en “welgevallig” (OAV). Hierdie konsep kom ook in 6:13, 16 en 19 voor. Mense gee hulleself aan God of Satan. Soos wat Christus Homself op ‘n unieke wyse aan die Vader se wil oorgegee het, selfs tot in die dood aan die kruis, moet sy volgelinge sy selflose lewe nastreef (2 Kor. 5:14-15; Gal. 2:20; Joh. 3:16).

- |  |   |
|--|---|
| <ul style="list-style-type: none"> <li>■ NASB</li> <li>NAV, CUM-NLV</li> <li>OAV, CUM-MVB</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li>“your bodies”</li> <li>“julleself”</li> <li>“jul liggame”</li> </ul> |
|--|---|

Die Christendom dink anders oor liggaamlikheid as die Grieke, wat die liggaam as boos beskou. Dit is inderdaad die aanknooppunt vir versoeking, maar is in werklikheid moreel neutraal. Dit wil voorkom of ‘n parallel bedoel word tussen “liggame” in vers 1 en die “gemoed” van vers 2. Gelowiges moet hulle totale persoon aan God wy (vgl. Deut. 6:5; 1 Kor. 6:20) soos wat hulle vantevore aan sonde oorgegee was (vgl. Rom. 6).

- “a living” (“n lewende”): Dit was radikaal verskillend van die “dooie” offers wat in die Joodse en heidentempels gemaak is (vgl. 6:13; Gal. 2:20).

Wat hier staan moet ook onderskei word van religieuse askese wat die liggaam met ontbering straf, hetsy met afsondering of die propagering van die selibaat. Die vers bedoel eerder ‘n lewe van aktiewe diensbaarheid en Christelike liefde.

- |  |   |
|--|---|
| <ul style="list-style-type: none"> <li>■ NASB</li> <li>NAV</li> <li>OAV, CUM-NLV</li> <li>CUM-MVB</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li>“and holy sacrifice”</li> <li>“en heilige offers”</li> <li>“en [...] heilige [...] offer”</li> <li>“offers wat aan Hom gewy [...] is”</li> </ul> |
|--|---|

Die term “heilig” beteken “vir God se diens eenkant gesit”. Die fokus in dié term is gewilligheid en beskikbaarheid om deur God vir sy doeleindes gebruik te word.



## VIR SPESIALE AANDAG: HEILIG

### I. Ou-Testamentiese Gebruik

- A. Die etimologie van *kadosh* is onseker, dog moontlik Kanaänities van oorsprong. Dit is moontlik dat ‘n deel van die woordstam (*kd*) “om te verdeel” kan beteken. ‘n Populêre definisie lui dan soos volg: “Opsygesit van Kanaänitiese kultuur vir God se gebruik,” (vgl. Deut. 7:6; 14:2, 21; 26:19).
- B. Dit staan in verband met kultiese dinge, plekke, tye en persone. Dit kom nie in Genesis voor nie, maar is algemeen in Eksodus, Levitikus en Numeri.
- C. In profetiese literatuur (veral Jesaja en Hosea) kom daar ‘n persoonlike element na vore, maar word nie beklemtoon nie. Dit word gebruik om die wese van God te beskryf (vgl. Jes. 6:3). God is heilig en so ook sy naam, wat sy karakter verteenwoordig. Sy volk wat sy karakter aan die wêreld in nood moet vertoon is ook heilig mits hulle deur geloof die verbond onderhou.
- D. God se ontferming en liefde is onlosmaaklik verbonde aan die teologiese konsepte van verbondenheid, geregtigheid, en sy wesentlike aard (karakter). Daarom is God in spanning met ‘n onheilige, gevalle, wederstrewige mensdom. Robert B. Girdlestone, bied in *Synonyms of the Old Testament* interessante leesstof oor God as “ontfermend” en God as “heilig” (bl. 112-113).

### II. Nuwe-Testamentiese Gebruik

- A. Die skrywers van die NT was denkers in Hebreeus\*, behalwe Lukas. Hulle was egter deur *Koine* Grieks beïnvloed weens gebruik van die OT uit die LXX. Hulle woordeskat is deur hierdie vorm van Grieks oorheers en nie Klassiek Griekse literatuur, gedagtes en godsdiens nie.
- B. Jesus is heilig omdat Hy van God kom en soos God is (vgl. Luk. 1:35; 4:34; Han. 3:14; 4:27, 30). Hy is die Heilige en Regverdige (vgl. Han. 3:14; 22:14). Jesus is heilig omdat Hy sonder sonde is (vgl. Joh. 8:46; 2 Kor. 5:21; Heb. 4:15; 7:26; 1 Pet. 1:19; 2:22; 1 Joh. 3:5).
- C. Omdat God heilig is, moet sy kinders ook heilig wees (vgl. Lev. 11:44-45; 19:2; 20:7, 26; Mat. 5:48; 1 Pet. 1:16). Omdat Jesus heilig is, moet dit ook so met sy volgelinge wees (vgl. Rom. 8:28-29; 2 Kor. 3:18; Gal. 4:19; Ef. 1:4; 1 Tes. 3:13; 4:3; 1 Pet. 1:15). Christene is verlos om soos Christus te dien.

■ NASB	“acceptable to God”
NAV	“vir Hom aanneemlik”
OAV	“aan God welgevallig”
CUM-NLV	“waarvan Hy hou”

Dit dui op ‘n geskikte offer soos in die OT beskryf (vgl. vers 2); “blaamloos”, in NT-terme wanneer aan mense gedink word (vgl. Gen. 6:9; 17:1; Deut. 18:13; Job 1:1).

■ NASB	“Whish is your spiritual service of worship”
NKJV	“which is your reasonable service”
NRSV	“which is your spiritual worship”
TEV	“This is the true worship that you should offer”
JB	“in a way that is worthy of thinking beings”

\* En ‘n vorm van Aramees – vert.

NAV	<b>“dit is die wesentlike van die godsdien wat julle moet beoefen”</b>
OAV	<b>“ – dit is julle redelike godsdien”</b>
CUM-NLV	<b>“wat julle dien aan God werklik sinvol maak”</b>
CUM-MVB	<b>“hoe julle oor julle godsdien moet dink”</b>

Die woord *logikos* is aan *logizomai* ontleen wat “om te redeneer” beteken (vgl. Mark. 11:31; 1 Kor. 13:11; Fil. 4:8). In hierdie teksverband kan dit “rasioneel” of “redelikerwys” beteken. Die term is egter ook al gebruik in die sin van “geestelik”, soos blyk uit 1 Pet. 2:2. Dit wil die gedagte tuisbring dat ‘n bewustelike selfopoffering, jou ware self, in die plek van die kultus van dooie diere-offers moet kom. God wil ons graag sien in lewens van liefde en dien volgens sy wil en nie in vormlike prosesse wat geen impak op die daaglikse lewe maak nie.

<b>12:2 NASB</b>	<b>“do not be conformed”</b>
NAV	<b>“moenie [...] gelyk word nie”</b>
OAV	<b>“En word nie [...] gelykvormig nie”</b>
CUM-NLV	<b>“Moenie julle leefstyl aanpas by die gedragpatrone [...] nie”</b>

Hierdie is ‘n PRAESENS PASSIEF IMPERATIEF (of PERFECTUM MEDIUM) met ‘n NEGATIEWE PARTIKEL, wat gewoonlik beteken dat ‘n proses wat reeds sy aanvang geneem het, stopgesit moet word. Vers 2 het ‘n kontras soortgelyk aan die een in Fil. 2:6-8 tussen die uiterlik veranderende vorm (*schema*, vgl. 2:8) en die innerlik onveranderlike; die wesentlike (*morphe*, vgl. 2:6-7). Gelowiges word aangemoedig om nie op die leefstyl van ‘n veranderende, gevalle wêreldstelsel voort te bou nie (die bedeling van rebellie), al is hulle fisies nog deel daarvan, maar eerder om radikaal te verander en ‘n Christus-gesindheid te kweek (die nuwe bedeling van die Gees).

■ NASB	<b>“to this world”</b>
NAV	<b>“aan hierdie sondige wêreld”</b>
OAV, CUM-NLV	<b>“aan hierdie wêreld”</b>

Dit is letterlik die term “era” (“age”). Die Jode het aan twee eras geglo (vgl. Mat. 12:32; Mark. 10:30; Luk. 20:34-35): die huidige bese era (vgl. Gal. 1:4; 2 Kor. 4:4; Ef. 2:2) en die toekomstige era (vgl. Mat. 28:20; Heb. 1:3; 1 Joh. 2:15-17). Gelowiges leef in die gespanne verwagting van die verrassende oorvleueling van die twee eras. Omrede die twee komste van Christus het persepsies van “reeds” en “nog nie” ontstaan. Die koninkryk van God het met Christus se eerste koms gekom, maar kom in sy volheid eers met die wederkoms. Die koninkryk is beide teenwoordig en toekomstig!

### **VIR SPESIALE AANDAG: HIERDIE BEDELING EN DIE BEDELING DAAROP**

Die profete van die OT het oor die toekoms gedink as ‘n verlengstuk van die hede. Hulle was van mening dat dit ‘n herstel van geografiese Israel moes inhou. Maar die aanbreek van ‘n nuwe dag was nie uitgesluit nie (vgl. Jes. 65:17; 66:22). Die volgehoue afvalligheid van YHWH, selfs ná die terugkeer uit ballingskap, het ‘n nuwe paradigma in die Joodse tussen-testament apokaliptiese literatuur ingelei (bv. 1 Enoch, IV Esra, II Barug). Dit is hierdie paradigma wat die onderskeid tussen twee eras laat blyk: die huidige bese bedeling onder beheer van Satan en ‘n toekomstige bedeling van geregtigheid onder beheer van die Gees, ingelei deur ‘n (dikwels krygsvaardige tipe) Messias.

Op hierdie gebied van die teologie kom klaarblyklike nuwe insig na vore. Teoloë verwys hierna as “voortgaande openbaring”, wat leerstellig as “eskatologie” bekend staan. Die NT

bekragtig hierdie opvatting van twee bedelings as ‘n nuwe kosmiese werklikheid van “twee eras” (temporale dualisme).

<u>Jesus</u>	<u>Paulus</u>	<u>Hebreërs</u>
Mat. 12:32	Rom. 12:2	Heb. 1:2
Mat. 13:22	1 Kor. 1:20; 2:6, 8; 3:18	6:5
Mark. 10:30	2 Kor. 4:4	11:3
Luk. 16:8	Gal. 1:4	
Luk. 18:30	Ef. 1:21; 2:1, 7; 6:12	
Luk. 20:34-35	1 Tim. 6:17	
	2 Tim. 4:10	
	Tit. 2:12	

In NT-teologie het hierdie twee Joodse eras die aspek van “oorvleueling” bygekry omrede die onverwagse (en dikwels misverstande Skrif) oor die twee verskynings van die Messias. Die menswording van Jesus het die OT-profesieë vervul en daarmee vind die intrede van die nuwe era plaas. Die OT (profesieë) sien Hom ook kom as Regter en Oorwinnaar. In sy eerste verskyning is Hy die Lydende Knecht van die Here (Jes. 53), nederig en sagmoedig (vgl. Sag. 9:9). Hy sal egter met groot krag weer verskyn; net soos die profete voorspel het (vgl. Openb. 19). Hierdie twee-stadium vervulling veroorsaak dat die koninkryk ingelei is, maar nog nie volledig aangebreek het nie.

■ NASB	<b>“be transformed”</b>
NAV	<b>“laat God julle verander”</b>
OAV	<b>“word verander”</b>
CUM-NLV	<b>“laat God julle omvorm”</b>
CUM-MVB	<b>“laat God julle nuut maak”</b>

Gelowiges moet getransformeer word. Dit beteken iets meer as bloot ingelig wees; eerder ingrypend verander! Die grammatiese vorm hier kan PRAESENS MEDIUM IMPERATIEF wees (“hou aan om julleself te omvorm”) of PRAESENS PASSIEF IMPERATIEF (“gaan voort om omvorm te word”). Dit is ook waar van “word nie gelykvormig nie” in vers 2a. Vir ‘n soortgelyke kontras sien Eseg. 18:31 (eie inset om te verander) teenoor Eseg. 36:27 (verandering ‘n goddelike geskenk). Albei is nodig.

Om Jesus se verheerliking op die berg te beskryf, word ‘n vorm van dieselfde woord, “omvorm”, gebruik.\* Deur hierdie “omvorm” word Jesus se ware aard geopenbaar. Netso moet die “verborge mens van die hart” (2 Pet 1:3-4) sorg dat wat waar en wesentlik is in elke mens “gevorm” word. Hierdie goddelik vernieuende menswees – die ware self – moet in elke gelowige gevorm word en tot uiting kom (vgl. 2 Kor. 3:18; Ef. 4:13).

■ NASB	<b>“by the renewing of your mind”</b>
NAV	<b>“deur julle denke te vernuwe”</b>
OAV	<b>“deur die vernuwing van julle gemoed”</b>
CUM-NLV	<b>“deurdat Hy julle in denkpatrie vernuwe”</b>

Die woord kom van ‘n stamvorm wat nuut in kwaliteit (*kainos*) beteken en nie nuut in tyd (*chronos*) nie. Vir die Jode was die sintuie van “sig” en “gehoor” die vensters van die siel. Wat jy dink is wat jy gaan wees. Ná verlossing kry gelowiges ‘n nuwe perspektief op die lewe as

\* Vgl. Mat 17:2 – “van gedaante verwissel” – vert.

gevolg van die inwoning van die Gees (vgl. Ef. 4:13, 23; Tit. 3:5). Hierdie nuwe Bybelse perspektief op die lewe, saam met die inwoning van die Gees, transformeer die gemoed en leefstyl van nuwe gelowiges. Gelowiges het 'n totaal ander siening van die realiteite van die lewe omdat hulle denke deur die Heilige Gees aangewakker word. 'n Nuutverloste, Gees-geleide gemoedslewe loop uit op 'n nuwe lewenswyse.

### **VIR SPESIALE AANDAG: VERNUWE (ANAKAINŌSIS)**

Hierdie Griekse term in sy verskeie vorme (*anakainōō* en *anakainizō*) het twee basiese betekenisse:

1. om vernuwing en verbetering te bevorder (“to cause something to become new and different (i.e., better)”) – Rom. 12:2; Kol. 3:10
2. om terugkeer na 'n vorige, beter stand van sake aan te help (“to cause a change to a previous preferable state”) – 2 Kor. 4:16; Heb. 6:4-6

Geneem uit Louw en Nida se *Greek-English Lexicon*, vol. 1, bl. 157, 594)

Moulton en Milligan meld in *The Vocabulary of the Greek Testament*, bl. 34, dat die term (d.w.s. *anakainōsis*\*) nie in Griekse literatuur vroeër as Paulus voorkom nie, en dat hy waarskynlik die term self geskep het.

Frank Stagg, *New Testament Theology*, maak 'n interessante opmerking:

“Regeneration and renewal belong to God alone. *Anakainōsis*, the word for ‘renewal’ is an action noun, and it is employed in the New Testament, along with verb forms, to describe a continuing renewal, as in Romans 12:2, ‘Be ye transformed according to the renewing of your mind’ and 2 Corinthians 4:16, ‘Our inward man is being renewed day by day.’ Colossians 3:10 describes the ‘new man’ as ‘the one being renewed unto thorough knowledge according to the image of the one having created him.’ Thus the ‘new man,’ the ‘newness of life,’ the ‘regeneration,’ or ‘renewal,’ however designated, is traced to an initial act and a continuing act of God as the giver and sustainer of eternal life,” (bl. 118).

- **NASB** “that you may prove what the will of God is”
- NAV** “Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is”
- OAV** “sodat julle kan beproef wat [...] wil van God is”
- CUM-NLV** “Dan sal julle goed kan onderskei wat Hy wil hê dat julle moet doen”

Die woord *dokimazō* beteken: “om te toets met die oog op goedkeuring.” Sien *Vir Spesiale Aandag: “Toetsing” – Griekse Terme en Konnotasies* by 2:18.

Die wil van God is dat ons deur Christus verlos sal word (vgl. Joh. 6:39-40), en dat ons dan soos Christus lewe (vgl. Rom. 8:28-29; Gal. 4:19; Ef. 1:4; 4:13, 15; 5:17-18). Sekerheid ten opsigte van Christelik lewe is gebaseer op:

1. die beloftes van God wat betroubaar is;
2. die inwoning van die Heilige Gees (Rom. 8:14-16); en
3. die gelowige se veranderde en steeds veranderende lewe (vgl. Jak. & 1 Joh.) – die vrugte wat by die bekering moet pas (vgl. Mat. 13:1-9, 19-20).

\* Vir spelling, vergelyk *The Analytical Greek Lexicon*, Samuel Bagster and Sons Limited, Londen, bl. 22.

- **NASB** “what the will of God is”
- OAV** “wat [...] die wil van God is”
- CUM-NLV** “Wat Hy wil hê dat julle moet doen”

Sien *Vir Spesiale Aandag* hieronder.

## **VIR SPESIALE AANDAG: DIE WIL (*THELĒMA*) VAN GOD**

### **DIE EVANGELIE VAN JOHANNES**

- Jesus het gekom om die Vader se wil te doen (4:34; 5:30; 6:38)
- om op die laaste dag almal op te wek wat die Vader aan die Seun gegee het (6:39)
- dat almal in die Seun sal glo (vgl. 6:29, 40)
- die doen van God se wil hou verband met gebedsverhoring (9:31 en 1 Joh. 5:14)

### **DIE SINOPTIESE EVANGELIES**

- om God se wil te doen, is noodsaaklik (vgl. Mat. 7:21)
- om God se wil te doen maak mense tot broers en susters van Jesus (Mat. 12:50; Mark. 3:35)
- dit is nie God se wil dat iemand verlore gaan nie (Mat. 18:14; 1 Tim. 2:4; 2 Pet. 3:9)
- Golgota was die Vader se wil vir Jesus (vgl. Mat. 26:42; Luk. 22:42)

### **PAULUS SE BRIEWE**

- die volwassenheid en diensbaarheid van alle gelowiges (Rom. 12:1-2)
- dat gelowiges van hierdie bese eeu verlos word (vgl. Gal. 1:4)
- God se wil was sy verlossingsplan (Ef. 1:5, 9, 11)
- dat gelowiges deel kry aan ‘n Gees-ervulde lewe (Ef. 5:17-18)
- dat gelowiges vervul word met alle kennis van God (Kol. 1:9)
- dat gelowiges volmaak en volkome in God se wil sal staan (Kol. 4:12)
- dat gelowiges heiligmaking sal nastreef (1 Tes. 4:3)
- dat gelowiges in alles dankbaar sal wees (1 Tes. 5:18)

### **PETRUS SE BRIEWE**

- gelowiges doen reg om aan owerhede onderdanig te wees en bring so die onkunde van dwase tot swye (1 Pet. 2:15)
- kan die lyding van gelowiges tot gevolg hê (1 Pet. 3:17; 4:19)
- dat gelowiges nie selfgesentreerde lewens sal lei nie (vgl. 1 Pet. 4:2)

### **JOHANNES SE BRIEWE**

- dat gelowiges ewig sal lewe (1 Joh. 2:17)
- dat gelowiges vrymoedigheid oor gebedsverhoring sal hê (1 Joh. 5:14)

- **NASB** “that which is good, acceptable and perfect”
- NAV** “wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is”
- OAV** “wat die goeie, welgevallige en volmaakte”
- CUM-NLV** “naamlik dit wat werklik goed en aanvaarbaar en volmaak is”

Dit is hoe die verlose (Fil. 4:4-9) se strewe na Christelike volwassenheid daar moet uitsien (vgl. 5:48).

- “perfect” (“volmaak”): Dit beteken “geryp”, “volgroeid”, ten volle toegerus vir ‘n toegekende taak, afgerond! Dit bedoel nie sonder sonde nie! Dit was in gebruik in verband met (1) arms en bene wat gebreek was, maar nou genees en weer geskik is vir diensbaarheid; (2)

visnette wat geskeur was, maar herstel is en weer reg is vir visvang; (3) hoenderkuikens groot genoeg om as braaikuikens bemark te word; en (4) skeepseile gespan vir die vertrek. Volmaak toegerus!

**NASB (UPDATED) TEXT: 12:3-8**

**<sup>3</sup>For through the grace given to me I say to every one among you not to think more highly of himself than he ought to think; but to think so as to have sound judgment, as God had allotted to each a measure of faith. <sup>4</sup>For just as we have many members in one body and all the members do not have the same function, <sup>5</sup>so we, who are are many, are one body in Christ, and individually members one of another. <sup>6</sup>Since we have gifts that differ according to the grace given to us, *each of us is to exercise them accordingly: if prophecy, according to the proportion of his faith; <sup>7</sup>if service, in his serving; or he who teaches, in his teaching; <sup>8</sup>or he who exhorts, in his exhortation; he who gives, with liberality; he who leads, with diligence; he who shows mercy, with cheerfulness.***

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 12:3-8.*

**12:3** Verse 1-2 beklemtoon die noodsaaklikheid van ‘n nuwe manier van dink. In vers 3 is daar ‘n viervoudige woordspel met “dink”. In *The Zondervan Study Guide Commentary, Romans*, maak Bruce Corley en Curtis Vaughan die volgende opmerking:

“Exaggerated thinking...proper thinking...purposeful thinking...sober thinking” (bl. 138). Dit is nuttige kommentaar.

Nes 11:13-24, reflekteer hierdie vers moontlik: (1) die spanning tussen Joods- en heiden-Christene in die kerk van Rome; of (2) die feit dat Paulus Romeine vanaf Korinte geskryf het (aan die einde van sy derde sendingreis) waar hy erg deurgeloopt het onder verwaande, arrogante gelowiges.

- **NASB** “For through the grace given to me”
- NAV** “Kragtens die genade wat aan my gegee is”
- OAV** “Want deur die genade wat aan my gegee is”
- CUM-NLV** “Namens Hom wat my in sy onverdiende goedheid tot apostel gemaak het”
- CUM-MVB** “Kragtens liefdevolle goedheid wat aan my gegee is”

Hierdie is ‘n AORISTUS PASSIEF DEELWOORD. Dié genade het van God af in ‘n afgehandelde gebeurtenis oor hom gekom (bv. die ontmoeting op die Damaskuspad). In hierdie konteks hou “genade” ook verband met geestelike gawes (vgl. 15:15; 1 Kor. 3:10; 15:10; Gal. 2:9; Ef. 3:7-8) en nie die gawe van geregtigheid (vryspraak– vgl. Rom. 4) nie. Hiermee word sy bekering bedoel en roeping tot apostel vir die heidensending (vgl. Han. 9:15; Rom. 1:1, 5; Gal. 1:15-16; 2:7-8; Ef. 3:1-2:8; 1 Tim. 2:7; 2 Tim. 4:17).

- **NASB** “I say to every one among you”
- NAV** “sê ek vir elkeen van julle”
- OAV** “sê ek vir elkeen wat onder julle is”

Die waarskuwing van vers 3 is vir alle Christene, nie net vir leiers nie.

- **NASB** “not to think more highly of himself”
- NAV** “Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie”

OAV “dat hy nie van homself meer moet dink as wat ‘n mens behoort te dink nie”  
 CUM-NLV “dat jy nie jousef moet oorskat nie”

Sien *Vir Spesiale Aandag*: “Huper”-Verbindings by 1:30.

- NASB “as God has allotted to each”
- NAV “in ooreenstemming met [...] wat God aan elkeen toebedeel het”
- OAV “soos God dit aan elkeen toebedeel het”
- CUM-NLV “volgens [...] wat God aan jou toebedeel het”

Hierdie is ‘n AORISTUS AKTIEF INDIKATIEF. Gelowiges kies nie hulle geestelike gawes nie (vgl. 1 Kor. 12:11; Ef. 4:7). By bekering verleen die Gees daardie gawes wat nuttig is vir die algemene welsyn van die kerk (vgl. 1 Kor. 12:7). Die gawes van die Gees is nie geestelike medaljes van verdienste wat die draer verhef nie, maar doeke waarmee gelowiges die liggaam van Christus versorg en medegelowiges in die kerk dien.

- NASB “a measure of faith”
- OAV “maat van geloof”
- CUM-NLV “die geestelike toerusting”

Hiermee word ‘n mens se bekwaamheid veronderstel om volgens insig in die eie gawes effektief te funksioneer (vgl. vers 6). Gesond wees in geestelike terme beteken dat die gawes deur die vrug van die Gees tot uiting kom (vgl. verse 9-12; Gal. 5:22-23). Die gawes is die bediening van Jesus self waarby Hy sy volgelinge indeel, terwyl die vrug van die Gees die uitdrukking is van die gesindheid van Christus. Albei is nodig vir effektiewe bediening.

**12:4** Hierdie metafoor kom algemeen voor in Paulus se geskrifte. Die menslike liggaam se interafhanklike ledemate is ‘n goeie voorstelling van die gawebediening in die kerk (1 Kor. 12:12-27; Ef. 1:23; 4:4, 12, 16; 5:30. Kol. 1:18, 24; 2:19). Die Christendom is gemeenskaplik en individualisties.

- 12:5** NASB “we, who are many, are one body in Christ”
- NAV, CUM-NLV “Net so, al is ons baie, in Christus een liggaam”
- OAV “so is ons almal saam een liggaam in Christus”

Hierdie vers beklemtoon gelowiges se eenheid, maar ook diversiteit. Dit gee aanleiding tot spanning met betrekking tot die gawes in die kerk. Die hoofstuk oor liefde (1 Kor. 13) hanteer die spanning wat deur die gawes veroorsaak word (1 Kor. 12, 14). Christene is nie in kompetisie nie, maar is in samewerking by mekaar ingeskakel.

**12:6-8** Hierdie vers is in Grieks een, lang sin met twee DEELWOORDE, maar geen HOOFWERKWOORD nie. Dit word gewoonlik as ‘n DERDE PERSOON IMPERATIEF vertaal: “Laat ons dit gebruik” (NAV).

- 12:6** NASB “gifts [...] grace”
- NAV, OAV “genadegawes [...] genade”
- CUM-NLV “gawes [...] genade”
- CUM-MVB “genadegawes [...] liefdevolle goedheid”

Die terme “gawes” (*charisma*) en “genade” (*charis*) kom van dieselfde woordstam, wat “vryelik geskenk” beteken. Sien die aantekening by 3:24. Lyste van die gawes van die Gees is opgeteken in 1 Kor. 12; Rom. 12; Ef. 4; en 1 Pet. 4. Omdat die lyste en hulle ordening nie

identities is nie, weet ons dat hulle op ‘n bestaan van gawes dui sonder dat dit vir volledig aangesien moet word. Die Bybel gee geen aanduiding oor hoe gelowiges hulle geestelike gawe(s) moet bepaal nie. Paul Little se boekie (Intervarsity Press) oor nie-Bybelse, maar Christelike wysheid, *Affirming the Will of God*, verskaf ‘n paar goeie wenke. Die riglyne om God se wil vas te stel, dien ewe goed die doel om jou area van effektiewe dienswerk vas te stel. Dit wil voorkom of dit belangriker is om te weet jy is toegerus met gawes as om presies te bepaal wat dit nou eintlik is.

■ **“if” (“as” kom nie voor in OAV vers 6 nie, sien vers 7):** In Grieks *eite* (vgl. verse 6, 7 [twee keer] en vers 8) wat met “as [...] as” vertaal word en selfs “of [...] of” [NAV]. Die “as” (of) word in hierdie vers nie deur ‘n WERKWOORD gevolg nie (vgl. 1 Kor. 3:22; 8:5; 2 Kor. 5:10), maar dikwels deur ‘n PRAESENS INDIKATIEF (vgl. 1 Kor. 12:26; 2 Kor. 1:6) en is daarom ‘n VOORWAARDELIKE SIN KLAS EEN wat die geestelike gawes se bestaan aanvaar.

■ NASB	<b>“prophecy”</b>
NAV	<b>“profesie”</b>
OAV	– <i>Weggelaat, sien vers 7</i> –
CUM-NLV	<b>“die gawe gegee het om te profeteer”</b>

Dit kan nie vergelyk word met die OT-profesie wat geïnspireerde openbaringsboodskappe van God was nie. In die NT was dit ‘n optrede om ‘n waarheid van God bekend te maak. Dit kan wel ook voorspellend van aard wees (Han. 11:27-28; 21:10-11). Dit fokus nie op nuwe inhoude nie, maar verduidelik bloot die evangelieboodskap en hoe dit vandag van toepassing is. Daar is ‘n vloeibaarheid, ‘n ongedefinieerdheid, in die term. Dit kan as ‘n algemene praktyk van gelowiges geld (1 Kor. 14:1, 39) of ‘n spesifieke geestelike gawe (vgl. 1 Kor. 12:28; 14:29; Ef. 4:11). Hierdie selfde vloeibaarheid kan in Paulus se Korintiër-briewe gevind word, wat min of meer in dieselfde tyd geskryf is (1 Kor. 12:10, 12; 13:8; 14:1, 5, 29, 39).

### VIR SPESIALE AANDAG: NUWE-TESTAMENTIESE-PROFESIE

- I. Dit is nie dieselfde as OT-profesie, wat deur die rabbyne as geïnspireerde openbaringe van YHWH beskou is, nie (vgl. Han. 3:18, 21; Rom. 16:26):
  - A. Moses is ‘n profeet genoem (Deut. 18:25).
  - B. Die geskiedkundige boeke (Josua – Konings, Rut uitgesluit, is die vroeë profete genoem (Han. 3:24).
  - C. Die profete neem die hoëpriester se plek as bemiddelaar van boodskappe van God (vgl. Jesaja en Maleagi).
  - D. Die tweede indeling van die Hebreeuse kanon is “die Profete” (vgl. Mat. 5:17; 22:40; Luk. 16:16; 24:25, 27; Rom. 3:21).
- II. In die NT word die konsep op verskillende maniere gebruik:
  - A. met verwysing na OT-profete en hulle geïnspireerde boodskappe (vgl. Mat. 2:23; 5:12; 11:13; 13:14; Rom. 1:2);
  - B. NT-profesie is gerig op individue terwyl die OT die hele volk Israel in die oog gehad het;
  - C. met verwysing na Johannes die Doper (vgl. Mat. 11:9; 14:5; 21:6; Luk. 1:76) en Jesus as aankondigers van die koninkryk van God (vgl. Mat. 13:57; 21:11, 46; Luk. 4:24; 7:16; 13:33; 24:19). Jesus het ook daarop aanspraak gemaak dat Hy groter is as die profete (vgl. Mat. 11:9; 12:41; Luk. 7:26);
  - D. ander profete in die NT sluit in:



1. die vroeë leeftyd van Jesus soos in Lukas vermeld (Maria se herinneringe):

- a. Elisabeth (Luk. 1:41-42);
- b. Sagaria (Luk. 1:67-79);
- c. Simeon (Luk. 2:25-35); en
- d. Anna (Luk. 2:36);

2. Ironiese voorspellings (vgl. Kaiafas, Joh. 11:51);

E. as verwysing na iemand wat die evangelie verkondig (sien die lys van gawes m.b.t. verkondiging in 1 Kor. 12:28-29; Ef. 4:11);

F. wat beskou kan word as 'n voortgesette gawe in die kerk (vgl. Mat. 23:24; Han. 13:1; 15:32; Rom. 12:6; 1 Kor. 12:10, 28-29; 13:2; 15:32; Ef. 4:11). Soms word na vroue as profete verwys (Luk. 2:36; Han. 2:17; 21:9; 1 Kor. 11:4-5);

G. met verwysing na die apokaliptiese boek, Openbaring (vgl. 1:3; 22:7, 10, 18, 19).

### III. NT-profete

A. Hulle bied nie geïnspireerde openbaring soos die OT-profete nie (d.w.s. die Skrif nie). Teen die agtergrond van 'n frase "die geloof" is hierdie standpunt moontlik (vgl. Han. 6:7; 13:8; 14:22; Gal. 1:23; 3:23; 6:10; Fil. 1:27; Jud. 3, 20).

Die frase in Judas 3, naamlik "die geloof wat eenmaal oorgelewer is aan dié wat God vir Hom afgesonder het" [NAV] beklemtoon hierdie standpunt. Die "eenmaal oorgelewer" dui op die waarhede, leerstellings, opvattinge en universele leerstellings van die Christelike geloof. Hierdie klem op "eenmaal" is die Bybelse basis vir die teologie om 'n beperking op die begrip "geïnspireerd" te plaas, en dus latere geskryfte nie as openbarend van aard te beskou nie. Daar is baie dubbelsinnige, onseker of grys areas in die NT, maar gelowiges is daarvan oortuig dat wat vir die geloof en praktyk nodig is, genoegsaam en duidelik in die NT geopenbaar is. Die konsep is opgevang in 'n skema wat as die "openbaringsdriehoek" bekendstaan.

1. God het Homself in historiese tyd en ruimte geopenbaar (OPENBARING)
2. Hy het sekere mense as skrywers uitgekies om sy handeling op te teken en te verduidelik (INSPIRASIE)
3. Hy het sy Gees daargestel om mense se verstand te open, hoewel nie volledig nie, tog wel genoegsaam vir die doel van saligheid en om effektief Christelik te lewe (ILLUMINASIE)

Die punt wat hiermee gemaak word, is dat inspirasie tot die skrywers van Bybelboeke beperk word. Daar is geen verdere gesaghebbende geskryfte nie, of visioene of openbarings nie. Die kanon is afgesluit. Ons beskik oor al die kennis wat nodig is om toepaslik op God te reageer.

Hierdie waarheid word die beste geïllustreer deur die eenstemmigheid van die Bybelskrywers teenoor die hedendaagse meningsverskille tussen toegewyde Christen-gelowiges. Geen hedendaagse skrywer of spreker is op dieselfde vlak van inspirasie as dié van Bybelskrywers nie.

B. In sommige opsigte is daar ooreenkomste tussen OT- en NT-profete:

1. voorspelling van toekomstige gebeure (vgl. Paulus, Han. 27:22; Agabus, Han. 11:27-28; 21:10-11; ander ongenoemde profete, Han. 20:23);

2. oordeelaankondiging (vgl. Paulus, Han. 13:11; 28:25-28)
3. simboliese handeling om 'n gebeurtenis duidelik te maak (Agabus, Han. 21:11)

- C. Soms verkondig hulle die evangeliese waarhede in voorspellende trant (bv. Han. 11:27-28; 20:23; 21:10-11), maar dit is nie die primêre fokus nie. Profesie soos in 1 Kor. vermeld, staan hoofsaaklik in verkondiging van die evangelie in verband met eietydse gebeure (14:24, 39).
- D. Hulle is die Gees se eietydse instrumente om eietydse, praktiese toepassings van die woord van God op nuwe situasies, kultuur of tyd toe te pas (1 Kor. 14:3).
- E. Hulle was in die Pauliniese kerke aktief (vgl. 1 Kor. 11:45; 12:28, 29; 13:29; 14:1, 3, 4, 5, 6, 22, 24, 29, 31, 32, 37, 39; Ef. 2:20; 3:5; 4:11; 1 Tes. 5:20). Hulle word in die *Didache* vermeld (laat eerste of tweede eeu, datum onseker) en was aktief in die Montanisme van Noord-Afrika (tweede en derde eeu).

#### IV. Het die NT-gawes tot 'n einde gekom?

- A. 'n Moeilike vraag om te beantwoord! Helderheid kom namate die doel van die gawes gedefinieer kan word. Was hulle doel om die aanvanklike prediking van die evangelie te ondersteun of is hulle voortgaande hulpmiddels vir die kerk se onderlinge diensbetoon en vir bediening aan 'n verlore wêreld?
- B. Moet 'n mens vir beantwoording van die vraag na die kerkgeskiedenis kyk of net na die NT? Daar is geen aanduiding in die NT dat die geestelike gawes slegs tydelik bedoel was nie. Diegene wat probeer om 1 Kor. 13:8-13 se steun vir die beëindiging van gawes aan te wend, misbruik die skrywer se bedoeling van liefde wat blywend is bo die gawes.
- C. Ek is geneig om te aanvaar dat, aangesien die NT die gesaghebbende woord spreek en nie die kerkgeskiedenis nie, gelowiges moet aanvaar dat die gawes moet voortgaan. Ek glo egter ook dat kultuur interpretasie beïnvloed. Sommige heel duidelike Bybeltekste is in sommige kulture nie meer gebruiklik nie (bv. die soengroet, "holy kiss", vroue met sluiers, kerke wat in huise vergader, ens.) As kultuur teksverstaan beïnvloed, hoekom nie kerkgeskiedenis nie?
- D. 'n Beslissende antwoord is nie moontlik nie. Sommige gelowiges sal beëindiging voorstel en ander weer voortgang. Soos in talle ander kwessies wat met interpretasie te doen het, is die hart van die gelowige die sleutel tot die oplossing. Die NT is dubbelsinnig en kultureel gelaai. Die probleem is om te besluit watter tekste deur kultuur en geskiedenis geaffekteer word en watter tydloos is (vgl. Fee en Stuart se *How to read the Bible for all it's Worth*, bl. 14-19, 69-77). Hier word die gesprekke oor vryheid en verantwoordelikheid van Rom. 14:1-15:13 en 1 Kor. 8-10 van kardinale belang. Hoe ons hierdie vraag beantwoord is belangrik op twee maniere:
  1. Elke gelowige moet gelowig wandel in die lig waaroor hulle beskik. God kyk na ons harte en motiewe.
  2. Elke gelowige moet ander toelaat om ook tot 'n eie verstaan van geloof te kom en dienooreenkomstig te lewe. Verdraagsaamheid binne Bybelse perke is nodig. God wil hê dat ons mekaar moet liefhê soos Hy ons liefhet.
- E. Om op te som, Christenskap is 'n lewe in geloof en liefde, nie 'n perfeksionistiese teologie nie. Dis 'n verhouding met Hom wat ons verhouding met ander ten diepste beïnvloed en wat belangriker is as definitiewe inligting of perfekte belydenisse.

■ NASB	“according to the proportion of his faith”
NAV	“in ooreenstemming met die geloof wat ons bely”
OAV	“volgens die genade wat aan ons gegee is”
CUM-MVB	“in ooreenstemming met ons geloof”

Dit staan in direkte verband met vers 3 se “na die maat van geloof soos God dit aan elkeen toebedeel het” (vgl. Ef. 4:7). Dit hou ook verband met die wyer konteks wat handel oor hoe gelowiges hulle gawes moet aanwend. Dit gaan oor gelowiges se gesindheid, motiewe en energie wanneer hulle hulle Godgegewe bediening opneem wat basies neerkom op uitlewing van die vrug van die Gees (Gal. 5:22-23).

12:7 NASB	“if service”
NKJB, NRSV	“or ministry, let us use it in our ministry”
TEV	“if it is to serve”
JB	“if administration, then use it for administration”
NAV	“As dit is om te dien, laat ons dien”
OAV	“of bediening in die werk van bediening”
CUM-NLV	“As dit is om ander te dien, doen dit met oorgawe”
CUM-MVB	“As dit is om te dien, dien voluit”

Moderne vertalings vind dit moeilik om *diakonia* te vertaal (in Engels is daar nie ‘n woord wat heeltemal ooreenstem nie). Dit kan (1) praktiese diens, of (2) administrasie beteken (vgl. Han. 6:1; 1 Kor. 12:5, 28). *The Analytical Greek Lexicon Revised* (Harold K. Moulton – bl. 92), definieer dit as ‘n “funksie, ‘n bediening of amp” (vgl. vers Rom. 12:7; 1 Kor. 12:5; Kol. 4:17; 2 Tim. 4:5). Die teksverband dui op hulp aan ander gelowiges.

■ NASB	“teachers teaching”
NAV	“As dit is om onderrig te gee, laat ons onderrig gee”
OAV	“wie leer in die lering”
CUM-NLV	“As jy onderrig gee, gee dan kwaliteitonderrig”
CUM-MVB	“As dit is om onderrig te gee, gee voluit onderrig”

Hierdie gawe (*didaskō*) is in die lys van 1 Kor. 12:28 en 14:26. Dit word met profete (Han. 13:1) en herders (pastors) (Ef. 4:11) in verband gebring. Die vroeë kerk het hierdie mense gesien as toegerus met ‘n gawe, hoewel hulle op die verskillende terreine oorvleuel het. Prediking, profesie, evangelisering en onderrig – almal bring die evangelie, maar met verskillende beklemtoning en metodes.

12:8 NASB	“exhorts [...] exhortations”
NAV	“As dit is om mense te bemoedig, laat ons hulle bemoedig”
OAV	“wie vermaan in die vermaning”
CUM-NLV	“As dit is om ander op te beur, dóén dit dan inderdaad”
CUM-MVB	“As dit is om mense aan te spoor, laat ons dit voluit doen”

Hierdie woord (*parakaleō*) staan in verband met onderrig (vgl. 1 Tim. 4:13). Moontlik is dit die vaardigheid om waarheid en lewenspraktyk met mekaar in verband te bring. Dit moet dan saam met Ef. 4:15-16 gelees word waar dit gaan om die opbou van die liggaam van Christus in liefde.

■ NASB	“he who gives, with liberality”
NAV	“as ons gee, laat dit sonder bybedoelings wees”
OAV	“wie uitdeel in opregtheid”

## CUM-NLV “As jy materiële ondersteuning kan gee, doen dit sonder bymotiewe”

Sien *Vir Speciale Aandag* hieronder.

### VIR SPECIALE AANDAG: MILDELIK/OPREG (*HAPLOTES*)

Die term *haplotes* het twee betekenisse: “mildelik” en “opreg”. Die metafoor het te doen met sig. In die OT word motief op twee maniere gekoppel aan sig, of die oog waarmee iemand kyk: (1) ‘n bose oog (suinig, vrekkingheid, vgl. Deut. 15:9 en Spr. 23:6; 28:22); en (2) ‘n goeie oog (vrygewig, mededeelsaam, vgl. Spr. 22:9). Jesus maak ook van hierdie metafoor gebruik (vgl. Mat. 6:22-23; 20:15). Paulus gebruik dit in twee opsigte: (1) “eenvoud, opregtheid, reinheid” (vgl. 2 Kor. 1:12; 11:3; Ef. 6:5; Kol. 3:22); en (2) “mildheid, vrygewigheid” (“liberality”, vgl. Rom. 12:8; 2 Kor. 8:2; 9:11, 13).

■ NASB	“he who leads with diligence”
NAV	“as ons leiding gee, dan met toewyding”
OAV	“wie ‘n voorganger is, met ywer”
CUM-NLV	“as God aan jou leierseenskappe gegee het, hanteer dit met toewyding”

Dit verwys na Christelike leierskap, hetsy plaaslik of op reis in die breër kerklike gemeenskap.

■ NASB	“he who shows mercy, with cheerfulness”
NAV	“as ons ander help, dan met blymoedigheid”
OAV	“wie barmhartigheid bewys, met blymoedigheid”
CUM-NLV	“En as jy die gawe het om ander in hulle nood by te staan, doen dit met ‘n vrolike hart”
CUM-MVB	“as ons absolute liefde aan ander bewys, dan met blymoedigheid”

Hierdie dui op hulp aan siekes en armes. In die geloofsgemeenskap moet daar geen onderskeid wees tussen die leerstellige boodskap en die erns waarmee die sosiaal-maatskaplike nood in die geloofsgemeenskap aangepak word nie. Daar is nie iets soos “sosiale evangelie” (“social gospel”) nie, net “evangelie” (“gospel”) – twee kante van dieselfde munt!

### BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Wat hou dit alles vir jou in as jy jou liggaam as lewende offer aanbied (vers 1)?
2. Het elke gelowige ‘n geestelike gawe (verse 3-8; 1 Kor. 12:7)? Indien wel, kan hy of sy ‘n keuse uitoefen oor wat dit is?
3. Wat is die doel van gawes van die Gees?
4. Is daar ‘n uitvoerige lys van gawes in die Bybel?
5. Hoe bepaal ‘n gelowige sy of haar gawe?

## DIE DELE IN KONTEKS: ROMEINE 12:9-21

- A. Die titel vir hierdie gedeelte kan wees, “Christelike riglyne vir onderlinge verhoudings.” Dit is ‘n praktiese gesprek oor liefde (vgl. Mat. 5-7; 1 Kor. 13 en 1 Joh. 3:18; 4:7-21).
- B. Wat struktuur betref kom hoofstuk 12 van Romeine sterk ooreen met 1 Kor. 12-13. Onmiddellik ná bespreking van geestelike gawes volg ‘n waarskuwing teen hoogmoed en aanwysings wat betref ‘n lewenstyl van praktiese liefde.
- C. Die konteks hanteer:
1. ons verhouding teenoor ander Christene (vgl. 12:9-13). Die besonderhede hiervan is ook in 14:1-15 en 1 Kor. 8:11vv; 10:23-33 bygewerk.
  2. ons verhouding met ongelowiges en, selfs meer waarskynlik, Christene met wie meningsverskil ondervind word (vgl. 12:14-21). Dit wil voorkom of hierdie gedeelte Jesus se Bergrede in gedagte kon gehad het (vgl. Mat. 5-7).
  3. hierdie verdeling van die gedeelte (9-21) is ietwat kunsmatig omdat die areas (verhoudings) onder bespreking, oorvleuel.
- D. Hierdie gedeelte word oorheers deur ‘n aandrang op voortgaande lewenstylvoorskrifte (PRAESENS AKTIEF IMPERATIEWE, vgl. vers 4 [drie keer], vers 16, 20 [twee keer] en PRAESENS AKTIEF DEELWOORDE wat sewentien keer as IMPERATIEWE ingespan word). Verlossing is ‘n vrye gawe van genade deur Christus se kruisverdienste en op aandrang van die Heilige Gees, maar wanneer dit aangeneem is, vra dit ‘n lewe van algehele toewyding. Die aanspreekvorm vir Jesus as “Here” is nie ‘n metafoor nie (Luk. 6:46).
- E. Hierdie gedeelte bevat ook ‘n aantal PRAESENS DEELWOORDE met ‘n NEGATIEWE PARTIKEL wat gewoonlik beteken dat ‘n aktiwiteit wat reeds sy aanvang geneem het, onmiddellik gestop moet word (vgl. vers 14, 16 [twee keer], 17, 19, 21 [twee keer]. Christene was besig om ongedisiplineerd te raak. Sonde is immers ook die aanwending van God se gawes buite sy wil en opdrag.
- F. Die Christendom moet “oop” wees – met ‘n oop gemoed, oop hande, ‘n oop hart en oop deure (vgl. Jak. 2).

## STUDIE VAN WOORDE EN FRASES

### NASB (UPDATED) TEXT: 12:9-13

**<sup>9</sup>Let love be without hypocrisy. Abhor what is evil; cling to what is good. <sup>10</sup>Be devoted to one another in brotherly love; give preference to one another in honor; <sup>11</sup>not lagging behind in diligence, fervent in spirit, serving the Lord; <sup>12</sup>rejoicing in hope, persevering in tribulation, devoted to prayer, <sup>13</sup>contributing to the needs of the saints, practicing hospitality.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 12:9-13.*

12:9 NASB	“Let love be without hypocrisy”
NAV	“Die liefde moet opreg wees”
OAV	“laat die liefde ongeveer wees”
CUM-NLV	“Moenie veins dat jy ander liefhet nie; doen dit uit jou hart uit”
CUM-MVB	“Absolute liefde moet opreg wees”

In die Griekse teks is daar nie verbindingswoorde nie (*asyndeton* – weglating van voegwoorde) wat in Koine Grieks baie uitsonderlik is. Dit weerspieël moontlik die Hebreuse grammatikale vorm van die Saligspreekinge (Bergpredikasie – Mat. 5 e.v.) Hierdie grammatikale vorm sou gebruik kon word om die belangrikheid van elke waarheid afsonderlik te beklemtoon.

Skyneiligheid (“hypocrisy”) is uit die teaterwêreld oorgeneem en beteken “agter ‘n masker praat”. Liefde moenie voorgegee of gehuigel word nie (2 Kor. 6:6). Liefde is kenmerkend van die Christen-gelowige (vgl. Joh. 13:34-35; 15:12, 17; 1 Joh. 3:11, 18; 4:7-21) en is ‘n karaktereienskap van God.

- ▣ NASB “abhor what is evil”
- OAV “verafsku wat sleg is”
- CUM-NLV “Haat alles wat verkeerd is”

Dit is ‘n PRAESENS AKTIEF DEELWOORD as IMPERATIEF gebruik. Gelowiges behoort onthuts te wees oor, en in opstand te kom teen, wat uit die bose is (vgl. 1 Tes. 5:21-22). Dikwels is ons net onthuts oor die gevolge wat direk ons lewe raak.

- ▣ NASB, NKJV “cling to what is good”
- NRSV “hold fast to what is good”
- TEV “hold on to what is good
- NJB “stick to what is good”
- NAV “hou vas aan wat goed is”
- OAV “hang die goeie aan”
- CUM-NLV “kies kant vir wat goed is”

Hierdie is PRAESENS PASSIEF DEELWOORD (hoewel met PASSIEF in MEDIUM vorm) wat as IMPERATIEF gebruik word, wat beteken “wees vasgegom aan” (vgl. die LXX van Gen. 2:24; ook Han. 8:29; en Fil. 4:8; 1 Tes. 5:21-22).

- 12:10 NASB “Be devoted to one another in brotherly love”
- NKJV “Be kindly affectionate to one another with brotherly love”
- NRSV “Love one another with mutual affection”
- TEV “Love one another warmly as Christians”
- JB “Love each other as much as brothers should”
- NAV “Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar”
- OAV “wees hartlik teenoor mekaar met broederlike liefde”
- CUM-NLV “As broers en susters in God se huisgesin moet julle mekaar met liefde koester”
- CUM-MVB “Betoon as medegelowiges hartlike liefde aan mekaar”

Dit is ‘n saamgestelde Griekse term (*phileo* + *storge*) wat “broederliefde” en “familieliefde” kombineer. Dit kom net hier in die NT voor. Christene is ‘n familie. Daar is ‘n Gebod dat ons mekaar lief moet hê (1 Tes. 4:9).

Dit is die eerste in ‘n reeks van DATIEWE aan die begin van Griekse sinne terwille van beklemtoning.

- ▣ NASB “give preference to one another in honor”
- NKJV “in honor giving preference to one another”
- NRSV “outdo one another in showing honor”
- TEV “and be eager to show respect for one another”

<b>JB</b>	<b>“have a profound respect for one another”</b>
<b>NAV</b>	<b>“bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld”</b>
<b>OAV</b>	<b>“die een moet die ander voorgaan in eerbetoning”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“en voor in die ry staan om mekaar met respek te hanteer”</b>

Dit is ‘n PRAESENS MEDIUM DEELWOORD wat in die sin van IMPERATIEF gebruik word. Gelowiges moet ander verbondsgenote belangriker as hulleself beskou (vgl. Ef. 4:2; Fil. 2:3).

<b>12:11 NASB</b>	<b>“not lagging behind in diligence”</b>
<b>NKJV</b>	<b>“not lagging in diligence”</b>
<b>NRSV</b>	<b>“do not lag in zeal”</b>
<b>TEV</b>	<b>“work hard and do not be lazy”</b>
<b>JB</b>	<b>“work for the Lord in untiring effort”</b>
<b>NAV</b>	<b>“moenie in julle toewyding verslap nie”</b>
<b>OAV</b>	<b>“wees nie traag in die ywer nie”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“moenie sleepvoet wees in julle toewyding nie”</b>

Ware liefde wek baie energie (vgl. Gal. 6:9).

■ <b>NASB, NKJV</b>	<b>“fervent in spirit”</b>
<b>NRSV</b>	<b>“ardent in spirit”</b>
<b>TEV</b>	<b>“with a heart full of devotion”</b>
<b>JB</b>	<b>“with great earnestness of spirit”</b>
<b>NAV</b>	<b>“bly geesdriftig”</b>
<b>OAV</b>	<b>“wees vurig van gees”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“wees entoesiasties”</b>

Dit is ‘n PRAESENS AKTIEF DEELWOORD as IMPERATIEF aangewend wat “om te kook” beteken. Dit kan dui op die wedergebore innerlike van die menslike gees of inwoning van die Heilige Gees (RSV, vgl. Han. 18:25; Openb. 3:15-16).

■ <b>NASB</b>	<b>“serving the Lord”</b>
<b>NAV, OAV</b>	<b>“dien die Here”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“wees werklik diensbaar vir die Here”</b>
<b>CUM-MVB</b>	<b>“dien die Here met jou hele menswees”</b>

Dit is ‘n PRAESENS AKTIEF DEELWOORD wat as IMPERATIEF aangewend word. Hier is manuskriptvariasie ter sprake. Sommige van die Westerse familie van MSS (D<sup>3</sup>, F en G) lees “in tyd” (*kairos*) in plaas van “in die Here” (*kurios*). Die variant sou beklemtoon dat die Here gedien moet word na gelang die geleentheid opduik (vgl. Joh. 9:4; Ef. 5:16).

Na alle waarskynlikheid het die variant ontstaan omdat *kurios* misverstaan of misgekyk is. Die beste en oudste Griekse manuskripte, P<sup>46</sup>,  $\aleph$ , A, en B lees “dien die Here”. Die UBS<sup>4</sup> gradeer “Here” as “beslis” (A).

<b>12:12 NASB</b>	<b>“rejoicing in hope”</b>
<b>OAV</b>	<b>“verbly julle in die hoop”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“Wees bly oor die wonderlike toekoms wat God vir julle beplan”</b>

Dit is ‘n PRAESENS AKTIEF DEELWOORD hier as IMPERATIEF aangewend. Die term “hoop” is dikwels gebruik in verband met die wederkoms (vgl. 5:2). Dit is nie die sekulêre hoop

wat “wens” beteken nie, maar dit dui op sekere verwagte gebeure in die NT-bedeling. Sien die aantekeninge by 4:18 en 5:2.

- ▣ **NASB** “persevering”
- NAV** “staan vas”
- OAV** “geduldig”
- CUM-NLV** “volhard”

Dis ‘n PRAESENS AKTIEF DEELWOORD hier gebruik as ‘n IMPERATIEF. Dit beteken “aktief, vrywillig, vasberade uithou”.

- ▣ **NASB** “in tribulation”
- OAV** “in die verdrukking”
- CUM-NLV** “in tye van swaarkry”

Soos in 5:3, 5 was “hoop” met verdrukking (*thlipsis*) verbind. Dit is die alledaagse vir volgelinge van Christus in ‘n gevalle wêreld (vgl. Mat. 5:10-16; Han. 14:22; Rom. 8:17vv; 2 Tim. 3:12; 1 Pet. 4:12vv). Ons moet dit nie soek nie, maar ook nie vermy nie! Sien *Vir Spesiale Aandag, Verdrukking* by 5:3.

- ▣ **NASB** “devoted to prayer”
- OAV** “volhard in die gebed”
- CUM-NLV** “moenie verslap in die gebed nie”

Weereens ‘n PRAESENS AKTIEF DEELWOORD wat as IMPERATIEF aangewend word. Gebed is ‘n geestelike dissipline en gawe wat God se hand aktief betrokke ag in die geskiedenis. Gelowiges kan ‘n liefdevolle Hemelse Vader se hart aanraak en beweeg. God het verkies om sy handeling te beperk tot die aanroeping van sy kinders (vgl. Han. 1:14; 2:42; 6:4; Ef. 6:18-19; Kol. 4:2). Dit maak van gebed ‘n uiters verantwoordelike handeling wat met eerbied en ontsag benader moet word. Sien *Three Crucial Questions About Spiritual Warfare* deur Clinton Arnold, bl. 43-44, 187-188.

- 12:13 NASB, NRSV** “contributing to the needs of the saints
- NKJV** “distributing to the needs of the saints”
- TEV** “share your belongings with your needy fellow Christians”
- JB** “share with any of God’s holy people who are in need”
- NAV** “Help die medegelowiges in hulle nood”
- OAV** “Maak voorsiening vir die behoeftes van die heiliges”
- CUM-NLV** “As medegelowiges in nood verkeer, wees jy die een om ‘n helpende hand na hulle toe uit te steek”

Die Griekse WERKWOORD *koinōneō* beteken “om metgesel te wees” (op vriendskaplike voet te verkeer met). Die term het vir Paulus ‘n wye reeks van betekenis. Dit beteken beide deelgenootskap in die evangelie en mededeelsaamheid ten opsigte van fisiese behoeftes (vgl. Gal. 6:6). Dit word selfs gebruik vir aandeel hê aan Christus se lyding (vgl. Fil. 3:8-10; 1 Pet. 4:13) en ook aan Paulus se ontberinge (vgl. Fil. 4:14). Om met Christus verenig te wees, beteken om ook met sy mense op elke vlak verenig te wees! Sien *Vir Spesiale Aandag: Heiliges* by 1:7.

Dit is ‘n PRAESENS AKTIEF DEELWOORD wat as ‘n IMPERATIEF aangewend word (vgl. Spr. 3:27; Gal. 6:10). Gelowiges moet hard werk om vir ander in die naam van Jesus iets te kan oorhê (2 Kor. 8:11-12; Ef. 4:28).



## VIR SPESIALE AANDAG: KOINŌNIA

Die term *koinōnia* word in Engels vertaal as “fellowship”.\* Dit beteken:

1. Noue assosiasie met ‘n ander persoon
  - a. met die Seun (vgl. 1 Joh. 1:6; 1 Kor. 1:9)
  - b. met die Gees (vgl. 2 Kor. 13:13; Fil. 2:1)
  - c. met die Vader en die Seun (vgl. 1 Joh. 1:3)
  - d. met ander broers en susters van die verbond (vgl. 1 Joh. 1:7; Han. 2:42; Gal. 2:9; Filem. 17)
2. Noue assosiasie met dinge of groepe
  - a. met die evangelie (vgl. Fil. 1:5; Filem. vers 6)
  - b. met die bloed van Christus (vgl. 1 Kor. 10:16)
  - c. nie met duisternis nie (vgl. 2 Kor. 6:14)
  - d. met lyding (vgl. Fil. 3:10; 4:14; 1 Pet. 4:13)
3. ruim donasies en bydraes (vgl. Rom. 12:13; 15:26; 2 Kor. 8:4; 9:13; Fil. 4:15; Heb. 13:16)
4. God se gawe in Christus wat die mensdom se “vertrouensvriendskap” met Hom en tussen broers en susters onderling herstel.

So bly die horisontale verhoudings (mens tot mens) staande, want dit word deur die vertikale verhouding (mens tot Skepper) in stand gehou. Dit beklemtoon die behoefte aan vreugde in die Christelike gemeenskap. Die WERKWOORD-tyd benadruk die begin en die voortsetting van hierdie ervaring in die gemeentelike samesyn.

■ NASB	“practicing hospitality”
NAV	“lê julle toe op gasvryheid”
OAV	“streef na gasvryheid”
CUM-NLV	“Maak ‘n gewoonte daarvan om gasvry te wees”
CUM-MVB	“lê julle daarop toe om vreemde medegelowiges as gaste te ontvang”

Hierdie is ‘n PRAESENS AKTIEF DEELWOORD ook gebruik as ‘n IMPERATIEF. Letterlik beteken dit om gasvryheid “te vervolg” of “agterna te sit”. Sien die aantekening by 14:19 en vgl. 1 Tim. 3:2; Tit. 1:8; Heb. 13:2; 1 Pet. 4:9). Hierdie bediening was uitermate belangrik in die vroeë kerk, omdat die herberge so ‘n slegte reputasie gehad het. Hier het dit dan gegaan om huisvesting en ete aan reisende leraars.

### NASB (UPDATED) TEXT: 12:14-21

**<sup>14</sup>Bless those who persecute you; bless and do not curse. <sup>15</sup>Rejoice with those who rejoice, and weep with those who weep. <sup>16</sup>Be of the same mind toward one another; do not be haughty in mind, associate with the lowly. Do not be wise in your own estimation. <sup>17</sup>Never pay back evil for evil to anyone. Respect what is right in the sight of all men. <sup>18</sup>If possible, so far as it depends on you, be at peace with all men. <sup>19</sup>Never take your own revenge, beloved, but leave room for the wrath of God, for it is written, “VENGEANCE IS MINE, I WILL REPAY,” says the Lord. <sup>20</sup>BUT IF YOUR ENEMY**

\* Die gebruikelike Afrikaanse woord sou “gemeenskap” wees, maar dit sê min oor die aard van die verhoudings tussen gelowiges en tussen gelowiges en God. Dit is moontlik ‘n gevolg van verbrokkelende gemeenskapswaardes in die samelewing as ‘n geheel en die gepaardgaande betekenisverandering wat die woord moes ondergaan. Dus sou “vertrouensvriendskap” dalk ‘n meer gepaste vertaling wees van die konsep van *koinōnia* – vert.

**IS HUNGRY, FEED HIM, AND IF HE IS THIRSTY, GIVE HIM A DRINK; FOR IN SO DOING YOU WILL HEAP BURNING COALS ON HIS HEAD.”** <sup>21</sup>**Do not be overcome by evil, but overcome evil with good.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 12:14-21.*

<b>12:14</b>	<b>NASB</b>	<b>“Bless those who persecute you”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“seën julle vervolgers, ja, seën hulle”</b>
	<b>OAV</b>	<b>seën dié wat julle vervolg”</b>
	<b>CUM-NLV</b>	<b>“As mense julle op grond van julle Christenskap vervolg [...] vra God om hulle te seën”</b>

Dit is ‘n PRAESENS AKTIEF IMPERATIEF wat twee keer in die vers voorkom. Die Engelse woord “eulogy” (lofprijsing) is aan hierdie Grieks vir “seën” ontleen (vgl. Mat. 5:44; Luk. 6:28; 1 Kor. 4:12; Jak. 3:9-12; 1 Pet. 3:9). In P<sup>46</sup> (die Chester Beatty Papyri), en manuskrip B (Vaticanus), word die “julle” weggelaat en kry die stelling ‘n omvattender betekenis; anders gestel, ‘n veel meer algemene fokus. Vir “vervolging” sien die aantekening by 14:9.

■	<b>NASB</b>	<b>“do not curse”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“moet hulle nie vervloek nie”</b>
	<b>OAV</b>	<b>“moenie vervloek nie”</b>

Dis ‘n PRAESENS MEDIUM IMPERATIEF met die NEGATIEWE PARTIKEL, wat gewoonlik impliseer dat ‘n handeling wat reeds aan die gang is onmiddellik gestop moet word. Gebed moenie gebruik word om die Here se naam vir wraak aan te roep nie. Sulke uitsprake is nie van die Heilige Gees nie (vgl. 1 Kor. 12:3). Dit gaan hier dus nie om gewone vloekery of verryding van die naam van die Here (profaniteit) nie.

<b>12:15</b>	<b>NASB</b>	<b>“Rejoice with those who rejoice and weep with those who weep”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“wees bly saam met die wat bly is en treur saam met die wat treur”</b>
	<b>OAV</b>	<b>“wees bly met die wat bly is en ween met die wat ween”</b>
	<b>CUM-NLV</b>	<b>“As ander blydschap ervaar, juig saam met hulle. As hulle hartseer is, deel dit met hulle”</b>

Hierdie twee PRAESENS INFINITIEWE word as IMPERATIEWE aangewend. Christene is ‘n familie. Gelowiges is nie in wedywing met mekaar nie, maar moet mekaar behandel met familieliefde. Inaggenome die konteks, soos in verse 14-21, kan dit selfs beteken dat so met nie-gelowiges omgegaan moet word en kulturele geleenthede en omstandighede vir evangeliseringsdoeleindes benut kan word.

<b>12:16</b>	<b>NASB, NKJV</b>	<b>“Be of the same mind toward one another”</b>
	<b>NRSV</b>	<b>“Live in harmony with one another”</b>
	<b>TEV</b>	<b>“Have the same concern for everyone”</b>
	<b>JB</b>	<b>“Treat everyone with equal kindness”</b>
	<b>NAV, OAV</b>	<b>“Wees eensgesind onder mekaar”</b>
	<b>CUM-NLV</b>	<b>“Konsentreer op dit wat onderlinge eensgesindheid bevorder”</b>

Dis ‘n PRAESENS AKTIEF DEELWOORD wat as imperatief gebruik word (vgl. 15:5; 2 Kor. 13:11; Fil. 2:2). Vers 16 kan gesien word as: (1) blyk van die konflik wat daar tussen gelowige Jode en gelowige heidene in die kerk van Rome was (vgl. 11:13-24); (2) die eeue-oue

konflik van klasseverskille; (3) die verskillende geestelike gawes; of (4) die generasiegaping en persoonlike voorkeure.

- ▣ **NASB** “do not be haughty in mind, associate with the lowly”
- NAV** “moenie hooghartig wees nie, maar skaar julle by die nederiges”
- OAV** “moenie na hoë dinge streef nie, maar voeg julle by die nederige”
- CUM-NLV** “moenie belangrik probeer wees nie, maar vind julle geluk by die nederiges”
- CUM-MVB** “moenie belangrik wil wees nie, wees bereid om nederige werk te doen”

Dit is ‘n PRAESENS AKTIEF IMPERATIEF met ‘n NEGATIEWE PARTIKEL, wat gewoonlik beteken om ‘n proses wat reeds aan die gang is te beëindig. Die term “nederige” kan MANLIK of ONSYDIG wees. Indien onsydig beteken dit “aanvaar nederige take”. Indien MANLIK beteken dit “assosieer met arm en nederige mense”.

- ▣ **NASB** “Do not be wise in your own estimation”
- NAV, OAV** “moenie eiewys wees nie”
- CUM-NLV** “moenie dink dat net julle altyd reg is nie”
- CUM-MVB** “moenie slimmer probeer wees as wat jy is nie”

Hierdie is ‘n PRAESENS MEDIUM IMPERATIEF met die NEGATIEWE PARTIKEL wat gewoonlik beteken dat ‘n aktiwiteit in proses gestop moet word. Gelowiges moet nie aanstellerig teenoor mekaar optree nie en ook nie arrogant handel teenoor die ongelowige gemeenskap nie.

- 12:17**
- NASB** “Never pay back evil for evil to anyone”
  - NAV, OAV** “vergeld niemand kwaad vir kwaad nie”
  - CUM-NLV** “Moenie vir enigiemand kwaad met kwaad terugbetaal nie”
  - CUM-MVB** “Moet niemand se kwaad met kwaad vergeld nie”

Dit is ‘n PRAESENS AKTIEF DEELWOORD wat as ‘n IMPERATIEF met die NEGATIEWE PARTIKEL gewoonlik beteken dat ‘n aktiwiteit wat reeds sy aanvang geneem het, onmiddellik gestaak moet word. Dit berus by God om dinge reg te stel, en nie by gelowiges self nie (vgl. Spr. 20:22; 24:29; Mat. 5:38-48; Luk. 6:27; 1 Tes. 5:15; 1 Pet. 3:9).

- ▣ **NASB** “Respect what is right in the sight of all men”
- NAV** “Wees goedgesind teenoor alle mense”
- OAV** “bedink wat goed is voor alle mense”
- CUM-NLV** “wees positief teenoor alle mense”
- CUM-MVB** “Bedink dié dinge wat vir alle mense mooi is”

Hierdie is ‘n PRAESENS MEDIUM DEELWOORD as IMPERATIEF aangewend (vgl. 2 Kor. 8:21; 1 Tes. 5:22 en 1 Tim. 3:7). Dit mag ‘n verwysing wees na Spr. 3:4 in die LXX. Gelowiges leef met die moontlikheid in gedagte om ongelowiges te evangeliseer. Ons behoort niks te doen wat ‘n ongelowige kan aanstoot gee of vervreem nie (1 Kor. 9:19-23). Selfs van ons diepste oortuiging moet ons liefdevolle, taktvolle, rekenskap gee.

- 12:18**
- NASB** “if possible, so far as it depends on you, be at peace with all men”
  - OAV** “as dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense”
  - CUM-NLV** “Sover dit vir julle moontlik is, moet julle goeie verhoudings handhaaf met alle mense”

Hierdie is ‘n VOORWAARDELIKE SIN KLAS EEN wat uit die perspektief van die skrywer, of vir sy literêre doeleindes, as waar geld. In die volgende sinsdeel volg ‘n PRAESENS AKTIEF DEELWOORD wat as IMPERATIEF aangewend word. Dit is nie altyd hoe die gelowige wil hê dinge moet verloop nie, maar die grammatika impliseer dat dit dikwels moontlik is (vgl. Mark. 9:50; 2 Kor. 13:11; 1 Tes. 5:13).

<b>12:19 NASB</b>	<b>“Never take your own revenge”</b>
NAV	<b>“moenie self wraak neem nie”</b>
OAV	<b>“moenie julle wreek nie”</b>
CUM-NLV	<b>“julle moet julleself nie wreek nie”</b>

Dit is ‘n PRAESENS AKTIEF DEELWOORD met die NEGATIEWE PARTIKEL as IMPERATIEF gebruik, wat gewoonlik beteken dat ‘n aktiwiteit in proses gestop moet word. God sal op sy dag reg laat geskied.

▣ NASB	<b>“for it is written”</b>
NAV	<b>“Daar staan immers geskrywe”</b>
OAV	<b>“want daar is geskrywe”</b>
CUM-NLV	<b>“Daar staan mos in die Skrif”</b>

Hierdie is ‘n PERFECTUM PASSIEF INDIKATIEF wat ‘n Semitiese idioom is om na die geïnspireerde Geskrifte te verwys. Dit staan parallel tot “So spreek die Here” (vgl. 1 Kor. 14:21 en 2 Kor. 6:17). Die aanhaling kom uit Deut. 32:35.

**12:20 “But if your enemy” (“As jou vyand dan):** Dis ‘n VOORWAARDELIKE SIN KLAS DRIE wat op moontlike toekomsaksie dui. Vyande sal kom!

▣ NASB	<b>“heap up burning coals on his head”</b>
NAV	<b>“maak hom vuurrooi van skaamte”</b>
OAV	<b>“op sy hoof vurige kole ophoop”</b>
CUM-NLV	<b>“sal julle hulle bloedrooi van skaamte maak”</b>
CUM-MVB	<b>“gooi jy brandende kole op sy kop”</b>

Die teorieë oor hoe dit verstaan moet word, is soos volg:

1. ‘n kultuur-idioom uit Egipte wat impliseer dat vriendelikheid die beste manier is om ‘n vyand tot vriendskap te beweeg. Dit bly die Christen se beste hantering van bedekte kwaad;
2. “brandende kole” beskryf die skaamte wat iemand kan opdoen as hy gekonfronteer word met die liefde en vergifnis van die ander (Ambrosiaster, Augustinus en Hieronimus);
3. Origenes en Chrysostomus het gemeen dit dui op Christelike goedgesindheid wat daartoe bydra dat God onwilligheid om te bekeer swaarder sal veroordeel (vgl. *The Jerome Biblical Commentary*, vol. 2, bl. 326).

Teorieë, ja, en niks meer nie! Paulus verduidelik self in vers 21.

<b>12:21 NASB</b>	<b>“Do not be overcome by evil, but overcome evil with good”</b>
NAV, OAV	<b>“laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie”</b>
CUM-NLV	<b>“Moenie toelaat dat die slegte julle onderkry nie, maar deur goed te doen, moet julle die slegte hokslaan”</b>
CUM-MVB	<b>“moenie deur die kwaad ondergekry word nie, kry die</b>

### **kwaad onder deur aan te hou goed doen”**

Hierdie is ‘n PRAESENS PASSIEF IMPERATIEF en PRAESENS AKTIEF IMPERATIEF. Hoe ons op onregverdige behandeling reageer bepaal en weerspieël ons eie innerlike vrede en blydskap. Gegriefdheid is ‘n geestelike kanker. Gelowiges moet dit afgee aan God.

■ NASB	“evil”
OAV	“kwaad”
CUM-NLV	“die slegte”

Indien dit as MANLIK opgevat word, dui dit op die bose persoon (duiwel), maar indien ONSYDIG opgevat, dui dit op “die slegte” in die algemeen. Dubbelsinnigheid is eie aan die NT (vgl. Mat. 5:37; 6:13; 13:19, 28; Joh. 17:15; 2 Tes. 3:3; 1 Joh. 2:13-14; 3:12; 5:18-19).

### **BESPREKINGSVRAE**

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Waarom is daar so baie PRAESENS IMPERATIEWE met die NEGATIEWE PARTIKEL in verse 9-21?
2. Skryf al die opdragte van hierdie gedeelte in ‘n kolom. Dis ‘n verbysterende lys van wat Christus-gesindheid vir die daaglikse lewe impliseer!
3. Hoekom is dit moeilik om uit te maak watter verse te doen het met Christene se optrede teenoor medegelowiges en watter met optrede teenoor nie-gelowiges te doen het?

## ROMEINE 13

<b>PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*</b>					
<b>UBS<sup>4</sup></b>	<b>NKJV</b>	<b>NRSV</b>	<b>TEV</b>	<b>JB</b>	<b>NAV</b>
Gehoorsaamheid aan reëls 13:1-7	Onderworpe aan regering 13:1-7	Die Christen en die staat 13:1-7	Pligte teenoor staatsinstellings 13:1-5 13:6-7	Onderworpe aan gesag 13:1-7	Verpligtinge teenoor die owerhede 13:1-5 13:6-7
Broederlike liefde 13:8-10	Jy moet jou naaste liefhê 13:8-10	Liefde vervul die wet 13:8-10	Pligte teenoor mekaar 13:8-10	Liefde en wet 13:8-10	Liefde is die volle uitvoering van die wet 13:8-10
Die koms van die dag van Christus 13:11-14	Oorklee met Christus 13:11-14	Die nabyheid van Christus se tweede koms 13:11-14	13:11-13 13:14	Kinders van die lig 13:11-14	13:11-14

### **LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xi)**

#### **OM DIE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK TE VOLG**

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waarop ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die sewe vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as die sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

#### **DIE DELE IN KONTEKS: ROMEINE 13:1-7**

- A. Hoofstuk 12:9-13 het hoofsaaklik oor die onderlinge verhoudings tussen gelowiges en verhoudings met ander in die breër gemeenskap gegaan (verse 14-21). Hoofstuk 13:1-7 gaan grootliks oor Christene se verhouding met die owerhede. Dit beteken nie dat die onderwerpe as aparte konteks of onverwant gesien moet word nie. Paulus hanteer die onderwerpe as 'n eenheid. Daar is nie 'n heilige en sekulêre vertakking nie; die hele lewe behoort aan God. Gelowiges is rentmeesters op elke gebied van die lewe. Die aanknopingspunt tussen hoofstukke 12 en 13 is 12:18.

\* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hierbo. Aanhalingstekste is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

B. Histories het gelowiges se siening van die rol van die regering gewissel. In die OT het regering in die linie van Kaïn ontwikkel (vgl. Gen. 4:16-22). Die toring van Babel was 'n poging van die mensdom tot selfregering, onafhanklik van God (Gen. 11). Die koningskap in Israel was bedoel as God se heerskappy deur die koning as onderherder, maar weens die sondeval het dit ook misluk. Jesus se bespreking in Mat. 22:21 en Mark. 12:17 oor die regmatige plek van die owerheid was 'n keerpunt. Dis interessant dat Paulus in hierdie gesprek nie van Jesus se woorde aanhaal nie. Tog blyk verse 1-7 parallel te wees met Mat. 22:15-22, 39. Daar is 'n geregverdigde God-gegewe rol vir die regering in 'n sondegevalle wêreld. Worsteling om duidelikheid oor hulle plek en burgerskap en hulle religieuse verantwoordings is op die apostels afgedwing. Afhangende van die optrede van die owerheid het die apostels negatief of positief verantwoord. Paulus is by geleentheid deur die owerheid beskerm, maar ook wel vervolgd. Johannes verwys na die owerheid as die "groot hoer" in Openb. 17!

Tensy hulle ons Gees-geleide gewetes verkrag of algehele onderdanigheid vereis, moet ons die owerheid ondersteun. Maatskaplike orde is verkieslik bo chaos (2 Tes. 2:6-7).

C. In Titus 3:1 en 1 Petrus 2:6-7 word hierdie selfde onderwerp opgehaal.

D. Judaïsme was onder die Romeinse oorheersing van die eerste eeu 'n gewettigde godsdiens. Die Christendom is vir baie jare as 'n sekte binne Judaïsme beskou (vgl. Han. 18:12-16). As gevolg daarvan het die Christelike sending gedurende daardie jare wetlike beskerming geniet. Die toeleg van die boek Handeling onder andere was om te toon dat die Christendom nie vir die Romeinse Ryk 'n politieke bedreiging was nie. Rome het dus met internasionale vrede en stabiliteit (*Pax Romana*) daartoe bygedra dat die evangelie kon versprei (vgl. 1 Tim. 2:1-2).

E. Hierdie gedeelte is beïnvloed deur Paulus se persoonlike ervaring van owerhede. Dit is ook moontlik dat die gedeelte ingesluit is omdat: (1) spanning in die kerk ontstaan het weens owerheidsoprede teen Joodse rituele. Dit kon daartoe aanleiding gegee het dat mense soos Aquila en Priscilla (vgl. Han 18:2) en ander gelowige Jode die hoofstad verlaat het. In hulle afwesigheid het leierskap uit die gelowige heidendom ontwikkel; of (2) die oorsaak van die spanning sou ook verdeeldheid onder die groot Joodse bevolking van die stad oor die prediking van die evangelie kon wees. Die historikus, Suetonius (*Life of Claudius*, 25, 2), teken aan dat die keiser in 49 n.C. die Jode verban het op grond van herhaalde oproerigheid wat deur 'n "Chrestus" veroorsaak is. Dit is moontlik 'n Latynse variasie op die spelling van "Christos".

## STUDIE VAN WOORDE EN FRASES

### NASB (UPDATED) TEXT: 13:1-7

**<sup>1</sup>Every person is to be in subjection to the governing authorities. For there is no authority except from God, and those who exist are established by God. <sup>2</sup>Therefore whoever resists authority has opposed the ordinance of God; and they who resist will receive condemnation upon themselves. <sup>3</sup>For rulers are not a cause of fear for good behavior, but for evil. Do you want to have no fear for authority? Do what is good and you will have praise from the same; <sup>4</sup>for it is a minister of God to you for good. But if you do what is evil, be afraid; for it does not bear the sword for nothing; for it is a minister of God, an avenger who brings wrath, on the one who practices evil. <sup>5</sup>Therefore it is necessary to be in subjection, not because of wrath, but also for**

conscience's sake. **6For because of this we also pay taxes, for rulers are servants of God, devoting themselves to this very thing. 7Render to all what is due to them; tax to whom tax is due, custom to whom custom; fear to whom fear; honor to whom honor.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 13:1-7.*

**13:1 NASB** "Every person. is to be in subjection"  
**NAV, OAV** "Elke mens moet hom onderwerp"  
**CUM-NLV** "Julle moet [...] gehoorsaam"

Hierdie is 'n PRAESENS PASSIEF IMPERATIEF wat beteken "voortgaan om onderdanig gemaak te word" (vgl. Tit. 3:1; 1 Pet. 2:13). "Onderwerp" in hierdie militêre konteks beteken voortdurende dissipline, om "onder bevel staan", wat Paulus aan alle gelowiges voorhou as die regte, onderhorige ingesteldheid teenoor mekaar.

Vandag word onderworpenheid as 'n negatiewe eienskap beskou. Die konsep illustreer egter ware nederigheid sowel as 'n diepgaande insig vir God se wêreld en ons plek daarin. Na oorlewering was Jesus egter onderdanig aan beide (1) sy aardse ouers (vgl. Luk. 2:41) en (2) sy Hemelse Vader (1 Kor. 15:28). Hy is ons voorbeeld op hierdie gebied!

■ **NASB** "to the governing authorities"  
**NAV** "aan die owerhede wat oor hom gestel is"  
**OAV** "aan die magte wat oor hom gestel is"  
**CUM-NLV** "die regering"

Hoewel Paulus met *exousia* in ander kontekste na engelemagte verwys (vgl. 8:38; Kol. 1:16; 3:10; 6:12), vereis die konteks hier dat "siviele magte" verstaan word (vgl. 1 Kor. 2:6, 8; Tit. 3:1; 1 Pet. 2:13). Dit wil voorkom dat die Bybel die bestaan van engelemagte agter siviele magte veronderstel (vgl. Dan. 10 en die LXX m.b.t. Deut. 32:8): "Toe die Allerhoogste die nasies verdeel het, toe Hy die seuns van Adam verdeel, het Hy vir hulle grense bepaal soveel daar engele van God is." Nogtans funksioneer owerhede onder beskikking van God (vgl. verse 1b, 4a en 6). Sien *Vir Spesiale Aandag* wat volg.

## **VIR SPESIALE AANDAG: SIVIELE OWERHEID**

### **I. INLEIDING**

- A. Definisie – die owerheid is die mens se organisasie van hulleself om die samelewing te voorsien van, en te beskerm in hulle behoeftes.
- B. Doel – dit is God se wil dat orde verkieslik is bo anargie.
1. Die Mosaïese wet, veral die Tien Gebooie, is God se wil vir menslike gemeenskapslewe. Dit balanseer aanbidding en die lewe self.
  2. Daar word geen voorkeurvorm van regering in die Bybel voorgeskryf nie, hoewel ou-Israel se Teokrasie die verwagte vorm van 'n hemelse regering is. Nie demokrasie of kapitalisme word in die Bybel voorgeskryf nie. Van Christene word verwag om na die wette van die regeringstelsel waarin hulle hul bevind, te gehoorsaam. Die doel van Christenskap is evangelisasie en diensbaarheid, nie revolusie nie.
- C. Die oorsprong van menslike regering (openbare regering):
1. Rooms-Katolisisme is van mening dat openbare regering 'n ingeskape noodwendigheid is selfs voor die sondeval. Aristoteles was van dieselfde oortuiging.



- Hy sê: “Die mens is ‘n politieke dier,” waarmee sy bedoeling was dat die owerheid moet bestaan vir die “bevordering van ‘n goeie lewe”.
2. Protestantisme, veral Luther, was van mening dat openbare regering inherent is aan die sondeval. Hy noem dit “die koninkryk van God se linkerhand”. Hy stel verder dat God slegte mense beheer deur hulle onder slegte mense se beheer te plaas.
  3. Vir Karl Marx was die regering ‘n klein groepie wat probeer het om die massa onder beheer te hou. In daardie opsig was regering en godsdiens voëls van eenderse vere.

## II. BYBELMATERIAAL

### A. Ou Testament

1. Israel is die regeringsvorm wat eendag in die hemel sal geld. YHWH was Koning en die stelsel was een van Teokrasie – God regeer direk (1 Sam. 8:4-9).
2. God se soewereiniteit oor menslike regerings blyk uit die volgende:
  - a. Jer. 27:6; Esra 1:1
  - b. 2 Kron. 36:22
  - c. Jes. 44:28
  - d. Dan. 2:21
  - e. Dan. 2:44
  - f. Dan. 4:17, 25
  - g. Dan. 5:28
3. God se mense moet onderdanig wees, selfs aan vreemde heersers:
  - a. Dan. 1-4, Nebukadnésar
  - b. Dan. 5, Belsasar
  - c. Dan. 6, Darius
  - d. Esra en Nehemia
4. God se mense moet vir die owerheid bid:
  - a. Jer. 28:7
  - b. Mishna, Avot. 3:2

### B. Nuwe Testament

1. Jesus toon respek vir menslike owerhede:
  - a. Mat. 17:24-27, betaal tempelbelasting
  - b. Mat. 22:15-22, spreek Hom uit ten gunste van belasting aan Romeinse owerhede
  - c. Joh. 19:11, God het owerheid daargestel
2. Paulus se menings omtrent openbare regering:
  - a. Rom. 13:1-7, gelowiges bid vir en onderwerp hulle aan
  - b. 1 Tim. 2:1-3, gelowiges moet vir owerhede bid
  - c. Tit. 3:1, gelowiges moet onderworpe wees aan owerhede
3. Petrus se siening van die owerheid:
  - a. Han. 4:1-31; 5:29, Petrus en Johannes voor Sanhedrin (voorbeeld van burgerlike ongehoorsaamheid)
  - b. 1 Pet. 2:13-17, gelowiges moet aan owerhede onderworpe wees

4. Johannes se siening van die owerheid:

- a. Openb. 17, die hoer van Babilon is 'n metafoor vir menslike owerheid wat teen God in opstand is

### III. GEVOLGTREKKING

- A. Die owerheid is deur God verorden. Nie as “goddelike reg van konings” nie, maar vir God se bedoelde rol vir die owerheid. Geen bepaalde vorm word voorgeskryf nie.
- B. Gepaste agting vir owerhede is 'n religieuse plig vir gelowiges.
- C. Dit is gepas dat gelowiges die owerheid met belasting ondersteun.
- D. Dit is God se wil dat owerhede orde moet handhaaf.
- E. Owerhede is nie volmaak of beslis nie en hulle mag word beperk. Gelowiges moet dus volgens hulle gewete optree as die owerheid God se perke oorskry. Augustinus het in *The City of God* getuig dat ons burgers van twee wêreldes is: die tydelike en die ewige. Ons het verantwoordelikhede in albei, maar die koninkryk van God is die beslissende een! In ons verantwoordelikheid voor God is ons fokus nie net individueel nie, maar ook gemeenskaplik.
- F. Ons moet gelowiges aanmoedig om aktief betrokke te wees in die politieke proses en, waar moontlik, om die Skrif se beginsels te implementeer.
- G. Sosiale verandering moet deur individuele bekering voorafgegaan en gemotiveer word. Daar is geen blywende, eskatologiese heil (hoop) in die owerheid nie. Alle owerhede, al staan hulle in gebruik van God, is uitdrukking van organisasie wat sondig en vervreemd is van God. Hierdie siening kom sterk na vore in die Johanneïese uitdrukking: “die wêreld!”

■ NASB	“those which exist are established by God”
NKJV	“that exist are appointed by God”
NRSV	“that have been instituted by God”
TEV	“have been put there by God”
NJB	“have been appointed by God”
NAV	“en die owerhede, wat daar is, is daar deur die beskikking van God”
OAV	“en dié wat daar is, is deur God ingestel”
CUM-NLV	“Geen regering bestaan buite God se toedoen nie”

Hierdie is 'n PERFECTUM PASSIEWE DEELWOORD (PERIFRASTIES) wat aandui dat God die gesag bo alle menslike gesag is (vgl. Joh. 19:11). Dit het niks te doen met 'n “godgegewe reg van konings nie”, maar met die God-bepaalde wil tot ordelikeheid. Dit bevorder nie 'n spesifieke soort owerheid nie, maar “owerheid” per se. Openbare (siviele) orde is beter as chaos (vers 6).

13:2 NASB	“whoever resists authority”
NAV	“Wie hom teen gesag verset”
OAV	“sodat hy wat hom teen die mag versit”
CUM-NLV	“wat weier om die owerheid te gehoorsaam”

Dit is 'n PRAESENS MEDIUM DEELWOORD wat dui op persoonlike opstand teen 'n gevestigde orde uit gewoonte. Letterlik: “om jouself in opposisie te stel” (vgl. Han. 18:6; Jak. 5:6). In Mark. 12:17 baken Jesus die ryke van die owerheid (siviel) en die kerk

(godsdienst/geloof) duidelik af. In Han. 5:25-32 sien ons wat gebeur as owerhede buite hierdie God-bepaalde grense beweeg.

- NASB “has opposed [...] have opposed”
- NAV “verset [...] in opstand”
- OAV “versit [...] weerstaan”
- CUM-NLV “verset [...] dit doen”

Hierdie is ‘n PERFECTUM AKTIEF INDIKATIEF en ‘n PERFECTUM AKTIEF DEELWOORD. Dit dui op ‘n gevestigde patroon van rebellie. God het voorsiening gemaak dat daar orde in hierdie gevalle wêreld sal wees (vgl. verse 4, 6). Om orde teen te werk, is om God teen te werk, behalwe as die openbare owerheid buite sy God-bepaalde grense optree. Die werklike geestelike kwessie is onderdanigheid aan gesag. Dit is die gevalle mensdom wat selfbeskikking nastreef!

- NASB “will receive condemnation to themselves”
- NAV “sal sy verdiende straf kry”
- OAV “sal hulle oordeel ontvang”
- CUM-NLV “bring ‘n oordeel oor hulleself”

Die KJV vertaal dit met “damnation”. Sedert 1611 het die woord se betekenis vererger in Engels. Die NKJV vertaal dit met “judgment”. In konteks kan dit beteken: (1) God se oordeel; of (2) siviele straf (vgl. vers 4). Hierdie mense bring oordeel oor hulleself deur houdings en aktiwiteite wat hulle aan verset teen die owerheid skuldig maak.

**13:3** Lees die parallelle opmerking in 1 Pet. 2:13-14.

- “authority” (“owerhede”): Sien *Vir Spesiale Aandag*: Archē by 8:38.

- 13:4**
- NASB “for it is a minister of God to you for good”
  - NAV “want die owerheid is ‘n dienaar van God tot jou beswil”
  - OAV “want hy is ‘n dienaar van God jou ten goede”
  - CUM-NLV “‘n dienaar van God om jou beste belange te bevorder”

Die gelowige is beperk ten opsigte van persoonlike vergelding (vgl. 12:17-19), maar die owerheid tree op teen boosdoeners. Luther het opgemerk: “God se manier om slegte mense te beheer, is om slegte mense in beheer te plaas.”

- “if” (“as”): ‘n VOORWAARDELIKE SIN KLAS DRIE wat dui op moontlike toekomsaksie.

- NASB “for it does not wear the sword for nothing”
- NKJV “for he does not bear the sword in vain”
- NRSV “for the authority does not bear the sword in vain”
- TEV “their power to punish is real”
- NJB “it is not for nothing that their symbol of authority is the sword”
- NAV “want die owerheid het nie verniet die reg om te straf nie”
- OAV “want hy dra die swaard nie verniet nie”
- CUM-MVB “want die owerheid het nie verniet die swaard nie”

Die woord “swaard” (*machaira*) verwys na die kort Romeinse swaard wat gewoonlik vir die doodstraf aangewend is (vgl. Han. 12:2; Rom. 8:35). Gen. 9:6 stel die OT-perspektief heeltemal duidelik. Vrees is een van die effektiefste afskrikmiddels teen chaos!

- NASB “for it is a minister of God, an avenger”
- NAV “hy is immers hierin die dienaar van God dat hy die kwaaddoener moet straf”
- OAV “want hy is ‘n dienaar van God, ‘n wreker”
- CUM-NLV “ook hierin God se dienaar dat hy die kwaaddoener aan die pen moet laat ry”

Die term “wreker” (*ekdikos*) kom dikwels in die OT voor. Lev. 19:18 stel dat die familie van iemand wat doodgemaak is, selfs al was dit per ongeluk, die reg tot bloedwraak het – die “oog-vir-‘n-oog”-beginsel. Paulus laat klaarblyklik hierdie OT-gebruik van wraak oor aan die siviele owerheid.

- 13:5 NASB “it is necessary to be in subjection”  
 NAV “Daarom moet jy jou onderwerp”  
 OAV “Daarom is dit noodsaaklik om jou te onderwerp”  
 CUM-NLV “Wees aan die regering gehoorsaam”

Daar is twee redes: (1) om oordeel te ontkom, dié van God of dié van die siviele owerheid; en (2) terwille van jou as gelowige se gewete.

- NASB “for conscience’s sake”
- NAV “maar ook omdat dit ‘n gewetensaak is”
- OAV “terwille van die gewete”
- CUM-NLV “maar ook terwille van ‘n skoon gewete”

Die OT beskik nie oor ‘n term met dieselfde betekenis as die Griekse “gewete” nie, tensy die Hebreeuse woord “bors” kennis van die self en van motiewe impliseer. Die Griekse term het oorspronklik verwys na bewussyn met betrekking tot die vyf sinne. Later is dit gebruik om innerlike sensitiwiteit aan te dui (vgl. Rom. 2:15). Tydens sy verhoor in Handeling gebruik Paulus hierdie term twee keer (vgl. Han. 23:1 en 24:16). Daarmee verwoord hy sy aanvoeling dat hy, na sy beste wete, op geen manier enige religieuse pligte teenoor God versuim het nie (1 Kor. 4:4).

Gewete is die ontwikkelende besef van gelowiges dat hulle motiewe en aktiwiteite gebaseer is op: (1) ‘n Bybelse wêreldbeskouing; (2) die inwoning van die Heilige Gees; en (3) lewensstyl-gegewens uit God se Woord. Dit word moontlik gemaak deur die evangelie persoonlike aan te neem.

13:6 “because of this you also pay taxes” (“Dit is ook waarom julle belasting betaal”): Dit is ‘n PRAESENS AKTIEF INDIKATIEF, hoewel dit wat vorm betref ook ‘n PRAESENS AKTIEF IMPERATIEF kan wees (vgl. JB). Juis omdat die openbare owerhede diensknegte van God is, is ook Christene onderhewig aan belasting.

- 13:7 NASB “Render to all what is due them: tax [...] custom [...] fear [...] honor”  
 NKJV “Render therefore to all their due; taxes [...] customs [...] fear [...] honor”  
 NRSV “pay to all what is due them – taxes [...] revenue [...] respect

	[...] honor”
TEV	“Pay, then, what you owe them; pay them your personal and property taxes, and show respect and honor for them all”
JB	“Pay every government official what he has a right to ask – whether it be direct tax or indirect, fear or honor”
NAV	“Gee dus aan almal wat hulle toekom: belasting [...] aksyns [...] ontsag [...] eer”
OAV	“betaal dan aan almal wat hulle verskuldig is: belasting [...] tol [...] vrees [...] eer”
CUM-MVB	“gee dus aan almal wat hulle toekom: belasting [...] heffing [...] respek [...] eer”

Dit kan na twee afsonderlike groepe siviele owerhede verwys (vgl. RSV), maar dit is duidelik dat Christene veronderstel is om albei tipes belasting te betaal en die openbare owerhede te respekteer omdat hulle as dienaars van God funksioneer (vgl. verse 1, 4 [twee keer], 6; Mat. 22:15-22).

■ Die twee terme: “belasting” en “heffing”, is klaarblyklik sinoniem, maar TEV\* tref wel ‘n onderskeid. Etimologies gesproke dui die oorspronklike betekenis van die eerste op belasting betaalbaar deur ‘n verslane nasie aan sy oorwinnaar (vgl. Luk. 20:22) terwyl die tweede dui op persoonlike belasting (vgl. Mat. 17:25; 22:17, 19).

#### **DIE DELE IN KONTEKS: ROMEINE 13:8-14**

- Verse 1-7 kan gesien word as ‘n afsonderlike literêre eenheid, maar vers 7 se onderwerp (“verskuldig wees” of “skuld”) word in vers 8 in ‘n ander konteks geplaas. Gelowiges het nie bloot ‘n “verpligting” teenoor die owerheid nie, maar ook teenoor alle ander mense.
- Verse 8-10 sowel as verse 11-14 vorm gedagte-eenhede. Beide voer hoofstuk 12 se standpunt dat ‘n Christen ‘n verantwoordelikheid het om sy medemens lief te hê, verder.
- Paulus se gebruik van die Dekaloog (Tien Gebooie) as gids tot die nuwe verbond, bevestig die morele waarde van die OT in terme van ‘n heilige lewe (heiligmaking), maar nie regverdigmaking (vryspraak) nie (vgl. Gal. 3). Paulus is klaarblyklik besig om etiese riglyne uit ‘n verskeidenheid bronne saam te stel:
  - die woorde van Jesus
  - die leiding van die Gees
  - die Ou Testament
  - sy opleiding as rabbyn
  - sy kennis van Griekse filosofie (spesifiek die Stoïsyne)

Hierdie bronne was dus kenmerkend van die “wet van die liefde” – liefde vir God, liefde vir die mensdom; in diens van God, in diens van die mensdom!

- Verse 11-14 het ‘n eskatologiese (eindtyd) oriëntasie. Die kontras tussen lig en duisternis was kenmerkend van Joodse literatuur en die Dooie See Boekrolle. Dit is ook ‘n deurlopende tema in die werk van Paulus en Johannes. Die Christen se lewe is onderhewig aan eskatologiese spanning tussen die “reeds gekom” van die koninkryk van God, en die “nog nie gekom” van die eindtyd. Dit is hierdie spanning wat dien as stimulus vir ‘n lewe van toewyding. Die nuwe era (koninkryk van God) het aangebreek

\* En die vier Afrikaanse vertalings – vert.

en sal spoedig in sy klimaks ontvou. Hierdie gedeelte stem sterk ooreen met 1 Tes. 5:1-11.

- E. Verse 13-14 het in die somer van 386 n.C. 'n ingrypende effek op die lewe van Augustinus gehad. In *Confessions* 8:29 bely hy: "No further would I read, nor had I any need; instantly at the end of this sentence, a clear light flooded into my heart and all the darkness of doubt vanished away."\*

## STUDIE VAN WOORDE EN FRASES

### NASB (UPDATED) TEXT: 13:8-10

**<sup>8</sup>Owe nothing to anyone except to love one another; for he who loves his neighbor has fulfilled *the* law. <sup>9</sup>For this, "YOU SHALL NOT COMMIT ADULTERY, YOU SHALL NOT MURDER, YOU SHALL NOT STEAL, YOU SHALL NOT COVET," and if there is any other commandment, it is summed up in this saying, "YOU SHALL LOVE YOUR NEIGHBOR AS YOURSELF." <sup>10</sup>Love does no wrong to a neighbor; therefore love is the fulfillment of *the* law.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 13:8-10.*

13:8 NASB	"Owe nothing to anyone"
NAV	"Julle moet niemand iets verskuldig wees nie"
OAV	"Wees aan niemand iets skuldig nie"
CUM-NLV	"Betaal alles wat julle verskuldig is"

Hierdie is 'n PRAESENS AKTIEF IMPERATIEF met 'n NEGATIEWE PARTIKEL wat normaalweg beteken dat 'n aktiwiteit wat reeds sy aanvang geneem het gestaak moet word. Hierdie klemdraende vers het twee NEGATIEWE. Dit het moontlik met belastingkwessies te make (vgl. verse 6-7). Finansiële skuld is altyd 'n emosionele en selfs geestelike belemmering. Pas op vir wêreldsgesindheid! Dit beroof Christene van die geleentheid om Christelike aksies te ondersteun en van persoonlike betrokkenheid by liefdadigheid. Nogtans kan hierdie vers nie as bewysplaas vir "geen verbruikerskrediet" gebruik word nie. Die Bybel moet in die konteks van die tyd waarin hy geskryf is, geïnterpreteer word. Dit is nie 'n Amerikaanse vroegoggend nuusblad nie! Verse 8-10 wil verstaan wees as 'n beroep op Christene om mekaar lief te hê as (1) mense van die verbond (vgl. Mat. 22:39-40; Joh. 13:34-35); en (2) medemense (vgl. Mat. 5:42; Gal. 6:10).

■ NASB	"except to love one another"
NAV, OAV	"behalwe om mekaar lief te hê"
CUM-NLV	"die een rekening wat julle altyd verskuldig sal bly, is om mekaar lief te hê"
CUM-MVB	"behalwe om mekaar absoluut lief te hê"

Dit is die sentrale gedagte van verse 8-10 (vgl. Joh. 13:34; 15:12; Rom. 12:10; 1 Kor. 13; Fil. 2:3-4; 1 Tes. 4:9; Heb. 13:1; 2 Pet. 1:7; 1 Joh. 3:11; 4:7, 11-12).

\* "Niks verder sou ek lees nie, en ek het ook nie nodig gehad om nie; aan die einde van hierdie sin het 'n helder lig onmiddellik my hart oorstrom en al die donkerte van onsekerheid het in die niet verdwyn."

■ NASB	“he who loves his neighbor”
NAV	“Wie sy medemens liefhet”
OAV	“want hy wat ‘n ander liefhet”
CUM-NLV	“As jy jou naaste liefhet”

Die WERKWOORD is ‘n PRAESENS AKTIEF DEELWOORD. Dit verwys nie na periodieke of geïsoleerde blyke van liefde nie, maar na ‘n lewenstyl van Christelike liefde.

Die term “ander” (medemens) beteken letterlik “een van ‘n ander soort” (*heteros*), alhoewel die onderskeid tussen *heteros* en *allos* (“een van dieselfde soort”) in Koine Grieks feitlik heeltemal vervaag het. In konteks dui dit moontlik op jou “naaste”, oftewel jou “medemens” in die wydste moontlike sin, gelowige ofte nie (vgl. Luk. 12:14-21; 10:25-37). Die aanhaling uit Lev. 19:18 in hierdie konteks verwys na ‘n ander (of mede-) bondgenoot, d.w.s. ‘n mede-Israeliet.

Christene moet medegelowiges as broers liefhê en verlore mense as potensiële broers. Christenskap is ‘n familie – elke lid leef en dien terwille van die gesondheid en ontwikkeling van die hele gesin (vgl. 1 Kor. 12:7).

■ NASB, NKJV, NRSV	“has fulfilled the Law”
TEV	“has obeyed the Law”
JB	“Have carried out your obligations”
NAV	“voer die hele wet van God uit”
OAV	“het die wet vervul”
CUM-NLV	“vervul jy die wet”
CUM-MVB	“voer tog die hele wet van God uit”

Hierdie algemene Griekse WERKWOORD (*pleroō*) kan op verskeie maniere vertaal word. Dit is ‘n PERFECTUM AKTIEF INDIKATIEF wat vertaal kan word as: “jy het vervul en vervul steeds”. Robert Hannah in *A Grammatical Aid to The Greek New Testament*, haal A.T. Robertson aan wanneer hy dit “a gnomic perfect” noem (‘n idiomatiese uitdrukking oorbekend aan hoorders, of cliché) (bl. 28). Dit word in vers 10 herhaal (vgl. Gal. 5:14, 6:2).

**13:9** Dit is nie ongewoon vir Paulus om NT-gelowiges met behulp van die wet van Moses (Eks. 20:13-17; Deut. 5:17-21; Lev. 19:18) te motiveer nie. In Ef. 6:2-3 gebruik Paulus een van die Tien Gebooue as motivering vir Christene (vgl. 1 Tim. 1:9-10). Hierdie OT-gedeelte was nooit die weg van saligheid nie, maar was steeds God se geopenbaarde wil oor hoe mense teenoor God moet optree en mekaar moet behandel (vgl. Rom. 15:4; 1 Kor. 10:6, 11). Paulus het moontlik met sy aanhalings uit die OT verhoudings gebou met beide Joodse en heidense gelowiges in die kerk van Rome. Hierdie gebruik van die Mosaïese wet stem ooreen met Jesus se gesprek oor “vervulling” in Mat. 5:17.

Dit is moontlik dat die verwysing hier is na wet oor die algemeen – wette as sosiale norme – en nie spesifiek na die Mosaïese wet nie (vgl. JB). Die feit dat Paulus egter uit die OT aanhaal in vers 9, impliseer ‘n verwysing na die Mosaïese wet. Let daarop dat slegs liefde, eerder as menslike wetsgehoorsaming, tot werklike vervulling van die wet kan lei! Sien *Vir Spesiale Aandag* (beide) hieronder.

## VIR SPESIALE AANDAG: PAULUS SE SIENING VAN DIE MOSAÏESE WET

- A. dit is goed en kom van God af (vgl. Rom. 7:12-16)
- B. dit is nie die weg tot geregtigheid en vryspraak voor God nie (dit kan selfs 'n vloek wees, vgl. Gal. 3)
- C. dit is steeds God se wil vir gelowiges omdat dit sy self-openbaring was (Paulus haal dit dikwels aan om oordeel uit te spreek of om te bemoedig)
- D. Gelowiges word deur die OT ingelig (vgl. Rom. 4:23-24; 15:4; 1 Kor. 10:6-11), maar nie deur die OT gered nie (vgl. Han. 15; Rom. 4; Gal. 3; Hebreërs).
- E. in die nuwe verbond is die funksie daarvan:
  - 1. om sonde aan te dui (vgl. Gal. 3:15-29);
  - 2. om die samelewing van 'n geredde mensdom te lei; en
  - 3. om Christene se etiese besluite in te lig.

Dit is hierdie teologiese spektrum van vervloeking en oorsiening wat die verstaan van Paulus se siening van die Mosaïese wet problematies maak. In *A Man in Christ* gee James Stewart 'n aanduiding van die paradoksale aard van Paulus se denke en geskrifte:

“You would normally expect a man who was setting himself to construct a system of thought and doctrine to fix as rigidly as possible the meanings of the terms he employed. You would expect him to aim at precision in the phraseology of his leading ideas. You would demand that a word, once used by your writer in a particular sense, should bear that sense throughout. But to look for this from Paul is to be disappointed. Much of his phraseology is fluid, not rigid... ‘The law is holy’ he writes, ‘I delight in the law of God after the inward man’ (vgl. Rom. 7:12, 22), but it is clearly another aspect of *nomos* that makes him say elsewhere, ‘Christ had redeemed us from the curse of the law’ (vgl. Gal. 3:13),” (bl. 26).

## VIR SPESIALE AANDAG: AANTEKENINGE OOR EKSODUS 20

### EKSODUS 20:13, MOORD

#### I. KONTEKS

- A. Daar moet op gelet word dat die sosiale aard van die Gebooië in wese ook godsdienstig is. God se soewereiniteit oor skepping en verlossing is daarin aanwesig. Die gebod, wat doodslag verbied, se regte fokus is die beeld van God in elke mens. Hy sorg en gee om vir die lewe van die mens.
- B. Elkeen van die Tien Gebooië is binne die geloofsgemeenskap ontvang. Verbod op onwettige doodslag se oorspronklike en primêre fokus was op die geloofsgemeenskap. Dit het egter implikasies vir die hele mensdom!

#### II. WOORDSTUDIE VAN BELANGRIKE TERME

##### A. “Moord”

- 1. Hierdie seldsame woord vir die neem van 'n lewe (*rasah*), kom 46 keer in die OT voor. Daar is twee ander woorde wat veel meer algemeen voorkom:
  - a. *Harag*, 165 keer gebruik; en
  - b. *Hemit*, 201 keer gebruik.



2. Die term *rasah* het klaarblyklik 'n oorspronklike betekenis sowel as 'n uitgebreide betekenis:
  - a. Oorspronklik het dit verwys na die gepremediteerde, wettige doodslag van 'n bondgenoot, dikwels geassosieer met “die familie-wreker” (“the kinsman redeemer”) of “*go'el*”. Die gebruik veronderstel premeditasie, maar in die sin van wettige wraak (vgl. Num. 35:30-34; Lev. 24:13-23). In werklikheid was die Lex Taliones, “oog vir 'n oog” (vgl. Gen. 9:5-6) 'n manier om vergelding te bekamp. Later is die vrystede ingestel sodat iemand wat onopsetlik of onder emosionele omstandighede moord gepleeg het daarheen kon vlug om aan familievergelding te ontkom (Deut. 4:41; Jos. 20:3).
  - b. Later is die term gebruik in verwysing na die motief of instelling agter die moord. Die vraag word dus een van intensie (bedoeling) (vgl. Eks. 21:12-14; Num. 35:11, 22; Deut. 28:24).
  - c. Hierdie onderskeid het van groot belang geword in die gebod. In konteks blyk dit slegs van toepassing te wees op die verbondsgemeenskap, en verwys na die familie-wreker, oftewel bloedwraak. Die term word egter in latere passasies in verband met die Dekaloog (Hos. 4:2 en Jer. 7:9) gebruik om te verwys na 'n moordenaar. Die konnotasie is dus nie bloot met die wet nie, maar ook met die motief. Die betekenis verbreed dienooreenkomstig om eerder as bloot jou medemens (bondgenoot), enige mens in te sluit.
3. Die moderne siening van doodstraf of oorlog kan nie op hierdie gebod gebaseer word nie. Die Jode het nooit 'n probleem daarmee gehad om gemeenskapsgeregtigheid toe te pas of “heilige oorloë” te voer nie (dalk eerder onheilige oorloë).
4. 'n Meer gepaste moderne vertaling van hierdie gebod sou wees: “gepremediteerde moord” of “moord met voorbedagte rade”.

### III. INSIG UIT DIE KONTEKS

- A. Die 6<sup>de</sup>, 7<sup>de</sup> en 8<sup>ste</sup> gebooe bestaan uit twee Hebreeuse woorde. Hulle is baie kort en tot die punt.
- B. Alle lewe is aan God te danke en hoe ons ander hanteer laat iets blyk van wat ons van Hom dink.

### IV. NUWE-TESTAMENTIESE-PARALLELLE

#### A. Jesus

1. Sy uitbreiding van hierdie gebod (vgl. Mat. 5:21-26) verskaf 'n nuttige voorbeeld van hoe ons vandag te werk moet gaan om die teks op ons lewens van toepassing te maak.
2. Jesus het duidelik die Dekaloog van die vlak van aksie verhef tot die vlak van motief. Ons is wat ons dink! “Soos 'n man dink in sy hart, so is hy.” Die idee-lewe is baie meer relevant as waarvoor ons dit normaalweg krediet gee.

#### B. Johannes

1. In 1 Joh. 3:15 word haat met moord gelyk gestel.
2. Die Griekse terme in Mat. 5:21vv en 1 Joh. 3:15 verskil, maar in betekenis is hulle volkome eenders.
3. Let op die positiewe aspek in 1 Joh. 4:19-21.

## V. TOEPASSINGSWAARHEDE

- A. Selfs 'n onbedoelde moord het nagevolg, soos blyk uit die moordenaar se inperking in die vrystad tot die dood van die hoëpriester (vgl. Num. 35; Jos. 20).
- B. Alhoewel die vers nie spesifiek verwys na selfmoord nie (aan so 'n moontlikheid het die mense van die tyd klaarblyklik nie eens gedink nie) is die riglyn oor die heiligheid van lewe wat na God se beeld geskape is meer as duidelik in hierdie verband.
- C. Die moderne vrae oor (1) die doodstraf en (2) oorlog word nie deur hierdie teks aangespreek nie. Israel was betrokke in albei en het geen kwaad daarin gesien nie. Nietemin is die beginsel dat lewe wat na die beeld van God geskape is, heilig is en onder sy beheer staan, 'n belangrike waarheid, ook wat doodstraf en oorlog betref.
- D. Die teks maak 'n belangrik punt ten opsigte van die kosbaarheid van menslike lewe en die respek wat dit verdien. Ons as die geloofsgemeenskap, is die bewaarders (of opsigters), nie net van ons eie optrede nie, maar ook van die breër gemeenskap en samelewing as 'n geheel. Die gawe van die lewe is terselfdertyd individueel en gemeenskaplik.

Ons is verantwoordelik om te waak teen fisiese, sosiale en psigologiese misbruik van ons liggame, nes ons vir die fisiese, sosiale en psigologiese misbruik van ander se liggame in die gemeenskap verantwoordelik is. Dit is veral van belang in 'n kultuur soos ons s'n waar ons toegelaat word om met die sisteem te praat en sodoende ook te verander. Hierin is ons ons broers se wagter!

## EKSODUS 20:14, OWERSPEL

### I. KONTEKS

- A. Dit is duidelik dat die gebooie te make het met respek vir God, wat gesien word in die respek wat jy vir jou naaste se lewe, vrou en eiendom betoon (vgl. Jer. 5:8). Dit word bevestig deur die verskillende volgorde waarin die gebooie op mekaar volg in die LXX.
- B. Die Deuteronomiese parallel toon dat hierdie antieke waarheid toepaslik is op latere kulture en dus ook op ons kultuur.
- C. Hierdie gebod, nes die een oor respek vir ouers, is gesien as noodsaaklik vir die handhawing van 'n stabiele gemeenskapslewe.
- D. Die gebod impliseer ook God se eienaarskap en beheer oor ons seksuele- en familie-lewens.
- E. Dit is klaarblyklik gebaseer op Genesis 2:24, soos gebod nummer 4 gebaseer is op Genesis 2:1-3.

### II. WOORDSTUDIE

- A. Die belangrikste term in die teks is "owerspel", en dit is van kardinale belang dat hierdie term verstaan word in die konteks van die antieke Hebreeuse kultuur:
  - 1. Daar word in die OT 'n onderskeid getref tussen hierdie term en "hoerery" ("ontug"). Owerspel vereis dat een van die partye getroud moet wees. Ontug veronderstel dat albei partye ongetroud is (vgl. Spr. 29:3; 31:3). Hierdie onderskeid het egter verlore gegaan in die NT-Grieks.

2. Die klem op huwelikstatus hou verband met die belangrikheid van die erfreg in die beloftes om “die land” te besit. Elke 50 jaar (Jubeljaar) is grond teruggegee aan die oorspronklike eienaarstam.
3. Owerspel was reeds verbode voor Moses se wette die lig gebring het (vgl. Gen. 12:10vv; 26:7vv; 39:9).
4. Owerspel is gesien as sonde teen:
  - a. jou naaste – Eks. 20:14; Deut. 5:18;
  - b. die huwelik – Lev. 18:20;
  - c. God – Gen. 20:1-13; 26:7-11.
5. Dit was vir albei partye strafbaar met die dood:
  - a. Lev. 20:10;
  - b. Deut. 22:22-24;
  - c. Eseg. 16:40 (metafoor);
  - d. streng waarskuwings in Spr. 1-9

### III. VERHOUDING MET NT

- A. Jesus het Lev. 19:18 gebruik as ‘n opsomming van die die hele ou openbaring (vgl. Luk. 10:27). Dit bevestig dat die Tien Gebooie gaan oor hoe ons ander mense behandel.
- B. Jesus verskerp die gebooie in Mat. 5:28. Hy plaas die klem op motief eerder as blote aksie. Die Jode het aan die gemoed gedink as saadbedding van die siel. Wat ’n mens dink maak jou eintlik wat jy is (vgl. Spr. 23:7). Dit maak die tien woorde ‘n onbegonne taak om te onderhou — en dit was juis die doel (vgl. Gal. 2:15-3:29)!

### IV. MODERNE TOEPASSING

- A. Die huwelik is waarskynlik die beste voorbeeld vir die moderne samelewing van ‘n lewenslange verbintenis in die naam van God. Dit kan ons help om die realiteite van die OT-verbondskonsepte te begryp (huweliksanalogie – Mal. 2:14). Ons respek vir ons maat op alle gebiede, ingeslote seksualiteit, help ons die boodskap van hierdie vers verstaan.
- B. Nes respek vir ons ouers (die 5<sup>de</sup> gebod), is ‘n stabiele en lojale huwelikslewe vir sosiale welsyn en die voortbestaan daarvan, van die uiterste belang.
- C. Dit moet verder beklemtoon word dat die mens se seksualiteit ‘n gawe van God is. Dit was sy idee en wil vir die mens, daarom is dié voorskrifte (d.w.s. die verbod op egbreuk) nie bedoel om die mens hom sy vryheid of plesier te ontnem nie, maar om vir ‘n gevalle mensdom die nodige riglyne te gee. Hierdie perke is bedoel om ons langtermyn geluk en blydskap te bevorder. Al het die mens seksualiteit misbruik, soos al God se ander gawes, bly dit steeds ‘n aspek van die samelewing wat onder God se beheer en leiding moet staan.
- D. Ten opsigte van seks moet waaksaamheid aan die dag gelê word dat die bedoelde onderskeid tussen man en vrou gerespekteer word, want saam is hulle na God se beeld geskape. Ons afgedwaaldes se beheptheid met die “self” is alte opmerklik op dié gebied.

### EKSODUS 20:15, STEEL

#### I. ALGEMENE INLIGTING

- A. Soos met al die ander gebooie moet ons geloof, liefde en respek vir God sigbaar word in die sekulêre aspekte van ons daaglikse lewe. Dit gee aanstoot vir God as ons te kenne gee

dat ons Hom ken, maar terselfdertyd ons medegelowige uitbuit (vgl. 1 Joh. 4:20-21; 2:7-11).

- B. Hierdie gebod is bedoel om die samehorigheid in die verbondsgemeenskap te versterk. Die kwaliteit van so 'n geestelike samesyn sal 'n verwarde en soekende wêreld noop om God te soek – immers die doel van die Skrif.
- C. Soos ander gebooie dui hierdie een ook op God se eienaarskap van die lewe in geheel. Ons is bewaarders, nie besitters nie. Ons gevalle gesindheid om besittings ten alle koste te vermeerder maak hierdie gebod noodsaaklik (vgl. Ps. 50:10-12).

## II. STUDIE VAN WOORDE EN FRASES

- A. Dit is die 3<sup>de</sup> gebod in die tweede helfte van die Dekaloog wat in Hebreeus uit slegs twee woorde bestaan.
- B. Die voorwerp makeer in die verbod. Dit kan verduidelik word deur:
  - 1. die teksverband met die voorafgaande twee gebooie wat die doodstraf impliseer;
  - 2. die nabyheid van toepaslike parallelle gedeeltes (Eks. 21:16; Deut. 24:7; sien ook Gen. 37).
- C. Die verkorte weergawe is verdedigbaar omdat:
  - 1. dit deur inspirasie so opgeteken is;
  - 2. dit die fokus van die bevel verbreed;
  - 3. daar parallelle tekste in die naderby konteks is wat diefstal bespreek;
  - 4. Jesus waarskynlik hierdie gedeelte in gedagte gehad het in sy gesprek oor diefstal (vgl. Mat. 19:18).
- D. Diefstal word ook in ander antieke wetskodes aangespreek. Die doodstraf was gebruiklik, maar ook verminking of 30 keer restitusie.
- E. Daar is heelwat belangrike parallelle gedeeltes wat hierdie waarheid verduidelik en definieer:
  - 1. Lev. 19:1-18 – “Wees heilig, want Ek is heilig.”
    - a. ons lewenstyl moet die familietrekke van ons Vader en God vertoon (vgl. vers 18);
    - b. ons geloof moet daaglik ons lewe beïnvloed wat betref positiewe optrede sowel as negatiewe afwysing, gemotiveer deur besliste oortuigings (vgl. vers 17);
    - c. omgee vir verstotenes en behoefiges (verse 9-10, 13) is so belangrik as die versuim om ons medemens te besteel (vers 11).
  - 2. Amos 8:4-7 – God haat uitbuitery!
  - 3. Miga 6:6-8 – God verlang deeglike motivering vir optrede; Hy gee om waarom ons nié steel nie.
  - 4. Eks. 22:1vv – restitusie word in die hedendaagse gesprek geïgnoreer; ons vergeet dat sonde altyd 'n prys het!

## III. TOEPASSINGSWAARHEDE

- A. Joy Davidman, eggenote van C.S. Lewis, het oor die Dekaloog 'n sprankelende boek geskryf. Haar vertaling van dié gebod lui: “Jy moenie probeer om iets te bekom vir niks nie.” Hierdie formulering verbreed die gebod om meer as besittings in te sluit. Vir haar is besittings nie sonde nie, maar ook nie 'n onvervreembare reg nie; dit is 'n lening – iets deur God aan jou toevertrou.

- B. Diefstal, soos al die sondes van die gevalle hart, word deur die nuwe hart hanteer; verbasend hoe die ou natuur van toe-eiening omgeswaai word na mededeelsaamheid.
- C. Ons respek vir God kom duidelik na vore in ons respek vir ons medegelowiges. Hierdie waarheid skemer deur in al die gebooie.
- D. In die moderne samelewing word daar op baie maniere gesteel!

#### BESPREKINGSVRAE

1. Hoe beoefen die moderne mens diefstal?
2. Hoe staan restitusie in verhouding tot belydenis?
3. In watter verhouding staan hierdie vers tot kapitalisme se siening van eiendomsreg?

#### EKSODUS 20:17, BEGEER/HUNKER

##### I. INLEIDING

- A. Dit is moontlik om die verband tussen die laaste 5 gebooie as volg te sien:
  1. Nommers 6, 7 en 8 verbied die te nakoming van 'n medegelowige in optrede;
  2. Nommer 9 verbied die te nakoming van 'n medegelowige in gesprek;
  3. Nommer 10 verbied die te nakoming van 'n medegelowige in jou gedagtes.
- B. Die waarheid is dat die begeerte die persoon wat begeer ontwrig, maar die gebod veronderstel dat gedagtes omgesit word in daad.
- C. Vele is daarvan bewus dat hierdie gebod uniek is aan die wetskode van ou-Israel, maar ontbreek in die wetskodes van ander volke in die Antieke nabye-Ooste. As nuwe konsep lê dit op die vlak van 'n verbod op gedagtes. Dit is waar dat Israel dit wat in die gedagtes lewe as die oorsprong van verkeerde daad beskou het (vgl. Spr. 23:7; Jak. 1:1-15). Dit wil voorkom of dit veral verband hou met gedagtes wat wel tot daad aanleiding sal gee. Verskeie gedeeltes gebruik die term “begeer” om te verwys na aktiwiteite wat daaruit spruit (vgl. Deut. 7:25; Jos. 7:21; Miga 2:2).
- D. Die werklike betekenis van hierdie gebod kom sterk deur in die eerste en laaste stellings van die Dekaloog: uitsluitlike aanbidding van God staan heel eerste, maar ons ingesteldheid en motiewe wat betref die dinge van hierdie wêreld, maak inbreuk op ons toewyding tot God. Hierdie “tweeling-beklemtoning” van eerste/laaste vind ons ook in Jesus se Bergrede (Mat. 6:33 – “maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid en al die ander dinge sal vir julle bygevoeg word,” vgl. verse 19-32).

##### II. STUDIE VAN WOORDE EN FRASES

- A. Eks. 20:17 en Deut. 5:21, hoewel basies in ooreenstemming, is daar ook verskeie belangrike verskille:
  1. In Eks. 20 word die vrou ingesluit onder die breër konsep van “huis”, of dan 'n man se eiendom, terwyl Deut. 5 haar oënskynlik in 'n afsonderlike prioriteitskategorie plaas.
  2. Die Hebreeuse term “begeer” gebruik in Eks. 20 beteken “begeer om te besit”, maar in Deut. 5\* word nog 'n term gebruik saam met “begeer” – “hunker”. “Hunker” beteken “begeer met die gedagte om te bekom”. “Begeer” is dus die gedagte waar “hunker” die gedagte bring tot aksie.

\* Sien OAV – vert.

3. Verder is Eks. 20 in die woestyn ontvang en maak dus geen verwysing na “landerye” in die lys van besittings nie, waar Deut. 5 as herhaling van die Dekaloog, gepaste wysigings aanbring vir ‘n gevestigde samelewing in die beloofde land.

- B. Begeerte is ‘n neutrale term en kan dus ook na goeie dinge verwys (vgl. Ps. 19:10; 1 Kor. 12:31).
- C. Onvanpaste begeerte was die hooforsaak van die val van Satan, van Adam en Eva en, trouens, van ons almal. Paulus beklemtoon in Rom. 7:7-8 sy persoonlike worsteling met begeerte. Begeerte kom basies neer op ontevredenheid met en wantroue in God se sorg en voorsienigheid.
- D. Verskeie NT-gedeeltes hou verband met begeerte:
  - 1. die mens se probleem is ontevredenheid en hebsug (vgl. Luk. 12:15; 1 Tim. 6:8-10);
  - 2. begeerte is ingesluit by Jesus se lys van besoedelende sondes (vgl. mark. 7:17-23; 1 Kor. 5:10; Ef. 5:5; Kol. 3:5).

### III. TOEPASSINGSWAARHEDE

- A. Die antwoord op wellustige hebsug en ontevredenheid is:
  - 1. liefde – Rom. 13:8-10; en
  - 2. tevredenheid – Heb. 13:5; Fil. 4:11-13 (en mededeelsaamheid, Fil. 4:14).
- B. Die gebod sê: “jy mag nie”, maar dit is slegs deur Christus dat ons in staat is om te gehoorsaam! In Hom kan ons ons gedagtes tot ‘n mate onder beheer kry.
- C. God ken ons harte en denke:
  - 1. 1 Kron. 28:9
  - 2. Spr. 20:7
  - 3. PS. 139:1, 23
  - 4. Jer. 17:10
  - 5. Rom. 8:27
  - 6. Openb. 2:23
- D. Dinge is nie sleg nie, maar wanneer hulle prioriteit word, word hulle sonde. Die dinge van die wêreld is nie absoluut of ewig nie; mense na die beeld van God geskape is wel! Begeerte sluip ongemerk die verbondsgemeenskap binne om gevaarlike en afbrekende invloed uit te oefen!

### BESPREKINGSVRAE

- 1. Wat is begeerte?
- 2. Hoe lyk die hedendaagse mens se begeertes?
- 3. Is ons gedagtes sonde?
- 4. Hoekom is gedagtes in ‘n Christelike lewe so belangrik?
- 5. Hoekom is die gebod in Eks. 20 effens anders as in Deut. 5?

■ NASB	“For this”
NAV	“Al die gebooie”
OAV	“Want dit”
CUM-NLV	“want elke verbod”

Dit is ‘n verwysing na die Tien Gebooie, oftewel Dekaloog. Die volgorde van hierdie tweede helfte van die Tien Gebooie volg die Griekse manuskrip B, ook Vaticanus genoem. Dit is

effens anders as die Hebreuse Masoretiese teks van Eks. 20 en Deut. 5. Die tweede helfte van die Dekaloog handel oor Israel se onderlinge verhoudings gebaseer op hulle verhouding met YHWH.

- ☐ NASB “and if there is any other commandment”
- NAV “of watter ander gebod daar ook al is”
- OAV “en watter ander gebod ook al”
- CUM-NLV “en watter ander een daar ook mag wees”

Dit is ‘n VOORWAARDELIKE SIN KLAS EEN wat waar geag moet word vanuit die perspektief van die skrywer of terwille van sy literêre doelwit. Daar bestaan wel ander gebooie. Wat die frase probeer tuisbring is: “as daar enige gebooie buite die Dekaloog bestaan.” Met ander woorde, dit som die Dekaloog of moontlik “wet” oor die algemeen, op.

Die tradisie van Griekse MSS verskil oor die hoeveelheid, en in watter volgorde, hierdie Tien Gebooie opgeteken is. Judaïsme het ‘n eie telling, Katolieke en Protestante het ook weer eie getalle. Die betekenis van die passasie word nie deur hierdie variasies beïnvloed nie, en is waar van die meerderheid manuskripte.

- ☐ NASB “it is summed up in this saying”
- NAV “word immers in hierdie een gebod saamgevat”
- OAV “word in hierdie woord saamgevat”
- CUM-NLV “word opgevang in hierdie een groot opdrag”

Dis ‘n aanhaling uit Lev. 19:18 en kom verskeie kere in die evangelies voor (vgl. Mat. 5:43; 19:19; 22:39; Mark. 12:31 en Luk. 10:27). Jesus noem dit, naas die groot gebod om God lief te hê, die “tweede wat hiermee gelykstaan” (vgl. Mat. 22:39 – OAV). Dit word ook in Gal. 5:14 en Jak. 2:8 aangehaal. Wanneer iemand God liefhet, sal hy liefhê wat God liefhet: mense na sy beeld geskape.

- ☐ NASB “YOU SHALL LOVE YOUR NEIGHBOR AS YOURSELF”
- NAV, OAV “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself”
- CUM-NLV “Jy moet jou medemens net so liefhê as jouself”
- CUM-MVB “jy moet absoluut lief vir jou naaste wees, soos vir jouself”

Gelowiges moet hulleself liefhê soos God hulle liefhet voor hulle ander kan liefhê en aanvaar. Gepaste selfliefde is nie sleg nie. Die groot waarheid in hierdie gedeelte word onomwonde gestel: jy moet ander liefhê (vgl. vers 10)! Hulle wat deur God se selfopofferende liefde aangeraak is, sal ander op dieselfde manier liefhê. Dit is die kern van Christus-gelykvormigheid. In teenwoordigheid van hierdie soort liefde is daar nie behoefte aan ‘n wet nie.

**NASB (UPDATED) TEXT: 13:11-14**

**<sup>11</sup>Do this, knowing the time, that it is already the hour for you to awaken from sleep; for now salvation is nearer to us than when we believed. <sup>12</sup>The night is almost gone, and the day is near. Therefore let us lay aside the deeds of darkness and put on the armor of light. <sup>13</sup>Let us behave properly as in the day, not in carousing and drunkenness, not in sexual promiscuity and sensuality, not in strife and jealousy. <sup>14</sup>But put on the Lord Jesus Christ, and make no provision for the flesh in regard to its lusts.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 13:11-14.*

<b>13:11 NASB</b>	<b>“do this”</b>
<b>NKJV</b>	<b>“and do this”</b>
<b>NRSV</b>	<b>“Besides this”</b>
<b>TEV</b>	<b>“You must do this”</b>
<b>NJB</b>	<b>“Besides”</b>
<b>NAV</b>	<b>“En dit alles is nodig”</b>
<b>OAV</b>	<b>“En dit te meer”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“Julle moet hierdie dinge doen”</b>
<b>CUM-MVB</b>	<b>“En dit alles is nodig”</b>

Hierdie gedeelte skakel verse 11-14 met verse 9-10. Wees doeners van die woord, nie net hoorders nie! Liefde moet ‘n aksie wees.

▣ <b>NASB</b>	<b>“knowing the time”</b>
<b>NAV</b>	<b>“julle weet hoe laat dit al is”</b>
<b>OAV</b>	<b>“omdat ons die tydsomstandighede ken”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“omdat julle besef dat die tyd besig is om uit te loop”</b>

Hierdie is ‘n PERFEKTUM AKTIEF DEELWOORD. Die term *kairos* (nie *chronos*, gewone tyd nie), was ‘n aanduiding van ‘n spesiale tydsperiode, nie normale chronologie nie. Gelowiges moet leef met die verwagting dat Christus enige oomblik kan terugkeer.

▣ <b>NASB</b>	<b>“that it is already the hour”</b>
<b>OAV</b>	<b>“dat die uur vir ons reeds daar is”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“dat die tyd besig is om uit te loop”</b>

Die metafoor van “die uur” (dikwels in die evangelie van Johannes gebruik) verwys na ‘n bepaalde oomblik (soos *kairos*) in God se verlossingsplan (vgl. 3:26; 1 Kor. 7:29; 10:11; Jak. 5:8; 1 Pet. 4:7; 2 Pet. 3:9-13; 1 Joh. 2:18; Openb. 1:3; 22:10). Dit verwys ook na Jesus se kruisiging en wederkoms.

▣ <b>NASB</b>	<b>“sleep”</b>
<b>OAV</b>	<b>“slaap”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“wakker word”</b>

Hierdie term dui op morele en geestelike laksheid (vgl. Ef. 5:8-14; 1 Tes. 5:6). Woorde se betekenis word deur hulle konteks bepaal. Daar moet dus gewaak word teen rigiede definisies. Alle woorde het verskeie moontlike betekenis waarna ons verwys as “die semantiese veld”.

▣ <b>NASB</b>	<b>“for now salvation is nearer”</b>
<b>NAV</b>	<b>“want die tyd van ons finale verlossing is nou nader”</b>
<b>OAV</b>	<b>“want die saligheid is nou nader”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“want die tyd van ons finale redding is nou al weer ‘n hele ent nader”</b>
<b>CUM-MVB</b>	<b>“want die tyd van ons verlossing is nou nader”</b>

Verlossing is ‘n aanvanklike besluit en ‘n proses. Sien *Vir Spesiale Aandag: Griekse Werkwoordtye wat vir Verlossing Gebruik word* by 10:4. Verlossing sal alleen voltooi wees wanneer gelowiges hulle nuwe liggame gekry het (vgl. 1 Joh. 3:2; 1 Tes. 4:13-18; Heb. 9:28; 1 Pet. 1:5). Teologies staan dit as “verheerliking” bekend (vgl. Rom. 8:30). Elke geslag leef in die hoop dat die Here in hulle tyd sal kom (vgl. Luk. 21:28). Paulus was die reël wat dit betref eerder as die uitsondering!



- |                     |  |
|---------------------|--|
| <b>NASB</b>         | <b>“than when we believed”</b>               |
| <b>NAV</b>          | <b>“as toe ons tot die geloof gekom het”</b> |
| <b>OAV, CUM-NLV</b> | <b>“as toe ons gelowig geword het”</b>       |

Christenskap begin met ‘n besluit (onmiddellike vryspraak en heiliging), maar moet dan verder verloop in ‘n lewenstyl van toewyding (voortgaande heiligmaking) om oor te gaan in Christus-gelykvormigheid (verheerliking). God se gawe in Christus moet aangeneem word (vgl. Joh. 1:12; 3:16; Rom. 10:9-13). Die aanvanklike besluit is nie die einde nie; dis slegs maar die begin!

- |                   |                                   |
|-------------------|-----------------------------------|
| <b>13:12 NASB</b> | <b>“The night is almost gone”</b> |
| <b>NAV</b>        | <b>“Die nag is byna verby”</b>    |
| <b>OAV</b>        | <b>“Die nag het ver gevorder”</b> |

Dit dui op die huidige bese bedeling wat reeds oorwin en verplaas word (vgl. 1 Kor. 7:29-31; 10:11; Jak. 5:8; Ef. 5:8,14; 1 Joh. 4:7; 2 Joh. 2:17-18; Openb. 1:3; 22:10). Sien *Vir Spesiale Aandag: Hierdie Bedeling en die Bedeling Daarop* by 12:2.

- |                 |                                   |
|-----------------|-----------------------------------|
| <b>NASB</b>     | <b>“the day is at hand”</b>       |
| <b>NAV, OAV</b> | <b>“dit is amper dag”</b>         |
| <b>CUM-NLV</b>  | <b>“die dag is so te sê hier”</b> |

Dit is ‘n PERFECTUM AKTIEF INDIKATIEF. Hierdie is die laaste dae (vgl. Fil. 4:5; Jak. 5:9). Ons is sedert Jesus se menswording in die laaste dae. Dié dae sal duur tot en met Jesus se wederkoms in heerlijkheid. Alle gelowiges is sedert die eerste eeu verwonderd oor die lang versuim van die wederkoms. Nietemin het die nuwe bedeling met die koms van Christus aangebreek.

- |                |  |
|----------------|--|
| <b>NASB</b>    | <b>“lay aside [...] put on”</b>                |
| <b>NAV</b>     | <b>“ophou met [...] opneem”</b>                |
| <b>OAV</b>     | <b>“laat ons [...] aflê [...] aangord”</b>     |
| <b>CUM-NLV</b> | <b>“kom ons trek [...] uit [...] trek aan”</b> |
| <b>CUM-MVB</b> | <b>“uittrek/afgooi [...] aantrek”</b>          |

Hierdie is AORISTUS MEDIUM SUBJUNKTIEWE wat niks aan die toeval wil oorlaat nie, maar sterk aansporing uitdruk met die oog op die toekoms. Die implikasie is dan dat “julle self” moet “opsy sit” en “opneem”. Beide God en mens is aktief betrokke by die gebeure van regverdigmaking (belydenis en geloof) en heiligmaking (toegewyde lewe). Hierdie uittrek en aantrek van klere is ‘n gewilde metafoer in Paulus se geskrifte. Gelowiges moet hulle slaapklere uittrek en hulle uniforms vir die stryd aantrek (vgl. Ef. 4:22-25; Kol. 3:10, 12, 14). Ons is soldaat-Christene wat gereedmaak vir ‘n daaglikse geestelike stryd (vgl. Ef. 6:10-18).

- |                 |   |
|-----------------|---|
| <b>NASB</b>     | <b>“the armor of light”</b>                         |
| <b>NAV, OAV</b> | <b>“die wapens van die lig”</b>                     |
| <b>CUM-NLV</b>  | <b>“wapenrusting wat pas by ‘n lewe in die lig”</b> |

Dit is moontlik ‘n verwysing na Jes. 59:17. Gelowiges moet met beslistheid die wapenrusting van geregtigheid op hulle neem (vgl. 2 Kor. 6:7; 10:4; Ef. 6:11, 13; 1 Tes. 5:8). God se wapenrusting is beskikbaar as gelowiges (1) hulle afhanklikheid bese; (2) God se voorsienigheid raaksien; en (3) dit persoonlik en vasberade bedink en deel maak van hulle daaglikse lewens. Die geestelike stryd is ‘n daaglikse verskynsel!

<b>13:13 NASB</b>	<b>“Let us behave properly”</b>
<b>NAV</b>	<b>“Ons moet welvoeglik lewe”</b>
<b>OAV</b>	<b>“Laat ons welvoeglik wandel”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“ons moet ordentlik lewe”</b>

Dit is ‘n AORISTUS AKTIEF SUBJUNKTIEF wat letterlik “wandel” beteken. Dit was ‘n Hebreeuse idioom vir lewenstyl en Paulus gebruik dit 33 keer. Die lys van sondes in hierdie vers word in 3 pare (twee terme elk) saamgestel. Die terme oorvleuel tot ‘n mate wat betekenis betref. Hulle word waarskynlik as sinonieme bedoel. Sien *Vir Spesiale Aandag: Ondeug en Deug in die NT* by 1:28-32.

Hierdie terme staan moontlik in verband met die spanning tussen Joodse en heiden-Christene in die kerk van Rome. Sommige nuut-bekeerdes uit die heidendom het moontlik (1) nie afgesien van heidense, immorele aanbiddingsgebruike nie; of (2) hulle arrogant gedra teenoor terugkerende Joodse Christene wat gevlug het weens Nero se dekreet teen Joodse ritusse in Rome.

▣ <b>NASB</b>	<b>“not in carousing and drunkenness”</b>
<b>NAV</b>	<b>“geen drinkery en uitspattigheid”</b>
<b>OAV</b>	<b>“nie in brassery en dronkenskap nie”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“nie betrokke by wilde en dronkwoordpartytjies nie”</b>

Dit dui op besopenheid wat tot seksuele wangedrag by heidense godsdienstrusse aanleiding gee het. In Gal. 5:21 word dié twee terme as sondes van die vlees ook as ‘n paar langs mekaar gestel.

▣ <b>NASB</b>	<b>“not in sexual promiscuity and sensuality”</b>
<b>NAV</b>	<b>“geen ontug en onsedelikheid”</b>
<b>OAV</b>	<b>“nie in ontug en ongebondenheid nie”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“seksuele en losbandige uitspattigheid”</b>
<b>CUM-MVB</b>	<b>“geen seksuele sondes en onsedelikheid”</b>

Hierdie paar kom sterk ooreen met die eerste paar. Die tweede term in hierdie paar kom wydverspreid in die NT voor (vgl. Mark. 7:22; 2 Kor. 12:21; Gal. 5:19; Ef. 4:19; 1 Pet. 4:3; 2 Pet. 2:7). Terwyl die eerste paar op dronkenskap fokus, gaan dit in hierdie tweede eerder oor seksuele immoraliteit – veral ook sosiale geleenthede van algehele losbandigheid.

▣ <b>NASB</b>	<b>“not in strife and jealousy”</b>
<b>NAV</b>	<b>“geen rusie en jaloesie”</b>
<b>OAV</b>	<b>“nie in twis en nydigheid nie”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“of onenigheid of afgunstigheid nie”</b>

Hier gaan dit oor onenigheid tussen mense (vgl. Gal. 5:20). Dit mag die gevolg wees van die aanwesigheid van die eerste twee pare ongeruimdhede in die gemeenskap. As hierdie vermaning op Christene gemik is (vgl. 1 Kor. 3:3; Kol. 3:8), dui dit op heidense praktyke wat in gelowiges se lewens gestaak moet word. In die konteks van kontrasterende lewenstyle van gelowiges, moet dit egter eerder as ‘n waarskuwing verstaan word.

<b>13:14 NASB</b>	<b>“put on the Lord Jesus Christ”</b>
<b>NAV</b>	<b>“julle moet lewe soos volgelingen van die Here Jesus Christus”</b>
<b>OAV</b>	<b>“Maar beklee julle met die Here Jesus Christus”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“soos ‘n mens jou klere aantrek, moet julle die Here Jesus</b>

**Christus ‘aantrek’”**  
**CUM-MVB “julle moet die Here Jesus Christus aantrek”**

Hierdie metafoor dui op die koninklike kleeft van Jesus wat nou om die skouers van gelowiges hang (posisionele heiliging). Sommige Bybelgeleerdes sien dit as ‘n sinspeling op “bekleding” (of die fisiese kleeft) tydens die doopgeleentheid. Hierdie kledingsmetafoor kom die eerste keer in vers 12 voor. Dis ‘n manier om gelowiges se nuwe status in Christus voor te stel. Dit beklemtoon ook dat gelowiges nou hulle nuwe status in Christus (vgl. Ef. 4:22,24; Kol 3:8) moet inkleef met ‘n nuwe leefstyl (progressiewe heiliging). In Gal. 3:27 word hierdie waarheid as ‘n onbetwisbare feit gestel – INDIKATIEF; hier (vers 14) is dit ‘n IMPERATIEF (AORISTUS MEDIUM) – ‘n bevel!

Hierdie spanning tussen die INDIKATIEF en die IMPERATIEF is dieselfde spanning wat ons beleef tussen ons posisie in Christus en die strewe daarna om hierdie posisie te vervul. Ons is “heiliges” op die oomblik van verlossing (danksy Christus se kruisverdienste), maar ons moet steeds vermaan word om “heilig” te wees. Dit is die Bybelse paradoks van ‘n volle en vrye verlossing in Christus aan die een kant, maar aan die ander die luide wekroep tot ‘n lewe van Christus-gesindheid!

■ NASB	<b>“make no provision”</b>
NAV	<b>“en nie voortdurend daarop uit wees”</b>
OAV	<b>“en maak geen voorsorg vir”</b>
CUM-NLV	<b>“en nie ‘n duimbreedte toegee”</b>
CUM-MVB	<b>“en nie voortdurend geleentheid skep”</b>

Dit is ‘n PRAESENS MEDIUM IMPERATIEF met die NEGATIEWE PARTIKEL. Hierdie grammatiese vorm beteken gewoonlik dat ‘n handeling wat alreeds sy aanvang geneem het, gestaak moet word. Die implikasie is dus dat sommige Christene in Rome se lewens nie onberispelik was nie. Dit was waarskynlik die gevolg van voormalige deelname aan heidenkultiese praktyke.

Dit is moeilik om die NT se leer omtrent vleeslike Christenskap te verduidelik. NT-skrywers hou die mensdom se toestand in wit en swart voor. ‘n Vleeslike Christen is dus ‘n weerspreking in sigself. Maar dit is die werklikhede van ons “alreeds”, d.w.s. verlose staat, en die “nog nie” van volkome geheiligde lewe. Paulus verdeel die mensdom in drie groepe:

1. die natuurlike mens (verlore mensheid), 2:14
2. die geestelike mens (verlose mensheid), 3:1
3. die vleeslike mens, 3:1

■ NASB	<b>“the flesh in regard to its lusts”</b>
NAV	<b>“julle sondige begeertes”</b>
OAV	<b>“vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie”</b>
CUM-NLV	<b>“julle sondige natuur”</b>

Paulus het maar alte goed gewet watter gevare voortdurend ons gevalle Adam-natuur bedreig (vgl. Rom. 7; Ef. 2:3), maar Jesus skenk die oorwinning en die begeerte om vir God te lewe (Rom. 6). Dit is ‘n voortdurende, onophoudelike stryd (vgl. 8:5-7; 1 Joh. 3:6-9).

## BESPREKINGSVRAE

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Waarom het die vroeë Christene Paulus se stellings omtrent regering so radikaal ervaar?
2. Moet Christene onderdanig wees aan elke vorm van owerheid?
3. Moet Christene hulle onderwerp aan alle wetsvoorskrifte van 'n owerheid?
4. Leer vers 1 dat konings goddelike regte het?
5. Is Paulus die eerste met sy teologie oor die owerheid, of sluit hy aan by Jesus se woorde in Mat. 22:21?
6. Is burgerlike ongehoorsaamheid ooit toelaatbaar vir Christene (vgl. Han. 5:25-32)?
7. Is daar enige verband tussen vers 4 en die doodsvonnis?
8. Is die Christelike gewete altyd reg (vgl. vers 5)?
9. Na aanleiding van vers 8: is kredietkaarte vir Christene taboe?
10. Verwys vers 8 na ons liefde vir ander Christene of vir alle mense?
11. Waarom gebruik Paulus die Dekaloog as 'n aansporing vir NT-gelowiges?
12. Hoekom sal Paulus 'n lys van sulke verskriklike sondes saamstel aangaande gelowiges?
13. Hoe beklee 'n mens jouself met die Here Jesus Christus?

## ROMEINE 14

<b>PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*</b>					
<b>UBS<sup>4</sup></b>	<b>NKJV</b>	<b>NRSV</b>	<b>TEV</b>	<b>JB</b>	<b>NAV</b>
Moenie jou broer oordeel nie 14:1-12	Die wet van vryheid 14:1-13	Liefde respekteer ander se opvattinge 14:1-4 14:5-6 14:7-9 14:10-12	Moenie oor ander oordeel nie 14:1-4 14:5-12	Sag met die beswaardes 14:1-12	Moenie jou broer veroordeel nie 14:1-4 14:5-12
Moenie jou broer laat struikel nie 14:13-23	Die wet van liefde 14:14-23	14:13-23	Moenie ander laat struikel nie 14:13-18 14:19-23	14:13-15 14:16-21 (14:22-15:6) 14:22-23	Moenie jou broer laat struikel nie 14:13-18 14:19-23

### **LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xi)**

#### **OM DIE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK TE VOLG**

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die sewe vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as die sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

#### **DIE DELE IN KONTEKS: ROMEINE 14:1-12**

- A. Hierdie hoofstuk probeer die oënskynlike teenstrydigheid van Christelike vryheid en verantwoordelikheid uitklaar en vorm 'n literêre eenheid wat tot by 15:13 strek.
- B. Die probleem onderliggend aan hierdie hoofstuk was waarskynlik die spanning tussen heiden-Christene en Joodse gelowiges in die kerk van Rome, of moontlik ook sy eie

\* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hierbo. Aanhalingstekste is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

ervaringe op daardie stadium in Korinte. Voor hulle bekering was Jode geneig om wetties te wees en heidene losbandig. Hou in gedagte dat hierdie hoofstuk gerig was op opregte volgelinge van Jesus. Dit gaan hier nie oor vleeslike Christene nie (vgl. 1 Kor. 3:1). Daar word nie kwade bedoelings aan dié twee denkgroepe toegeskryf nie, maar albei kante is egter geneig om in uiterstes te verval. Hierdie gesprek van die apostel moenie misbruik word om uiterste wettiesheid of volslae vrysinnigheid te vergoelik nie.

- C. Gelowiges moet daarteen waak dat hulle nie hulle beskouing van teologie of etiek op alle ander wil afdwing nie (vgl. 2 Kor. 10:12). Alle gelowiges moet wandel in die lig waaroor hulle beskik, maar hulle moet tegelyk begryp dat hulle teologie nie outomaties God se teologie is nie. Sonde kleef steeds die lewe van gelowiges aan. Ons moet aanmoedig, vermaan, mekaar uit die Skrif onderrig, redeneer en ondervindinge deel, maar altyd in liefde. Hoe meer ‘n mens weet hoe beter besef hy hoe min hy weet (1 Kor. 13:12)!
- D. Die regte maatstawwe van beoordeling van ander gelowiges se aktiwiteite is jou eie gesindheid en motiewe geopenbaar voor God. Christene sal voor God moet staan en beoordeel word in verband met hoe hulle teenoor mekaar opgetree het (vgl. verse 10, 12 en 2 Kor. 5:10).
- E. Martin Luther het gesê: Die Christen-man is die vryste van alle here, maar ook die mees dienswillig van almal. Bybelse waarheid word dikwels in ‘n paradoksale spanning aangebied.
- F. Hierdie moeilike, maar uiters belangrike onderwerp, word in die hele literêre eenheid van 14:1 tot 15:13 behoorlik uitgetrap. Dit kom ook in ander briewe voor (vgl. 1 Kor. 8-10 en Kol 2:8-23).
- G. Dit moet benadruk word dat veelheid van insigte in die geleedere van opregte gelowiges nie ‘n slegte ding is nie. Elke gelowige het sterk- en swakpunte. Elkeen wandel mos in die lig tot sy/haar beskikking, maar is immer oop vir die lig van die Heilige Gees en die Woord.
- H. Paulus se verwysing na “swak” in geloof wek by ons ‘n bevooroordeeldheid en die idee van ook “sterk” in geloof wat bepaald nie Paulus se bedoeling was nie. Dit gaan vir hom om opregte gelowiges in elke groep. Ons moenie probeer om ander Christene in óns idee in te beeld nie! Ons aanvaar mekaar in Christus!
- I. Die argument in geheel lyk dan so:
  - 1. aanvaar mekaar net soos God ons in Christus aanvaar (vgl. 14:1, 3; 15:7);
  - 2. ons moet mekaar nie veroordeel nie, want alleen Christus is ons Heer en regter (14:3-12);
  - 3. liefde is belangriker as persoonlike vryheid (14:13-23); en
  - 4. volg die voorbeeld van Christus daarin dat jy jou regte prysgee terwille van die geestelike opbou en welsyn van ander (vgl. 15:1-13).

## STUDIE VAN WOORDE EN FRASES

### NASB (UPDATED) TEXT: 14:1-4

**<sup>1</sup>Now accept the one who is weak in faith, *but not for the purpose of passing judgment on his opinions.* <sup>2</sup>One person has that he may eat all things, but he who is weak eat vegetables *only*. <sup>3</sup>The one who eats is not to regard with contempt the one who does not eat, and the one who does not eat is not to judge the one who eats, for**

**God has accepted him. <sup>4</sup>Who are you to judge the servant of another? To his own master he stands or falls; and he will stand, for the Lord is able to make him stand.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 14:1-4.*

<b>14:1 NASB</b>	<b>“Now accept”</b>
<b>NKJV</b>	<b>“Receive”</b>
<b>NRSV, TEV</b>	<b>“Welcome”</b>
<b>NJB</b>	<b>“Give a welcome”</b>
<b>NAV</b>	<b>“Aanvaar”</b>
<b>OAV</b>	<b>“En [...] neem aan”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“Julle moet [...] aanvaar”</b>

Hierdie is ‘n PRAESENS MEDIUM IMPERATIEF (vgl. 15:1): ‘n opdrag wat van krag bly met klem op die onderwerp. Die VOORNAAMWOORD(-verbuiging) “julle” kom voor in die Griekse WERKWOORD, maar word in die Engels veronderstel en dui op “sterk” Christene (vgl. 15:1).<sup>\*</sup> Dit dui op twee groepe in die kerk van Rome. Die verwysing is moontlik na (1) die spanning tussen gelowige Jode en bekeerde heidene (vgl. 15:7-21); of (2) verskillende persoonlikheidstipes. Die gedeelte in geheel gaan oor ware, ernstige gelowiges – “sterk” of “swak”. Geloof word hier gesien as ‘n evangelie met radikaal nuwe en bevrydende implikasies.

<b>■ NASB, NKJV</b>	<b>“the one who is weak in faith”</b>
<b>NRSV, TEV</b>	<b>“those who are weak in faith”</b>
<b>JB</b>	<b>“If a person’s faith is not strong enough”</b>
<b>NAV</b>	<b>“die een wat in die geloof swak is”</b>
<b>OAV</b>	<b>“hom [...] wat swak is in die geloof”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“medegelowiges met ‘n sensitiewe geloofsbelewing”</b>

Hierdie frase word beklemtoon deurdat dit in die Griekse sin voor geplaas word. Letterlik staan daar “swak in geloof”. Die gebruik van die teenwoordige tyd (PRAESENS) fokus op die feit dat dit ‘n lewenstyl verteenwoordig; ‘n wettiese ingesteldheid. Die Christenbroer, nougeset tot die uiterste, word op drieërlei wyse beskryf: (1) verbode voedselsoorte (vgl. 14:2, 6, 21); (2) onderhouding van sekere spesiale dae (vgl. 14:5-6); en (3) verbod op die drink van wyn (vgl. 14:17, 21). Na dieselfde soort persoon word in Rom. 15:1 en 1 Kor. 8:9-13; 9:22 verwys. Wees versigtig om uself nie te haastig as ‘n sterk of swak Christen te kategoriseer nie. Dikwels is gelowiges swak of sterk in bepaalde opsigte.

Paulus hanteer hierdie sake heeltemal anders in Gal. 4:9-10 en Kol. 2:16-23. In hierdie tekste gaan dit oor die gesindheid en leerstellings van valse leraars waar dit in Romeine eerder om ernstige gelowiges met ooraktiewe gewetes gaan.

### **VIR SPESIALE AANDAG: SWAKHEID**

Hier is die verskil. Die valse leraars spog met hulle geloofsbriewe en welsprekende styl, maar Paulus weet dat daar in “swakheid” (*astheneō*) ook waarde is.

<u>Roem</u>	<u>Swak</u>
1 Korintiërs 1:29, 31	1 Korintiërs 1:25, 27
3:21	2:3
4:7	4:10

<sup>\*</sup> Let egter op die Afrikaanse weergawe, CUM-NLV – vert.

5:6	8:7, 9, 10, 11, 12
9:15, 16	9:22
2 Korintiërs 1:12, 14	11:30
5:12 (twee keer)	12:22
7:4, 14 (twee keer)	15:43
8:24	2 Korintiërs 10:10
9:2, 3	11:21, 29, 30
10:8, 13, 15, 16, 17	12:5, 9, 29, 30
11:12, 16, 17, 18, 30	13:3, 4 (twee keer), 9
12:1, 5, 6, 9	

Paulus gebruik die konsep “swakheid” op ‘n verskeidenheid maniere:

1. die swakheid van God (1 Kor. 1:25)
2. swak in die wêreld (1 Kor. 1:27)
3. Paulus se swakheid en vrees (1 Kor. 2:3; 9:22; 2 Kor. 11:29, 30; 12:5)
4. Paulus en sy sendinggroep (1 Kor. 4:10; 2 Kor. 21)
5. die swak gelowige (Rom. 14:1-15:13; 1 Kor. 8:7, 9, 10, 11, 12; 9:22)
6. liggaamlike siekte (1 Kor. 11:30)
7. dele van die menslike liggaam (1 Kor. 12:22)
8. die fisieke liggaam (1 Kor. 15:43)
9. Paulus se fisieke voorkoms of sy preekvermoë (2 Kor. 10:10)
10. Paulus se swakheid bring God se krag in werking (2 Kor. 12:9, 10; 13:4, 9)
11. wanneer Paulus Christus verkondig (2 Kor. 13:3)
12. Christus se menslike liggaam (2 Kor. 13:4)

■ NASB	“but not for the purpose of passing judgment on his opinions”
NKJV	“but not to dispute over doubtful things”
NRSV	“but not for the purpose of quarreling over opinions”
TEV	“but not to argue with them about their personal opinions”
JB	“without starting an argument”
NAV	“sonder om met hom te stry as sy opvatting van joune verskil”
OAV	“nie om oor sy gevoelens te oordeel nie”
CUM-NLV	“sonder om hare te kloof oor hulle geloofsoortuigings”

Gelowiges moet mekaar volledig aanvaar in geval van ‘n meningsverskil eerder as om mekaar te probeer verander. Dit maak die reg van eie oortuiging die basis vir samehorigheid; nie die opdring van eenvormigheid nie. Gelowiges is immers almal op pad. Die Gees moet tyd kry om elkeen tot volwassenheid te omvorm, maar selfs dan sal almal nog nie oor alles saamstem nie.

**14:2** Die diët waarna in hierdie vers verwys word is vir godsdienstige doeleindes en het niks met gesondheid te doen nie. Daar is twee moontlike oorsake van die voedseldispuut: (1) Joodse voedselvoorskrifte (vgl. Lev. 11); of (2) vleis geoffer aan heidengode (vgl. 1 Kor. 8-10). Jesus se onderrig het dit duidelik gestel dat wat die mens eet hom nie onrein maak nie (vgl. Mat. 15:10-20; Mark. 7:14-23). Hierdie waarheid word geïllustreer deur Petrus se visioen oor Kornelius in Han. 10.



**14:3 NASB** “The one who eats is not to regard with contempt”  
**OAV** “Hy wat eet, moet hom wat nie eet nie, nie verag nie.”  
**CUM-NLV** “Die wat vrymoedigheid het om alles te eet, moet nie uit die hoogte neersien op hom wat dit nie doen nie.”

“[N]ie verag nie” is ‘n PRAESENS AKTIEF IMPERATIEF van *ezoutheneō* met die NEGATIEWE PARTIKEL, wat gewoonlik beteken dat ‘n aktiwiteit wat reeds sy aanvang geneem het, gestaak moet word. “[V]erag” beteken letterlik “te lig bevind”, “staan op nul”, “gereken as waardeloos” (vgl. 14:10; Luk. 18:9; 1 Kor. 6:4; 16:11; 2 Kor. 10:10; Gal. 4:14; 1 Tes. 5:20). Gelowiges moet waak teen ‘n verkleinerende self-geregtigheid. Diegene wat sterk is in geloof moet hulle wat swak is nie veroordeel nie.

▣ **“judge” (“oordeel”):** Dit is ‘n PRAESENS AKTIEF IMPERATIEF met die NEGATIEWE PARTIKEL, wat gewoonlik beteken dat ‘n handeling wat reeds sy aanvang geneem het, gestop moet word. Die swakkes in geloof moet ophou om veroordelend te wees oor die optrede van broers en susters wat van hulle verskil.

▣ **NASB** “for God has accepted him”  
**OAV** “want God het hom aangeneem”  
**CUM-NLV** “want God het hulle by Hom verwelkom”

Dit is ‘n AORISTUS MEDIUM INDIKATIEF. Hierdie term word in vers 1 ook met “aanneem” vertaal. Dit vorm die basis vir die beginsel dat gelowiges mekaar moet aanvaar, omdat God deur Christus (vgl. 15:7) hulle aangeneem het. Wat die verband betref, word dié gedagte direk op die wetties-beheptes gerig, d.w.s. dié wat swak in die geloof is.

**14:4 NASB** “Who are you”  
**OAV** “Wie is jy”  
**CUM-NLV** “Wie gee jou die reg”

In die Grieks word dit sterk beklemtoon en verwys na die swak broer en suster.

▣ **NASB** “the servant”  
**NAV** “bediende”  
**OAV** “die huiskneg”  
**CUM-NLV** “medediensknegte”

Dit is die term *oiketēs*, afgelei van *oikos* wat “huis” beteken. Dit is dus ‘n huishoudelike slaaf of bediende (vgl. Luk. 16:13; Han. 10:7; Rom. 14:4; 1 Pet. 2:18). Dit word aangewend in ooreenstemming met die LXX se gebruik (vgl. Gen. 9:25; 27:37; 44:16, 33; 50:18). Die term *doulos* word egter oorwegend in die NT gebruik vir “slaaf”. Dit kan naas “huisbediende” ook vir “slaaf” aangewend word.

Paulus se argument is dan dat elke gelowige ‘n slaaf/dienaar van Christus is. Christus alleen is die huisheer en opdraggewer wat hulle vir hulle dae en motiewe verantwoordelik sal hou (2 Kor. 5:10).

▣ **NASB** “to his own master he stands or falls”  
**NAV** “sy eie werkgewer sal oordeel of hy goeddoen of nie”  
**OAV** “hy staan of val met betrekking tot sy eie heer”  
**CUM-NLV** “Dit is ons Eienaar wat besluit oor reg of verkeerd”  
**CUM-MVB** “voor sy eie werkgewer sal hy staan, of val”

Alhoewel Paulus vir die oomblik met die wettiesbehepte groep besig is, is hierdie stelling duidelik op albei groepe gemik. Gelowiges sal beter doen as hulle liever die splinters uit hul eie oë haal (vgl. Mat. 7:1-15).

- NASB “and stand he will, for the Lord is able to make him stand”
- NAV “maar hy sal goed doen, daarvoor sal die Here sorg”
- OAV “maar hy sal staande bly, want God is magtig om hom staande te hou”
- CUM-NLV “Hulle sal ook die toets slaag – daarvoor sal ons Here in sy almag sorg”
- CUM-MVB “maar hy sal staan; die Here is immers by magte om hom te laat staan”

Dit was ‘n wonderlike belofte (vgl. 5:1-2; Jud. 24-25). Dit verg egter ook elke gelowige se samewerking (vgl. 1 Kor. 15:1-2). Sien *Vir Spesiale Aandag: Staar* by 5:2.

Daar is ‘n manuskripvariasie op hierdie punt. Die NKJV, wat die hooflettertekste MSS D, F, G, 048 en 0150 en die Vulgaat volg, gebruik “God” (*Theos*) in hierdie vers.\* MSS P<sup>46</sup>, 8, A, B, C en P gebruik egter “Here” (*Kurios*). Die UBS<sup>4</sup> gradeer “Here” as mees waarskynlik (A).

**NASB (UPDATED) TEXT: 14:5-9**

**<sup>5</sup>One person regards one day above another, another regards every day alike. Each person must be fully convinced in his own mind. <sup>6</sup>He who observes the day, observes it for the Lord, and he who eats, does so for the Lord, for he gives thanks to God; and he who eats not, for the Lord he does not eat, and give thanks to God. <sup>7</sup>For not one of us lives for himself, and not one dies for himself; <sup>8</sup>for if we live, we live for the Lord, or if we die, we die for the Lord; therefore whether we live or die, we are the Lord’s. <sup>9</sup>For to this end Christ died and lived again, that He might be Lord both of the dead and the living.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 14:5-9.*

- 14:5**
- NASB “One person regards one day above another”
  - NAV “vir die een is een dag belangriker as ander dae”
  - OAV “Die een ag die een dag bo die ander”
  - CUM-NLV Net so is daar die vir wie die eendag meer besonders is as die ander”

Sommige mense is nog uitermate kalender-georiënteerd wat hulle godsdiens betref (vgl. Gal. 4:10; Kol. 2:16-17). Alle dae behoort ewe veel aan God. Daar is nie dae wat méér spesiaal is nie. Daar is geen onderskeid tussen “sekulêr” en “heilig” nie – alle dae is heilig!

- NASB “Each person must be fully convinced in his own mind”
- NAV “elkeen moet net in sy eie gemoed oortuig wees van sy opvatting”
- OAV “Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees”
- CUM-NLV “Elkeen behoort seker te maak van sy eie oortuiging in hierdie verband”
- CUM-MVB “Elkeen kan maar oortuig wees van sy opvatting”

Dit is ‘n PRAESENS PASSIEF IMPERATIEF. So word vrede op hierdie gebied verkry. Gelowiges se oortuigings dien as grondslag vir hulle eie optrede (vgl. vers 23), maar dit is nie voorskriftelik vir alle ander gelowiges se doen en late nie. Ek kan God nie teologies in my blik druk nie. My teologie stem nie noodwendig ooreen met God s’n nie!

**14:6 NASB “for the Lord”**

\* Sien OAV – vert.

**OAV** "tot eer van die Here"  
**CUM-MVB** "vir die Here"

Hierdie DATIEF-frase kom drie keer hier in vers 6 voor, en twee keer in vers 8. Alle leefstylkeuses van opregte gelowiges moet "vir die Here" of "tot eer van die Here" wees (vgl. Ef. 6:7 en Kol. 3:23) en nie net na gelang van persoonlike voorkeure nie.

**14:7 NASB** "not one of us lives for himself"  
**OAV** "want niemand van ons leef vir homself nie"  
**CUM-NLV** "ons het nie finale seggenskap oor onself nie – of ons lewe of sterwe"

'n Christen is nie 'n eiland nie, maar leef allereers vir Christus (vgl. vers 8). Christene se aktiwiteite beïnvloed dié van ander Christene. Hulle is deel van 'n groot geestelike familie. Daarom moet hulle hul persoonlike vryheid met liefde temper (vgl. 1 Kor. 10:24, 27-33). Ander moet die geleentheid kry om in vryheid persoonlik te groei. Wettiesheid lei tot gedwonge eenvormigheid in terme van menslike eiegeregtigheid wat nie van God kom nie. Jesus se ernstigste vermaninge was teen die eiegeregtigheid van die Fariseërs gerig.

**14:8 "if [...] if" ("of [...] of"):** Dit is twee VOORWAARDELIKE SINNE KLAS DRIE wat op moontlike toekomstige aksie dui. Gelowiges dien die Here, ongeag wat die lewe ook al oor hulle pad mag bring.

**14:9 NASB** "Lord of both the dead and the living"  
**NAV** "om Here te wees van die dooies en die lewendes"  
**OAV** "om oor dode sowel as lewende te heers"  
**CUM-NLV** "om Heer te wees oor dooies en lewendes"  
**CUM-MVB** "om Here te wees van die lyke en die lewendes"

Hierdie is 'n ongewone omruiling van die terme – 'n volgorde wat op Jesus se dood en opstanding sinspeel. Hy is die Heerser van albei ryke.

Hiermee word die teologiese grondslag gelê op grond waarvan Christene nie vir hulleself moet lewe nie, maar ook vir ander gelowiges. Hulle behoort nie aan hulleself nie. Hulle is gekoop vir 'n prys. Hulle is nou diensknegte van Christus, die Heer van alle domeine, wat vir hulle sonde betaal het. Hulle sal van sonde nie meer slawe wees nie, maar eerder aan God behoort (vgl. Rom. 6)! Dit beteken dat gelowiges Christus se liefdesdiens nastrewe en nie vir hulleself leef nie, maar eerder hulle selfgesentreerde begeertes laat afsterf (2 Kor. 5:14-15; Gal. 2:20; 1 Joh. 3:16).

**NASB (UPDATED) TEXT: 14:10-12**

**<sup>10</sup>But you, why do you judge your brother? Or you again, why do you regard your brother with contempt? For we will all stand before the judgment seat of God. <sup>11</sup>For it is written, "AS I LIVE, SAYS THE LORD, EVERY KNEE SHALL BOW TO ME, AND EVERY TONGUE SHALL GIVE PRAISE TO GOD." <sup>12</sup>So then each of us will give an account of himself to God.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 14:10-12.*

**14:10 NASB** "But you"  
**NAV** "Jy [...] jy"  
**OAV** "Maar jy"  
**CUM-NLV** "Jy dan"

Dit staan vooraan die sin terwille van klem.

▣ Die twee vrae in vers 10 is die fokus van verse 1-12 in geheel. Die twee groepe waarna in vers 3 verwys word, kom weer hier na vore. Die een groep “oordeel” en die ander groep “sien neer op”. Sulke gesindhede is onvanpas vir “slawe”. Alleen hulle Meester, Jesus Christus, het die reg om te “kritiseer” of om “neer te sien op”. Gelowiges wat regter speel: (1) neem God se rol oor; en (2) se mening is voortydig en onvolledig.

▣ **NASB** “we will stand before the judgment seat of God”  
**NAV** “Ons sal tog almal voor die regterstoel van God moet verskyn”  
**OAV** “Want ons sal almal voor die regterstoel van Christus gestel word”  
**CUM-NLV** “Ons moet tog almal eendag voor God se regbank verskyn”

Dieselfde waarheid kom voor in 2 Kor. 5:10. Gelowiges sal aan die Here moet verduidelik hoe hulle teenoor mekaar opgetree het terwyl Jesus as goddelike regter optree (Mat. 25:31-46).

Die NKJV vertaal met die “regterstoel van Christus”. Daar is vroeë manuskripte, bekend as “verbeteraars” (“correctors”) wat die KJV steun, naamlik die baie ou hooflettertekste  $\aleph^2$  en  $C^2$ . *Theos* is in MSS  $\aleph$ , B, C, D, F en G het moontlik die Griekse teks verander om met 2 Kor. 5:10 ooreen te stem. ‘n Ander moontlikheid is dat oorskrywers die teks verander het om ‘n vroeë siening oor Christus genaamd “adopsionisme” teë te werk. Daar is ‘n aantal teksvariante wat klaarblyklik ten doel was om die teks meer ortodoks te maak (vgl. Bart D. Ehrman, *The Orthodox Corruption of Scripture* uitgegee deur Oxford University Press, 1993, bl. 90-91).

**14:11 NASB** “For it is written”  
**OAV** “Want daar is geskrywe”  
**CUM-NLV** “Die Skrif sê tog”

Dit is ‘n PERFECTUM PASSIEF INDIKATIEF; ‘n idioom by voorkeur gebruik om te dui op geïnspireerde Skrif. Dit verwys na Jes. 45:23, wat ook in Fil. 2:10-11 aangehaal word.

▣ **NASB** “As I live”  
**NAV** “So seker as Ek lewe”  
**OAV** “So waaragtig as ek leef”

Hierdie eed is ‘n formule wat ‘n woordspeling op die naam van YHWH is – ‘n KOUSATIEWE vorm van die Hebreeuse WERKWOORD “om te wees” (vgl. Eks. 3:14). Hy is die enigste lewende, ewig-lewende God! Dus begrond Hy sy eed in sy eie bestaan.

**14:12 NASB** “So then each one of us will give an account of himself to God”  
**OAV** “So sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee”  
**CUM-NLV** “Elkeen van ons sal dus oor ons eie doen en late voor God verantwoording moet doen”

Christene sal beoordeel word (2 Kor. 5:10). Broers wat ander kritiseer of verkla, sal self ondervind hoe dit voel. Die “aan God”/“voor God” (“to God”) ontbreek in sommige antiek-Griekse manuskripte. Dit volg baie opvallend uit die konteks soos reeds met vers 10 aangedui.\* Hierdie variant was dan moontlik as gevolg van die invloed van vers 10.

---

\* Verwys na teksverbeteraars se werk m.b.t. “die regterstoel van Christus” – vert.

## DIE DELE IN KONTEKS: ROMEINE 14:13-23

- A. Die kwessie van Christene se optrede teenoor mekaar het reeds aandag geniet in verse 1-12. Dit berus op die waarheid dat alle soorte Christene mekaar moet aanvaar soos Christus, hulle Heer en Regter, beide groepe volkome aanvaar het. Geestelikheid wat vir 'n groep belangrik is op grond van dinge soos hulle verlede, persoonlikheidstipe, ouers se manier van doen, persoonlike voorkeure, eie vroeëre ondervindinge, ens., is nie vir God belangrik nie.
- B. Hierdie tweede gedeelte van die gesprek oor Christelike vryheid en verantwoordelikheid, kyk vanuit 'n heel ander perspektief na die vraagstuk. In hierdie verse is dit die gelowige se liefde vir God, in Christus, wat die grondslag vir verhoudinge met andersdenkende Christenbroers bepaal. Soos wat Jesus sy lewe vir sy gelowiges opgegee het, moet hulle ook nou hulle vryheid opgee in belang van diegene vir wie Hy gesterf het (vgl. 2 Kor. 5:13-14; 1 Joh. 3:16). Hierdie klem op liefde as die basiese motief vir Christelik-leef, veral wat betref ongelowiges, en kom ook voor in 13:8-10.
- C. Die waarheid dat alle dinge in die fisiese wêreld “rein” is, is vir sommige Christene moeilik om te aanvaar. Dikwels is gelowiges geneig om die blaam vir sonde op “dinge” te plaas eerder as op hulleself. Paulus maak herhaaldelik die opmerking dat alle dinge rein is (vgl. 14:14, 20; 1 Kor. 6:12; 10:25-26; 1 Tim. 4:4; Tit. 1:15). Sy opmerkings volg Jesus se leerstelling in Markus 7:18-23 dat alle voedsel rein is. Rein en onrein voeding word gebruik om vir Petrus aan te dui dat God vir Kornelius aanvaar het (vgl. Han. 10:15).
- D. Hierdie gedeelte is dan in meerdere mate op die “sterker broeders” gerig. Paulus gee toe dat alle dinge rein is, maar voeg daarby dat sulke goeie dinge niks bydra tot die opbouing van almal in God se familie nie (vgl. 1 Kor. 6:1; 10:23). Die sterk broer se vryheid kan afbrekend inwerk op ander Christenbroers. Gelowiges is hulle broer se hoeder – deur Christus en vir Christus.
- E. Dit is opmerklik dat Paulus nêrens aandui dat die swakker broers in 'n groeiproses is om ook “sterk” te word nie. Hierdie gedeelte spreek nie oor groei in die kennis van die genade nie, maar die belangrikheid van die liefde in die proses van Christene se beter verstaan en aanvaarding van mekaar. Dit gaan nie oor wie “reg” of “verkeerd” is nie, maar eerder oor 'n akkommoderende houding ten opsigte van die ander een se persoonlikheidstipe, sy godsdienstige agtergrond en persoonlike ervarings. Die taak van die gelowige is nie om die ander een te verander nie, maar eerder lief te hê en met respek te behandel. Dis 'n kwessie van wat in die hart aangaan, en nie net die verstand nie. God aanvaar en het almal vir wie Hy sy Seun gestuur het, lief – vir die hele wêreld, insluitende albei groepe in die kerk van Rome.

## STUDIE VAN WOORDE EN FRASES

### NASB (UPDATED) TEXT: 14:13-23

**<sup>13</sup>Therefore let us not judge one another anymore, but rather determine this – not to put an obstacle or stumbling block in a brother’s way. <sup>14</sup>I know and am convinced in the Lord Jesus that nothing is unclean in itself; but to him who thinks anything to be unclean, to him it is unclean. <sup>15</sup>For if because of food your brother is hurt, you are no longer walking according to love. Do not destroy with your food him for whom Christ died. <sup>16</sup>Therefore do not let what is for you a good thing be spoken**

of as evil; <sup>17</sup>for the kingdom of God is not eating and drinking, but righteousness and peace and joy in the Holy Spirit. <sup>18</sup>For he who in this way serves Christ is acceptable to God and approved by men. <sup>19</sup>So then let us pursue the things which make for peace and the building up of one another. <sup>20</sup>Do not tear down the work of God for the sake of food. All things indeed are clean, but they are evil for the man who eats and gives offense. <sup>21</sup>It is good not to eat meat or to drink wine, or to do anything by which your brother stumbles. <sup>22</sup>The faith which you have, have as your own conviction before God. Happy is he who does not condemn himself in what he approves. <sup>23</sup>But he who doubts is condemned if he eats, because his eating is not from faith; and whatever is not from faith is sin.

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 14:13-23.*

<b>14:13 NASB</b>	<b>“let us not judge one another”</b>
<b>OAV</b>	<b>“Laat ons dan mekaar nie meer oordeel nie”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“kom ons neem ons voor [...] so op te tree dat”</b>

Dis ‘n PRAESENS AKTIEF SUBJUNKTIEF met die NEGATIEWE PARTIKEL wat impliseer dat ‘n proses wat reeds sy aanvang geneem het, gestop moet word. Dis nie ‘n waarskuwing nie, maar ‘n verbod. Dit kom sterk ooreen met vers 16. Die term “oordeel” kom reeds vyf keer voor in verse 1-12, en nou ook vier keer in verse 13-23.

#### **VIR SPESIALE AANDAG: MOET CHRISTENE MEKAAR OOK OORDEEL?**

Daar kan op twee maniere hierna gekyk word: allereers word gelowiges vermaan om mekaar nie te oordeel nie (vgl. mat. 7:1-5; Luk. 6:37, 42; Rom. 2:1-11; Jak. 4:11-12); tog word gelowiges aangemoedig om leiers te evalueer (vgl. Mat. 7:6, 15-16; 1 Kor. 1:29; 1 Tes. 5:21; 1 Tim. 3:1-13; 1 Joh. 4:1-6).

#### **Sekere kriteria mag vir evaluasie van nut wees**

1. evaluasie moet met die oog op bevestiging en aanvaarding gedoen word (vgl. 1 Joh. 4:1 – “toets” met die oog op aanvaarding)
2. evaluasie word met ‘n nederige en vriendelike ingesteldheid gedoen (vgl. Gal. 6:1)
3. evaluasie moet nie op sake van persoonlike voorkeur fokus nie (vgl. Rom. 14:1-23; 1 Kor. 8:1-13; 10:23-33)
4. evaluasie moet daardie leiers in die kerk en gemeenskap identifiseer wat nie “altyd regsit om te kritiseer” nie (vgl. 1 Tim. 3).

<b>■ NASB</b>	<b>“not to put an obstacle or a stumbling block in a brother’s way”</b>
<b>NAV</b>	<b>“om niks te doen wat jou broer kan aanstoot gee of tot ‘n val kan bring nie”</b>
<b>OAV</b>	<b>“om nie die broeder ‘n hindernis of struikelblok in die weg te lê nie”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“ons nie ons medegelowiges sal laat struikel of dinge vir hulle moeilik maak nie”</b>

Dit is PRAESENS AKTIEF INFINITIEF met die NEGATIEWE PARTIKEL wat gewoonlik beteken dat ‘n aksie wat aan die gang is, gestop moet word. Dieselfde waarheid word in vers 21 en 1 Kor. 8:9 daargestel. Die term “hindernis” dui op iets in die pad wat ‘n struikeling kan veroorsaak. Die “blok” van “struikelblok” dui op die meganisme, gelaai met lokaas, wat die slagyster op die prooi laat toeslaan.

Die gemeenskaplikheidsaspek van die Christendom eis dat ons ons broer se hoeder sal wees, 'n bron van aanmoediging en 'n vriend. Geloof maak mense familie!

<b>14:14</b>	<b>NASB</b>	<b>“I know and am convinced in the Lord Jesus”</b>
	<b>NKJV</b>	<b>“I know and am convinced by the Lord Jesus”</b>
	<b>NRSV</b>	<b>“I know and am persuaded in the Lord Jesus”</b>
	<b>TEV</b>	<b>“My union with the Lord Jesus makes me certain”</b>
	<b>JB</b>	<b>“Now I am perfectly well aware, of course, and I speak for the Lord Jesus”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“Omdat ek die Here Jesus ken, weet ek en is ek daarvan oortuig”</b>
	<b>OAV</b>	<b>“Ek weet en is oortuig in die Here Jesus”</b>
	<b>CUM-NLV</b>	<b>“As apostel van Jesus die Here is ek absoluut oortuig daarvan”</b>
	<b>CUM-MVB</b>	<b>“In die Here Jesus weet ek en is ek daarvan oortuig”</b>

Hierdie is 'n PERFEKTUM AKTIEF vorm van *oida* wat in die TEENWOORDIGE TYD gebruik word saam met 'n PERFEKTUM PASSIEF INDIKATIEF. Letterlik beteken dit “ek bly in die wete en was oortuig en sal altyd oortuig wees”. Dit is 'n herhaling van die waarheid soos in verse 5b en 22-23 gestel: gelowiges se verstaan van geestelike dinge geskied vanweë hulle verhouding met Jesus deur die Heilige Gees. Hulle moet in die lig tot hulle beskikking lewe.

■	<b>NASB</b>	<b>“that nothing is unclean in itself”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“dat niks vanself onrein is nie”</b>
	<b>OAV</b>	<b>“dat niks op sigself onrein is nie”</b>

'n Waarheid wat ook in Han. 10:9-16 geïllustreer word. Dinge is nie sleg nie, maar mense is sleg. Niks in die skepping is van nature sleg nie (vgl. vers 20; Mark. 7:18-23; 1 Kor. 10:25-26; 1 Tim. 4:4 en Tit. 1:15)!

■	<b>NASB</b>	<b>“but to him who thinks anything to be unclean, to him it is unclean”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“Maar as iemand iets as onrein beskou – vir hom is dit dan onrein”</b>
	<b>OAV</b>	<b>“maar hy wat reken dat iets onrein is, vir hom is dit onrein”</b>
	<b>CUM-NLV</b>	<b>“Maar as iemand dit as onrein beskou – nou ja, dan is dit vir daardie persoon verkeerd”</b>

Dit gaan oor onreinheid in 'n godsdienstige sin. Gelowiges bepaal hulle optrede volgens hulle gewete (vgl. verse 5, 22-23). Selfs al is hulle duidelik nie op hoogte van sake nie, moet hulle voor God wandel volgens die lig tot hulle beskikking. Hulle mag ook nie ander gelowiges volgens hulle lig beoordeel nie, veral nie in die vele gevalle van moontlike dubbelsinnigheid in die Skrif nie (vgl. 14:1, 3, 4, 10, 13).

<b>14:15</b>	<b>NASB</b>	<b>“For because of food your brother is hurt,”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“As jy met wat jy eet jou broer aanstoot gee”</b>
	<b>OAV</b>	<b>“maar as jou broeder deur voedsel gegrief word”</b>
	<b>CUM-NLV</b>	<b>“As jy met wat jy eet jou medegelowige ontstel”</b>

Dit is 'n VOORWAARDELIKE SIN KLAS EEN wat as waar aanvaar word uit die perspektief of vir die literêre doeleindes van die skrywer. Liefde, nie regte nie; verantwoordelikheid, nie vryheid nie, bepaal ons lewenstyl.

Daar is twee moontlikhede waarna die teks kan verwys: (1) Joodse voedselvoorskrifte (vgl. Lev. 11); of (2) vleis aan afgode geoffer (vgl. 1 Kor. 8-10). Vers 20 werp die lig kristalhelder op hierdie gedagte.

- **NASB** “you are no longer walking according to love”
- NAV** “leef jy nie meer volgens die liefde nie”
- OAV** “dan wandel jy nie meer volgens die liefde nie”
- CUM-NLV** “handel jy nie meer volgens die reël van die liefde nie”
- CUM-MVB** “leef jy nie meer volgens die beginsel van absolute liefde nie”

Hierdie is al dikwels die “wet van vryheid” (vgl. Jak. 1:25; 3:12), die “koninklike wet” (Jak. 2:8) of “die wet van Christus” (vgl. Gal. 6:2) genoem. Dit stel dus die nuwe verbond se riglyne en verantwoordelikhede!

- **NASB, NKJV** “Do not destroy with your food him for whom Christ died”
- NRSV** “Do not let what you eat cause the ruin of one for whom Christ died”
- TEV** “Do not let the food that you eat ruin the person for whom Christ died”
- JB** “You are certainly not free to eat what you like if that means the downfall of someone for whom Christ died”
- NAV** “Moenie deur wat jy eet iemand vir wie Christus gesterf het, laat verlore gaan nie”
- OAV** “Moenie deur jou voedsel hom te gronde rig vir wie Christus gesterf het nie”
- CUM-NLV** Jy moet tog nie deur wat jy eet iemand se lewe verwoes nie”
- CUM-MVB** “Moenie deur wat jy eet iemand vir wie Christus gesterf het, tot niet laat gaan nie”

Dis ‘n PRAESENS IMPERATIEF met die NEGATIEWE PARTIKEL wat gewoonlik beteken dat ‘n aktiwiteit wat reeds sy aanvang geneem het, gestaak moet word. Dis ‘n baie sterk uitspraak. Die vryheid van sommige Christene moet nie die ondergang van ander Christene veroorsaak nie! Hiermee moet nie die verlies of verval van verlossing verstaan word nie, maar verlies aan vrede, sekerheid en effektiewe bediening.

Die term “verwoes” is die Griekse *lupeō* wat “hartseer maak” of “smart of pyn veroorsaak” beteken. In die LXX het dit dieselfde betekenis. Paulus gebruik die woord meestal in 2 Korintiërs (vgl. 2:2, 4, 5; 6:10; 7:8, 9, 11). Die “verwoes”-vertaling is te sterk. Dit gaan nie oor verlies aan verlossing nie, maar wel oor die aanklag van die Heilige Gees omdat ‘n gelowige se persoonlike oortuigings afgetakel word (vgl. vers 23).

- 14:16 NASB** “do not let what is for you a good thing be spoken of as evil”
- NKJV, NRSV, TEV** “do not let your good be spoken of as evil”
- JB** “you must not compromise your privilege”
- NAV** “Moenie dat die goeie wat julle het ‘n slegte naam kry nie”
- OAV** “Laat dan van die goeie wat aan julle behoort, nie kwaad gesprek word nie”
- CUM-NLV** “Sorg dan dat daar nie sleg gepraat word oor iets waarvan julle weet dat dit opsigself goed is nie”

Dit is ‘n PRAESENS PASSIEF IMPERATIEF met die NEGATIEWE PARTIKEL wat beteken ‘n handeling wat reeds sy aanvang geneem het, moet stop. Vryheid kan maklik lei tot goedkeuring en kompromie.

Die “goeie” waarvan hier gepraat word, dui op die aktiwiteite van “sterk” broeders. As sterk Christene met hulle vryheid op so ‘n manier omgaan dat “swak” gelowiges negatief gestem word en gekrenk voel, dan word die “goeie ding” ‘n instrument van die bose. Dit wil voorkom of die fokus van besorgdheid oor die swak Christen reeds hier effens na die ongelowige verskuif word



(vgl. vers 18b). Die begrip “belaster” is implisiet in hierdie WERKWOORD aanwesig en word gewoonlik gebruik om reaksie van nie-gelowiges te beskryf.\*

<b>14:17 NASB</b>	<b>“the kingdom of God”</b>
<b>NAV, OAV</b>	<b>“die koninkryk van God”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“As God koning is in ons lewe”</b>
<b>CUM-MVB</b>	<b>“Die koninklike regering van God”</b>

Dit is die enigste plek in Romeine waar hierdie frase gebruik word. Jesus het dit dikwels gebruik. Dit is ‘n werklikheid hier en nou, maar ook ‘n toekomstigheid (vgl. Mat. 6:10). Dus, die gemeenskaplike bestaan van die “liggaam van Christus” (die kerk) is belangriker as die reg op persoonlike vryhede. sien die *Vir Speciale Aandag* wat volg.

### **VIR SPESIALE AANDAG: DIE KONINKRYK VAN GOD**

In die OT word aan YHWH as die koning van Israel gedink\*\* (vgl. 1 Sam 8:7; Ps. 10:16; 24:7-9; 29:10; 44:4; 89:18; 95:3; Jes. 43:15; 44:4, 6) en aan die Messias as die ideale koning (vgl. Ps. 2:6). Met Jesus se geboorte in Betlehem (6-4 v.C.) breek die koninkryk van God met nuwe krag en verlossing aan in die geskiedenis van die mensdom (‘n nuwe verbond, vgl. Jer. 31:31-34; Eseg. 36:27-36). Johannes die Doper kondig die nabyheid van die koninkryk aan (vgl. Mat. 3:2; Mark. 1:15). Jesus het duidelik verkondig dat die koninkryk teenwoordig was in Hom as persoon en in sy leer (vgl. Mat. 4:17, 23; 9:35; 10:7; 11:11-12; 12:28; 16:19; Mark. 12:34; Luk. 10:9, 11; 11:20; 12:31-32; 16:16; 17:21). Maar die koninkryk is ook toekomstig (vgl. Mat. 16:28; 24:14; 26:29; Mark. 9:1; Luk. 21:31; 22:16, 18).

Die uitdrukking “koninkryk van God” kom veral in die Sinoptiese parallele in Markus en Lukas voor. Vir daardie tyd was regering van God in die hart van mense die deurlopende tema van Jesus se prediking, maar dit was bestem om toekomstig die hele aarde (fisies) in te sluit. Dit kom veral na vore in Jesus se gebed in Mat. 6:10. Mattheus, wat vir Jode geskryf het, het om veilig te wees verkies om die frase “koninkryk van die hemel” te gebruik, terwyl Markus en Lukas, wat vir heidene geskryf het, nie ‘n probleem het met die verwysing na godheid in dié frase nie.

Dit is derhalwe ‘n sleutelbegrip in die Sinoptiese evangelies. Jesus se boodskappe (die eerste en die laaste) en sy gelykenisse het oor dié onderwerp gehandel. Dit was gerig op die heerskappy van God in die harte van mense, hier en nou! Dit is verrassend dat Johannes die frase net twee keer aanhaal, hoewel nie ‘n enkele keer in ‘n gelykenis van Jesus nie! In Johannes is die sleutelgedagte en metafoor die “ewige lewe”.

Hierdie spanning word deur die twee verskynings van Christus veroorsaak. Die OT-fokus oënskynlik net op een koms van God se Messias\*\*\* – strydlustige, veroordelende, glansryke verskyning – terwyl die NT Hom voorstel as die Lydende Knecht van Jes. 53 en die nederige koning van Sag. 9:9. Dit veroorsaak ‘n oorvleueling. Dit bring die Joodse “era van geregtigheid” vroeër op die toneel in hulle veronderstelde “era van ongeregtigheid”. Tans regeer Jesus in die harte van gelowiges, maar eendag sal Hy oor die hele skepping regeer. Dan sal Hy weer kom soos die OT voorspel, ‘n glansryke verskyning! Gelowiges leef tans in die “alreeds” versus die “nog nie” van die komende Godsryk (vgl. Gordon D. Fee en Douglas Stuart, *How to Read The Bible For All Its Worth*, bl. 131-134).

\* sien CUM-MVB – vert.

\*\* Israel was dus nie bloot ‘n nasiestaat soos ander in die omliggende wêreld nie, maar ‘n *qahal* YHWH – gemeente van Jahweh – vert.

\*\*\* “Oënskynlik” ingevoeg: OT-profetisme het gewoonlik meer stadiums van vervulling – vert.

■ NASB	<b>“but righteousness and peace and joy in the Holy Spirit”</b>
NAV	<b>“maar van gehoorsaamheid aan God, vrede en vreugde, wat die Heilige Gees ons gee”</b>
OAV	<b>“maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees”</b>
CUM-NLV	<b>“dit gaan daarom dat ons reg sal lewe en die vrede en die blydskap sal vertoon wat die Heilige Gees in ons bewerk”</b>
CUM-MVB	<b>“maar van ‘n lewe wat getuig van ‘n herstelde verhouding met God, vrede en vreugde, wat die Heilige Gees ons gee”</b>

Dit is die Gees wat hierdie kwaliteite in individuele gelowiges en in die geloofsgemeenskap bewerk. Dit is die kenmerke van God se familie – innerlik én uiterlik.

Paulus gebruik die term “geregtigheid” hier met ‘n bepaalde betekenis. Sien *Vir Spesiale Aandag: Geregtigheid* by 1:17. Normaalweg dui dit op toegerekende geregtigheid – ‘n vrypraak van God (forensies) – en dus vergifnis en ‘n verlore staat in Christus (vgl. 3:21-31 en hoofstuk 4). Die sondige mensdom word egter nie net geregtigheid toegereken nie, maar moet dit ook nastrewe. Geregtigheid is beide ‘n geskenk en ‘n doelwit om te bereik; ‘n INDIKATIEF en ‘n IMPERATIEF; ‘n staanplek en die trapleer om te klim; ‘n besluit om te glo en ‘n lewe in geloof! Sien *Vir Spesiale Aandag: Heiligmaking* by 6:4.

**14:18** Gelowiges wat in belang van swakker gelowiges self hulle vryheid beperk, dien Christus op ‘n besondere manier. Daar is nie ‘n beter manier om ons liefde vir Jesus te toon as om diegene vir wie Hy gesterf het, met liefde te versorg en te beskerm nie.

■ NASB	<b>“approved by men”</b>
NAV	<b>“die agting van die mense”</b>
OAV	<b>“is by die mense geag”</b>
CUM-NLV	<b>“en die mense rondom jou sal jou respekteer”</b>

Sulke liefde onder Christene baan die weg vir bediening aan en getuieis teenoor die ongelowige gemeenskap. Hoe ons mekaar binne die geloofsgemeenskap behandel, stuur ‘n kragtige boodskap na buite, hetsy positief of negatief.

<b>14:19</b> NASB	<b>“let us pursue”</b>
NAV	<b>“laat ons ons dan beywer”</b>
OAV	<b>“Laat ons dan najaag”</b>
CUM-NLV	<b>“Kom ons strewede dus”</b>

Hierdie idioom, *diōkō*, kom algemeen in die Griekse OT (LXX) voor sowel as in geskifte van Paulus, en beteken “om gretig na te volg” of “ernstig probeer om te verkry”. Paulus gebruik die woord in Rom. 9:30-31; 12:13 en hier om “navolg” te beteken, maar in 12:14 om te dui op diegene wat gelowiges vervolg (vgl. 1 Kor. 4:12; homself ingesluit, 15:9; 2 Kor. 4:9; Gal. 1:13, 23; Fil. 3:6).

Hierdie is ‘n PRAESENS AKTIEF INDIKATIEF (MSS Ɱ, A, B, F, G, L en P) of ‘n PRAESENS AKTIEF SUBJUNKTIEF (MSS C en D) hier as ‘n IMPERATIEF gebruik. Die UBS<sup>4</sup> gee voorkeur aan die SUBJUNKTIEF in sy teks, maar gradeer nogtans met ‘n “D” wat aanduiding is van “ernstige probleme”.

Let op die volgende wat Christene behoort na te streef:

1. gasvryheid, 12:13
2. die dinge wat vrede bring en die onderlinge versterking daarvan bevorder, 14:19

3. liefde, 1 Kor. 14:1
4. Christusgesindheid (gelykvormigheid), Fil. 3:12, 14
5. goeddoen vir mekaar en dus ook vir alle mense, 1 Tes. 5:15
6. geregtigheid, vroomheid, geloof, liefde, volharding en vriendelikheid, 1 Tim. 6:11
7. geregtigheid, geloof, liefde en vrede met almal wat die Here met 'n opregte hart aanroep, 2 Tim. 2:22

■ NASB	<b>“for peace and building up of one another”</b>
NAV	<b>“wat die onderlinge vrede en opbou bevorder”</b>
OAV	<b>“wat tot vrede en onderlinge stigting dien”</b>
CUM-NLV	<b>“daarna wat ons onderlinge geestelike opbou sal bevorder”</b>
CUM-MVB	<b>“wat die vrede en onderlinge opbou bevorder”</b>

Dit moet die gelowige se doelwit in alle dinge wees (Ps. 34:14; Heb. 12:14). 'n Mens se persoonlike vryheid en teologiese insig moet meehelp om die stabiliteit en groei in die liggaam van Christus te bevorder (vgl. 15:2; 1 Kor. 6:12; 14:26; Ef. 4:12). Sien *Vir Spesiale Aandag: Opbou/Stig* by 15:2.

<b>14:20</b> NASB	<b>“do not tear down the work of God”</b>
NAV	<b>“afbreuk doen aan die werk van God nie”</b>
OAV	<b>“die werk van God afbreek nie”</b>
CUM-NLV	<b>“Moenie langer toelaat dat die Here se werk afgebreek word”</b>

Dit is 'n PRAESENS AKTIEF IMPERATIEF met die NEGATIEWE PARTIKEL wat gewoonlik beteken 'n aktiwiteit moet gestaak word. Hierdie is 'n baie sterk WERKWOORD saamgestel uit *kata* + *luō* wat slegs drie keer in Paulus se geskryfte voorkom (vgl. 2 Kor. 5:1 vir dood en Gal. 2:18 vir dieselfde as in hierdie vers, afbreek/vernietig). Daar is 'n woordspel tussen die “opbou” van vers 19 en hierdie woord wat letterlik eintlik “afbreek” beteken. Beide is metafore uit die woordeskat van bouers en konstruksiewerke.

Wat is die werk van God in hierdie konteks? Die Gees se werksaamheid in die lewe van die “swak” gelowiges, maar nie so dat daar van groei na volwassenheid sprake is nie. Nêrens in hierdie hele konteks, of in 1 Kor. hoofstukke 8-10, is daar sprake daarvan dat die groepe mekaar moet help om te verander of mekaar moet help om aan te pas nie.

■ NASB	<b>“all things indeed are clean”</b>
NAV	<b>“alle kos is rein”</b>
OAV	<b>“alles is wel rein”</b>
CUM-NLV	<b>“onthou, ‘n mens kan alles eet”</b>

Sien die aantekening by vers 14.

■ NASB	<b>“but they are evil for the man who eats and gives offense”</b>
NKJV	<b>“but it is evil for the man who eats with offense”</b>
NRSV	<b>“but it is wrong for you to make others fall by what you eat”</b>
TEV	<b>“but it is wrong to eat anything that will cause someone else to fall into sin”</b>
JB	<b>“but it becomes evil if by eating it you make somebody else fall away”</b>
NAV	<b>“maar dit is verkeerd om deur wat jy eet aanstoot te gee”</b>
OAV	<b>“maar dit is verkeerd vir ‘n mens om te eet as dit tot aanstoot is”</b>
CUM-NLV	<b>“maar dit is sleg as jy deur iets wat jy eet ‘n medegelowige laat struikel”</b>
CUM-MVB	<b>“maar dit is verkeerd om deur wat jy eet struikeling te veroorsaak”</b>

Hierdie vers stel die sentrale waarheid van hoofstuk 14 (vgl. 1 Kor. 10:25-26; Tit. 1:15).

Wat in hierdie vers opgeteken is, geld vir vleis wat aan afgode geoffer of gewy is (vgl. 1 Kor. 8-10). Vleis eet is nie “goed” of “sleg” nie. ‘n “Swak” broer wat dit as onvanpas beskou, sien ‘n ander Christen sulke “offervleis” eet en eet dan maar ook. Op dié wyse word iets wat normaalweg as neutraal beskou word, afbrekend ervaar in die gemoed en gewete van iemand wat agting het vir die wil van God.

Al die bostaande Afrikaanse vertalings, en die meeste Engelse vertalings, plaas die onus vir die “aanstoot” en slegte invloed op die skouers van die “sterker broer”. Die Rooms Katolieke weergawe in die *New American Bible* plaas die onus op die skouers van die “swakker broer” met “maar dit is verkeerd vir iemand om te eet as die voedsel ‘n aanstoot vir sy gewete is”. Inaggenome die hele teksverband blyk die eerste opsie die meer korrekte te wees, maar die dubbelsinnigheid wat albei groepe insluit mag in ooreenstemming met verse 22-23 tog van nut wees.

**14:21** Hiermee kry die “sterk broers” iets om oor na te dink. Hierdie vers is die enigste grond in die Bybel om die teologiese konsep van “geheelonthouding” te steun. Sterk Christene moet self uit liefde vir hulle mede-Christene en as opregte soekers na God, verlore mense van sekere voedsels en drankte weerhou. Kultuur, omgewing en/of denominasie het ‘n groot rol te speel in die proses van selfbeperkende optrede.

Hier het ons twee AORISTUS AKTIEF INFINITIEWE met die NEGATIEWE PARTIKEL wat impliseer dat ‘n aktiwiteit hoegenaamd nie mee begin moet word nie. Sommige is van mening dat hierdie herhaalde AORISTUSSE slegs op bepaalde situasies van toepassing is, soos genoem in 1 Kor. 8-10. Vanselfsprekend is die bedoeling nie dat normale eet en drink verbied moet word nie.

<b>14:22 NASB</b>	<b>“The faith which you have, have as your own conviction before God. Happy is he who does not condemn himself in what he approves”</b>
<b>NKJV</b>	<b>“Do you have faith? Have it to yourself before God. Happy is he who does not condemn himself in what he approves”</b>
<b>NRSV</b>	<b>“The faith that you have, have as your own conviction before God. Blessed are those who have no reason to condemn themselves because of what they approve”</b>
<b>TEV</b>	<b>“Keep what you believe about this matter, then, between yourself and God. Happy are those who do not feel guilty when they do something they judge is right!</b>
<b>JB</b>	<b>“Hold on to your own belief, as between yourself and God – and consider the man fortunate who can make his decision without going against his conscience”</b>
<b>NAV</b>	<b>“Laat jou oortuiging hieroor ‘n saak tussen jou en God wees. Gelukkig is die man wat hom nie hoef te verwyte oor wat hy hom veroorloof nie.”</b>
<b>OAV</b>	<b>“Het jy geloof? Behou dit vir jouself voor die aangesig van God. Gelukkig is hy wat homself nie oordeel in wat hy vir geoorloof ag nie”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“Jy mag persoonlik daarvan oortuig wees dat jy niks verkeerd doen nie, maar hou dit liever tussen jou en God. Gelukkig is jy as jy nie jouself hoef te verwyte oor wat jy weet opsigself reg is nie.”</b>
<b>CUM-MVB</b>	<b>“Laat jou oortuiging hieroor ‘n saak tussen jou en God wees.</b>

**Gelukkig is die man wat homself nie veroordeel oor wat hy as reg beskou nie.”**

Dit herbevestig dat die gelowige in die lig van sy gewete, gevorm deur die Heilige Gees en die Bybel, moet lewe. Hy moet wandel in die lig waaroor hy beskik, maar nie in soverre hy daardeur die geloof van sy medegelowige benadeel nie. Vers 22 is op die “sterker broeder” gerig en vers 23 op die “swakker broeder”.

Vers 22 begin met ‘n manuskripvariasie. Dit kan ‘n vraag wees (NKJV en OAV) of ‘n stelling (NASB, NRSV, TEV, JB, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV).

■ NASB	“approves”
NAV	“veroorloof”
OAV	“geoorloof”
CUM-NLV	“weet opsigself reg is”
CUM-MVB	“as reg beskou”

Sien *Vir Speciale Aandag: “Toetsing” – Griekse Terme en Konnotasies* by 2:18.

14:23 NASB	“But he who doubts”
NAV	“as iemand egter twyfel”
OAV	“Maar hy wat twyfel”

Dit is ‘n PRAESENS MEDIUM DEELWOORD wat op ‘n oordrewe Christen sinspeel.

■ NASB	“is condemned”
NAV	“is jy klaar veroordeel”
OAV	“is veroordeel”
CUM-NLV	“staan jy veroordeel”

Hierdie is ‘n PERFECTUM PASSIEF INDIKATIEF saamgestel *kata* + *krinō*, wat beteken: (1) skuldig, gemeet aan die ideaal (in kontras met; vgl. Harold K Milton, *The Analytical Greek Lexicon Revised*, bl. 216); (2) nie veroordeling nie, maar straf ná vonnis (vgl. Rom. 5:16, 18; 8:1 [sien Moulton en Milligan, *The Vocabulary of the Greek Testament*, bl. 328]). Die teks verwys na die skending van die gewete en die gevolglike onstuimige gemoed wat met die veroordeling van die Heilige Gees geassosieer word.

■ NASB	“if he eats”
NAV	“en tog eet”
OAV	“as hy eet”

Dis ‘n VOORWAARDELIKE SIN KLAS DRIE .

■ NASB	“and whatever is not from faith is sin”
OAV	“en alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde”
CUM-NLV	“Alles wat jy nie uit volle geloofsoortuiging doen nie, is sonde”

Oortreding van die gebooie is sonde, maar in areas waar die Bybel nie duidelike leiding gee nie, oftewel die “grys” areas, daar geld skending van die gewete as sonde. Ons moet wandel in die lig wat ons het – altyd oop vir en in afwagting op meer lig deur die Woord en die Gees.

Gelowiges wat God se wil wil verstaan, moet besluite neem oor hul aktiwiteite. Dit is moontlik dat ervare gelowiges verskillende oortuigings sal hê wat betref sake waaroor die Bybel nie duidelik spreek nie, en nogtans hulle binne die wil van God bevind.

■ Sommige Griekse manuskripte het die doksologie van 16:25-27 hier aan die einde van hoofstuk 14. Sommige het dit op beide plekke. Die papyrus manuskrip P<sup>46</sup> het dit aan die einde van hoofstuk 15. Die tradisie van Romeine-manuskripte het ses verskillende plasings van die doksologie opgelewer. Vir volledige inligting hieroor kan *A Textual Commentary of the Greek New Testament* (Bruce M. Metzger, United Bible Societies, bl. 533-536) geraadpleeg word. Hier volg 'n verkorte opsomming van die verskillende teorieë:

- (1) Origenes het gesê dat 'n vroeë ketter in Rome, Marcion, die laaste twee hoofstukke van Romeine weggelaat het. Dit sou die verklaring bied vir die doksologie aan die einde van hoofstuk 14;
- (2) ander geleerdes speel met die gedagte dat Paulus een weergawe van Romeine vir Rome bedoel het, hoofstukke 1-14, en later 'n behoefte aan die inhoud daarvan by die Efesiërs opgemerk het en hoofstukke 15 en 16 bygevoeg het. Die lang lys van persoonlike groete weerspieël Efese en nie Rome nie;
- (3) die groete van hoofstuk 16 was gerig aan gelowiges op, of langs, die roete na Rome aangesien Aquila en Priscilla in Efese was en nêrens opgeteken staan dat hulle na Rome teruggekeer het nie;
- (4) die doksologie is nie oorspronklik van Paulus nie, maar is later bygevoeg as 'n stuk liturgie vir gebruik in eredienste.

M.R. Vincent, *Word Studies*, vol. 2, stel interessant:

“Against all these theories is the stubborn fact that of the known extant MSS of Paul (about three hundred) all MSS hitherto collated, including all the most important, give these chapters in the received connection and order, with the exception of the doxology” (bl. 750).

## BESPREKINGSVRAE

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Beskryf die “swakker broer”. Bedoel Paulus dat hulle onvolwasse is?
2. In watter verhouding staan Christelike vryheid tot Christelike verantwoordelikheid?
3. Is alle dinge in die natuur “rein” en moreel neutraal (vers 14, 20)?
4. Waarom was die kwessies oor kos so belangrik in Korinte? Onthou dat Paulus Romeine uit Korinte geskryf het.
5. Verduidelik die verhouding tussen kennis, vryheid en liefde in hierdie hoofstuk.
6. Waarop moet die samehorigheid in die kerk gebaseer word?
7. Waarop baseer ons ons individuele keuses en aksies?
8. Hoe affekteer ons aktiwiteite ander en wat verg dit dus van ons?
9. Hoe stel ons korrekte Christelike etiek vas?
10. Is dit moontlik dat ervare Christene meningsverskil kan hê en nogtans binne God se wil kan wees?

## ROMEINE 15

<b>PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*</b>					
<b>UBS<sup>4</sup></b>	<b>NKJV</b>	<b>NRSV</b>	<b>TEV</b>	<b>JB</b>	<b>NAV</b>
Neem jou medemens in ag, nie jousef nie 15:1-6	Dra ander se laste 15:1-6	Die sterkes moet die swakkes dra 15:1-6	Neem ander in ag, nie jousef nie 15:1-6	(14:22-15:6) 15:1-7	Die voorbeeld van Christus 15:1-6
Dieselfde evangelie vir heidene en Jode 15:7-13	Verheerlik God gesamentlik 15:7-13	15:7-13	Die evangelie na die heidene 15:7-12 15:13	'n Beroep om eenheid 15:7-12 15:13	Die evangelie is vir die mense 15:7-13
Paulus se sendingopdrag 15:14-21	Van Jerusalem na Illirikum 15:14-21	Persoonlike opmerkings 15:14-21	Paulus se rede vir vrymoedig skryf 15:14-21	Slotrede 15:14-16 15:17-21	Paulus se sendingopdrag 15:14-21
Paulus se plan om Rome te besoek 15:22-29 15:30-33	Beplan 'n besoek aan Rome 15:22-33	15:22-29 15:30-33	Paulus beplan om Rome te besoek 15:22-29 15:30-33	Paulus se voornemens 15:22-29 15:30-33	Paulus se plan om Rome te besoek 15:22-29 15:30-33

### **LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xi)**

#### **OM DIE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK TE VOLG**

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die sewe vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as die sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

#### **DIE DELE IN KONTEKS: ROMEINE 15:1-13**

- A. Die bespreking van Christelike vryheid en verantwoordelikheid wat in hoofstuk 14 begin is, word in 15:1-13 voortgesit.
- B. Die argumentasie soos vervat in 14:1-15:13 kan as volg uiteengesit word:
  1. aanvaar mekaar omdat God ons in Christus aanvaar (vgl. 14:1, 3; 15:7);

\* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hierbo. Aanhalings inteks is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

2. moenie mekaar oordeel nie, want Christus is die Heer en Regter (vgl. 14:3-12);
  3. liefde is belangriker as persoonlike vryheid (vgl. 14:13-23); en
  4. volg Christus daarin na om jou regte te laat vaar terwille van ander se opbou en welsyn (vgl. 15:1-13).
- C. Die drievoudige doel van die hele gedeelte 14:1-15:13 word in 15:5-6 daargestel:
1. leef saam met mekaar in harmonie;
  2. leef na die voorbeeld van Christus; en
  3. met eenheid van hart en mond tot lof van God.
- D. Net soos in 1 Kor. 8-10 word die spanning tussen persoonlike vryheid en gemeenskaplike verantwoordelikheid in dié gedeelte hanteer.

## STUDIE VAN WOORDE EN FRASES

### NASB (UPDATED) TEXT: 15:1-6

**<sup>1</sup>Now we who are strong ought to bear the weaknesses of those without strength and not *just* please ourselves. <sup>2</sup>Each of us is to please our neighbor for his good, to his edification. <sup>3</sup>For even Christ did not please Himself; but as it is written, "THE REPROACHES OF THOSE WHO REPROACHED YOU FELL ON ME." <sup>4</sup>For whatever was written in earlier times was written for our instruction, so that through perseverance and the encouragement of the Scriptures we might have hope. <sup>5</sup>Now may the God who gives perseverance and encouragement grant you to be of the same mind with one another according to Christ Jesus, <sup>6</sup>so that with one accord you may with one voice glorify the God and Father of our Lord Jesus Christ.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 15:1-6.*

15:1	NASB	“Now we who are strong ought to bear the weaknesses of those without strength”
	NKJV	“We then who are strong ought to bear the scruples of the weak”
	NRSV	“We who are strong ought to put up with the failing of the weak”
	TEV	“We who are strong in the faith ought to help the weak to carry their burdens”
	JB	“We who are strong have a duty to put up with the qualms of the weak”
	NAV	“Op ons wat sterk is in die geloof, rus die verpligting om die swakhede te verdra van die wat nie sterk is nie”
	OAV	“En op ons wat sterk is, rus die verpligting om die swakhede te dra van die wat nie sterk is nie”
	CUM-NLV	“Die van ons met ‘n sterk geloof behoort die twyfels en vrese van ons medegelowiges met ‘n sensitiewe geloof in aanmerking te neem”
	CUM-MVB	“Op ons wat sterk is, rus die verpligting om die swakhede te verdra van die wat nie sterk is nie”

Hierdie is twee PRAESENS INFINITIEWE wat as IMPERATIEWE ingespan word. Verwysing na “sterk” en “swak” is ‘n aanduiding dat die betoog van hoofstuk 14 voortgesit word. Dit wil voorkom of die betoog ‘n weerspieëling is van die spanning onder die Christene van Rome, en al die ander kerke, oor hoe Christene hulle moet uitleef in die sake waarin die Bybel nie voorskriftelik is nie. Paulus identifiseer hom hier weereens met die “sterk” groep.



Vir moderne lesers veroorsaak die etikettering “sterk” en “swak” ‘n mate van vooroordeel. Dit was egter nie Paulus se bedoeling nie. Die “sterk” groep was hulle wat bevry was van ritus-georiënteerde godsdienstige lewe. Hulle verhouding met God het nie saamgehang met die uitvoering van sekere ritusse of die vermyding van sekere taboes nie. Die ander groep was ook volkome Christelik en in die gemeente ten volle aanvaar. Hulle was volkome toegewyd, maar het hulle geloof met religieuse idees uit hulle verlede ingeklee. Die Joodse gelowiges was geneig daartoe om aan die OT-verbondspraktyke van Judaïsme vas te hou. Die bekeerde heidene, op hulle beurt, was geneig om aan sekere praktyke van hulle ou (heidense) godsdienstigheid vas te hou. Paulus beskou nie enige van hierdie ingesteldhede as sonde nie. Alleen wanneer gewetes geweld aangedoen word, kan daar sprake van sonde wees (vgl. vers 23).

Die term “die swakkes” (*adunates* – sonder krag, vgl. Rom. 8:3) verskil van die term *astheneō* in 14:1, 21 (vgl. 1 Kor. 8:7, 10, 11, 12; 9:22), wat ook “sonder sterkte” beteken.

Hiermee word aangedui dat Christene nie teensinnig verdraagsaam moet wees teenoor ander Christene nie, maar eerder met liefde vir mekaar moet “omgee” en “saamwerk”. Die term “dra” is ook van Jesus gebruik in “kruisdra” (Joh. 19:17 en Luk. 14:27). Paulus was goed bekend met spanning wat tussen godsdienstige mense kan opduik. Hy is onder Gamaliël, ‘n vrydenkende, liberale rabbyn van die Hillel-groep, opgelei en toegerus.

■ NASB	<b>“and not <i>just</i> please ourselves”</b>
NAV	<b>“ons moenie aan onself dink nie”</b>
OAV	<b>“en nie onself te behaag nie”</b>
CUM-NLV	<b>“en nie ons eie belange voorop stel nie”</b>
CUM-MVB	<b>“ons moenie net ons eie sin probeer kry nie”</b>

Hierdie is ‘n PRAESENS AKTIEF IMPERATIEF met die NEGATIEWE PARTIKEL wat gewoonlik beteken staak ‘n aktiwiteit wat aan die gang is. Selfgesentreerdheid is ‘n seker teken van onvolwassenheid. Om Christus se voorbeeld na te volg (vgl. vers 3 en Fil. 2:1-11) is blyke van volwassenheid. Nou word die “sterkes” weer aangespreek (vgl. 14:1, 14, 16, 21, 27). Dit wil nie voorgee dat hulle alleen die verantwoordelikheid vir die voortgang van die meelewing moet aanvaar nie; die “swakkes” word in 14:3, 20, 23; 15:5-6, 7 ook aangespreek.

15:2 NASB	<b>“Each of us is to please his neighbor”</b>
NAV	<b>“elkeen van ons moet aan ons naaste dink”</b>
OAV	<b>“want elkeen van ons moet die naaste behaag”</b>
CUM-NLV	<b>“Ons moet aan die beswil van ons naastes dink”</b>
CUM-MVB	<b>“elkeen van ons moet ons naaste tevrede stel”</b>

Die “naaste” (“neighbor”) word hier met die betekenis van mede-Christen gebruik. Daarmee bedoel hy nie dat persoonlike oortuigings gekompromitteer moet word nie, maar eerder dat persoonlike voorkeure of opinie nie in die dubbelsinnige “grys”-areas opgedring moet word nie. Die eenheid en groei van die liggaam van Christus is hoofsaak, nie persoonlike voorkeure of “vryheid” nie (vgl. 1 Kor. 9:19-23; 10:24-33; Ef. 4:1-16).

■ NASB	<b>“for his edification”</b>
NKJV	<b>“leading to edification”</b>
NRSV	<b>“for the good purpose of building up the neighbor”</b>
TEV	<b>“in order to build them up in the faith”</b>
JB	<b>“help them to become stronger Christians”</b>
NAV	<b>“aan wat vir hom goed is en wat hom in die geloof kan opbou”</b>
OAV	<b>“met die oog op wat goed is tot stigting”</b>

**CUM-NLV** “en hulle so in die geloofslewe help opbou”  
**CUM-MVB** “sodat die goeie hom opbou”

Dit is die hooftema van hoofstuk 14 (vgl. 14:16, 19). Dit dien ook as toets vir geestelike gawes soos opgeteken in 1 Kor. 10:23; 12:7; 14:26; Ef. 4:29.

In hierdie konteks dui dit op die sterker gelowige wat sy/haar vryheid opoffer om mede-Christene se groei in geloof aan te help. Joseph A. Fitzmyer en Raymond E. Brown (red.) in *The Jerome Biblical Commentary*, vol. 2, lewer interessante kommentaar op die vers, naamlik dat hoewel die vers meermale opgeneem word as “edifikasie vir die naaste”, daar ook die moontlikheid bestaan dat Paulus dit hier gemeenskaplik bedoel. Meermale gebruik hy bouers/konstruksie-metafore met ‘n gemeenskaplike bedoeling en moet dit aanvaar word dat ook hier in 15:2 van ‘n sosiaal-gemeenskaplike opbou sprake kan wees (vgl. 1 Kor. 14:12, Ef. 4:12; Rom. 14:19) (bl. 328).\*

#### **VIR SPESIALE AANDAG: OPBOU/STIG**

Die term *oikodomeō* en verwante vorme, word dikwels deur Paulus gebruik. Letterlik beteken dit “om ‘n huis te bou” (vgl. Mat. 7:24), maar metafories word dit vir die volgende aangewend:

1. die liggaam van Christus, d.w.s. die kerk (1 Kor. 3:9; Ef. 2:21; 4:16)
2. die opbou van
  - a. swak broeders, 15:1
  - b. naastes, 15:2
  - c. mekaar, Ef. 4:29; 1 Tes. 5:11
  - d. die heiliges vir bediening, Ef. 4:11
3. ons bou op of stig met
  - a. liefde, 1 Kor. 8:1; Ef. 4:16
  - b. ‘n perk op eie persoonlike vryhede, 1 Kor. 10:23-24
  - c. vermyding van versinsels (spekulasie), 1 Tim. 1:4
  - d. beperking op/van sprekers in eredienste (sangers, leraars, profete, talesprekers en uitlêers, 1 Kor. 14:3-4, 12)
4. Alles moet opbou dien, oftewel tot stigting wees
  - a. die gesag waarmee Paulus optree, 2 Kor. 10:8; 12:19; 13:10
  - b. sy samevattende uitsprake, Rom. 14:19; 1 Kor. 14:26

**15:3 NASB** “For even Christ”  
**NAV, CUM-NLV** “Christus het immers ook”  
**OAV** “Want ook Christus”  
**CUM-MVB** “Want Christus het tog”

Die Christus-voorbeeld is vir ons beskikbaar. Hy is ons patroon – ‘n waarheid wat in vers 5 sowel as in Fil. 2:1-11; 1 Pet. 2:21; 1 Joh. 3:16 beklemtoon word.

▣ **NASB** “it is written”  
**NAV** “soos daar geskrywe staan”  
**OAV** “maar soos geskrywe is”  
**CUM-NLV** “Soos die Skrif sê”

\* Sien Afrikaans OAV en CUM-NLV – vert.

Hierdie is PRAESENS PASSIEF INDIKATIEF wat deurlopend as idioom dien vir OT-geskrifte. Hierdie is ‘n aanhaling uit Ps. 69:9 en 7.\*\* Christus se voorbeeld (“Christus het nie aan Homself gedink nie”, vgl. Fil. 2:5-8) én ‘n aanhaling uit die OT, was vir die vroeë Christendom bevestiging van die hoogste gesag (vgl. Newman en Nida, *A Translators Handbook on Paul’s Letter to the Romans*, bl. 271). Die selfvernederling van Christus, terwyl Hy die sonde van die wêreld op Hom neem, dien vir ons as voorbeeld (vgl. 1 Joh. 3:16).

<b>15:4 NASB</b>	<b>“for whatever was written in earlier times was written for our instruction”</b>
<b>NAV, OAV</b>	<b>“Want alles wat tevore geskrywe is, is tot ons lering tevore geskrywe”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“Ons moet leer uit wat al lank gelede reeds in die Skrif opgeteken is”</b>
<b>CUM-MVB</b>	<b>“Alles wat vooraf opgeteken is, is tog opgeteken om ons te leer”</b>

Die OT is ook geskryf vir die NT-gelowiges (vgl. Rom. 4:23-24; 15:4; 1 Kor. 9:10; 10:6, 11). Dit is op nuwe verbond-gelowiges van toepassing (vgl. 2 Tim. 2:15; 3:16-17). Daar is kontinuïteit tussen die OT en NT, inaggenome die diskontinuïteit wat bestaan.

▣ <b>NASB</b>	<b>“so that through perseverance and encouragement of the Scriptures”</b>
<b>NAV, CUM-NLV</b>	<b>“sodat ons deur die standvastigheid en bemoediging wat die Skrif ons gee”</b>
<b>OAV</b>	<b>“sodat ons deur lydsaamheid en bemoediging van die Skrifte”</b>
<b>CUM-MVB</b>	<b>“sodat ons deur die volharding wat die Skrif ons bied”</b>

Let daarop hoe die Woord van God en leefstyl wat daaruit voortvloei, saamgevoeg word om vertroue te voed. Geloof en praktyk is saamgesnoer (vgl. vers 5). Hulle gee aanleiding tot selfvertroue in die lewe, maar ook ‘n mate van onsamehangendheid tussen die Ou en Nuwe testamente.

▣ <b>NASB</b>	<b>“we might have hope”</b>
<b>NAV</b>	<b>“vol hoop kan wees”</b>
<b>OAV, CUM-MVB</b>	<b>“hoop kan hê”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“aan ons toekomsverwagting kan bly vashou”</b>

Dit is ‘n PRAESENS AKTIEF SUBJUNKTIEF wat beteken dat ons hoop afhanklik is van aktiwiteit vroeër in vers 4 vermeld. In die NT verwys “hoop” dikwels na die wederkoms wanneer ons verlossing voltooi sal word (vgl. Rom. 8:30; 1 Joh. 3:2). Hierdie Griekse term vir hoop het nie so ‘n konnotasie van onsekerheid as wat dit in hedendaagse Afrikaans en Engels het nie. Die wederkoms is verseker; dit is die betrokke tydsaspek wat in onsekerheid gehul is.

Paulus gebruik die term “hoop” met ‘n verskeidenheid konnotasies wat almal met mekaar in verband staan. Een daarvan is die gelowige se verwagting van voleindiging van sy geloof. Dit kan beskryf word as heerlikheid, ewige lewe, uiteindelijke redding, wederkoms, ens. Hierdie vervulling is seker, maar die tydverloop is toekomstig en onbekend. Hoop word ook met “geloof” en “liefde” geassosieer (1 Kor. 13:13; 1 Tes. 1:3; 2 Tes. 2:16). ‘n Onvolledige lys van Paulus se gebruik van “hoop” is:

1. Die wederkoms, Gal. 5:5; Ef. 1:18; 4:4; Tit. 2:13
2. Jesus is ons hoop, 1 Tim. 1:1
3. Vertroue in die evangelie, Kol. 1:23

\*\* Verse vermeld soos in NASB, maar in Afrikaanse vertalings verse 8, 10 – vert.

4. Uiteindelijke verlossing, Kol. 1:5; 1 Tes. 4:13; 5:8
5. Die heerlikheid van God, Rom. 5:2; 2 Kor. 3:12; Kol. 1:27
6. Sekerheid van verlossing, 1 Tes. 5:8
7. Ewige lewe, Tit. 1:2; 3:7
8. Verlossing van die hele skepping, Rom. 8:20
9. Geloof, Rom. 8:23-25; 15:4
10. Titel van God, Rom. 15:13
11. Paulus se begeerte na gelowiges, 2 Kor. 1:7

**15:5 NASB** “may the God [...] grant”  
**OAV** “mag die God [...] gee”  
**CUM-NLV** “Mag God [...] help”

Die gebed van Paulus in verse 5-6 handel oor twee versoeke: (1) dat daar ‘n eenstemmigheid van oortuiging sal wees (vgl. 12:16; 2 Kor. 13:11; Fil. 2:2); en (2) dat eenheid in lofprysing sal ontstaan (vgl. verse 6, 7, 9).

■ **NASB** “the God who gives perseverance and encouragement”  
**NAV, CUM-NLV** “en mag God, die bron van alle standvastigheid en bemoediging”  
**OAV** “die God van lydsaamheid en bemoediging”  
**CUM-MVB** “En mag God, die bron van alle volharding en bemoediging”

Dit neig byna om ‘n beskrywende titel van God te wees (vgl. 15:13; 1 Kor. 1:3). Sulke kenmerke van God kom deur Skrifopenbaring tot kennis van gelowiges (vgl. vers 4). Sien *Vir Spesiale Aandag: Volharding is Noodsaaklik* by 8:25.

**15:6 “the God and Father of our Lord Jesus Christ” (“die God en Vader van ons Here Jesus Christus”):** Dit is die volle naam van God in die NT (vgl. 2 Kor. 1:3; Ef. 1:3; 1 Pet. 1:3). Dis nie die God van beredeneerde filosofie nie, maar van openbaring. Let op die twee titels vir God in Paulus se gebed (verse 5-6): (1) die God van volharding en bemoediging; en (2) die God en Vader van ons Here Jesus Christus. Sien *Vir Spesiale Aandag: Volharding is Noodsaaklik* by 8:25 en *Vader* by 1:7.

**NASB (UPDATED) TEXT: 15:7-13**

<sup>7</sup>Therefore, accept one another, just as Christ also accepted us to the glory of God. <sup>8</sup>For I say that Christ has become a servant to the circumcision on behalf of the truth of God to confirm the promises given to the fathers, <sup>9</sup>and for the Gentiles to glorify God for His mercy; as it is written, “THEREFORE I WILL GIVE PRAISE TO YOU AMONG THE GENTILES, AND I WILL SING TO YOUR NAME.” <sup>10</sup>Again he says, “REJOICE, O GENTILES, WITH HIS PEOPLE.” <sup>11</sup>And again, “PRAISE THE LORD ALL YOU GENTILES, AND LET ALL THE PEOPLES PRAISE HIM.” <sup>12</sup>Again Isaiah says, “THERE SHALL COME THE ROOT OF JESSE, AND HE WHO ARISES TO RULE OVER THE GENTILES, IN HIM SHALL THE GENTILES HOPE.” <sup>13</sup>Now may the God of hope fill you with all joy and peace in believing, so that you will abound in hope by the power of the Holy Spirit.

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 15:7-13.*

**15:7 NASB, TEV** “accept one another”  
**NKJV** “receive one another”  
**NRSV** “welcome one another”

**JB** “**treat each other in the same friendly way**”  
**NAV, CUM-NLV** “**Aanvaar mekaar dan**”  
**OAV** “**Neem daarom mekaar aan**”

Hier het ons ‘n PRAESENS MEDIUM IMPERATIEF. Gelowiges moet aanhou om mekaar te aanvaar, omdat Christus hulle aanvaar het. Dieselfde gedagte kom voor in 14:1. Maar beter nog, hier word ‘n reeks OT-frases aangehaal oor hoe God die heidenbekeerdes aanvaar het (vgl. verse 9-12). Ook dít weerspieël iets van die spanning wat in die kerk van Rome aanwesig was.

Kenmerkend van Christen-wees, is die onbaatsugtige goedgesindheid van gelowiges teenoor mekaar (vgl. 1:12; 12:5, 10, 16; 13:8; 14:13, 19; 15:5, 7, 14; 16:16).

▣ **NASB** “**just as Christ also accepted us**”  
**NAV** “**soos Christus julle ook aanvaar**”  
**OAV** “**soos Christus ons ook aangeneem het**”

Hierdie is ‘n AORISTUS MEDIUM INDIKATIEF. Daarmee word die motivering gegee van hierdie aandrag op hoe gelowiges met mekaar moet omgaan (vgl. 14:3). In hoofstuk 14 was die fokus op (1) Christus as die Huisheer en Regter, maar (2) hier dien Hy as voorbeeld van selfopofferende liefde (vgl. verse 13-23). Christus het ons aangeneem; ons moet mekaar aanvaar!

▣ **NASB** “**to the glory of God**”  
**NAV** “**tot eer van God**”  
**OAV** “**tot heerlijkheid van God**”  
**CUM-NLV** “**so sal julle God verheerlik**”

Sien die aantekening by 3:23.

**15:8** **NASB** “**Christ has become a servant to the circumcision**”  
**NAV** “**Christus het gekom om in belang van die Jode ‘n dienaar te word**”  
**OAV** “**dat Jesus Christus ‘n dienaar geword het van die besnydenis**”  
**CUM-NLV** “**Dink daaraan dat Christus vir die Jode ‘n dienskneg geword het**”

Jesus is God se vervulling van OT-profesie (vgl. Mat. 15:24). Hierdie opmerking kon gerig gewees het op die spanning tussen gelowige Jode en heiden-Christene in die kerk van Rome.

▣ **NASB** “**on behalf of the truth of God to confirm the promises given to the fathers**”  
**NKJV** “**for the truth of God, to confirm the promises made to the fathers**”  
**NRSV** “**on behalf of the truth of God in order that he might confirm the promises given to the patriarchs**”  
**TEV** “**on behalf of the Jews, to show that God is faithful, to make his promise to the ancestors come true**”  
**JB** “**so that God could faithfully carry out the promises made to the patriarchs**”  
**NAV** “**Hy moes hulle die waarheid van God bevestig deur die beloftes wat die voorvaders ontvang het waar te maak.**”  
**OAV** “**terwille van die waaragtigheid van God om die beloftes aan die vaders te bevestig**”  
**CUM-NLV** “**om te bewys dat God getrou bly aan die beloftes wat Hy aan hulle voorouers gemaak het**”

Dit hou waarskynlik verband met God se beloftes aan Israel (vgl. 4:16). Dit kan selfs wees dat God se beloftes aan die vaders die verlossing van die hele mensdom ten doel gehad het (vgl. Gen. 3:15; 12:3; Eks. 19:5-6; Jes. 2:2-4; 56:7; 66:18-24). Dus suggereer die aangehaalde vers 'n geheimenis in die evangelie, naamlik dat God altyd Jode en heidene wou saamvoeg in Christus (vgl. Ef. 2:11-3:13).

Die NT-boodskap is die vervulling van OT-verwagtinge. Dit is nie algeheel nuut nie. Die groot doel van Christus se verskyning was om (1) aan Israel haar verwagte hoop te vervul en (2) die deur van heil vir die heidene oop te maak (vgl. Rom. 3:29-30; 9:30; 10:11-12, 16-20; 11:25, 32; 16:25; Ef. 2:11-3:21). Omdat Israel nagelaat het om haar evangelisasieroeping uit te voer en God aan die heidene bekend te maak en tot geloof te lei, rus Jesus 'n nuwe, geestelike Israel (vgl. Gal. 6:16) toe vir dié universele opdrag (Mat. 28:19-20; Joh. 3:16).

■ NASB	“to confirm”
NAV	“waar te maak”
OAV	“te bevestig”
CUM-NLV	“te bewys”

Sien *Vir Speciale Aandag: Waarborg/Van Krag Bly* by 4:16.

**15:9-12** Dan volg 'n reeks van OT-aanhalings om aan te dui dat die heidene van die begin af deel van God se plan was (vgl. 10:16-20). Hierdie reeks aanhalings uit die OT kom uit Ps. 18:49 of 2 Sam. 22:50; Deut. 32:43; Ps. 117:1; Jes. 11:1, 10. Let daarop dat daar 'n aanhaling uit elke deel van die Hebreeuse kanon is: Wet, Profete en Geskrifte.

<b>15:9</b> NASB	“to glorify God for His mercy”
NAV, CUM-NLV	“God oor sy ontferming sou verheerlik”
OAV	“terwille van sy barmhartigheid God kan verheerlik”
CUM-MVB	“God vir sy onverdiende goedheid sou verheerlik”

Uitverkiesing in Romeine berus op die teologiese konsep “barmhartigheid” (vgl. 9:15, 16, 18, 23) en insluiting van die heidenen (11:30, 31, 32; 15:9). Dit is God se barmhartigheid wat Israel gered het. Dit is barmhartigheid van God wat gelowige heidene red. Die hoe daarvan, die meganisme, is nie die mens se verdienste nie (vgl. Rom. 9), maar die genadige en onveranderlike karakter van God (vgl. Eks. 34:6; Neh. 9:17; Ps. 103:8, 4; Joël 2:13) en dus die belofte van die Messias (Jes. 11:1, 10).

<b>15:13</b> NASB	“May the God of hope”
NAV	“Mag God, die bron van hoop”
OAV	“En mag die God van die hoop”
CUM-NLV	“Ek bid dat dié God wat aan ons 'n toekomsverwagting gee”

Hierdie is die afsluitingsdoksologie van die literêre eenheid wat met 14:1 begin het. Nog 'n titel van die Godheid, wonderlik en bemoedigend: die God van Hoop.

■ NASB	“fill you with all joy and peace”
NAV	“julle [...] met alle vreugde en vrede vervul”
OAV	“julle vervul met alle blydschap en vrede”
CUM-NLV	“julle lewens met blydschap en vrede sal vul”

Hierdie is 'n AORISTUS AKTIEF OPTATIEF wat Paulus se gebede vir die gelowiges in Rome verwoord. Let op die aanwending van “alle” (vgl. 5:1-2; 14:17).

■ NASB, NKJV, NRSV	“in believing”
TEV	“by means of your faith in Him”
JB	“in your faith”
NAV	“deur julle geloof”
OAV, CUM-NLV	“deur die geloof”

Hierdie is ‘n PRAESENS AKTIEF INFINITIEF. Dit gee uitdrukking aan die vertroue wat deur volgehoue geloof in Christus gewek word, geopenbaar in persoonlike lewensvreugde en vrede. Geloof is nie net ‘n aanvanklike besluit nie, maar ‘n leeftyd van volharding.

■ NASB	“so that you will abound in hope”
NAV	“sodat julle hoop al hoe sterker kan word”
OAV	“dat julle oorvloedig kan wees in die hoop”
CUM-NLV	“ja, mag julle lewens tot oorlopens toe vol verwagting word”
CUM-MVB	“sodat julle oorloop van hoop”

Dit is ‘n PRAESENS AKTIEF INFINITIEF van *perisseuō* wat basies “bo die maat” beteken.

### **VIR SPESIALE AANDAG: OORVLOEDIG (*PERISSEUŌ*)**

Paulus gebruik hierdie term dikwels:

1. Die waarheid van God oorvloediger tot sy verheerliking, Rom. 3:7
2. Vir baie oorvloedig, die gawe van genade deur Christus, Rom. 5:15
3. Gelowiges oorvloedig in hoop, Rom. 15:13
4. Sekere voedsels is nie ‘n aanbeveling by God nie, hetsy in oorvloed of min daarvan, 1 Kor. 8:8
5. Gelowiges oorvloedig in opbou van die kerk, 1 Kor. 14:2
6. Gelowiges oorvloedig in die werk van die Here, 1 Kor. 15:58
7. Gelowiges se oorvloedige aandeel in Christus se lyding en vertroosting, 2 Kor. 1:5
8. Die bediening wat regverdig maak, te meer oorvloedig in heerlijkheid, 2 Kor. 3:9
9. Gelowiges se danksegging oorvloedig tot verheerliking van God, 2 Kor. 4:15
10. Gelowiges se oorvloed van vreugde, 2 Kor. 8:2
11. Gelowiges oorvloedig in alles – geloof, woord, kennis, ywer – ook met gawes vir die kerk in Jerusalem, 2 Kor. 8:7
12. Alle genade oorvloedig vir gelowiges, 2 Kor. 9:8
13. Gelowiges oorvloedig in danksegging aan God, 2 Kor. 9:12
14. Die rykdom van sy genade oorvloedig aan gelowiges betoon, Ef. 1:8
15. Dat die liefde van gelowiges nog meer oorvloedig mag wees, Fil. 1:9
16. Vertroue in en roem oor Paulus oorvloedig in Christus, Fil. 1:26
17. Soms oorvloed van lewensmiddele, soms gebrek, Fil. 4:12, 18
18. Gewortel in geloof en oorvloedig in danksegging, Kol. 2:7
19. Gelowiges moet mekaar toenemend en oorvloedig liefhê, 1 Tes. 3:12
20. Gelowiges moet oorvloedig wees in ‘n Godgewyde leefstyl, 1 Tes. 4:1
21. Oorvloedig in liefde vir medegelowiges, 1 Tes. 4:10

Paulus se besef oor die kwaliteit van die genade van God in Christus noop hom om gelowiges ook daartoe aan te spoor. Dit is nodig vir gelowiges om ook hierdie buitensporige styl van genade en liefde in hulle lewens te handhaaf.

■ NASB  
OAV  
CUM-NLV

“by the power of the Holy Spirit”  
“deur die krag van die Heilige Gees”  
“deur die kragtige werking van die Heilige Gees”

Die Heilige Gees is die Persoon in die Drie-Eenheid wat in die nuwe bedeling aktief werksaam is. Niks van blywende waarde kom sonder Hom tot stand nie (vgl. 15:19; 1 Kor. 2:4; 1 Tes. 1:5). Sien die *Vir Spesiale Aandag: Jesus en die Gees* by 8:9, en *Die Drie-Eenheid* by 8:11.

## BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Wat is die sentrale waarheid van Rom. 14:1 tot 15:13?
2. Waarom haal Paulus die OT-gedeeltes in verse 9-12 aan? Watter groot waarheid kom daarin na vore?

## DIE DELE IN KONTEKS: ROMEINE 15:14-33

- A. Die afsluiting van hierdie brief stem in talle opsigte ooreen met sy begin, 1:8-15:
  1. dit prys hulle op grond van hulle geloof (vgl. 1:8);
  2. dit verdedig Paulus se apostelskap wat die evangelie aan heidene verkondig (1:13, 14);
  3. dit beklemtoon Paulus se wens om hulle te besoek (vgl. 1:10, 13); en
  4. dit gee uitdrukking aan Paulus se wens dat hulle hom kan voorhelp op sy weg na nog ongeëwangeliseerde areas (Spanje, vgl. 1:13).
- B. Weereens is daar ‘n aanduiding van die spanning tussen Joodse gelowiges en bekeerlinge uit die heidendom wat telkens in die brief deurskemer, veral in hoofstukke 9-11 en 14:1-15:13.
- C. Ook Paulus se apostelskap skyn in gedrang te wees, aangesien hy dit nodig ag om dit te verdedig in verse 15-19; 1:2, 5.
- D. Hierdie literêre eenheid handel oor twee sake:
  1. Paulus se apostelskap gerig op evangelisering van en bediening aan die heidene (vgl. verse 14-21); en
  2. Paulus se reisplanne waarvan die roete waarskynlik deur Rome sou loop (vgl. verse 22-33).

## STUDIE VAN WOORDE EN FRASES

### NASB (UPDATED) TEXT: 15:14-21

**<sup>14</sup>And concerning you, my brethren, I myself also am convinced that you yourself are full of goodness, filled with all knowledge and able also to admonish one another.**  
**<sup>15</sup>But I have written very boldly to you on some points as to remind you again,**



because of the grace that was given me from God, <sup>16</sup>to be a minister of Christ Jesus to the Gentiles, ministering as a priest of the gospel of God, so that my offering of the Gentiles may become acceptable, sanctified by the Holy Spirit. <sup>17</sup>Therefore in Christ Jesus I have found reason for boasting things pertaining to God. <sup>18</sup>For I will not presume to speak of anything except what Christ has accomplished through me, resulting in the obedience of the Gentiles by word and deed, <sup>19</sup>in the power of signs and wonders, in the power of the Spirit; so that from Jerusalem and round about as far as Illyricum I have fully preached the gospel of Christ. <sup>20</sup>And thus I aspired to preach the gospel, not where Christ was *already* named, so that I would not build on another man's foundation; <sup>21</sup>but as it is written, "THEY WHO HAD NO NEWS OF HIM SHALL SEE, AND THEY WHO HAVE NOT HEARD SHALL UNDERSTAND."

Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 15:14-21.

15:14	NASB	"And concerning you, my brethren, I myself also am convinced"
	NKJV	"Now I myself am confident concerning you, my brethren"
	NRSV	"I myself feel confident about you, my brothers and sisters"
	TEV	"My friends: I myself feel sure that you"
	JB	"It is not because I have any doubts about you, my brothers, on the contrary I am quite certain that you"
	NAV	"My broers, ek is self maar alte bewus dat julle"
	OAV	"Maar ek self ook, my broeders, is oortuig aangaande julle"
	CUM-NLV	"My liewe broers en susters, ek is self deeglik bewus van julle"
	CUM-MVB	"Medegelowiges, ek is self maar alte bewus dat julle"

Die "ek" (*auto egō*) staan baie sterk beklemtoond in die Grieks. Paulus komplimenteer hierdie gemeente opreg ("oortuig", PERFECTUM PASSIEF INDIKATIEF).

Paul maak in vers 14 drie opmerkings omtrent die Christene in Rome: (1) hulle is op die goeie ingestel [PRAESENS AKTIEF INDIKATIEF]; (2) hulle beskik oor grondige kennis [PERFEKTUM PASSIEF DEELWOORD]; en (3) hulle is in staat om mekaar tereg te wys [PRAESENS PASSIEF DEELWOORD]. Hiermee gee Paulus te kenne dat hy nie 'n nuwe boodskap aan hulle bring nie, maar dat hy bloot die goeie nuus, wat hulle reeds gehoor en aanvaar het, verduidelik en verhelder (vgl. vers 15).

■	NASB	"you yourself are full of goodness, filled with all"
	NAV	"dat julle vol goeie hoedanighede is"
	OAV	"dat julle self ook vol van goedheid is"
	CUM-NLV	"van julle goeie kwaliteite"

Na aanleiding van die beklemtoonde "ek self" volg nou ook 'n beklemtoonde "julle self". Die uitdrukking "vol" (*mestos*) beteken "vol van" of "goed voorsien van". Paulus gebruik dié uitdrukking slegs twee keer – albei kere in Romeine (1:29; 15:14).

Die term *plēroō* ("gevol") is 'n PERFECTUM PASSIEF DEELWOORD. Dit kom dikwels voor, veral in Romeine (vgl. 1:29; 8:4; 13:8; 15:13, 14, 19). Ook die SELFSTANDIGE NAAMWOORD *plērōma* word dikwels in Romeine gebruik (vgl. 11:12, 25; 13:10; 15:29), maar hy gebruik nooit die BYVOEGLIKE NAAMWOORD in enige van sy geskifte nie.

Dit was Paulus se begeerte dat 'n volledige evangelie die gelowiges so sal vul dat hulle oorloop van liefde en diensbaarheid. Dit wat gelowiges nodig het hiervoor het hulle reeds ontvang in Christus. Hulle moet hierdie versekering ten volle aanvaar en aanneem.

- **NASB** “full of goodness, filled with all knowledge”
- NAV** “en omvattende kennis besit”
- OAV** “vervuld met alle kennis”
- CUM-NLV** “julle is trouens so goed op hoogte van dinge”

Hierdie terme kan op twee maniere verstaan word: (1) dit staan in verband met die onmiddellik voorafgaande literêre eenheid 14:1-15:13 dat die gelowiges vir mekaar lief is ondanks die meningsverskille van Christene oor sake waarin die Bybel nie voorskriftelik is nie – die grys areas. Dit kan blyk uit die veralgemeende gebruik van “goed” in 14:16; 15:2 en hier; of (2) dat met dié frase die hele evangelie van geloof en praktyk bedoel word – ortodoksie en ortopraksie (“orthodoxy and orthopraxy”).

- 15:15 NASB** “I have written very boldly to you”
- NAV** “Tog is ek in my brief plek-plek nogal uitgesproke”
- OAV** “tog het ek ten dele taamlik gewaag om aan julle te skrywe”
- CUM-NLV** “Ek was vrymoedig genoeg om sekere punte te beklemtoon”

Paulus rig hierdie brief aan die Romeine vanuit Korinte. Een van die faksies in daardie kerk het hom aangeval vir sy uitgesprokenheid in briewe, maar swakheid in persoonlike hoedanigheid. Die WERKWOORDVORM van die woord “uitgesproke” (“boldly”) word in 2 Kor. 10:2, 12 en 11:21 gebruik. Paulus se uitgesprokenheid volg uit sy bekering, sy roeping, en berus op sy kennis van die evangelie.

- **NASB** “because of the grace that was given me from God”
- NAV** “God het my immers in sy genade die voorreg gegee”
- OAV** “kragtens die genade wat my deur God gegee is”
- CUM-NLV** “ek het dit gedoen as iemand wat deur God se onverdiende goedheid”
- CUM-MVB** “God het my immers die voorreg gegee”

Paulus dui daarop dat hy deur die genade van God (vgl. 1:5; 12:3; 1 Kor. 3:10; 15:10; Gal. 2:9; en Ef. 3:7-8) geroep is, gered is en met gawes, toegerus is vir die bediening aan die heidene (vgl. 11:13; 15:16). Dis ‘n uitspraak wat sy apostelskap bevestig en daarmee saam ook sy gesag (vgl. 1:1, 5).

- 15:16 NASB** “minister [...] ministering [...] offering [...] acceptable”
- NAV** “diens [...] te werk [...] offergawe [...] aanneemlik”
- OAV** “dienaar [...] dienaar [...] offer [...] welgevallig”
- CUM-NLV** “evangeliedienaar [...] bedien [...] offer [...] verwelkom”

Verse 16 en 17 bevat verskeie priesterlike terme en frases. In vers 27 word “dien” in ‘n priesterlike konteks gebruik. Dieselfde geld wat betref Christus se “diens” in Heb. 8:2. Paulus dink aan homself as ‘n priester (vgl. Fil. 2:17) wat die heidene as ‘n offerande vir God aanbring, ‘n taak wat aan Israel opgedra is (vgl. Eks. 19:5-6; Jes. 66:20). Die kerk is nou aangestel met die oog op hierdie evangelie-opdrag (vgl. Mat. 28:18-20; Luk. 24:47). Hierdie roeping van die kerk word in die woordeskat van die OT-priesterdom uitgedruk (vgl. 1 Pet. 2:5, 9; Openb. 1:6).

- **NASB** “sanctified by the Holy Spirit”
- OAV** “geheilig deur die Heilige Gees”
- CUM-NLV** “deur die Heilige Gees aan Hom gewy is”

Dit is ‘n PERFECTUM PASSIEF DEELWOORD wat beteken “geheilig is en voortdurend nog geheilig word deur die Heilige Gees”. Ook hierin skemer iets deur van die spanning tussen

Joodse en heiden-gelowiges in die kerk van Rome. Paulus maak dit hiermee duidelik dat die heidene ten volle deur die Heilige Gees aanvaar is en steeds as offer gewy word (1 Kor. 6:11).

**15:17-19** Let op die eenheid in aksie van die Drie-Enige God: aangaande God (vers 17); in Christus Jesus (vers 17) deur die krag van die Gees (vers 19). Let ook op die verwysing na die drie Persone van die Godheid in vers 30. Alhoewel “Drie-Eenheid” nie as ‘n woord in die Bybel voorkom nie, is die konsep volkome Bybels (vgl. Mat. 3:16-17; 28:19; Han. 2: 3-34; Rom. 8:9-10; 1 Kor. 12:4-6; 2 Kor. 1:21; 13:14; Ef. 1:3-14; 4:4-6; Tit. 3:4-6; 1 Pet. 1:2). Sien *Vir Spesiale Aandag: Die Drie-Eenheid* by 8:11.

**15:18-19** Paulus stel ‘n lys op van hoe sy heiden-bediening verloop stel: (1) met woord; (2) deur daad; (3) in tekens; (4) in wonders; en (5) deur die krag van die Heilige Gees.

Daar is ‘n manuskripvariasie ten opsigte van #5, “die Gees”: sommige tekste het Heilige Gees en ander Gees van God. Baie variasies is byvoegings of nie-geïnspireerde toeligting wat nie die waarheid of boodskap van die gedeelte affekteer nie. Dit was gewoonlik latere oorskrywers se poging om die teks van die NT te standaardiseer.

**15:18 “resulting in the obedience of the Gentiles” (“om die heidene tot gehoorsaamheid te bring”):** God se doel was altyd ‘n mensdom wat sy karakter weerspieël. Die evangelie van Jesus herstel die beeld van God wat met die sondeval van Gen. 3 verlore geraak het. Piëteit, godsvrug, is bewys van ‘n lewende wandeling met God. Die doel van die Christendom is ‘n daadwerklike vertrouensvriendskap met God op ‘n daaglikse basis.

- |         |                                     |
|---------|-------------------------------------|
| ■ NASB  | “by word and deed”                  |
| OAV     | “met woord en daad”                 |
| CUM-NLV | “deur my prediking en my voorbeeld” |

Hiermee word Paulus se bediening bedoel, nie die gehoorsaamheid van die heidene nie. Dit hou duidelik verband met die krag van die Gees in vers 19.

- |           |                                       |
|-----------|---------------------------------------|
| 15:5 NASB | “in the power of signs and wonders”   |
| NAV       | “deur kragtige tekens en wonders”     |
| OAV       | “deur die krag van tekens en wonders” |

Dit is twee terme wat menigte kere in Handelingte saam gebruik word (vgl. 14:8-10; 16:16-18, 25-26; 20:9-12; 28:8-9) en God se krag, werksaam deur die evangelie, beskryf (2 Kor. 12:12). Op die oog af blyk hulle sinonieme te wees. Wat presies bedoel word – wonderwerke of bekerings – is onseker. Dit kan egter weer ‘n aanduiding wees van die spanning oor Paulus se apostelskap. Soos wat God die werk van die Twaalf in Jerusalem bekragtig het, is Paulus se werk onder die heidene ook deur sigbare tekens bekragtig.

- |         |  |
|---------|--|
| ■ NASB  | “I have fully preached the gospel of Christ”                           |
| NAV     | “my taak om die evangelie van Christus te verkondig, volledig uitvoer” |
| OAV     | “sodat ek die evangelieverkondiging van Christus volbring het”         |
| CUM-NLV | “op hierdie manier het ek die Goeie Nuus aangaande Christus uitgedra”  |
| CUM-MVB | “die evangelie van Christus volledig verkondig”                        |

Dit is ‘n PERFECTUM AKTIEF INFINITIEF van *plēroō* (vgl. vers 14). Daarmee spreek Paulus sy oortuiging uit dat hy sy evangelie-opdrag aan die oostekant van die Mediterreense See afgehandel het (vgl. vers 23).

■ NASB	“as far as Illyricum”
NAV	“al verder tot in Illirikum”
OAV	“en rondom tot by Illirikum”
CUM-NLV	“en tot by Illirikum”

Hierdie Romeinse provinsie, ook as Dalmasië bekend, was oos van die Adriatiese See en noordwes van die Griekse skiereiland, Masedonië, geleë. Hoewel Handeling 16:12 melding maak van sy besoek aan daardie omgewing, word niks gesê oor sy prediking daar nie (vgl. Han. 20:1-2). “[A]l verder tot” (“as far as”) kan “tot by die grense van” of “in die omstreke van” beteken.

15:5 NASB	“And thus inspired to preach the gospel, not where Christ was already <i>named</i> ”
NAV, OAV	“dat ek my eer daarin gestel het om die evangelie te verkondig, nie waar Christus reeds bekend was nie”
CUM-NLV	“dit was vir my ‘n saak van eer om die Goeie Nuus net te bring waar Christus se Naam nog nie vermeld is nie”
CUM-MVB	“So het ek dit my strewe gemaak om die evangelie te verkondig waar Christus nog nie bekend was nie”

Dit was Paulus se volgehoue sendingstrategie (1 Kor. 3:10; 2 Kor. 10:15-16). Hy wou die heidendom bereik wat nog nie tevore die kans gehad het om die evangelie te hoor en te aanvaar nie. Hy het hom in die reël op groot stedelike sentra van die Romeinse Ryk gerig sodat strategies geplaasde kerke hulle omgewing deur nuwe dissipels kon evangeliseer.

15:21 Paulus het hierdie aanhaling van Jes. 52:15 uit die LXX geneem en dit die uitgangspunt van sy sendingstrategie gemaak.

**NASB (UPDATED) TEXT: 15:22-29**

**<sup>22</sup>For this reason I have often been prevented from coming to you; <sup>23</sup>but now, with no further place for me in these regions, and since I have had for many years a longing to come to you <sup>24</sup>whenever I go to Spain – for I hope to see you in passing, and to be helped on my way there by you, when I have first enjoyed your company for a while – <sup>25</sup>but now, I am going to Jerusalem serving the saints. <sup>26</sup>For Macedonia and Achaia have been pleased to make a contribution for the poor among the saints in Jerusalem. <sup>27</sup>Yes, they were pleased to do so, and they were indebted to them. For if the Gentiles have shared in their spiritual things, they are indebted to minister to them in material things. <sup>28</sup>Therefore when I have finished this, and have put my seal on this fruit of theirs, I will go on by way of you to Spain. <sup>29</sup>I know that when I come to you, I will come in the fullness of the blessing of Christ.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 15:22-29.*

15:22 NASB	“For this reason”
NAV	“Dit is dan ook die rede”
OAV	“Daarom”

Die rede word in vers 20 gegee.

■ NASB	“I have often been prevented”
OAV	“is ek ook elke keer verhinder”
CUM-NLV	“so herhaaldelik vertraag is”

Hierdie is ‘n IMPERFEKTUM PASSIEF INDIKATIEF. Hy is keer op keer verhinder (vgl. 1:13). Die oorsaak word nie vermeld nie. Dit kon God, Satan, slegte mense of ander geleenthede gewees het wat vir die evangelie oopgegaan het.

Ons moet onthou dat Paulus hierdie brief in Korinte geskryf het. Daar het sy opponente hom aangevat omdat hy nie in staat was om sy reisplanne ten uitvoer te bring nie. Hierdie aanvalle vanuit die Korinthise kerklike gemeenskap moes sekerlik ‘n ernstige effek op Paulus gehad het. Hy mag genoem het dat sy reisplan keer op keer gedwarsboom is.

<b>15:23 NASB</b>	<b>“but now, with no further place for me in these regions”</b>
<b>NAV</b>	<b>“Maar nou is daar vir my in hierdie streke nie meer ‘n nuwe arbeidsveld nie”</b>
<b>OAV, CUM-MVB</b>	<b>“maar nou dat ek geen plek meer het in hierdie streke nie”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“Maar nou dat ek my werk in hierdie gebiede voltooi het”</b>

Hiermee word die minder-uitgestrekte omgewing van Klein Asië oos van die Mediterreense See bedoel. Paulus het nie hier vir elke mens gespreek nie, net vir sommige.

■ <b>NASB</b>	<b>“and since I have had for many years a longing to come to see you”</b>
<b>NAV</b>	<b>“en ek koester al baie jare die begeerte om julle te besoek”</b>
<b>OAV</b>	<b>“en al baie jare die begeerte het om na julle te kom”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“en na al die baie jare wat ek gretig daarna uitgesien het om julle te besoek, wil ek kom”</b>

Paulus het dikwels die begeerte uitgespreek om Rome te besoek (vgl. 1:10-15; Han. 19:21; 23:11).

Daar is ‘n Griekse variant hier wat nie in die kritiese voetnote van die UBS<sup>4</sup> genoem word nie. Die ou Griekse MSS P<sup>46</sup>,  $\aleph$ , A, D, F, G en L gebruik “baie” (*polus*) wat ook in vers 22 gebruik word, maar MSS B, C en P het “verskeie” (*ikanos*) wat moontlik daarop dui dat latere oorskrywers ongemaklik was met Paulus se oordrywing.

<b>15:24 NASB</b>	<b>“whenever I go to Spain”</b>
<b>NAV</b>	<b>“as ek na Spanje toe gaan”</b>
<b>OAV</b>	<b>“wanneer ek na Spanje reis”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“wanneer ek na Spanje onderweg is”</b>

Paulus wou graag na die westelike streke van die Romeinse Ryk aanbeweeg (2 Kor. 10:16). Hy is uit gevangenskap in Rome ontslaan ná afsluiting van die boek, Handeling. Hy het op ‘n vierde sendingreis vertrek. Die Herderlike Briewe, 1 en 2 Timoteus en Titus is op hierdie vierde reis geskryf. Daar is moontlik ‘n aanduiding hiervan in 2 Tim. 4:10 waar sommige Griekse hooflettertekste  $\aleph$ , C, die Latynse Vulgaat en die Koptiese vertalings na “Gallië” (i.p.v. Galasië) verwys. Clementius van Rome skryf voor die einde van die eerste eeu in sy “Brief aan die Korintiërs” (5:7) dat Paulus na “die grense van die Weste” gereis het.

■ <b>NASB</b>	<b>“and to be helped on my way there by you”</b>
<b>NAV</b>	<b>“en dan met julle hulp verder na Spanje toe reis”</b>
<b>OAV</b>	<b>“en deur julle daarheen voortgehelp te word”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“kan julle my dan verder na Spanje toe stuur”</b>
<b>CUM-MVB</b>	<b>“en dan deur julle daarheen gestuur word”</b>

Hierdie frase het in die vroeë kerk ‘n tegniese idioom geword om reisende sendelinge na hulle volgende bestemming aan te help (vgl. Han. 15:3; 1 Kor. 16:6, 11; 2 Kor. 1:16; Tit. 3:13; 3

Joh. vers 6). Die kerk in Rome was nie in staat om bydraes te maak tot die ondersteuningsfonds vir die kerk in Jerusalem nie, maar hulle sou finansiële steun kon bied vir Paulus se sendingreise weswaarts.

<b>15:25 NASB</b>	<b>“serving the saints”</b>
<b>NAV</b>	<b>“geldelike hulp vir die gelowiges”</b>
<b>OAV</b>	<b>“in diens van die heiliges”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“’n geskenk aan die gelowiges”</b>

Hierdie term was algemeen in gebruik vir fondsinsameling (vgl. vers 31; 1 Kor. 16:15; 2 Kor. 8:4; 9:1). Sien *Vir Speciale Aandag: Heiliges* by 1:7.

<b>15:26 NASB</b>	<b>“a contribution for the poor among the saints in Jerusalem”</b>
<b>NAV, OAV</b>	<b>“iets by te dra vir die armes onder die heiliges in Jerusalem”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“geld in te samel vir die brandarmes onder die gelowiges in Jerusalem”</b>
<b>CUM-MVB</b>	<b>“’n blyk van meeewing te gee vir die armes onder die gelowiges in Jerusalem”</b>

Paulus het hierdie kollekte (sien die *Vir Speciale Aandag: Koinōnia* by 12:13) ontvang van (1) Galasië en Klein Asië (vgl. 1 Kor. 16:1-4); en (2) Masedonië en Acháje (vgl. 2 Kor. 8:9). Die idee was afkomstig van die kerk in Antiogië (vgl. Han. 11:30; 12:25). Dit was bedoel om die eenheid tussen die twee vlerke van die vroeë kerk – Jood en heiden – te bevorder. Die heidenkerke sou na oorlewering met die “grootste genoeë” ‘n bydrae maak (vgl. vers 26, 27). Sien *Vir Speciale Aandag* wat volg.

## **VIR SPESIALE AANDAG: DIE CHRISTEN EN HONGER MENSE**

### **I. Inleidend**

- A. Hongerte is een immer aanwesige herinnering aan die gevalle toestand van mens en skepping.
- B. Hongerte is een aspek van die probleem van kwaad en lyding. Dit is direk aan die mens se toedoen te wyte; nie aan God nie. Alhoewel God die landbou gebruik het vir seën en bestraffing – ‘n manier om sy verbondsvolk te beloon en te straf (Deut. 27-28) – geld dit nie vir ongelowiges in die algemeen nie (Mat. 5:45). Honger is nog ‘n voorbeeld van gierige, selfsugtige, materialistiese mensdom. In werklikheid lê die probleem van hongersnood nie in voedseltekort nie, maar in die motiewe en prioriteite van die mens.
- C. Hongersnood skep ‘n geleentheid vir die verlore mensdom om god se liefde te betoon. Gelowiges se reaksie op fisiese nood in die kerk laat blyk wie hulle regtig is.

### **II. Bybelse Materiaal**

#### **A. Ou Testament**

##### **1. Moses**

- a. Een van die drie moontlik tiendes in Israel was vir die armes (Deut. 14:28-29).
- b. Die wet maak spesiale voorsiening sodat armes kan eet (Eks. 23:11; Lev. 19:10; 23:22; Deut. 24:19-22).
- c. Die wet maak voorsiening vir bekostigbare offergawes vir die armes (Lev. 14:21).
- d. Israel moes ‘n barmhartige houding met ‘n oop hand teenoor armes en behoeftiges handhaaf (Deut. 15:7-11; Job. 29:16; 30:25; 31:16-23).

2. Wysheidsliteratuur
  - a. Spesiale seëninge vir wie na armes omsien (Ps. 41:1).
  - b. Wie armes help, help vir God (Spr. 14:31; 17:5; 19:17).
3. Die Profete
  - a. God vereis aanbidding in die vorm van sosiale geregtigheid en barmhartigheid teenoor behoeftiges (Jes. 58:6-7; Miga 6:8).
  - b. 'n Teken van God se boodskap is dat dit gerig was aan die armes en behoeftiges (Jes. 61:1-2).
  - c. God se profete het uitgevaar teen sosiale uitbuiting (Amos 2:6-8; 5:10-13; Miga).

#### B. Nuwe Testament

1. Die Evangelies
  - a. Aanmaning oor hulp aan die armes (Mark. 10:21; Luk. 3:11).
  - b. Oordeel is gebaseer op sosiale liefde teenoor ander in die naam van Jesus; om ander te help is om Jesus te help (Mat. 25:31-46).
  - c. Mark. 14:7 is hopeloos misverstaan daarin dat dit gebruik word as bewys dat Jesus min vir die armes omgee. Die vers is bedoel om Jesus se uniekheid te beklemtoon, nie om die armes af te kraak nie.
  - d. Jes. 61:1-2 dui daarop dat dit die sosiaal-gemarginaliseerdes sal wees wat God se boodskap ontvang (Luk. 4:18; 7:22; 14:21).
2. Paulus
  - a. Paulus het van Antiogië in Sirië geleer van die konsep van 'n spesiale liefdesoffer vir die armes in die kerk van Jerusalem (Rom. 15:26; 1 Kor. 16:1; 2 Kor. 8:4, 6, 19; Gal. 2).
  - b. Paulus beklemtoon genade, liefde en werke (Ef. 2:8-10).
3. Jakobus (NT-wysheidsliteratuur)
  - a. Geloof in God deur Christus sonder sosiale besorgdheid is siek (Jak. 2:14-17).
  - b. Hy sê selfs dat geloof sonder werke dood is!
4. Johannes
  - a. Volgens 1 Joh. is Christelike sekerheid gebaseer op 'n veranderde lewe van geloof en diens (1 Joh. 3:17-18).

#### III. Gevolgtrekking

- A. Menslike ellende en nood vloei voort uit die mensdom se sonde. Hongersnood het verskeie aspekte om in ag te neem:
  1. dwase optrede (Spr. 19:15)
  2. straf van God (Deut. 27-28)
  3. verwant aan geestelike diens (2 Kor. 11:27)
  4. kulturele omstandighede (hebsug, opvattinge, ens.)
  5. materiële omstandighede (voedseltekort, oorstromings, haelskade, ens.)
- B. God gee werklik om vir mense. Sy liefde vir mense in nood kan as uniek beskou word!
- C. Die kerk in aksie is God se antwoord op menslike nood deur:
  1. onmiddellike persoonlike optrede;
  2. gemeenskaplike optrede deur die gemeente; en
  3. politieke organisasie gemik op verandering.
- D. Ons moet in die lig van die Skrif absoluut krities wees oor ons kulturele en persoonlike prioriteite (2 Kor. 8-9).

- E. Ons oë, harte en hande moet oop wees vir menslike nood – tuis sowel as wêreldwyd; binne en buite die kerk.
- F. Die hulp moet verband hou met ons Christelike identiteit en die Here se Groot Opdrag (Mat. 28:18-20). Hulp moet fisies en geestelik wees.

<b>15:27 NASB</b>	<b>“if”</b>
<b>NAV, OAV</b>	<b>“want as”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“Omdat”</b>
<b>CUM-MVB</b>	<b>“aangesien”</b>

Hierdie is ‘n VOORWAARDELIKE SIN KLAS EEN wat uit die perspektief van die skrywer of vir sy literêre doel as waar geld. As die heidene in die geestelike seëninge van die Jode deel (vgl. Rom. 10-11), is dit net reg dat hulle hand bysit met die fisiese nood van die moederkerk in Jerusalem.

<b>15:28 NASB</b>	<b>“when I have furnished this, and have put my seal on this fruit of theirs”</b>
<b>NKJV</b>	<b>“when I have performed his and have sealed to them this fruit”</b>
<b>NRSV</b>	<b>“when I have completed this, and have delivered to them what has been collected”</b>
<b>TEV</b>	<b>“when I have finished this task and have turned over to them all the money that has been raised for them”</b>
<b>JB</b>	<b>“so when I have done this and officially handed over what has been raised”</b>
<b>NAV</b>	<b>“As ek daarmee klaar is en die volle bedrag wat ingesamel is veilig aan hulle besorg het”</b>
<b>OAV</b>	<b>“As ek dit volbring het en vir hulle hierdie vrug veilig oorgebring het”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>As ek dit dan afgehandel het en alles rondom hierdie insameling veilig afgerond het”</b>
<b>CUM-MVB</b>	<b>“Dus as ek daarmee klaar is en hierdie vrug van die opbrengs veilig aan hulle besorg het”</b>

Dit is ‘n AORISTUS AKTIEF DEELWOORD en ‘n AORISTUS MEDIUM DEELWOORD. Letterlik sinspeel dit op ‘n algemene gebruik van daardie tyd om ‘n pakkie te verseël ten einde die inhoud te beveilig. Op dié manier dra Paulus dit oor dat al die geld wat bygedra is onder toesig oorgedra en ontvang word. Om dít te verseker vat hy ook verskeie verteenwoordigers van die bydraende kerke saam (vgl. Han. 20:4). Vir “verseël” sien *Vir Spesiale Aandag: Seël* by 4:11.

**15:29** Let daarop dat die woord *plēroō/plērōma* weer gebruik word. Sien die nota by vers 14.

**NASB (UPDATED) TEXT: 15:30-33**

**<sup>30</sup>Now I urge you, brethren, by our Lord Jesus Christ and by the love of the Spirit, to strive together with me in your prayers to God for me, <sup>31</sup>that I may be rescued from those who are disobedient in Judea, and that my service for Jerusalem may prove acceptable to the saints; <sup>32</sup>so that I may come to you in joy by the will of God and find refreshing rest in your company. <sup>33</sup>Now the God of peace be with you all. Amen.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 15:30-33.*



<b>15:5 NASB</b>	<b>“I urge you [...] to strive together with me”</b>
<b>NAV</b>	<b>“Ek versoek julle dan dringend [...] stry saam met my”</b>
<b>OAV</b>	<b>“Maar ek vermaan julle [...] om saam met my [...] te stry”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“smee ek julle dringend: worstel saam met my”</b>

Hierdie is kragtige terme in Grieks. Die eerste een gebruik hy ook in 12:1. Die tweede is die woord wat Jesus se worsteling in Getsémané beskryf. Paulus het ‘n groot behoefte aan gebedsondersteuning vir homself en sy bediening gehad (2 Kor. 1:11; Ef. 6:18-20; Kol. 4:3; 1 Tes. 5:25; 2 Tes. 3:1). Sy aanvoeling was dat moeilikheid wag in Jerusalem (vgl. vers 31). Hy het toe wel in Rome aangekom, maar nie op die manier wat hy in gedagte gehad het nie. Sien *Vir Spesiale Aandag: Voorbidding* by 9:3.

**15:30-33** Paulus spreek in sy gebedsversoek drie begeertes uit: (1) dat hy van sy vyande in Judea bewaar mag word (vgl. Han. 20:22-23); (2) dat die geskenk vanuit die heidengemeentes in die kerk van Jerusalem goed ontvang sal word (vgl. Han. 15:1vv; 21:17vv); en (3) hy in Rome sal kan aandoen op pad na Spanje.

<b>15:30 NASB</b>	<b>“to strive together with me”</b>
<b>NAV</b>	<b>“stry saam met my”</b>
<b>OAV</b>	<b>“om saam met my in die gebede te stry”</b>
<b>CUM-NLV vers 31</b>	<b>“Worstel saam met my”</b>

Die term kom slegs hier in die NT voor. Dit is ‘n samestelling van *sun* en *agōnizomai* (om te stry, te veg, om ‘n ernstige poging aan te wend). Sien ook 1 Kor. 9:25; Kol. 1:29; 4:12; 1 Tim. 4:10 en 6:12. Hierdie sterk INFINITIEF doen ‘n beroep op die kerk in Rome om aggressief en in alle erns met Paulus saam te pleit in verband met die ontvangs van die heiden-geskenk in die moederkerk van Jerusalem.

<b>15:31 NASB</b>	<b>“who are disobedient”</b>
<b>NAV</b>	<b>“al die ongelowiges”</b>
<b>OAV, CUM-MVB</b>	<b>“die ongehoorsame mense”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“die ongelowige Jode”</b>

Dit dui op die Joodse teenstand, of selfs die Judaïseerders (in die gemeente), maar nie die kerk in die algemeen nie (vgl. 11:30, 31).

**15:32** Paulus se gebedsversoek vra nog twee meer dinge: (1) dat hy na hulle met vreugde sal terugkeer; en (2) ‘n tyd van rus by hulle mag deurbring (AORISTUS MEDIUM SUBJUNKTIEF van *sunanapauomai*, wat net hier in die NT voorkom, maar wel ook in Jes. 11:6 gebruik word. Paulus het Jes. 11:1, 10 in Rom. 15:12 aangehaal. Paulus het ‘n tyd van stil rustigheid en herstel van kragte tussen volwasse gelowiges nodig gehad (vgl. 2 Kor. 4:7-12; 6:3-10; 11:23-33)! Dit was hom egter nie beskore nie. Arrestasie en verhore en jare van gevangenskap het op hom in Palestina gewag.

<b>15:33 NASB</b>	<b>“the God of peace”</b>
<b>NAV</b>	<b>“God wat vrede gee”</b>
<b>OAV</b>	<b>“die God van vrede”</b>
<b>CUMs</b>	<b>“God wat sy vrede gee”</b>

Dit is ‘n wonderlike titel vir God (vgl. 6:20; 2 Kor. 13:11; Fil. 4:9; 1 Tes. 5:23; 2 Tes. 3:16; Heb. 13:20).

- “Amen”: Sien *Vir Spesiale Aandag: Amen* by 1:25.

## BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot ‘n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so ‘n voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Tot watter voordeel is die OT vir NT-gelowiges (verse 4-5; 1 Kor. 10:6, 11)?
2. Waarom haal Paulus die OT in verse 9-12 aan?
3. Waar in hierdie gedeelte kom die spanning tussen Joodse en heiden-Christene na vore?
4. Waar in hierdie gedeelte skemer daar spanning deur in verband met Paulus se apostelskap?
5. Wat was Paulus se hoofoorweging vir die aanbidding van ‘n geskenk uit die heiden-kerke vir die kerk in Jerusalem (verse 15-18)?
6. Wat was Paulus se bedieningstrategie en hoekom wou hy na Spanje toe gaan?
7. Hoe en waarom beskryf Paulus sy werk as gelyk aan ‘n priester (vers 16), met verwysing na Israel as ‘n koninkryk van priesters (Eks. 19:5-6) of die kerk (1 Pet. 2:5, 9; Openb. 1:6)?
8. Het God Paulus se gebede in verse 30-33 verhoor?

## ROMEINE 16

<b>PARAGRAAFINDELING VAN MODERNE VERTALINGS*</b>					
<b>UBS<sup>4</sup></b>	<b>NKJV</b>	<b>NRSV</b>	<b>TEV</b>	<b>JB</b>	<b>NAV</b>
Persoonlike groete 16:1-2	Suster Febe aanbeveel 16:1-2	Groete 16:1-2	Persoonlike groete 16:1-2	Groete en goeie wense 16:1-2	Persoonlike groete 16:1-2
16:3-16	Groete aan Rome-heiligies 16:3-16	16:3-16	16:2-5a 16:5b-7 16:8-11 16:12-15 16:16	16:3-5a 16:5b-16	16:3-5a 16:5b-7 16:8-11 16:12-15 16:16
16:17-20	Vermyn mense wat verdeling saai 16:17-20	16:17-20	Laaste opdragte 16:17-20a 16:20b-21	'n Waarskuwing en eerste naskrif 16:17-20	Laaste opdragte 16:17-18 16:19-20
16:21-23	Groete van Paulus se vriende 16:21-24	16:21 16:22 16:23	16:22 16:23	Laaste groete en tweede naskrif 16:21-23	16:21-24
Doksologie 16:25-27	Seëning 16:25-27	16:25-27	Slotgebed en lof 16:25-26 16:27	Doksologie 16:25-27	Lofprysing 16:25-27

### **LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xi)**

#### **OM DIE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAF-VLAK TE VOLG**

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees eers die hoofstuk in geheel. Bepaal self die onderwerpe. Vergelyk u onderwerpindelings met die sewe vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar dien as die sleutel tot vasstelling van die oorspronklike skrywer se bedoeling. Dit is die hart van Bybeluitleg. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

\* Gaan self OAV, CUM-NLV en CUM-MVB se paragrawe na en vergelyk die onderwerpe met die vertalings hierbo. Aanhalingstekste is deurgaans uit die OAV, tensy anders vermeld.

## DIE DELE IN KONTEKS: ROMEINE 16:1-27

- A. Let daarop dat al die vroue genoem in hierdie slotdeel medewerkers van Paulus in die evangelie was (vgl. Fil. 4:3): Febe in vers 1; Prisca in vers 3; Maria in vers 6; Junia (indien Junias, was dit 'n man) in vers 7; Trifena en Trifosa in vers 12; Persis in vers 12; Paulus se “moeder” in vers 13; Julia in vers 15; en Paulus se “suster” in vers 15. Wees nietemin versigtig om nie dogmaties te raak oor vroue in die bediening nie. Alle gelowiges het gawes ontvang (vgl. 1 Kor. 12:7, 11) so ook voltydse leraars (vgl. Ef. 4:12). Die Bybel bevestig wel manlike leiding as wil van God. In hierdie lys het ons 'n vroulike diaken, Febe, en 'n moontlik vroulike apostel, Junia (vgl. Joël 2:28; Han. 2:16-21). Paulus se teenstrydige stellings in 1 Kor. 11:4-5 en 14:34 bemoelik 'n “Bybelse”-hantering van hierdie kwessie.
- B. Let op die moontlike rasagtergrond van die genoemde name:
1. gelowige Jode: Aquila, Prisca, Andronicus, Junias, Maria (sommige MSS stel Miriam);
  2. Romeinse familienaam van aansien: Prisca, Ampliatus, Apelles, Narcissus, Julia, Filologis;
  3. Joodse familienaam van aansien: Aristobulus, Herodion.
- C. Verse 1-16 is Paulus se persoonlike begroetings terwyl hy in verse 17-20 waarsku teen valse leraars. In verse 21-23 kom die spanlede in Korinte met begroeting aan die beurt.
- D. F.F. Bruce se bespreking van hoofstuk 16 in *Tyndale New Testament Commentary* is baie nuttig. Indien u in meer besonderhede van die name genoem in hierdie hoofstuk belangstel, lees bl. 266-284.
- E. Daar bestaan twyfel oor die afsluiting van die brief. Afsluitings verskyn aan die einde van hoofstukke 14, 15 (MS P<sup>46</sup>) en 16 in die antieke Griekse MSS. Nietemin, die tradisionele afsluiting in 16:25-27 kom in MSS P<sup>61</sup>,  $\aleph$ , B, C en D voor sowel as in die Griekse teks wat deur Clementius van Rome in 95 n.C. gebruik is.

Vers 24 verskyn nie in die ouer Griekse MSS P<sup>46</sup>, P<sup>61</sup>,  $\aleph$ , A, B of C nie, ook nie in die Latynse Vulgaat of die Griekse teks wat deur Origenes van Alexandrië gebruik is nie. Vir 'n volledige bespreking van die variante, sien Bruce M. Metzger, *A Textual Commentary on the Greek New Testament*, bl. 533-536.

## STUDIE VAN WOORDE EN FRASES

### NASB (UPDATED) TEXT: 16:1-2

**<sup>1</sup>I commend to you our sister Phoebe, who is a servant of the church which is at Cenchraea; <sup>2</sup>that you may receive her in the Lord in a manner worthy of the saints, and that you help her in whatever manner she may have need of you; for she herself has also been a helper of many, and myself as well.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 16:1-2.*

**16:1 “I commend to you” (“Ek beveel by julle [...] aan”):** Hierdie is 'n aanbevelingsbrief vir diakones Febe, wat moontlik die brief aan die Romeine gaan aflewer het. Daar is heelwat ander voorbeelde van briewe van bekendstelling en aanbeveling in die NT (vgl. Han. 18:27; 1 Kor. 16:3; 2 Kor. 3:1; 8: 18-24; en Fil. 2:19-30).

■ NASB	“Phoebe”
NAV	“Febe”
OAV	“Fébé”

Die naam beteken “helder” of “stralend”.

■ NASB, NKJV	“who is a servant of the church”
NRSV	“a deacon of the church”
TEV	“who serves the church”
JB	“a deaconess of the church”
NAV	“wat dienaar is in die gemeente”
OAV	“wat ‘n dienaars is van die gemeente”
CUM-NLV	“Sy doen dienswerk in die gemeente”
CUM-MVB	“wat diaken is in die gemeente”

Hierdie term is *diakonos*. Dit is ‘n AKKUSATIEF ENKELVOUD VROULIK en is die Grieks vir “bedienaar” of “dienskneg”. Dit word in verband met Christus gebruik in 15:8, en van Paulus in Ef. 3:7; Kol. 1:23, 25.

Daar is volgens die NT én die na-Bybelse kerklike geskryfte duidelike bewys van die bestaan van die amp van diakones. ‘n Ander voorbeeld van vroue in diens van die plaaslike gemeente was die rol wat die “weduwees” vervul het volgens die Pastorele Briewe (vgl. 1 Tim. 3:11; 5:3-16). Die *Revised Standard Version, Amplified* en die Phillips-vertalings, het “diakones” in 16:1. Die NASB en NIV verwys daarna in voetnote. Die NEB het “who holds office”. Alle gelowiges is geroepe, voltydse bedienaars; toegerus met gawes (vgl. Ef. 4:12). Sommige is geroep tot leierskapbediening. Ons tradisies moet ag slaan op, en plek maak vir, Skrifriglyne! Hierdie vroegste diakens en diakonesse was dienaars en nie uitvoerende bestuur nie.

M.R. Vincent meld in *Word Studies*, vol. 2, bl. 752 en 1196 dat die Apostoliese Konstitusies (“Apostolical Constitutions”), wat laat tweede of vroeg derde eeu gedateer word, ‘n onderskeid gemaak het wat betref die ordening en pligte van vroulike kerkwerkers:

1. diakonesse
2. weduwees (vgl. 1 Tim. 3:11; 5:9-10)
3. maagde (vgl. Han. 21:9 en moontlik 1 Kor. 7:34)

Hulle dienste en pligte was:

1. omsien na die siekes;
2. omsien na wie fisies gely het as gevolg van vervolging;
3. besoek aan gevangenes wat vanweë hulle geloofsoortuigings in hegtenis geneem is;
4. onderrig aan nuutbekeerdes;
5. bystand vir vroue tydens die doop; en
6. ‘n mate van toesig oor vrouelidmate.

## VIR SPESIALE AANDAG: VROUE IN DIE BYBEL

### I. Die Ou Testament

#### A. Kultureel gesproke is vrouens beskou as besittings:

1. ingesluit in 'n lys van besittings (Eks. 20:17)
2. behandeling van vroulike slawe (Eks. 21:7-11)
3. vroue se geloftes kon op maatskaplik-sosiale gronde deur haar man nietig verklaar word (Num. 30)
4. vroue as oorlogsbuit (Deut. 20:10-14; 21:10-14)

#### B. In praktyk was daar gemeenskaplikheid:

1. man en vrou geskape na die beeld van God (Gen. 1:27-28)
2. eer vader en moeder (Eks. 20:12; Deut. 5:16)
3. eerbied moeder en vader (Lev. 19:3; 20:9)
4. manne en vroue kon Nasireërs word (Num. 6:1-2)
5. dogters het erfreg (Num. 27:1-11)
6. deel van verbondsgemeenskap (Deut. 29:10-12)
7. ag slaan op onderrig van vader en moeder (Spr. 1:8; 6:20)
8. seuns en dogters van Heman (Leviëte-familie) begelei in tempel met musiek (1 Kron. 25:5-6)
9. seuns en dogters sal in die nuwe bedeling profeteer (Joël 2:28)

#### C. Vroue in leierskaprolle:

1. Moses se suster, Miriam, 'n profetes genoem (Eks. 15:20-21)
2. vrouens met gawes deur God toegerus vir die oprigting van die Tabernakel (Eks. 35:25-26)
3. 'n vrou, Debora, 'n profetes (Rig. 4:4), lei die stamme van Israel (Rig. 4:4-5; 5:7)
4. Hulda was 'n profetes deur koning Josia ingeroep om die nuut-gevonde wetboek te verklaar (2 Kon. 22:14; 2 Kron. 34:22-27)
5. Rut, 'n toegewyde vrou, was 'n voorouer van Dawid
6. Koningin Ester, 'n toegewyde vrou, tree op as redder van die Jode in Persië

### II. Die Nuwe Testament

#### A. Kultureel gesproke was vrouens in Judaïsme en in die Grieks-Romeinse wêreld tweedeklas burgers met weinig regte of voorregte (Masedonië was 'n uitsondering).

#### B. Vroue in leierskaprolle:

1. Elisabeth en Maria, toegewyde vroue; vir God beskikbaar (Luk. 1 en 2)
2. Anna, 'n toegewyde vrou; dien in die tempel (Luk. 2:36)
3. Lydia, 'n gelowige en leier van 'n huiskerk (Han. 16:14, 40)
4. Filippus se vier dogters was profetesse (Han. 21:8-9)
5. Febe, diakones van die kerk in Kenchreë (Rom. 16:1)
6. Prisca (Priscilla), Paulus se medewerker en onderrig Apollos (Han. 18:26; Rom. 16:3)
7. Maria, Trifena, Trifosa, Persis, Julia, Nereus se suster, 'n hele aantal vroulike medewerkers van Paulus (Rom. 16:6-16)
8. Junia (KJV), waarskynlik 'n vroulike apostel (Rom. 16:7)
9. Euodia en Sintiche, medewerkers van Paulus (Fil. 4:2-3)

### III. Hoe vertolk 'n moderne gelowige die uiteenlopende Bybelse voorbeelde?

- A. Hoe onderskei 'n mens tussen historiese en kulturele waarheid wat net op die oorspronklike konteks van toepassing was, maar aan die ander kant ewige waarheid is, toepaslik vir alle kerke van alle tye?
1. Ons moet die bedoeling van die oorspronklike, geïnspireerde skrywer absoluut ernstig opneem. Die Bybel is die woord van God en die enigste bron vir geloof en praktyk.
  2. Ons moet besluit oor die voor die hand liggende, histories bepaalde, dog geïnspireerde tekste:
    - a. die kultus (d.w.s. rituele en liturgie) eie aan Israel (vgl. Han. 15; Gal. 3)
    - b. eerste eeuse Judaïsme
    - c. Paulus se duidelik histories-bepaalde opmerkings in 1 Korintiërs
      - (1) die wetstelsel van heiden-Rome (1 Kor. 6)
      - (2) bly 'n slaaf (1 Kor. 7:20-24)
      - (3) selibaat (1 Kor. 7:1-35)
      - (4) maagdelikheid (1 Kor. 7:36-38)
      - (5) voedsel offer aan 'n afgod (1 Kor. 10:23-33)
      - (6) onwaardige optrede aan die Nagmaaltafel (1 Kor. 11)
  3. God het Hom duidelik openbaar aan 'n bepaalde kultuur in 'n bepaalde tyd. Ons neem die openbaring ernstig op, maar nie elke aspek van die historiese inkleding nie. Die woord van God is geskryf in sy eie woorde, geadresseer in 'n eiesoortige kultuur op 'n spesifieke tyd.
- B. Bybeluitleg moet die oorspronklike skrywer se bedoeling vasstel. Wat wou hy vir sý dag sê? Dit is die grondslag en vereiste vir behoorlike uitleg, maar dan moet ons dit toepas op óns dag. Daarmee kom ons by die probleem van vroulike leierskap (dalk maak die verduideliking die probleem duidelik). Was daar meer bedienaars wat vir leiers aangesien is as herders? Is diakonesse beskou as leiers (vgl. Rom. 16:1)? Dit is volkome duidelik dat Paulus in 1 Kor. 14:34-35 en 1 Tim. 2:9-15 te kenne gee dat vroue nie in openbare eredienste leiding moet neem nie! Maar hoe maak ons dit vandag van toepassing? Ek wil dit nie dat Paulus se kultuur, of my kultuur, God se woord en wil tot swye dwing nie. Moontlik was Paulus se dag te beperkend en moontlik is my dag te liberaal! Ek ervaar dit uiters ongemaklik om te beweer dat Paulus se leringe met voorwaardes opgevat moet word, naamlik dat dit eerste eeus is en as plekgebonde gekwalifiseer moet word. Wie is ek dat ek kan toelaat dat my siening of my kultuur 'n geïnspireerde skrywer weerspreek?!

Andersins, wat maak ek daarvan wanneer daar Bybelse voorbeelde van leidinggewende vrouens geopper word, selfs in Paulus se geskifte soos Romeine 16? Paulus self is miskien 'n goeie voorbeeld van hoe die probleem gehanteer moet word. Sien sy bespreking van openbare aanbidding in 1 Kor. 11-14. In 11:5 lyk dit of hy vrouens sal toelaat om te preek en bid in die erediens, mits hulle hoofde bedek is. Andersins in 14:34-35 beveel hy hulle tot volkome swye! Daar was immers ook diakonesse (Rom. 16:1) en profetesse (vgl. Han. 21:9). In so 'n verskeidenheid besef ek dat ek die vryheid het om te vra waarom hy in eerste-eeuse Korinte en Efese beperkend opgetree het. In beide kerke was daar probleme met vroue se uitoefening van hul nuutgevonde vryheid (sien Bruce Minter, *Corinth After Paul Left*), wat in die weg kon staan van die kerk se uitreik in die gemeenskap vir Christus. Hulle vryheid moes beperk word sodat die evangelie effektief kon wees.

My dag, egter, is die algeheel teenoorgestelde van wat Paulus s'n was. In my dag mag die evangelie verhinder word as opgeleide, welsprekende vroue nie toegelaat word om die evangelie te verkondig nie.

Ek wil toegee aan Paulus: my teologie is primêr Paulinies. Ek wil nie onderstebo geloop word of gemanipuleer word deur moderne feminisme nie! Hoewel ek aan die ander kant voel dat die kerk te traag aanbeweeg het wat betref klinkklare Bybelse waarhede soos die onaanvaarbaarheid van slawerny, rassisme, huigelagtigheid en seksisme. Die kerk was ook traag in toepaslike reaksie op die misbruik van vroue in die moderne tyd. God het in Christus die vrou en die slaaf vrygemaak. Ek kan nie dat kultuurgebonde tekste (bv. Paulus beperkend, 1 Kor. 14:34-35) hulle weer boei nie.

Nog net een opmerking: as Bybelverklaarder weet ek dat die kerk in Korinte uitermate verbrokkeld en verdeeld was. Die charismatiese gewes is hoog aangeskryf en vertonerig opgedring aan die gemeente. Vrouens was moontlik hierin meegevoer. Ek is ook van mening dat in Efese valse leraars misbruik van vroue gemaak het deur hulle as tussengangers in huiskerke te laat optree.

C. Voorstelle vir verdere navorsing:

1. *How to Read the Bible for All It's Worth*, Gordon Fee en Doug Stuart (bl. 61-77)
2. *Gospel and Spirit: Issues in New Testament Hermeneutics*, Gordon Fee
3. *Hard Sayings of the Bible*, Walter C. Kaiser, Peter H. Davids, F.F. Bruce en Manfred T. Branch (bl. 613-616; 665-667)

■ “church” (“gemeente”): Sien *Vir Spesiale Aandag* wat volg.

**VIR SPESIALE AANDAG: KERK (EKKLESIA)**

Hierdie Griekse term is ‘n samestelling van twee woorde, naamlik “uit van” en “geroep”, wat dus “deur God geroepenes” impliseer. Die vroeë kerk het die woord uit sekulêre gebruik oorgeneem (vgl. Han. 19:32, 39, 41) en in navolging van die LXX, wat dit gebruik het om “die gemeente van Israel” (vgl. Num. 16:3; 20:4) te beskryf. Vir hulle het dit beteken dat hulle die voortsetting van die OT-volk van God was. Hulle was die nuwe Israel (vgl. Rom. 2:28-29; Gal. 6:16; 1 Pet. 2:5, 9; Openb. 1:6), die vervulling van God se wêreldsending (vgl. Gen. 3:15; 12:3; Eks. 19:5-6; Mat. 28:18-20; Luk. 24:47; Han. 1:8).

Hierdie woord kom verskeie kere in die evangelies en Handeling voor:

1. ‘n sekulêre byeenkoms van die stad se inwoners – “vergadering”
2. die universele volk van God in Christus, Mat. 16:18 en Efesiërs
3. ‘n plaaslike gemeente van gelowiges in Christus, Mat. 18:17; Han. 5:11 (verse wat na die kerk in Jerusalem verwys)
4. ingesluit by Israel met die ontvangs van die wet (die preek van Stefanus; Han. 7:38)
5. die volk van God in ‘n streek, Han. 8:3 (Judea of Palestina)

■ NASB  
NAV  
OAV  
CUM-NLV

“Cenchraea”  
“Kenchreë”  
“Kenchrëë”  
“Kengreë”



Een van die twee hawens van Korinte – die een aan die oostekant.

<b>16:2 NASB</b>	<b>“that you receive her in the Lord in a manner worthy”</b>
<b>NAV</b>	<b>“Ontvang haar soos wat dit [...] betaam”</b>
<b>OAV</b>	<b>“dat julle haar ontvang in die Here, soos dit [...] betaam”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“Ontvang haar by julle op ‘n manier wat [...] pas”</b>

Dit is ‘n AORISTUS MEDIUM SUBJUNKTIEF van *prosdechomai*, wat “ontvang vriendelik as ‘n gas” beteken (vgl. Fil. 2:29). Paulus het vertroue in dié dame gehad en wou hê dat die kerk haar om sy onthalwe moes ontvang en help.

▣ <b>NASB</b>	<b>“saints”</b>
<b>NAV</b>	<b>“wat in die Here glo”</b>
<b>OAV</b>	<b>“heiliges”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“Christene”</b>
<b>CUM-MVB</b>	<b>“aan die Here gewy is”</b>

Hierdie term beteken “heiliges”. Dit beskryf nie net hulle status (posisie) in Christus nie, maar hopelik ook hulle toegewyde lewens, waarin hulle nuwe heilige status in Christus toenemend as deel van hulle karakter ten toon gestel word. Die term “heilige” kom altyd in die meervoud voor, behalwe een keer in Fil. 4:21, waar dit in ‘n gemeenskaplike sin verstaan moet word. Om Christen te wees maak iemand deel van ‘n geloofsgemeenskap; ‘n familie; ‘n liggaam. Die kerk in die moderne Westerse wêreld het hierdie gemeenskaplike aspek van Bybelse geloof erg afgewater.

▣ <b>NASB</b>	<b>“help her in whatever matter she may have need of you”</b>
<b>OAV</b>	<b>“haar bystaan in elke saak waarin sy julle nodig mag hê”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“help haar in alles wat sy dalk nodig kry”</b>

Hier is twee SUBJUNKTIEWE. Die eerste, *paristēmi* (AORISTUS AKTIEF), gaan oor “by te staan en te ondersteun”. Die tweede, *chrēzō* (PRAESENS AKTIEF), beteken “help met wat ook al benodig word” (vgl. 2 Kor. 3:1).

So is daar voorsiening gemaak vir reisende leraars. Dit was die doel van aanbevelingsbriewe.

▣ <b>NASB, NKJV</b>	<b>“has been a helper for many”</b>
<b>NRSV</b>	<b>“has been a benefactor of many”</b>
<b>TEV</b>	<b>“for she herself has been a good friend to many people”</b>
<b>JB</b>	<b>“has looked after a great many people”</b>
<b>NAV</b>	<b>“want sy was vir baie [...] tot steun”</b>
<b>OAV</b>	<b>“Want sy was vir baie ‘n beskermster”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“sy was ‘n staاتمaker wat al baie gelowiges ondersteun het”</b>

Hierdie woord (*proistatus*) word slegs hierdie een keer in die NT aangetref. Dit kan verwys na fisiese of finansiële hulp. Die oorspronklike betekenis was “welgestelde beskermvrou”. Aangesien Febe na Rome sou reis en ‘n helper vir baie was, kon dit m.b.t. haar histories korrek gewees het.

**NASB (UPDATED) TEXT: 16:3-16**

**<sup>3</sup>Greet Prisca and Aquila, my fellow workers in Christ Jesus, <sup>4</sup>who for my life risked their own necks, to whom not only do I give thanks, but also all the churches**

of the Gentiles; <sup>5</sup>also *greet* the church that is in their house. Greet Epaenetus, my beloved, who is the first convert from Asia. <sup>6</sup>Greet Mary, who has worked hard for you. <sup>7</sup>Greet Andronicus and Junias, my kinsmen and my fellow prisoners, who are outstanding among the apostles, who also were in Christ before me. <sup>8</sup>Greet Ampliatus, my beloved in the Lord. <sup>9</sup>Greet Urbanus, our fellow worker in Christ, and Stachys my beloved. <sup>10</sup>Greet Apelles, the approved in Christ. Greet those who are the household of Aristobulus. <sup>11</sup>Greet Herodion, my kinsman. Greet those of the household of Narcissus, who are in the Lord. <sup>12</sup>Greet Tryphaena and Tryphosa, workers in the Lord. Greet Persis, the beloved, who has worked hard in the Lord. <sup>13</sup>Greet Rufus, a choice man in the Lord, also his mother and mine. <sup>14</sup>Greet Asyncritus, Phlegon, Hermes, Patrobas, Hermas and the brethren with them. <sup>15</sup>Greet Philologus and Julia, Nereus and his sister, and Olympas, and all the saints who are with them. <sup>16</sup>Greet one another with a holy kiss. All the churches of Christ greet you.

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 16:3-16.*

**16:3** NASB “Prisca and Aquila”  
 NAV “Priscilla en Akwila”  
 OAV “Priscilla en Aquila”

Lukas noem haar “Priscilla”. Sy word dikwels vóór haar man genoem, wat eintlik baie ongewoon is (Han. 18:18, 26; 1 Kor. 16:19; 2 Tim. 4:19). Sy het moontlik Romeinse burgerskap gehad of was van hoë afkoms, en was dus die oorheersende persoonlikheid in die huwelik. Beide hulle en Paulus was tentmakers en leerbewerkers van ambag. Paulus noem hulle “medewerkers in Christus Jesus”. Dit was moontlik by hierdie twee dat hy van die goeie en die minder goeie in die kerk van Rome te hore gekom het.

**16:4** NASB “risked their own necks”  
 NAV, OAV “hulle lewe gewaag het”  
 CUM-NLV “hulle het hulle lewens vir my op die spel geplaas”  
 CUM-MVB “wat hulle nek vir my gewaag het”

Dit verwys na ‘n kultuur van “die laksman se byl”; die Bybel gee nie verder aanduiding van wat Paulus bedoel nie.

▣ NASB “to whom not only I give thanks, but also all the churches of the Gentiles”  
 NAV, OAV, CUM-NLV “nie net ek dank hulle nie, maar ook al die gemeentes van die Heidene”  
 CUM-MVB “Dis nie net ek wat hulle dankbaar bly nie, maar ook al die nie-Joodse gemeentes”

Paulus was opreg dankbaar vir vriendskap en bystand van hierdie egpaar. Hy beskou hulle diens as van belang vir al die kerke uit die heidendom. Dit mag sinspeel op hulle ondersteuning van en onderrig aan Apollos (vgl. Han. 18:24-28).

**16:5** “the church” (“gemeente”): Dit verwys nie na ‘n gebou nie, maar na mense! Die term beteken “hulle wat uitgeroep is”. Die Griekse OT, die LXX, het die Hebreeuse woord *qahal* vertaal met “gemeente”. Die vroeë kerk het hulleself as die natuurlike opvolging en vervulling van die “gemeente van Israel” gesien, allermins ‘n sektariese splintergroep! Sien *Vir Spesiale Aandag: Vroue in die Bybel* by 16:1.

- ▣ NASB “that is in their house”
- NAV “wat in hulle huis bymekaar kom”
- OAV “by hulle aan huis”
- CUMs “in hulle huis”

Die vroeë Christendom het in huise vergader (vgl. Han. 12:12; 1 Kor. 16:19; Kol. 4:15 en Fil. vers 2). Kerkgeboue maak eers later as die derde eeu n.C. hulle verskyning.

- ▣ “Epaenetus” (“Epénetus”): Wat “geprys” (“geprese”) beteken.

- ▣ NASB “who is the first convert”
- NAV “die eerste bekeerling vir Christus”
- OAV “wat die eersteling [...] is vir Christus”
- CUM-NLV “Hy was die heel eerste persoon [...] wat tot Christus gekom het”
- CUM-MVB “die eerste gawe vir Christus”

Dit word ook gesê van die huisgesin van Stefanus in 1 Kor. 16:15.

- ▣ NASB “from Asia”
- NAV “in die provinsie Asië”
- OAV “van Achaje”
- CUM-NLV “in die Romeinse provinsie Asië”
- CUM-MVB “in Asië”

Dit verwys na die Romeinse provinsie wat oor die westelike derde van hedendaagse Turkye gestrek het.

- 16:6
- NASB “Mary, who has worked hard for you”
  - NAV “Maria, wat baie moeite vir julle gedoen het”
  - OAV “Maria, wat baie vir ons gearbei het”
  - CUM-NLV “Maria, wat so hard in julle belang gewerk het”
  - CUM-MVB “Maria, wat regtig hard vir julle gewerk het”

Niks is omtrent haar bekend nie. Sy kon dalk ‘n sendeling uit die kerk van Rome gewees het. Talle en talle prysenswaardige gelowiges is onbekend by die mens, maar welbekend by God.

- 16:7
- NASB “my fellow prisoners”
  - NAV “my volksgenote wat saam met my in die gevangenis was”
  - OAV “my medegevangenes”
  - CUM-NLV “my mede-Jode wat saam met my in die tronk was”

Geleerdes is nie seker na watter gevangenskap hier verwys word nie. Paulus het baie opgeoffer vir sy geloof (vgl. 2 Kor. 4:8-11; 6:4-10; 11:25-28). Hy was in aanhouding in Filippie, in Caesarea, in Rome en waarskynlik nog ander plekke ook (vgl. 1 Kor. 15:32; 2 Kor. 1:8).

- ▣ NASB, OAV “Junias”
- CUM-NLV “Junia”

Hierdie naam kan vir manlik of vroulik deurgaan. Geslag word deur aksenttekens aangedui. Daar is manuskripvariasies in die Grieks. “*Iounian*” kom voor in MSS  $\aleph$ , A, B, C, D, F, G en P, maar sonder die aksentteken. Die vroulike vorm met aksenttekens, verskyn in MSS B<sup>2</sup>, D<sup>2</sup> en 0150. Die vroeë papyrus manuskrip P<sup>46</sup> en sommige Vulgaat en Koptiese vertalings, sowel as die teks wat deur Hieronimus gebruik is, het die vroulike vorm, “*Ioulian*”. Sommige geleerdes meen

dat dit ‘n skryffout kan wees. Hierdie vroulike vorm verskyn in Rom. 16:15. Die moontlikheid bestaan wel dat die twee persone genoem in vers 7 (1) twee Joodse gelowiges saam met Paulus in aanhouding, (2) ‘n broer en suster, of (3) ‘n egpaar kon gewees het. Indien dan vroulik, en in die lig van die moontlikheid dat die term wyer in gebruik was as “die twaalf”, was Junia ‘n vroulike apostel.

Dit is ook interessant dat die spelling, “Junias”, nêrens in Romeinse literatuur opduik nie, maar tog is geskryfte met die titel “Junia” volop. Dit was ‘n Romeinse familienaam. Vir meer inligting oor vroue in die bediening, sien *Women Leaders and the Church* deur Linda L. Belleville, bl. 188, voetnoot 42.

■ NASB	“who are outstanding among the apostles”
NKJV	“who are of note among the apostles”
NRSV	“they are prominent among the apostles”
TEV	“they are well known among the apostles”
NJB	“to those outstanding apostles”
NAV, CUM-NLV	“hulle is hoog aangeskrewe by die apostels”
OAV	“wat in aansien is onder die apostels”
CUM-MVB	“hulle is hoog aangeskrewe by die gestuurdtes van Christus met volle mandaat”

Dit kan na die twaalf apostels verwys indien dié twee aan hulle bekend was. Dit kan ook verwys na die wyer groep bedienaars wat as “apostels” bekend staan (vgl. Han. 14:4, 14; 18:5; 1 Kor. 4:9; Gal. 1:19; Fil. 2:25; 1 Tes. 2:6). Die konteks suggereer die wyer gebruik van die term soos blyk uit Ef. 4:11. Die BEPAALDE LIDWOORD suggereer egter die twaalf!

■ NASB	“who also were in Christ before me”
NAV	“en het voor my al Christene geword”
OAV	“en reeds voor my in Christus gewees het”
CUM-NLV	“en was reeds voor my Christene”
CUM-MVB	“was voor my al in Christus”

Dis duidelik dat hulle al Christene was voor Paulus se Damaskuspad-ondervinding.

**16:8-16** Die name in hierdie gedeelte is aan die geleerdes onbekend. Hulle is geliefdes van God en Paulus, maar op hulle name en dienste word nie in die NT of in vroeg-Christelike literatuur uitgebrei nie. Merkwadig van die lys name is egter die algemene slaafname wat tussen Romeinse adelstand en Joodse familienaam voorkom. Daar is manne en vroue. Daar is welgestelde, vrye burgers en daar is reisende predikers. Daar is vreemdelinge uit Persië, want alle grense is afgebreek in die kerk van Jesus Christus (vgl. 3:22; 10:12; Joël 2:28-32 [Han. 2:14-21]; 1 Kor. 12:11; Gal. 3:28; Kol. 3:11)!

<b>16:8</b> NASB, NAV	“Ampliatius”
OAV	“Amplias”

‘n Welbekende Romeinse familienaam, soos Prisca en Junia.

■ NASB	“my beloved in the Lord”
NAV	“my liewe vriend in die Here”
OAV, CUM-MVB	“my geliefde in die Here”
CUM-NLV	“my liewe Christenvriend”

Die uitdrukking “geliefde” is die aanspreekwyse van God die Vader vir Jesus die Seun in Mat. 3:17 en 17:5. Die titel ontleen moontlik aan die Dienskneg Liedere van Jesaja (vgl. Mat. 12:18 wat Jes. 42:1 aanhaal). Paulus gebruik dit as aanspreekwyse van gelowiges (vgl. 1:7; 16:8-9; 1 Kor. 4:14, 17; 15:58; Ef. 6:21; Fil. 2:12; Kol. 4:7, 9, 14; 1 Tim. 6:2; Filem. vers 16).

**16:9 “Urbanus” (“Urbánus”):** Dit beteken “stadsbewoner” of “stad-opgevoed”.

- ▣ NASB “in Christ”
- OAV “in Christus”
- CUM-NLV “in diens van Christus”

Dit kom herhaaldelik voor saam met “in die Here” in hierdie hoofstuk. Hierdie Christenwerkers was almal deel van een groot familie; één Verlosser!

- ▣ NASB “Stachys”
- NAV “Stagis”
- OAV “Stachis”

Dis ‘n seldsame naam wat “koringaar” beteken. Argeoloë het bevind dat hierdie naam met die keiserlike familie verbind kan word.

- 16:10**
- NASB “the approved in Christ”
  - NAV “hy het gewys wat in hom steek as gelowige”
  - OAV “die beproefde in Christus”
  - CUM-NLV “beproefde Christen wat hy is”
  - CUM-MVB “hy is in Christus as eg bevind”

‘n Idiomatiese uitdrukking wat dui op iemand wat ten spyte van beproewing getrou gebly het. Sien *Vir Speciale Aandag: “Toetsing” – Griekse Terme en Konnotasies* by 2:18.

- ▣ NASB “those of the household”
- OAV “hulle wat van die huis van [...] is”
- CUM-NLV “die lede van die huis van”
- CUM-MVB “en die huis van”

Dit word deur sommige geleerdes beskou as ‘n sinspeling op ‘n slaaf in die huishouding van Aristobulus, nie familieledede nie. Dieselfde argument geld in die geval van vers 11, “hulle wat in die huis van Narcissus is”.

- ▣ “of Aristobulus” (“van Aristobúlus”): Sommige geleerdes (Lightfoot) is die mening toegedaan dat hierdie persoon die broer was van Herodes Agrippa I, wat volgens Han. 12 die apostel Jakobus om die lewe laat bring het. Indien dit die geval is toon dit dat die evangelie besig was om die koningshuis van die Idumeërs te beïnvloed.

**16:11 “Herodian” (“Herodion”):** Hy kon ‘n slaaf van die Herodes-familie gewees het.

- ▣ NASB “those of the household of Narcissus”
- NAV “vir dié uit die huis van Narsissus”
- OAV “hulle wat van die huis van Narcissus is”
- CUM-NLV “aan die Christene uit die huis van Narsissus”

Dit kon ‘n verwysing gewees het na ‘n welbekende huiskneg van keiser Claudius en toon moontlik hoe die evangelie die keiserlike hofhouding begin beïnvloed het.

**16:12 “Tryphaena” (“Trifena”):** ‘n Naam wat “fynheid” beteken.

▣ **“Tryphosa” (“Trifosa”):** Wat “verfynd” (delikaat) beteken. Dalk ‘n suster van Trifena? Dalk ‘n tweeling?

▣ **NASB** “worked hard”  
**NAV** “vroue wat hard werk”  
**OAV, CUM-NLV** “ywerige werksters”

‘n Term wat arbeid tot op ‘n punt van “algehele uitputting” beteken.

▣ **“Persis”:** Wat “Persiese vrou” beteken.

**16:13 “Rufus”:** Dit beteken “rooi” of “rooikop”. Daar was ‘n welbekende Rufus in Rome (vgl. Mark. 15:21). Of dit dieselfde persoon is, is onseker, maar beslis moontlik.

▣ **NASB** “a choice man in the Lord”  
**NKJV, NRSV** “chosen in the Lord”  
**TEV** “that outstanding worker in the Lord’s service”  
**JB** “a chosen servant of the Lord”  
**NAV** “die voortreflike werker in diens van die Here”  
**OAV, CUM-NLV** “die uitverkorene in die Here”

Letterlik die “uitverkore een”. Die term dui nie net sy geroepenheid deur God aan nie, maar ook sy leefstyl van diens. Sy moeder het Paulus ook met groot toegeneentheid ondersteun.

**16:14 “Hermes”:** Die naam van die geluksgod. Dit kom algemeen voor as slawe-naam in die Grieks-Romeinse wêreld van die eerste eeu n.C.

**16:15 NASB** “all the saints”  
**NAV** “al die ander gelowiges”  
**OAV** “al die heiliges”

Sien *Vir Spesiale Aandag: Heiliges* by 1:7.

**16:16 NASB** “holy kiss”  
**NAV** “soen van Christelik broederskap”  
**OAV** “heilige kus”  
**CUM-NLV** “soen van Christelike liefde”  
**CUM-MVB** “heilige soen”

Daar bestaan geen bewyse van wie vir wie gesoen het, waar of wanneer nie. In die sinagoge, vanwaar die gebruik vir ‘n tyd lank in die kerk ook voortgesit is, het manne mekaar op die wang gesoen en so ook die vroue (vgl. 1 Kor. 16:20; 2 Kor. 13:12; 1 Tes. 5:26; 1 Pet. 5:14). Hierdie groetgebruik het in die kerk ongewens geword, omdat ongelowiges dit verkeerd opgeneem het. Dit is gevolglik gestaak.

**NASB (UPDATED) TEXT: 16:17-20**

**<sup>17</sup>Now I urge you, brethren, keep your eye on those who cause dissensions and hindrances contrary to the teaching which you learned, and turn away from them. <sup>18</sup>For such men are slaves, not of our Lord Christ but of their own appetites; and by their smooth and flattering speech they deceive the hearts of the unsuspecting. <sup>19</sup>For**

**the report of your obedience has reached to all; therefore I am rejoicing over you, but I want you to be wise in what is good and innocent in what is evil. <sup>20</sup>The God of peace will soon crush Satan under your feet. The grace of our Lord Jesus be with you.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 16:17-20.*

**16:17** Hierdie waarskuwing is onverwags in die konteks. 'n Lys volg in vers 17-18 in verband met die bedrywigheide van valse leraars:

1. hulle stook verdeeldheid;
2. hulle plaas struikelblokke in die weg van gelowiges;
3. hulle verkondig teenstrydighede met die leer van die kerk;
4. hulle soek bevrediging van hulle eie genotsug en aptyte; en
5. met gladde mond en vleitaal mislei hulle niksvermoedende mense.

Hierdie lys staan nie in verband met die swak en sterk gelowiges soos in 14:1-15:13 bespreek nie.

▣ NASB	<b>“turn away from them”</b>
NAV	<b>“Bly weg van hulle af”</b>
OAV	<b>“vermy hulle”</b>

Dit is 'n PRAESENS AKTIEF IMPERATIEF. Hierdie tema kom herhaaldelik voor (vgl. Gal. 1:8-9; 2 Tes. 3:6, 14; 2 Joh. vers 10).

<b>16:18</b>	<b>NASB, NRSV, TEV</b>	<b>“their own appetites”</b>
	<b>NKJV</b>	<b>“their own belly”</b>
	<b>NJB</b>	<b>“their own greed”</b>
	<b>NAV</b>	<b>“hulle eie drifte en drange”</b>
	<b>OAV</b>	<b>“hulle eie buik”</b>
	<b>CUM-NLV</b>	<b>“hulle eie persoonlike belange”</b>
	<b>CUM-MVB</b>	<b>“hulle eie maag”</b>

Letterlik staan daar “pense” (vgl. Fil. 3:19; Tit. 1:12). Die valse leraars keer alles om ten einde hulle selfsugtige belange te bevorder.

▣ NASB	<b>“by their smooth and flattering speech”</b>
NAV	<b>“met al hulle mooi praatjies en vleitaal”</b>
OAV	<b>“deur hulle vriendelike en mooi woorde”</b>

Valse leraars is dikwels fisies aantreklik met dinamiese persoonlikheid (vgl. Kol. 2:4) en dikwels selfs heeltemal logies in hul aanbiedings. Maar, pasop! Moontlike tekste om valse leraars van egtes te onderskei, is Deut. 13:1-5; 18:22; Mat. 7; Fil. 3:2-3, 18-19; 1 Joh. 4:1-6.

▣ NASB	<b>“they deceive the hearts of the unsuspecting”</b>
NAV	<b>“mislei hulle die liggelowige mense”</b>
OAV	<b>“verlei deur hulle vriendelike en mooi woorde die harte van die eenvoudiges”</b>
<b>CUM-MVB</b>	<b>“mislei hulle naïewe mense”</b>

Hierdie is 'n PRAESENS AKTIEF INDIKATIEF wat “volgehoue misleiding” suggereer. Sulke nuwe of naïewe gelowiges was misleibaar (sonder onderskeidingsvermoë ten opsigte van wat sleg is).

**16:19 NASB** “the report of your obedience has reached to all”  
**NAV** “almal het gehoor van julle gehoorsaamheid”  
**OAV** “julle gehoorsaamheid het algemeen bekend geword”

Hierna word reeds in 1:8 verwys. Dis een van Paulus se oordrywings.

■ **NASB** “be wise in what is good and innocent in what is evil”  
**NAV** “dat julle alles weet van die goeie en niks wil weet van wat sleg is nie”  
**OAV** “dat julle wys mag wees teenoor wat goed is, maar onskuldig teenoor wat sleg is”  
**CUM-NLV** “dat julle duidelik sal besef wat goed is en dat julle nie slim sal wees wat die verkeerde betref nie”

Dit weerspieël die onderrig van Jesus (vgl. Mat. 10:16; Luk. 10:3).

**16:20 NASB** “the God of peace”  
**NAV** “die God wat vrede gee”  
**OAV, CUM-NLV** “die God van vrede”

Nog ‘n wonderlike titel van God (vgl. 15:13; 2 Kor. 13:16; Fil. 4:9; 1 Tes. 5:23 en Heb. 13:20).

■ “will soon crush Satan under your feet.” (“sal die Satan spoedig onder julle voete verbrysel”): Dit is ‘n heenwysing op Gen. 3:15. Die gelowige se verhouding met die Messias laat hom in die oorwinning deel (vgl. 1 Joh. 5:18-20). Dit is ‘n duiselingwekkende belofte en verantwoordelikheid. In hierdie konteks is dit Satan wat die verwarring en verdeeldheid wat die valse leraars skep, aangryp om die kerk sy visie van die groot opdrag haar te ontnem. Agter die valse leraars staan die demoniese!

Die evangelie verdryf egter die duisternis en die bose as dit vasgehou en uitgeleef word. Vir ‘n goeie boek oor hierdie onderwerp, lees *Three Crucial Questions About Spiritual Warfare*, deur Clinton E. Arnold.

### **VIR SPESIALE AANDAG: BOSE PERSOONLIKHEID**

Hierdie is ‘n moeilike onderwerp om verskeie redes:

1. Die OT openbaar nie ‘n aartsvyand teen die goeie nie, maar ‘n dienskneg van YHWH wat die mensdom ‘n alternatiewe bied en van onopregtheid beskuldig.
2. Die konsep van ‘n persoonlike aartsvyand van God het gedurende die tussenstadium van nie-kanonieke literatuur onder invloed van Persiese godsdiens (*Zoroastrianisme*) ontwikkel. Dit het ook die Judaïsme van die rabbyne beïnvloed.
3. Die NT ontwikkel OT-temas in verbasend duidelike, dog selektiewe, kategorieë.

‘n Studie van die bose benader vanuit die perspektief van Bybelse teologie (waar elke boek, skrywer of genre afsonderlik omlin en bestudeer word), ontbloot erg uiteenlopende sieninge oor boosheid.

Indien die studie van die bose egter vanuit ‘n nie-Bybelse of ekstra-Bybelse perspektief van ander wêreldgelowe of Oosterse gelowe benader word, blyk dit dat die meeste van die ontwikkeling in die NT deur Persiese dualisme en Grieks-Romeinse spiritualiteit voorafgegaan is.



As 'n mens dan tot die voorveronderstelling verbind is dat die Skrif met goddelike gesag spreek, kan 'n mens nie anders as om tot die gevolgtrekking te kom dat voortgaande, progressiewe openbaring in die NT aan die orde is nie. Christene moet op hul hoede wees vir die gevaar dat Joodse oorleweringe of Westerse literatuur (bv. Dante of Milton) inhoud opdring aan die Bybelse konsep. Daar is sekerlik geheimenis en dubbelsinnigheid in hierdie faset van openbaring. God het verkies om nie alle aspekte van die bese te openbaar nie, byvoorbeeld die ontstaan daarvan of die doel daarvan. Wat Hy wel openbaar is die onderwerping daarvan.

In die OT-term "Satan" of aanklaer, skyn daar drie verskillende groepe betrokke te wees:

1. mense as aanklaers (1 Sam. 29:4; 2 Sam. 19:22; 1 Kon. 11:14, 23, 25; Ps. 109:6)
2. engele as aanklaers (Num. 22:22-23; Sag. 3:1)
3. demone as aanklaers (1Kron. 21:1; 1 Kon. 22:21; Sag. 13:2)

Eers later, gedurende die tussen-testament tydperk, het nie-kanonieke (apokriewe) geskifte ontstaan waarin die slang met Satan verbind word (die Boek van Wysheid 2:23-24; 2 Henog 31:3). Eers baie later het die rabbyne dié gedagte oorgeneem (vgl. *Sot* 9b en *Sanh.* 29a). In 1 Henog 54:6 word die "seuns van God" van Gen. 6 "engele" wat seksueel omgaan met die dogters van mense. Ek opper dit nie as juiste teologie nie, maar bloot om die ontwikkeling te illustreer. In die NT word sulke OT-aktiwiteite aan engelagtige wesens toegeskryf, dit wil sê gepersonifieerde boosheid, en siedaar: Satan (vgl. 2 Kor. 11:3; Openb. 12:9)!

Die ontstaan van gepersonifieerde boosheid is moeilik, of onmoontlik (afhangende van u siening van sake) om aan te dui in die OT. Een rede hiervoor is die streng monoteïsme wat in die OT aangehang word (vgl. 1 Kon. 22:20-22; Pred. 7:14; Jes. 45:7; Amos 3:6). Alle oorsaaklikheid (inisiatief) word aan YHWH self toegeskryf, want vir Hom gaan dit om die betoning van sy uniekheid en van sy opperheerskappy (vgl. Jes. 43:11; 44:6, 8, 24; 45:5-6, 14, 18, 21, 22).

Bronne van moontlike inligting fokus op (1) Job 1-2 waar Satan een van die "seuns van God" (d.w.s. 'n engel) is; of (2) Jes. 14; Eseg. 28 waar die hooghartige nabye-Oosterse konings van Tirus en Sidon as voorbeelde van Satan se hooghartigheid gebruik word (vgl. 1 Tim. 3:6). Ek het gemengde gevoelens oor hierdie benadering. Eseg. 28 gebruik die metafore van Eden-metafore nie net om die koning van Tirus met Satan te assosieer nie (Eseg. 28:12-16), maar ook om die koning van Egipte as die boom van kennis van goed en kwaad voor te stel (Eseg. 31). In elk geval, Jes. 14, spesifiek verse 12-14, beskryf skynbaar 'n opstand van hooghartige engele. As God aan ons die karakter en ontstaan van Satan wou openbaar, sou hierdie 'n baie indirekte manier en plek daarvoor wees. Ons moet waak teen die neiging van sistematiese teologie om klein, dubbelsinnige deeltjies van die twee verskillende Testamente, van verskillende skrywers, boeke en verskillende genres bymekaar te voeg asof ons met 'n heilige legkaart te doen het.

Alfred Edersheim (*The Life and Times of Jesus the Messiah*, vol. 2, bylae XIII, bl. 748-763 en XVI bl. 70-776) is van mening dat die Rabbynse Judaïsme oormatig deur Persiese dualisme en demoniese spekulاسie beïnvloed is. Die rabbyne is nie 'n goeie bron vir die soeke na waarheid op dié gebied nie. Jesus het radikaal afgewyk van die leringe in die sinagoges. Ek is van mening dat die rabbyne se idee van die tussenkoms en bemiddeling van engele met die ontvangs van die wet deur Moses, én die gepaardgaande verset, die deur geopen het vir die idee van 'n aartsvyand-engel teenoor YHWH en die mensdom. Die twee hoogste gode van die Iranse (Zoroastriese) dualisme, *Akhiman* en *Ormaza*, oftewel "goed" en "sleg", het gelei tot 'n beperkte dualisme tussen YHWH en Satan in Judaïsme.

Daar is bepaald voortgaande openbaring in die NT wat die ontwikkeling van boosheid betref, maar nie so uitvoerig as wat die rabbyne te kenne wou gee nie. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die "oorlog in die hemel". Die val van Satan is 'n logistieke noodsaaklikheid, maar geen besonderhede word verskaf nie. Selfs dit wat wel geopenbaar is word in 'n apokaliptiese genre verpak (vgl. Openb. 12:4, 7, 12-13). Selfs al is Satan verslaan en na die aarde verban, funksioneer hy steeds as 'n dienskneg van YHWH (vgl. Mat. 4:1; Luk. 22:31-32; 1 Kor. 5:5; 1 Tim. 1:20).

Ons moet ons nuuskierigheid op dié gebied beteuel. Daar is 'n persoonlike mag van verleiding en kwaad, maar daar is net een God en die mensheid bly verantwoordelik vir sy/haar keuses. Daar is geestelike oorlogvoering voor én ná bekering. Oorwinning word behaal en behou in en deur die Drie-Enige God. Boosheid is verslaan en sal verwyder word!

- **NASB** "the grace of our Lord Jesus be with you"
- NAV** "Die genade van ons Here Jesus is by julle!"
- OAV** "Die genade van ons Here Jesus Christus sy met julle"
- CUM-NLV** "Mag die onverdiende goedheid van ons Here Jesus met julle wees"
- CUM-MVB** "Die liefdevolle goedheid van ons Here Jesus is by julle"

Dit is Paulus se gebruiklike afsluitingswoorde (vgl. 1 Kor. 16:23; 2 Kor. 13:14; Gal. 6:18; Fil. 4:23; Kol. 4:18; 1 Tes. 5:28; 2 Tes. 3:18; en ook Openb. 22:21). Dit was moontlik in eie handskrif. So het hy sy briewe die nodige persoonlike stempel van egtheid gegee (vgl. 2 Tes. 3:17; 1 Kor. 16:21; Kol. 4:18).

**NASB (UPDATED) TEXT: 16:21**

**<sup>21</sup>Timothy my fellow worker greets you, and so do Lucius and Jason and Sosipater, my kinsmen.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 16:21.*

**16:21-23** Hierdie verse is 'n naskrif; Paulus se medewerkers stuur hulle groete.

**16:21 "Lucius":** Dit kon (1) Lukas, die dokter (vgl. Kol. 4:14), (2) 'n idioom om iemand aan te dui as "die hooggeleerde een"; (3) Lucius van Sirene (vgl. Han. 13:1), of (4) 'n onbekende Christen gewees het.

■ **"Jason":** Dit is moontlik die persoon in wie se huis Paulus in Thessalonika oorgebly het (Han. 17:5-9).

■ **"Sosipater":** Dit is moontlik die Sosipater van Berea in Han. 20:4.

**NASB (UPDATED) TEXT: 16:22**

**<sup>22</sup>I, Tertius, who write this letter, greet you in the Lord.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 16:22.*

- 16:22 NASB** "I, Tertius, who write this letter"
- NAV** "Ek, Tertius, wat die brief neergeskryf het"
- OAV** "Ek Tertius, wat die brief geskryf het"
- CUM-NLV** "Ek, Tertius, wat hierdie brief as 'n mede-Christen neergeskryf het"
- CUM-MVB** "Ek Tertius, wat die brief in die Here neergeskryf het"

Paulus het van ‘n skrywer, ‘n amanuensis, gebruik gemaak om sy briewe te skryf. Myns insiens was Paulus swaksiende en daarom nie in staat om die klein letters te skryf wat spasie op ‘n boekrol of papyrusblad moes spaar nie (vgl. Gal. 6:18)!

**NASB (UPDATED) TEXT: 16:23-24**

**<sup>23</sup>Gaius, host to me and to the whole church, greets you. Erastus, the city treasurer greets you, and Quartus, the brother. <sup>24</sup>[The grace of our Lord Jesus Christ be with you all. Amen.]**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 16:23-24.*

**16:23 NASB, NAV**                   **“Gaius”**  
**OAV**                                   **“Gajus”**

Dit kon (1) Gaius Titius Justus van Han. 18:7; of (2) Gaius van Derbe (vgl. Han. 19:29; 20:4; 1 Kor. 1:14); of (3) die Gaius van 3 Joh. vers 1 gewees het.

▣ **NASB**                                   **“host to me and the whole church”**  
**NAV**                                   **“my gasheer en ook gasheer van die hele gemeente hier”**  
**OAV**                                   **“my gasheer en ook van die hele gemeente”**  
**CUM-NLV**                           **“Hy is my gasheer en hy stel ook sy huis vir die hele gemeente beskikbaar”**

Dit was die gasvryheid wat nodig was in die kerk. Sommige gelowiges wat oor die middele beskik het, het die reisende Christen-leraars van losies en etes voorsien. Sommige, soos hierdie man, het ook sy huis as vergaderplek beskikbaar gestel. Huiskerke was die norm vir langer as ‘n honderd jaar. Sien *Vir Spesiale Aandag: Kerk (Ekklesia)* by 16:1.

▣ **NASB**                                   **“Erastus, the city treasurer”**  
**NAV**                                   **“Erastus die stadstesourier”**  
**OAV**                                   **“Erástus, die penningmeester van die stad”**

Erastus word ook in Han. 19:22 en 2 Tim. 4:20 genoem. Sy bediening was ook van ‘n reisende aard, maar in noue verbintenis met Paulus.

▣ **NASB, OAV**                       **“Quartus”**  
**NAV**                                   **“Kwartus”**

Die naam beteken “vierde” in Latyn; was hy moontlik ‘n broer van Tertius, wat “derde” beteken (vgl. vers 22)?

**16:24** Hierdie vers kom nie in die vroeë Griekse manuskripte voor nie: P<sup>46, 61</sup>, ⱼ, A, B, C en 0150. In sommige Griekse MSS verskyn die vers ná 16:23 en ook ná 16:27. Dit is volkome duidelik dat Paulus nie vir dié plasing verantwoordelik is nie. Daarom word dit weggelaat in die NASB, NRSV, TEV en NJB vertalings.\* Die UBS<sup>4</sup> gradeer die weglating met ‘n A, d.w.s. “beslis”. Dit was ‘n poging om die brief af te sluit in die lig van die problematiese afsluitingsdoksologie wat aan die einde van hoofstukke 14, 15 en 16 voorkom in verskeie antieke Griekse tekste.

\* Dit word ook in al vier ter sprake Afrikaanse vertalings weggelaat – vert.

**NASB (UPDATED) TEXT: 16:25-27**

**<sup>25</sup>Now to Him who is able to establish you according to my gospel and the preaching of Jesus Christ, according to the revelation of the mystery which has been kept secret for long ages past, <sup>26</sup>but now is manifested, and by the Scriptures of the prophets, according to the commandment of the eternal God, has been made known to all the nations, *leading to obedience of faith*; <sup>27</sup>to the only wise God, through Jesus Christ, be the glory forever. Amen.**

*Verwys na NAV, OAV, CUM-NLV of CUM-MVB vir die Afrikaans: Rom. 16:25-27.*

**16:25-27** Dit is een lang sin in Grieks. Hierdie lofuiting is ook aan die einde van hoofstukke 14 en 15 geplaas. Dit kan beskou word as 'n opsomming van die hooftemas van die brief as geheel – waarskynlik in Paulus se eie handskrif.

Sommige is van mening dat die doksologie 'n dekbrief was om

1. die hele brief ook aan Efese te sirkuleer; en
2. om diegene op en langs die roete na Rome daarby te betrek
  - a. want Paulus was nooit vantevore in Rome nie, maar hy groet ses-en-twintig bekendes in die brief;
  - b. verder word die aspek van valse leraars vir die eerste keer in hoofstuk 16 opgebring;
  - c. die feit dat die doksologie 'n geskiedenis van sweef het om op verskeie plekke in Griekse MSS op te duik.

Dit is gevolglik heel waarskynlik dat Paulus twee eksemplare voorberei het: hoofstukke 1-14 vir Rome en 1-16 vir Efese. Hierteenoor word gewoonlik gestel dat: (1) evangelie-werkers bekend was vir hulle reise; (2) dat geen enkele Romeine-manuskrip sonder hoofstuk 16 ooit ontdek is nie; en (3) dat dit ook moontlik is dat vals leraars reeds in hoofstuk 14:1-15:13 geïmpliseer word.

<b>16:25 NASB</b>	<b>“to Him who is able”</b>
<b>NAV</b>	<b>“God is magtig”</b>
<b>OAV</b>	<b>“Aan Hom dan wat magtig is”</b>

Weereens 'n treffende titel vir God wat drie maal in die NT voorkom (vgl. Ef. 3:20; Jud. vers 24).

Let op hoe God gelowiges in staat stel deur middel van

1. Paulus se weergawe van die evangelie;
2. die verkondiging van Jesus Christus; en
3. die openbaarmaking van God se verlossingsplan, wat van ewigheid af bestaan, maar vir lank in geheimenis gedompel was.

Gelowiges is toegerus deur hulle kennis van die evangelie, en hierdie evangelie is nou aan almal bekendgemaak.

■ <b>NASB</b>	<b>“the mystery”</b>
<b>NAV</b>	<b>“die geheimenis”</b>
<b>OAV</b>	<b>“die verborgenheid”</b>

God het van voor die sondeval 'n raadsplan wat deur verlossing heen op die eenheid van die menslike geslag gerig is (Gen. 3). Blyke van so 'n doel met die mensdom skemer hier en daar deur in die OT-openbaring (Gen. 3:15; 12:3; Eks. 19:5-6) en die universele gedeeltes van die profete. Tog is die kennis hiervan nie ten volle geopenbaar nie (1 Kor. 2:6-8). Met die koms van

Jesus en die Heilige Gees, het daar groter duidelikheid gekom. Paulus gebruik die term “geheimenis” om die bestaan van so ‘n omvattende verlossingsplan aan te dui (vgl. 1 Kor. 4:1; Ef. 2:11-3:13; 6:19; Kol. 4:3; 1 Tim. 1:9). Dit kom egter in ‘n verskeidenheid van kontekste voor:

1. ‘n gedeeltelike verharding van Israel om die insluiting van die heiden-bekeerlinge te bewerkstellig. Die toevoeging van die heidene is die meganisme waardeur die Jode gedwing word om Jesus as die Christus van die profesieë te aanvaar (vgl. Rom. 11:25-32);
2. die evangelie word aan die nasies verkondig, wat by en deur Christus ingesluit word (Rom. 16:25-27; Kol. 2:2);
3. gelowiges kry nuwe liggame met die wederkoms (vgl. 1 Kor. 15:5-57; 1 Tes. 4:13-18);
4. die samevatting van alle dinge in Christus (vgl. Ef. 1:8-11);
5. die heidene en die Jode is mede-erfgename (vgl. Ef. 2:11-3:13);
6. Christus en die kerk se verhouding beskryf deur die huweliksmetafoor (vgl. Ef. 5:22-33);
7. heiden-bekeerdes in die verbondsgemeente ingesluit met inwoning van die Heilige Gees ten einde die Christus-gelyke volwassenheid, die geskonde beeld van God in die ganse gevalle mensdom te herstel (vgl. Gen. 6:5, 11, 13, 8:21) deur die herstel van sy beeld (vgl. Gen. 1:26-27; 5:1; 9:6; Kol. 1:26-28);
8. die anti-Christus van die eindtyd (vgl. 2 Tes. 2:1-11);
9. ‘n vroeë-kerklike opsomming van die geheimenis is in 1 Tim. 1:16 te vinde.

<b>16:26 NASB</b>	<b>“now is manifested”</b>
<b>OAV</b>	<b>“maar nou geopenbaar is”</b>
<b>CUM-NLV</b>	<b>“maar is nou onthul”</b>

Hierdie misterieuse plan van God is nou aan die hele mensdom openbaar gemaak. Dit is die evangelie van Jesus Christus (vgl. Ef. 2:11- 3:13).

<p>■ <b>NASB</b> <b>NAV</b> <b>OAV</b> <b>CUM-NLV</b></p>	<p><b>“and by the Scriptures”</b> <b>“aan die hand van die geskrifte van die profete”</b> <b>“en deur die profetiese geskrifte”</b> <b>“Soos deur die profete voorspel”</b></p>
---	---

God het hierdie geheimenis in die Persoon van Jesus Christus sigbaar en bekend gemaak, soos vooraf ook deur die OT-profete. Die oprigting van ‘n NT-kerk saamgestel uit gelowige Jode en gelowige heidene was van altyd af God se plan (vgl. Gen. 3:15; 12:3; Eks. 19:5-6; Jer. 31:31-34).

### **VIR SPESIALE AANDAG: EWIG**

Robert B. Girdlestone in sy boek, *Synonyms of the Old Testament*, spreek ‘n interessante mening uit oor die woord “ewig”.

“The adjective *aiōnios* is used more than forty times in the N.T. with respect to *eternal life*, which is regarded partly as a present gift, partly as a promise for the future. It is also applied to God’s endless existence in Rom 16.26; to the endless efficacy of Christ’s atonement in Heb. 9.12, 13.20; and to past ages in Rom. 16.25, 2 Tim 1.9, Titus 1.2.

“This word is used with reference to *eternal fire*, Matt. 18.8, 25.41, Jude 7; *eternal punishment*, Matt. 25.46; *eternal judgment* or *condemnation*, Mark 3.29, Heb. 6.2; *eternal destruction*, 2 Thess. 1.9. The word in these passages implies *finality*, and apparently signifies

that when these judgments shall be inflicted, the time of probation, change, or the chance of retrieving one's fortune, will have gone by absolutely and for ever. We understand very little of the future, about the relation of human life to the rest of existence, and about the moral weight of unbelief, as viewed in the light of eternity. If, on the one hand, it is wrong to add to Gods word, on the other we must not take away from it; and if we stagger under the doctrine of eternal punishment as it is set forth in Scripture, we must be content to wait, cleaving to the gospel of God's love in Christ, while acknowledging that there is a dark background which we are unable to comprehend" (bl. 318-319).

- **NASB** "has been made known to all the nations"
- NAV** "is dit aan alle nasies bekend gemaak"
- OAV** "bekend gemaak is onder al die heidene"
- CUM-NLV** "word dit aan alle volke bekend gemaak"
- CUM-MVB** "is dit aan nie-Joodse nasies bekend gemaak"

Dit is 'n AORISTUS PASSIEF DEELWOORD wat laaste in die Griekse sin geplaas word met die oog op klem. God het die evangelie vir die hele wêreld aangebied, wat immers die hele tyd sy plan was (vgl. Gen. 3:15).

- **NASB** "leading to obedience of faith"
- NKJV** "for obedience to the faith"
- NRSV** "to bring about the obedience of faith"
- TEV** "leading to obedience of faith"
- JB** "to bring them to the obedience of faith"
- NAV** "sodat hulle in God kan glo en aan Hom gehoorsaam kan wees"
- OAV** "tot gehoorsaamheid van die geloof"
- CUM-NLV** "sodat hulle kan glo en die Goeie Nuus gehoorsaam"
- CUM-MVB** "die gehoorsaamheid van die geloof kan hê"

Hierdie teks kan op verskillende maniere verstaan word. Dit kan dui op: (1) 'n leerstelling aangaande Christus; (2) vertroue op Christus; of (3) gehoorsaamheid aan die evangelie, aanvanklik en volgehoue. In die teologie moet gehoorsaamheid as inbegrepe by belydenis en geloof beskou word (vgl. Mark. 1:15; Han. 3:16, 19; 20:21).

- 16:27 NASB** "the only wise God"
- NAV** "die enigste en alwyse God"
- OAV** "die alleen wyse God"
- CUM-NLV** "dié God wat enkel en alleen die ware wysheid is"

Hierdie is 'n heenwysing op monoteïsme (vgl. Deut. 6:4-5). Die Christendom het net een God, nes Judaïsme, maar die volwaardige Godheid van Jesus en die volwaardige persoonlikheid van die Gees dwing ons tot 'n "Drie-Eenheid".

- **NASB** "be the glory forever"
- NAV, OAV** "die heerlijkheid [...] tot in ewigheid"
- CUM-NLV** "kom die heerlijkheid toe"
- CUM-MVB** "behoort die hemelse grootheid"

Sien die aantekening by 3:23.

- "Amen": Sien *Vir Speciale Aandag: Amen* by 1:25.

## **BESPREKINGSVRAE**

Hierdie is 'n studiegids-kommentaar – die onus rus op u om tot 'n eie verstaan van die Bybel te kom. Elkeen van ons moet immers met die lig waaroor ons beskik leef. U is nou in die eerste linie van Bybeluitleg onder leiding van die Heilige Gees. Moenie so 'n voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Die besprekingsvrae help u om na te dink oor die vernaamste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is nie veronderstel om voorskriftelik te wees nie, maar eerder gedagteprikkelend.

1. Hoe gebeur dit dat Paulus soveel mense in die kerk van Rome geken het as hy self nooit tevore daar was nie?
2. Bestaan daar enige Bybelse gronde vir die gebruik van vroue as diakens (diakonesse) (16:1; 1 Tim. 3:11; 5:3-16)?
3. Wat is die implikasie daarvan dat soveel vroue op die lys van hierdie hoofstuk vermeld word?
4. Bespreek die metodes en boodskap van die valse leraars (verse 17-18).

# BYLAAG EEN

## BONDIGE DEFINISIES VAN GRIEKSE GRAMMATIKALE TERME

Koine Grieks, dikwels ook Hellenistiese Grieks genoem, was die algemene spreektaal van die Mediterreense wêreld. Hierdie tydperk neem sy aanvang met die oorwinningstog van Alexander die Grote (336-323 v.C.) en kom ongeveer aghonderd jaar later tot 'n einde (300 v.C.-500 n.C.) Dit was nie bloot 'n vereenvoudigde vorm van klassieke Grieks nie, maar op baie maniere 'n vernieude vorm van Grieks wat die tweede taal van die antieke nabye-Ooste en Mediterreense wêreld geword het.

Op sekere maniere was die Grieks van die Nuwe Testament uniek, omdat die sprekers daarvan – behalwe Lukas en die skrywer van Hebreërs – se eerste taal waarskynlik Aramees was. Gevolglik is die idiome en strukturelemente van Aramees in die Grieks van die NT geïnkorporeer. Hulle het ook uit die Septuaginta (Griekse vertaling van die OT), ook in Koine Grieks geskryf, aangehaal. Die skrywers van die Septuaginta was egter self Joodse geleerdes wat nie Grieks as eerste taal gepraat het nie.

Hierdie oorwegings moet ons herinner dat ons nie die Nuwe Testament in 'n eng grammatiese struktuur kan saampers nie. Dit is uniek, hoewel dit tog baie in gemeen het met die (1) Septuaginta; (2) Joodse geskrifte soos dié van Josephus; en (3) papiri in Egipte gevind. Hoe benader ons dan 'n grammatiese ontleding van die Nuwe Testament?

Die grammatiese elemente van Koine Grieks en Nuwe-Testamentiese-Koine Grieks is nie konstant nie. Op baie maniere was dit 'n tydperk van vereenvoudigde grammatika. Konteks sal vir ons bepalend wees. Woorde het slegs betekenis binne 'n breër konteks. Daarom kan grammatiese strukture slegs verstaan word in die lig van (1) 'n gegewe skrywer se skryfstyl; en (2) 'n gegewe konteks. Geen onweerlegbare definisie van Griekse vorme en strukture is moontlik nie.

Koine Grieks was hoofsaaklik 'n gesproke taal. Dikwels is die sleutel tot interpretasie die tipe en vorm van die werkwoord. Die werkwoord word meestal eerste geplaas in belangrike frases, wat dan dui op die gewigtigheid van die stelling. Drie aspekte moet in ag geneem word in die ontleding van 'n Griekse werkwoord: (1) die basiese klem van die tydvorm (verlede, hede of toekomstig), vorm en modaliteit (vormleer of morfologie); (2) die basiese betekenis van die gegewe werkwoord (leksikografie); en (3) die vloei van die konteks (sintaksis).

### I. TYDVORM/TEMPUS\*

- A. Tydvorm is betrokke by die verwantskap tussen WERKWOORDE en afgehandelde aksie of onafgehandelde aksie. Dit word dikwels “perfektum” of “imperfektum” genoem (voltooid verlede tyd of onvoltooid verlede tyd).
1. Perfektum tydvorm fokus op die uitvoering van 'n handeling. Geen verdere inligting word gegee behalwe dat iets gebeur het nie! Die begin, verloop of einde is nie ter sprake nie.
  2. Imperfektum tydvorm fokus op die voortgaande proses van 'n handeling. Dit kan in terme van lineêre opvolgaksie, voortdurende aksie, progressiewe aksie, ens. beskryf word.

---

\* Alle Afrikaanse aanhalings is uit die OAV tensy anders vermeld – vert.



B. Tydvorm kan gekategoriseer word in terme van die manier waarop die outeur die handeling as progressief beskou:

1. Dit het plaasgevind = AORISTUS (onbepaald verlede tyd)
2. Dit het plaasgevind en die uitkoms is blywend = PERFECTUM (voltooid verlede tyd)
3. Dit het in die verlede plaasgevind met afgehandelde gevolge, maar die gevolge is nie meer van toepassing nie = PLUPERFECTUM/PLUSQUAMPERFECTUM (volmaak verlede tyd/voorverlede tyd)
4. Dit vind plaas = TEENWOORDIGE TYD (PRAESENS)
5. Dit was besig om plaas te vind = IMPERFECTUM (onvoltooid verlede tyd)
6. Dit sal plaasvind = TOEKOMSTIGE TYD (FUTURUM)

‘n Grondige voorbeeld van hoe tydvorm interpretasie bemagtig is die term, “red”. Dit word in ‘n aantal verskillende tydvorme gebruik en impliseer proses sowel as kulminasie (of hoogtepunt).

1. AORISTUS – “gered” (vgl. Rom. 8:24)
2. PERFECTUM – “is gered en die resultaat duur voort” (vgl. Ef. 2:5, 8)
3. PRAESENS – “word gered” (vgl. 1 Kor. 1:18; 15:2)
4. FUTURUM – “sal gered word” (vgl. Rom. 5:9, 10; 10:9)

C. Skrifgeleerdes fokus op WERKWOORDTYE om die bedoeling wat die oorspronklike skrywer gehad het, te bepaal. Die AORISTUS was die standaardvorm om die konteks die betekenis te laat bepaal. Dit was die gewone “nie-spesifieke”, “onbepaalde”, of “neutrale” WERKWOORDVORM en kon op ‘n verskeidenheid maniere gebruik word wat deur die konteks gespesifiseer moes word. Dit stel bloot dat iets gebeur het. Die verledetydsvorm word dan in die AANTONENDE MODALITEIT uitgedruk. Die gebruik van enige ander TEMPUS plaas meer spesifieke klem, maar waarop?

1. PERFECTUM. Hier gaan dit om ‘n afgehandelde aksie met blywende gevolg. Hiervoor kombineer die AORISTUS met die PRAESENS. Die fokus is gewoonlik op die *blywende resultate* of die *afgehandelde aksie*. Voorbeeld: “uit genade is julle gered en [...] God het ons gemaak wat ons nou is” [NAV vers 10], (Ef. 2:5, 8, 10).
2. PLUPERFECTUM: Dit was soos PERFECTUM, maar die gepaardgaande resultaat *duur nie voort nie*. Voorbeeld: “Maar Petrus het buitekant by die deur bly staan,” (Joh. 18:16).
3. TEENWOORDIGE TYD (PRAESENS): Dit spreek van ‘n onvoltooide of onvolledige handeling. Die fokus is gewoonlik op die *voortsetting* van die gebeurtenis. Voorbeeld: “Elkeen wat in Hom bly, sondig nie,”; “Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie,” (“Everyone abiding in Him does not continue sinning,” “everyone having been begotten of God does not continue to commit sin”) (1 Joh. 3:6, 9).
4. IMPERFECTUM. In hierdie tyd is die verhouding met die TEENWOORDIGE TYD in ooreenstemming (analoog) met die verhouding tussen die PERFECTUM en die PLUPERFECTUM tye. Die IMPERFECTUM TYDVORM spreek van onvoltooide handeling wat besig was om plaas te vind, maar nou opgehou het, of van die aanvang van ‘n handeling in die verlede. Voorbeeld: “En Jerusalem [...] het uitgegaan na Hom toe” (“Then all Jerusalem were continuing to go out to him” of “then all Jerusalem began to go out to him”) (Mat. 3:5).

5. TOEKOMSTIGE TYD (FUTURUM): Hier is gewoonlik 'n handeling van iets wat vir die toekoms voorsien word, ter sake. Dit fokus op 'n potensiële gebeurtenis eerder as 'n werklike gebeurtenis. Dit verwys dikwels na die sekerheid waarmee hierdie gebeurtenis verwag word. Voorbeeld: “Salig is [...] want aan hulle” (“Blessed are [...] they will...”) (Mat. 5:4-9).

## II. VORM (Bedrywend, lydend, wederkerig)

- A. VORM beskryf die verhouding tussen die aksie van die WERKWOORD en sy ONDERWERP.
- B. AKTIEWE (BEDRYWENDE) VORM was die normale, verwagte, onbeklemtoonde manier om aan te toon dat die onderwerp besig was om die handeling van die WERKWOORD uit te voer.
- C. Die PASSIEWE (LYDENDE) VORM toon dat die ONDERWERP die ontvanger was van die handeling van die WERKWOORD, uitgevoer deur 'n eksterne bewerker. Hierdie eksterne bewerker word in die Griekse NT na verwys deur die volgende VOORSETSELS en gevalle:
  1. 'n persoonlike direkte agent/bewerker met '*hupo*' in die ABLATIEWE STATUS (vgl. Mat. 1:22; Han. 22:30);
  2. 'n persoonlike tussenvorm agent/bewerker met '*dia*' in die ABLATIEWE STATUS (vgl. Mat. 1:22)
  3. 'n onpersoonlike agent/bewerker gewoonlik met '*en*' by die INSTRUMENTIS STATUS; en
  4. soms óf 'n persoonlike óf onpersoonlike agent/bewerker, alleenlik in die INSTRUMENTIS STATUS
- D. Die MIDDELVORM (MEDIUM) beteken dat die ONDERWERP die handeling van die WERKWOORD voortbring, en ook direk daarby betrokke is. Dit word dikwels die VORM van verhoogde persoonlike belang genoem. Die konstruksie is 'n manier om die ONDERWERP van die frase of sin te beklemtoon. Hierdie konstruksie word nie in Engels aangetref nie, (maar wel in Afrikaans) en het 'n wye verskeidenheid moontlike betekenis in Grieks. Voorbeelde hiervan sluit in:
  1. REFLEKSIEF – die direkte handeling van die onderwerp op homself. Voorbeeld: “homself gehang” (“Hanged himself”) (Mat. 27:5).
  2. INTENSIEF – die onderwerp veroorsaak die handeling vir homself. Voorbeeld: “Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig” (“Satan himself masquerades as an angel of light”) (2 Kor. 11:14).
  3. WEDERKERIG – interaksie tussen twee onderwerpe. Voorbeeld: “En hou saam raad” (“They counseled with one another”) (Mat. 26:4).

## III. MODALITEIT

- A. Daar is vier MODALITEITE in Koine Grieks. Hulle dui op die verhouding van die WERKWOORD tot die werklikheid – die werklikheid volgens die outeur, ten minste. Die MODALITEITE word verdeel in twee breë kategorieë: dié wat verwys na realiteit (AANTONEND) en dié wat verwys na potensiaal (AANVOEGEND, ONBEPAALD en WENSEND).
- B. Die AANTONENDE MODALITEIT was die normale ASPEK om handeling te beskryf wat reeds gebeur het of besig was om te gebeur, weereens vanuit die perspektief van die

skrywer. Dit was die enigste Griekse luim wat 'n definitiewe tyd aantoon, en selfs hier was dié aspek van sekondêre belang.

- C. Die AANVOEGENDE MODALITEIT dui op waarskynlike toekomshandeling. Iets het nog nie gebeur nie, maar die kans was goed dat dit sou. Dit het baie in gemeen met die TOEKOMSTIGE AANTONENDE MODALITEIT. Die verskil was dat die AANVOEGENDE MODALITEIT 'n sekere mate van twyfel aantoon. Dit is vergelykbaar met die gebruik van “could”, “would”, “may” or “might” in Engels, of “kan”, “sou” of “mag” in Afrikaans.
  - D. Die WENSENDE MODALITEIT gee uitdrukking aan 'n wens wat in teorie vervulbaar was. Dit is een stap verder weg van die realiteit as die AANVOEGENDE MODALITEIT. Die WENSENDE MODALITEIT dui op moontlikhede afhanklik van sekere voorwaardes. Dit kom selde voor in die Nuwe Testament, behalwe in Paulus se befaamde gesegde: “Nee, stellig nie!” – in totaal vyftien keer (vgl. Rom. 3:4, 6, 31; 6:2, 15; 7:7, 13; 9:14; 11:1, 11; 1 Kor. 6:15; Gal. 2:17; 3:21; 6:14). Ander voorbeelde word aangetref in Tes. 1:38; 20:16; Han. 8:20; en 1 Tes. 3:11).
  - E. Die GEBIEDENDE MODALITEIT beklemtoon 'n bevel wat uitvoerbaar was, maar die klem is op die bedoeling van die spreker. Dit stel slegs die begeerte tot 'n moontlike uitkoms, maar is afhanklik van die besluite van 'n ander. Daar was 'n spesiale gebruik van die GEBIEDENDE MODALITEIT in gebede en derdepersoonsversoeke. Hierdie bevele word slegs in die PRAESENS en AORISTUS tye in die NT aangetref.
  - F. Sommige taalkundiges klassifiseer die PARTISIPIUM of DEELWOORDE as 'n verdere tipe MODALITEIT. Hulle is baie algemeen in die Griekse NT waar dit gewoonlik as 'n BYWOORD bestempel word. DEELWOORDE word saam met die WERKWOORD waarmee hul ingespan is vertaal. As gevolg van die groot verskeidenheid vertalingsmoontlikhede van deelwoorde, is dit altyd wys om meer as een vertaling te raadpleeg. *The Bible in Twenty Six Translations*, uitgegee deur Baker, is van groot hulp op hierdie gebied.
  - G. Die AORISTUS AKTIEF AANTONEND was die normale, “ongemerkte” manier om gebeurtenisse vas te lê. Enige ander tempus, vorm of modaliteit dra die een of ander boodskap oor wat die oorspronklike skrywer spesifiek wou kommunikeer.
- IV. Vir diegene wat onbekend is met Grieks sal die volgende studie-hulpmiddels die nodige inligting verskaf:
- A. Friberg, Barbara and Timothy. *Analytical Greek New Testament*. Grand Rapids: Baker, 1988.
  - B. Marshall, Alfred. *Interlinear Greek-English New Testament*. Grand Rapids: Zondervan, 1976.
  - C. Mounce, William D. *The Analytical Lexicon to the Greek New Testament*. Grand Rapids: Zondervan, 1993.
  - D. Summers, Ray. *Essentials of New Testament Greek*. Nashville: Broadman, 1950.
  - E. Akademies geakkrediteerde Koine Griekse-korrespondensiekursusse word aangebied deur Moody Bible Institute in Chicago, IL.
- V. NAAMWOORDE
- A. Sintakties word NAAMWOORDE geklassifiseer in terme van NAAMVAL. Die NAAMVAL is daardie verbuiging van 'n NAAMWOORD wat sy verhouding tot die

WERKWOORD en ander dele van die sin aandui. In Koine Grieks het VOORSETSELS dikwels naamvalsfunksies oorgeneem. Aangesien die NAAMVALSVORM 'n hele aantal verskillende verhoudings kon aandui, het VOORSETSELS ontwikkel om groter duidelikheid tussen hierdie verskillende funksies te bewerkstellig.

B. Griekse NAAMVALLE word in ag kategorieë geklassifiseer:

1. Die NOMINATIEF is gebruik vir benoeming en is gewoonlik die onderwerp van die sin of bysin. Dit is ook gebruik vir PREDIKATIEWE NAAMWOORDE en BYVOEGLIKE NAAMWOORDE waar die WERKWOORDE “om te wees” of “word” die skakel vorm.
2. Die GENITIEF is gebruik om iets te beskryf en het gewoonlik 'n kenmerk of kwaliteit aan sy verwante woord toegeskryf. Dit beantwoord die vraag: “Watter soort?” en word dikwels uitgedruk deur die gebruik van die Engelse VOORSETSEL “of”; in Afrikaans “van”.
3. Die ABLATIEF gebruik dieselfde verbuigingsvorm as die GENITIEF, maar is gebruik om skeiding te beskryf. Gewoonlik dui dit op 'n skeiding tussen 'n punt in tyd, ruimte, oorsprong of graad. Dit word dikwels uitgedruk deur die Engelse VOORSETSEL “from”, of “vanaf” in Afrikaans.
4. Die DATIEF is gebruik om persoonlike belang te beskryf en kon 'n negatiewe of positiewe aspek aantoon. Dit was dikwels die indirekte voorwerp. In Engels word dit dikwels uitgedruk deur die VOORSETSEL “to”; Afrikaans: “na”.
5. Die LOKATIEF was dieselfde verbuigingsvorm as die DATIEF, maar beskryf posisie of plek in ruimte, tyd of logiese beperking. Dit word dikwels uitgedruk deur die Engelse VOORSETSELS “in”, “on”, “at”, “among”, “during”, “by”, “upon” of “beside” (“in”, “op”, “by”, “tussen”, “gedurende”, “deur”, “op”, “bo-op” of “langs”).
6. Die INSTRUMENTIS was dieselfde verbuigingsvorm as die DATIEF en LOKATIEF. Dit toon manier of assosiasie. Die Engelse VOORSETSELS “by” of “with” dien as vertaling; in Afrikaans, “deur” of “met”.
7. Die AKKUSATIEF is gebruik om die uiteinde van 'n handeling te beskryf. Dit dui beperking aan en sy hoofgebruik was die direkte voorwerp. Dit beantwoord die vraag: “Hoe ver?” of “Tot watter mate?”
8. Die VOKATIEF as verbuiging word gebruik om direk aan te spreek.

## VI. VOEGWOORDE EN VERBINDINGSWOORDE

- A. Grieks is 'n baie eksakte taal, omdat dit so baie verbindingswoorde bevat. Hulle verbind denke (sinsdele/bysinne, sinne en paragrawe) en kom so algemeen voor dat hulle afwesigheid (asindeton) dikwels van groot belang is vir Skrifuitleg. Hierdie voegwoorde en verbindingswoorde toon as't ware die rigting van die skrywer se denke aan, en is as sulks dikwels van kardinale belang om te bepaal wat presies die skrywer se bedoeling was met 'n gegewe teks.
- B. Sommige voegwoorde of verbindingswoorde en hulle betekenis word vervolgens gelys (die inligting is meestal verkry uit H.E. Dana en Julius K. Mantey se *A Manual Grammar of the Greek New Testament*):
  1. Verbindingswoorde van tyd.
    - a. *epei*, *epeid ē*, *hopote*, *hōs*, *hote*, *hotan* (subj.) – “wanneer” (“when”)

- b. *heōs* – “terwyl” (“while”)
  - c. *hotan, epan* (subj.) – “wanneer ook al” (“whenever”)
  - d. *heōs, achri, mechri* (subj.) – “totdat” (“until”)
  - e. *priv* (infinitief) – “voordat” (“before”)
  - f. *hōs* – “sedert”, “wanneer”, “as” (“since”, “when”, “as”)
2. Voegwoorde van Logika
- a. Doel
    - (1) *hina* (subj.), *hopōs* (subj.), *hōs* – “sodat”, “dat” (“in order that”, “that”)
    - (2) *hōste* (akkusatief infinitief fisies) – “daardie” (“that”)
    - (3) *pros* (akkusatief infinitief fisies) of *eis* (akkusatief infinitief fisies) – “dat” (“that”)
  - b. Resultaat (daar is ‘n noue verwantskap tussen die grammatiese vorms van doel en resultaat)
    - (1) *hōste* (infinitief, hierdie een kom mees algemeen voor) – “sodat”, “dus” (“in order that”, “thus”)
    - (2) *hiva* (subj.) – “sodat” (“so that”)
    - (3) *ara* – “so”
  - c. Oorsaak of rede
    - (1) *gar* (oorsaak/gevolg of rede/gevolgtrekking) – “want”, “omdat” (“for”, “because”)
    - (2) *dioti, hotiy* – “want”, “omdat” (“because”)
    - (3) *epei, epeidē, hōs* – “aangesien” (“since”)
    - (4) *dia* (met akkusatief) en (met beweging infinitief) – “omdat” (“because”)
  - d. Afleiding
    - (1) *ara, poinun, hōste* – “daarom”, “dus” (“therefore”)
    - (2) *dio* (sterkste voegwoord van afleiding) – “op grond waarvan”, “waarom”, “daarom” (“on which account”, “wherefore”, “therefore”)
    - (3) *oun* – “daarom”, “so”, “dan”, “gevolglik” (“therefore”, “so”, “then”, “consequently”)
    - (4) *toinoun* – “dienooreenkomstig” (“accordingly”)
  - e. Teenstelling of kontras
    - (1) *alla* (sterk teenstellend) – “maar”, “behalwe”, “tensy” (“but”, “except”)
    - (2) *de* – “maar”, “egter”, “alhoewel”, “tog”, “aan die ander kant” (“but”, “however”, “yet”, “on the other hand”)
    - (3) *kai* – “maar” (“but”)
    - (4) *mentoi, oun* – “egter”, “nietemin” (“however”)
    - (5) *plēn* – “nietemin”, “desnieteenstaande”, “ten spyte hiervan” (“never-the-less”) – meestal in Lukas
    - (6) *oun* – “egter”, “nietemin” (“however”)
  - f. Vergelyking
    - (1) *hōs, kathōs* (inleiding van vergelykende sinsnedes)
    - (2) *kata* (in samestellings, *katho, kathoti, kathōsper, kathaper*)
    - (3) *hosos* (in Hebreërs)
    - (4) *ē* – “as” (“than”)
  - g. Voortsetting of reeks
    - (1) *de* – “en”, “nou” (“and”, “now”)

- (2) *kai* – “en” (“and”)
- (3) *tei* – “en” (“and”)
- (4) *hina, oun* – “dat” (“that”)
- (5) *oun* – “dan” (“then”) – in Johannes

### 3. Beklemtonend

- a. *alla* – “sekerheid”, “ja”, “weliswaar” (“certainty”, “yea”, “in fact”)
- b. *ara* – “inderdaad”, “sekerlik”, “werklik/regtig” (“indeed”, “certainly”, “really”)
- c. *gar* – “maar regtig”, “sekerlik”, “inderdaad” (“but really”, “certainly”, “indeed”)
- d. *de* – “inderdaad” (“indeed”)
- e. *ean* – “selfs” (“even”)
- f. *kai* – “selfs”, “inderdaad”, “regtig” (“even”, “indeed”, “really”)
- g. *mentoi* – “inderdaad” (“indeed”)
- h. *oun* – “regtig”, “ten alle koste” (“really”, “by all means”)

## VII. VOORWAARDELIKE SINNE

- A. ‘n VOORWAARDELIKE SIN bevat een of meer voorwaardelike sinsnedes of stellings. Hierdie grammatikale struktuur bevorder verklaring omdat dit die omstandighede, redes of oorsake verskaf wat die handeling van die HOOFWERKWOORD verduidelik hoekom dit (nie) plaasvind (nie). Vier tipes voorwaardelike sinne word onderskei wat beweeg tussen dit wat vir waarheid aangesien moet word vanuit die perspektief van die skrywer of om sy literêre doelstelling te bereik, tot dit wat bloot ‘n wens was.
- B. Die EERSTE KLAS VOORWAARDELIKE SIN gee uitdrukking aan handeling of bestaanswyse wat as waarheid aanvaar is vanuit die skrywer se perspektief of vir sy doelwit, selfs al vorm “indien” of “as” deel van die stelling. In verskeie kontekste sou dit as “aangesien” vertaal kon word (vgl. Mat. 4:3; Rom. 8:31). Dit beteken egter nie dat alle EERSTE KLASSE aan die werklikheid voldoen nie. Hulle is dikwels gebruik om ‘n punt te maak tydens ‘n argument, of om op ‘n denkfout te dui (vgl. Mat. 12:27).
- C. Die TWEEDE KLAS VOORWAARDELIKE SIN word dikwels as “feitelik teenstellend” bestempel. Dit stel ‘n onwaarheid om ‘n punt te bewys. Voorbeelde:
  - 1. “Hy, as Hy ‘n profeet was, sou geweet het wie en watter soort vrou dit is wat Hom aanraak” (Luk 7:39).
  - 2. “Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe. En as julle sy geskifte nie glo nie, hoe sal julle my woorde glo?” (Joh. 5:46-47).
  - 3. “Soek ek dan nou die guns van mense, of van God? Of probeer ek om mense te behaag? As ek nog mense behaag, dan sou ek nie ‘n dienskneg van Christus wees nie,” (Gal. 1:10).
- D. Die DERDE KLAS dui op moontlike toekomstige handeling. Dit aanvaar dikwels dat hierdie handeling waarskynlik sal plaasvind, maar hou gewoonlik die aspek van ‘n onvoorsiene situasie in gedagte. Die aksie van die hoof-WERKWOORD is afhanklik van die gebeure in die “dit”-sinsdeel. Voorbeelde: 1 Joh. 1:6-10; 2:4, 6, 9, 15, 20, 21, 24, 29; 3:21; 4:20; 5:14, 16.
- E. Die VIERDE KLAS is die mees onwaarskynlike van die vier en kom selde voor in die NT. Om die waarheid te sê, daar is geen volledige VIERDE KLAS VOORWAARDELIKE SIN waarvan albei dele van die voorwaarde binne die definisie pas nie. ‘n Voorbeeld van ‘n gedeeltelike VIERDE KLAS is die aanvangsfrase in 1 Pet.

3:14. 'n Voorbeeld van 'n gedeeltelike VIERDE KLAS in die slotfrase kom voor in Han. 8:31.

## VIII. VERBODSBEPALINGS

- A. Die PRAESENS IMPERATIEF met *MĒ* (PARTIKEL) beklemtoon dikwels (maar nie altyd nie) dat 'n handeling wat reeds sy aanvang geneem het, gestaak moet word. 'n Paar voorbeelde: “Moenie vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde nie,” (Mat. 6:19); “Moenie julle kwel oor julle lewe...” (Mat. 6:25); “En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtheid nie,” (Rom. 6:13); “En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing,” (Ef. 4:30); en “Moenie dronk word van wyn nie –” (Ef. 5:18).
- B. Die AORISTUS SUBJUNKTIEF met *MĒ* PARTIKEL beklemtoon dat daar nie eens begin moet word met 'n gegewe handeling nie. Voorbeelde: “Moenie dink dat...” (Mat. 5:17); “Daarom moet julle jul nie kwel...” (Mat. 6:31); “Skaam jou dan nie...” (2 Tim. 1:8).
- C. Die DUBBELE NEGATIEF saam met die SUBJUNKTIEWE MODUS is sterk ontkenkend – “Nooit, nee nooit” of “onder geen omstandighede nie”. Voorbeelde: “sal hy die dood in der ewigheid nie sien nie” (Joh. 8:51); “sal ek in der ewigheid geen” (1 Kor. 8:13).

## IX. DIE LIDWOORD

- A. In Koine Grieks was die gebruik van die BEPALENDE LIDWOORD “die” (“the”) soortgelyk aan die gebruik daarvan in Engels.\* Sy basiese funksie was dié van aanwyser, of 'n manier om aandag te vestig op 'n woord, naam of frase. Gebruike verskil tussen outeurs van die NT. Die BEPALENDE LIDWOORD kan ook gebruik word om:
  - 1. kontras te toon, soos 'n aanwysende VOORNAAMWOORD;
  - 2. terug te verwys na 'n ONDERWERP of persoon wat voorheen bespreek is;
  - 3. die onderwerp in 'n sin met 'n WERKWOORD te verbind. Voorbeelde: “God is Gees” (Joh. 4:24); “God is lig” (1 Joh. 1:5); “God is liefde” (1 Joh. 4:8, 16).
- B. Daar was nie in Koine Grieks 'n ONBEPAALENDE LIDWOORD soos die Engelse “a” of “an” (Afrikaans “’n”) nie. Die afwesigheid van die BEPALENDE LIDWOORD kon dui op:
  - 1. 'n fokus op die kenmerke of kwaliteit van iets;
  - 2. 'n fokus op die kategorie van iets.
- C. Die NT-skrywers verskil grootliks in hulle gebruik van die LIDWOORD.

## X. MANIERE OM TE BEKLEMTOON IN DIE GRIEKSE NUWE TESTAMENT

- A. Beklemtoningstegnieke verskil tussen NT-skrywers. Die mees konsekwente en vaardigste skrywers was Lukas en die skrywer van Hebreërs.
- B. Daar is voorheen gestel dat die AORISTUS AKTIEF AANTONEND 'n standaard skryfwyse was en nie vir beklemtoning van sake aangewend is nie, maar dat al die ander vorme van TEMPUS of MODALITEIT vir verklaring belangrik was. Dit beteken nie dat

---

\* En Afrikaans – vert.

die AORISTUS AKTIEF AANTONEND nie dikwels in 'n belangrike grammatiese sin gebruik is nie. Voorbeeld: Rom. 6:10 (twee keer).

### C. Woordorde in Koine Grieks

1. Koine Grieks met soveel verbuiging was nie soos Engels, en in 'n mate Afrikaans, van vaste woordorde afhanklik nie. Dus kon die skrywer die verwagte, normale woordorde na hartelus omkeer om aan te toon:
  - a. wat die skrywer aan die leser wou beklemtoon;
  - b. wat die skrywer gedink het vir die leser as verrassing moet kom;
  - c. wat vir die skrywer van groot belang was.
2. Wat normale woordorde in Grieks moet wees is steeds 'n onopgeloste kwessie. 'n Veronderstelde normale woordorde is as volg:
  - a. vir koppelwerkwoorde
    - (1) WERKWOORD
    - (2) ONDERWERP
    - (3) TOEVOEGSEL
  - b. vir oorganklike werkwoorde
    - (1) WERKWOORD
    - (2) ONDERWERP
    - (3) VOORWERP
    - (4) INDIREKTE VOORWERP
    - (5) VOORSETSELFRASE
  - c. vir naamwoordfrases
    - (1) NAAMWOORD
    - (2) WYSIGER
    - (3) VOORSETSELFRASE
3. Woordorde kan baie belangrik wees vir Skrifuitleg. Voorbeeld:
  - a. “aan my en Barnabas die regterhand van gemeenskap gegee” (Gal. 2:9). Die frase “regterhand van gemeenskap” is verdeel en vorentoe geskuif om te wys hoe belangrik dit is.
  - b. “met Christus” (Gal. 2:20) is eerste geplaas. Sy dood was sentraal.
  - c. “Nadat God baiekeer en op baie verskillende maniere” (Heb. 1:1) staan eerste. Dit was hoe God Homself openbaar het wat gekontrasteer is, nie die blote feit van openbaring nie.

### D. Gewoonlik is 'n sekere mate van klem getoon deur:

1. die herhaling van die VOORNAAMWOORD wat reeds in die WERKWOORD se verbuiging voorgekom het. Voorbeeld: “En kyk, Ek is met julle...” (“I, myself, will surely be with you...”) (Mat. 28:20).
2. die afwesigheid van 'n verwagte VOEGWOORD of ander verbinding tussen twee woorde, frases, bysinne of sinne. Dit word 'n asindeton genoem (“ongebind”). Die verbindingswoord word verwag, dus sal sy afwesigheid aandag trek. Voorbeelde:
  - a. Die Saligsprekinge, Mat. 5:3vv (beklemtoon die lys)
  - b. Joh. 14:1 (nuwe onderwerp)
  - c. Rom. 9:1 (nuwe gedeelte)
  - d. 2 Kor. 12:20 (beklemtoon die lys)



3. die herhaling van woorde of frases in 'n gegewe konteks. Voorbeeld: “tot lof van sy heerlikheid” (Ef. 1:6, 12, 14). Hierdie frase is gebruik om te dui op elk van die Drie-Eenheid se werke.
  4. die gebruik van idiomatiese uitdrukkings of klankspel.
    - a. eufemismes – vervang woorde met taboe onderwerpe soos “slaap” in plaas van dood (Joh. 11:11-14) of “voete” vir manlike geslagsorgane (Rut 3:7-8; 1 Sam. 24:3)
    - b. omskrywings – ander woorde as God se Naam, soos “koninkryk van die hemel” (Mat. 7:21); of “'n stem uit die hemele” (Mat. 3:17).
    - c. beeldspraak
      - (1) onmoontlike oordrywings (Mat. 3:9; 5:29-30; 19:24)
      - (2) matige oordrywing (Mat. 3:5; Han. 2:36)
      - (3) personifikasie (1 Kor. 15:55)
      - (4) ironie (Gal. 5:12)
      - (5) poëtiese passasies (Fil. 2:6-11)
      - (6) klankspel tussen woorde
        - (a) “kerk” (“church”)
          - (i) “kerk” (“church”) (Ef. 3:21)
          - (ii) “roeping” (“calling”) (Ef. 4:1, 4)
          - (iii) “geroep” (“called”) (Ef. 4:1, 4)
        - (b) “vrye”
          - (i) “vrye vrou” (“free woman”) (Gal. 4:31)
          - (ii) “vryheid” (“freedom”) (Gal. 5:1)
          - (iii) “vry” (“free”) (Gal. 5:1)
    - d. idiomatiese taal – taal wat gewoonlik kultuur- of taal-spesifiek is:
      - (1) Dit was die figuurlike gebruik van “kos” (Joh. 4:31-34).
      - (2) Dit was die figuurlike gebruik van “Tempel” (Joh. 2:19; Mat. 26:61).
      - (3) Dit was 'n Hebreeuse idioom van barmhartigheid, “haat” (Gen. 29:31; Deut. 21:15; Tes. 14:36; Joh. 12:25; Rom. 9:13).
      - (4) “Almal” versus “baie” (“all” versus “many”). Vergelyk Jes. 53:6 (“almal”) met 53:11, 12 (“baie”). Die terme is sinoniem, soos Rom. 5:18 en 19 toon.
  5. die gebruik van 'n volledige taalkundige frase eerder as 'n enkele woord. Voorbeeld: “Die Here Jesus Christus” (“The Lord Jesus Christ”).
  6. die spesiale gebruik van *autos*
    - a. wanneer dit saam met die LIDWOORD (attributiewe posisie) as “dieselfde” vertaal is.
    - b. wanneer dit sonder die LIDWOORD (predikatiewe posisie) as 'n INTENSIEWE REFLEKSIEWE VOORNAAMWOORD vertaal is – “homself”, “haarself” of “ditself” (“himself”, “herself”, “itself”).
- E. Die Bybelstudent wat nie Grieks ken nie, kan klem op verskeie maniere identifiseer:
1. Die gebruik van 'n analitiese woordeboek en Engelse teks met Grieks tussen die lyne.
  2. Die vergelyking van verskillende vertalings, spesifiek vanuit verskillende vertalingsdenkskole. Voorbeelde: vergelyk 'n “woord vir woord” vertaling (KJV, NKJV, ASV, NASB, RSV, NRSV) met 'n “dinamiese ekwivalent” (Williams, NIV,

- NEB, REB, JB, NJB, TEV). ‘n Goeie hulpmiddel hier sou *The Bible in Twenty-Six Translations* wees, uitgegee deur Baker.\*
3. Die gebruik van *The Emphasized Bible* deur Joseph Bryant Rotherham (Kregel, 1994).
  4. Die gebruik van letterlike vertalings:
    - a. *The American Standard Version* van 1901;
    - b. *Young’s Literal Translation of the Bible* deur Robert Young (Guardian Press, 1976).

Die studie van grammatika is uitputtend, maar noodsaaklik vir doeltreffende interpretasie. Die doel van hierdie bondige definisies, aanmerkings en voorbeelde is om nie-Grieks-magtige persone te ondersteun en toe te rus om die grammatiese notas wat in hierdie kommentaar verskaf word, te gebruik. Die definisies is sonder twyfel oorvereenvoudig. Hulle behoort nie dogmaties of rigied toegepas te word nie, maar eerder as hulpmiddel om tot ‘n beter verstaan van Nuwe-Testamentiese sintaksis te kom. Hopelik sal hierdie definisies ook lesers in staat stel om ook aanmerkings in ander studiegidse, soos tegniese kommentare van die Nuwe Testament, te verstaan.

Ons moet daartoe in staat wees om ons interpretasie met Bybeltekste te ondersteun en te kontroleer. Grammatika is een van die mees nuttige hulpmiddels tot ons beskikking. Ander hulpmiddels sou insluit die historiese milieu, literêre konteks, woordkeuses van die dag en parallelle passasies.

---

\* Sien hierby die Afrikaanse vertalings OAV, NAV, CUM-MVB en CUM-NLV – vert.

## BYLAAG TWEE

### TEKSKRITIESE OPMERKINGS

Die doel van hierdie bylaag is om die tekskritiese notas wat in die kommentaar gemaak word, te verduidelik. As sulks sal die volgende raamwerk gebruik word:

- I. Die tekstuele bronne van die Engelse Bybel
    - A. Ou Testament
    - B. Nuwe Testament
  - II. Bondige verduideliking van die probleme en teorieë van “laer kritiek” oftewel “tekskritiek”.
  - III. Voorgestelde bronne vir verdere navorsing
- 
- I. Die tekstuele bronne van die Engelse Bybel
    - A. Ou Testament
      1. Masoretiese teks (MT) – Die Hebreeuse hoofletterteks is saamgestel deur Rabbyn Aquiba in 100 n.C. Die vokaalpunktuasie, aksente, kantaantekeninge, leestekens en tekskritiese aantekeninge is sedert die sesde eeu n.C. aangevul en gefinaliseer in die negende eeu n.C. Dit is voltooi deur ‘n span Joodse geleerdes wat as die Masorete bekend gestaan het. Die teksvorm wat hulle gebruik het, was dieselfde as wat in die Mishnah, die Talmoed, die Targoems, die Peshitta en die Vulgaat gebruik was.
      2. Septuaginta (LXX) – Volgens tradisie en oorlewering word die Septuaginta se ontstaan aan 70 Joodse geleerdes toegeskryf wat dit in 70 dae sou saamgestel het. Dit was bedoel vir die biblioteek van Alexandrië onder opdrag en borgskap van Koning Ptolemeus II (285-246 v.C.) Die vertaling was op die versoek van ‘n Joodse leier wat, aldus die “Brief van Aristeia, op daardie stadium in Alexandrië gewoon het. Die LXX het meermale verskillende Hebreeuse tekstradisies uit Rabbyn Aquiba se oorlewering opgeneem (MT).
      3. Dooie See Boekrolle (DSS – Dead Sea Scrolls) – Die Dooie See Boekrolle is gedurende die Romeinse tydperk deur ‘n Joods-separatistiese beweging, naamlik die “Essene” geskryf (200 v.C. tot 70 n.C.) Die Hebreeuse manuskripte, wat op verskeie plekke rondom die Dooie See gevind is, toon ‘n ietwat verskillende Hebreeuse tekstradisie as dié waarop beide die MT en die LXX berus.
      4. Sommige spesifieke voorbeelde van hoe die vergelyking van hierdie tekste ontleders help om die Ou Testament te verstaan sluit in:
        - a. Die LXX het vertalers en geleerdes gehelp om die MT te verstaan
          - (1) die LXX van Jes. 52:14, “As many shall be amazed at him.”
          - (2) die MT van Jes. 52:14, “just as many were astonished over you,” (vgl. OAV & NAV)
          - (3) in Jes. 52:15 word die voornaamwoord-onderskeid van die LXX bevestig
            - (a) LXX, “so will many nations marvel at him” (vgl. OAV)
            - (b) MT, “so he sprinkles many nations” (vgl. NAV)
        - b. Die DSS het vertalers en geleerdes gehelp om die MT te verstaan
          - (1) die DSS van Jes. 21:8, “then the seer cried, Upon a watchtower I stand...” (vgl. NAV)

(2) die MT van Jes. 21:8, “and I cried a lion! My Lord, I always stand on the watch tower by day...” (vgl. OAV)

c. Die LXX sowel as die DSS het gehelp om Jes. 53:11 te verduidelik

(1) LXX & DSS, “after the travail of his soul he will see light, he will be satisfied”

(2) MT, “he shall see... of the travail of his soul, He shall be satisfied”

## B. Nuwe Testament

1. Meer as 5,300 manuskripte van die volle of dele van die Griekse Nuwe Testament bestaan. Sowat 85 is geskryf op papiirus en 268 is manuskripte geskryf in hoofletters (die hoofletterskrif). Teen ongeveer die negende eeu n.C. is ‘n lopende skrif (kleinletterskrif) ontwikkel. Daar is omtrent 2,700 geskrewe Griekse manuskripte en daar bestaan ook sowat 2,100 kopieë van Skrifdele, gebruik tydens aanbidding, wat (Bybel)-voorlesings (“lectionaries”) genoem word.
2. Ongeveer 85 Griekse manuskripte wat dele van die Nuwe Testament bevat en op papiirus geskryf is, word in museums bewaar. Sommige dateer uit die tweede eeu n.C., maar die meeste is uit die derde en vierde eeue n.C. Geen van hierdie MSS bevat die volledige Nuwe Testament nie. Net omdat hulle die oudste kopieë van die Nuwe Testament is, beteken geensins dat hulle outomaties minder variante het nie. Baie hiervan is haastig vir plaaslike gebruik oorgeskryf en daar was nie juis sprake van kwaliteitsbeheer nie. Heelwat variasie het as ‘n gevolg ontstaan.
3. Codex Sinaiticus, aangetoon deur die Hebreeuse letter א (*aleph*) of (01), wat by St. Catherine se klooster op Berg Sinai deur Tischendorf gevind is. Dit dateer uit die vierde eeu n.C. en bevat die LXX van die OT sowel as die Griekse NT. Dit is van “die Alexandrynse Teks”-tipe.
4. Codex Alexandrinus, bekend as “A” of (02) is ‘n vyfde eeuse Griekse manuskrip wat in Alexandrië in Egipte gevind is.
5. Codex Vaticanus, bekend as “B” of (03) is in die Vatikaan se biblioteek in Rome en dateer uit die middel van die vierde eeu n.C. Dit bevat beide die LXX van die OT en die Griekse NT. Dit is van “die Alexandrynse Teks”-tipe.
6. Codex Ephraemi, bekend as “C” of (04) is ‘n vyfde eeuse Griekse manuskrip waarvan ‘n deel vernietig is.
7. Codex Bezae, bekend as “D” of (05) is ‘n vyfde of sesde eeuse Griekse manuskrip. Dit is die belangrikste weergawe van wat ons “Die Westerse Teks” noem. Dit bevat heelwat toevoegings en was die hoofbron Griekse manuskrip vir die King James vertaling.
8. Die NT MSS kan verdeel word in drie, moontlik vier, teksfamilies wat sekere eienskappe deel:
  - a. Alexandrynse teks uit Egipte
    - (1) P<sup>75</sup>, P<sup>66</sup> (rondom 200 n.C.) het die Evangelies geboekstaaf
    - (2) P<sup>46</sup> (ongeveer A.D. 225), bevat Paulus se briewe
    - (3) P<sup>72</sup> (ongeveer A.D. 225-250) bevat Petrus en Judas
    - (4) Codex B, ook die Vaticanus genoem (circa A.D. 325) bevat die volledige OT en NT
    - (5) Oorspronklike aanhalings van hierdie tipe

(6) ander MSS wat hierdie tekstipe toon is  $\aleph$ , C, L, W, 33

- b. Westerse teks uit Noord-Afrika
  - (1) aanhalings uit Noord-Afrikaanse kerkvaders Tertullianus, Cyprianus en die Ou Latynse vertaling
  - (2) aanhalings uit Irenaeus
  - (3) aanhalings uit Tatianus en Ou Siriese vertalings
  - (4) Codex D “Bezae” volg hierdie tekstipe
- c. Oos-Bisantynse teks van Konstantinopel
  - (1) hierdie tekstipe word weerspieël in meer as 80% van die 5 300 MSS
  - (2) aangehaal deur kerkvaders van Antiogië in Sirië: die Kappadosiërs, Chrysostomus en Theodoros.
  - (3) Codex A, alleenlik in die evangelies
  - (4) Codex E (agste eeu) vir volledige NT
- d. die vierde moontlike tipe is “Caesareanies” van Palestina
  - (1) dit word hoofsaaklik gesien in Markus
  - (2) sommige getuies daarvoor is P<sup>45</sup> en W

## II. Die probleme en teorieë van “laer kritiek” of “tekstkritiek”

### A. Die ontstaan van die verskillende weergawes (variante lesings)

#### 1. Onopsetlik of per ongeluk (groot meerderheid van gevalle)

- a. die oog wat glip tydens handkopiëring wat die herhaling van ‘n soortgelyke woord opvang, en sodoende al die woorde tussenin uitlaat (homoioteleuton)
  - (1) glip van die oog waar ‘n dubbele letter, woord of frase uitgelaat word (haplografie)
  - (2) glip van die gedagtes waar ‘n frase of reël van ‘n Griekse teks herhaal word (dittografie)
- b. glip van die oor tydens voorlesing waar ‘n spelfout plaasvind (itasisme). Dikwels veroorsaak die spelfout dat ‘n ander Griekse woord wat wel eenders mag klink, inglip.
- c. die vroegste Griekse tekste het geen hoofstuk of vers-indelings, leestekens of verdeling tussen woorde gehad nie. Dit is moontlik om die letters op verskillende plekke van mekaar te skei en sodoende word verskillende woorde gevorm.

#### 2. Doelbewus

- a. veranderinge is aangebring om die grammatikale vorm van die gekopieerde teks te verbeter.
- b. veranderinge om die teks in ooreenstemming met ander Bybeltekste te bring (harmonisering van parallelle)
- c. veranderinge is aangebring om die probleem van twee of meer variante lesings op te los in ‘n kombinasie tot een lang sin. (samesmelting)
- d. verandering is aangebring om ‘n waargeneemde probleem te verbeter in die teks (vgl. 1 Kor. 11:27 en 1 Joh. 5:7-8)
- e. sommige addisionele inligting oor die historiese agtergrond of gepaste uitleg van die teks is bygevoeg in die kantlyn deur een oorskrywer, maar daarna deur ‘n volgende oorskrywer opgeneem as deel van die teks (vgl. Joh. 5:4)

### B. Die basiese beginsels van tekstkritiek (logiese riglyne om die oorspronklike weergawe van ‘n teks te bepaal wanneer daar meer as een weergawe bestaan)

1. die vreemdste of grammaties mees onortodokse teks is waarskynlik die oorspronklike
2. die kortste teks is gewoonlik die oorspronklike
3. die ouer teks dra meer gewig omdat sy tydverloop histories nader was aan die oorspronklike teks, mits alle ander oorweginge of aspekte dit toelaat
4. MSS wat in geografiese konteks ooreenstem, bevat gewoonlik die oorspronklike weergawe
5. ontbrekende leerstelligheid, veral tekste wat verwantskap verraaï met belangrike teologiese kwessies van 'n tydperk van daardie manuskrip-aanpassing, geniet voorkeur (vgl. die Drie-Eenheid in 1 Joh. 5:7-8)
6. die teks wat die beste verduideliking bied in verband met die ontstaan van ander variante
7. twee aanhalings wat help om die balans te handhaaf indien problematiese variante bestaan:

a. J. Harold Greenlee se boek, *Introduction to New Testament Textual Criticism*,

“No Christian doctrine hangs upon a debatable text; and the student of the NT must beware of wanting his text to be more orthodox or doctrinally stronger than is the inspired original” (bl. 68)

b. W.A. Criswell het vir Greg Garrison van *The Birmingham News* gesê dat hy (Criswell) nie 'n woord glo wat in die Bybel geïnspireer is nie, “at least not every word that has been given the modern public by centuries of translators.” Criswell sê: “I very much am a believer in the textual criticism. As such, I think, the last half of the 16<sup>th</sup> chapter of Mark is heresy: it's not inspired, it's just concocted... When you compare those manuscripts way back yonder, there was no such thing as that conclusion of the Book of Mark. Somebody added it...”

Die patriarg van die SBC-voorstander van onfeilbaarheid van die Skrif, beweer dat “interpolasie” ook ooglopend is in Johannes 5, die opgawe van Jesus by die poel van Betesda. Hy bespreek ook die twee verskillende vertellings van die selfmoord van Judas (vgl. Mat. 27 en Han. 1): “It's just a different view of the suicide,” Criswell said. “If it is in the Bible, there is an explanation for it. And the two accounts of the suicide of Judas are in the Bible.” Criswell added, “Textual criticism is a wonderful science in itself. It is not ephemeral, it's not impertinent. It's dynamic and central...”

### III. Manuskrip probleme (tekstkritiek)

A. Voorgestelde bronne vir verdere navorsing:

1. *Biblical Criticism: Historical, Literary and Textual*, deur R.H. Harrison
2. *The Text of the New Testament: Its Transmission, Corruption and Restoration* deur Bruce M. Metzger
3. *Introduction to New Testament Textual Criticism*, deur J.H. Greenlee

# BYLAAG DRIE

## WOORDELYS

**Adopsionisme.** Dit was een van die vroeë sienings oor Jesus se verhouding tot godheid. Dit het basies aangevoer dat Jesus ‘n normale mens was in elke sin van die woord en dat hy op ‘n spesiale manier deur God aangeneem is tydens sy doop (vgl. Mat. 3:17; Mark. 1:11) of met sy opstanding (vgl. Rom. 1:4). Jesus het so ‘n voorbeeldige lewe gelei dat God op die een of ander stadium (doop of opstanding) Hom as sy “seun” aangeneem het (vgl. Rom. 1:4; Fil. 2:9). Dit was ‘n vroeë kerk- en agste eeuse minderheidsiening. Eerder as wat God ‘n mens word (die Inkarnasie) word die konsep omgedraai sodat ‘n mens God word!

Dit is moeilik om in woorde te stel hoe Jesus, Seun van God, voorafbestaande Godheid, beloon of verheerlik is vir ‘n voorbeeldige lewe. Indien Hy reeds God was, hoe kon Hy beloon word? As Hy voorafbestaande goddelike heerlijkheid gehad het, hoe kon Hy nog meer verheerlik word? Hoewel dit moeilik vir ons is om dit te verstaan, het die Vader op die een of ander wyse vir Jesus op ‘n spesiale manier vereer vir sy volmaakte vervulling van die Vader se wil.

**Alexandrinus.** Hierdie vyfde-eeuse Griekse manuskrip van Alexandrië, Egipte, bevat die Ou Testament, Apokriewe en die grootse deel van die Nuwe Testament. Dit is een van ons belangrikste getuies vir die hele Griekse Nuwe Testament (behalwe sekere dele van Mattheus, Johannes en 2 Korintiërs). Wanneer hierdie manuskrip, wat ook bekend staan as “A”, en die manuskrip genaamd “B” (Vaticanus), ooreenstem oor ‘n passasie, word dit aanvaar as die oorspronklike weergawe deur die meeste geleerdes in die meeste gevalle.

**Alexandryne Skool.** Hierdie metode van Skrifuitleg is ontwikkel in Alexandrië, Egipte in die tweede eeu n.C. Dit gebruik die basiese interpretatiewe beginsels van Philo, wat homself by Plato geskaar het. Dit word dikwels die allegoriese metode genoem en was van belang in kerkverband tot en met die tyd van die Hervorming. Die mees-bevoegde voorstanders van hierdie denkskool was Origenes en Augustinus. Sien Moises Silva, *Has The Church Misread The Bible?* (Academic, 1987).

**Allegorie.** Dit is ‘n tipe Skrifuitleg wat oorspronklik ontwikkel het binne Alexandryne Judaïsme. Dit is gewild gemaak deur Philo van Alexandrië. Die stukrag van hierdie metode lê in die begeerte om die Skrif relevant te maak vir die leser se kultuur of filosofiese sisteem en in die proses die Bybel se historiese agtergrond en/of literêre konteks te ignoreer. Dit poog om versteekte of geestelike waarheid agter elke Skrifgedeelte te vind. Daar moet aanvaar word dat Jesus in Mattheus 13 en Paulus in Galasiërs 4, allegorie gebruik om waarheid te kommunikeer. Dit was egter in die vorm van tipologie, wat streng gesproke nie werklik allegorie is nie.

**Analitiese Woordeboek.** Dit is ‘n tipe navorsingshulpmiddel wat jou toelaat om elke Griekse vorm in die Nuwe Testament te identifiseer. Dit is ‘n samestelling, in Griekse alfabetiese volgorde, van vorms en basiese definisies. In kombinasie met ‘n interliniêre vertaling, stel dit gelowiges wat nie-Grieks-magtig is nie in staat om die Griekse grammatikale en sintaktiese vorme in die NT te ontleed.

**Analogie van Skrif.** Hierdie frase beskryf die siening dat die ganse Bybel geïnspireer is deur God en dit as ‘n gevolg komplementêr eerder as teenstellend is. Hierdie vooropgestelde

standpunt vorm die basis vir die gebruik van parallelle passasies tydens die uitleg van Bybelse tekste.

**Antiteties.** Dit is een van drie beskrywende terme wat gebruik word om die verhouding tussen die versreëls van Hebreeuse poësie te beskryf. Dit is van toepassing op versreëls van gedigte wat met mekaar in teenstelling is (vgl. Spr. 10:1; 15:1).

**Antiogiese Skool.** Hierdie metode van Skrifuitleg is ontwikkel in Antiogië, Sirië tydens die derde eeu n.C. in reaksie op die allegoriese metode van Alexandrië, Egipte. Sy basiese stukrag is ontleen uit sy fokus op die geskiedkundige betekenis van die Bybel. Die Bybel is as normale, menslike literatuur geïnterpreteer. Hierdie skool het betrokke geraak by die “twee-nature” stryd in verband met die persoon van Christus. Het Christus twee nature gehad (Nestorianisme) of een natuur maar volledig God en volledig mens? Die Rooms-Katolieke Kerk het die Nestorianisme as dwaling bestempel sodat die beskouing na Persië uitgewyk het. Dié denkrigting het nooit veel steun gevind nie. Sy basiese hermeneutiese beginsels het later, egter, die riglyne vir Skrifuitleg van die Klassieke Protestantse Hervormers (Luther en Calvyn) geword.

**Antropomorfies.** Die betekenis van hierdie term is “met eienskappe kenmerkend van die mens” en word gebruik om ons geloofstaal oor God te beskryf. Dit word afgelei van die Griekse woord vir “mensdom” en beteken dat ons van God praat asof Hy ‘n man is. God word beskryf in fisiese, sosiologiese en sielkundige terme wat met mense geassosieer word (vgl. Gen. 3:8; 1 Kon. 22:19-23). Dit is natuurlik slegs ‘n analogie, maar daar is geen kategorieë in terme waarvan ons God kan verstaan anders as dié van die mens nie. Daarom is ons kennis van God, ten spyte van die feit dat dit waar is, beperk.

**Apologeet (Apologetiek).** Die woord vind sy oorsprong in die Griekse stamwoord vir “wetlike verdediging”. Dit is ‘n spesifieke dissipline binne die teologie wat probeer om bewyse en rasonale argumente te verskaf vir die Christelike geloof.

**Apokaliptiese Literatuur.** Dit was hoofsaaklik, moontlik selfs uitsluitlik, ‘n Joodse genre. Dit was ‘n kriptiese skryfstyl, wat geheime of verborge beeldspraak gebruik. Dit was veral in gebruik tydens die inval en beset van Joodse grondgebied deur vreemde wêreldmagte. Dit aanvaar dat ‘n persoonlike, verlossende God die wêreld gemaak het en wêreldgebeure beheer, en dat Israel vir Hom van spesiale belang is en onder sy sorg staan. Hierdie literatuur belowe uiteindelik oorwinning deur God se besondere ingryping.

Dit is uiters simbolies en digterlik met heelwat geheime terme. Waarheid is dikwels in kleure, nommers, visioene, drome, engele, geheime kodewoorde en dikwels skerp dualisme tussen goed en kwaad uitgebeeld.

Sommige voorbeelde van hierdie genre is (1) in die OT, Esegïel (hoofstukke 36-48), Daniël (hoofstukke 7-12), en Sagaria; en (2) in die NT, Mattheus 24; Markus 13; 2 Tessalonisense 2 en Openbaring.

**A priori.** Dit is basies sinoniem met die term “voorveronderstelling”. Dit beteken dat ‘n argument berus op vooringenome standpunte, definisies en beginsels wat as geldig aanvaar word, en nie blootgestel word aan verdere ondersoek of ontleding nie.

**Arianisme.** Arius was ‘n ouderling in die kerk van Alexandrië in Egipte tydens die derde en vroeë vierde eeue. Sy standpunt was dat Jesus vooraf bestaan het, maar dat Hy nie goddelik (van dieselfde wese as die Vader) was nie; moontlik op grond van Spreuke 8:22-31. Arius se



grootste teenstander was die biskop van Alexandrië met wie hy hom in 318 n.C. 'n stryd op die hals gehaal het wat jare lank aangehou het. Arianisme het amptelik in die geloofsbelydenisse van die Oosterse kerk voortgeleef. Die Sinode van Nicea het in 325 n.C. vir Arius veroordeel en die volle gelykheid van die Vader en die Seun bevestig.

**Aristoteles.** Hy was een van die filosowe van antieke Griekeland, 'n student van Plato en leermeester van Alexander die Grote. Sy invloed, selfs tot vandag toe nog, strek tot in baie areas van moderne vakgebiede. Dit is omdat hy kennis deur waarneming en klassifikasie beklemtoon – 'n belangrike uitgangspunt van die wetenskaplike metode.

**Bezae.** Hierdie is 'n Griekse en Latynse manuskrip van die sesde eeu n.C. Dit word aangedui deur “D” en bevat die Evangelies en Handelingte sowel as sommige van die Algemene Briewe. Dit word gekenmerk deur 'n aantal toevoegings deur oorskrywers en vorm die basis vir die “Textus Receptus” – die belangrikste Griekse manuskrip-tradisie agter die King James Vertaling.

**Bybelse Gesag.** Hierdie is 'n baie gespesialiseerde term. Dit behels 'n grondige verstaan van wat die oorspronklike skrywer vir die mense van sy dag wou kommunikeer, en om daardie waarheid dan op die lewe van vandag toe te pas. Bybelse gesag word gewoonlik gedefinieer as 'n siening dat die Bybel self ons enigste gesaghebbende gids is. In ag genome huidige, onaanvaarbare definisies het ek die konsep beperk tot die Bybel soos geïnterpreteer deur die uitgangspunte van die histories-grammatikale metode.

**Christosentrië.** Dit is 'n term wat gebruik word om die sentraliteit van Jesus te beskryf. Ek gebruik dit met betrekking tot die konsep dat Jesus die Here is van die hele Bybel. Die Ou Testament dui op sy koms, en Hy is dienooreenkomstig die vervulling én die doel van die Ou Testament (vgl. Mat. 5:17-48).

**Deduktiewe.** Hierdie metode van logiese argumentasie beweeg van algemene beginsels tot spesifieke toepassings. Dit is die teenoorgestelde van induktiewe redenering, wat die wetenskaplike metode weerspieël deur van waarneembare fenomene na algemene gevolgtrekkings (teorieë) te beweeg.

**Dialekties.** Dit is die metode van redevoering waarin dít wat teenstellend of paradoksaal is, gehandhaaf word in 'n spanningsveld op soek na 'n verenigende antwoord wat albei kante van die paradoks insluit. Baie Bybelse leerstellings verskyn in dialektiese pare: uitverkiesing en vrye wil; geloofsekerheid en volharding; geloof en werke; geloofsbeslissing en dissipelskap; Christelike vryheid en Christelike verantwoordelikheid.

**Diaspora.** Dit is die tegniese Griekse term gebruik deur Palestynse Jode om ander Jode te beskryf wat buite die geografiese grense van die Beloofde Land gebly het.

**Dinamiese Ekwivalent.** Dit is die naam van 'n teorie van Bybelvertaling. Bybelvertaling kan gesien word as 'n kontinuum. Aan die een kant van die spektrum staan “woord-vir-woord”-vertaling, wat 'n soeke behels na ooreenstemmende woorde, waar byvoorbeeld 'n Engelse (of ander taal) woord gevind moet word om elke Hebreeuse of Griekse woord te vertaal. Aan die ander kant vereis die “parafrese”-vertaling minder klem op die oorspronklike teks (woordkeuse en sinskonstruksie) en slegs die idee word vertaal. Tussen hierdie twee teorieë staan “dinamiese ekwivalent” wat poog om die oorspronklike teks ernstig op te neem, maar steeds moderne grammatikale vorms en idioome te gebruik in die vertaling. 'n Baie goeie

bespreking van hierdie verskillende teorieë van vertalings is beskikbaar in Fee en Stuart se *How to Read the Bible For All Its Worth*, bl. 35.

**Dooie See Boekrolle.** Dit verwys na 'n reeks van antieke tekste wat in Hebreeus en Aramees geskryf is en naby die Dooie See gevind is in 1947. Hulle was die geloofsbiblioteke van sektariese Judaïsme van die eerste eeu. Die druk van Romeinse besetting en die dweperoorloë van die 60's het hulle genoop om die rolle in lugdig-geseëldde kleipotte te bêre en in grotte en gate te versteek. Hulle het ons gehelp om die historiese agtergrond van Palestina gedurende die eerste eeu beter te verstaan, en het die Masoretiese Teks bevestig as baie akkuraat, ten minste so ver terug soos die vroeë v.C. tydperk. Hulle word aangedui deur die afkorting "DSS".

**Dubbelsinnigheid.** Dit verwys na die onsekerheid wat ontstaan in 'n geskrewe dokument wanneer twee of meer betekenis moontlik is, of wanneer daar terselfdertyd na twee of meer dinge verwys word. Dit is moontlik dat Johannes doelbewus hiervan gebruik maak (meervoudige bedoeling).

**Eisegese.** Dit is die teenoorgestelde van eksegese. As eksegese 'n "uit-lesing" van die oorspronklike skrywer se bedoeling is, dan impliseer hierdie term 'n "in-les" van 'n vreemde idee of opinie.

**Ekλεκties.** Hierdie term word gebruik in verband met tekskritiek. Dit verwys na die praktyk om gedeeltes uit verskillende Griekse manuskripte te kies en sodoende tot 'n teks saam te stel wat dan veronderstel meer ooreenstem met die oorspronklike skrywer se weergawe. Dit verwerp die siening dat 'n familie van verwante Griekse manuskripte die oorspronklike beter kan rekonstrueer.

**Eksegese.** Dit is die tegniese term vir die praktyk om 'n spesifieke passasie te interpreteer. Dit beteken "om uit te lei" (van die teks), wat impliseer dat ons doelstelling is om te verstaan wat die oorspronklike outeur se bedoeling was in die lig van die historiese milieu, literêre konteks, sintaksis en kontingente woordgebruik.

**Etimologie.** Dit is 'n aspek van 'n woordstudie wat poog om vas te stel wat die oorspronklike skrywer met 'n woord bedoel het. Wanneer 'n grondbetekenis gevind is kan bepaalde bedoelinge makliker vasgestel word. Tydens skrifondersoek is etimologie nie die hoofokus nie, maar eerder die hulpmiddel om kontingente betekenis en gebruike van 'n woord vas te stel.

**Genre.** Hierdie is 'n Franse term wat verskillende tipes literatuur aandui. Die stukrag agter die term is die verdeling van literêre vorme in kategorieë wat gemeenskaplike kenmerke deel: historiese narratief, poësie, spreuke, apokalipties en wetties.

**Gnostisisme.** Die meeste van ons kennis oor hierdie dwaling kom van die Gnostiese geskifte van die tweede eeu. Die brongedagtes was egter al in omloop tydens die eerste eeu (en selfs vroeër).

Leerstellings van die Valenciaanse en Korinthiese Gnostisisme van die tweede eeu sluit in: (1) materie en gees as mede-ewigdurend ('n ontologiese dualisme). Materie is boos; gees is goed. God, wat gees is, kan nie direk betrokke wees in die vorming van bese mate nie; (2) daar is uitstralings (emanasies) (*eons* of engele-sfere) tussen God en materie. Die laaste, of laagste, een was YHWH van die OT, wat dan ook die wêreld gemaak het (*kosmos*); (3)

soos YHWH was Jesus 'n emanasie, maar van 'n hoër rang, nader aan die ware God. Sommige plaas Hom as die hoogste, maar steeds minder as God, en sekerlik nie 'n inkarnasie van die Godheid nie (vgl. Joh. 1:14). Aangesien materie boos is kon Jesus nie 'n menslike liggaam hê en steeds goddelik wees nie. Hy was 'n geestelike skim (vgl. 1 Joh. 1:1-3; 4:1-6); en (4) verlossing is bekom deur geloof in Jesus plus spesiale kennis wat slegs spesiale mense besit het. Kennis (kodewoorde) was nodig om deur die hemelse sferes te beweeg. Joodse wettiesheid was ook nodig om God te bereik.

Die Gnostiese valse leraars verkondig twee teenoorgestelde etiese sisteme: (1) vir sommige is lewenstyl onverwant aan verlossing. Vir hierdie groep was verlossing en spiritualiteit saamgesnoer in geheime kennis (kodewoorde) van die engele-sfere (*eons*); of (2) vir ander was lewenstyl bepalend van verlossing. Hulle beklemtoon 'n asketiese lewenstyl as bewys van ware geestelikheid.

**Hermeneutiek.** Dit is die tegniese term vir die beginsels onderliggend aan eksegetiese. Dit is tegelyk 'n stel spesifieke riglyne én 'n kuns/gawe. Bybelse, of heilige, hermeneutiek word gewoonlik verdeel in twee kategorieë: algemene beginsels en spesiale beginsels. Hierdie beginsels hou verband met die verskillende tipes literatuur wat in die Bybel aangetref word. Elke verskillende tipe (genre) het sy eie unieke riglyne, maar deel ook sekere algemene aannames en prosedures van uitleg.

**Hoër Kritiek.** Dit is die prosedure van Bybeluitleg wat fokus op die historiese milieu en literêre struktuur van 'n gegewe Bybelboek.

**Idioom.** Hierdie woord word gebruik vir die frase wat in verskillende kulture aangetref word en waarvan die toegekende betekenis nie verwant is aan die gewone betekenis van 'n spesifieke woord nie. Sommige moderne voorbeelde sluit in: “dit was vreeslik lekker” (“that was awfully good”) of “jy gesel my” (“you just kill me”). Die Bybel bevat ook hierdie tipe frases.

**Illuminasie/Verligting.** Dit is die naam toegeskryf aan die konsep dat God met die mensdom gepraat het. Die volledige konsep word gewoonlik uitgedruk in drie terme: (1) openbaring – God het opgetree in menseheugenis; (2) inspirasie – Hy het die regte interpretasie van sy handeling en hulle belang vir die mensdom aan sekere uitverkore mans gegee om op te teken en (3) verligting (illuminasie) – Hy het sy Gees gestuur om die mensdom te help om sy self-openbaring te verstaan.

**Induktief.** Hierdie is 'n metode van logika of redenering wat beweeg van spesifieke gegewens tot 'n geheelbeeld. Dit is die empiriese metode van die moderne wetenskap en word normaalweg geassosieer met Aristoteles.

**Inspirasie.** Dit is die konsep dat God met die mensdom gepraat het deur die skrywers van die Bybel te lei om sy openbaring duidelik en akkuraat op te teken. Die volledige konsep word gewoonlik uitgedruk in drie terme: (1) openbaring – God het opgetree in menseheugenis; (2) inspirasie – Hy het die regte interpretasie van sy handeling en hulle belang vir die mensdom aan sekere uitverkore mans gegee om op te teken en (3) verligting (illuminasie) – Hy het sy Gees gestuur om die mensdom te help om sy self-openbaring te verstaan.

**Interliniêr.** Dit is 'n tipe navorsingshulpmiddel wat diegene wat nie 'n Bybelse taal magtig is nie, in staat stel om tog die betekenis en struktuur te ontleed. Dit plaas die Engelse vertaling op 'n woord-vir-woord-vlak onmiddellik onder die oorspronklike Bybelse taal. Hierdie

hulpmiddel, in samewerking met 'n analitiese woordeboek, sal die vorms en basiese definisies van Hebreeus en Grieks verskaf.

**Kanon.** Hierdie term beskryf geskrifte waarvan geglo word dat hul inspirasie van unieke aard was. Dit word gebruik om te verwys na beide die Ou- en Nuwe-Testamentiese Geskrifte.

**Kommentaar.** Dit is 'n spesialiteitsnavorsingsboek. Dit verskaf die algemene agtergrond van 'n Bybelboek en probeer dan om die betekenis van elke gedeelte van die boek te verduidelik. Sommige fokus op toepassing, terwyl ander op 'n meer tegniese wyse met die teks omgaan. Hierdie boeke is nuttig, maar behoort eers gebruik te word ná 'n persoonlike voorlopige studie uitgevoer is. Die kommentator se interpretasies behoort nooit onkritiese aanvaar te word nie. Dit is dikwels 'n goeie idee om verskeie kommentare vanuit verskillende teologiese perspektiewe met mekaar te vergelyk.

**Konkordansie.** Dit is 'n tipe navorsingshulpmiddel vir Bybelstudie. Dit lys elke woord wat in die Ou en Nuwe Testament voorkom. Dit help op verskeie maniere, naamlik: (1) dit dui die Hebreeus of Griekse woord agter 'n spesifieke vertaalde woord aan; (2) dit vergelyk teksgedeeltes waar dieselfde Hebreeus of Griekse woord voorkom; (3) dit toon waar verskillende Hebreeus of Griekse terme met dieselfde woord vertaal word; (4) dit toon die frekwensie waarmee sekere woorde voorkom in sekere boeke, of deur sekere skrywers gebruik word; en (5) dit help om teksgedeeltes in die Bybel op te spoor (vgl. Walter Clark se *How to Use New Testament Greek Study Aids*, bl. 54-55).

**Laer Kritiek.** Sien "Tekskritiek".

**Letterlik.** Dit is 'n ander naam vir die teksgefokusde en historiese metode van die hermeneutiek van Antiochië. Dit beteken dat interpretasie die normale en ooglopende betekenis van menslike taal behels, hoewel dit steeds die teenwoordigheid van figuurlike taal erken.

**Letterlike Uitleg (Proof-texting).** Dit is die praktyk in Skrifuitleg waar 'n vers aangehaal word sonder agting vir sy onmiddellike konteks of die breër konteks binne sy literêre eenheid. Dit verwyder die verse van die oorspronklike skrywer se bedoeling en word gewoonlik gebruik om 'n persoonlike opinie met Bybelse gesag te ondersteun.

**Literêre Genre.** Dit verwys na die onderskeie vorme van menslike kommunikasie, soos poësie of historiese narratief. Elke literêre tipe het sy eie spesiale hermeneutiese prosedures tesame met die algemene beginsels van alle geskrewe literatuur.

**Literêre Eenheid.** Dit verwys na die belangrikste gedagteverdelings in 'n Bybelboek. Dit kan bestaan uit enkele verse, paragrawe of hoofstukke. Dit vorm 'n selfstandige eenheid met 'n sentrale onderwerp.

**Manuskrip.** Hierdie term staan in verband met die verskillende kopieë van die Griekse Nuwe Testament. Gewoonlik word hulle verdeel in die verskillende tipes in terme van (1) materiaal waarop hulle geskryf is (papyrus, leer), of (2) die skryfstyl of -vorm (hoofletters of kleinletters). Dit word aangedui deur die afkorting "MS" (enkelvoud) of "MSS" (meervoud).

**Masoretiese Teks.** Dit verwys na die negende eeuse Hebreeuse manuskripte van die Ou Testament, opgestel deur generasies van Joodse geleerdes wat vokaalpunne (vokalisering) en ander tot aan die teks toegevoeg het. Dit vorm die basiese teks vir enige vertaling van die Ou

Testament. Die MT se historiese betroubaarheid in terme van oorlewering is bevestig deur ander Hebreuse MSS, veral Jesaja, bekend vanweë die Dooie See Boekrolle. Dit word afgekort as “MT”.

**Metonomie.** Dit is beeldspraak waarin die naam van een ding gebruik word om iets anders wat daarmee geassosieer word, voor te stel. As ‘n voorbeeld: “die ketel kook” beteken eintlik “die water binne-in die ketel kook”.

**Muratoriese Fragmente.** Dit is ‘n lys van die kanonieke boeke van die Nuwe Testament geskryf in Rome voor 200 n.C. Die sewe-en-twintig boeke wat gelys word, is dieselfde as dié in die Protestantse NT. Dit is dus ooglopend dat die plaaslike kerke in verskillende dele van die Romeinse Ryk die kanon voor die groot sinodes van die vierde eeu reeds erken het.

**Natuurlike Openbaring.** Dit is een kategorie van God se self-onthulling aan die mens. Dit het betrekking op die natuurlike orde (Rom. 1:19-20) en die morele gewete (Rom. 2:14-15). Daar word in Psalms 19:1-6 en Romeine 1-2 vermeld. Dit staan apart van besondere openbaring wat verwys na God se spesifieke selfopenbaring in die Bybel en by uitstek in Jesus van Nasaret.

Hierdie teologiese kategorie word nou opnuut beklemtoon deur die “ou aarde”-beweging onder Christen-wetenskaplikes (bv. die literatuur van Hugh Ross). Hulle gebruik hierdie kategorie om te bevestig dat alle waarheid God se waarheid is. Die natuur is ‘n oop deur na kennis oor God; dit is anders as spesiale openbaring (die Bybel). Dit bied die moderne wetenskap die vryheid om die natuurlike orde te bestudeer. Myns insiens is dit ‘n wonderlike nuwe geleentheid vir die moderne Westerse wetenskap om aan die wêreld getuigenis te lewer.

**Nestorianisme.** Nestorius was die patriarg van Konstantinopel tydens die vyfde eeu. Hy het sy opleiding ontvang in Antiogië in Sirië en het gekonstateer dat Jesus twee nature gehad het: een volkome mens en een volkome goddelik. Hierdie siening wyk af van die ortodokse enkelnatuur siening van Alexandrië. Nestorius se groot beswaar was die titel “moeder van God” wat aan Maria toegeskryf is. Nestorius is teengestaan deur Cyril van Alexandrië en dus deur sy eie Antiogiese opleiding. Antiogië was die middelpunt van die histories-grammatikale-benadering tot Skrifuitleg, terwyl Alexandrië die middelpunt was van die viervoudige (allegoriese) uitlegdenkskool. Nestorius is uiteindelik van sy amp onthef en verban.

**Oorspronklike Outeur.** Dit verwys na die werklike skrywers van die Skrif.

**Openbaring.** Dit is die naam toegeskryf aan die konsep dat God met die mensdom gepraat het. Die volledige konsep word gewoonlik uitgedruk in drie terme: (1) openbaring – God het opgetree in menseheugenis; (2) inspirasie – Hy het die regte interpretasie van sy handeling en hulle belang vir die mensdom aan sekere uitverkore mans gegee om op te teken en (3) verligting (illuminasie) – Hy het sy Gees gestuur om die mensdom te help om sy self-openbaring te verstaan.

**Outograaf.** Dit is die titel wat verwys na ‘n oorspronklike skrywer van die Bybel. Hierdie oorspronklike, handgeskrewe manuskripte is almal verlore. Slegs kopieë van kopieë is agtergelaat. Dit is die bron van baie van die teksvariante in die Hebreus- en Griekse-manuskripte en antieke weergawes.

**Papirus.** Dit is 'n tipe skryfmateriaal uit Egipte. Dit word gemaak van riete uit die rivier en is die materiaal waarop ons oudste kopieë van die Griekse Nuwe Testament geskryf is.

**Paradoks.** Dit verwys na daardie waarhede wat oënskynlik teenstellend, maar tog albei waar is, hoewel in oënskynlike spanning met mekaar staan. Hulle omraam waarheid deur die pole, of teenoorgestelde kante, daar te stel. Baie Bybelse waarhede word aangebied in paradoksale (of dialektiese) pare. Bybelse waarhede is nie geïsoleerde sterre nie, maar eerder konstellasies in sterre-patrone.

**Parafrase.** Dit is die naam van 'n teorie van Bybelvertaling. Bybelvertaling kan gesien word as 'n kontinuum. Aan die een kant van die spektrum staan “woord-vir-woord”-vertaling, wat 'n soeke behels na ooreenstemmende woorde, waar byvoorbeeld 'n Engelse (of ander taal) woord gevind moet word om elke Hebreeuse of Griekse woord te vertaal. Aan die ander kant vereis die “parafrase”-vertaling minder klem op die oorspronklike teks (woordkeuse en sinskonstruksie) en slegs die idee word vertaal. Tussen hierdie twee teorieë staan “dinamiese ekwivalent” wat poog om die oorspronklike teks ernstig op te neem, maar steeds moderne grammatikale vorms en idiome te gebruik in die vertaling. 'n Baie goeie bespreking van hierdie verskillende teorieë van vertalings is beskikbaar in Fee en Stuart se *How to Read the Bible For All Its Worth*, bl. 35.

**Paragraaf.** Dit is die basiese interpretatiewe literêre eenheid in prosa. Dit bevat een sentrale gedagte saam met die ontwikkeling daarvan. Indien ons op hierdie sentrale gedagte fokus, sal daar nie aandag op beuselagtighede verspil word en die bedoeling van die oorspronklike outeur misgekyk word nie.

**Parallele Passasies.** Hulle vorm deel van die konsep dat die ganse Bybel deur God geïnspireer is, en dus sy eie beste verklaarder en balanseerder van paradoksale waarhede is. Dit is van nut by die verklarings van onduidelike of dubbelsinnige gedeeltes. Dit help ook om die duidelikste bewysplaas oor 'n gegewe onderwerp te vind, sowel as meer duidelikheid te kry oor so 'n onderwerp op ander (parallele) plekke in die Skrif.

**Parogialisme.** Dit het betrekking op die vooroordele van 'n plaaslike teologiese/kulturele milieu. Dit herken nie die transkulturele aard van Bybelse waarhede of die toepassing daarvan nie.

**Plato.** Hy was een van die filosowe van antieke Griekeland. Sy filosofie het groot invloed op die vroeë kerk uitgeoefen deur die geleerdes van Alexandrië, Egipte, en later Augustinus. Hy was van oortuiging dat alles op aarde 'n illusie was en 'n blote kopie van 'n geestelike argetipe. Teoloë het later Plato se “vorms/idees” met die geestelike dimensie vereenselwig.

**Rabbynse Judaïsme.** Hierdie stadium van die lewe van die Joodse mense begin met die Babiloniese Ballingskap (586-538 v.C.) Toe die invloed van die priesters en die tempel, het die plaaslike sinagoge die middelpunt van Joodse lewe geword. Hierdie plaaslike sentrums van Joodse kultuur, vertrouensvriendskap, aanbidding en Bybelstudie het die fokus van die nasie se geloofslawe geword. In Jesus se tyd was hierdie “godsdiensstige Skrifgeleerdes” van parallelle status met die priesters. Met die val van Jerusalem in 70 n.C. het die “skrifgeleerdheid”, wat deur die Fariseërs oorheers is, die rigting van Joodse geloofslawe bepaal. Dit word gekenmerk deur 'n praktiese, wettiese interpretasie van die Torah (OT-wet) soos verduidelik in die mondelinge tradisies saamgevat in die Talmud.

**Semantiese Veld.** Dit verwys na die totale omvang van betekenis wat met 'n woord geassosieer word. Dit is basies die verskillende konnotasies van 'n woord binne verskillende kontekste.

**Septuaginta.** Dit is die naam wat aan die Griekse vertaling van die Hebreuse Ou Testament gegee is. Tradisioneel word die Septuaginta se oorsprong aan 70 Joodse geleerdes toegeskryf wat dit na oorlewering in 70 dae saamgestel het vir die biblioteek in Alexandrië, Egipte. Die tradisionele datum is rondom 250 v.C. (in werklikheid het dit heel moontlik oor die honderd jaar geneem om te voltooi). Hierdie vertaling is belangrik omdat (1) dit aan ons 'n antieke teks verskaf om te vergelyk met die Masoretiese, Hebreuse teks; (2) dit dui op die stand van Joodse Skrifuitleg tydens die derde en tweede eeue v.C.; (3) dit weerspieël die Joodse Messiasverwagting wat aan die verwerping van Jesus voorafgegaan het. Sy afkorting is LXX.

**Sinaiticus.** Dit is 'n Griekse manuskrip van die vierde eeu n.C. Dit is gevind deur die Duitse geleerde, Tischendorf, by St. Catherine se klooster op Jebel Musa, die tradisionele ligging van Berg Sinai. Hierdie manuskrip word aangedui deur die letter van Hebreuse alfabet genaamd "*aleph*" [א]. Dit bevat beide die Ou en die volledige Nuwe Testamente en is een van ons mees antieke hoofletter MSS.

**Sinoniem.** Dit verwys na terme met presies of baie ooreenstemmende betekenis (hoewel daar in werklikheid geen twee woorde bestaan wat presies semanties ooreenstem nie). Hulle is so naverwant dat hulle mekaar kan vervang in 'n sin sonder om die betekenis te verander. Dit word dikwels gebruik om een van die drie vorme van Hebreuse poëtiese parallelisme aan te toon. In hierdie sin verwys dit na twee reëls van poësie wat dieselfde waarheid uitdruk (vgl. Ps. 103:3).

**Sintaksis.** Dit is 'n Griekse term wat verwys na die struktuur van 'n sin. Dit hou verband met die manier waarop dele van 'n sin saamgevoeg word om 'n volledige gedagte te vorm.

**Sinteties.** Dit is een van die drie terme wat verwys na tipes Hebreuse poësie. Die term spreek van reëls van poësie wat op mekaar bou in 'n kumulatiewe sin, soms ook "klimakties" genoem (vgl. Ps. 19:7-9).

**Spiritualisering.** Die term is sinoniem met allegorisering in die sin dat dit die historiese en literêre konteks van 'n Skrifdeel ignoreer en dit interpreteer op grond van ander kriteria.

**Sistematiese Teologie.** Dit is 'n stadium van interpretasie wat probeer om die waarhede van die Bybel op 'n verenigde en rasonale manier met mekaar in verband te bring. Dit is 'n logiese, eerder as bloot historiese, voorstelling van Christen-teologie deur die gebruik van kategorieë (God, man, sonde, verlossing, ens.)

**Taal van Beskrywing.** Dit word gebruik in verband met die idioome waarin die Ou Testament geskryf is. Dit spreek van ons wêreld in soverre dit sintuiglik waarneembaar is deur die vyf menslike sinne. Dit is nie 'n wetenskaplik beskrywing nie, en was ook nooit as sodanig voorgedra nie.

**Talmud.** Dit is die titel van die kodifikasie van die Joodse mondelinge tradisie. Die Jode glo dit is mondelings deur God aan Moses op Berg Sinai gegee. In werklikheid blyk dit die kollektiewe wysheid van die Joodse leraars oor die loop van baie jare te wees. Daar is twee

verskillende geskrewe weergawes van die Talmud: die Babiloniese en die korter, onvoltooide Palestynse.

**Tekskritiek.** Dit is die studie van die manuskripte van die Bybel. Tekskritiek is nodig omdat geen oorspronklikes meer bestaan nie en die kopieë van mekaar verskil. Die doel is om die variasies te verduidelik en so naby as moontlik aan die oorspronklike bewoording van die skrywers van die Ou en Nuwe Testamente te kom. Dit word dikwels ook “laer kritiek” genoem.\*

**Textus Receptus.** Hierdie benaming het ontwikkel tot Elzevir se weergawe van die Griekse NT in 1633 n.C. Dit is basies ‘n Griekse weergawe van die NT wat uit ‘n paar laat-Griekse manuskripte en Latynse weergawes van Erasmus (1510-1535) saamgestel is; Stefanus (1546-1559) en Elzevir (1624-1678). In *An Introduction to the Textual Criticism of the New Testament*, bl. 27 sê A.T. Robertson: “the Byzantine text is practically the Textus Receptus.” Die Bisantynse teks is egter die mins betroubare van die drie families van vroeë Griekse manuskripte (Westers, Alexandryns en Bisantyns). Dit bevat die ophoping van foute van eeue van handgeskrewe tekste, maar A.T. Robertson is van mening: “the Textus Receptus preserved for us a substantially accurate text” (bl. 21). Hierdie Griekse manuskrip-tradisie (veral Erasmus se derde uitgawe van 1522) vorm die basis van die King James Vertaling van 1611 n.C.

**Tipologie.** Dit is ‘n gespesialiseerde tipe uitleg. Gewoonlik gaan dit oor Nuwe-Testamentiese-waarhede wat in Ou-Testamentiese gedeeltes gevind word by wyse van simboliese analogie. Hierdie kategorie van hermeneutiek was ‘n belangrike element in die Alexandrynse metode. As gevolg van die misbruik van hierdie tipe uitleg is dit egter ‘n goeie idee om eerder die gebruik daarvan te beperk tot die voorbeelde opgeteken in die Nuwe Testament.

**Torah.** Dit is die Hebreeuse woord vir “leerstelling”. Dit het die amptelike titel van die geskifte van Moses (Genesis tot Deuteronomium) geword en is vir die Jode die mees gesaghebbende gedeelte van die Hebreeuse kanon.

**Vaticanus.** Dit is die Griekse manuskrip van die vierde eeu n.C. Dit is in die Vatikaan se biblioteek gevind en het oorspronklik die volledige Ou Testament, Apokriewe en Nuwe Testament bevat. Sekere dele daarvan het egter verlore geraak (Genesis, Psalms, Hebreërs, die Herderlike Briewe, Filemon en Openbaring). Dit is ‘n baie nuttige hulpmiddel om die oorspronklike bewoording van die Bybelskrywers te help bepaal. Dit word aangedui deur ‘n hoofletter “B”.

**Vooringenome Standpunt (Bias).** Hierdie term word gebruik om ‘n sterk vooroordeel oor ‘n voorwerp of standpunt te beskryf. Dit is die instelling wat onpartydigheid met betrekking tot ‘n gegewe onderwerp of standpunt, onmoontlik maak.

**Voorveronderstelling.** Dit verwys na ons voorafbepaalde verstaan van ‘n saak. Dikwels vorm ons opinies of oordele oor kwessies voordat ons die Skrif self geraadpleeg het. Hierdie voorveronderstelling is ook bekend as ‘n vooroordeel, ‘n *a priori* standpunt of ‘n aanname.

---

\* In teenstelling met hoër kritiek – vert.



**Vulgaat.** Dit is die naam van Hieronimus se Latynse vertaling van die Bybel. Dit het die basiese of “algemene” vertaling van die Rooms-Katolieke kerk geword en is ongeveer teen die jaar 380 n.C. gedoen.

**Wêreldbeeld en Wêreldbeskouing.** Hierdie terme is maats. Hulle is albei filosofiese konsepte verwant aan die skepping. Die term “wêreldbeeld” verwys na die “hoe” van die skepping terwyl “wêreldbeskouing” na die “Wie” verwys. Hierdie terme is belangrik vir die uitleg van Genesis 1-2 met die klem hoofsaaklik op die “Wie” vir die skepping verantwoordelik is en nie op die “hoe” nie.

**Wettiesheid (legalism).** Hierdie houding word gekenmerk deur ‘n oorbeklemtoning van (of beheptheid met) reëls en ritus. Dit maak dikwels staat op menslike werkverrigting of regulasies as ‘n manier om deur God aanvaar te word. Dit neig ook om verhouding tweede te stel – ondergeskik te stel aan prestasie – terwyl albei belangrike aspekte van die verbondsverhouding tussen ‘n heilige God en ‘n sondige mensheid is.

**Wysheidsliteratuur.** Dit was ‘n genre in die literatuur wat algemeen was in die antieke nabye-Ooste (en moderne wêreld). Dit was basies ‘n poging om ‘n nuwe generasie op te voed oor riglyne vir suksesvolle lewe deur digkuns, spreuke of opstelle. Dit het die individu aangespreek eerder as die samelewing in geheel. Dit het nie op geskiedkundige verwysings staatgemaak nie, maar eerder op lewenservaring en waarneming. In die Bybel, van Job tot en met Hooglied, veronderstel dit dat die aanbidding en aanwesigheid van YHWH alles goed laat verloop, maar hierdie godsdienstige wêreldbeeld is nie vanselfsprekend in elke menslike ervaring nie.

As ‘n genre het dit algemene waarhede verkondig. Hierdie genre kan egter nie in elke gegewe situasie gebruik word nie. Daar is algemene stellings wat nie altyd op elke individuele situasie van toepassing is nie.

Hierdie wysgere het dit gewaag om die moeilike vrae van die lewe te vra. Hulle het dikwels tradisionele sienings oor geloof uitgedaag (Job en Prediker). Hulle vorm ‘n balans en spanning teenoor die maklike antwoorde wat die tragedies van die lewe betref.

**YHWH.** Dit is die verbondsnaam van God in die Ou Testament. Dit word in Eks. 3:14 gedefinieer en is die OORSAAKLIKE vorm van die Hebreeuse woord “om te wees”. Die Jode was bang om die naam uit te spreek, omdat hulle dit nie ydellik wou gebruik nie. Daarom het hulle in stede die Hebreeuse term *Adonai* of “Here” (“Lord”) begin gebruik.

## BYLAAG VIER

### LEERSTELLIGE UITSPRAAK

Ek hou nie juis van stellings oor geloof of oortuiging nie. Ek verkies om die Bybel self te laat spreek. Maar ek besef dat 'n leerstellige uitspraak diegene wat my nie ken nie sal help om my perspektief in sake van geloof te evalueer. In ons tyd van soveel teologiese mistasting en misleiding, is die volgende, kort opsomming van my teologiese standpunt moontlik gepas.

1. Die Bybel, Ou en Nuwe Testament ingesluit, is die geïnspireerde, onfeilbare, gesaghebbende en ewige Woord van God. Dit is die self-openbaring van God, opgeteken deur manne onder bonatuurlike leiding. Dit is ons enigste bron van helder waarheid oor God en sy doelstellings. Dit is ook die enigste bron van geloof en praktyk vir sy kerk.

2. Daar is slegs een ewige, skeppende, verlossende God. Hy is die skepper van alle dinge – sigbaar én onsigbaar. Hy het Homself aan ons openbaar as liefdevol en sorgsaam, hoewel hy ook regverdig en op geregtigheid ingestel is. Hy het Homself openbaar in drie onderskeie persone: Vader, Seun en Gees; waarlik apart en tog dieselfde in wese.

3. God is aktief in beheer van sy wêreld. Daar is 'n ewige, onveranderlike plan vir sy skepping, sowel as 'n individueel-gefokusde plan wat die mens vrye wil toelaat. Niks gebeur sonder God se wete en toelating nie, en tog laat Hy beide engele en mense toe om hulle eie keuses te maak. Jesus is die Vader se Uitverkore Man, en almal is potensieel in Hom uitverkies. God se voorkennis van gebeure bind nie die mens se lewe aan voorafbepaalde draaiboek nie. Ons bly almal verantwoordelik vir ons eie denke en dade.

4. Die mens, hoewel na die beeld van God geskape en vry van sonde, het nogtans besluit om teen God te rebelleer. Ten spyte van die feit dat hulle deur 'n eksterne agent verlei is, was Adam en Eva steeds verantwoordelik vir hulle selfsug en eiewilligheid. Hulle rebellie het die mens en die skepping geaffekteer sodat ons almal 'n behoefte het aan God se genade – vir ons gedeelde verantwoordelikheid met Adam, sowel as ons individuele wederstrewigheid.

5. God het vir die gevalle mensheid 'n manier gegee om vergifnis en herstel te bekom. Jesus Christus, God se unieke seun, het mens geword, 'n sondelose lewe gelei, en het deur middel van sy plaasvervangende dood die skuld van die mens se sondes afgehandel. Hy is die enigste weg tot herstel van ons vertrouensverhouding met God. Daar is geen ander manier om verlossing te bekom anders as deur geloof in sy verdienste nie.

6. Elkeen van ons moet God se aanbod van vergifnis en herstel in Jesus persoonlik aanvaar. Dit word bewerkstellig deur 'n wilsbesluit om God se beloftes in en deur Jesus te vertrou en deur gewilliglik van gekende sonde weg te draai.

7. Ons almal is ten volle vergewe en herstel deur ons vertrou in Christus en inkeer van sonde. Maar bevestiging van hierdie nuwe verhouding moet egter in 'n veranderde en veranderende lewe merkbaar word. Die doel van God vir die mens is nie bloot om eendag in die hemel te kom nie, maar om daaglik Christus-gelykvormig te lewe. Diegene wat werklik gered is, selfs al sondig hulle steeds nou en dan, sal voortgaan in geloof en inkering vir die res van hulle lewens.

8. Die Heilige Gees is “die ander Jesus”. Hy is in die wêreld aanwesig om verlorene na Christus te lei, en om 'n Christus-gesindheid in dié wat gered is, te ontwikkel. Die gawes van die Gees word gegee by verlossing. Die gawes is die lewe en bediening van Jesus wat tussen die lede van sy liggaam – die kerk – verdeel word. Die gawes, wat basies die gesindheid en motiewe van

Jesus is, kom tot uiting in die vrug van die Gees. Die Gees is so aktief vandag soos Hy was in Bybelse tye.

9. Die Vader het die opgestane Jesus Christus die regter van alle dinge gemaak. Hy sal terugkeer aarde toe om oordeel uit te spreek oor die mensdom. Dié wat Jesus vertrou het en wie se name in die Lam se boek van die lewe geskryf staan, sal hulle ewige, verheerlikte liggeme ontvang met sy wederkoms. Hulle sal vir ewig saam met Hom wees. Maar diegene wat Hom verwerp het en weier om te reageer op God se waarheid, sal vir ewig afgesny wees van die geluk en vertrouensverhouding met die Drie-Enige God. Hulle sal verdoem wees saam met die duiwel en sy engele.

Hierdie is sekerlik nie volledig of omvattend nie, maar ek hoop dat dit jou die teologiese kleur van my hart wys. Ek hou van die volgende stelling:

“In noodsaaklikhede – eenheid; in dinge rondom – vryheid; in alle dinge – liefde.”

(“In essentials – unity, In peripherals – freedom, In all things – love.”)